NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
Acta: M 69
ARGIEF PRETORIA
Ompl

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL

# AGENDA

vir die

TWAALFDE GEWONE VERGADERING

van die

# SINODE

van

# NOORD-TRANSVAAL

te

SINODALE SENTRUM PRETORIA

13 tot 17 September 1993

e kopiereg op hierdie boek (in geheel of gedeeltelik) word voorbehou
ng vertroulik beskou totdat dit in die sinode
kan dit slegs gebruik word soos dit deur die
anvaar of gewysig word.

ACTA SIN
231

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| | Voorwoord | |
| | Vergadering-etiket | |
| A.1.1 | Eerste : Moderamen (Skema werksaamhede) | 1 |
| A.1.2 | Tweede : Moderamen (Gewone werksaamhede) | 5 |
| A.1.3 | Derde : Moderamen (Prioriteite) | 16 |
| A.2.1 | Eerste : Gemeentebediening | 33 |
| A.3 | Ad Hoc : Geldigheid van die doop | 48 |
| A.4 | Verteenwoordigers Buitelandse Bediening | 53 |
| A.5.1 | Eerste : Jeug | 56 |
| A.6 | Verteenwoordigers TOIBO | 67 |
| A.7 | Verteenwoordigers Sonop Christelike Tehuis | 70 |
| A.8 | Verteenwoordiger Raad Universiteit Pretoria | 71 |
| A.9.1 | Eerste : Diens van Barmhartigheid | 72 |
| A.10.1 | Eerste : Sending en Evangelisasie | 91 |
| A.11.1 | Eerste : Regte | 107 |
| A.12.1 | Eerste : Sinodale Kerkkantoorkommissie | 125 |
| A.12.2 | Tweede : Sinodale Kerkkantoorkommissie | 129 |
| A.13.1 | Eerste : Fondse (Stand van gemeentes) | 131 |
| A.13.2 | Tweede : Fondse | 138 |
| A.14.1 | Eerste : Leer- en Aktuele Sake | 146 |
| A.15.1 | Eerste : Erediens | 154 |
| A.16 | Verteenwoordiger Vrouediens | 170 |
| A.17 | Verteenwoordiger Argiefkommissie | 172 |
| A.18 | Verteenwoordigers Radio- en TV-kommissie | 174 |
| A.19 | Verteenwoordigers Kuratorium Pretoria | 176 |
| A.20 | Verteenwoordiger Kuratorium Stellenbosch | 178 |
| A.21 | Verteenwoordiger Kuratorium Bloemfontein (OVS) | 180 |
| A.22 | Verteenwoordiger NGKA Kuratorium Turfloop | 182 |
| B. | BESKRYWINGSPUNTE | 188 |

# VOORWOORD

* Hiermee die **AGENDA** vir die **TWAALFDE GEWONE VERGADERING** van die **SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL** DV in sitting te Pretoria op Maandag 13 September 1993 en volgende dae.

* Baie dankie aan almal wat meegehelp het om die agendaboek gereed te kry, en by name

1. al die kommissies, verteenwoordigers en verslagskrywers;
2. die personeel van die betrokke afdelings by die Sinodale Kerkkantoor vir die pers-gereedmaak van die boek - dis 'n voorreg om saam met sulke mense te werk!
3. Die drukkers: MAKRO BOEKE (EDMS) BEPERK.

* Die inhoud van hierdie agenda weerspieël die werksaamhede en aktiwiteite van die Kerk hier in Noord-Transvaal oor 'n tydperk van twee jaar. In die verlede was die verslagtydperk vier jaar. Hierdie sinodesitting sal dus vir ons moet uitwys of die proses van rasionalisering wat pertinent in 1991 aan die gang gesit is, doelmatig is en verder deurgevoer moet/kan word.


* Hierdie sinode moet vir ons 'n sinvolle vergadering wees - die gedagte moet nie wees dat ons 'n "tussentydse" sinode hou en eintlik mik vir 1995 nie. Hierdie is die eerste rapport van ons nuwe "tweejaar-werkprogram"; die groot wins daarvan is dat ons "ter sake" en "by" kan wees. Met die deurgaan van die verslae sal u sien dat ons tot 'n groot mate hierin slaag.

* U word dringend versoek om deeglik voor te berei. Mens sal graag wil sien dat elkeen intens betrokke is by die verloop van die vergadering. Aangesien ons tyd beperk is en baie sake aandag moet geniet, is dit belangrik dat elke afgevaardigde gereed is om deel te hê aan sinvolle besluitneming.

* Bring asseblief DIE KERKORDE van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (pienk boekie, Algemene Sinode Oktober 1990) saam, asook die KERKORDE EN AANVULLENDE BEPALINGS 1991 van die Sinode van Noord-Transvaal (geel boekie). 'n A4-klamplêer is handig om al die notules, aanvullende verslae en bykomende stukke in te bewaar. En dan natuurlik ook u Bybel, die Psalm- en Gesangeboek asook Sing-Onder-Mekaar.

* Laastens 'n oproep dat ons almal in die komende dae gereeld voorbidding sal doen vir die sinodevergadering. Kom ons bid ook vir mekaar en vir die Kerk.

Soli Deo Gloria!



**DS JC (CASSIE) CARSTENS**
**SKRIBA MODERAMEN**

19 JULIE 1993 : Wierdapark-Suid

# VERGADERING-ETIKET

Iemand het een keer by geleentheid van 'n lesing oor Etiket gesê: "Etiket is niks anders nie as goeie maniere". Kom ons hou dit altyd in gedagte.

Miskien het die gees van ons tyd naamlik dat weg beweeg moet word van die formele en dat alles baie informeel moet wees, ook sy invloed in die Kerk en kerkvergaderings gehad.

Hier volg 'n paar wenke wat almal van ons in gedagte kan hou wanneer ons in kerkvergaderings sitting neem:

1. Laat ons altyd onthou dat 'n kerkvergadering op die Koninkryk van God gerig is en dat dit in 'n vergadering van die Kerk gaan om Godsregering wat daar ter wille van die Kerk beoefen word. Daarom pas dit ons om altyd die nodige waardigheid in kerklike vergaderings te handhaaf.

2. Probeer om die verrigtinge van 'n kerkvergadering u eie te maak en daarby betrokke te wees. So dikwels word gehoor dat afgevaardigdes van "die sinode/ring" praat asof dit iets is wat buite hulle om bestaan en waaraan hulle nie deel het nie.

3. Dit is gepas om 'n rings- en sinodale vergadering in 'n netjiese pak klere by te woon.

4. Wees betyds op u sitplek as die vergadering 'n aanvang moet neem.

5. Dit is etiket om op te saan wanneer aan 'n debat deelgeneem word. By hoë uitsondering word gesit wanneer ons praat.

6. In alle kerkvergaderings praat ons altyd met die voorsitter en ons spreek hom aan as "Broer Voorsitter".

7. As ons in 'n spreekbeurt na iemand anders, wat voor ons aan die bespreking deelgeneem het, verwys, is dit gepas om na die "vorige spreker" te verwys sonder om sy naam te noem.

8. Moenie met die voorsitter of met 'n lid van die vergadering in 'n argument betrokke raak nie.

9. As 'n punt van orde geopper word, bly in u beredenering by die punt van orde.

10. As die voorsitter u maan dat u tyd verstreke is, hou op praat en gaan sit.

11. As u die voorsitter attent wil maak op 'n prosedurepunt, sorg dat u feite korrek is en stel u saak kort en bondig sonder om persoonlik te raak.

12. As u 'n probleem het met die wyse waarop die voorsitter 'n saak hanteer en u het nie vrymoedigheid om dit in die vergadering te opper nie, gaan bespreek dit met hom gedurende 'n pouse.

13. Moenie koerant of 'n boek lees terwyl die vergadering met sy werksaamhede besig is nie en moenie die vergadering met onderlinge gesprekke ontwrig nie.

14. As 'n afgevaardigde in 'n vergadering rondbeweeg terwyl 'n spreker aan die woord is, word daar nooit tussen die spreker en die voorsitter in beweeg nie. As u die vergadering moet verlaat, probeer van die agterste uitgange gebruik maak.

15. As u om die een of ander rede die vergadering verlaat, probeer om die voorsitter se oog te vang en deur middel van 'n handgebaar of 'n kopknik vir hom, wat in beheer van die vergadering is, te erken in die feit dat u die vergadering verlaat.

16. Moenie buite 'n vergadering probeer stemming maak vir 'n saak wat u binne die vergadering verloor het of van verskil het nie.

17. Respek teenoor kollegas is baie belangrik. As ons die nodige agting teenoor almal openbaar, sal ons ook ondervind dat andere vir ons die nodige agting en respek openbaar.

18. Wees altyd lojaal teenoor die kerkvergadering waarvan u deel is of was. As u om prinsipiële redes verskil van 'n besluit wat geneem is, onthou dat u die reg het om in hoër beroep na 'n meerdere kerkvergadering te gaan of om die saak by wyse van gravamen of beswaarskrif by u eie vergadering aanhangig te maak.

# A.1.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE MODERAMEN (SKEMA VAN WERKSAAMHEDE SINODE)

## 1. OPDRAG

Bep 35.3.3.12: "Die Moderamen behartig die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende Sinode." Hiermee saam Bepalings 32.1.1, 32.1.3, 32.2.8, 35.5.3 en 35.6.3.

## 2. UITVOERING

### 2.1 DATUM EN PLEK

2.1.1 Die Twaalfde Gewone Vergadering van die Sinode van Noord-Transvaal is gereël vir DV Maandag 13 tot Vrydag 17 September 1993 in die Sinodale Sentrum, Pretoria. Dit is die eerste tweejaarlikse vergadering; daarom was dit nie nodig om oorleg te pleeg met enige van die ander Transvaalse sinodes nie, aangesien hulle eers weer DV in 1995 gaan vergader.

2.1.2 Die amptelike kennisgewing van die sinodevergadering het verskyn in Die Kerkbode van 11 Junie 1993 (vgl Bep 32.1.3).

### 2.2 AGENDA

#### 2.2.1 Drukwerk

*1. Kwotasies vir die druk van die Agenda is by verskeie instansies aangevra. Na deeglike besinning is besluit om die Agenda soos volg te hanteer: die kerkkantoor kompileer al die verslae per rekenaar en voorsien dan 'n laseruitdruk wat deur MAKRO BOEKE (EDMS) BPK (Verwoerdburg) gedruk word.

*2. Volgens besluit van die sinode (Handelinge 1991 : 304 : 2.2.1) word aan elke gemeente 'n rekening gestuur vir die aantal Agendas en Handelinge wat aan die gemeente gelewer word. Waar dit nodig is dat elke afgevaardigde wel van 'n Agenda voorsien word, blyk die behoefte by sommige gemeentes om minder eksemplare van die Handelinge te ontvang (aangesien dit tog in reprografiese vorm beskikbaar gestel word) en daardeur te bespaar op uitgawes.

2.2.1.3 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat gemeentes voor verdaging van die sinodevergadering vir die skriba 'n skriftelike aanduiding moet gee oor hoeveel eksemplare van die Handelinge van die Sinode 1993 die gemeente wil ontvang.**

#### 2.2.2 Vertroulikheid

Die inhoud van hierdie Agenda is in sy geheel vertroulik en uitsluitlik bedoel vir die gebruik deur die afgevaardigdes na die sinode. Alle kopiereg word voorbehou totdat 'n betrokke verslag ter tafel in die sinode gelê is. Daarna kan dit alleen na buite gebruik word soos dit deur die sinode aanvaar of gewysig is.

#### 2.2.3 Verslae as gelese beskou

Die verslae in hierdie Agenda word ter vergadering as gelese beskou. Gedeeltes waarvan slegs kennis geneem word, sal deur die moderator na goeddunke geïdentifiseer word. Slegs die AANBEVELINGS (in vet druk) word aan die orde gestel.

#### 2.2.4 Geldigheid van besluite

AANBEVELINGS

**2.2.4.1 Die sinode besluit dat sodra die skriftelike notule ter vergadering goedgekeur is, alle besluite daarin dadelik van krag sal wees, tensy uitdruklik anders vermeld word, en dat die geldigheid van besluite nie afhanklik sal wees van die verskyningsdatum van die gedrukte handelinge van die sinode of van die verskyningsdatum van die Kerkorde en Aanvullende Bepalinge nie.**

**2.2.4.2 Die Sinode besluit om hierdie saak ook as beskrywingspunt na die Algemene Sinode 1994 deur te stuur.**

#### 2.2.5 Laatstukke

Stukke wat na die bepaalde datum van sluiting van die sakelys (13 Mei 1993 vir beskrywingspunte/beswaarskrifte en 14 Junie 1993 vir verslae van kommissies en verteenwoordigers) deur die skriba ontvang is, is aan die Regskommissie voorgelê wat die sinode sal adviseer oor die ontvanklikheid daarvan en die wyse van hantering (vgl Bep 35.5.4 en 35.5.5).

### 2.3 VERVOER EN VERBLYF

2.3.1 Die reëlings is soos volg:

*1. Stedelike afgevaardigdes
*1.1 Reiskoste: Ringskriba's voorsien vooraf 'n volledige eisvorm vir die koste van een rit heen en weer per dag, bereken vir sover moontlik vier insittendes per motor, teen 'n vergoeding van R1,25 per kilometer.
*1.2 Etes: Middag- en aandetes word by die Sinodale Sentrum voorsien, sonder enige kompensasie vir etes wat nie geneem word nie.
*1.3 Daggelde : geen daggelde is betaalbaar nie.

*2. Plattelandse afgevaardigdes
*2.1 Reiskoste: Ringskriba's voorsien vooraf 'n volledige eisvorm vir die koste van een rit heen en weer na Pretoria, bereken vir sover moontlik vier insittendes per motor per gemeente, teen 'n vergoeding van R1,25 per kilometer.
*2.2 Etes: Middag- en aandetes word by die Sinodale Sentrum voorsien.
*2.3 Daggelde: Geen daggelde is betaalbaar nie.
*2.4 Verblyf: Blokbespreking vir bed en ontbyt word vir die duur van die sinodesitting (4 nagte) in 'n nabygeleë hotel op koste van die Sinode gereël, met dien verstande dat
*2.4.1 vooraf kennisgewing van privaatverblyf vergoed word teen 50% van die hoteltarief;
*2.4.2 indien 'n bespreking nie vroegtydig vooraf (14 dae voor die sinodesitting) gekanselleer word nie, verval enige aanspraak op die bedrag van 50% van die hoteltarief.

*3. Ring van Krokodilrivier
Die Ring van Krokodilrivier word as stedelik gereken, behalwe waar vooraf anders gereël.

#### 2.3.2 Parkering

Daar is vir 150 motors binne die Sinodale Sentrum in die aand parkering beskikbaar, en wel teen betaling van R4 per aand per motor. Bespreek by tel (012) 322-8900 (Sekuriteit).

### 2.4 REëLINGS MET AANKOMS

#### 2.4.1 Kleredrag

Volgens besluit van die Sinode 1983 word van afgevaardigdes verwag om netjies gekleed te wees, by voorkeur in 'n pak klere.

#### 2.4.2 Lêers

Elke afgevaardigde ontvang op die eerste dag 'n lêer met 'n aantal dokumente; hierdie lêer word op sy aangewese

sitplek geplaas. Afgevaardigdes word dringend versoek om onder alle omstandighede die naamkaartjie aan die baadjielapel te dra; dit bevorder identifikasie deur die beveiliginspersoneel. Besoekers moet by die toonbank in die hoofingangsportaal aanmeld om daar 'n identifikasiekaartjie te bekom.

**2.4.3 Plasing in die saal**

Die name van die afgevaardigdes word vooraf by bepaalde sitplekke geplaas. Die indeling van sitplekke is in omgekeerde alfabetiese volgorde (Z - A) volgens die naam van die gemeentes. Die sitplekke word op 'n kaart aangedui wat op die eerste dag aan elke afgevaardigde by aankoms voorsien word.

Die name van die afgevaardigdes word ook in die rekenaar van die saal gevoer. **Daarom is dit dringend noodsaaklik dat elke afgevaardigde op sy aangeduide sitplek moet sit.** Indien 'n sekunduslid die primariuslid per geleentheid vervang, moet hy op die sitplek van die primarius sit en in dié se naam spreekbeurte vra totdat die rekenaar verander kan word.

**2.5 OPENING EN KONSTITUERING**

**2.5.1 Opening**

Die afgevaardigde leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is, **nl dr AGS Gous (Riviera)**, neem die leiding by die opening en konstituering van die Sinode met 'n agenda van die moderatuur totdat die nuwe moderator gekies is (vgl Bep 32.2.8). Hierdie agenda omvat die volgende : Opening, Konstituering, Verkiesing van Moderator, Behandeling van Eerste Verslag Moderamen terwyl die stemme vir die moderator getel word.

**2.5.2 Geloofsbriewe**

Die geloofsbriewe van afgevaardigdes, deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken, moes die skriba van die sinode voor of op 31 Julie 1993 bereik, tesame met 'n begeleidende brief om te meld wie sal verskyn. Waar geen meegaande brief ontvang is nie, geld die naam van die primariusafgevaardigde as die teenwoordige.

**2.5.3 Presensielys**

Die amptelike presensielys word uit die geloofsbriewe saamgestel en in die lêers van die afgevaardigdes geplaas. Wysigings en/of toevoegings tot die presensielys kan op die oggend van die eerste sittingsdag **vanaf 08:00** by die uittredende skriba voor in die sinodesaal aangebring word. Die geamendeerde presensielys word dan by die konstituering deur die uittredende skriba voorgedra.

**2.5.4 Kworum en konstituering**

Die sinode word **met die personeel soos aangeteken op die presensielys gekonstitueer, mits dit twee derdes van die getal waaruit die sinode moet bestaan bevat. Afgevaardigdes word** ook gewys op Bep 32.2.4.

**2.6 FUNKSIONERING VAN DIE SINODE**

**2.6.1 Sittingstye**

Die sittingstye is soos volg gereël:

Aanvangstyd eerste dag 10:00; ander dae 08:30

| | |
|---|---|
| 1e Oggendsitting | 08:30 - 10:30 |
| Verversings | 10:30 - 11:00 |
| 2e Oggendsitting | 11:00 - 13:00 |
| Middagete | 13:00 - 14:00 |
| 1e Middagsitting | 14:00 - 15:30 |
| Verversings | 15:30 - 16:00 |
| 2e Middagsitting | 16:00 - 18:00 |
| Aandete | 18:00 - 19:00 |
| Aandsitting | 19:00 - 21:30 |

Verdaag 21:30 (tensy anders gereël)

**2.6.2 Dagopening**

Bep 35.6.2 is hier aan die orde. Afgevaardigdes word dringend versoek om soggens betyds te arriveer vir die dagopening. Persone wat die leiding moet neem word in 'n volgende verslag van die Moderamen, na ontvangs van die geloofsbriewe, aanbeveel.

**2.6.3 Ordereëls**

Afgevaardigdes word dringend gevra om deeglik te let op die Ordereëls vir kerklike vergaderings (vgl Bep 18, bll 25 - 28).

**2.6.4 Verversings en etes**

Die Sentrumpersoneel bedien verversings, middag- en aandetes aan alle afgevaardigdes tydens die aangewese tye, en wel op die twee vlakke voor die saal en op die plaveisel by die kafeteria. Die presiese indeling word ter vergadering bekend gemaak. Die koste verbonde aan die ver- versings en die etes word deur die Sinodale Fonds gedra. Aan besoekers word die geleentheid gebied om kaartjies vir die etes te koop.

**2.6.5 Nagmaal en broederlike onderhoud**

Op uitnodiging word die sakrament van die heilige Nagmaal op **Maandagaand 13 September 1993** in die gemeente Lynnwood gevier; die diens begin om 19:00 in die kerkgebou, Sussexlaan, Lynnwood. Die uittredende moderator, ds PS Strümpfer (Suidoos-Pretoria), behartig die Woordverkondiging by hierdie geleentheid. Eggenotes van afgevaardigdes is ook welkom om dit by te woon.

Die tema vir die aand is: **"Jesus Christus, Koning van die Kerk, ook in die nuwe Suid-Afrika"** met as inleiers: ds PS Strümpfer (Suidoos-Pretoria) en ds M Smuts (Lynnwood).

By hierdie geleentheid word ook die **"In Memoriam"** van leraars wat sedert September 1991 oorlede is, hanteer (vgl sinodebesluit 1987).

**2.6.6 Tydelike kommissies**

Bep 35.4.8.1 geld in hierdie verband. Die moderamen lê in 'n volgende verslag, na ontvangs van die geloofsbriewe, name van persone aan die sinode voor vir moontlike byvoeging tot die onderskeie kommissies.

**2.6.7 Notulekommissie**

Die volgende persone is gevra om behulpsaam te wees met die redaksionele versorging en duplisering van die notule en alle bykomende verslae:
Di JC Carstens (Wierdapark-Suid - Sameroeper), JJ Gerber (Villieria), C Nel (Albertyn), JH Voges (Lynnwood), GJ Oosthuizen (Tuinrand), PA Malherbe (Erasmia), DB de Vos (Sesmylspruit), WJvG Knipe (Naboomspruit), AJ Joubert (Eldoraigne), CE Bredell (Waverley) en WJH de Koker (Lynnwood).

#### 2.6.8 Verlofkommissie

Alle sake rakende laat geloofsbriewe, personeelwysigings en verlof vir afwesigheid word deur hierdie kommissie hanteer, met inagneming van Bep 18.4. Dit sluit ook alle aankondigings in. Die personeel is: di NJ Behr (Vorentoe - Sameroeper), JF Mouton (Elandsrand) en GG Haumann (Pietersburg), plus al die aangewese Blokleiers (vgl volgende verslag).

#### 2.6.9 Skakelkommissie

Die mondstuk van die sinode teenoor die pers, radio en TV is die Skakelkommissie wat bestaan uit: die nuutverkose Assessor asook dr PJC Loots (Queenswood), ds JF Pienaar (Riviera), dr OSH Raubenheimer (Lynnwood) en oudl (dr) WJ Botha (Monumentpark). Vergaderplek : Kommissiekamer 4.

#### 2.6.10 Herderlike Brief

Die volgende persone word benoem om 'n konsep herderlike brief aan die sinode voor te lê: dr CJ Jackson (Bronberg) en ds NJP Steenberg (Pierneefrant).

#### 2.6.11 Kommissie vir Kommissies

Vgl Bep 35.4.8.2 in hierdie verband. Die nuutverkose Assessor neem hier die leiding saam met die voorsitters (of sekundus) van al die permanente kommissies. Ringe word versoek om betyds die name van persone (met motivering indien nodig) by die assessor in te handig. Vergaderplek: Kommissiekamer 3 (Vlak 2C)

#### 2.6.12 Verkiesing van moderamen (Bep 35.3.1)

2.6.12.1 In die betrokke bepaling word nie spesifiek aangedui hoe die groslys saamgestel word nie.

2.6.12.2 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat die moderamen uit 'n oop groslys verkies word.**

#### 2.6.13 Plek van ringsvergaderings

Wanneer die ringe DV op **Woensdagaand 15 September 1993** vergader, vind dit op die volgende plekke plaas:

*1. Daspoort - Kommissiekamer 2 (Vlak 2C)
*2. Derdepoort - Saal voor links onder (Blok 2)
*3. Eloffsdal - Kommissiekamer (Vlak 3B)
*4. Hartbeesspruit - Saal voor regs onder (Blok 3)
*5. Krokodilrivier - Saal voor regs bo (Blok 5)
*6. Louis Trichardt - Saal middel links bo (Blok 8)
*7. Northam - Kommissiekamer 4 (Vlak 2C)
*8. Pietersburg - Saal middel regs bo (Blok 9)
*9. Pietpotgietersrus - Saal middel links onder (Blok 6)
*10. Portugese - Saal voor links bo (Blok 4)
*11. Pretoria - Kommissiekamer 3 (Vlak 2C)
*12. Pretoria-Noord - Kommissiekamer SKDB (Vlak 4C)
*13. Pretoria-Oos - Saal middel regs onder (Blok 7)
*14. Pretoria-Wes - Kommissiekamer 5 (Vlak 2C)
*15. Rustenburg - Portaal voor Volkskas Bank (Vlak 2C)
*16. Sesmylspruit - Saal links agter bo (Blok 11)
*17. Valhalla - Saal regs agter bo (Blok 12)
*18. Villieria - Saal middel agter (Blok 10)
*19. Voortrekkerhoogte - Saal voor by notule tafel (Blok 1)
*20. Waterberg - Saal voor by moderatuurstafel
*21. Wonderboom - Kommissiekamer 6 (Vlak 2C)

### 2.7 Skema van werksaamhede

**EERSTE DAG -**
**MAANDAG 13 SEPTEMBER 1993**

| | |
|---|---|
| 10:00 - 13:00 | Opening Konstituering<br>Verkiesing van Moderatuur<br>Eerste Verslag Moderamen (Bep 35.3.3.12)<br>Vierde Verslag Moderamen (Bep 35.3.3.12 Aanvullend) |
| 13:00 - 14:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 - 15:30 | Tweede Verslag Moderamen (Gewone werksaamhede) |
| 15:30 - 16:00 | VERVERSINGS |
| 16:00 - 18:00 | Eerste Verslag Fondsekommissie (Stand van gemeentes) |
| 18:00 - 19:00 | AANDETE |
| 19:00 - 21:30 | Nagmaal by Lynnwood-gemeente<br>In Memoriam<br>Broederlike Onderhoud |

**TWEEDE DAG -**
**DINSDAG 14 SEPTEMBER 1993**

| | |
|---|---|
| 08:30 - 10:30 | Tweede Verslag Regskommissie (Laatstukke)<br>Derde Verslag Moderamen (Ad hoc : Prioriteite) |
| 10:30 - 11:00 | VERVERSINGS |
| 11:00 - 13:00 | Eerste Verslag Sinodale Kerkkantoorkommissie (Sentrum) |
| 13:00 - 14:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 - 15:30 | Gemeentebediening |
| 15:30 - 16:00 | VERVERSINGS |
| 16:00 - 18:00 | Gemeentebediening<br>Buitelandse Bediening |
| 18:00 - 19:00 | AANDETE |
| 19:00 - 21:30 | Jeug<br>Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys<br>Sonop Christelike Tehuis<br>Raad van Universiteit Pretoria |

**DERDE DAG -**
**WOENSDAG 15 SEPTEMBER 1993**

| | |
|---|---|
| 08:30 - 10:30 | Barmhartigheid |
| 10:30 - 11:00 | VERVERSINGS |
| 11:00 - 13:00 | Barmhartigheid (vervolg)<br>Verkiesing van moderamen |
| 13:00 - 14:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 - 15:30 | Sending en Evangelisasie |
| 15:30 - 16:00 | VERVERSINGS |
| 16:00 - 18:00 | Sending en Evangelisasie |
| 18:00 - 19:00 | AANDETE |
| 19:00 - 21:30 | Eerste Verslag van die Regskommissie<br>Ringe vergader (vanaf 20:30) |

**VIERDE DAG -**
**DONDERDAG 16 SEPTEMBER 1993**

| | |
|---|---|
| 08:30 - 10:30 | Tweede Verslag Sinodale Kerkkantoorkommissie |
| 10:30 - 11:00 | VERVERSINGS |
| 11:00 - 13:00 | Tweede Verslag van Sinodale Kommissie vir Fondse |
| 13:00 - 14:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 - 15:30 | Verkiesing afgevaardigdes Algemene Sinode 1994<br>Fondse |

| | |
|---|---|
| 15:30 - 16:00 | VERVERSINGS |
| 16:00 - 18:00 | Fondse |
| 18:00 - 19:00 | AANDETE |
| 19:00 - 21:30 | Leer en Aktuele Sake |
| | Derde Verslag van Regskommissie (in camera) |

**VYFDE DAG - VRYDAG 17 SEPTEMBER 1993**

| | |
|---|---|
| 08:30 - 10:30 | Eredienskommissie |
| | Vrouediens |
| | Argiefkommissie |
| | Radio- en TV-kommissie |
| 10:30 - 11:00 | VERVERSINGS |
| 11:00 - 13:00 | Kuratorium Pretoria |
| | Kuratorium Stellenbosch |
| | Kuratorium Bloemfontein |
| | Kuratorium Turfloop |
| 13:00 - 14:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 - 15:30 | Kommissie vir Kommissies |
| | Onafgehandelde Sake |
| 15:30 - 16:00 | VERVERSINGS |
| 16:00 - 18:00 | Herderlike Brief |
| | Bedankings |
| | Afsluiting |

### 2.8 ALGEMENE REëLINGS

#### 2.8.1 Dienstafel

Met dankbaarheid word gebruik gemaak van die aanbod van die Sinodale Kerkkantoor om 'n dienstafel in die portaal op die eerste vlak te beman en ander dienste aan afgevaardigdes te verskaf.

#### 2.8.2 Uitstallings

Goedkeuring is aan enkele instansies en persone verleen om uitstallings tydens die sinodesitting te behartig, onderhewig aan die volgende voorwaardes: beskikbare ruimte en die betaling van 'n vasgestelde huurtarief.

#### 2.8.3 Ander verkope

Geen ander boeke, pamflette, artikels, ware ensovoorts mag op enige plek in die Sinodale Sentrum of punt in verband met die sinode verhandel word nïe, behalwe met vooraf goedkeuring van die moderatuur.

#### 2.8.4 Stukke voor die sinode

Behalwe die Agenda, laatstukke wat by die uittredende skriba ingehandig is en ander stukke waarvoor toestemming verkry is, mag geen stukke van watter aard ookal aan die vergadering uitgedeel word nie, tensy vooraf toestemming van die moderatuur ontvang is.

#### 2.8.5 Bandopnames

Geen opnames mag van enige deel van die verrigtinge gemaak word nie, nog akoesties, nog fotografies, tensy vooraf toestemming verkry is van die moderamen (of moderatuur na die konstituering van die sinode).

#### 2.8.6 Mediese Dienste

Enige persoon wat dringend mediese hulp nodig het, kan navraag doen by die Beveiligingspersoneel in die hoofingangsportaal.

## 3. AANBEVELING

**Die sinode keur die reëlings vir die vergadering, soos getref deur die uittredende moderamen, goed.**

| | |
|---|---|
| PS STRÜMPFER | JC CARSTENS |
| VOORSITTER | SKRIBA |

# A.1.2 TWEEDE VERSLAG VAN DIE MODERAMEN (GEWONE WERKSAAMHEDE)

## 1. PERSONEEL (Bep 35.3.1)

### 1.1 LEDE VAN EERSTE MODERAMEN

Die moderamen het uit die volgende persone bestaan:

1.1.1 **Moderatuur** - di PS Strümpfer (voorsitter), M Smuts (ondervoorsitter), GJ Koen (aktuarius) en JC Carstens (skriba)
1.1.2 **Assistent-skriba** - dr MC Botha
1.1.3 **Predikantlede** - dr PR du Toit, ds NJ Behr en dr GJ Cloete (lg met toepassing van Bep 35.4.10). Sekundi: di MJ Lazenby en AC Swanepoel; ds JD Herholdt het emeritaat aanvaar.
1.1.4 **Ouderlinge** - (proff) AC Barnard, JA Heyns en W Vosloo. Sekundi: (dr) WJ Botha en (ds) JE Potgieter; (prof) CJA Vos het uit die sinodale gebied verhuis.

### 1.2 KOMMISSIES VOLTALLIG

1.2.1 **Opdrag** - vgl Handelinge 1991 : 356 : onder 2.4

1.2.2 **Uitvoering** - die moderamen het steeds gepoog om elke keer voltallig te vergader; by sommige geleenthede is selfs al die sekundi-lede opgeroep.

## 2. VERGADERINGS

Die moderamen het 10 gewone en 3 buitengewone vergaderings gehou. Daar is gepoog om elke kwartaal 'n gewone vergadering in te pas.

## 3. SPESIFIEKE OPDRAGTE SINODE 1991

### 3.1 FORMULERING VAN DOELWITTE

3.1.1 **Opdrag** (310:3.2.4.5) - die sinode gee opdrag aan die onderskeie sinodale kommissies om elk sy doelwitte te formuleer met verslag aan die volgende sinodesitting.

3.1.2 **Uitvoering** - vgl Derde Verslag van Moderamen

### 3.2 ARGIEFREGLEMENT

3.2.1 **Opdrag** (324:9.1) - die sinode besluit dat dit streng volgens Bep 32.6.2 nie ontvanklik is nie. Om egter die saak te dien word dit na die moderamen verwys om dit, in oorleg met die Sinodale Regskommissie, verder te hanteer.

3.2.2 **Uitvoering** - die reglement is goedgekeur, soos met die aanbevole wysigings van die Sinodale Kommissie vir die Argief (Transvaal), vir publikasie in die Kerkordeboek 1991.

### 3.3 MIDDERNAGDIENS 31 DESEMBER 1999

3.3.1 **Opdrag** (336:AA24.1/2.1.1) - die sinode keur beskrywingspunt 1.1 insake die middernagdiens op 31 Desember 1999 goed en dra dit aan die moderamen op vir optrede. Inhoud van beskrywingspunt: "Die sinode besluit om, met die oog op die feit dat ons die einde van die eeu nader, met Noord-Transvaal se Rugby-Unie te skakel en te onderhandel om Loftus Versfeld Rugbystadion te bespreek vir 'n middernagdiens ten tye van die eeuwending op 31 Desember 1999. Die sinode besluit verder in beginsel dat, as die Here wil, die gemeentes in ons streek daardie jaar opgeroep sal word tot 'n gesamentlike middernagdiens en verwys die saak na die moderatuur vir optrede."

3.3.2 **Uitvoering** - die moderamen het reeds die skriftelike goedkeuring van die Kerkraad Pretoria-Oos vir die reël van so 'n gesamentlike diens ontvang (vgl Art 10). Tot op datum kon die moderamen nog nie daarin slaag om enige reaksie vanaf die Rugby-Unie te verkry nie.

3.3.3 AANBEVELING

**Die sinode gee opdrag aan die moderamen om voort te gaan met die onderhandeling met die Rugby-Unie van Noord-Transvaal met die oog op 'n moontlike middernagdiens DV op 31 Desember 1999.**

### 3.4 STANDPUNTE OOR DIE ONDERWYS

3.4.1 **Opdrag** (340:6.1.2.3.7) - die sinode dra dit aan die moderamen op om hierdie standpunte (pte 6.1.2.3.1-6) deur te gee aan die Algemene Sinodale Kommissie asook aan betrokke owerheidsliggame, waar van toepassing.

3.4.2 **Uitvoering** - die sinode se standpunte oor Onderwys is aan die ASK deurgegee vir behandeling in November 1991. Die standpunte is ook deurgegee na die Algemene Jeugkommissie, vanwaar dit na die betrokke owerheidsliggame oorgedra is.

### 3.5 TYD VIR SPREKERS

3.5.1 **Opdrag** (376:links bo) - die volgende voorstel (JE Potgieter/PJ Venter) word na die moderamen verwys vir aandag, met rapport aan die sinode in 1993: "Aangesien die **ordereëls vir kerklike vergaderings** (KO en Bepalings, Noord-Transvaal, bl 25, Bep 18) nie bepaal hoeveel tyd aan sprekers toegestaan word nie, besluit die sinode dat die inleier van 'n beskrywingspunt billike tyd gegun word. Daarna word sprekers wat aan die debat deelneem tot 5 minute, indien die vergadering so besluit, tot 3 minute beperk. Die saak word na die moderamen verwys om die **billike tyd** te bepaal en die saak moontlik in die ordereëls op te neem."

3.5.2 **Bevinding** - die sinode het in 1991 besluit: "'n Spreekbeurt word beperk tot 'n maksimum van vyf minute" (312:3.6.3.2.2); vgl huidige Bep 18.9. Die moderamen is van oordeel dat hierdie reëling gehandhaaf moet word.

3.5.3 AANBEVELING

**Die sinode besluit om te volstaan met sy bepaling ten opsigte van die tyd vir 'n spreekbeurt, nl vyf minute.**

### 3.6 AANWENDING VAN SURPLUSFONDSE

3.6.1 **Opdrag** (377:onder pt 3.7.3.2) - die sinode versoek die moderamen om indringend ondersoek in te stel na die moontlikheid of gerealiseerde surplusfondse en/of Administrasie Reserwefonds waarop die Sinodes van Noord- en Oos-Transvaal (volgens die normale verdelingsformule) geregtig sou wees, aangewend kan word om gemeentebydraes vir Sinodale Sentrum te verlaag. Verslag hieroor moet by die volgende sinodesitting gemotiveer wees.

**3.6.2 Bevinding**

*1 Die gesamentlike begrotings vir die vier Sinodes van Transvaal en vir Noord- en Oos-Transvaal maak nie voorsiening vir die opbou van enige surplusfondse nie. Waar surplusse in die loop van die jaar op die begroting ontstaan, word dit as praktyk geag om die surplusse as inkomste op die begroting vir die volgende jaar te hanteer. Die surplusse waarop Noord-Transvaal geregtig sou wees, word dus in effek reeds ten bate van die gemeentes van Noord-Transvaal met 'n besparing op die sinodale bydraes aangewend.

*2 Die Administrasie Reserwefonds is 'n fonds wat deur die saakgelastigde onafhanklik van die begroting vir die vier Sinodes van Transvaal en deur kundige belegging opgebou word. Die Fonds is deur die saakgelastigde met goedkeuring van die SKKK daargestel met die oog op die vervanging van noodsaaklike toerusting, onder andere die hoofraamrekenaar, die telefoonstelsel, fotostaat- en dupliseermasjiene, ens. Die Fonds is dus uitsluitlik daargestel om die gesamentlike begroting vir die vier sinodes van periodieke groot uitgawes ten opsigte van noodsaaklike toerusting te vrywaar en sodoende die sinodale bydraes van die gemeentes in te kort. Die bedrag wat deur die SKKK vir die aflos van die lening ten opsigte van die NG Kerkboekhandel Transvaal uit die Fonds geskenk is, is deur die saakgelastigde en personeel aanbeveel op voorwaarde dat die sinodes daarvoor sal begroot, indien enige groot vervanging sou voorkom in die stadium waarin die Fonds nie oor die voldoende fondse sou beskik nie. Die skenking het 'n aansienlike besparing oor die kort- en langtermyn vir die gemeentes in sinodale bydraes in die hand gewerk.

3.6.3 AANBEVELINGS

**3.6.3.1 Die sinode neem kennis dat die surplusfondse op die gesamentlike begroting vir die vier Sinodes van Transvaal en vir Noord- en Oos-Transvaal jaarliks ten gunste van die gemeentes op die volgende begroting as inkomste aangewend word.**

**3.6.3.2 Die sinode neem kennis dat die Administrasie Reserwefonds onder beheer van die SKKK deur die Saakgelastigde daargestel is met die doel om die gesamentlike begroting vir die vier Sinodes van Transvaal van periodieke onvoorsiene groot uitgawes te vrywaar en sodoende 'n onvoorsiene styging in sinodale bydraes ten gunste van die gemeentes te voorkom.**

**3.6.3.3 Die sinode spreek sy dank teenoor die saakgelastigde en die kerkkantoorpersoneel uit vir die sensitiewe wyse waarop die belange van die gemeentes in die administrasie van die sinodale fondse op die harte gedra en gedien word.**

3.7 BYDRAES AAN SEVTO

3.7.1 Opdrag (378:3.2.2/3) - die sinode gee opdrag aan die moderamen om te onderhandel met sinodes wat nie finansieel betrokke is by teologiese opleiding nie, om bydraes te maak aan SEVTO.

3.7.2 Uitvoering - die besluit is eers na AKTO gestuur met die oog op moontlike koördinering. AKTO het laat weet "dat SEVTO direk met die betrokke sinodes moet skakel". Die moderamen het die Kuratorium Pretoria versoek om met die Sinode van Natal in verbinding te tree met die oog op moontlike bydraes. Die saak geniet nog aandag en sal DV by die volgende sinode via die verslag van die Kuratorium aan die orde kom.

3.8 AD HOC : RASIONALISERING

3.8.1 Opdrag (323:4.2) - die sinode besluit dat die huidige ad hoc-kommissie vir Rasionalisering na die sinode as ad hoc-kommissie bly voortbestaan om met die implementering van die besluite behulpsaam te wees, indien nodig.

3.8.2 Uitvoering - die moderamen het 'n Kleinkommissie vir Rasionalisering aangewys om die sake te hanteer, met rapport aan die moderamen. Die volgende sake het aandag geniet:

3.8.2.1 Sekretariële Kantoor (316:amendement onder 3.9.6.3.1) - in oorleg met die saakgelastigde en betrokke sinodale kommissies is sekere verskuiwings gedoen; die saak geniet steeds aandag.

3.8.2.2 Postestruktuur Siekesorg (354:3.2.3) - vgl Verslag van die SKDB

3.8.2.3 Hantering SKDB-finansies (322:3.10.5.2/3) - volgens die Direkteur Fondsinsameling is die oorskakeling van die SKDB-fondse na die sinodale kerkkantoor nie toelaatbaar nie.

3.8.2.4 Kantoorakkommodasie SKDB - vgl pt 13.1.2 hierna

3.8.2.5 Pastorale Spreekkamer - vgl Derde Verslag van die Moderamen (Prioriteite : pt 3.3.3.2.3) en Verslag van die SKG

3.8.2.6 Straatwerk - die Ring van Pretoria het die werk oorgeneem, al is hulle nie self direk by die aksie betrokke nie. Die fondse is ook aan die ring oorgedra.

3.8.3 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat die Ad hoc-kommissie vir Rasionalisering nou getermineer kan word en dat die moderamen voortgaan om behulpsaam te wees met die implementering van besluite rondom rasionalisering.**

## 4. STAANDE OPDRAGTE VAN DIE MODERAMEN VOLGENS SINODEBESLUITE (vgl Bep 35.3.3.1)

4.1 IMPLEMENTERING VAN LEERSISTEME

4.1.1 Opdrag (329:4.1.3) - die sinode versoek (kerkrade, ringe en) sinodale kommissies om by die implementering van lêersisteme kennis te neem van die riglyne van die Argief en ook indien toepaslik, insette te maak.

4.1.2 Uitvoering - hierdie saak word deurlopend deur die skriba hanteer.

4.2 VERNIETIGING VAN ARGIVALIA

4.2.1 Opdrag (329:4.5.1) - die sinode versoek (gemeentes, ringe en) sinodale kommissies om erns te maak met die riglyne van die Argief ten opsigte van die vernietiging van wegdoenbare materiaal.

4.2.2 Uitvoering - die skriba gee deurlopend hieraan aandag, in oorleg met die lede van die moderamen ten opsigte van argivalia wat hulle hanteer.

4.3 INLEWERING ARGIVALIA

4.3.1 Opdrag (329:4.6.1.2) - die sinode versoek sinodale kommissies om ter wille van eie dekking en dekking van die Argief by sinodale besluite met betrekking tot die inlewering van argivalia te hou.

**4.3.2 Uitvoering** - die skriba gee deurlopend hieraan aandag.

4.4 VERDELING VAN SINODE

**4.4.1 Opdrag** (310:3.3.4.2) - die sinode gee opdrag aan die moderatuur om die oog in die seil te hou en, indien nodig, 'n tussentydse ad hoc-kommissie aan te wys om verdeling verder te ondersoek wanneer omstandighede dit vereis.

**4.4.2 Bevinding** - die moderamen oordeel dat dit nie nodig was om sedert die vorige vergadering die moontlike verdeling van die sinode te ondersoek nie.

4.4.3 AANBEVELING

**Die sinode gee opdrag aan die moderamen om steeds die oog in die seil te hou ten opsigte van die moontlike verdeling van die sinode.**

4.5 VERKLEINING VAN SINODE

**4.5.1 Opdragte**

*1 310:3.4.4.2 - die sinode gee opdrag aan die moderatuur om na luid van omstandighede en verwikkelinge die saak van die verkleining van die afvaardiging van gemeentes verder te laat ondersoek.

*2 354:1.10.1 - die sinode verwys die volgende beskrywingspunt na die moderamen vir oorweging by die hantering van besluit 3.4.4.2: "Die Sinode van Noord-Transvaal besluit om die gemeentelike afvaardiging na die sinode tot een afgevaardigde per gemeente te beperk."

**4.5.2 Bevinding** - aangesien die personeel van die sinode basies konstant gebly het, oordeel die moderamen dat 'n ondersoek na verkleining tans nie geregverdig is nie. Ten opsigte van die beskrywingspunt wys die moderamen daarop dat Art 33.1 van die Kerkorde nie voorsiening maak vir "een afgevaardigde per gemeente" nie; die versoek is dus nie uitvoerbaar nie tensy die Kerkorde gewysig word.

4.5.3 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat die moderamen steeds die verwikkelinge moet dophou met die oog op 'n moontlike ondersoek na die verkleining van die afvaardiging na die sinode.**

4.6 INLIGTING AAN RADIO SUID-AFRIKA (AFRIKAANS STEREO)

**4.6.1 Opdrag** (330:3.1.4) - die sinode versoek ampsdraers en vergaderings om inligting en nuuswaardige gebeurtenisse op gereelde basis deur te gee aan die volgende adres: Ds Francois Theron, Radio Suid-Afrika, Posbus 91312, AUCKLANDPARK 2006. Tel 714-4602(w), 764-5315(h).

**4.6.2 Uitvoering** - die skriba gee deurlopend hieraan aandag. Die sinode het ook 'n vaste korrespondent vir berigte in Die Kerkbode (dr PR du Toit : Universiteitsoord).

4.7 GEMEENTE WESPOORT

**4.7.1 Opdrag** (307:18.3.6) - die sinode dra dit aan die moderatuur op om volgehoue aandag aan die posisie van die gemeente te gee en waar nodig hulp te verleen of oe tesien dat dit verleen word.

**4.7.2 Uitvoering** - die moderamen het 'n Ad hoc-kommissie vir Wespoort aangewys om hierdie opdrag uit te voer.

**4.7.3 Bevinding** - die volgende inligting is ter sake vir die sinode:

*1 Derde leraarspos - met die bedanking van ds PA Jooste uit die bediening (Desember 1991) is die derde leraarspos gevries.

*2 Skuld van gemeente - die skuld het vanaf September 1991 (R585 017) met R119 828 verminder tot R465 189 op 30 Junie 1993. Die volgende gemeentes se bydraes word met dank erken: Dalunie R300, Doornpoort R4 800, Eldoraigne R799, Eloffsdal R100, Floraunapark R150, Groenkloof R1 661, Hartbeesspruit R1 000, Koedoesrand R524, Lugmaggimnasium R100, Magalieskruin-Pretoria R2 000, Montana R370, Monumentpark R21 620, Overkruin R7 270, Pietersburg R3 295, Pietersburg-Oos R293, Pietpotgietersrus R100, Pretoria-Oos R1 000, Pretoria-Kollegerand R500, Pretoria-Nederlandstaligen R800, Pretoria-Polisiekollege R20 000, Rasiouw R1 100, Rietfontein-Noord R25, Riviera R100, Rustenburg-Proteapark R6 505, Sesmylspruit R6 580, Suidoos-Pretoria R34 510, Valhalla-Suid R150, Villieria-Oos R1 000, Voortrekkerhoogte-Oos R600, Waterkloof R3 000, Wesmoot R500 en Wonderboom-Suid R1 934. Bedieningsfonds Noord-Transvaal het R12 000 gegee.

*3 Praktiese hulp - Lynnwood, Overkruin en ander gemeentes is steeds behulpsaam in die gemeente. Lynnwood dra die pos van die gemeenskapswerker wat saam met die kerkraad en met behulp van lidmate uit Lynnwood sekere aksies loods ten opsigte van barmhartigheid en gemeenskapsontwikkeling.

*4 Instandhouding van eiendomme - R64 283 is bestee aan noodsaaklike instandhouding van eiendomme. Een van die pastorieë is verkoop en 'n deel van die koopsom tot 'n maksimum van R30 000 word tans aangewend vir die aankoop van 'n erf.

*5 Finansiële posisie van gemeente - die finansiële posisie van die gemeente het die afgelope twee jaar konstant gebly. Die tekort op die lopende rekening beloop ongeveer R7 500. Die gemeente kan met inspanning die huidge twee predikantsposte onderhou, maar sal nie sy skuldlas kan afwerk nie en benodig steeds eksterne hulp.

4.7.4 AANBEVELINGS

**4.7.4.1 Die sinode keur die optrede van die moderamen ten opsigte van die gemeente Wespoort goed.**

**4.7.4.2 Die sinode betuig sy opregte dank en waardering teenoor gemeentes en indiwidue wat, dikwels met groot opoffering, gehelp het om die skuldlas van die gemeente te verminder.**

**4.7.4.3 Die sinode besluit dat voortgegaan word om die rente op die lening per begroting te dek.**

**4.7.4.4 Die sinode doen andermaal 'n beroep op gemeentes omaanhoudend hulp te verleen ter delging van die kapitale skuld van die gemeentes deur donasies te gee en/of lidmate tydens 'n erediens te motiveer tot offervaardigheid ten opsigte van dié saak.**

**4.7.4.5 Die sinode dra dit aan die moderamen op om volgehoue aandag aan die posisie van die gemeente te gee.**

4.8 KOöRDINERING VAN KONFERENSIES

**4.8.1 Opdrag** (333:onder 3.40.6.5) - die sinode dra dit aan die moderamen op om in samewerking met die verskillende sinodale kommissies en SEVTO jaarliks 'n program van werksaamhede vir die gebied van die Sinode van Noord-Transvaal op te stel met die oog daarop dat daar so ver moontlik nie botsings en oorvleueling tussen die kursusse en konferensies van die betrokke partye sal plaasvind nie.

**4.8.2 Uitvoering/Bevinding** - die skriba het briewe aan al die sinodale kommissies en SEVTO gerig waarin gevra is om 1992 se beplanning te voorsien; slegs die SKF en SKSE het gereageer. Dit is duidelik dat hierdie sinodebesluit nie uitvoerbaar is nie.

4.8.3 AANBEVELING

**Die sinode herroep sy besluit (Handelinge 1991 bl 333) ten opsigte van die koördinering van konferensies in sinodale verband.**

## 5. STAANDE OPDRAGTE VAN DIE MODERAMEN VOLGENS SPESIFIEKE BEPALINGE

5.1 VERGADERING KIESKOLLEGE (Bep 5.2.1)

Daar was nie 'n vergadering van die Kieskollege nie. Vgl ook pt 13.2.6 hierna in sake die samestelling van die Kieskollege.

5.2 BEROEPING VAN SENDINGLERAAR (Bep 7.2.3)

Daar was nie 'n versoek dat die moderamen 'n leraar wat afgesonder word vir diens in die sending saam met die SKSE moet beroep nie.

5.3 BEROEPBAARSTELLING AS GEVOLG VAN SIEKTE (Bep 7.5)

Geen versoek is ontvang vir die beroepbaarstelling van 'n leraar as gevolg van siekte nie.

5.4 WERKSAAMHEDE DEUR GEMEENTES BUITE GRENSE ONDERNEEM (Bep 7.10.3)

Geen versoek tot goedkeuring van werksaamhede van gemeente(s) buite hul grense is ontvang nie.

5.5 VERLENING VAN DEMISSIE (Bep 8.1.3)

Ds PS Strümpfer het namens die moderamen op Sondag 26 April 1992 aan ds JM Swanepoel (Wetoortredersorg) 'n akte van emeritaat oorhandig.

5.6 VERMINDERING KWORUM KERKRAADSVERGADERINGS (Bep 18.5.1)

**5.6.1 Voorlegging** - die kerkrade van Messina en Quaggapoort het aansoek gedoen tot 'n verminderde kworum by kerkraadsvergaderings.

**5.6.2 Bevinding** - die moderamen is van oordeel dat hierdie opdrag goedskiks deur die plaaslike ring/ringskommissie hanteer en jaarliks hersien kan word.

5.6.3 AANBEVELINGS

**5.6.3.1 Die sinode keur goed dat die kerkrade van Messina en Quaggapoort met 'n verminderde kworum van een derde mag vergader.**

**5.6.3.2 Die sinode besluit om Bep 18.5.1 so te wysig dat goedkeuring tot die vermindering van die kworum by 'n kerkraadsvergadering deur die plaaslike ring/ringskommissie gegee kan word en dat dit geld tot by die volgende ringsitting.**

5.7 GOEDKEURING NOTULE LAASTE SITTINGSDAG (Bep 18.17.3)

Die notule van die 7e sittingsdag (24 September 1991) asook die vertroulike notules is deur die moderamen goedgekeur.

5.8 HERINDELING VAN RINGE (Bep 29.1.1)

Geen aansoek tot die herindeling van ringe is ontvang nie.

5.9 VERSKILLE BY AFSTIGTING (Bep 31.9.2)

Daar was geen versoek om verskille by afstigting te besleg nie.

5.10 UITSTEL OF REëL VAN BUITENGEWONE SINODE (Bep 32.1.2)

**5.10.1 Opdrag** (Vertroulike Notule 21/9/1991:bl 1) - ten einde 'n daadwerklike bydrae tot die oplossing van die probleem (rondom die Sinodale Sentrum) te lewer, besluit die sinode om vir 'n dagvergadering van die sinode byeen te kom op 'n datum wanneer die onderhandelinge met (die betrokke maatskappy) sover gevoer is dat 'n sinvolle besluit van die sinode verlang word.

**5.10.2 Uitvoering** - in die lig van die Noodfinansieringsplan vir die Sinodale Sentrum (vgl Eerste Verslag van SKKK), het die moderamen besluit dat 'n **buitengewone sinodesitting** nie gehou hoef te word nie. Die gedagte aan 'n **vervroegde** sinodesitting is ook gelaat.

5.10.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die optrede van die moderamen goed.**

5.11 BENOEMING VAN AFGEVAARDIGDES VIR ALGEMENE SINODE (Bep 35.4.9)

**5.11.1 Opdrag** - die sinode het nie 'n vasgestelde formule waarvolgens die afgevaardigdes benoem word nie.

5.11.2 AANBEVELINGS

**5.11.2.1 Die sinode besluit dat die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode geskied eers nadat die moderamen uit 'n oop groslys verkies is.**

**5.11.2.2 Die sinode besluit dat die afgevaardigdes dan soos volg aangewys word:**

**5.11.2.2.1 Die verkose moderatuur asook die primarii en sekundi van die moderamen word afgevaardig.**

**5.11.2.2.2 Die res van die afgevaardigdes word verkies uit 'n groslys wat soos volg saamgestel word:**
***1 Elke ring nomineer twee leraars en twee ouderlinge/diakens uit die afgevaardigdes om 'n groslys te vorm.**
***2 Die vergadering stem uit dié groslys en elke afgevaardigde het die reg om soveel stemme uit te bring as wat nodig is om die afvaardiging te voltooi.**

5.12 ANDER FONDSE VIR SPESIFIEKE SAKE (Bep 57.4.2)

Daar was geen versoek om 'n ander fonds in belang van predikante en sinodale amptenare in die lewe te roep nie.

5.13 VERSLAG OOR BESTEDING VAN FONDSE (Bep 57.4.3)

**5.13.1 Bevinding** - die moderamen is van oordeel dat dit nie nodig is om jaarliks 'n verslag oor die besteding van die sinodale begroting te ontvang nie; dit is immers die taak van die SKF om daaroor toesig te hou.

5.13.2 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat Bep 57.4.3 soos volg gewysig word: Plaas by die tweede laaste reël die punt in die plek van die komma en skrap die res.**

## 6. SPOEDEISENDE SAKE (Bep 35.3.3.2)

### 6.1 BRIEWE IN SAKE SINODEBESLUITE

Die moderamen het verskeie briewe van persone en instansies ontvang ten opsigte van sinodebesluite. Sommige van hierdie briewe se inhoud is in die omsendbriewe van die skriba aan gemeentes deurgestuur.

### 6.2 SPESIFIEKE LERAARS

#### 6.2.1 Afskeid ds WC Oosthuizen

Die moderator het namens die moderamen die leiding geneem by die afskeidspreek van ds WC Oosthuizen (Diens van Barmhartigheid) op Sondag 1 Desember 1991 in Suidoos-Pretoria.

#### 6.2.2 Studiereis ds HB Geyer

Die moderamen het by die SKDB aanbeveel dat ds HB Geyer wel 'n toekenning vanuit die HB Geyer Hulp- en Studiefonds ontvang met die oog op 'n studiereis oorsee.

#### 6.2.3 Pastorale gesprek ds JL Reyneke

Die moderamen het met die Ringskommissie van Pietpotgietersrus gereël om, in oorleg met die Ringskommissie van Waterberg, 'n pastorale gesprek met ds JL Reyneke (Waterberg-Noord) te gaan voer hangende die aanklagte teen hom.

### 6.3 HERSTEL VAN STATUS

#### 6.3.1 Dr J Grey

*1 Die sinode het op 23/9/91 besluit dat dr J Grey aanbeveel word vir toelating tot colloquium doctum. Op 24/9/91 besluit die sinode om die volgende prosedure te volg: "Die sinode verwys die vraag of KO Artikel 66.3.4 op dr J Grey van toepassing is, na die Algemene Regskommissie vir onmiddellike uitspraak. Indien nie, word hy onmiddellik aanbeveel vir colloquium doctum. Indien wel, word sy toelating aanbeveel by die Algemene Sinode" (vgl Vertroulike Notule). Die Dagbestuur van die ARK het geoordeel dat Art 66.3.4 wel ter sprake is. Die aktuarius het hierdie inligting aan dr J Grey oorgedra.

*2 Dr J Grey het regsadvies ingewin en in 'n skrywe aan die aktuarius die moderamen versoek om verder met sy aansoek ooreenkomstig die tweede deel van pt 9.2.6 van die Status-reglement te handel en om hom na die Eksamenkommissie vir colloquium doctum te verwys.

*3 Die moderamen het besluit om die advies van die volle ARK in te win. Die ARK het skriftelik bevestig dat Art 66.3.4 wel van toepassing is op dr J Grey. Die aktuarius het hierdie beslissing aan dr J Grey oorgedra, wat op sy beurt kennis gegee het dat hy by die Hooggeregshof om 'n interdik teen die Sinode van Noord-Transvaal gaan aansoek doen. Die sinode se verteenwoordigers in die ASK het die saak by die daaropvolgende vergadering van die ASK aanhangig gemaak. Die ASK het besluit "om die aangeleentheid te verwys na die Moderamen van die Noord-Transvaalse Sinode en die lede van die Algemene Regskommissie wat die ASK-vergadering bygewoon het om daarmee te handel."

*4 Die moderamen het tydens 'n buitengewone vergadering op 6/11/91 op advies van die aktuarius van die Algemene Sinode besluit om dr J Grey aan te beveel vir colloquium doctum. Die implikasie van hierdie besluit is dat die moderamen teenstrydig met die aanbeveling van die ARK en ook teenstrydig met die besluit van die sinode gehandel het.

6.3.1.5 AANBEVELINGS

**6.3.1.5.1 Die sinode keur die optrede van die moderamen goed.**

**6.3.1.5.2 Die sinode besluit om sy besluit (Handelinge 1991:325:14.8) in sake 'n bykomende vereiste vir colloquium doctum, nl "bewys van onlangse sielkundige evaluering", aan die Algemene Sinode as beskrywingspunt deur te stuur.**

#### 6.3.2 Br JA Botha

Die moderamen het die aansoek hanteer en besluit om nie br JA Botha se versoek tot herstel van status goed te keur nie.

### 6.4 REGLEMENT VIR BUITELANDSE BEDIENING

Die moderamen het sekere redaksionele wysigings in die Reglement vir Buitelandse Bediening goedgekeur.

### 6.5 SKAKELING MET TEOLOGIESE FAKULTEIT

Die moderamen het op 17/10/1991 'n vrugbare samespreking met die Dosenteraad by die Teologiese Fakulteit gevoer. Die skriba het op versoek van die dekaan ook die nodige reëlings getref waarvolgens die dosente op Sondag 21/3/1993 (stad) en Sondag 8/8/93 (platteland) preekbeurte in gemeentes waargeneem het. Die moderamen het verder 'n Beraad oor Teologiese Opleiding op uitnodiging van die dekaan op 5/8/93 bygewoon.

### 6.6 KERKRAADSAKE

#### 6.6.1 Apartheidsverklarings : Lidmaat Wonderboom-Suid

Die kerkraad van Wonderboom-Suid het die stukke van br P Strobos, waarin hy beswaar aanteken teen sekere apartheidsverklarings, aan die vorige moderatuur deurgestuur. Dit het per abuis nie by die Sinode 1991 gedien nie; die kerkraad doen toe navraag by die moderamen. Die moderamen het die kerkraad van Wonderboom-Suid versoek om met die betrokke broer 'n pastorale gesprek te voer. Die besluite van die sinode in sake KERK EN SAMELEWING is ook aan die kerkraad deurgestuur.

#### 6.6.2 Samestelling Marken

Op versoek van die Ring van Pietpotgietersrus het die moderamen gereël dat Bep 26.1.1 (die kerkraad bestaan uit minstens tien lede) in die geval van die kerkraad van Marken gesuspendeer word. Die kerkraad en ring moet by die sinode rapport lewer oor die nuutste verwikkelinge.

#### 6.6.3 Voorsitter van wykskerkraad

Die volgende advies van die SRK is aan die gemeente Queenswood deurgestuur, en dit geld ook vir die hele sinodale gebied tot tyd en wyl die Algemene Sinode 'n ander besluit neem: Die volgende artikels en bepalinge geld ten opsigte van die voorsitterskap van wykskerkrade - Art 28.1 tot 28.3 en Bepalings 26.2.11, 26.4.1 en 26.4.2.

LW: die sinode het reeds 'n beskrywingspunt na die Algemene Sinode gestuur waarin versoek word dat Art 28 sodanig aan gepas word dat voorsiening gemaak word vir 'n wykskerkraad om, waar nodig in bepaalde gevalle, sy eie voorsitter te kies.

**6.6.4 Lobatse, Botswana**

Die kerkraad het by die moderamen aansoek gedoen om finansiële hulp. Die moderamen het, in oorleg met die SKSE, besluit dat die gemeente sy saak in Die Voorligter moet stel en dat hulle kerkverband amptelik met die Sinode van Noord-Transvaal moet skakel om hulp, met die veronderstelling dat slegs bestaande trustgelde dan oorweeg kan word.

**6.6.5 Tentmakerspos, Villieria**

Die moderamen het die Ringskommissie van Villieria geadviseer rondom die tentmakerspos by Villieria.

**6.6.6 Brief van br JG Brink (Lidmaat Warmbad)**

Br Brink stel sekere standpunte oor Integerasie en oor die Afrikaner-Broederbond in 'n brief aan die moderamen. Die moderamen het gereël dat br Brink deur die SKLAS geantwoord word.

6.7 KERKLIKE EIENDOMME

**6.7.1 Oordragkoste, Die Herberg**

Die moderamen het gereël dat die bedrag van R3 133 vanuit die sinodale fonds betaal word ten opsigte van die oordragkoste van Die Herberg.

**6.7.2 Vervreemding Belvidere (Knysna)**

Die moderamen het goedgekeur dat voortgegaan kan word met die vervreemding van die plaas Belvidere (Knysna). Vgl in hierdie verband die Verslag van die Sinodale Jeugkommissie.

6.8 SINODALE SENTRUM

**6.8.1 Bydraes van gemeentes in belang van die Sinodale Sentrum**

*1 Die Sinode van 1987 het besluit:

"7.7 dat alle bydraes van gemeentes in belang van die Sinodale Sentrum volgens die puntebasis ontvang, gereken word as lenings aan die sinode;
"7.8 dat rente deur die sinode aan die gemeentes vanaf 1 April 1987 gekapitaliseer word teen die prima bankoortrekkingskoers van Volkskas Beperk soos van tyd tot tyd heers;
"7.9 dat hierdie lenings vanaf gemeentes deur die sinode terugbetaal word nadat alle verpligtinge ten opsigte van eksterne lenings nagekom is. Dit word in die hande van die Sinodale Begrotingskommissie en die Sinodale Kommissie gelaat om hieroor te besluit;
"7.10 dat wanneer die Sentrum ten volle betaal is, en nadat voorsiening gemaak is vir die moderniseringsfonds soos reeds deur die sinode besluit, die surplus gebruik word om die eweredige bydraes van gemeentes tot die sinodale begroting te verlig."

*2 Die Sinode van 1991 het besluit (379:4.3): "Die sinode gee opdrag aan die SKF om aan die saak (sinodale bydraes as lenings) aandag te gee met verslag aan die volgende sinode."

*3 Die Sinodale Sentrum word vanaf 1 Desember 1992 op 'n ander wyse gefinansier. Daar is nou opbrengste uit die Sentrum se bedryf wat jaarliks aan die Belanghebbers uitbetaal word. Die sinode het tans 'n belang van 16,3890% (R6 227 805) in die Sinodale Sentrum. Hiervoor is daar nog 'n interne lening by die SKKK wat gedelg moet word. Die moderamen het die nodige afskrifte van die betrokke trustaktes vanaf die saakgelastigde ontvang.

6.8.1.4 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat**

**6.8.1.4.1 die opbrengs wat jaarliks uit die Sinodale Sentrum ontvang word, aanvanklik aangewend word om die lening te betaal. Dit verminder dus die bedrag wat op die begroting van die sinode hiervoor voorsien moet word;**

**6.8.1.4.2 sodra die lening ten volle afgelos word, die opbrengs, ingevolge die Sinode van 1987 se besluit, deurgegee word na die gemeentes wat bygedra het deur middel van sinodale bydraes, in die verhouding waarin gemeentes bygedra het;**

**6.8.1.4.3 die besluit van die sinode om rente te kapitaliseer teen hierdie sinodale bydraes vir die Sentrum net tot 31 Maart 1992 toegepas word omrede dit nie die verhouding van die lening van die gemeentes beïnvloed nie. Dit stoot net die bedrag op wat die gemeentes in hulle boeke toon as lening aan die sinode;**

**6.8.1.4.4 die sinodale bydraes tot 31 Maart 1993 die laaste is wat aangeteken word om die verdelingsverhouding vir gemeentes te bepaal;**

**6.8.1.4.5 as gevolg van die verligting in die skulddruk, daar nie verder aandele van Noord-Transvaal ten bate van die noodfinansieringsplan verkoop word nie.**

6.8.2 Sinodale Sentrum vir politieke saamtrekke

Die moderamen het aan die SKKK kennis gegee dat hy nie beswaar het indien politieke partye die sinodale saal en fasiliteite benut vir kongresse, vergaderings ens nie.

6.9 SKAKELING MET ANDER SINODES

6.9.1 Motorvoorsiening Sinode Midde-Afrika

Die moderamen het 'n versoek ten opsigte van hulp aan leraars in Zimbabwe met die oog op verkryging van motors na die gemeentes deurgestuur.

6.9.2 Kollekte vir rampgeteisterde gebiede, Sinode Oos-Kaapland

Die ingevorderde kollektes vanuit Noord-Transvaal ten bedrae van R2 800 is aan die skriba in Oos-Kaapland gestuur.

6.10 AKTUELE SAKE

6.10.1 "Woord in Aksie"

Die moderamen het aan die SKLAS opdrag gegee om ondersoek te doen na die optrede en aanbiedinge van die groep "Woord in Aksie".

**6.10.2 Hervormingsondag 1992**

'n Memorandum van die ASK oor Sondagviering, soos opgestel deur prof WD Jonker, is deur die skriba aan al die gemeentes deurgestuur met die oog op Hervormingsondag 1992.

**6.10.3 Konferensie Moraliteitskrisis**

Die moderamen het die SKLAS versoek om die reël van gedesentraliseerde konferensies rondom die Moraliteitskrisis in die sinodale gebied te oorweeg.

**6.10.4 Pastorale Skrywe in sake Landsomstandighede**

'n Pastorale skrywe van die ASK oor die landsomstandighede is in November 1991 deur die skriba na al die gemeentes gestuur.

**6.10.5 Sending onder Kommuniste**

'n Versoek van ds Pieter de Wet tot finansiële ondersteuning vir die sendingwerk onder die kommuniste is aan die gemeentes gestuur.

**6.11 KURATORIUM TURFLOOP**

Die moderamen het steeds op hoogte gebly met die gebeure by die teologiese opleiding van die NGKA by Turfloop. Vgl die Verslag van die Verteenwoordiger in die NGKA Kuratorium Turfloop.

**6.12 AANDAG AAN PREDIKANTE**

**6.12.1 Bedieningsmatheid by predikante**

*1 Die moderamen het op 6/2/1992 'n indringende samespreking met die SKG gevoer oor die verskynsel van "bedieningsmatheid" by predikante.

*2 Die uitvloeisel van die samespreking was die volgende:
*2.1 Die SKG het opdrag gekry om 'n werkwinkel vir Ringsvisitasiekommissies te reël.
*2.2 Die SKG het opdrag gekry om insette te lewer ten opsigte van doelmatige vrae vir die landwye Kerksensus 1993.
*2.3 Die moderamen het 'n werkstuk rondom "Uitbranding by predikante" laat opstel (olv ds Martin Lazenby) en dit aan al die leraars en ringskommissies gestuur, tesame met 'n brief waarin genoem word dat die geestelike bediening en betrokkenheid by almal ernstige aandag moet geniet.
*2.4 Die moderamen het 'n brief aan die ringe gestuur waarin gevra word dat oorweging geskenk word aan 'n "pastor pastorum" vir die ring.

**6.12.2 Gelegitimeerdes wat nie beroepe kry nie**

Die moderamen het al die ringe versoek om spesiaal aandag te gee aan die gelegitimeerdes binne ringsverband wat nie beroepe kry nie. Die behoefte is ook onder aandag van die ASK gebring, vir deursending na al die ander sinodale gebiede.

**6.12.3 Samekoms voorsitters Ringskommissies**

6.12.3.1 Op voetspoor van die jaarlikse samespreking van die moderator van die Algemene Sinode met die moderators van die onderskeie sinodes (wat albei kere deur ds PS Strümpfer te George bygewoon is), het die moderamen onder leiding van die voorsitter 'n samespreking met die voorsitters van die ringskommissies te Pienaarsrivier-jeugkampterrein gehou. Die doelwit met hierdie twee byeenkomste (28/29 April 1992 en 26/27 April 1993) was om die moderamen in voeling met die kerk in Noord-Transvaal te bring; die "afstand" tussen die ringe en die sinode word daardeur verklein. Albei byeenkomste is as baie positief beleef, en die moderamen sal graag met die reëling wil voortgaan. Die koste word gedra deur die ringe (verblyf en reiskoste) en donasies (voedsel); wanneer daar 'n verlies is, word dit gedra deur die sinodale fonds.

6.12.3.2 AANBEVELING

**Die sinode versoek die moderamen om na goeddunke die voorsitters van die ringskommissies te nooi na 'n samespreking oor die toestand van die kerk in Noord-Transvaal en besluit dat die koste vanuit die sinodale fonds verhaal word.**

**6.12.4 Vergoedingspakket van leraars**

6.12.4.1 Die moderamen het sekere navrae ontvang ten opsigte van die reiskoste van die predikante, asook ander sake oor die vergoedingspakket. Die moderamen is van oordeel dat hierdie saak deeglik ondersoek moet word.

6.12.4.2 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat**

**6.12.4.2.1 'n ad hoc-kommissie aangewys word om aandag te gee aan die hele pakket oor die vergoeding van predikante; dit moet 'n omvattende ondersoek wees wat die traktement, reistoelae, behuising, ander voordele, weduweeversorging en prestasiebeoordeling (doelwitbestuur) insluit;**

**6.12.4.2.2 die ondersoek moet geskied in samewerking met die SKKK se subkommissie vir die Vergoeding van Predikante, sodat die hele Ned Geref Kerk van Transvaal uiteindelik daardeur bedien kan word;**

**6.12.4.2.3 die ad hoc-kommissie saamgestel word uit twee lede elk van die moderamen, SRK, SKF en SKG (die Kommissie vir Kommissies moet die name van die ad hoc-kommissie tydens die sinode voorlê);**

**6.12.4.2.4 die ad hoc-kommissie aan die moderamen verslag lewer en, indien nodig, 'n beskrywingspunt voorberei wat via die moderamen aan die Algemene Sinode in 1995 voorgelê kan word.**

**6.13 VERSEKERING VIR REGSAANPSREEKLIKHEID**

Die moderamen het opdrag aan die saakgelastigde gegee om korporatiewe versekering vir regsaanspreeklikheid vir al die lede van die Sinodale Regskommissie uit te neem, en om ook aandag te gee aan die versekering vir regsaanspreeklikheid vir die moderamen.

## 7. AANVULLING VAN VAKATURES (Bep 35.3.3.3)

Die moderamen het waar nodig aanvullings gemaak in kommissies van die Algemene Sinode, in sinodale kommissies en ook verteenwoordigers aangewys.

## 8. BENOEMING PREDIKANTE IN SINODALE DIENS (Beps 35.3.3.4 en 7.9.1)

**8.1 DIENS VAN BARMHARTIGHEID : DR GJ CLOETE**

Dr GJ Cloete (Villieria) is op Saterdag 21 September 1991 deur 'n gesamentlike vergadering van die moderamen en die SKDB as PSD : Diens van Barmhartigheid benoem. Hy het die benoeming aanvaar en is op Sondag 12 Januarie 1992 deur die moderator in sy diens verwelkom. Dr Cloete het verkies om 'n eie huis te betrek.

## 9. ARBITERSTAAK RONDOM BEGROTING (Bep 35.3.3.5)

**9.1 GEMEENTE WONDERBOOM**

'n Afvaardiging van Wonderboom is op 26 Mei 1992 ontmoet. Die moderamen het aangebied om saam met die SKF-Dagbestuur die kerkraad te ontmoet. 'n Spesiale brief is ook aan die kerkraad gerig.

### 9.2 ELLISRAS-WES

9.2.1 Die gemeente Ellisras-Wes het 'n aansoek by die SKKK ingedien vir 'n lening van R724 274. Die Ring van Waterberg het in hierdie verband die volgende **beskrywingspunt** ingestuur: **"Die Sinode van Noord-Transvaal besluit om die gemeente Ellisras-Wes se lening by die Sinodale Kerkkantoor ten bedrae van R724 274,08 te waarborg."** Die moderamen ondersteun hierdie aansoek en beskrywingspunt.

#### 9.2.2 AANBEVELING

**Die sinode aanvaar die beskrywingspunt van die Ring van Waterberg in sake die leningsaansoek van die gemeente Ellisras-Wes, nl "Die sinode besluit om die gemeente Ellisras-Wes se lening by die Sinodale Kerkkantoor ten bedrae van R724 274,08 te waarborg."**

### 9.3 VALHALLA

Die kerkraad van Valhalla het twee versoeke aan die moderamen gerig: (1) dat die volledige begroting soos wat dit voor die sinode gaan dien, saam met die agenda aan afgevaardigdes beskikbaar gestel moet word en (2) dat 'n alles-omvattende projeksie van die verwagte verloop van die begroting or 'n twee-, vier- en sesjaar termyn saam met die begroting voorsien word.

Die moderamen het die kerkraad geantwoord dat die eerste versoek wel by hierdie sinodesitting uitgevoer word, maar dat die tweede versoek nie haalbaar is nie.

### 9.4 KONFERENSIE IN SAKE FINANSIES VAN SINODE

9.4.1 Die volledige verslag oor hierdie saak word vervat in die Derde Verslag van die Moderamen (Prioriteite) en die Eerste Verslag van die SKKK (Sinodale Sentrum).

9.4.2 In hierdie verband word verder gerapporteer dat die moderator persoonlik namens die moderamen op al die ingekome **briewe en memoranda** van gemeentes en ringe gereageer het. Daar is ook 'n algemene inligtingsbrief aan al die leraars en kerkrade deurgestuur. Van die lede van die moderamen het op uitnodiging besoek by sommige gemeentes en ringe afgelê om die stand van sake te verduidelik.

9.4.3 Ten opsigte van die **basis vir eweredige punteberekening** het die moderamen al die voorstelle en skemas na die SKF verwys met die opdrag dat die SKF
*1 alles evalueer met die oog op 'n billik-moontlike formule vir die Sinode van Noord-Transvaal;
*2 maksimaal met al die betrokke partye in onderhandeling moet gaan;
*3 hierdie formule aan die sinode in 1993 moet voorlê met die oog op die begroting van 1994/95;
*4 'n volledige evaluasie van al die stelsels aan die sinode moet voorlê.

## 10. DANK- EN BIDDAE (bep 35.3.3.6)

Die volgende dank- en biddae is deur die moderamen hanteer:

### 10.1 BIDDAG RONDOM VEELPARTYKONFERENSIE (NOVEMBER 1991)

Die ASK is versoek om 'n biddag rondom die Veelpartykonferensie in 1991 uit te roep. Daar is nie aan die versoek voldoen nie.

### 10.2 DAG VAN VEROOTMOEDIGING (FEBRUARIE 1992)

Die moderamen het besluit om by die ringe aan te beveel dat elke ring volgens plaaslike omstandighede self aandag skenk aan 'n dag van verootmoediging die droogte. Kennis is geneem van die ASK se oproep in hierdie verband.

### 10.3 BIDDAG REFERENDUM (MAART 1992)

Die moderamen het geoordeel dat die gemeentes van hierdie ASK-reëling per Kerknuus-beriggewing en in Die Kerkbode kennis geneem het en dat 'n spesiale brief aan gemeentes en ringe nie nodig is nie.

### 10.4 LANDWYE BIDDAG OM VREDE (5 JUNIE 1992)

Die kennisgewing van die Skriba-ASK is so laat ontvang, dat dit nie prakties moontlik was om skriftelik aan die gemeentes kennis te gee nie. Die skriba het die inligting telefonies aan die ringskriba's deurgegee.

### 10.5 BIDDAG OM REëN (30 OKTOBER 1992/1 NOVEMBER 1992)

Op versoek van Oos-Transvaal het die moderamen kennis gegee dat die gemeentes inskakel by hierdie "Transvaalse" Biddag om Reën.

### 10.6 DANKDAG VIR DIE REëN (25 DESEMBER 1992)

Die moderamen het met die ander drie Transvaalse sinodes ooreengekom dat Kersdag 25 Desember 1992 ingeruim word as dankdag vir die reën wat reeds geval het en verootmoediging met die oog op die plekke waar die droogte nog heers.

### 10.7 DAG VAN VEROOTMOEDIGING (28 MAART 1993)

Die moderamen het by die gemeentes aanbeveel om in te skakel by die landwye Dag van Verootmoediging op Sondag 28 Maart 1993.

## 11. AFGEVAARDIGDES SPESIALE GELEENTHEDE (Bep 35.3.3.7)

Dit was nie nodig dat die moderamen iewers die groete, gelukwensing of meegevoel van die sinode moes oorbring nie. Di PS Strümpfer en GJ Koen het wel die begrafnis van wyle ds M de Beer (Rustenburg-Bergsig) bygewoon.

## 12. PASTORALE GESPREK (Bep 35.3.3.8)

Die moderamen het dit nie nodig geag om 'n pastorale gesprek met persone of instansies te voer nie.

## 13. SAMESPREKING MODERATURE VAN TRANSVAALSE SINODES (Bep 35.3.3.9)

### 13.1 SINODE OOS-TRANSVAAL

Vier samesprekings is gevoer, waartydens die volgende sake aandag geniet het:

#### 13.1.1 Salaris Sekretaris Diens van Barmhartigheid NGKA Sinode Noord-Transvaal

*1 Die moderatuur van die NGKA Noord-Transvaal het gevra om met die moderature van die NGK Sinodes Noord- en Oos-Transvaal te onderhandel oor die volgende sake:

*1.1 Globale subsidie vir gebruik in belang van diakonaat.
*1.2 Pensioen van die huidige sekretaris vir Diens van Barmhartigheid.

*2 Die twee NGK-moderature het, in oorleg met verteenwoordigers van die SKF en SKSE van die twee sinodes, 'n memorandum opgestel waarin hulle standpunt verwoord word. Die volgende besluite is geneem:

*2.1 Die moderature is bereid om met die Moderatuur NGKA Noord-Transvaal in gesprek te tree rondom die hele kwessie van globale subsidie in plaas van posgerigte subsidie.
*2.2 Die moderature wys die NGKA Moderatuur Noord-Transvaal daarop dat, volgens die Reglement van die Sinodale Pensioenfonds van die Ned Geref Kerk in Transvaal, 'n leraar se pensioen slegs uitbetaal word wanneer hy amptelik met demissie emeriteer. Indien hy vroeër wil emeritreer of bedank, is dit 'n persoonlike aangeleentheid tussen die leraar, se werkgewer en die betrokke pensioenfonds.
*2.3 Die moderature wys die Moderatuur NGKA Noord-Transvaal op die beginselbesluite van die NGK Sinodes Noord- en Oos-Transvaal dat in die geval van 'n vakature in 'n bestaande gesamentlik-gesubsidieerde pos, die voortbestaan van daardie pos geëvalueer en van nuuts af beredeneer word.

*3 Die samespreking het op Woensdag 10 Junie 1992 te Mamelodi plaasgevind. 'n Ad Hoc-kommissie (met die NGKA as sameroeper) is aangewys om die sake verder te bespreek en 'n verslag voor te berei vir 'n volgende samespreking. Tot op hede is nog niks van die NGKA Noord-Transvaal verneem nie.

*4 Die moderature het ook ooreengekom dat skakeling met die NGKA in die toekoms op moderatuursvlak geskied, met Oos-Transvaal as die volgende sameroeper.

**13.1.2 Kantoorakkommodasie SKDB Noord-Transvaal**

*1 Die moderature was dit eens dat verskeie beginsel- en praktiese sake op die spel is, en dat daarom nie op hierdie stadium aan die versoek van die SKDB Noord-Transvaal voldoen kan word om hul kantoorakkommodasie vanuit die Sinodale Sentrum te verskuif nie; daar moet eers gewag word om meer duidelik inligting rondom die finansiële situasie en toekoms van die sentrum. Daar is ook besluit om in die toekoms oor sodanige sake eers met mekaar saam te praat en om mekaar op die hoogte te hou.

*2 Die moderamen het geoordeel dat die verskuiwing van die SKDB se Maatskaplike Werkdienste na Riviera (Die Herberg) nie hierdie beginsel ondermyn nie.

*3 By 'n volgende ontmoeting het die moderamen dit as ideaal gestel dat die kommissies van die sinode in die Sinodale Sentrum moet bly. Indien die praktiese situasie dit egter noodsaak dat die kommissies dalk moet uitbeweeg, kan dit as 'n tydelike noodmaatreël gedoen word. Oos-Transvaal had nie beswaar teen so 'n reëling nie.

**13.1.3 Honorarium skriba Eksamenkommissie**

Die moderature het ooreengekom dat die Kuratorium self onderling reëlings kan tref ten opsigte van 'n honorarium aan die Skriba van die Eksamenkommissie vir dienste gelewer.

**13.2 VIER TRANSVAALSE MODERATURE**

Twee samesprekings is gehou, waartydens die volgende sake aandag geniet het:

**13.2.1 Gesamentlike kommissie namens sinodes**

Die ooreenkoms in sake 'n gesamentlike kommissie wat namens die vier sinodes van Transvaal kan optree, is deur al vier sinodes goedgekeur.

**13.2.2 Skakelpersoon met Kerkkantoor in sake voorgeskrewe vorms**

Dr HS Grobler (Wes-Transvaal) is aangewys om namens die 4 moderature met die Kerkkantoor te onderhandel in verband met die voorgeskrewe vorms (bv attestaat) wat gedruk en beskikbaar gestel moet word.

**13.2.3 NG Kerkboekhandel 1988 (Edms) Bpk**

Die volgende besluite is geneem:

*1 Die aanbod van mnr JM Buitendach, voorsitter van die Direksie van Perskor, word aanvaar, nl dat die bedrag van R175 000 per jaar vir vyf jaar vanaf 1 Julie 1992 aan die Kerk betaal word ter volle vereffening van die lening en 49% aandeelhouding van die Kerk aan NG Kerkboekhandel 1988 (Edms) Bpk.
*2 Die Kerk tree hiermee uit die Maatskappy NG Kerkboekhandel 1988 (Edms) Bpk.
*3 Ds PS Strümpfer en mnr W Hancke word onthef van hul benoeming as direkteure van NG Kerkboekhandel 1988 (Edms)Bpk.
*4 Die Direksie van NG Kerkboekhandel 1988 (Edms) Bpk word versoek om die naam van die maatskappy te verander sodat die verwysing na die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sy naam verval.
*5 Die prokureurs van die Sinodale Kerkkantoor word versoek om met die prokureurs van Perskor te onderhandel ten einde die Samewerkingsooreenkoms van 1988 tussen die Kerk en Perskor tot 'n skriftelike beëindiging te bring.
*6 Die Gesamentlike Fondsekommissie word versoek om voort te gaan om vir die saldo op die leningsrekening by die SKKK te begroot totdat die lening afgelos is.
*7 Mnr W Hancke word bedank vir die uitnemende werk wat hy gedoen het om hierdie aangeleentheid in die beste belang van die Kerk af te handel.
*8 Ds PS Strümpfer en mnr GJJ du Toit (Saakgelastigde) word bedank vir hul toegewyde aandag aan die saak.
*9 Die magtiging vir die ondertekening van alle dokumente word aan die Saakgelastigde verleen.

**13.2.4 Salaris Saakgelastigde**

Die salaris van die Saakgelastigde is hersien.

**13.2.5 Reglement vir die Saakgelastigde**

*1 Die Sinode van Suid-Transvaal is dringend versoek om die reglement by sy komende sinodesitting in Oktober 1993 goed te keur.

*2 Die SKKK is gevra om, indien daar binne afsienbare tyd 'n nuwe saakgelastigde aangestel moet word, die pos in die openbare pers te adverteer en ten minste drie name met curricula vitae aan die vier moderature/dagbesture vir aanstelling voor te lê.

**13.2.6 Verkleining van Kieskollege (Pretoria)**

**13.2.6.1 Opdrag** (316:3.9.3.4.1/2) - dat met die 3 Transvaalse sinodes onderhandel word oor die verkleining van die Kieskollege.

13.2.6.2 **Bevinding** - die implikasie van die aanbevole verkleining is dat die huidige Kieskollege van 54 lede na 30 verklein word.

13.2.6.3 AANBEVELING

**Die sinode besluit soos volg:**

**13.2.6.3.1 Die beginsel van verkleining van die Kieskollege word aanvaar.**

**13.2.6.3.2 Die verkleinde Kieskollege word soos volg saamgestel:**

***1 Die Kuratorium (soos tans deur die sinodes saamgestel : 23 persone)**
***2 Die dekaan en departementshoofde van die Teologiese Fakulteit te Universiteit van Pretoria (7 persone).**

13.2.7 **Huweliksgelde**

*1 Dit is nog net die Sinode van Noord-Transvaal wat R10-huweliksgelde invorder vir oorbetaling aan die Pensioenfonds.

13.2.7.2 AANBEVELING

**Die sinode besluit om die betaling van huweliksgelde af te skaf.**

## 14. EKUMENIESE SAKE EN INTERKERKLIKE SKAKELING (Bep 35.3.3.10)

14.1 BEDIENING IN PORTUGAL

14.1.1 **Opdrag** (320:10.1) - die sinode reël dat die werksaamhede van die Gesamentlike Kommissie vir die bediening in Portugal deur die moderamen oorgeneem word.

14.1.2 **Uitvoering**

*1 Die volgende besluite is in verband met ds PA Pienaar se salarispakket geneem:
*1.1 Die voortsetting van die werk in Portugal deur emeritus ds PA Pienaar word goedgekeur.
*1.2 Die "werker" en die "werk" in Portugal loop onlosmaaklik saam: daarom kan die opbrengs van ds Pienaar se kunsuitstallings ook vir sy salaris benut word.
*1.3 Aanbeveel dat hy dieselfde traktement soos by aftrede ontvang.

*2 Dankwoorde van die Sinode van die Igreja Reformada em Portugal is telkens deur die skriba direk aan gemeentes deurgestuur.

14.1.3 AANBEVELING

**Die sinode neem met groot waardering kennis dat ds PA Pienaar steeds aktief werksaam is in die Igreja Reformada em Portugal en bid hom en sy eggenote die Here se seën toe op die arbeid.**

14.2 PRETORIASE RAAD VIR KERKE

Die moderamen is uitgenooi om twee verteenwoordigers in die Pretoriase Raad vir Kerke te benoem. Daar is gereël dat di M Smuts en NJ Behr die byeenkomste as waarnemers bywoon. Tot op datum het daar nie veel gebeur om oor te rapporteer nie.

14.3 NATIONAL PEACE SECRETARIAT

Die moderamen is uitgenooi om verteenwoordigers in die plaaslike komitees van die National Peace Secretariat te benoem. Ds M Smuts skakel by Pretoria in en ds NJ Behr by Brits. Daar is met die ringe gereël om plaaslik na goeddunke in te skakel en saam te werk.

14.4 GESAMENTLIKE GESPREKSFORUM VIR PLAASLIKE OWERHEIDSINSTELLING : PRETORIA METROPOLITAANSE GEBIED

Dr GJ Cloete hou vanuit die SKDB met hierdie instansie kontak.

14.5 WERKWINKEL : DIE NED GEREF KERK EN ANDER KERKE

Vyf lede van die moderamen het hierdie leersame konferensie van die Algemene Sinode se Kantoor vir Ekumeniese Sake en Skakeling op 21/9/1992 te Pretoria bygewoon.

14.6 AANSOEK TOT AANSLUITING BY KERKVERBAND

*1 Die Eben-Haezer Kerk, 'n enkel gemeente van 61 Nederlandssprekendes wat van die Oud-Geref Kerk in Nederland weggebreek het, soek aansluiting by die sinodale kerkverband van die Ned Geref Kerk.

*2 Die moderamen het 'n verkennende gesprek met die kerkraad van die betrokke kerk gevoer, wat moontlik in die toekoms opgevolg kan word.

## 15. SKAKELING MET OWERHEID (Bep 35.3.3.11)

15.1 HOSPITAALBEDIENING

15.1.1 **Opdrag** (354:5.2) - die moderamen hanteer die skakeling met die owerheid in sake hospitaalbediening.

15.1.2 **Uitvoering** - daar was geen skakeling in hierdie verband met die owerheid nie.

15.2 ONTMOETING MET ADMINISTRATEUR VAN TRANSVAAL

Die moderamen het die inisiatief geneem vir die ontmoeting van die vier Transvaalse moderators met die Administrateur van Transvaal en lede van sy Uitvoerende Komitee op 12 Februarie 1993. Dit was 'n baie sinvolle byeenkoms en sal in die toekoms opgevolg word.

## 16. SKEMA VAN WERKSAAMHEDE (Bep 35.3.3.12)

Vgl Eerste Verslag van die Moderamen.

## 17. APPéLLE (Bep 35.3.3.13 asook 35.3.4 en 35.3.5)

Geen appélle het voor die moderamen gedien nie.

## 18. OPDRAGTE VAN DIE SKRIBA (Bep 35.1.1)

18.1 BEHARTIGING VAN SKRIBAAT - die skriba het al die normale take van die skribaat hanteer. Dit is vir insae beskikbaar.

18.2 PUBLISERING VAN HANDELINGE - die handelinge van die Sinode 1991 is by die NG Sendingpers in Bloemfontein laat druk en het in Maart 1992 verskyn.

18.3 INDIENING OORSPRONKLIKE HANDELINGE BY KERKARGIEF - die oorspronklike getikte handelinge asook die vertroulike notules is by die Transvaalse Kerkargief ingehandig.

18.4 **BESLUITEREGISTER** - die besluite van die sinode is per omsendbrief aan die kerkrade en ringe deurgestuur.

18.5 **GRENSVERANDERING** (Bep 31.7.4) - grensveranderings by die volgende gemeentes is vir publikasie na Die Kerkbode deurgestuur: Ring Wonderboom, Arcadia (insluiting van Meintjeskop), Riviera/Pierneef, Renosterpoort (insluiting van Lugmagbasis-Pietersburg) en Universiteitsoord (in samewerking met Pretoria-Oos).

18.6 **VOORBEREIDING VAN AGENDA** (Bep 35.5.5) - al die nodige reëlings is getref vir die druk en verspreiding van die agenda van die twaalfde Sinode van Noord-Transvaal.

## 19. AANVULLENDE VERSLAG

Aanvullende sake sal in die Vierde Verslag van die Moderamen aan die sinode voorgelê word.

DS PS STRÜMPFER
VOORSITTER

DS JC CARSTENS
SKRIBA

# A.1.3 DERDE VERSLAG VAN DIE MODERAMEN (PRIORITEITE)

## 1. BESLUIT VAN MODERAMEN

### 1.1 11 AUGUSTUS 1992

Na luid van verskeie briewe en memoranda vanuit gemeentes in sake die finansies van die sinode, die Sinodale Sentrum en die eweredige bydraes van gemeentes, besluit die moderamen soos volg op 11 Augustus 1992:

*1. Die moderamen en die SKF moet saam konfereer oor die totale finansiële situasie in die sinodale gebied. Die resultaat moet na die ringe deurgestuur word vir kommentaar, en daarna moet 'n finale stuk aan die sinode in 1993 voorgelê word.
*2. Die Ringskommissies word gevra om met die leraars in die ring in gesprek te tree oor die volgende sake: Hoe word die finansies van die sinode beleef? Watter faktore het daartoe gelei? Wat kan hulle en die sinode daaraan doen?

### 1.2 TWEE KONFERENSIES

Hierdie besluit het gelei tot twee konferensies in sake die Finansies van die Sinode: 12 Oktober en 18 November 1992. Die uitvloeisel van hierdie konferensies was die volgende:

1.2.1 die inwerkingstelling van die sg "noodfinansieringsplan" vir die Sinodale Sentrum op 1 Desember 1992 (vgl Eerste Verslag van Sinodale Kerkkantoorkommissie);
1.2.2 die besluit dat dit nie nodig is om 'n buitengewone vergadering van die sinode byeen te roep nie;
1.2.3 die hantering van die kommentaar van ringe/gemeentes en die deurstuur van 'n algemene inligtingsbrief namens die moderamen aan al die gemeentes;
1.2.4 samesprekings deur lede van die moderamen en die SKF met verskeie gemeentes en ringe;
1.2.5 deeglike aandag aan die hele stelsel van eweredige bydraes, met opdrag aan die SKF om 'n volledige uiteensetting en evaluasie aan die sinode voor te lê, en 'n billik-moontlike formule vir Noord-Transvaal uit te werk;
1.2.6 opdrag aan die SKF om die sinodale begroting in te kort met as doelwit 40% op die 1992/93-begroting (vgl Tweede Verslag van die SKF);
1.2.7 versoek aan die onderskeie sinodale kommissies om die SKF in hierdie inkorting te ondersteun.

### 1.3 11 FEBRUARIE 1993

Op aanbeveling van hierdie "finansies-konferensie" besluit die moderamen op 11 Februarie 1993 soos volg:

*1. Om 'n ad hoc-kommissie aan te wys om die sinode te adviseer ten opsigte van die prinsipiële begronding van elke werksaamheid met die oog op die bepaling van items op die sinodale begroting;
*2. Om die kommissie te versoek om as breë opdrag:
*2.1 eers 'n deeglike prinsipiële beoordeling van die sinode se missie te maak;
*2.2 daarna elke sinodale werksaamheid teenoor die missie te meet;
*2.3 duidelike prioriteite te bepaal;
*2.4 met 'n zerobasis-begroting te werk;
*2.5 en dan elke uitgawe op die sinodale begroting volgens die prioriteite te beoordeel;
*2.6 werksaamhede wat gesamentlik met ander sinodes gedoen word, waar enigsins moontlik by die ondersoek te betrek.
*3. Om die kommissie soos volg saam te stel: Twee lede uit elk van die volgende kommissies van die sinode - Moderamen, SKE, SJK, SKG, SKSE, SKDB, SKLAS, SRK en SKF, plus twee verteenwoordigers van die Vrouediens en hoogstens drie ander kundiges.
*4. Om die kommissie se verslag as deel van die moderamen se verslag aan die sinode van 1993 voor te lê.

## 2. UITVOERING

### 2.1 AD HOC: PRIORITEITE

2.1.1 Die Ad hoc-kommissie: Prioriteite het 3x vergader. Die **personeel** was soos volg: * Moderamen - ds PS Strümpfer (Voorsitter) en ds M Smuts; * SKE - prof AC Barnard en dr PJC Loots; * SJK - dr WPJ van Wyk en ds JC Carstens (Skriba); * SKG - ds WF Kloppers en dr PW Marais; * SKSE - ds E Olivier en dr JGM Richter; * SKDB - ds HAJ Viljoen en dr GJ Cloete; * SKLAS - ds NJ Behr en dr WJ Botha; * SRK - dr MC Botha en dr PR du Toit; * SKF - ds GJC Venter en ds AC Swanepoel; * Vrouediens - mevv M Herholdt en H Theron; * Saakgelastigde - mnr GJJ du Toit.

2.1.2 Die volgende **modus operandi** is gevolg: Elke kommissie van die sinode moes, aan die hand van die sinode se visie en missie, 'n voorlegging rondom die volgende sake voorlê:
*1. die samestelling van die kommissie
*2. die werksaamhede (doelwitte) van die kommissie
*3. 'n prioriteitslys van hierdie werksaamhede, gepaardgaande met 'n begroting.
Waar die sinode 'n werksaamheid in samewerking met een of meer van die ander Transvaalse sinodes bedryf, moes die betrokke verteenwoordiger(s) die nodige voorleggings maak.

2.1.3 Al hierdie voorleggings is deeglik bespreek en 'n **gesamentlike verslag** is voorberei vir voorlegging via die moderamen aan die sinode.

### 2.2 AANBEVELING

**Die sinode keur die optrede van die moderamen met die daarstelling van 'n Ad hoc-kommissie vir Prioriteite en die gepaardgaande voorlegging van 'n verslag goed.**

## 3. BEVINDING

### 3.1 OM PRIORITEITE TE STEL

3.1.1 Prioriteite en rasionalisering loop hand aan hand. Daarom is dit nodig om net weer die **begrip "rasionalisering"** aan die orde te stel (vgl Agenda Algemene Sinode 1990 bl 237/238):

**"Rasionalisering is die besinning oor die mees doeltreffende manier waarop 'n instansie (dus ook die kerk) sy roeping kan uitvoer met gebruikmaking van sy beskikbare middele beide op die kort en lang termyn.**

"Meer bepaald behels rasionalisasie 'n algemene verskraling van aktiwiteite. Dit veronderstel 'n proses van opruiming en vernuwing wat uiteindelik uitloop op die herstrukturering van aktiwiteite en hulpbronne ten einde doelwitte optimaal te bereik.

"Rasionalisasie word dikwels **genoodsaak** deur die volgende faktore:
- Veranderings in die eksterne omgewing van die instansie
- Blootstelling aan verskillende vorme van druk

- Aftakeling van die beeld van die instansie op grond van opinies deur leiersfigure in die samelewing uitgespreek
- Ekonomiese werklikhede
- Mededingende instansies

"Die **proses** van rasionalisasie kan ingrypend wees. Dit veronderstel minstens die volgende:
- Aanpassings ten opsigte van die missie, diensfilosofie en -strategie van die instansie
- Aanpassings ten opsigte van organisasiestrukture
- Samesmelting van instansies of dele daarvan
- Sentralisering, desentralisasie of dekonsentrering van aktiwiteite
- Beperking van kapitaaluitgawes
- Vermindering van aansprake op hulpbronne (fondse, toerusting, arbeid) terwyl uitsette gehandhaaf word
- Beter beplanning, beter begroting
- Daarstelling van 'n effektiewe bestuursinligtingstelsel

"Uiteraard hou rasionalisasie vir enige instansie bepaalde **gevolge** in. Dit kan (indien dit effektief deurgevoer word) 'n meer stroombelynde, beweeglike en aanpasbare instansie tot gevolg hê."

3.1.2 In 1991 het die Ad hoc-kommissie vir Rasionalisering hierdie uitgangspunte beklemtoon (vgl Agenda 1991 bl 27/28). Die Ad hoc Prioriteite **ondersteun** ook die standpunte en oordeel dat dit steeds tersaaklik in die sinodale gebied van Noord-Transvaal is. By die 1991-sinode is grootskaalse rasionalisering bewerkstellig, en die vrug daarvan kom al hoe meer na vore. Daar moet egter tyd gegee word dat die werklike voordeel nog méér sal kan deurwerk.

3.1.3 Rasionalisering bly ook 'n **proses**, en daarom is dit nodig om op gereelde basis alles op die tafel te neem, alles te beoordeel en dan duidelike prioriteite te stel. Dit is uiteindelik die doel met hierdie verslag, tesame met die begeerte en vertroue dat dit sal lei tot 'n gesuiwerde taakomskrywing.

3.1.4 Effektiewe bediening is die wagwoord. Daarom moet aan die een kant gewaak word teen 'n "roekelose" opskorting van werksaamhede onder die vaandel van sg. "finansiële besparing"; aan die ander kant moet 'n beheptheid met tradisies, wat dikwels tot 'n "blindelingse" (onverantwoordelike) vashou aan die bestaande lei, ook vermy word. Effektiwiteit is die middelpad tussen dié twee uiterstes, en daarvoor moet die sinode hom beywer.

3.1.5 Oorsigtelik is dit baie duidelik dat verskeie gevolge van die rasionaliseringsproses 'n beduidende **positiewe invloed** op sinodale aktiwiteite het, en dat dit ook doelmatig deurwerk na ringe en gemeentes. Daar word vertrou dat dit verder sal groei.

3.1.6 Terselfdertyd is dit ook duidelik dat pertinente **negatiewe gevolge** hulle kop uitsteek. Die volgende sake/situasies wek groot bekommernis:

*1. Sekere werksaamhede het sodanig **afgeskaal** en/of in die slag gebly dat dit 'n verlies in bediening meegebring het - daardeur ly die Koninkryk van die Here groot skade.

*2. **Kontrole** (as vereiste vir gesonde bestuur en oorhoofse skakeling) word in 'n groot mate uitfasseer. Die ideaal was dat ringe en gemeentes sekere werksaamhede oorneem en verder hanteer, maar dit is duidelik dat dit nie oral gebeur nie -- die teendeel is eerder waar! En nou weet 'n mens nie altyd of en hoé die werk voortgaan nie.

*3. Sommige gemeenteleraars word noodwendig **oorlaai** met sinodale verpligtinge - so 'n situasie is op die lang duur onhoudbaar en sal dringend aandag moet geniet. Die plek en rol van die sg. "predikant-in-sinodale-diens", wat in die afgelope paar jaar ietwat negatief beoordeel is, sal opnuut evalueer moet word, met moontlike implementering juis ter bevordering van effektiewe rasionalisering.

*4. Die **kommunikasie** na die gemeentes is nie na wense nie. Die sinode word immers saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes, en daarom is dit noodsaaklik dat daar 'n doeltreffende skakeling tussen sinode en gemeente moet wees, en wedersyds ook tussen gemeente en sinode. Hiervan kom baie min tereg.

*5. Die gevaar van 'n ongesonde **willekeurigheid en eksperimentering** in manier-van-doen word 'n al hoe groter werklikheid. 'n Oorbeklemtoning van individualiteit en variasie bring mee dat die "eenvormigheid" binne kerkverband vervaag en dat independentisme na vore tree.

## 3.2 BEOORDELING VAN SINODE SE VISIE EN MISSIE

3.2.1 Die huidige Bestaansrede, Visie en Missie vir die sinode is as **uitgangspunt** geneem (vgl Bepalinge 1991 bl 44/45):

* Die **BESTAANSREDE** vir die Sinode van Noord-Transvaal as presbiteriale struktuur is om
*1. God bo alles te verheerlik en die Christusheerskappy in besluite en werksaamhede tot uitdrukking te laat kom;
*2. as samebindende faktor tussen gemeentes die kerkverband onder andere deur getuienis en dienslewering te realiseer;
*3. werksaamhede wat ringe en gemeentes nie alleen kan behartig of afhandel nie, te onderneem, koördineer en administreer.

* Die **VISIE** vir die Sinode van Noord-Transvaal is dat dit in sy sitting en beraadslagings Christus deur sy Woord en Gees aan die werk sal wees deur afgevaardigdes van die gemeentes om
*1. die liefde van Christus as band tussen die samestellende gemeentes te lê;
*2. sorg te dra dat die gemeentes mekaar sal ondersteun en dra om afsonderlik en gesamentlik as liggaam van Christus te funksioneer;
*3. deur die besluite en werksaamhede van die sinode die koninkryk van God op alle terreine van die lewe te laat kom.

* Die **MISSIE** vir die Sinode van Noord-Transvaal is om:
*1. bepalinge en reglemente so op te stel dat die werksaamhede die gees en karakter van die Christus-heerskappy adem en voorskriftelikheid sover moontlik beperk word;
*2. in gehoorsaamheid aan die belydenis en beleid, die ruimte te skep dat gemeentes en ringe hulle Bybelse roeping as liggaam van Christus kan uitleef;
*3. deur middel van kommissies en verteenwoordigers gemeenskaplike belange van die kerk in Noord-Transvaal te behartig;
*4. deur hulpbronne en administrasie die funksionering van die werksaamhede van die sinode moontlik te maak;
*5. handelend op te tree in gevalle van hoër beroep;
*6. toe te sien dat die afgevaardigdes na die Algemene Sinode aangewys word;
*7. in alles die liefdesgebod uit te leef om mekaar te ondersteun, te bemoedig en op te bou.

3.2.2 Die kommissie oordeel dat daar nie op hierdie stadium aan die Bestaansrede, Visie of Missie van die sinode hoef verander te word nie.

## 3.3 KOMMISSIE VAN DIE SINODE

### 3.3.1 EREDIENS

**3.3.1.1 Voorlegging van die Sinodale Kommissie vir die Erediens**

*1. **Werksaamhede** van die Kommissie vir die Erediens - vgl Bep 49.1.3

*1.1 Die SKE lê veral klem op studie, navorsing, besinning, beplanning, voorligting, stimulering en begeleiding van gemeentes, kerkrade, predikante, lidmate en orreliste aangaande al die fasette van die erediens.
*1.2 Verder word opdragte van die sinode uitgevoer, besluite van die Algemene Sinode deurgegee en korrespondensie hanteer.
*1.3 In opdrag van die sinode word jaarliks 'n simposium (gesentraliseerd of gedesentraliseerd) oor 'n aktuele erediens-onderwerp gehou.

*2. **Doelwitte** voorgelê deur die SKE

*2.1 Om binne die raamwerk van sy opdrag met groter toewyding, vaartbelyning en effektiwiteit te werk;
*2.2 Om leiding te gee aan die ringskommissies vir die erediens en aan die kerkraadskommissies vir die erediens;
*2.3 Om te ywer vir groter samewerking, wisselwerking en selfs integrasie tussen die erediens en die volgende werksaamhede van die kerk: gemeentebou, ampsbediening, organisering van die werk van die gelowige, jeugbediening, evangelisasiewerk, diens van barmhartigheid en sendingwerk;
*2.4 Om te skakel met die streekbesture van die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV) en die Suid-Afrikaanse Koorvereniging (SAKV);
*2.5 Om as deel van 'n lewende, dinamiese, bewegende, werkende, getuigende en dienende kerk na twee kante getrou te bly:
*2.5.1 na die kant van sy Sender, Jesus Christus en die Woord van God
*2.5.2 na die kant van die moderne mens in sy konkrete situasie, met sy vele sorge en node, te midde van al die magte wat op hom inwerk;
*2.6 Dat al die studie, beplanning en werk van die kommissie uitloop op 'n lewende en kragtige erediens tot die onverwelklike eer van God.

*3. **Begroting**

*3.1 Die uitgawes van die kommissie sentreer rondom reiskoste en administratiewe uitgawes; dit word gedra deur die sinodale fonds.
*3.2 Elke simposium dra homself vanuit eie befondsing deur middel van die inskrywingsgeld van die deelnemers.

*4. **Prioriteite** vir die SKE - geen voorlegging is gemaak nie.

*5. **Samestelling** van die SKE

*5.1 Huidige samestelling - vgl Bep 35.4.3 : 7 benoemde lede (waaronder 1 kerkorrelis) plus verteenwoordigers van die Vrouediens en die Teologiese Fakulteit. Die SAKoorvereniging Streek Noord-Transvaal het 'n waarnemende verteenwoordiger op eie koste in die SKE.
*5.2 Die SKE vergader eenmaal per jaar en die Dagbestuur wanneer nodig.

**3.3.1.2 Kommentaar**

*1. Dit is duidelik dat die meeste van die werksaamhede (doelwitte) van die SKE binne die missie van die sinode val.

*2. Die volgende vrae kom wel na vore: Regverdig die "werksaamhede van die SKE" (vgl pt 3.3.1.1.1) 'n selfstandige kommissie? Kan die opdragte van die SKE nie sonder skade deel vorm van die Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening nie? Met laasgenoemde sou die sinode in lyn kom met die Algemene Sinode wat die Eredienskommissie as subkommissie van die AKG laat funksioneer.

*3. Die kommissie is egter oortuig dat die spesialiteitsaard rondom die erediens 'n groot mate van deskundigheid vereis en dat 'n selfstandige sinodale kommissie vir die erediens geregverdig is en vir die huidige gehandhaaf moet word. Hierdie reëling behoort ook in Algemene Sinodale verband te geld.

*4. Volgehoue skakeling met die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging en SEVTO behoort aandag te geniet.

**3.3.1.3 AANBEVELINGS**

**3.3.1.3.1 Doelwitte SKE - Die sinode aanvaar die doelwitte van die Sinodale Kommissie vir die Erediens en handhaaf sy bestaansreg as selfstandige kommissie.**

**3.3.1.3.2 Samestelling SKE - Die sinode besluit dat die SKE uit 7 persone (waaronder 1 kerkorrelis) bestaan plus 5 sekundi wat nie in volgorde opgeroep hoef te word nie, plus verteenwoordigers van die Vrouediens, Teologiese Fakulteit en SEVTO.**

**3.3.1.3.3 AKE selfstandige kommissie - Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om sy besluit van 1990 in sake die Eredienskommissie as subkommissie in die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening te herroep en die Eredienskommissie weer as selfstandige kommissie in algemene sinodale verband te laat funksioneer.**

### 3.3.2 JEUGBEDIENING

**3.3.2.1 Voorlegging van die Sinodale Jeugkommissie**

*1. **Werksaamhede** van die SJK - vgl Bep 50.3

*1.1 Die SJK se werksaamhede sentreer rondom die volgende **portefeuljes**: Kategese, Kinder- en Gesinsbediening, Tienerbediening, Jong Belydende Lidmate, Opvoeding en Onderwys, Kampaksies/Kampterreine en Skribaat. Die klem lê op uitvoering van sinode-opdragte asook voorligting en toerusting. Daar is nie tyd vir noodsaaklike navorsing en studie nie.

*1.2 Die SJK was sedert 1987 aan die **voorpunt** ten opsigte van rasionalisasie; die werksaamhede is sodanig afgeskaal en gedesentraliseer na ringe / gemeentes dat 'n voltydse PSD nie meer nodig blyk te wees nie, dat die jeugkantoor as sodanig in kombinasie met 'n ander kommissie funksioneer, dat die minimum projekte en spesifieke aksies vanuit die SJK aangepak word, dat kampterreine plaaslik beheer word en groot kampaksies deur ringe behartig word.

*1.3 Ander **spesifieke sake** in belang van jeugbediening in sinodale verband (met toepassing van Bep 7.10) is tans die volgende:
*1.3.1 Studentebediening by die gemeentes Universiteitsoord, Pretoria-Kollegerand en Pretoria-Wes (Technikon-wyk)
*1.3.2 Verpleegsterbediening (gemeente Riviera)

*2. **Doelwitte** voorgelê deur die SJK

Die SJK stel dit as doelwit om sy opdragte soos omskryf in Bepaling 50.3 na die beste van sy vermoë uit te voer.

***3. Begroting**

*3.1 Die benodigde begroting ten opsigte van die SJK (R41 837) is die basiese vir gedeelde kantoorruimte, gedeelde administratiewe klerk, reiskoste (4 vergaderings per jaar) en administrasie. Die instandhouding van die kampterreine word deur rente op trustfondse gefinansier (R25 000).

*3.2 Die studentebearbeiding omvat 'n groot deel van die begroting (R448 650); hier sal ook gedink moet word aan sekere noodsaaklike uitbreiding, veral administratief by die Technikongemeente.

*3.3 Vir verpleegsterbediening word tans nog R5 000 aan die gemeente Riviera oorbetaal.

*4. **Prioriteite** vir die SJK

*4.1 Studentebediening (bestaande 3 studentegemeentes) volgens 'n jaarlikse voorgelegde begroting.
*4.2 Die handhawing van 'n "jeugkantoor", indien nodig in kombinasie met 'n ander sinodale kommissie(s).
*4.3 Die handhawing van die Sinodale Jeugkommissie met sy portefeuljes.
*4.4 'n Jaarlikse donasie aan elk van die jeugkampterreine (Badseloop en Magaliesberg) met die oog op noodsaaklike instandhouding.

*5. **Samestelling** van die SJK

*5.1 Huidige samestelling - vgl Bep 35.4.3 : 7 lede (volgens spesifieke portefeuljes) plus verteenwoordigers van die Vrouediens en Teologiese Fakulteit.
*5.2 Hierdie samestelling kan gehandhaaf word. Probleme word egter ondervind wanneer sekundilede nie toegerus is om 'n spesifieke vakature te vul nie; daarom die versoek, nl. dat daar 5 sekundi-lede aangewys word en dat hulle nie in volgorde opgeroep word nie.

3.3.2.2 **Kommentaar**

*1. Met die desentralisering en afskaling van werksaamhede is die SJK tans heeltemal **binne die missie** van die sinode. Sake wat wel aandag kan geniet is die volgende:

*1.1 Meer algemene **voorligting en toerusting** van RJK's, KJK's, leraars en ander jeugleiers ten opsigte van die verskillende fasette van die jeugbediening, sonder om die geleentheid en inisiatief van RJK's in hierdie verband te ontneem.
*1.2 **Studie en navorsing** ten opsigte van jeugbediening.

*2. **Studentebediening** bly 'n noodsaaklike gemeente-verantwoordelikheid waarby ook die breër kerkverband betrokke is, maar dan steeds in die lig van Bep 7.10. Op die pad vorentoe sal hier aan dringende en noodsaaklike uitbreiding gedink moet word, veral ook ten opsigte van gemeentes wat koshuise (woonstelblokke) met studente moet akkommodeer. Die nood by Pretoria-Wes (Technikonwyk) ten opsigte van fondse vir administratiewe hulp moet ook dringend aangespreek word. En verder is dit weer hoog tyd dat die Sinode van Oos-Transvaal genader word vir finansiële ondersteuning rondom studentebediening.

*3. **Verpleegsterbediening** (leerlinge/studente) hoort tuis by die plaaslike gemeente(s). Indien die getalle sodanig is dat Bep 7.10 toegepas moet word, moet eers by die ring aangeklop word. Die getalle in Riviera regverdig nie die huidige sinodale ondersteuning nie. Waar getalle dit wel regverdig, kan daardie gemeente(s) eerstens oorweging skenk aan pastorale hulp of 'n gespesialiseerde opdrag vir 'n predikant. Oorhoofse skakeling en toerusting kan via die SJK of dan eerder die betrokke kommissie wat siekesorg behartig, geskied.

'n Belangrike ontwikkeling in hierdie verband is die toekomstige omskakeling van die huidige HF Verwoerd-hospitaal tot die mediese kampus van die Universiteit van Pretoria; verpleegsterbediening moet binne hierdie totale beplanning aandag geniet.

*4. Die kommissie is beïndruk met die **hoeveelheid werk** wat die SJK verrig. Die daarstelling van "portefeuljes" is duidelik 'n wins. 'n PSD se positiewe ondersteuningsdiens word wel gemis, en dit lei ook daartoe dat sekere sake nie tot sy reg kom nie.

*5. Die befondsing van **kampterreine** moet vanuit eie bedryfsinkomste geskied, met bykomende ondersteuning van gemeentes/ringe (indien nodig) en die rentebydraes vanuit bestaande SJK-trustfondse as hulp met die oog op noodsaaklike instandhouding. In hierdie verband kan die Algemene Jeugkommissie genader word om die sinodes uit surplusfondse te ondersteun.

*6. Die versoek ten opsigte van 5 **sekundilede** is logies en billik; dit kan goedskiks vir al die bedieningskommissies toegepas word.

3.3.2.3 AANBEVELINGS

**3.3.2.3.1 Doelwit SJK - Die sinode aanvaar die doelwit van die Sinodale Jeugkommissie en handhaaf sy bestaansreg as selfstandige kommissie.**

**3.3.2.3.2 Samestelling SJK - Die sinode besluit dat die SJK uit 7 persone bestaan, met 5 sekundi wat nie in volgorde opgeroep hoef te word nie, plus verteenwoordigers van die Vrouediens en Teologiese Fakulteit.**

**3.3.2.3.3 Studentebediening - Die sinode besluit om sy finansiële ondersteuning ten opsigte van studentebediening met toepassing van Bep 7.10 te handhaaf.**

**3.3.2.3.4 Hulp Pretoria-Wes (Technikon-wyk) - Die sinode gee opdrag aan die SKF om weë te ondersoek vir meerdere befondsing aan die Studentegemeente Pretoria-Wes (Technikon-wyk) met die oog op die aanstelling van administratiewe hulp.**

**3.3.2.3.5 Verpleegsterbediening - Die sinode besluit dat die subsidie aan Riviera-gemeente vir verpleegsterbediening op 31 Maart 1994 verval.**

**3.3.2.3.6 Hulp van Algemene Jeugkommissie - Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om aan die AJK opdrag te gee om ondersoek te doen na die moontlikheid om van sy surplusfondse tot beskikking van die sinodes te stel met die oog op aanwending ten bate van jeugarbeid.**

3.3.3 GEMEENTEBEDIENING

**3.3.3.1 Voorlegging van die Sinodale Kommissie vi Gemeentebediening**

*1. **Werksaamhede** van die SKG -- vgl Bep 52.3

*1.1 Die SKG bevind hom tans in 'n oorgangsfase; di werksaamhede het grootliks afgeskaal na die verskuiwing va evangelisasie na sending (Sinode 1991). Die kommissie is besi met die ontwikkeling van sy nuwe opdrag.

*1.2 Gewone werksaamhede wat wel aandag geniet is di volgende: aandag aan studieopdragte, deurgee van inligtin voorsiening van traktaatjies, hulp aan gemeente

(prediking, kursusse), beplanning vir vakansieoordbediening (in samewerking met die SJK), die hantering van die Sinodale Bedieningsfonds.

*1.3 Die SKG behartig ook nog die reëlings ten opsigte van die Pastorale Spreekkamer, die jaarlikse Pleindienste tydens Pinkster en 'n jaarlikse Leiersberaad vir Christenleiers.

*1.4 Vanaf 1991 is die skakeling met die Ned Geref Kerk in Portugal oorgedra aan die moderamen.

*2. **Doelwitte** voorgelê deur die SKG

Die SKG dien die kerk in Noord-Transvaal in belang van gemeentebediening. Om dit te verwesenlik word die volgende aspekte as belangrik beskou:

*2.1 Die verheldering en stimulering van denke rondom 'n Skrifgefundeerde kerk- en ampsbegrip by lidmate.

*2.2 Die besinning oor en verheldering van die begrip "gemeentebediening" in die opbou en uitbou van die gemeente.

*2.3 Dienslewering aan die sinode, ringe en gemeentes deur
*2.3.1 Prakties-teologiese navorsing
*2.3.2 Gemeentes by te staan en te stimuleer in belang van beplanning en bestuur
*2.3.3 Behulpsaam te wees in belang van die toerusting van lidmate van die gemeentes in alle vorme van kerklike dienswerk
*2.3.4 Ondersteuning te verleen met die verdere toerusting van leraars in samewerking met SEVTO
*2.3.5 Begeleiding van gemeentes ten opsigte van die kerklike opsig en tug.

*2.4 Hiertoe is die volgende nodig:

*2.4.1 **Kundigheid/Kreatiwiteit**: die SKG ontwikkel en benut die nodige kundigheid en kreatiwiteit deur gebruikmaking van beskikbare bronne (literatuur en kundiges) in belang van die begeleiding van gemeentes met die oog op effektiewe gemeentebediening in 'n veranderende situasie.

*2.4.2 **Kommunikasie**: die SKG ontwikkel effektiewe wyses van kommunikasie na ringe, gemeentes en leraars deur benutting van onder andere die PSD as fasiliteerder in samewerking met die kommissie en SEVTO.

*3. **Begroting**

Die befondsing vir gemeentebediening is soos volg:
*3.1 Gemeentebediening Algemeen: R251 422 -- dit sluit in: PSD (R130 200) en Kantooradministrasie (R37 602).
*3.2 Pastorale Spreekkamer: R89 330 (sinodale bydrae = R51 645)
*3.3 Bedieningsfonds: R100

*4. **Prioriteite** vir die SKG

*4.1 'n Predikant in sinodale diens met die opdrag om in diens van die missie van die kommissie die nodige navorsing te stimuleer en gemeentes wat daarom vra in die proses van gemeentebou te fasiliteer; dit sluit ook leiding aan leraars ten opsigte van die administrasie in die gemeente in. ('n Deel van die kostes, soos reis- en verblyfkoste kan van die gemeentes wat bedien word, verhaal word. Gemeentes sou selfs 'n matige teëprestasie vir die dienste van die PSD kon lewer.)

*4.2 'n Kantoor en administratiewe ondersteuning vir die PSD. (Dit kan met ander kommissies gedeel word.)

*5. **Samestelling** van die SKG

Huidige samestelling -- vgl Bep 35.4.3 : 7 lede plus verteenwoordigers Vrouediens, Teologiese Fakulteit en SEVTO, asook PSD as skriba.

3.3.3.2 **Kommentaar**

*1. Daar is groot begrip vir die huidige **oorgangsfase** waarin die SKG verkeer. Die vertroue is daar dat die kommissie die wa deur die drif sal kry en 'n nuwe effektiewe program vir die SKG daarstel.

*2. In die lig van die 1991-sinodebesluite in sake **predikante in sinodale diens** (Handelinge 1991 : 315 : 3.9.1.4.1 en 3.9.1.4.2.3) moet die versoek van die SKG vir 'n PSD: Gemeentebediening verwys word vir besinning.

*3. Die behoefte aan 'n **pastorale spreekkamer** in die stad Pretoria is 'n werklikheid. Kragtens besluit van die Sinode 1991 is die Ring van Pretoria versoek om die werksaamheid oor te neem, met toepassing van Bep 7.10 indien nodig. Na onderhandeling met die Ringskommissie van Pretoria het dit geblyk dat hierdie diens wyer gelewer word as net in die Ring van Pretoria. 'n Hersiening van die sinodebesluit is derhalwe nodig, en op grond van sy historiese betrokkenheid sal die SKG vir die huidige met hierdie werksaamheid moet voortgaan. Dit is ook nodig dat die behoefte en bediening van tyd tot tyd deeglike evaluasie geniet.

*4. Die **pleindienste** rondom Pinkster hoort tuis by die gemeente Pretoria of dan die Ring van Pretoria. Dit is 'n plaaslike bediening en hoef nie deur die SKG hanteer te word nie.

*5. Die kommissie het begrip vir die historiese ontstaan en verloop van die jaarlikse **leiersberaad**, asook vir die spesifieke rol van dr PW Marais, maar oordeel dat dit kragtens die missie van die SKG eerder op die terrein van die moderamen lê en dat dit daarom mettertyd deur die moderamen oorgeneem kan word.

3.3.3.3 AANBEVELING

**3.3.3.3.1 Doelwitte SKG - Die sinode aanvaar die doelwitte van die SKG en handhaaf sy bestaansreg as selfstandige kommissie.**

**3.3.3.3.2 Samestelling SKG - Die sinode besluit dat die SKG uit 7 persone asook die huidige PSD bestaan, met 5 sekundi wat nie in volgorde opgeroep hoef te word nie, plus verteenwoordigers van die Vrouediens, Teologiese Fakulteit en SEVTO.**

**3.3.3.3.3 Pastorale Spreekkamer - Die sinode herroep sy besluit van 1991 (319:9) en gee opdrag aan die SKG om die Pastorale Spreekkamer weer as sy verantwoordelikheid te neem.**

**3.3.3.3.4 Pleindienste - Die sinode versoek die SKG om met die gemeente Pretoria te onderhandel om die verantwoordelikheid vir die organisasie en aanbieding van die jaarlikse "Pleindienste" oor te neem en intussen voort te gaan met die reëling daarvan.**

**3.3.3.3.5 Leiersberaad - Die sinode gee opdrag aan die SKG om die nodige reëlings te tref datdie jaarlikse Leiersberaad mettertyd na die moderamen oorgeplaas word.**

3.3.4 SENDING EN EVANGELISASIE

**3.3.4.1 Voorlegging deur die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie**

*1. **Werksaamhede** van die SKSE – vgl Bep 53.3

*1.1 Die SKSE lys sy werksaamhede soos volg:
*1.1.1 Hou toesig en beheer oor subsidies
*1.1.2 Kantoor: Administrasie en Kommunikasie
*1.1.3 Vergaderings: SKSE, Dagbestuur, Gesamentlike Subkommissies
*1.1.4 Adminstreer eiendomme en kampterreine
*1.1.5 Beheer trustfondse
*1.1.6 Gebedsbrief
*1 1 7 Konferensies (dra eie koste)

*1.2 Die SKSE stel dit duidelik dat KO Artikel 52.2 (Die Kerk rig hom deur intensiewe gespesialiseerde gemeentebediening tot kerkvervreemdes wat formeel nog lidmate is ten einde hulle daadwerklik te bereik en hulle tot gemeenskap met Christus te bring) **nie** tot die werkterrein van die kommissie hoort nie -- vgl die "foutiewe" toerekening in Bep 53.1.

*1.3 Die SKSE is van mening dat die kombinasie van "sending" en "evangelisasie" gehandhaaf moet word; op die pad vorentoe kan gedink word aan een term vir hierdie bediening.

*1.4 Die SKSE is in breër verband betrokke by Kleurlingsending, Indiërsending, Moslemsending en Mosambieksending.

*2. **Doelwitte** voorgelê deur die SKSE

*2.1 Die **visie** van die SKSE is
- dat die Koninkryk van God in sy omvattendheid geproklameer sal word
- in die konteks van vandag
- sodat soveel as moontlik van dié wat buite Christus is
- deur ons kerk se uitreiking
- God se liefde en genade sal leer ken.

*2.2 Die **missie** van die SKSE is om

*2.2.1 sinodale opdragte uit te voer;
*2.2.2 die sinode, ringe en gemeentes voortdurend tot volgehoue roepingsbewustheid te stimuleer, onder andere ten opsigte van
- die geleentheid wat swart onafhanklike kerke bied;
- die uitdaging van sosiaal-ekonomiese vraagstukke soos armoede, informele behuising, ens.;
- uitdaging van die veranderende stedelike en voorstedelike demografiese situasie.
*2.2.3 tersaaklike inligting oor sending- en evangelisasiewerk te versprei;
*2.2.4 besinning en navorsing oor sending en evangelisasie te onderneem en, wanneer nodig, advies in te win sodat die sinode op hoogte van toepaslike ontwikkeling gehou kan word;
*2.2.5 oor begrotingsposte en eiendomme wat die sinode aan die kommissie toevertrou, toesig te hou;
*2.2.6 bestaande interkerklike hulpverlening namens die sinode te hanteer, en indien moontlik na ringe en gemeentes te kanaliseer;
*2.2.7 missionêre samewerking binne die Ned Geref Kerk-familie en ook wyer kring te bevorder.

*3. **Begroting**

*3.1 Die begroting vir 1993/94 lyk soos volg:
*3.1.1 Indiërsending: R134 840
*3.1.2 Kleurlingsending: R31 920
*3.1.3 Sending Administrasie: R85 004 (Sinodale bydrae: R63 254)
*3.1.4 Sending Breër Verband: R8 198 (besig om uit te faseer)
*3.1.5 Sending Ringe: R866 848 (Sinodale bydrae: R716 848)

*3.2 Die sinode word gewys op die volgende feite:

*3.2.1 Die grootste deel van die begroting is vir **bestaande poste** wat deur die sinode goedgekeur is; dit kan tog nie summier getermineer word nie.
*3.2.2 Sedert die Sinode 1987 is **geen nuwe poste** op koste van die sinode goedgekeur nie.
*3.2.3 Geen vakature word gevul nie indien daar wel meerdere bediening is; indien daar nie meerdere bediening is nie, geniet die pos aandag **in oorleg** met die Sinodale Kommissie vir Fondse.
*3.2.4 Doelmatige aandag word geskenk aan die opstel van **nuwe kontrakte** vir elk van die bestaande poste, met die veronderstelling dat die NGKA, NGSK en RCA steeds 'n groter verantwoordelikheid sal neem.

*4. **Prioriteite** vir die SKSE

*4.1 Bestaande interkerklike hulpverlening, met die afwenteling van finansiële subsidies na ringe/gemeentes asook die uitfassering van befondsing deur die sinode.
*4.2 Die handhawing van 'n "sendingkantoor", indien nodig in kombinasie met 'n ander bedieningskommissie.
*4.3 Ondersteuningsdiens ter wille van die groot werklas.
*4.4 Kontak met die NGKA, NGSK en die RCA asook ander interkerklike skakeling.

*5. **Samestelling** van die SKSE

*5.1 Die huidige samestelling is nog 9 lede (soos goedgekeur deur die Sinode 1991) ter wille van die oorgangstydperk; dit kan nou verminder word na 7 (om in lyn te wees met die ander kommissies). Naas die verteenwoordiging vanuit die Vrouediens en Teologiese Fakulteit (wat albei as baie positief beleef word) word prof JJ Kritzinger (Iswen) ook per geleentheid gekoöpteer.
*5.2 Die groot leemte is die skakeling na die ringe, veral met die probleme rondom die interkerklike skakeling wat vanuit ringsverband bedryf moet word.

**3.3.4.2 Kommentaar**

*1. Sending en Evangelisasie verteenwoordig die beweging van die kerk **na buite**; die kerk steek hiermee "grense" oor - die primêre grens is dié van geloof/ongeloof. Dit gaan nie meer op om die tradisionele "objekte" van sending (nog-nie-Christene) en evangelisasie (nie-meer-Christene) te skei nie; daar moet eerder onderskei word op grond van die **aard** van die twee aksies. Daarvoor is 'n breër benadering nodig, en wel die **driedimensionele begrip van sending**, nl dat die omvattende roeping van die kerk in die wêreld (getuienis, "marturia") bestaan uit (1) evangelisering ("kerygma", "euangelizein"), (2) liefdesdiens ("diakonia") en (3) die opbou van die gemeenskap in die geregtigheidsgetuienis ("koinonia").

*2. Die ysterbal aan die voet van die SKSE is die **"interkerklike hulpverlening"**; dit is 'n stuk geskiedenis wat nie sommer soos 'n naelstring afgeknip kan word nie. Dit bring egter mee dat die eintlike missie van die SKSE, nl om 'n nuwe inhoud aan "sending" te gee, steeds op die kantlyn bly. Die kommissie se tyd gaan op in hantering van subsidies en trustfondse, in die administrasie van sendingeiendomme en kampterreine. Op die pad vorentoe sal die verhouding tussen die SKSE en die SKD rondom **missionêre diakonaat** dringend aandag moet geniet.

*3. Dit is noodsaaklik dat daar vir alle poste wat deur die sinode gesubsidieer word, nuwe **kontrakte** opgestel word waarin die aanwending van die fondse duidelik gespesifiseer word en die duidelike pad van uitfassering aangedui word. Kortliks: die NGKA sal al hoe groter verantwoordelikheid vir hierdie poste moet neem. Dieselfde geld ten opsigte van die subsidies vir die NGSK en die RCA.

*4. Desentralisasie ten opsigte van die beheer en administrasie van die twee **kampterreine** (Oppieberg en Emmarentia Geldenhuys Sentrum) moet steeds aandag geniet; die plaaslike ringe/gemeentes moet hierin tot hulp wees, met slegs verteenwoordiging vanuit die SKSE in die betrokke beheerrade.

*5. **Sendingeiendomme** (by name gedeeltes van die plase Bethesda, Kranspoort en Emmarentia Geldenhuys) moet verkoop word sodat die fondse vir doelmatige sendingarbeid aangewend kan word.

*6. Daar is groot begrip vir die moeilike **praktyksituasie** waarin die SKSE hom bevind en die kommissie vertrou dat daar 'n doelmatige oplossing sal kom.

3.3.4.3 AANBEVELINGS

**3.3.4.3.1 Doelwitte - Die sinode aanvaar die doelwitte van die SKSE en handhaaf sy bestaan as selfstandige kommissie.**

**3.3.4.3.2 Samestelling SKSE - Die sinode besluit dat die SKSE uit 7 persone bestaan, met 5 sekundi wat nie in volgorde opgeroep hoef te word nie, plus verteenwoordigers van die Vrouediens en Teologiese Fakulteit.**

**3.3.4.3.3 Artikel 52.2 - Die sinode besluit dat Art 52.2 as werksaamheid van die SKG gereken word en nie van die SKSE nie, met die nodige aanpassing in die bepalings.**

**3.3.4.3.4 Nuwe kontrakte vir bestaande poste - Die sinode gee opdrag aan die SKSE om nuwe kontrakte vir al die bestaande gesubsidieerde poste op te stel, met die nodige aandag aan die uitfassering van subsidies.**

**3.3.4.3.5 Sendingeiendomme - Die sinode besluit**

***1. om die besluit van 1991 om die plase Kranspoort en Bethesda nie te verkoop nie, te herroep;**

***2. om aan die moderamen, in samewerking met die SKSE, op te dra om, ná gesprek met die NGKA, besluite oor die toekoms van Kranspoort, Bethesda en Emmarentia Geldenhuys te neem en uit te voer;**

***3. dat die verloop van die eiendomme nie uitgesluit word nie.**

3.3.5 DIENS VAN BARMHARTIGHEID

**3.3.5.1 Voorlegging deur die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid**

*1. **Werksaamhede** van die SKDB - vgl Bep 54.4 asook pt 2.2 van die REGLEMENT VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID

*1.1 Die SKDB het die volgende in gedagte in die uitvoering van sy opdrag:

- Is besig met die diens van barmhartigheid en moet hierin onderskei teenoor die ander diensterreine van die kerk.
- Doen diens van barmhartigheid as deel van die kerk van Jesus Christus en het sodoende 'n ander vertrekpunt en doel met sy barmhartigheidswerk as die staat of 'n sekulêre welsynsorganisasie.
- Doen sy werk binne die Ned Geref Kerk en moet gevolglik beplan en funksioneer binne die kerk se manier van doen.
- Is die sinodale kommissie vir die Diens van Barmhartigheid, en sy terrein moet gevolglik van dié van die Algemene Sinode, ringe en kerkrade onderskei word.

*1.2 Die belangrikste beginsels vanuit beleidstukke is dat die barmhartigheidsbediening

- 'n opdrag van God Drie-enig is;
- Jesus Christus as primêre voorbeeld en funksionaris het;
- gemeentesentries onder leiding van die diakonie moet geskied;
- uitreik na die mens in al sy vorms van nood;
- se primêre doel die volle deelname aan die heil in Christus is.

*2. **Doelwitte** voorgelê deur die SKDB

*2.1 Die **missie** van die SKDB is:

*2.1.1 Om te funksioneer as kommissie van die Sinode van Noord-Transvaal;
*2.1.2 Om die werk op die terrein van die diens van barmhartigheid in die sinodale gebied te organiseer en te koördineer;
*2.1.3 Om, in samewerking en met goedkeuring van die betrokke kerkrade en ringe, barmhartigheidsdienste wat die diakonieë of ringe nie self kan voorsien nie, te lewer en te beheer;
*2.1.4 Om 'n professionele diens te lewer tot bevordering van die kerk se priesterlike versorging in al sy vorme van materiële, maatskaplike, psigososiale, liggaamlike en geestelike bystand aan diegene in nood;
*2.1.5 Om op die diensvelde van bestaansbeveiliging, die gesinslewe, bejaardesorg, gestremdesorg, chemiese afhanklikheid en wetoortredersorg te konsentreer;
*2.1.6 Om die nodige vakkundige en administratiewe personeel in diens te neem en doelgerig op te lei;
*2.1.7 Om homself voortdurend op hoogte te stel van tendense en ontwikkelinge op die terrein van die diens van barmhartigheid, en om navorsing op die terrein te inisieer;
*2.1.8 Om, wanneer nodig, die sinode en ringe by staatsdepartemente, stadsrade, welsynsorganisasies en so meer te verteenwoordig;
*2.1.9 Om sy werksaamhede doeltreffend, tot heil en beswil van die persone aan wie diens gelewer word, volgens kerklike voorskrifte, en tot eer van God te koördineer en te bevorder.

*2.2 Om hierdie missie in die praktyk te laat realiseer, is die huidige dienste aan die **behoefte** en **strategie** gemeet. Daar is veral erns gemaak met die begrip **barmhartigheidsbediening** (teenoor bloot diens van barmhartigheid) en met die feit dat die sinode bloot 'n ondersteuningsdiens aan gemeentes kan bied. Anders gestel: die barmhartigheidsbediening is primêr 'n **gemeentelike aksie**. Die gemeente moet alles afhandel wat hy moontlik kan, en slegs wanneer die gemeente weens die omvang of spesialiteitsaard van die diens dit nie kan doen nie, kom die ring en sinode (in hierdie volgorde) in die spel.

*2.3 **Behoeftes en strategieë** volgens diensveld (missie)

*2.3.1 **Bestaansbeveiliging**

Hiermee word bedoel dat elke persoon waar moontlik geleer en gehelp word om so selfversorgend te wees dat hy nie maatskaplike hulp nodig het nie. Die strategie draai rondom 'n opvoedings- en inligtingsprogram (met onbeduidende begrotingsimplikasies vir die sinode).

Onder hierdie diensveld val ook die hele problematiek van werkloosheid en armoede wat deesdae ongekende afmetings begin aanneem. Vanuit die gemeentesentriese vertrekpunt behoort elke gemeente na sy eie behoeftiges om te sien (alimentasie). Daar is egter gemeentes wat so 'n konsentrasie van werkloses en behoeftiges het, dat hulle nie in staat is om almal te help nie. Hiervoor is tans groot bedrae in staatshulp beskikbaar, maar dan ontstaan die vraag in hoeverre die kerk sy

*2.3.2.5 Sielkundige dienste

Sielkundige dienste word deur sessie-sielkundiges gelewer. Die diens is byna uitsluitlik 'n ondersteuningsdiens vir die maatskaplike werkers, en behels evaluering en individuele- en gesinsterapie.

Tot 31 Maart 1993 is die sessionarisse deur die SKDB vanuit 'n sinodale toekenning betaal. Vanaf 1 April word die geld van die verwysende instansie (meestal RKDB's) teruggeëis. Al wat nou vir die sinodale begroting oorbly, is 'n relatief klein bedrag as sibsidie aan ringe wat nie vir die dienste kan betaal nie.

*2.3.3 **Bejaardesorg**

Bejaardesorg is in die eerste plek die verantwoordelikheid van die bejaarde self, dan van sy familie, dan van die gemeente, en dan van die kerk in rings- of sinodale verband.

Die SKDB konsentreer op die versorging van verswakte bejaardes deur middel van sy tuistes. Die tuistes word gefinansier deur staatsubsidies, losiesgeld van inwoners en donasies. Die inkomstebronne is beperk. As die subsidies op dieselfde basis bly, kan die diens min of meer voortgaan soos tans; as die subsidies nie tred hou met uitgawes nie, sal die kerk indringend moet besin oor die standaarde van versorging om dit op bekostigbare vlak te bring.

Dienssentrums konsentreer op bejaardes wat nog in die gemeenskap woon. As die staatsubsidies gaan afskaal, sal die vakkundige dienste moet vermminder en sal gemeentes al meer verantwoordelikhede moet oorneem.

Behalwe Huis HJ Piek funksioneer al die tuistes, asook Dienssentrum Vergenoeg, sonder sinodale toekenning. Volgens sinodebesluit moet alle sinodale toekennings uitfaseer.

*2.3.4 **Gestremdesorg**

In hierdie stadium is die SKDB nêrens by gestremde sorg betrokke nie, behalwe by enkele persone wat as bejaardes verklaar en in tuistes vir bejaardes opgeneem is.

Die sinode is wel via TOIBO betrokke by die opvoeding van gestremdes (teen 'n begroting van 49c per lidmaat per jaar). Die sinode kan dit dalk oorweeg om die verteenwordiging in die TOIBO-bestuur na die SKDB oor te dra.

*2.3.5 **Chemiese afhanklikheid**

Die aksie teenoor substansie-afhanklikheid behoort 'n totale program te behels waarin die gemeente 'n deurslaggewende rol moet speel in die voorkomende program. Die SKDB se rol kan hier hoogstens wees om inligting en stimulus deur te gee.

In hierdie stadium konsentreer die SKDB op gespeisialiseerde rehabilitasiewerk deur Staanvas en Huis Wilhelmina.

* Staanvas word gefinansier deur staatsubsidies plus losiesgeld van inwoners. Die losiesgeld is reeds so hoog as moontlik, en as die staatsubsidie verminder, sal die standaard van die diens moet verlaag, of andersins sal Staanvas se fondse gebruik moet word totdat dit uitgeput is.

* Huis Wilhelmina funksioneer hoofsaaklik as nasorgsentrum vir rehabiliterende afhanklikes en word gefinansier deur 'n staatsubsidie en 'n sinodale toekenning. As een van die bronne sou opdroog, is die toekoms van die diens in gedrang.

Die sinodale toekenning is op versoek van die SKF van die begroting afgehaal.

*2.3.6 **Wetoortredersorg**

Die pastorale versorging van lidmate in gevangenisse word deur die plaaslike gemeentes hanteer. Die kerk sal eersdaags al meer betrokke raak by die nuwe stelsel van Korrektiewe Toesig waarby die SKDB (minstens aanvanklik) administratief betrokke sal moet wees. Dit sal 'n sinodale toekenning meebring.

*2.3.7 **Siekesorg**

**Siekesorg** val op die terrein van die Diens van Barmhartigheid en **hospitaalpastoraat** by Gemeentebediening. Siekesorg (in die mate waarby die kerk daarby betrokke kan wees) lê volledig op die terrein van die gemeente.

Selfs hospitaalpastoraat kan hoofsaaklik deur die gemeente gedoen word. Daar is egter 'n aantal behoeftes wat moeilik deur 'n gemeente hanteer kan word. Hiervoor behoort die sinode 'n rol te speel, veral met koördinering en opleiding.

In hierdie stadium stel die sinode (met behulp van 'n staatsubsidie) 'n leraar aan Pretoria-Wes beskikbaar vir die werk in Weskoppies-hospitaal.

'n Volledige verslag sal via SKDB aan die sinode voorgelê word. Die sinode moet in elk geval die dienste van al die hospitaalwerkers termineer. Indien gemeentes hospitaalwerkers in diens wil neem, sal hulle die ring/sinode volgens Bepaling 7.10 om finansiële hulp kan nader. Die sinode sal ook moet besluit oor diemanier waarop die koördinering gedoen moet word, en of daar 'n voltydse pos hiervoor nodig sal wees.

Daar is geen begrotingsimplikasies vir die sinode nie. Die jeugsentrums finansier hulleself uit inwoners se losiesgeld.

*2.4 **Administratiewe dienste**

'n Gespesialiseerde diens vereis gespesialiseerde administrasie. In die geval van die SKDB beteken dit tans 'n personeel van 13:

* 'n Predikant in sinodale diens plus sekretaresse
* By die Maatskaplike Werkdienste: 'n sekretaresse, 2 tiksters / aanmeldingsbeamptes en een tikster
* By die Betsuurshulpdienste: 'n direkteur, twee adjunkdirekteure, twee administratiewe beamptes, 'n beampte vir arbeidsverhoudinge en 'n sekretaresse

Die sekretariaat word volledig deur 'n sinodale toekenning gefinansier; die maatskaplike werkdienste se administrasie word gefinansier uit 'n staatsubsidie plus sinodale toekenning; die bestuurshulpdienste word hoofsaaklik gefinansier deur 'n sinodale toekenning plus heffings van inrigtings en CM-Rade.

Die SKDB behartig tans 'n personeel van byna 850 en 'n jaarlikse begroting van sowat R25-miljoen, terwyl dienste jaarliks aan sowat 10 500 persone gelewer word. Solank die diens so groot is, sal die administrasie ook duur wees.

*3. **Begroting**

*3.1 Hospitaalbediening: R388 310 (Sinodale bydrae: R300 000)
*3.2 SKDB-Inrigtingfonds: R603 250 (Sinodale bydrae: R497 750)
*3.3 SKDB Maatskaplike Werkdienste: R1 517 206 (Sinode: R1 153 406)
*3.4 SKDB-Sekretariaat: R213 267 (Sinodale bydrae: R195 267)
*3.5 SKDB-Sielkundige Dienste: R51 800 (Sinodale bydrae: R3 000)

*4. **Prioriteite** vir die SKDB

Die uitgangspunt vir 'n prioriteitsbepaling is 'n zerobasis. Anders gestel: met die vertrekpunt dat daar geen strukture en geen subsidie beskikbaar is nie -- watter dienste moet ingestel word?

*4.1 In **gemeenteverband** (in volgorde):

*4.1.1 Alimentasie
*4.1.2 Versorging van siekes en afhanklike bejaardes
*4.1.3 Aandag aan verbrokkelende en verbrokkelde gesinne, enkelouers, substansie-afhanklikheid (voorsorg en nasorg). Indien gespesialiseerde ondersteuningsdiens benodig word, kan die gemeente/ring 'n maatskaplike werker aanstel.
*4.1.4 Ouerbehoewende kinders
*4.1.5 Bejaardesorg, met die moontlikheid van 'n dienssentrum
*4.1.6 Gespesialiseerde terapeutiese dienste

Samevattend: as daar geen subsidies of strukture bestaan nie en die gemeente net op sy eie hulpbronne moet staatmaak, behoort die gemeente

* In die eerste plek om te sien na die **basiese versorging** van sy behoeftige lidmate, sy ouerbehoewende kinders en sy bejaardes. Hiervoor sal die gemeente sterk moet steun op lidmate met gawes en belangstelling vir diakonale werk, asook op nie-besoldigde lidmate met meerdere of mindere mate van vakkundige kennis (onderwysers, verpleegsters).

* Hierna moet ook **bystand** gegee word aan onder meer bogenoemde drie groepe, verbrokkelende en verbrokkelde gesinne, enkelouers en substansieafhanklikes.

* Indien nodig en moontlik kan meer gespesialiseerde dienste ook gelewer word (bv indiensneming van 'n maatskaplike werker, ens).

*4.2 In **ringsverband**:

Die ring kom in die spel wanneer 'n maatskaplike werker aangestel word om
* 'n ondersteuningsdiens aan die gemeentes te bied vir enige van bogenoemde gemeente-programme;
* sekere statutêre dienste te verrig, bv pleegsorgplasings.

*4.3 In **sinodale verband**:

Die sinode sal eers betrokke raak by
* meer gespesialiseerde dienste soos inrigtings, supervisie vir maatskaplike werkers, gespesialiseerde maatskaplike werk;
* koördinering;
* navorsing, toerusting, stimulering.

LET WEL: In die Diens van Barmhartigheid word die belangrikste werk in die gemeente gedoen. Die ring en sinode se rol is bloot ondersteunend en behoort so klein as moontlik te wees.

*5. **Strategieë** vir die SKDB

'n Paar belangrike oorwegings:
- Staatsubsidie is die belangrikste veranderlike faktor, en dit verminder selektief
- Die standaard van die dienste is meer in die gedrang as die dienste self
- Die inter-afhanklikheid van dienste veroorsaak dat daar 'n "domino-effek" sal wees as 'n pos of diens beëindig sou word

Die volgende dienste het die **grootste uitgawes** vir die sinode:

*5.1 Sekretariaat - dit is moontlik om die PSD se pos te termineer en die werk op 'n ander manier (bv. deeltyds deur 'n gemeentepredikant) te doen. Dit kan 'n besparing beteken, maar sou baie nadelige gevolge hê.

*5.2 Maatskaplike Werkdienste - as die sinode se toekenning beduidend verminder, sal daar noodwendig poste (en waarskynlik afdelings) getermineer moet word. Die sinode sal eers moet bepaal wat die gevolge vir sy lidmate sal wees.

*5.3 Bestuurshulpdienste - die omvang van die dienste bepaal die omvang van administratiewe dienste wat gelewer moet word. Ander opsies kan oorweeg word, maar dit is te betwyfel of dit koste-effektief sal wees.

*5.4 Toekennings aan inrigtings -- hier is dit uiteindelik net die twee kinderhuise. Die sinode sal moet besluit of hy nog twee kinderhuise kan bekostig.

*5.5 Hospitaalpastoraat - as die beginsel van 'n gemeentesentriese bedieningspatroon gaan realiseer, behoort dit 'n groot besparing vir die sinode te beteken.

Ten slotte: Wanneer daar oor prioriteite binne die kerklike bediening besin word, moet steeds onthou word dat die diens van barmhartigheid in die hart van die kerklike bediening lê. Weliswaar moet onderskei word tussen Diens van Barmhartigheid en welsynstruktuur, maar die kerk moet baie versigtig oordeel voordat hy hierdie dienste inkort.

*6. **Samestelling** van die SKDB - vgl Bep 54.2 (asook 35.4.3)

Die SKDB is die enigste sinodale kommissie wat nog in ringsverband saamgestel word. Daar word nou aanbeveel dat ook die SKDB uit slegs 7 lede bestaan, plus die PSD en ander verteenwoordigers (adviserend).

3.3.5.2 **Kommentaar**

*1. Die belangrikheid en noodsaaklikheid van die barmhartigheidsbediening kan nie genoeg onderstreep word nie. Daarmee saam word die **gemeentesentriese bedieningsprogram** beklemtoon, met die nodige ruimte vir ondersteuning vanaf die ring en/of sinode.

*2. Die **doelbewuste inkorting van dienste** deur die SKDB verdien spesiale vermelding. Die besparings en afwenteling wat reeds bereik is, skep die verwagting dat die SKDB ten volle in sy missie sal slaag.

*3. Die **"domino-effek"** is egter belangrik: daarom sal die sinode vir homself baie duidelik moet uitmaak watter dienste behou en watter beëindig kan word.

*4. Die rol en dienslewering van die **PSD: Diens van Barmhartigheid** word op hierdie stadium as noodsaaklik beskou.

*5. Dit is beter dat die verteenwoordiging in **TOIBO** eerder via die SKDB moet geskied.

*6. Een saak wat pertinent aandag moet geniet, is die voortsetting van diens in twee **kinderhuise**.

3.3.5.3 AANBEVELINGS

**3.3.5.3.1 Doelwitte SKDB - Die sinode aanvaar die doelwitte van die SKDB en handhaaf sy bestaan as selfstandige kommissie.**

**3.3.5.3.2 Samestelling SKDB - Die sinode besluit dat die SKDB voortaan uit 7 persone asook die PSD bestaan, met 5 sekundi wat nie in volgorde hoef opgeroep te word nie, plus verteenwoordigers van die Vrouediens en Teologiese Fakulteit.**

**3.3.5.3.3 Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys - Die sinode besluit dat die verteenwoordiging in TOIBO vanuit die SKDB gereël word, in oorleg met die SJK.**

**3.3.5.3.4 Kinderhuise - Die sinode gee opdrag aan die SKDB om doelmatig aandag te skenk aan die voortbestaan van twee kinderhuise, met rapport by die volgende sinode.**

3.3.6 LEER EN AKTUELE SAKE

**3.3.6.1 Voorlegging van die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake**

*1. **Werksaamhede** van die SKLAS - vgl Bep 56.3

*2. **Doelwitte** voorgelê deur SKLAS

*2.1 Om die sinode, ringe, gemeentes asook individuele lidmate te **adviseer** rakende leerstellige en etiese kwessies van aktuele belang.
*2.2 Om sorg te dra vir navorsing, beplanning, inligting en voorligting in verband met leer en aktuele sake.
*2.3 Om aan alle sake aandag te skenk wat deur die sinode of moderamen aan hom opgedra word.

*3. **Begroting**

Dupliseerkoste: R500, Vergaderingkoste: R1 000, Lektuur: R200

*4. **Prioriteite** vir SKLAS

*4.1 Uitvoer van sinode/moderamen se opdragte
*4.2 Beantwoording van alle navrae
*4.3 Beskikbaarstelling van bestaande studiestukke
*4.4 Navorsingsprojekte in samewerking met die Teologiese Fakulteit

*5. **Samestelling** van SKLAS - tans 7 persone, wat die twee professore in Dogmatiek en Etiek aan die Teologiese Fakulteit (Afd: Ned Geref Kerk) aan die Universiteit van Pretoria insluit (vgl Bep 35.4.3).

3.3.6.2 Kommentaar

*1. Die SKLAS is **uitsluitlik gerig** op studie (opdragte) en die deurgee van inligting. Die persoon en kantoor van dr WJ Botha (PASD Leer en Aktuele Sake) is vir die Sinode van Noord-Transvaal tans baie gerieflik en voordelig in hierdie hele verband.

*2. Die kommissie is daarvan oortuig dat die SKLAS in sy huidige vorm **gehandhaaf** moet word. Die tyd waarin ons leef noodsaak 'n "mondstuk" wat tersaaklikse inligting onmiddellik kan deurgee en studieopdragte sonder rompslomp kan uitvoer.

3.3.6.3 AANBEVELINGS

3.3.6.3.1 Doelwitte SKLAS - **Die sinode aanvaar die doelwitte van SKLAS en handhaaf sy bestaansreg as selfstandige kommissie.**

3.3.6.3.2 Samestelling SKLAS - **Die sinode besluit dat die SKLAS uit 7 persone bestaan, wat die twee professore in Dogmatiek en Etiek aan die Teologiese Fakulteit Pretoria insluit, met 5 sekundi wat nie in volgorde opgeroep hoef te word nie, plus 'n verteenwoordiger van die Vrouediens.**

3.3.7 SINODALE REGSKOMMISSIE

**3.3.7.1 Voorlegging van die Sinodale Regskommissie**

*1. **Werksaamhede** van die SRK - vgl Bep 35.4.4.1

*2. **Prioriteite**

*2.1 Hierdie kommissie het geen ander prioriteite as om kerkvergaderinge en lidmate binne die sinodale gebied van advies te bedien nie. 'n Deel hiervan is die gereelde hersiening van die Aanvullende Bepalings.

*2.2 Vergaderings is reeds sodanig afgeskaal dat dit slegs elke tweede maand plaasvind.

*3. **Begroting**

Hieronder val veral twee items: reiskoste en dupliseerkoste. Tik en ander koste is minimaal. Onder normale omstandighede verwag die SRK nie dat daar meer uitgawes sal wees as wat daar die afgelope jaar was nie. Al hierdie kostes word vanuit die sinodale fonds gedra.

*4. **Samestelling** van die SRK - tans 7 persone (vgl Bep 35.4.4.1).

3.3.7.2 Kommentaar

*1. Die SRK is 'n **dienskommissie** met die oog op spesifieke dienslewering volgens bepaalde (vaste) opdragte. Daar hoef dus nie "prioriteite" gestel te word nie - almal is ewe belangrik en noodsaaklik.

*2. Aan die **bestaansreg** van die SRK hoef nie getwyfel te word nie; die kommissie is noodsaaklik en onmisbaar in sinodale verband.

*3. Die huidige **samestelling** kan gehandhaaf word.

3.3.7.3 AANBEVELING

Bestaansreg en samestelling SRK - **Die sinode handhaaf die bestaansreg van die SRK as selfstandige kommissie en besluit dat dit uit 7 persone bestaan, met 5 sekundi wat nie in volgorde opgeroep hoef te word nie.**

3.3.8 FONDSE

**3.3.8.1 Voorlegging van die Sinodale Kommissie vir Fondse**

*1. **Werksaamhede** van die SKF - vgl Bep 35.4.4.2

Die volgende **werkwyse** van die SKF word voorgelê om aan te toon dat die SKF steeds poog om 'n goeie en positiewe gesindheid met die gemeentes te vestig en op te bou:

*1.1 **Vergaderings** van die SKF - 2x per jaar: Januarie/Februarie met die oog op die sinodale begroting, en September vir die vasstelling van die punte en puntwaarde.

*1.2 **Dagbestuur** - saamgestel uit voorsitter, ondervoorsitter, skriba en sekere lede van die kerkkantoorpersoneel. Die Dagbestuur keur die notules van die SKF goed, hanteer dringende sake en versoeke van sinodale kommissies, hanteer versoeke van kerkrade in oorleg met die SKF-lid wat vir die betrokke ring aangewys is, vergader gewoonlik na afloop van die vergadering van die SKKK.

*1.3 **Werkverdeling** - toedeling van ringe soos volg: ds GJC Venter - Ringe Hartbeesspruit, Pretoria-Oos en Sesmylspruit; ds JJ Grobler -- Ringe Wonderboom, Pretoria-Noord en Pretoria-Wes; ds AC Swanepoel - Ringe Pretoria, Valhalla, Daspoort en Portugese (Pretoria); ds AE van Niekerk - Ringe Derdepoort, Eloffsdal, Villieria en Voortrekkerhoogte; ds CC Swart - Ringe Krokodilrivier, Northam en Rustenburg; ds AJH Buitendag - Ringe Pietpotgietersrus en Waterberg; ds BJG Meyer - Ringe Louis Trichardt en Pietersburg.

*1.4 **Verteenwoordiging** in SKKK - di GJC Venter, JJ Grobler en AC Swanepoel

*1.5 **Werkprosedure**

*1.5.1 Die SKF organiseer die uitvoering van sy taak so dat nouer kontak en skakeling tussen die kommissie en die gemeentes bewerkstellig kan word en inligting oor sinodale begrotingsaangeleenthede so effektief moontlik met optimale samewerking as oogmerk aan kerkrade deurgegee kan word.

*1.5.2 Die jaarlikse berekening van punte word in noue skakeling met die finansiële kommissies van die ringe en kerkrade hanteer.

*1.5.3 Elke lid van die kommissie is verantwoordelik vir die berekening van die punte van die ringe (gemeentes) wat aan hom toegewys is. Onduidelikhede en wysigings op die finansiële state word deur die kommissielid met die betrokke kerkraad so ver moontlik voor die finale vasstelling van die punte uitgeklaar en reggestel. Alle navrae deur kerkrade oor verskilpunte ten opsigte van die berekening van punte moet voor die finale vasstelling van die punte (in September) afgehandel word.

*1.5.4 Elke kommissielid is verantwoordelik vir die roetineskakeling met die ringe/gemeentes wat aan hom toegwys is. Elke kommissielid ontvang volmag om jaarliks een besoek aan die ringe aan hom toegewys te bring met vergoeding en reiskoste uit die sinodale fonds. Enige verdere besoeke geskied op uitnodiging van die ringe en/of kerkrade en die reiskoste word deur die betrokke ring en/of kerkrade vergoed.

*1.5.5 Versoeke van kerkrade aan die SKF moet verkieslik deur of in oorleg met die betrokke kommissielid gerig word. Versoeke van kerkrade wat direk aan die skriba van die SKF gerig word, word in oorleg met die betrokke kommissielid hanteer.

*2. **Doelwitte** van die SKF

- Om die opdragte en besluite van die sinode rakende die finansiële beleid van die sinode, die sinodale fondse, die sinodale begroting en die sinodale bydraes deur gemeentes, met sorg uit te voer;
- Om in uitvoering van genoemde opdragte en besluite van die sinode beide die belang van die sinode en die belang van die samestellende gemeentes te dien;
- Om die sinodale begroting jaarliks in samewerking met die onderskeie kommissies van die sinode te finaliseer;
- Om goeie rentmeesterskap deur effektiewe begrotingsbeheer en kontrole toe te pas;
- Om die sinode te adviseer oor die beskikbaarheid van fondse in terme van die dravermoë en finansiële posisie van die samestellende gemeentes;
- Om die sinode en die onderskeie kommissies van die sinode te adviseer ten opsigte van die kostestruktuur en bekostigbaarheid van bestaande en nuwe werksaamhede in terme van beskikbare fondse;
- Om die befondsing van die sinodale werksaamhede te reël deur middel van 'n formule vir eweredige sinodale bydraes, soos dit van tyd tot tyd deur die sinode vasgestel word;
- Om die sinodale bydraes van die gemeentes jaarliks aan die hand van die finansiële state eweredig te bereken -- eweredig tot die finansiële posisie van die totaal van gemeentes onderling en eweredig tot die bydravermoë van elke gemeente afsonderlik;
- Om aan gemeentes adviserend leiding te gee oor die beheer en administrasie van fondse;
- Om deur middel van persoonlike skakeling deur SKF-lede met toegewysde ringe en kerkrade en jaarlikse verslag aan kerkrade kommunikasie tussen die SKF en kerkrade daar te stel en uit te bou.

*3. **Begroting**

Die koste van die SKF raak reiskoste vir twee kommissievergaderings per jaar en oornag vir twee van die plattelandse lede. Reiskoste vir die Dagbestuur wat na gelang van werk vergader, asook tik- en dupliseerkoste verg verdere uitgawes.

Die lede word ook reiskoste voorsien vir een besoek per jaar aan ringe wat aan hulle toegedeel is. Met die uitsondering van die plattelandse lede, wat lang afstande moet reis, word hierdie koste normaalweg nie deur die lede geëis nie.

*4. **Prioriteite** vir die SKF

Die kommissie voer as dienskommissie van die sinode doodgewoon maar net sy voorgeskrewe opdragte uit.

*5. **Samestelling** - vgl Bep 35.4.4.2

*5.1 Die SKF bestaan uit 7 lede (met 3 sekundi). Die saakgelastigde en sy senior amptenare (gemoeid met finansies) word ampshalwe in raadgewende hoedanigheid by die kommissie betrek.
*5.2 Die kerkraad van Lynnwood het die volgende beskrywingspunt ingedien: "Die sinode besluit dat die SKF saamgestel word uit finansieel- en bestuurskundige persone waarvan hoogstens die helfte predikante is met die oog op die uitwerk, bestuur en beheer van die begroting en die stelsel van eweredige bydraes."

**3.3.8.2 Kommentaar**

*1. Die SKF is 'n **dienskommissie** met 'n duidelike taakomlyning; daarom is 'n "prioriteitslys" nie nodig nie.

*2. Die **bestaansreg** van die SKF is ononderhandelbaar.

*3. Die **samestelling** van die kommissie (7 predikantlede) kan gehandhaaf word, met byvoeging van hoogstens drie ander finansieel- en bestuurskundige persone.

**3.3.8.3 AANBEVELINGS**

**3.3.8.3.1 Doelwitte SKF - Die sinode aanvaar die doelwitte van die SKF en handhaaf sy bestaansreg as selfstandige dienskommissie.**

**3.3.8.3.2 Samestelling SKF - Die sinode besluit dat die SKF uit 7 persone bestaan, met 5 sekundi wat nie in volgorde opgeroep hoef te word nie. Drie finansieel- en bestuurskundige persone word bygevoeg.**

**3.3.8.3.3 Beskrywingspunt Lynnwood (amendement) - Die sinode besluit om nie die beskrywingspunt van Lynnwood in sake die samestelling van die SKF goed te keur nie.**

**3.3.9 VROUEDIENS**

**3.3.9.1 Voorlegging van die Sinodale Vrouedienskomitee**

*1. **Die vrou in die kerk**

Wanneer oor die vrou se bydrae in die kerk besin word, is dit die belangrikste resultaat van die besinning waaraan steeds vasgehou moet word, naamlik dat

*1.1 vroue saam met ander lidmate deel vorm van die gemeente van Jesus Christus en daarom geroep is om, saam met alle ander lidmate, ten volle mee te leef en diensbaar te wees in die gemeente;
*1.2 vroue, bo en behalwe die genoemde meelewing met al die ander lidmate, behoefte het aan die geleentheid om saam met ander vroue Bybelstudie te doen, te verkeer en praktiese diens te lewer in die Koninkryk van God;
*1.3 daar ruimte en noodsaaklikheid daarvoor is dat die vroue in hulle dienswerk in rings-, sinodale en Algemene Sinodale verband met mekaar skakel en saamwerk, steeds onder leiding en toesig van die betrokke kerklike vergaderings.

*2. **Werksaamhede** van die Vrouediens in sinodale verband - vgl Reglement vir die Vrouediens (pte 6.1 en 6.3)

*2.1 Die verspreiding van inligting, die verskaffing van advies op aanvraag, en die organisasie van gesamentlike onderneminge.

*2.2 Die Sinodale Komitee
*2.2.1 reël een maal elke vier jaar, voor die gewone vergadering van die sinode, 'n sinodale konferensie, bestaande uit verteenwoordigers uit elke gemeente;
*2.2.2 doen aanbevelings by ringkomitees en by die sinode oor sake in verband met die Vrouediens;
*2.2.3 lewer verslag oor die werksaamhede van die Vrouediens in die sinodale gebied aan die sinode;
*2.2.4 beveel name van vrouelidmate met volle stemreg aan vir benoeming in sinodale kommissies van die sinode soos die sinode besluit;
*2.2.5 benoem 'n uitvoerende komitee en ander subkomitees soos wat nodig mag wees;
*2.2.6 hanteer, beheer en administreer fondse wat ingevolge die sinodale begroting beskikbaar is.

*3. **Nuwe riglyne** -- vgl Nuwe Voorgestelde Riglyne vir die Vrouediens (pte 1.1 - 1.5)

Die Algemene Komitee vir die Vrouediens het nuwe riglyne opgestel waarvolgens die vrouediens in gemeente-, rings-, sinodale en algemeen sinodale verband kan funksioneer.

- Die basis vir hierdie riglyn is Artikel 55 van die Kerkorde en die Reglement vir die dienswerk van gelowiges.
- Die doelstelling van die Vrouediens is om onder leiding en in opdrag van die kerkvergaderinge vrouelidmate te aktiveer om werksaam te wees tot opbou van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God.
- Met die oog op die funksionering van die Vrouediens benoem/bekragtig kerkrade, ringe en sinode kommissies vir die Vrouediens om in aansluiting en samewerking met mekaar die taak van die kerk in hierdie verband te behartig.
- Elke kerkvergadering bepaal self die wyse waarop hierdie werksaamheid georganiseer word.
- Leidrade word voorsien wat deur kerkvergaderinge as riglyne gebruik kan word by die organisering van die Vrouediens.

*4. Voorgestelde **nuwe opdrag** vir die SKV (Sinodale Kommissie vir die Vrouediens) -- vgl Nuwe Voorgestelde Riglyne vir die Vrouediens (pt 4.2)

*4.1 Die SKV gee leiding en inligting aan die RKV en GKV
*4.2 Die SKV reël Sinodale Konferensies
*4.3 Die SKV stel vanuit die ringsverslae 'n verslag van die werksaamhede van die Vrouediens op vir voorlegging aan die sinode/sinodale kommissie
*4.4 Die SKV benoem twee lede (met sekundi) om te dien op die Algemene Kommissie vir Vrouediens.

*5. **Begroting** van die Vrouediens

*5.1 Sending: R7 000 (Sibs Marais-Kooksentrum)
*5.2 Weskoppies: R3 000 (Bandediens)
*5.3 Alg Komitee: R3 500 (Reiskoste)
*5.4 Administrasie: R21 100 (Sekretaresse, Konferensies, ens)
TOTAAL: R34 600

*6. **Prioriteite** vir die Vrouediens

*6.1 Die Vrouediens se hoogste prioriteit is om deur middel van besinning, studie en konferensies op die hoogte te bly van die jongste tendense, behoeftes, probleme en moontlikhede ten opsigte van die vrou in die kerk, en om haar toe te rus en te motiveer om ten volle betrokke te wees by al die diensterreine van die kerk.

*6.2 Die Vrouediens bied die geleentheid dat verteenwoordigers van die Vrouediens van verskillende ringe saam kan besin en van mekaar kan leer met die oog op die bevordering van die praktiese dienswerk van vroue in die kerk.

*6.3 Die Vrouediens staan vir gesonde skakeling met (1) die Sinode van Noord-Transvaal, (2) op versoek met die kommissies wat die verskillende diensterreine van die kerk bedien, (3) die onderskeie ringe in die sinodale gebied en (4) ander vroueorganisasies op nasionale vlak.

*6.4 Binne die breë beleidsriglyne van die kerk bestaan heelwat ruimte vir eie inkleding van die vrouewerk. Die Vrouediens het nodig om op die hoogte te wees van suksesse, knelpunte en probleme in die dienswerk van die vroue en om in die lig daarvan terreine vir studie en besinning te identifiseer. Daarom is dit belangrik dat voorsiening gemaak word vir 'n vorm van mededeling waarin die bogenoemde sake aan die orde gestel kan word. In die lig hiervan behoort voorsiening gemaak te word vir die bepaling van studietemas/projekte.

*7. **Samestelling**

*7.1 Volgens die **huidige reglement** (pt 6.2):

*7.1.1 'n Voorsitter, ondervoorsitter, sekretaresse en tesouriere soos deur die sinodale konferensie of sinodale komitee verkies, en na gelang elke sinode se besluit;
*7.1.2 'n verteenwoordiger deur elke ringkomitee aangewys;
*7.1.3 die aktuarius van die sinode;
*7.1.4 een verteenwoordiger van elke kommissie van die sinode waarin die Vrouediens ook verteenwoordiging het.

*7.2 Volgens die **Nuwe Voorgestelde Riglyne** (pt 4.1)

*7.2.1 Die SKV word deur die sinode saamgestel/bekragtig
*7.2.2 Elke ring lê die name van 'n vrou/vroue, met sekundi, aan die sinode/sinodale kommissie voor.

**3.3.9.2 Kommentaar**

*1. Die **dienslewering** van die Vrouediens in sinodale verband word steeds met die grootste dankbaarheid erken en bevestig.

*2. Daar behoort gepoog te word dat die sinodale en ander **konferensies** hulleself uit eie befondsing dra.

*3. Daar behoort ook aandag geskenk te word aan 'n verdere besnoeiing ten opsigte van die **administrasie**, met die moontlikheid van 'n honorêre skribaat op koste van die sinodale fonds.

*4. Die twee verteenwoordigers in die **Algemene Komitee** kan goedskiks na een verminder word.

*5. In die lig van die sinode se standpunt rondom die afskaffing van sinodale strukture vir diensaksies (vgl. Handelinge 1991 : 354 : 3.3.2 : Beskrywingspunt - "Die Algemene Sinode besluit om geen voorskriftelikheid ten opsigte van die funksionering van die Vrouediens in sinodes, ringe en gemeentes te bepaal nie"), is dit nodig dat 'n tussentydse reëling tot die volgende gewone sinodevergadering DV in September 1995 getref word. By daardie geleentheid kan die sinode sy verdere modus operandi in die lig van die besluite van die Algemene Sinode 1994 finaliseer.

3.3.9.3 AANBEVELINGS

**3.3.9.3.1 Sinodale Komitee Vrouediens - Die sinode besluit om die dienstermyn van die huidige Sinodale Komitee vir die Vrouediens te termineer.**

**3.3.9.3.2 Tussentydse Sinodale Kommissie vir die Vrouediens - Die sinode besluit om tot sy vergadering DV in September 1995 'n tussentydse Sinodale Kommissie vir die Vrouediens daar te stel wat soos volg saamgestel word:**
***1. die huidige verkose voorsitster en ondervoorsitster**
***2. vyf ander vrouelidmate**
***3. die aktuarius van die sinode (sek: ondervoorsitter van SRK)**
***4. vyf sekundi wat nie in volgorde opgeroep hoef te word nie.**

**3.3.9.3.3 Honorêre skribaat - Die sinode besluit dat die SKV 'n honorêre skriba op koste van die sinodale fonds vanaf 1 April 1994 moet benut.**

**3.3.9.3.4 Verteenwoordiging in die AKV - Die sinode versoek die Algemene Komitee vir die Vrouediens om hul reglement so te verander dat daar slegs een verteenwoordiger per sinode in die komitee dien.**

3.3.10 MODERAMEN

3.3.10.1 Voorlegging van die moderamen

*1. Werksaamhede van moderamen

*1.1 Die moderamen is na regte 'n dienskommissie (soos die SRK en SKF); daarom word sy opdragte (werksaamhede) baie duidelik in die bepalinge uitgespel -- vgl Bep 35.3.2, en verder ook 5.2.1, 7.2.3, 7.5, 7.10.3, 8.1.3, 18.5.1, 29.1.1, 31.9.2, 32.1.2, 35.4.9, 35.5.3, 35.6.3, 57.4.2 en 57.7.3.
*1.2 Die opdragte van die scriba synodi word gelys onder Bep 35.1.1.

*2. Doelwit

Die moderamen wil alle sake aan hom opgedra, soos verwoord in die bepalinge, op so 'n effektiewe wyse hanteer dat hy daaraan uitvoering gee sonder om onnodige werk na hom toe te trek.

*3. Begroting

*3.1 Die befondsing kom neer op die reiskoste ten opsigte van die 4 gewone moderamen-vergaderings, die buitengewone vergaderings plus ander ad hoc-opdragte waarby lede betrokke is. Verder is daar ook die noodsaaklike uitgawes verbonde aan tik- en dupliseerwerk. Dit word alles verhaal uit die sinodale fonds.
*3.2 Die honoraria vir die 4 moderatuurslede beloop R6 300 vir 1993/94.

*4. Prioriteite

As dienskommissie kan daar nie prioriteite vir die moderamen opgestel word nie.

*5. Samestelling

*5.1 Huidige samestelling - vgl Beps 32.2.9 en 35.3.1 : 4 moderatuurslede, die assistentskriba, 3 predikante (met sekundi) en 3 ouderlinge/diakens (met sekundi).

*5.2 Die afgelope 20 maande (September 1991 tot datum van verslag) is aan die een kant nog te kort om die funksionaliteit van die samestelling doelmatig te evalueer. Aan die ander kant was dit duidelik 'n baie positiewe eerste "oefening". Daarom hoef daar nie op hierdie stadium aan die samestelling van die moderamen verander te word nie.

*5.3 Sake wat wel aandag moet/kan geniet, is die volgende:
- Die posisie en rol van die skriba, met die moontlike daarstelling van 'n permanente skribaat.
- Die posisie en rol van die assistent-skriba

3.3.10.2 Kommentaar

*1. Al die werksaamhede van die moderamen, soos gelys in die betrokke bepalinge, is ter sake en skakel in by die missie van die sinode.

*2. Oor die posisie van die scriba synodi sal deeglik besin moet word. Daar bestaan 'n duidelike behoefte aan 'n "sentrale" skakelpersoon en/of kantoor, wat nie noodwendig deur die Saakgelastigde en sy personeel vervul word nie. Ander sinodes (Namibië en Noord-Kaap) het reeds oorgegaan tot die daarstelling van 'n PSD-Algemeen wat dan ook die skribaat van die sinode op permanente basis hanteer; Midde-Afrika het ook iets hiervan in die persoon van hulle saakgelastigde.

*3. Die assistent-skriba behoort deel te vorm van die moderatuur (5e lid).

3.3.10.3 AANBEVELINGS

**3.3.10.3.1 Doelwit Moderamen - Die sinode aanvaar die doelwit van die moderamen en handhaaf sy bestaansreg as dienskommissie.**

**3.3.10.3.2 Samestelling Moderamen - Die sinode besluit dat die assistent-skriba deel van die moderatuur vorm.**

3.4 Samewerking met ander Transvaalse Sinodes

3.3.1 Kuratorium Pretoria

*1. Werksaamhede - vgl KO Art 5.3.2 (asook Bep 5.1). In hierdie verband moet ook gelet word op die Eksamenkommissie (KO Art 5.5) en die Kieskollege (Bep 5.2).

Kommentaar: Die Kuratorium (en gepaardgaande subkommissies) is 'n dienskommissie wat volgens vaste opdragte handel. Al hierdie opdragte is belangrik en noodsaaklik vir die doeltreffende funksionering van die teologiese opleiding.

*2. Samestelling - vgl KO Art 5.3.1 en Bep 5.1.1 (asook Bep 5.2.1: Kieskollege, en Bep 5.3 : Eksamenkommissie).

Kommentaar:

*2.1 Oor die bestaansreg van die kuratorium is daar geen twyfel nie; daar hoef ook nie verander te word aan die huidige samestelling van die kuratorium nie. Die moderamen (in oorleg met die moderature van die ander drie Transvaalse sinodes) stel wel 'n vermindering voor ten opsigte van die Kieskollege, nl van 54 lede na 30 (vgl Tweede Verslag van die Moderamen). Die kuratorium hou steeds die oog in die seil oor die doelmatige samestelling van die Eksamenkommissie.

*2.2 'n Saak wat wel dringend aandag moet geniet, is die posisie van die skriba van die kuratorium. Die werklas het sodanig uitgebrei dat dit nie meer op die skouers van 'n gemeenteleraar kan rus nie. Hier sal besin moet word oor 'n voltydse skribaatskap vir die kuratorium.

***3. Teologiese Opleiding**

**Kommentaar:**

*3.1 Oor die teologiese opleiding as sodanig hoef daar nie geredeneer te word nie; dit is 'n noodsaaklike vanselfsprekendheid wat absolute prioriteit moet geniet. Met dankbaarheid word kennis geneem dat 'n groot deel van die subsidie vir hierdie belangrike werk al hoe meer vanuit die renteopbrengs op beleggings (De Jager-fonds) gefinansier kan word, met 'n al hoe kleiner finansiële verpligting vir die sinode.

*3.2 Die kuratorium gee deurlopend aandag aan die getal dosente, die samewerking met die Universiteit van Pretoria, ens.

**3.4.2 Kuratorium NGKA Turfloop**

*1. Die sinode het een verteenwoordiger in die kuratorium van die NGKA se teologiese opleiding by Turfloop. Volgens onderlinge reëling benoem die sinode ook 'n persoon in die betrokke Eksamenkommissie vir die vir die eksaminering van die dogmatologiese vakke. Koste vir die sinode is die gewone reisen verblyfkoste; dit word voorsien deur die sinodale fonds.

*2. Die NGKA se teologiese opleiding by Turfloop het tot 'n stilstand gekom; daar word gewag op verdere verwikkelinge. Die sinode is tot Maart 1994 verantwoordelik vir die salarisse van die blanke dosente aldaar (R51 198).

*3. Hierdie hele saak sal by die sinodesitting verder aandag geniet; vgl ook die Verslag van die Verteenwoordiger in die NGKA Kuratorium Turfloop.

**3.4.3 Sinodale Kommissie vir die Argief**

*1. Die SKA bestaan uit die Argivaris en een verteenwoordiger van elk van die vier Transvaalse sinodes; die Sinode van Midde-Afrika mag op eie koste 'n verteenwoordiger benoem (vgl Bep 57.5). Hierdie samestelling is voldoende, en is tans ook doelmatig in die sin dat die scriba synodi die betrokke verteenwoordiger van Noord-Transvaal is.

*2. Die SKA is 'n dienskommissie wat volgens bepaalde opdragte funksioneer; daaraan hoef nie op hierdie stadium verander te word nie.

*3. Vir die kennisname van die sinode: ter wille van besparing is die Argief besig om van sy leeskamers te ontruim en op te sê vir verhuring as kantoorruimte.

**3.4.4 Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)**

*1. Die feitelike situasie is dat die sinode medeverantwoordlik is vir die Instituut; dit geld bydraes (R55 114 bereken teen 49c per lidmaat per jaar) en wanneer daar finansiële probleme sou kom.

*2. Die saak geniet tans hoë prioriteit by die SKKK, met die gedagte dat 'n Artikel 21-Maatskappy gestig word.

**3.4.5 Sinodale Kerkkantoorkommissie**

*1. **Samestelling** - vgl Bep 57.5. Noord-Transvaal benoem 6 verteenwoordigers, nl 3 lede van die SKF, 1 lid van die moderamen en 2 deskundiges. Hierdie samestelling is voldoende en kan gehandhaaf word.

*2. **Werksaamhede** - vgl Bep 57.5. Die SKKK is 'n dienskommissie en voer sy geskrewe opdragte uit; daar hoef nie aan hierdie opdragte verander te word nie.

*3. **Besparing/Rasionalisasie** (voorlegging van SKKK)

*3.1 Die SKKK, as gesamentlike kommissie van die 4 Transvaalse sinodes, het nie 'n direkte begrotingspos op die eweredige bydraes vir die reis- en verblyfkoste asook die werksaamhede (hoofsaaklik besoldigings van personeel) van die kommissie en sy subkommissies nie. Die administrasieheffing waartoe al 4 sinodes op begroting bydra is ongeveer een-kwart van die totale begroting. Die res van die fondse moet self gevind word. Die SKKK is derhalwe steeds besig om koste te besnoei.

*3.2 Op die versoek van die moderamen dat gepoog word vir 'n 40%- besnoeiing, rapporteer die SKKK dat hulle gedoen het wat hulle kon om te rasionaliseer en te bespaar. Die volgende word gemeld:

*3.2.1 Aflossing van NG Kerkboekhandel-skuld uit eie fondse (1,6 miljoen).
*3.2.2 Senior amptenare het sonder pakket uitgetree en is met goedkoper amptenare vervang.
*3.2.3 Handhaaf kantoorbesetting in Sinodale Sentrum (ter wille van samewerking, solidariteit en beskikbaarheid) ten spyte van goedkoper huur elders.
*3.2.4 Dienslewering (administrasie) vir kommissies wat poste afgeskaf het (bv Beplanning, Diensburo, Sendingeiendomme, Jeugeiendomme ens).
*3.2.5 Afskaffing van eie kerkmediese skema; vermindering van personeel met 11 persone.
*3.2.6 Installering van rekenaar op eie koste met die oog op woordverweking, boekhouding, statistiek en aktuariële rekord; dit is arbeidbesparend en ook fondsebesparend.
*3.2.7 Daarstelling van die Noodfinansieringsmodel vir die Sinodale Sentrum -- hoe kwantifiseer mens so 'n besparing plus inkomste wat gerealiseer word?
*3.2.8 Besparing van R637 330,00 op poste, diensvoorwaardes ens.
*3.2.9 Bevriesing van behuisingsvoordele (subsidies).
*3.2.10 Vermindering in aantal vergaderings na 4x per jaar, met die Dagbestuur in die ander maande.

Die Saakgelastigde sê 'n waar woord: "Rasionalisasie beteken egter nie net die afskaf van poste nie maar ook beter dienslewering. Dit raak al moeiliker om met die huidige arbeidswetgewing meer as wat billik is uit die personeel te haal. Daarbenewens veroorsaak gerugte van moontlike drastiese personeel besnoeiingsmaatreëls geweldige spanning by personeel."

*4. Dit is noodsaaklik dat daar 'n SKKK moet wees.

**3.4.6 Ander gesamentlike werksaamhede**

***1. Suid-Mosambiek Sending**

Die totale begroting behels R126 836, waarvan Noord-Transvaal R46 812 bydra. Die vraag is: Moet die sinode hiermee voortgaan? Daar moet aan die betrokke kommissie kennis gegee word dat die sinode, by die ontstaan van 'n vakature, van die werksaamheid gaan onttrek.

*2. **Versorgingsfonds** (R29 887)

Hierdie bedrag is vir weduwees van gestorwe leraars wat nie genoegsaam pensioen kry nie. Die aanpassing is met die oog op 'n minimum lewenstandaard. Die fonds sal DV uiteindelik doodbloei.

*3. **NG Kerkboekhandel** (R40 898)

Hierdie bedrag is om die ontbrekende rente aan te vul van die lening wat destyds deur Perskor aangegaan is. Dit behoort teen 1 Julie 1996 afgelos te wees.

*4. **Bediening Dowes** (R78 012)

Hierdie unieke en gespesialiseerde gemeente is baie klein en kan nie op sy eie die mas opkom nie. Daarom voorsien die sinode in hul behoeftes.

*5. **Indiërsending: Moslems** (R58 584)

Sodra daar 'n vakature ontstaan, sal die sinode aan hierdie werksaamheid onttrek. Tot dan is die sinode moreel gebonde om die pos saam met OosTransvaal te dra.

*6. **Sendingkommissies:** Evangelisasie, Gevangenesbearbeiding, Saakgelastigde en KAN/ROL (R296 568)

Sodra daar vakatures in die onderskeie poste ontstaan, sal die sinode met die NGKA Noord-Transvaal onderhandel om sy bydrae te staak.

### 3.4.7 AANBEVELINGS

**3.4.7.1 Verteenwoordiging in gesamentlike kommissies - Die sinode besluit om sy verteenwoordiging in die volgende gesamentlike kommissies te handhaaf:**
***1. Kuratorium Pretoria**
***2. Kuratorium Turfloop**
***3. Sinodale Kommissie vir die Argief (Transvaal)**
***4. Sinodale Kerkkantoorkommissie**

**3.4.7.2 Bydraes vir gesamentlike werksaamhede - Die sinode besluit om sy bydraes vir die volgende gesamentlike werksaamhede te handhaaf totdat 'n vakature(s) ontstaan, waarna daar eers onderhandel moet word oor die voortsetting al dan nie van die subsidie:**
***1. Suid-Mosambiek Sending**
***2. Bediening Dowes**
***3. Indiërsending: Moslems**
***4. NGKA Noord-Transvaal: Evangelisasie, Gevangenesbearbeiding, Saakgelastigde en KAN/ROL**

### 3.5 Verteenwoordigers

#### 3.5.1 Kuratorium Stellenbosch

Noord-Transvaal het een verteenwoordiger (gesamentlik) vir die Kuratorium, Eksamenkommissie en Kieskollege. Kostes is die gewone reis- en verblyfkoste; gewoonlik 2x per jaar. Die verteenwoordiging is noodsaaklik en belangrik en moet derhalwe gehandhaaf word.

#### 3.5.2 Kuratorium Bloemfontein

Ook hier het die sinode een verteenwoordiger (gesamentlik) vir die Kuratorium, Eksamenkommissie en Kieskollege. Kostes is gewone reis- en verblyf; gewoonlik 1x per jaar. Hierdie verteenwoordiging is noodsaaklik en moet gehandhaaf word.

#### 3.5.3 Raad Universiteit Pretoria

Die sinode word reeds jare lank uitgenooi om op koste van die Universiteit 'n verteenwoordiger in die Universiteitsraad te benoem. Tot tyd en wyl daar verandering kom, moet hierdie belangrike uitnodiging steeds aanvaar word.

#### 3.5.4 Radio en TV-kommissie

Die sinode het twee verteenwoordigers in hierdie kommissie, en wel op koste van die sinode. Hierdie verteenwoordiging moet gehandhaaf word.

#### 3.5.5 Sonop Christelike Tehuis

Sonop-koshuis is nie op die begroting nie, maar is die eiendom van die kerk. Die Sonopraad gee aandag aan die omskakeling na 'n Art 21 - maatskappy. Die sinode sal moet voortgaan om lede in die beheerraad/maatskappy te benoem. Vgl verslag van Sonopraad.

#### 3.5.6 Buitelandse Bediening

Die sinode het twee verteenwoordigers in hierdie kommissie, sonder enige koste vir die sinode. Die verteenwoordiging moet gehandhaaf word.

#### 3.5.7 Bloedrivier

Bloedrivier se begroting beloop R85 140 (= R25 212 vanuit Noord-Transvaal). Daar is tans verwikkelinge dat die terrein geskenk gaan word aan 'n Artikel 21-Maatskappy. Die sinode het reeds in 1991 nie meer 'n verteenwoordiger aangewys nie. Totdat die oordrag afgehandel is, sal die sinode moet voortgaan met sy bydrae vir hierdie saak. Vgl verslag van SKKK.

#### 3.5.8 AANBEVELINGS

**3.5.8.1 Verteenwoordigers - Die sinode besluit om steeds verteenwoordigers te benoem in die:**
***1. Kuratorium/Eksamenkommissie/Kieskollege Stellenbosch**
***2. Kuratorium/Eksamenkommissie/Kieskollege Bloemfontein**
***3. Raad van die Universiteit van Pretoria**
***4. Radio- en TV-kommissie**
***5. Raad vir Sonop Christelike Tehuis**
***6. Kommissie vir Buitelandse Bediening**

**3.5.8.2 Bydrae Bloedrivier - Die sinode besluit om sy bydrae vir die Bloedrivier-terrein te handhaaf totdat die oordrag van die terrein na 'n Art 21-Maatskappy afgehandel is.**

## 4. ALGEMENE AANBEVELINGS

### 4.1 SINODE EN GEMEENTES

**Die sinode beklemtoon die noodsaaklike wedersydse skakeling tussen die sinode en sy samestellende gemeentes. Die sinode erken die selfstandigheid van elke gemeente as ekklesia completa, maar stel dit as sy standpunt dat wedersydse skakeling ook kontrole oor werksaamhede impliseer.**

### 4.2 SIMPOSIA

**Die sinode besluit dat alle simposia wat deur sinodale kommissies gereël word hulleself vanuit inskrywingsgeld moet finansier.**

### 4.3 KAMPTERREINE

**Die sinode gee opdrag aan die SKKK om in oorleg met die SJK en SKSE ondersoek te doen na die toekomstige eienaarskap, bedryf en instandhouding van die bestaande kerklike kampterreine.**

## 5. VOORTGESETTE STUDIE

5.1 Dit is baie duidelik dat die studie nog nie afgehandel is nie. Daar moet nog aandag geskenk word aan die bepaling van prioriteite volgens 'n zerobasis-begroting, asook aan sommige van die gesamentlike werksaamhede met die ander sinodes. Die hele kwessie van die predikante in sinodale diens en/of gepaardgaande ondersteuningsdienste moet ook verder ondersoek word.

5.2 AANBEVELINGS

**5.2.1 Voortgaande studie in sake prioriteite**

**Die sinode gee opdrag aan die moderamen om voort te gaan met die studie in sake die daarstelling van prioriteite vir sinodale werksaamhede , met verslag aan die sinode in 1995.**

**5.2.2 Predikante in sinodale diens**

**5.2.2.1 Die sinode besluit dat die status quo ten opsigte van die bestaande poste vir predikante in sinodale diens, te wete Gemeentebediening, Hospitaalpastoraat (HF Verwoerd-hospitaal en Weskoppies-Hospitaal) en Diens van Barmhartigheid tot en met die Sinode 1995 DV gehandhaaf word, sonder vulling van vakatures wat mag ontstaan.**

**5.2.2.2 Die sinode gee opdrag aan die moderamen om 'n studieverslag vir die Sinode 1995 voor te berei waarin aandag gegee word aan die volgende aspekte rondom die poste van predikante in sinodale diens en ondersteuningsdienste, met inbegrip van die scriba synodi en assistent-skriba:**

***1. Die wenslikheid van die poste**
***2. Hoeveel poste daar moet wees**

***3. Moontlike daarstelling van nuwe poste en/of herbenoeming vir gevriesde poste**
***4. Moontlike kombinasie(s) van poste**
***5. 'n Taakomskrywing vir elke pos.**

DS PS STRÜMPFER
VOORSITTER

DS JC CARSTENS
VERSLAGSKRYWER

# A.2.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR GEMEENTEBEDIENING

## 1. SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE

1.1 Die SKG is saamgestel uit 7 primarii (met 3 sekundi) en die PSD.

1.2 Die Teologiese Fakulteit, SEVTO en die Vrouediens is verteenwoordig.

## 2. VERGADERINGS

2.1 Die SKG het twee keer formeel vergader. Daar was ook ses keer op informele wyse vergader om strategiese beplanning te doen.

2.2 Die dagbestuur het gereeld byeengekom.

2.3 **'n Getuienis:** die SKG het die verkleining van die kommissie tot 7 lede positief beleef. Die nuwe reëling was koste-effektief en vaartbelyn. 'n Ware spangees het ontstaan en 'n spontane entoesiasme om deur die nodige aksiestappe en doelwitbeplanning die saak van die kerk, in belang van die Koninkryk van God, op die terrein van gemeentebediening te dien. (Vgl Kol 3:23)

## 3. ADMINISTRASIE

### 3.1 DR PW MARAIS

#### 3.1.1 Kantoorwerk

Dr Marais het sy werk ooreenkomstig die taakomskrywing vir die SKG verrig.

#### 3.1.2 Persoonlike onderhoude

Talle persoonlike onderhoude is toegestaan en baie persone is per brief of per telefoon van advies bedien.

#### 3.1.3 Optredes

Die uitnodigings om preekbeurte waar te neem of om by verskillende geleenthede as spreker op te tree kon by tye nie almal aanvaar word nie. Ander lede van die SKG is in dié gevalle vir optrede aanbeveel.

#### 3.1.4 Radioprogramme

Dr Marais tree van tyd tot tyd op in programme van Radiokansel.

#### 3.1.5 Kommissies en/of sub-kommissies

Dr Marais het as voorsitter, skriba of lid van die volgende kommissies gedien:

Kuratorium, Eksamenkommissie, AKG, Roomse en sekte-bearbeiding, Pinksterveldtogte, Bedieningsfonds, LTP, Stranddienste, SEVTO, Gratis Traktaatjieverspreiding, Evangelisasiespreekkamer, ad hoc-kommissie vir geldigheid van die doop, ad hoc-kommissie vir die pastorale begeleiding van persone wat in die okkulte/satanisme betrokke geraak het, ad hoc-kommissie vir prioriteite en sub-komitee vir Siekesorg.

#### 3.1.6 Geldigheid van die doop

##### 3.1.6.1 Opdrag aan PSD: SKG

"Die hele saak ten opsigte van die geldigheid van die doop word verwys na 'n studiekommissie bestaande uit twee lede van die SRK, twee lede van SKLAS, twee lede van die SKG en twee lede uit die Portugese Ring vir verslag aan die volgende sinode. Die Predikant in Sinodale Diens SKG word versoek om as sameroeper op te tree." (Acta 1991, pt 4.3.4.1, p 358)

##### 3.1.6.2 Optrede

Die PSD: SKG het die studiekommissie saamgeroep. Die opdrag is afgehandel en die saak word in 'n aparte verslag aan die sinode voorgelê.

#### 3.1.7 Publikasies

Die volgende publikasies van dr Marais het die lig gesien:

Ons dode lewe - Aktuapers, 1992
Luister en Lewe (Preekbundel) - JP vd Walt en Seun, 1992
Is jy bekommerd? - Aktuapers, 1993

### 3.2 SEKRETARESSE : KANTOOR - SKG : MEJ HERMIEN SWART

Mev Ralie Grobler is na 'n ander afdeling in die Kerkkantoor oorgeplaas. Sy het haar werk met onderskeiding verrig. Mej Hermien Swart, sekretaresse van die SJK, is vanaf Oktober 1992 ook as sekretaresse aangewys vir die SKG. Sy verrig hierdie twee verantwoordelikhede met groot toewyding en bekwaamheid. Sy is 'n baie lojale en pligsgetroue dame op wie die kommissie te alle tye kan reken. Sy lewer diens van hoogstaande gehalte. Die kommissie is dankbaar vir die werk wat die dames verrig.

## 4. DIE EVANGELISASIESPREEKKAMER

### 4.1 PROF SJ DU TOIT (FANIE)

Prof SJ du Toit het op 1 Julie 1992 by ds AA van Wyk die werk by die Evangelisasiespreekkamer oorgeneem. Die werk is besig om van krag tot krag toe te neem. Die Here het waarlik die regte man op die regte tyd vir die regte plek voorsien.

Prof du Toit word op 'n bekwame wyse deur 'n sekretaresse, mev Joey Oosthuizen, bygestaan.

### 4.2 AANBEVELING: Mosie van dank - ds AA van Wyk

**Die sinode spreek sy hoë waardering en dank uit teenoor ds AA van Wyk wat vir baie jare met groot toewyding en vrug die Spreekkamer beman het en wat tot op 'n hoë ouderdom gewillig was om die werk te doen.**

### 4.3 OMVANG VAN DIE WERK (VANAF JULIE 1992 TOT APRIL 1993)

Hulp is verskaf deur middel van 487 onderhoude, 3 876 telefoonoproepe, 561 briewe, en voorbidding deur sowat twintig voorbidders in daaglikse sessies en 1 500 voorbidders oor die land wat reageer op versoeke in die tweemaandelikse gebedsbrief.

'n Ontleding van hierdie aanmeldings dui aan dat die spreekkamer aan 'n moeilik vervangbare diens voldoen. Uit die tipe probleme waarmee mense kom, blyk dat min daarvan sou kwalifiseer vir aanmelding by bestaande dienste van psigiaters, sielkundiges, opvoedkundiges, prokureurs, ens.

Uit die terugvoer van predikante blyk dit dat die spreekkamer 'n hulpdiens verskaf wat vir hulle in 'n spesifieke behoefte voorsien.

Dit is ook 'n voorreg om vir meer en minder welvarendes almal te kan sê dat dit 'n gratis diens is wat die kerk verskaf. Alhoewel dit moontlik sou wees om op grond van prof Du Toit se registrasie as kliniese sielkundige fooie te vra wat deur mediese fondse vereffen kan word, meen die kommissie dat ons meer sou verloor aan welwillendheid en donasies as wat fooie sou inbring.

Alhoewel die meeste aanmeldings uit Pretoria en onmiddelike omgewing kom soek baie mense uit ver afgeleë gemeentes hulp. Daagliks word daar oproepe van oor die hele land en uit buurstate gekry. Baie reis ver om hierheen te kom.

Daar is besonder baie ondersteuning van gelowiges van verskillende kerke wat die werk in stand hou. Vir die jaar 1992 is bykans sestig duisend rand by wyse van donasies en rente geïn wat byna twee derdes van die totale uitgawes behels.

4.4 MEMORANDUM VIR KONTINUERING VAN DIE POS (BYLAAG 1)

4.5 AANBEVELINGS

**4.5.1 Die sinode keur in beginsel goed dat die werk van die Spreekkamer op 'n deeltydse basis voortgesit word.**

**4.5.2 Die sinode besluit dat die Evangelisasiespreekkamer voortaan as "Die Spreekkamer" bekend sal staan.**

## 5. PINKSTERVELDTOGTE

### 5.1 PLEINDIENSTE

Die dienste by Kerkplein gaan steeds voort. Die opkomste lewer bewys dat dit in 'n groot behoefte voorsien. SKSE het SKG versoek om die pleindienste voort te sit.

### 5.2 GESAMENTLIKE PINKSTERSAAMTREKKE

'n Gesamentlike Pinkstersaamtrek vir groter Pretoria word vir 1994 beplan.

### 5.3 AANBEVELING

**Die sinode versoek SKG om die dienste op kerkplein en die gesamentlike Pinkstersaamtrekke voort te sit.**

## 6. DIE SINODALE BEDIENINGSFONDSKOMMISSIE

6.1 Hierdie kommissie is saamgestel uit verteenwoordigers van die SKG, SKDB, SKF en die Saakgelastigde.

6.2 Die fonds word hoofsaaklik gevoed uit die Pinksterdankofferkollektes.

6.3 Pinksterdankofferkoeverte word aan gemeentes verskaf wat daarom vra.

6.4 Die inkomste van die fonds vir die boekjaar 91/92 en 92/93 was R64 084,91 en R57 512,88 onderskeidelik.

6.5 Die bedrae in die tydperk aan gemeentes toegestaan was R22 000,00 en R46 961,00 onderskeidelik.

6.6 Die saldo van die fonds tot op 31 Maart 1993 was R78 245,69

### 6.7 AANBEVELING

**Die sinode doen 'n beroep op kerkrade om toe te sien dat die kassier die Pinksterdankoffergelde so gou moontlik aan die kantoor van die SKG stuur.**

## 7. GESAMENTLIKE KOMMISSIE VIR ROOMSE EN SEKTEBEARBEIDING

7.1 Geen verslag beskikbaar nie.

### 7.2 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat hierdie gesamentlike kommissie behoort te verval en dat die werk deur die SKG Noord-Transvaal behartig word. Hy gee so kennis aan die ander drie Transvaalse sinodes.**

## 8. GRATIS TRAKTAATJIEVERSPREIDING

8.1 Die fonds kom hoofsaaklik uit donasies wat persone en gemeentes stuur wanneer hulle traktaatjies bestel. Ons het 'n redelike voorraad traktaatjies op hande. Die aanvraag is baie lewendig. Ons huidige saldo is R33 041,45.

8.2 Die interne oudit word deur NG Kerk van Transvaal se rekeninge-afdeling behartig.

8.3 Mej Swart behartig op 'n bekwame wyse al die werk verbonde aan Gratis Lektuur.

## 9. LIDMAATTOERUSTINGSPROGRAM (LTP)

9.1 Die kantoor van die SKG is steeds die kontakpunt vir die materiaal wat deur Bybelkor spesifiek vir die LTP opgestel word.

### 9.2 AANBEVELING

**Die sinode betuig sy waardering teenoor Bybelkor vir sy volgehoue produksie van materiaal vir die gebruik van lidmaattoerusting binne gemeentes.**

## 10. BEARBEIDING VAN VAKANSIEOORDE

10.1 Die werk by die verskillende vakansieoorde word steeds deur diensgroepe met groot vrug voortgesit.

10.2 Dit is vir die SKG 'n voorreg om die SJK in hierdie groot werk te ondersteun.

## 11. MAATSKAPPY VIR IMMIGRASIE (MVI - vroeër MEI)

11.1 Vanweë finansiële oorwegings is die werk van die MVI aansienlik afgeskaal.

### 11.2 AANBEVELINGS

**11.2.1 Die sinode versoek kerkrade en lidmate om volhardend bemoeienis te maak met immigrante wat as nuwe intrekkers binne die grense van hulle gemeentes kom woon.**

**11.2.2 Die sinode versoek SKLAS om die sinode te adviseer oor die wenslikheid dat die kerk by die werk van die MVI betrokke bly al dan nie.**

## 12. RADIO-EVANGELISASIE

12.1 Daar is nog steeds noue kontak tussen die SKG en Radiokansel.

12.2 Vergelyk BYLAAG 2.

12.3 AANBEVELING

**Die sinode bedank Radiokansel vir die geleentheid wat ook aan leraars van die Ned Geref Kerk gegee word om die Evangelie oor die lug te verkondig.**

## 13. DIE VROUEDIENS

13.1 Die Sinodale Komitee van die Vroudiens se verteenwoordiger op die SKG is mev R Hugo.

13.2 Die vrouediens het alles in hulle vermoë gedoen om kerklike betrokkenheid onder die vroue te bevorder. Die stigting van omgee-groepe in die gemeentes is aangemoedig. Die deelname van vroue aan kursusse, aan Bybelstudiegroepe en aan projekte op die gemeente-akker is steeds beklemtoon.

13.3 AANBEVELING

**Die sinode betuig sy opregte waardering en dank teenoor ons hemelse Vader vir die groot werk wat deur die vrouelidmate van ons kerk op die gemeenteakkers verrig word.**

## 14. NYWERHEIDSBEDIENING (GERIG OP TRANSNET)

14.1 Aangesien ook binne die gebied van Noord-Transvaal gewerk word, is die SKG op hierdie kommissie deur dr SW Theron verteenwoordig. Hy was ook verantwoordelik vir die jaarlikse werkerskonferensie. Terwyl die pos van ds JJ Human verval het, is mnr Gerhard Jacobs as geestelike werker aangestel. Hy besoek verskillende sentra in Noord- en Oos-Transvaal. Die werk word so ver moontlik in oorleg en in samewerking met die plaaslike leraars gedoen.

14.2 AANBEVELINGS

**14.2.1 Die sinode neem met dank kennis van die 25 jaar vrugbare diens van ds JJ Human in Nywerheidsbediening en bid hom en mev Human die seën van die Here toe.**

**14.2.2 Die sinode verwelkom mnr Gerhard Jacobs as geestelike werker vir Nywerheidsbediening gerig op Transnet.**

**14.2.3 Die sinode versoek leraars en kerkrade om hulle hartlike samewerking te gee aan die werk wat deur die Nywerheidsbediening gerig op Transnet gedoen word.**

**14.2.4 Die sinode besluit dat die werk van die kommissie vir Nywerheidsbediening gerig op Transnet onder die SKSE ressorteer.**

## 15. LEIERSBERAAD (Werkete)

15.1 'n Leiersberaad is in 1992 gehou. 58 persone het dit bygewoon. Die tema by die geleentheid was: Leierskap in Bybelse perspektief. Baie het daarvan getuig dat dit vir hulle 'n geestelike hoogtepunt was. Onder die hooggeplaasdes was onder meer die Staatspresident en die leier van die opposisie dr AP Treurnicht. Die beraad is deur Volkskas Bank Bpk geborg.

15.2 AANBEVELINGS

**15.2.1 Die sinode besluit dat met die leiersberaad voortgegaan word.**

**15.2.2 Die sinode bedank Volkskas Bank Bpk vir hulle bydrae om die leiersberaad moontlik te maak.**

## 16. OPDRAGTE VAN SINODE AAN SKG

16.1 NUWE GEESTELIKE WAARHEDE

16.1.1 Opdrag

"Voorgestelde kerklike beleid ten opsigte van die hantering van die impak van nuwe geestelike waarhede en wendinge in Kerklike beleid op lidmate. Dit word verwys na die nuwe Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening". (Acta 1991, pte 10 en 10.1, p 324)

16.1.2 Optrede

Die saak is ondersoek, en daar is besluit om daarvan af te stap.

16.1.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die optrede van die SKG goed.**

16.2 AFTREDE

16.2.1 Opdrag

"Die sinode versoek die SKG om langs alle moontlike weë met die oog op die veranderingsprofiel van die lidmate van die NGK voorligting deur middel van onder andere kursusse te gee om lidmate voor te berei vir hul aftrede met die spesiale toespitsing op die geestelike toerusting van die afgetredenes". (Acta 1991, pt 4.1.11, p 333)

16.2.2 Optrede

Die skriba het 'n werkstuk opgestel wat deur die dagbestuur goedgekeur is en aan Bybelkor gestuur is met die versoek dat hulle dit in die vorm van 'n kursus aan die kerklike publiek beskikbaar moet stel.

Toe Bybelkor nie sy weg oop gesien het nie, is dit aan 'n uitgewer vir publikasie aangebied.

Waar die versoek ontvang is het die skriba 'n kursus oor aftrede aangebied.

16.2.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die optrede van SKG in verband met 'n kursus vi afgetredenes goed.**

16.3 HELPERS EN DIENSWERKERS

16.3.1 Opdrag

"Die sinode versoek die SKG om aan die volgende sinode wee eens verslag te doen van verdere ontwikkelinge in verband me helpers of dienswerkers in die gemeentes". (Acta 1991, pt 5.13.5 p 334)

16.3.2 Optrede

In die besluiteregister aan die ringe is die ringe versoek om all informasie in verband met helpers en dienswerkers in di gemeentes aan die kantoor van die SKG te verskaf. Die reeks op hierdie skrywe was so swak dat daar geen nuwe gegewer aan die sinode gegee kan word nie.

16.3.3 AANBEVELING

**Die sinode herhaal sy opdrag aan SKG om enige nuv verwikkelinge in verband met helpers en dienswerkers ondersoek, deur byvoorbeeld direk met die gemeentes te skakel**

16.4 ONDERLINGE GEESTELIKE PASTORAAT

16.4.1 Opdrag

"Die sinode herhaal sy opdrag aan die SKG, maar met die uitdruklike veronderstelling dat dit nie
ruimte laat vir die instelling van die pos van 'n pastor pastorum nie, maar dat die SKG in sy ondersoek veral moet konsentreer op die funksie van die ring en die ringsvisitatore." (Acta 1991, pt 6.6.2, p 335)

16.4.2 Optrede

Die SKG het in opvolging van die opdrag 'n werkwinkel vir ringsvisitasiekommissies gehou. Die werkwinkel was geslaagd en is deur 40 afgevaardigdes bygewoon. Prof Julian Müller was die inleier.

16.4.3 AANBEVELINGS

**16.4.3.1 Die sinode keur die optrede van die SKG in verband met 'n werkwinkel vir die ringsvisitasiekommissies goed.**

**16.4.3.2 Die sinode versoek die SKG om die resultate van die werkwinkel vir die ringsvisitasiekommissies verder uit te werk en die ringe van die nodige advies te bedien.**

16.5 BEHOEFTES EN PROBLEME VAN ONS LIDMATE

16.5.1 Opdrag

"Die sinode versoek die SKG om bogenoemde sake in die werkstukke van dr AGS Gous as tema vir 'n Predikantekonferensie te oorweeg". (Acta 1991, pt 6.18.2, p 336)

16.5.2 Optrede

Die SKG het geoordeel dat bogenoemde sake genoegsaam aangesny is in die referaat van prof H Boshoff by die predikantekonferensie.

16.5.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die optrede van die SKG goed.**

16.6 DIE PROFIEL VAN DIE MODERNE MENS

16.6.1 Opdrag

"Die sinode herhaal bogenoemde opdrag oor die profiel van die moderne mens aan die SKG met die versoek dat aan die volgende sinode verslag gedoen sal word." (Acta 1991, pt 6.24.2, p 336)

16.6.2 Optrede

Die bevindinge van die vorige scenario is behoorlik gemonitor om vas te stel in hoeverre die vooruitskouing in die reses gerealiseer het. Sekere verwagtinge het ten tye van die opstel van die verslag reeds gerealiseer. (Vergelyk BYLAAG 3)

16.6.3 AANBEVELING

**Die sinode dra dit aan die SKG op om in samewerking met SEVTO en ander instansies deurlopend aandag te gee aan die uitdagings en geleenthede wat veranderende omstandighede vir gemeentes bied.**

16.7 TENTMAKERBEDIENING

16.7.1 Opdrag

"Die sinode verwys die versoek oor Tentmakerbediening na die SKG en SRK met aanbeveling na die volgende sinode sodat dit betyds na die Algemene Sinode deurgestuur kan word." (Acta 1991, pt 1.12.1, p 354)

16.7.2 Optrede

Die SKG het die aangeleentheid met die SRK opgeneem en volstaan met die aanbevelings van die SRK.

16.7.3 AANBEVELING

**Die SKG kry opdrag om deurlopend aandag te gee aan Tentmakerbediening.**

16.8 OKKULTE/SATANISME

16.8.1 Opdrag

"Die sinode versoek SKG om riglyne te formuleer vir die pastorale begeleiding van persone wat in die okkulte/satanisme betrokke geraak het." (Acta 1991, pt 5.3.2.1, p 359)

16.8.2 Optrede

'n Studiekommissie van belangstellende leraars is op versoek van die SKG deur die PSD byeengeroep. 'n Hele aantal werkwinkels oor die saak is gehou, maar die saak is nog nie afgehandel nie.

16.8.3 AANBEVELING

**Die sinode versoek die SKG om sodra hy gereed is die gevraagde riglyne oor die pastorale begeleiding van persone wat in okkulte/satanisme betrokke geraak het aan die gemeentes beskikbaar te stel.**

16.9 BEHOUD VAN STATUS

16.9.1 Opdrag

"Behoud van status (b) 104 (pt 5.34.12 van Agenda, 1991) terugverwys na die permanente SKG in oorleg met die SRK."

16.9.2 Optrede

Die saak is met die SRK opgeneem. Albei kommissies is daarvan oortuig dat ernstige probleme in verband met die funksionering van die begrip "status" in die Kerkorde bestaan en dat dit dringend nodig is dat die Algemene Sinode hieraan aandag gee.

16.9.3 AANBEVELING

**Die sinode besluit om 'n beskrywingspunt in verband met die probleme van die begrip "status" soos dit in die Kerkorde funksioneer aan die Algemene Sinode te stuur.**

**Die SKG kry opdrag om in samewerking met die SRK so 'n beskrywingspunt voor te berei en aan die Moderamen voor te lê om met volmag af te handel.**

## 17. WêRELDBIDDAG VIR MANNE

**17.1** Die SKG het die ontwikkeling van die "Wêreldbiddag vir manne" fyn dopgehou.

17.2 AANBEVELING

**Die sinode neem met waardering kennis van die "Wêreldbiddag vir manne" en moedig die kerkrade en manlike lidmate aan om daaraan mee te doen en gee verlof aan die SKG om hierin leiding te neem.**

## 18. BESKRYWINGSPUNT - RING VAN ELOFFSDAL

18.1 "Die ring van Eloffsdal versoek die sinode om die manier van kerkvisitasie - soos in die Kerkorde voorgeskryf word - in heroorweging te neem ten einde aan ringe meer vryheid te gee ten opsigte van kerkvisitasie in 'n poging om eiesoortige behoeftes en omstandighede te verreken". (Kyk bepaling 31.2)

18.2 Die SKG oordeel dat bepaling 35.5.3 genoeg ruimte laat vir die eie inkleding van visitasie deur die ring.

### 18.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

## 19. SEVTO

### 19.1 DIREKTEURSPOS

Gedurende 1991 het die vier Transvaalse sinodes in totaal R37 500 per jaar bewillig vir die ondersteuning van die pos van deeltydse direkteur. Hiervan het Wes-Transvaal R7 500 bewillig en die ander drie elk R10 000. Hierdie bewilligings word in die meeste gevalle tydens elke sitting opnuut oorweeg. Dit, tesame met aanvulling uit SEVTO-fondse (R14 661,00 vir 1993), het die Fakulteit in staat gestel om proponent (dr) Dirk Human in 'n tydelik-voltydse hoedanigheid aan te stel om die voorgraadse klasse van prof Vosloo te behartig. Daarmee is 'n groot verligting van die las wat die direkteur moes dra, teweeggebring. Dit het die direkteur ook in staat gestel om meer aandag aan die behoeftes van die predikante te gee.

### 19.2 SAMEWERKING MET DIE TRANSVAALSE SINODALE KOMMISSIES VIR GEMEENTEBEDIENING

'n Baie noue samewerking het tussen SEVTO en die vier Transvaalse SKG's ontwikkel. Daar word gereeld onderling beraadslaag en verskeie simposia het al hieruit voortgevloei. 'n Besondere band het met die Noord-Transvaalse SKG ontwikkel, aangesien die direkteur van SEVTO op die kommissie dien. SEVTO en die Teologiese Fakulteit plaas 'n besondere hoë premie op hierdie samewerking, aangesien daar baie raakpunte tussen SEVTO en die SKG bestaan. Verdere terreine van samewerking (byvoorbeeld praktiese opleidingskursusse vir ouderlinge en diakens) is reeds geïdentifiseer en sal in die toekoms opgevolg word.

### 19.3 VROUEDIENS

Op grond van die suksesvolle kursusse vir predikantsvroue en weens bepaalde probleme wat die komitees van die Vrouediens ervaar het, is 'n hele aantal samesprekings tussen SEVTO en die Vrouediens gevoer. Voortvloeiend hieruit, is besluit om die predikantsvrouekursus te verander na 'n kursus vir alle vroueleiers en om dit jaarliks saam te beplan. Dit het gelei tot besonder geslaagde kursusse.

### 19.4 BEURSFONDS VIR PREDIKANTE

Een van ons lidmate het 'n skenking aan SEVTO gemaak met die versoek dat die opbrengs gebruik sal word om predikante te help om verder opleiding te ondergaan. Dit is veral bedoel vir predikante in gemeentes wat nie in staat is om hulle leraars finansieel by te staan nie. Hulp word gegee vir die hoofkursusse, naamlik in Gemeentebou, Pastorale Sorg en Prediking. Etlike predikante het reeds uit hierdie fonds finansiële steun ontvang.

### 19.5 WERKSAAMHEDE VAN SEVTO

#### 19.5.1 Kursusse aangebied

Gedurende 1991 en 1992 is 'n groot verskeidenheid kursusse vir predikante aangebied, naamlik oor pastorale sorg, prediking, kommunikasie, media-optrede; seminare oor die besluite van die Algemene Sinode, gemeentes sonder grense, die kerk en musiek, en satanisme; 'n kursus in jeugbediening; kursusse vir vroueleidsters; algemene aktualiteitskursusse (oor sektes en etiese kwessies); Bybelkursusse.

#### 19.5.2 Jeugbediening

In samewerking met die Hugenote Kollege te Wellington is 'n begin gemaak met 'n "Lenteskool", gerig op jeugbediening. Vir hierdie doel is die dienste van 'n wêreld-bekende outoriteit op die gebied van tienerprobleme in die VSA, dr Keith Olson, verkry. Predikante en maatskaplike werkers het sy lesings besonder waardevol gevind. Die plan is om in samewerking met die Hugenote Kollege 'n jaarlikse Lenteskool wat op jeugbediening gerig is, aan te bied.

#### 19.5.3 Desentralisasie van predikantekursusse

'n Begin is gemaak met die aanbieding van kursusse vir predikante in ringe (strategiese beplanning in Delmas en narratologiese prediking in Rustenburg). SEVTO is bereid om ook na ander ringe uit te beweeg na gelang van die plaaslike behoeftes. Daardeur word predikante ondersteun wat andersins weens afstand of gemeenteverpligtinge nie na Pretoria toe kan gaan nie.

#### 19.5.4 Gemeentebou-adviesdiens

Die paneel wat in die lewe geroep is om gemeentes met advies te bedien het baie versoeke om hulp ontvang. In hierdie verband word daar ook gebruik gemaak van die hulp van prof Hentie Boshoff van Potchefstroom. Weens die intensiewe aard van die hulpprogram kon net sommiges gehelp word. Daar word beoog om die paneel uit te brei ten einde meer gemeentes met advies te bedien.

#### 19.5.5 Ander dienste

SEVTO het voortgegaan om gemeentes te voorsien van materiaal vir gebruik in Bybelskole en het ook van die aktuele kursusse in boekvorm beskikbaar gestel.

#### 19.5.6 Praktiese arm van die Fakulteit

Die Teologiese Fakulteit beskou SEVTO as sy praktiese arm waardeur daar na predikante, gemeentes en die gemeenskap toe uitgereik word. Daarom word daar beplan om deur SEVTO en in samewerking met ander instansies betrokke te raak by die bestryding van armoede en die verdere skoling van leraars van die Swart Onafhanklike Kerke.

### 19.6 AANBEVELINGS

**19.6.1 Die sinode verhoog die bydrae van die sinode vir SEVTO van R10 000 tot R15 000.**

**19.6.2 Die sinode moedig die ringe aan om gebruik te maak van die moontlikheid dat SEVTO kursusse by ringe kom aanbied.**

**19.6.3 Die sinode gee verlof aan SEVTO, om in samewerking met die SKG, kerkrade en ringe te ontmoet om oor die noodsaaklikheid van voortgesette teologiese opleiding van predikante inligting te verskaf.**

**19.6.4 Die sinode besluit dat die beroepsbrief vir predikante so gewysig word dat dit van 'n predikant verwag word om minstens een keer elke ses jaar 'n kursus in voortgesette teologiese opleiding aan een van die fakulteite van ons kerk by te woon.**

## 20. STUDIEREIS DS EN MEV M LAZENBY

20.1 'n Uitnodiging van adv AS Marais aan die SKG om 'n leraar te stuur om die bedieningspatrone van die Columbia Presbyterian Church te bestudeer,
is aanvaar, die nodige borge is gevind en op 28 Maart 1993 het ds en mev Lazenby vir ses weke na Amerika vertrek.

20.2 VERSLAG DS M LAZENBY (Kyk BYLAAG 4)

20.3 AANBEVELINGS

**20.3.1 Die sinode versoek die SKG om te besin oor die beginsels wat as vertrekpunt dien vir die organisering van die kerk soos in paragraaf twee van die bylaag uiteengesit (wat onder andere die onderstaande praktiese sake onder die soeklig plaas) en om aan kerkrade leiding te gee i v m die toepassing daarvan in die praktyk van kerkwees:**

**20.3.1.1 Die wyse waarop kerkraadslede verkies, bevestig en toegerus word.**

**20.3.1.2 Die wyse waarop 'n persoon toegelaat word om lidmaat van die kerk (plaaslike gemeente) te word (Dit raak ook die jeugbediening).**

**20.3.1.3 Die wyse waarop lidmate gestimuleer en toegerus word om hulle Godgegewe gawes te beoefen.**

**20.3.1.4 Die taak van die leraars en die wyse waarop hul kundigheid in die gemeente benut word.**

**20.3.1.5 Die rol wat die Kerkorde en aanvullende bepalings speel om ware kerkwees aan te help of dalk te bemoeilik.**

**20.3.1.6 Die rol wat reglemente in dié verband speel.**

**20.3.2 Die sinode versoek die SKG om ook te besin oor die wyse waarop die gemeentelike bediening gestimuleer en/of aangepas kan word om by bg bevindings in te pas.**

## 21. PRIORITEITE VIR DIE SKG

21.1 INLEIDING

21.1.1 Die sinode van Noord-Transvaal het op sy vergadering van September 1991 besluite geneem wat die destydse SKAE ingrypend geraak het. Die Evangelisasie-komponent is aan die Sendingkommissie oorgedra en die naam van die kommissie is verander na die kommissie vir Gemeentebediening.

21.1.2 In opvolging van 'n opdrag van die sinode het die nuwe SKG 'n reeks werkwinkels gehou ten einde duidelikheid te kry wat regtig binne die visie en missie van die sinode die visie en missie van die kommissie in sy nuwe hoedanigheid is. In die lig daarvan is ook bepaal watter strategiese prioriteite moet geld ten einde die missie die beste te dien. In die opstel van begrotingsprioriteite behoort hierdie strategiese prioriteite bepalend te wees.

21.1.3 Die kommissie het in sy werkwinkels ook onder die indruk gekom van die nood in gemeentes aan begeleiding rakende die bedieningsbehoeftes. So word bv in baie gemeentes nog baie min doelgerigte aandag aan huweliks- en gesinsverryking gegee. Dieselfde geld die toerusting van lidmate met die oog op spesifieke diens volgens elke lidmaat se gawes.

21.1.4 Die memorandum gee dus eers 'n oorsig van die visie, missie en strategiese prioriteite van die kommissie voordat die begrotingsprioriteite aan die orde kom.

21.2 VISIE

21.2.1 Die volgende is as visie aanvaar:

Die SKG dien die Ned Geref Kerk in belang van gemeentebediening.

21.2.2 Dit gaan dus vir die kommissie om die diens wat die kerk in meerdere verband aan gemeentes kan lewer in belang van 'n gesonde en effektiewe bediening. Gemeentes beleef al meer dat veranderinge op sosiaal-maatskaplike, ekonomiese, politiek-staatkundige, morele 'n kerklike terrein die effektiwiteit van bestaande bedieningspatrone onder die vraagteken bring. Die oplossings wat gemeentes soek wissel van onverantwoordelike eksperimentering aan die een kant en tot konserwatistiese weiering tot verantwoordelike vernuwing. Die kerk in meerdere verband het 'n roeping om gemeentes in die verband te help.

21.2.3 Onder die term "Ned Geref Kerk" in die visie word verstaan die sinode en gemeentes.

21.2.4 Die swaartepunt val dus nie op werksaamhede wat deur die sinode namens die gemeentes onderneem word nie, maar wel op die gemeentes self. Alhoewel die kommissie in die eerste plek die sinode moet adviseer tov beleid in die verband, moet die klem nie val op 'n voorskriftelike benadering "van bo af" nie, maar wel op 'n goeie fasilitering van gemeentes om elk in sy eie omstandighede reformatories te groei tot meer effektiewe bedieningspatrone.

21.3 MISSIE

Om bogenoemde visie te verwesenlik word die volgende aspekte as belangrik beskou:

21.3.1 Die verheldering en stimulering van denke rondom 'n Skrifgefundeerde kerk- en ampsbegrip by lidmate.

21.3.2 Die besinning oor en verheldering van die begrip "gemeentebediening" in die opbou en uitbou van die gemeente.

21.3.3 Dienslewering aan die Sinode, ringe en gemeentes deur:

*1 Prakties-teologiese navorsing.

*2 Gemeentes by te staan en te stimuleer in belang van beplanning en bestuur.

*3 Behulpsaam te wees in belang van die toerusting van lidmate van die gemeentes in alle vorme van kerklike dienswerk.

*4 Ondersteuning te verleen met die verdere toerusting van leraars in samewerking met SEVTO.

*5 Begeleiding van gemeentes ten opsigte van die kerklike opsig en tug.

21.4 STRATEGIESE PRIORITEITE/DOELSTELLINGS

In 'n kruis-impak-analise (SWOT) is die huidige situasie in die kerk en wêreld en die potensiaal van die kommissie verreken ten einde te bepaal wat die strategiese prioriteite op die kommissie se agenda moet wees, ten einde sy geformuleerde missie ten beste te dien. Uiteindelik het die volgende twee prioriteite na vore gekom:

**21.4.1 Kundigheid/Kreatiwiteit**

Die SKG ontwikkel en benut die nodige kundigheid en kreatiwiteit deur gebruikmaking van beskikbare bronne (literatuur en kundiges) in belang van die begeleiding van gemeentes met die oog op effektiewe gemeentebediening in 'n veranderende situasie.

### 21.4.2 Kommunikasie

Die SKG ontwikkel effektiewe wyses van kommunikasie na ringe, gemeentes en leraars deur benutting van onder andere die PSD as fasiliteerder in samewerking met kommissielede en SEVTO.

## 21.5 BEDIENINGSBEHOEFTES IN DIE KERK

Sonder dat daar op hierdie stadium nog 'n behoorlike empiriese ondersoek geloods is, kan uit gesprekke met en navraag van leraars tot die gevolgtrekking gekom word dat die volgende sake tans van die grootste bedieningsleemtes/behoeftes in die kerk is:

### 21.5.1 Gemeentebou

In sommige gemeentes is die saak van doelgerigte gemeentebou al mooi aan die gang. By ander sukkel dit nog om aan die gang te kom en by 'n hele aantal gemeentes is daar nog nie naastenby 'n besef van die noodsaaklikheid vir 'n doelgerigte gemeentebouprogram nie.

### 21.5.2 Strategiese doelwitbestuur

Aansluitend by 5.1 kan dieselfde van hierdie saak gesê word. Wat die saak van beplanning egter nog moeiliker maak, is die feit dat dit in die kerk anders gedoen word as in sekulêre beroepe. Al is daar dus in gemeentes soms bestuurskundiges wat met beplanning op sekulêre terrein te make het, kom dit nie aan die gang in gemeentes nie. Daar is by baie kerkrade nog nie eers 'n besef van die noodsaaklikheid van beplanning op kerklike gebied nie. Baie leraars erken ook dat die bediening in hul gemeentes van jaar tot jaar maar net voortgaan sonder enige verandering of vordering. Daarby word die gedagte aan die toepassing van behoorlike bestuursbeginsels in die kerk in baie gevalle nog met agterdog bejeën.

### 21.5.3 Institusionalisme vs organisme

Wanneer na sommige leraars en gemeentelede geluister word ontdek mens dikwels dat die kerk as instituut (waar van bo na onder in hiërargiese orde met die bedieninge gewerk word) baie keer onbewustelik in hulle kerk- en ampsbeskouing primêr funksioneer. Die kerk as lewende organisme waarin elke gelowige 'n selfstandige diens, gekoppel aan sy/haar gawes moet lewer, kom nog nie naastenby tot sy reg nie. Baie leraars erken ook dat hulle nie weet hoe om die gemeentes met die oog op 'n gawebediening te organiseer nie.

### 21.5.4 Huweliks- en gesinsverryking

Volgens die syfers van die Sentrale Statistiekdiens het huweliks- en gesinsverbrokkeling die afgelope tyd skrikwekkende afmetings aangeneem. Die ergste van alles is, dat die voorkoms daarvan klaarblyklik nie minder onder ons kerkmense as onder ander mense is nie. Daarmee saam is dit ook so dat in die kerk nie naastenby genoeg spesifieke aandag aan hierdie saak gegee word as wat nodig blyk te wees nie.

Bg sake (en daar is nog meer) laat duidelik blyk dat daar tans in die kerk 'n geweldige nood bestaan met betrekking tot navorsing, begeleiding en fasilitering wat betref die bedieningspatroon wat in elke gemeente toegepas moet word. In baie gevalle sal dit nodig wees om met 'n proses van ontvriesing by leraars, kerkrade en gemeentelede te begin. Die sinode sal teen bg agtergrond sy plig versuim as hy dit nie 'n saak van hoogste prioriteit maak om in genoemde behoeftes te voorsien nie.

Daar sal nuut en eietyds gedink en opgetree moet word. Daar sal met entoesiasme en kundigheid op grondvlak gestimuleer en toegerus moet word om by die praktyk van die bediening te kom. Die kommissie is daarvan oortuig dat die effektiwiteit van hierdie afdeling van die kerk se werk in 'n groot mate op die lang termyn ook sal bydra tot die finansiële herstel van die gemeentes.

## 21.6 BEGELEIDING EN FASILITERING

Voordat begrotingsprioriteite aan die orde gestel word, is dit nodig om iets meer te sê oor die begrippe "begeleiding" en "fasilitering":

21.6.1 Gemeentes het in die verlede beleef dat kommissies van die sinode hulle toegooi met allerhande posstukke wat reekse voorskrifte, versoeke en eise bevat. Hulle het beleef dat talle van die voorskrifte nie ter sake is nie en ook nie hulle eie omstandighede genoegsaam in berekening bring nie.

21.6.2 Kommissies het soms ringsvorms as hefboom gebruik om gemeentes voor die ring "tot verantwoording te roep" oor die nakoming van verskillende besluite van die sinode. Op dié trant is die sinode maklik deur kommissies op sleeptou geneem om voorskriftelike besluite vir gemeentes te neem ten einde die doelwitte van kommissies te dien. Die swaartepunt het van die gemeente se bediening na die spesifieke werksaamheid van die kommissie verskuif.

Die werkwyse is nie net onaanvaarbaar nie, maar is ook uiters oneffektief. Dit irriteer en bring afstand tussen sinode en gemeentes.

21.6.3 Begeleiding en fasilitering beoog die teenoorgestelde. 'n Fasiliteerder is 'n persoon met die nodige teologiese en bestuurskundigheid wat tot beskikking van die gemeente gestel word ten einde die gemeente te begelei in sy eie proses van gemeentebou. Hy tree op as "katalisator" sonder om voorskriftelik te wees ten opsigte van oplossings. Gemeentes word gehelp om self oplossings vir bedieningsprobleme te ontwikkel wat pas by die plaaslike omstandighede en behoeftes van elke gemeente.

Fasilitering vereis aanvanklik die persoonlike teenwoordigheid van die fasiliteerder ten einde die gemeente te help om mettertyd met die nodige kennis en vaardigheid self voort te gaan. Fasilitering kan nie by wyse van skriftelike voorskrifte gedoen word nie.

## 21.7 OPSIES VIR DIE SINODE

Na deeglike besinning het die kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat die volgende opsies vir die bereiking van bg ideaal deur die sinode oorweeg behoort te word.

### 21.7.1 Geen sinodale pos

Die vraag is of kommissielede nie opgelei kan word om die fasiliteringsfunksie te vervul nie? Met die reeds verkleinde kommissie is dit teoreties moontlik dat dit kan gebeur. Die praktiese probleem is egter dat vanweë die tydrowendheid van die proses, dit te veel tyd in beslag neem en sulke persone kan in hulle eie gemeentes konflik beleef. Tydens die werkwinkels het oa ook duidelik geblyk dat een van die bedreiginge vir die kommissie se werk juis die werkslas van kommissielede in hul eie gemeentes is. Kommissielede kan wel ondersteunend optree.

### 21.7.2 'n Gekombineerde pos

Teoreties sou dit moontlik wees om een pos te skep waarin verwante werksaamhede van die sinode gekombineer kan word. So bv sou sekere werksaamhede van die Sinodale Jeugkommissie by die pos ingelyf kan word omdat daar heelwat van die SJK se sake is wat verband hou met gemeentebediening. Sommige werksaamhede van die SKDB sou ook by hierdie pos ingepas kon word. So bv sou die hele saak van siekepastoraat wat hoofsaaklik 'n saak vir gemeentebediening is (vgl die gemeentesentriese uitgangspunt oor siekesorg wat by die sinode van 1991 aanvaar is) deur die SKG hanteer kon word. Die aangepaste pos van hospitaalleraar as koördineerder van siekesorg (vgl die verslag van die SKDB) sou dalk by die pos van die SKG ingevoeg kon word.

Hierdie moontlikheid sou oorweeg kon word en sou selfs prakties haalbaar wees op voorwaarde dat die werkslading baie goed beskryf en gekontroleer sal moet word. Teen twee gevare sal gewaak moet word: Eerstens die gevaar van oorlading en tweedens die gevaar dat die persoon in die pos een saak bo die ander kan oorbeklemtoon. Hierdie gevare kan egter voorkom word deur middel van behoorlike en eerlike kontrole deur die betrokke sinodale kommissies en 'n deurdagte gedetailleerde taakomskrywing.

21.7.3 **'n Selfstandige pos**

Dit is die kommissie se oortuiging dat die sinode die beste voordeel vir sy geld sal kry as daar weer 'n selfstandige voltydse pos net vir die SKG se werk geskep word. Na afloop van die werkwinkels wat die afgelope jaar gehou is, is die kommissie daarvan seker dat die noodsaaklikheid vir 'n kundige en entoesiastiese persoon wat hom op die terrein van gemeentebediening en alles wat daarmee gepaard gaan kan ingrawe, steeds 'n veel groter belegging vir die voortgang van die koninkrykswerk in die kerk is as die besparing wat die afskaffing van so 'n pos sou meebring. Meer as ooit tevore het die kerk nodig dat daar oor die hele saak van gemeentebediening indringend, nuut en verhelderend gedink sal moet word.

Die kommissie het in sy beplanning die afgelope tyd presies dit begin doen (vandaar ook die besoek deur een van sy lede aan die VSA). Ongelukkig kon die kommissie nog nie sy beplanning sodanig in die praktyk laat realiseer dat dit die sinode met die vrug daarvan kan bedien nie. Die kommissie is egter oortuig daarvan dat die vrug op die lang termyn nie sal uitbly nie.

21.8 BEGROTINGSPRIORITEITE

In die lig van die bogenoemde motivering lê die SKG die volgende as begrotingsprioriteite voor:

21.8.1 **Predikant in sinodale diens**

*1. 'n Predikant in sinodale diens met opdrag gemeentebediening maar met 'n herformulering van die inhoud daarvan, om in diens van die missie van die kommissie die nodige navorsing te stimuleer en gemeentes in die proses van gemeentebou te fasiliteer. 'n Deel van die kostes, soos reis- en verblyfkoste kan van die gemeentes wat bedien word, verhaal word. Gemeentes sou selfs 'n matige teëprestasie vir die dienste van die PSD kon lewer.

*2. Die SKG is deur sy verteenwoordigers op die ad hoc-kommissie vir prioriteite ingelig dat by die sinode aanbeveel word dat vakatures van PSD's tot met die sinode van 1995 nie gevul word nie, en dat die sinode die moderamen moet versoek om 'n studieverslag vir die sinode van 1995 voor te berei waarin die saak van die PSD's de novo ondersoek word.

*3. Omdat die pos van PSD deur die SKG as van spoedeisende belang vir die kerk beskou word, en terwyl die pos met die aftrede van dr PW Marais dan vir 18 maande vakant sal wees, sal die SKG dit verwelkom indien die sinode aan die moderamen die reg sou verleen om, nadat die ondersoek oor die PSD's afgehandel is, in die reses die saak ten opsigte van die voortsetting van die pos, op meriete te oorweeg en na bevind van sake af te handel.

21.8.2 **'n Kantoor en administratiewe ondersteuning** vir die PSD. Dit kan met ander kommissies gedeel word.

21.8.3 **Voorsiening vir kostes rondom werkgroepe**

Hier word nie gedink aan tradisionele reis en verblyfkostes nie, maar wel werklike kostes tov brandstof, etes en verversings.

21.8.4 AANBEVELING

**Die sinode gee aan die moderamen die reg om nadat hulle die ondersoek oor die PSD's afgehandel het en daar in die reses 'n vakature by die pos van 'n PSD ontstaan het die saak op meriete te oorweeg en na bevind van sake af te handel.**

21.9 ANDER WERKSAAMHEDE

Die kommissie het ook enkele werksaamhede uit die vorige bedeling ge-erf wat streng gesproke nie meer by sy missie pas nie, maar waarvan die meriete sodanig is dat dit nie maar net gelaat kan word nie. Tensy ander instansies behoorlik daarvoor verantwoordelikheid neem, sal die kommissie bereid wees om daarmee voort te gaan, aangesien dit nie sodanig is, dat dit hom van sy eintlike taak sal wegneem nie. Hulle is die volgende:

21.9.1 **Evangelisasie-Spreekkamer**

Die vorige sinode het besluit dat die Evangelisasie-Spreekkamer aan die Ring van Pretoria oorgedra moet word. In onderhandelinge met die ring het dit geblyk nie prakties uitvoerbaar te wees nie.

Intussen lewer Prof SJ du Toit daar diens op deeltydse basis. Die aantal en aard van die onderhoude wat hy voer bevestig die wesenlike behoefte aan hierdie diens.

Die huidige bedrag wat per begroting hiervoor bewillig word, is R45 000. Inkomste uit donasies is begroot teen R18 000. Dit wil voorkom asof die inkomste uit die bron die begroting met R23 000 gaan oorskry.

21.9.2 **Pleindienste**

Die vorige SKAE het as deel van sy evangelisasiekomponent jaarliks tydens pinkster etensuurdienste op kerkplein gehou. Die SKSE sien nie sy weg oop om daarmee voort te gaan nie. Die SKG is bereid om dit te doen. Dit het geen begrotingsimplikasies nie.

21.9.3 **Leiersberaad**

Die gebruik om jaarliks 'n beraad vir christen leiers in bv die politieke, akademiese, juridiese en sakesektor te hou, is goed gevestig. Dit het geen begrotingsimplikasies nie.

21.9.4 **Traktaatjies**

Die SKG se traktaatjiediens kom reeds baie ver. Dit voorsien in 'n groot behoefte. Dit word uit donasies bekostig en het geen begrotingsimplikasies nie.

## 22. AFTREDE DR PW MARAIS (5 MEI 1994)

Aangesien dit die laaste sinode is waarin dr PW Marais as PSD sal optree, wil die SKG graag die volgende mosie vir goedkeuring aan die sinode voorlê:

**"Die sinode van die Ned Geref Kerk Noord-Transvaal spreek sy opregte dank en waardering uit teenoor dr PW Marais vir jare van onbaatsugtige diens wat hy landswyd gelewer het in diens van die Koninkryk van God en in die besonder van die Ned Geref Kerk.**

**Sy visie om geestelike behoeftes raak te sien en te evalueer, sy passie om mense in hulle geestelike behoeftes te begelei en sy boodskap waarin die Drieënige God steeds op die voorgrond tree, het hom onderskei as Godsman en as visser van mense.**

**Behalwe dat hy prediker en skrywer van formaat is, het hy vir baie mense oor ons land 'n geestelike vader geword omdat hyself kind van die Vader is.**

**Die sinode wens hom en mev Marais die seën van die Here toe op die pad vorentoe".**

Hiermee vertrou die SKG dat hy aan al die opdragte aan hom toegewys, na die beste van sy vermoeë uitvoering gegee het. Die seën van die Here word op die vergadering van die sinode afgebid.

| | |
|---|---|
| WF KLOPPERS | PW MARAIS (dr) |
| VOORSITTER | SKRIBA |

# BYLAE 1

## MEMORANDUM : SPREEKKAMER

### 1. PERSONEEL

Ds AA van Wyk was in die halfdag pos tot einde Junie 1992. Hy het 'n groot deel van sy lewe aan die Spreekkamer gewy en van sy werk kan met groot waardering kennis geneem word. Hy is opgevolg deur prof SJ du Toit.

As Sekretaresse doen mev Joey Oosthuizen die werk met toewyding en groot bekwaamheid.

### 2. ONTLEDING VAN WERK

Hulp is verskaf deur middel van 487 onderhoude, 3 876 telefoonoproepe, 561 briewe, en voorbidding deur sowat twintig voorbidders in daaglikse sessies en 1 500 voorbidders oor die land wat reageer op versoeke in die twee maandelikse gebedsbrief.

'n Ontleding van hierdie aanmeldings dui aan dat die spreekkamer in 'n moeilik vervangbare diens voldoen. Uit die tipe probleme waarmee mense kom blyk dat min daarvan sou kwalifiseer vir aanmelding by bestaande dienste van psigiaters, sielkundiges, opvoedkundiges, prokureurs ens. Uit die terugvoer van predikante blyk dit dat die spreekkamer 'n hulpdiens verskaf wat vir hulle in 'n spesifieke behoefte voorsien.

Dit is ook 'n voorreg om vir meer en minder welvarendes almal te kan sê dat dit 'n gratis diens is wat die Kerk verskaf. Alhoewel dit moontlik sou wees om op grond van prof Du Toit se registrasie as kliniese sielkundige fooie te vra wat deur mediese fondse vereffen kan word, meen die kommissie dat ons meer sou verloor aan welwillendheid en donasies as wat fooie sou inbring.

3. Alhoewel die meeste aanmeldings uit Pretoria en onmiddellike omgewing kom soek baie mense uit ver afgeleë gemeentes hulp. Ons kry tefoon daagliks oproepe van oor die hele land en uit buurstate. Baie reis ver om hierheen te kom.

4. Daar is besonder baie ondersteuning van gelowiges van verskillende kerke wat die werk in stand hou. Vir die jaar 1992 is bykans sestig duisend rand by wyse van donasies en rente geïn wat byna twee derdes van die totale uitgawes behels.

### KONKLUSIE

Die gegewens in die verslag oor die spreekkamer bevestig die behoefte aan die diens. Die tendens dui ook op 'n beduidende toename in die benutting van die Spreekkamer. Deur die jaar het onderhoude en donasies meer as verdubbel. Dit is 'n werk wat vir baie tot seën is en tot eer van die Kerk strek.

# BYLAE 2

## BEKNOPTE VERSLAG OOR RADIOKANSEL

### 1. MISSIE

Radiokansel is 'n onafhanklike, Christelike radio-organisasie wat tot eer van God die Evangelie van Jesus Christus in verskillende tale in Suid-Afrika uitsaai, met die doel om ongelowiges vir Christus te wen en gelowiges in hulle geloof op te bou.

Aanvullend tot die radio-uitsendings word ook ondersteuningsaksies soos berading, literatuur en kassetverspreiding onderneem.

### 2. UITSENDINGS

Radiokansel saai tans op FM 2000 ses ure per dag uit 04:00-10:00 en op AM 657 ses ure per dag uit 17:00-23:00 (Saterdag en Sondag effens korter op AM).

### 3. TALE

Die Evangelie word weekliks in tien tale uitgesaai.

### 4. PERSONEEL

Radiokansel het 'n vaste personeel van 165 mense en 135 ander wat op vryskutbasis met uitsendings behulpsaam is.

### 5. NUWE ONTWIKKELINGE

5.1 Daar is aansoek gedoen vir 'n eie uitsaailisensie.

5.2 'n Eie AM-sender is aan Radiokansel toegeken wat 24 uur per dag tot ons beskikking is vir uitsendings.

5.3 'n Behoorlike uitsaaibeleid is opgestel.

5.4 'n Beradingsdepartement onder leiding van 'n vroulike Ned Geref proponent is gevestig.

5.5 'n Gratis dagboekie met dagstukkies is begin wat reeds aan 36 000 mense gestuur word. Die titel is "Brood op die Water".

5.6 'n Deeglike organisasie-ontwikkelingsprogram is onder leiding van 'n konsultasiefirma begin en reeds drie-kwart afgehandel.

5.7 Alle rasse- en seksistiese diskriminasie ten opsigte van vergoeding en byvoordele is volledig uitgeskakel.

5.8 'n Nuwe bestuurstruktuur is in werking gestel.

### 6. VIR VOORBIDDING

Bid asseblief vir:

6.1 Wysheid om die Woord effektief en suiwer te verkondig.

6.2 'n Eie uitsaailisensie.

6.3 'n Nuwe bedeling waar daar steeds geleentheid sal wees om die Evangelie ook deur middel van die radio te verkondig.

6.4 Mense wat sal inskakel om deur die Woord en die Gees tot toewyding gelei te word.

6.5 Oop hande ook vir die saak van Radiokansel.

DS GERHARD KOEN
BESTURENDE DIREKTEUR

# BYLAE 3

## KOMMENTAAR OP DIE SCENARIO VAN 1991 VIR VANDAG

1. Soos deur die sinode versoek het die SKG die voorstelle voortvloeiend uit ons scenario van 1991 deurgewerk.

2. Ons vind die aanbevelings steeds van toepassing, maar ons sou graag 'n aantal aspekte wou uitlig, wat veral gedurende die afgelope ses maande toenemend in scenarios voorkom. Sommige van hierdie aspekte sluit aan by aannames wat ons tydens ons oefening gemaak het, ander is verwagtinge wat voortspruit uit gebeure op makrovlak in die land gedurende die afgelope jaar.

3. Ons som die aannames soos volg op:

3.1 NEGATIEF

3.1.1 Onstabiliteit, onsekerheid en verwarring skep groter wantroue tussen mense en die konflik potensiaal styg steeds.

3.1.2 Korrupsie en omkopery word 'n aanvaarbare deel van besigheidsetiek en talle mense begin daaraan meedoen in 'n poging om te kan oorleef.

3.1.3 Dobbelhuise en ander euwels is gewettig en is algemene verskynsels in die gemeenskap. Die polisie is nie meer in staat om die golf van dwelmmiddels enigsins meer te keer nie.

3.1.4 Persoonlike veiligheid en veiligheid van eiendom word toenemend bedreig.

3.1.5 'n Verswakking in die algemene gesondheidspeil van die bevolking is merkbaar weens 'n verlaging van standaarde en duur mediese dienste.

3.1.6 Standaarde binne organisasies en ook binne staatinstellings is steeds besig om te daal, en so ook standaarde wat mense vir hulle eie lewe stel.

3.1.7 Die gemeenskap is 'n ouer gemeenskap, veral blankes. Daar heers 'n groter onverdraagsaamheid teenoor bejaardes en staatsfondse vir hulle versorging is tot 'n minimum gesny. Geen onderskeid word nou tussen kleur gemaak nie.

3.1.8 Die nuwe Suid-Afrika het baie min simpatie met die Christelike Godsdiens, trouens die Moslems het 'n veel groter invloed op die kabinet. Dit veroorsaak sterk druk op Christene om met die stroom saam te beweeg ten einde nie uitgesluit te word nie. Talle kerklidmate doen afstand van hulle geloof of is net nie bereid om dit in die openbaar te bely nie.

3.1.9 Gemeentes se getalle daal om rede die invloei van anderskleuriges in die woonbuurte, wat nie lidmate van die NG Kerk of ander Protestantse kerke is nie.

3.1.10 In baie kerke het die sogenaamde "social gospel" die algemene praktyk in prediking geword. Naaste liefde en geloof in God word die populêre temas. Om in gehoorsaamheid te lewe is nie 'n populêre tema nie en die Tien Gebooie word vir kerke en selfs predikante 'n verleentheid.

3.1.11 Daar is 'n merkbare toename in satanskultusse.

3.2 POSITIEF

Hierdie scenario skep bepaalde geleenthede vir die kerk wat as uitdagings beskou moet word:

3.2.1 Die bediening sal met alle middele beskikbaar gerig moet word op die kweek van lewende lidmate van die kerk.

3.2.2 Die prediking en pastorale bearbeiding sal lidmate moet lei om meer gerig te wees op die andersoortige sekuriteit wat 'n lewende verhouding met God teweegbring.

3.2.3 Die situasie skep die geleentheid om die onmisbare rol van waardes en norme soos in die Bybel voorgehou vir indiwidu en samelewing skerper en op 'n aktuele wyse te verkondig.

3.2.4 Onsekerheid lei tot 'n nuwe belangstelling in die Bybel Talle Bybelstudiegroepe ontstaan en Christelike lektuur is hoog in aanvraag. Die kerk moet hierdie geleenthede ten volle benut.

3.2.5 Die besondere leer en waardes van die Christendom in teenstelling met ander godsdienste kan nou met vrug verkondig word.

3.2.6 Dalende lidmaattalle sal gemeentes verplig om nie mee net op geboortes staat te maak vir die uitbou van die kerk nie maar om sy basiese taak, naamlik sendingwerk onder hulle wa in ons midde woon, opnuut hoë prioriteit te verleen.

3.2.7 Omdat die sogenoemde "corpus christianum" verdwyn, sa die gelowiges verplig word om self keuses te maak wa Bybelgemotiveerd is, waardeur 'n verdieping van die kwaliteit va geloof gekweek kan word.

3.2.8 Die kerk sal gedwing word om opnuut te besin oor wa basies en onmisbaar in ons geloofsbeskouings is.

3.2.9 Die kerk sal verplig word om los te kom van geykt bedieningspatrone en weens die eise van veranderd omstandighede nuwe en verantwoorde weë te vind om sy leraa op te lei, sy eie lidmate effektief te bearbei, en die sendingopdra op 'n radikaal ander wyse ten uitvoer te bring.

3.2.10 Weens die alternatiewe opvattings, denkrigtings e godsdienste wat al meer op die voorgrond tree, sal die kerk (a) verskerpte studie oor hierdie sake moet doen ten einde daarc antwoord te kan gee; (b) sy lidmate moet leer om opvattings e praktyke meer krities te evalueer; (c) sy lidmate moet opvoed o selfstandige, maar gemotiveerde menings oor geloofs- e lewenssake te ontwikkel.

# BYLAE 4

## VERSLAG AAN DIE SKG VAN NOORD TRANSVAAL IVM 'N BESOEK DEUR DS MARTIN LAZENBY AAN DIE VSA (25 APRIL TOT 7 MEI 1993) IN OPDRAG VAN DIE SKG IN SAKE KERKLIKE BEDIENINGSTRUKTURE

Dit was vir my 'n voorreg en buitengewone belewenis om bg besoek aan verskillende behoudende kerke in die VSA te kon onderneem. Van die begin van hierdie onderneming tot aan die einde daarvan was dit vir my opvallend hoe die Here in die beheer van alles gestaan het. Om te sê: "Soli Deo Gloria", is om dit baie lig te stel. Daarom is daar in my gemoed geen twyfel nie dat die Here besig is om met die Ned Geref Kerk in Noord-Transvaal ernstig te praat. Presies wat Hy vir ons wil sê, sal ons as SKG in biddende afhanklikheid van die Here moet soek. Mag Hy vir ons elkeen 'n ontvanklike hart en oop gemoed gee om sy stem te hoor.

Om enigsins reg te laat geskied aan die doel van hierdie hele saak, sal ek onder die volgende hoofde so objektief moontlik probeer verslag doen.

## 1. KERKE BESOEK

Dit lyk nie vir my nodig om hier volledig elke kerk wat besoek is te beskryf nie. Dit sou eerstens te veel plek in beslag neem en andersins was dit nie die bedoeling om spesifieke kerke te gaan bestudeer nie. Dit het vir my eerder gegaan om 'n geheel indruk te kry as om spesifieke kerke na te volg. Die interessante ontdekking was dan ook dat alhoewel die kerke soms selfs teologiese verskille gehad het, hulle in die praktiese strukturering van kerkwees, behalwe met enkele kleinere klemverskille, ooreengestem het. Daarom sal ek net kortliks die kerke noem.

### 1.1 COLUMBIAN PRESBYTERIAN CHURCH (CPC)

Deur bemiddeling van een van die lidmate van hierdie gemeente (Fanie Marais) is 'n predikant van die Ned Geref Kerk deur die bestuursliggaam uitgenooi om 'n besoek aan die VSA te bring. Die meeste van die tyd is dan ook in hierdie gemeente gespandeer. Deur deel te neem aan 'n wye reeks van aktiwiteite, kon ek kennis inwin oor die filosofie agter die gemeente se kerkbegrip asook ervaar hoe hierdie filosofie in die praktyk gestalte aanneem. Die meeste van die tyd is deurgebring deur die bywoning van eredienste, toerustingsgeleenthede, kleingroepbyeenkomste, verskeie formele gesprekke met die predikante en ouderlinge, bywoon van 'n "session meeting" (ons kerkraadsvergadering), die bywoon van 'n "Presbytery" (ons Ringsitting) en verskillende sosiale byeenkomste aan huis van lidmate.

Die tyd wat by hierdie gemeente deurgebring is, het later geblyk baie kosbaar te wees omdat dit aan my 'n verwysingsraamwerk gebied het waarteen ek die ander kerke se strukture kon verstaan.

Die kerk is geleë in die stad Columbia en die staat Maryland, aan die oostekant van die VSA sowat 35 myl noord van Washington DC. Dit bestaan uit ongeveer 220 belydende lidmate. Dit is lid van die "Orthodox Presbyterian Church" wat meer konserwatief in denke is as die "Central Presbyterian Church".

By die ander kerke wat besoek is, is slegs gesprekke met van die leiers in die gemeentes gevoer en soveel as moontlik litteratuur oor die organisasie van die kerke bekom. Hulle is die volgende:

### 1.2 CORAL RIDGE PRESBYTERIAN CHURCH (CRPC)

Vir sommige van ons is die naam James Kennedy bekend. Hy is die senior predikant van hierdie gemeente en was ook die stigter daarvan. Sy beweging "Evangelism Explosion" word nog steeds as uitvloeisel van die bediening in hierdie gemeente deur dr Kennedy bedryf. Die kerk is geleë in die suide van die VSA in die stad Fort Lauderdale en die staat Florida.

### 1.3 PRESTONWOOD BAPTIST CHURCH

Hierdie kerk is in die noordelike deel van Dallas (Mexico) geleë.

### 1.4 FIRST BAPTIST CHURCH

Tussen die baie glas geboue in Dallas staan hierdie outydse gebou met sy pragtige loodglas vensters.

### 1.5 CHRISTIAN COMMUNITY CENTER (AMERIKAANSE SPELLING)

Die naam van die skrywer Gene Getz is vir baie van ons bekend. Hy is die senior predikant van hierdie gemeente wat aan die sentrum vir kerkgroei gekoppel is. Die kerk is geleë in een van die noordelike voorstede van Dallas.

### 1.6 GRACE COMMUNITY CHURCH

Hier is die bekende skrywer John Mc Arthur die senior leraar. Die kerk is geleë in een van Los Angeles (California) se noordelike voorstede.

### 1.7 GARDEN GROVE COMMUNITY CHURCH

Hierdie kerk is geleë in die voorstad Garden Grove sowat 30 myl suid van Los Angeles. Die pragtige glas kerkkompleks staan bekend as Crystal Cathedral en is so 'n besonderse gebou dat dit beskou word as 'n toeriste besienswaardigheid. Die senior leraar, Robert Schuler, het onlangs 'n besoek in SA gebring terwyl ek in die VSA was.

### 1.8 WILLOW CREEK COMMUNITY CHURCH (WCCC)

Die kerk is in een van die noordelike voorstede van Chicago geleë.

### 1.9 CHRIST CHURCH IN OAKBROOK

Hierdie kerk is weer sowat twintig myl wes van Chicago in Oakbrook geleë.

## 2. PRINSIPIëLE UITGANGSPUNTE EN VOORBEELDE VAN PRAKTIESE TOEPASSINGS

Die volgende beginsels en sommige van die praktiese toepassings daarvan is waargeneem.

### 2.1 GEBED

Gebed word as 'n allernoodsaaklike skakel met God beskou en daarom sterk beklemtoon. Daar word baie gemaak van die gedagte dat gebed nie net by spesiale geleenthede soos bv spesifieke gebedsgeleenthede beoefen word nie. Behalwe spesiale gebedsbyeenkomste word gewoonlik ook aan die begin van vergaderings en ander byeenkomste eers ruim geleentheid gebied vir gesprek oor spesifieke sake waaroor gebid behoort te word en dan geleentheid gegee vir verskillende persone om in gebed voor te gaan.

## 2.2 EEN BEDIENING

Die verskillende bedieninge wat in die kerk deur die verskillende lidmate beoefen word, word beskou as verskillende aspekte van een groot bedieningstruktuur. Met ander woorde, die diens wat die leraar, ouderlinge en diakens lewer word nie gesien as 'n "hoër" diens of diens met meerdere gesag as die diens wat enige van die ander lidmate in die gemeente sou lewer nie. Die diens wat 'n lidmaat lewer word ook nie beskou as slegs aanvullend of ondersteunend tot die diens van die leraar, ouderling en diaken nie. Elke bedieningsvorm is 'n selfstandige diens met die gesag van die Here daaragter en in die Naam van die Here verrig.

In die lig daarvan word die leraar se taak dan in aansluiting by Ef 4:11 tot 16 beskou as toerustend-leidinggewend. Hy het dus as primêre verantwoordelikheid die verkondiging van die Woord van God en die toerusting van die leiers en gemeentelede. Die verdere versorging van die gemeente word gedoen deur opgeleide ouderlinge en ander leiers. Dit beteken dat die leraar nie bemoei word met die doen van gewone huisbesoek en siekebesoek nie, maar oorgelaat word aan die ouderlinge en gemeentelede self. Die gemeentelede neem so gelyke sorg vir mekaar "en so bou die liggaam homself op in liefde" (Ef 4:16). Die kundigheid van die leraar word dus aangewend om die leiers werklik op te lei sodat hulle weer op hulle beurt die gemeentelede kan toerus vir hulle diens.

## 2.3 KERKLIDMAATSKAP AS EKSKLUSIEWE VOORREG

Die beginsel word deurgaans onderskryf dat 'n persoon wat tot geloof in Jesus Christus kom, lidmaat van die Kerk van Jesus Christus word. In die praktyk beteken dit egter dat so 'n persoon primêr lidmaat van 'n bepaalde gemeente is en sekondêr lidmaat van die bepaalde denominasie. Om lidmaat van 'n gemeente te wees, word as 'n besondere voorreg beskou en is slegs beskore vir diegene wat werklik oortuig is van hulle verlossing in Jesus Christus en bereid is om die verantwoordelikheid van dienslewering te aanvaar. Daarom kan geen persoon sonder behoorlike begeleiding en evaluering lidmaat van die plaaslike gemeente word nie. Dit het tot gevolg dat by feitlik al bg gemeentes daar gewoonlik van 'n persoon wat lidmaat van die gemeente wil word (hetsy afkomstig van 'n ander gemeente of kerk of vir die eerste keer) verwag word om by wyse van 'n beskikbare inligtingstrokie aan te meld. Die leraar of ouderlinge sal so 'n persoon dan kontak en uitnooi om te kom aansluit by 'n reeks "newcomers classes". By daardie geleenthede sal die leraar of ouderling dan die groep voornemende lidmate behoorlik oriënteer tov die gemeente se visie asook die wyse waarop in daardie gemeente te werk gegaan word. Daar word ook aandag gegee aan 'n aantal basiese sake van geloofsekerheid en geloofsgroei.

Na hierdie tydperk voltooi is, kan die persoon dan by wyse van die invul van 'n vraelys die geleentheid kry om aansoek te doen om lidmaatskap. Op die vorm moet die lidmaat oa getuienis lewer van eie geloofsoortuiging en die bereidheid om hom/haar te vereenselwig met die visie van die gemeente. Die persoon moet ook aantoon op watter wyse hy/sy reken om deur die Here gebruik te word in die gemeente. Nadat die persoon deur 'n kommissie van twee ouderlinge ontmoet is en daar seker gemaak is van die persoon se meelewendheid, word die aansoek deur die kerkraad goedgekeur. Eers dan is 'n persoon lidmaat van die gemeente.

Die gevolg van bg stelsel is dat mense wat lidmate van die kerk word werklik trots daarop is en dit as 'n besondere voorreg beskou. Geen wonder nie, dat die kerke daar nie met 'n klomp name op hulle lidmaatregisters sit wat as "dooie hout" beskou moet word nie. Die ander gevolg is dat die erediens-bywoningsyfer van die meeste gemeentes draai rondom 90+%.

Persone wat nie gewillig is om aan hierdie vereistes vir lidmaatskap te voldoen nie, is welkom om as "vriende" van die gemeente bekend te staan maar word nie toegelaat om lidmate te word nie. Slegs lidmate word dan ook toegelaat om aan die sakramente deel te neem. Sou 'n lidmaat graag iemand anders wou saambring na die sakrament van die nagmaal, moet so 'n persoon ten minste twee ouderlinge ontmoet om toegelaat te word. Hulle sal ondersoek instel na die persoon se geloofsekerheid al dan nie.

Lidmaatskap is nie gekoppel aan 'n bepaalde ouderdom of afhanklik van die deurloop van 'n bepaalde tyd van normale katkisasie nie. Daar bestaan wel katkisasieklasse vir kinders maar enige kind kan te enige tyd aansoek doen om belydende lidmaat van die kerk te word mits so 'n persoon die kerkraad van sy/haar geloofsekerheid en betrokkenheid by die gemeente kan oortuig soos hierbo beskryf. Indien 'n kind wel lidmaat word, gaan hy/sy normaalweg voort met die bywoning van katkisasieklasse. Die doel is dus nie om belydenis van geloof af te lê nie, maar om geestelik gevorm te word tot diens as lidmaat van die kerk. Ten spyte van hierdie geleentheid is dit tog nie algemene praktyk dat kinders op 'n jong ouderdom belydende lidmaat van die kerk word nie. Dit geskied gewoonlik iewers in die hoërskool of daarna.

Hoe dikwels gebeur dit nie in die Ned Geref Kerk dat mense verwag om outomaties as lidmate van 'n gemeente aanvaar te word omdat hulle kwansuis lidmate van die kerk is.

## 2.4 DIE KERK SE MISSIONêRE ROEPING

Daar word groot klem gelê op die uitreik van lidmate na ander buite die kerk. Lidmate word sterk aangemoedig om kontak te maak met persone wat nie lidmaat van die kerk is nie (ook nie van 'n ander kerk nie) en om hulle saam te nooi na die eredienste. Lidmate word gehelp om in die normale gang van die lewe deur hul lewenswyse vir nie-gelowiges 'n voorbeeld te stel van die liefde van Jesus Christus en hulle sodoende in te trek en te help om tot geloof te kom. Alhoewel daar groot klem geplaas word op die funksionering van kleingroepies as versorgingseenhede vir die gelowiges, word lidmate ook telkens gewaarsku daarteen dat lidmaatskap nooit net 'n selfsugtige ding is wat tot eie voordeel strek nie, maar dat daar gedurig uitgereik moet word na ander wat Jesus nog nie aanvaar het as Verlosser nie.

Die meeste van bg kerke het dan ook een of selfs baie sendelinge wat in die VSA of iewers in die buiteland met sendingwerk besig is.

## 2.5 ORGANISASIE VAN ONDER NA BO

Die kerke voel baie sterk oor die beginsel dat 'n gemeente nie van bo na onder georganiseer behoort te word nie, maar van onder na bo. Dit beteken dat die organisering van die verskillende bedieninge in 'n gemeente nie deur die kerkraad op die gemeente afgedwing word en dan gesoek word na persone om die diens te lewer nie, maar dat lidmate genooi word om inisiatief te neem om die bedieninge wat die Here op hulle harte druk by wyse van die gawes van die Heilige Gees in die gemeente te ontplooi. Die kerkraad sal dan so 'n persoon of groep persone ondersteun, toerus en bystaan maar dit nie uit hulle hande neem nie. Dit beteken ook dat as 'n bapaalde bediening in die gemeente ten einde sou loop omdat daar nie meer iemand is wat geroepe voel om met die werk voort te gaan nie, dan loop die saak ten einde. Die oortuiging word gehuldig dat dit die kerk van Jesus Christus is. As 'n bediening vir sy gemeente nodig is, sal Hy die mense daarvoor voorsien. Indien nie, is die bediening nie meer vir die gemeente noodsaaklik nie. Geen bediening word dus kunsmatig aan die gang gehou net omdat daar so 'n bediening volgens oorlewering in die gemeente behoort te bestaan nie.

Bg is die vernaamste beginsels wat as vertrekpunt vir die organisering van die kerke in die VSA dien. Dit was vir my interessant om te ontdek dat dit geen nuwe of vreemde beginsels is nie. Ons onderskryf ook hierdie stel beginsels ten minste teoreties. Of ons werklik daarin slaag om hulle effektief in die praktyk toe te pas, lyk vir my die groot vraag te wees.

## 3. VERSKILLE TUSSEN SA EN DIE VSA

Dit is van die uiterste belang om vir die verstaan van bg en die toepassing in die Ned Geref Kerk kortliks te let op enkele verskille tussen die twee groepe mense.

### 3.1 KULTURELE VERSKILLE

Dit is moeilik om vas te stel presies wat die kulturele verskille is. Aan die een kant is dit opvallend in watter groot mate die gemiddelde blanke Suid Afrikaner se gewone lewenswyse met dié van die gemiddelde Amerikaner ooreenstem. Dit was vir my 'n voorreg om by verskillende mense aan huis te kom en selfs by mense daar tuis te gaan. Dit was egter nie vir my moeilik om daar tuis te voel nie. Hulle doen die meeste dinge maar soos wat ons dit hier doen.

Miskien kom die grootste verskil in die lewenshouding tot uiting. Die Amerikaners het 'n baie groter mate van selfvertroue om hulle opinies oor sake openlik tot uiting te bring. Daarom dat die openbare opinie van die publiek in die VSA ook baie swaar weeg by die owerheid. 'n Persoon sal ook nie skroom om reguit te sê hoe hy oor 'n saak voel nie en kan dit ook gewoonlik met motivering doen. Dit was egter ook vir my opvallend dat mense nie sommer aggressief teenoor mekaar raak as hulle van mekaar sou verskil nie en dikwels goeie vriende kan bly al verskil hulle oor sommige sake van mekaar. Die selfstandigheid van die individu word erken.

### 3.2 DIE VROU IN DIE KERK

Alhoewel ek nie andersins in die eredienste wat ek bygewoon het tekens van fundamentalisme in die skrifgebruik opgemerk het nie, is dit tog opvallend dat wanneer dit kom by die bediening van die vrou in die kerk daar rigied vasgehou word aan die woorde van Paulus in 1 Tim 2:11 & 12; "'n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer. Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie; sy moet stil wees". Op grond daarvan word vroue dus nie toegelaat om as diakens, leraars of ouderlinge diens te lewer nie. Verskeie persone het egter teenoor my erken dat manlike chauvinisme hierin moontlik 'n rol speel.

### 3.3 GEMEENTEGRENSE

'n Belangrike kerklike organisatoriese verskil bestaan daarin dat die kerke daar hoegenaamd nie gebruik maak van geografiese grensafbakenings nie. Enige persoon kan na enige gemeente van 'n bepaalde denominasie gaan en daar lidmaat word. In die lig daarvan het ek vir verskeie gemeentelede gevra wat hulle motivering sou wees om by 'n bepaalde gemeente aan te sluit. Die antwoord was gewoonlik dat hulle by die bepaalde bedieningstruktuur van die gemeente aanklank vind en hulle geloof daarin kan uitleef. Nie een het gesê dat hulle om 'n bepaalde leraar se onthalwe by 'n gemeente aangesluit het nie.

Waarskynlik is hierdie manier van doen ook een van die redes waarom al die predikante hulle werk verrig vanuit 'n kantoor by die kerk se kantoorkompleks, gewoonlik met sy eie sekretaresse. Wyke word op dieselfde wyse gevorm. Lidmate word meestal op 'n vrye assosiasie basis aan 'n bepaalde ouderling toegewys vir versorging. Wyke word dus nie volgens geografiese grense ingedeel nie.

### 3.4 VERWAGTINGE VAN GEMEENTELEDE

Daar is by gemeentelede veel minder tradisionele verwagtinge wat betref die rol van die leraars. Dit is egter nie geheel en al afwesig nie. Die indruk is egter gelaat dat leraars hulle veel minder laat lei deur ongemotiveerde rolverwagtings van lidmate as wat soms in ons kerk die geval is.

### 3.5 KERK- EN AMPSBEGRIP

Die vorige opmerking hang saam met die feit dat daar in die meeste kerke baie moeite gedoen word om persone wat lidmaat van die kerk wil word vooraf in te lig oor wat die Bybel oor kerkwees sê en hoe dit in die betrokke gemeente gestalte kry. Lidmate word eers georiënteer ten opsigte van die visie en bedieningspatroon van die gemeente voordat hulle toegelaat word om formele lidmate te word. Lidmate begryp dus gewoonlik beter wat hulle bepaalde plek in die gemeente is en wat van die leraars en kerkraad verwag kan word in ooreenstemming met die doelwitbeplanning wat gedoen is.

### 3.6 FUNKSIES VAN KERKRAADSLEDE

Alhoewel daar by al bg kerke ouderlinge en diakens diens doen, word 'n groter onderskeid getref tussen die take van hierdie twee bedieninge. Diakens hanteer slegs die barmhartigheidswerk terwyl die ouderlinge die volle geestelike versorging van lidmate hanteer. Die ouderlinge neem ook alleen die verantwoordelikheid van die regering van die kerk (die funksies wat gewoonlik by ons deur die hele kerkraad behartig word).

### 3.7 SPESIALISASIE BY LERAARS

In al bg kerke is daar meer as een voltydse leraar betrokke. Daar is egter baie duidelike onderskeid tussen die take van die verskillende leraars. So bv is die senior leraar van die gemeente gewoonlik die enigste een wat preek. 'n Ander leraar sal slegs preek as die senior leraar om die een of ander rede nie 'n diens kan waarneem nie. 'n Leraar word gewoonlik ook vir 'n spesifieke taak na 'n gemeente beroep. Dit bring mee dat daar oor die algemeen baie minder spanning tussen leraars is en ook 'n groter mate van spanwerk.

### 3.8 EREDIENSTE EN PREDIKING

Die erediens speel 'n baie belangrike rol en daar word baie moeite gedoen met die inrigting van die eredienste. Oor die algemeen word baie van lidmaatbetrokkenheid gemaak in die hantering van die liturgie en gebeur dit dikwels dat die leraar bv slegs die preek sal lewer terwyl 'n lidmaat (nie noodwendig 'n kerkraadslid nie) die res van die liturgie behartig.

Daar word baie gemaak van 'n eredienskomitee wat soms selfs weekliks vergader om die erediens te beplan en evalueer. Al bg kerke maak gebruik van afkondigingsbladjies (gewoonlik baie goed versorg) waarin die hoofpunte van die preek saam met die afkondigings en ander inligting voorkom asook plek vir lidmate om notas te maak.

Behalwe vir sosio-ekonomiese en politieke verskille is daar nie juis ander wesenlike verskille wat vir ons studie van werklike belang is nie.

## 4. STOF TOT NADENKE

Die besoek aan die VSA het vir my persoonlik en ek glo vir ons as kerk werklik stof tot nadenke gegee. Dit wil egter nie sê dat die kerke in die VSA volmaak en sonder foute is nie. Voor my vertrek terug na SA is daar ook deur die leraars van die Columbian Presbyterian Church aan my gevra of ek leemtes sou wou aantoon wat ek dan ook gedoen het. Of hulle daarop ag gaan slaan, sal maar gesien moet word.

Die vraag is natuurlik hoe weet 'n mens dat hulle manier van doen en die aksente wat hulle lê werklik suksesvol is. Om sukses in die bediening te meet, weet u is 'n baie moeilike saak. As egter na 'n paar uiterlike sake gekyk, sou word, kan mens tog enigsins 'n aanduiding kry van die effek wat hulle bedieningspatroon op die gemeente het. Die bywoningsyfers van die eredienste is sekerlik 'n aanduiding van sukses. In die meeste gevalle is daar gewoonlik meer persone wat die eredienste bywoon as wat daar lidmate in die gemeente is. Die CPC praat bv van 'n bywoningsyfer van 90% en dan is daar kommer oor die ander 10% lidmate wat nie so gereeld die eredienste bywoon nie. Hier moet ook in gedagte gehou word dat hier nie sprake is van eredienste waar dit om 'n "show" gaan soos by baie charismatiese kerke nie. In die eredienste wat ek daar bygewoon het, kon ek my heeltemal tuis voel omdat dit dieselfde patroon en klimaat as in die Ned Geref Kerk aanneem. Selfs heelwat van die liedere wat gesing is, was maar net die engelse weergawe van wat ons in afrikaans sing. Die mate waarin lidmate uitreik na ander nie-kerklike persone het my ook verstom.

Dit is dan ook gewoonlik die rede vir die erediensbywoning - lidmate bring ander mense saam na die erediens. Die hoë mate van betrokkenheid van lidmate was 'n verdere aanduiding dat die bediening geslaagd is.

Daar is by my persoonlik geen twyfel nie dat ons beslis baie het om oor na te dink en die hand diep in eie boesem moet steek. Daarom wil ek graag in groot beskeidenheid die volgende aanbevelings aan u voorhou.

**Ten slotte**

Baie dankie vir die groot voorreg wat my te beurt geval het om hierdie grootse ondervinding te kon meemaak. Dit is my persoonlike mening dat herlewing nie geleë is in allerlei eienaardige toertjies nie, maar daarin dat ons met erns sal lees wat die Here in sy Woord bedoel het met sy kerk op aarde. Ek bid saam met u dat die Here vir ons die wysheid sal gee om sy wil in hierdie verband werklik te ken. Ons vertrou Hom vir die resultate in die Kerk dat dit tot sy eer sal strek.

MARTIN LAZENBY

# A.3 VERSLAG VAN AD HOC-KOMMISSIE OOR DIE GELDIGHEID VAN DIE DOOP

## 1. OPDRAG

"Die hele saak ten opsigte van die geldigheid van die doop word verwys na 'n studiekommissie bestaande uit twee lede van die SRK, twee lede van SKLAS, twee lede van SKG en twee lede uit die Portugese Ring vir verslag aan die volgende sinode. Die predikant in Sinodale Diens SKG word versoek om as sameroeper op te tree." (Acta N-Tvl 1991: pt 4.3.4.1, p 358)

## 2. SAMESTELLING VAN AD HOC-KOMMISSIE

U kommissie is soos volg saamgestel: Dr PW Marais, dr SW Theron, prof JA Heyns, prof CJ Wethmar, ds GJ Koen, dr GJ Cloete, ds H Taute, ds J Valadas en ds KP du Preez.

Dr PW Marais is as voorsitter en dr SW Theron as skriba aangewys.

## 3. AANLOOP TOT OPDRAG

3.1 Die sinode van Noord-Transvaal het in 1987 SKLAS versoek om die geldigheid van die doop van sektes en die Roomse doop te ondersoek.

3.2 SKLAS het die besluit van die Algemene Sinode van 1990 afgewag en soos volg aanbeveel: "Die sinode besluit om te volstaan met die standpunt van die Algemene Sinode in verband met die doop van sektes en Rooms-Katolieke". (Agenda N-Tvl 1991, pt 4.3.4.1, p 153)

3.3 Die volgende Amendement is deur KP du Preez en H Taute voorgelê:

"Die sinode onderskryf in die algemeen die besluit van die Algemene Sinode insake die doop van sektes en Rooms-Katolieke. Die sinode besluit dat die kriteria ten opsigte van die geldigheid van die doop volledigheidshalwe die volgende is:

* Dit moet **net** in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees geskied.

* Dit moet **slegs** met water bedien word.

* Dit moet bedien word deur 'n ampsdraer wat deur die kerk tot die bediening van die Woord en die sakramente afgesonder is.

* Dit moet geskied aan die kinders van gelowige ouers.

* Dit berus in die finale instansie by kerkrade om oor die geldigheid van 'n betrokke persoon se doop te besluit."

Hierdie amendement is in sy geheel nie goedgekeur nie. Daarop is 'n ordemosie van GJ Koen en MC Botha aanvaar wat die opdrag aan u kommissie geword het. (Sien pt 1 hierbo - Opdrag)

## 4. METODE VAN ONDERSOEK

U kommissie het na al die ter sake inligting wat beskikbaar was gekyk soos byvoorbeeld die korrespondensie tussen ds PA Pienaar en die kommissie vir die bearbeiding van die Portugese en ook die memoranda van di PA Pienaar, MM Alves en H Taute.

## 5. OPTREDE VAN U KOMMISSIE

5.1 U kommissie het onder sy opdrag verstaan dat "die hele saak ten opsigte van die geldigheid van die doop" deur hom ondersoek moet word en dat die vrae en standpunte aan die Portugese gemeentes oor die geldigheid van die Roomse doop aangespreek moet word.
5.2 U kommissie het twee werkstukke opgestel.

5.2.1 In die eerste dokument is na die geldigheid van die doop as 'n eenmalige en onherhaalbare saak gekyk. Dit het 'n kort historiese oorsig van en 'n teologiese begronding vir die geldigheid van die doop bevat, terwyl enkele dooptekste indringend ontleed is. Die resultaat van ons ondersoek is in 'n paar hoofpunte saamgevat. Verder is ook die huidige standpunt van ons kerk (Acta Alg Sin 1990, p 23-24 3n 516) krities bekyk. Hierdie werkstuk is aan prof AB du Toit vir kommentaar voorgelê.

5.2.2 In die tweede werkstuk is, met die memorandum van ds H Taute as raamwerk, na al die ter sake inligting gekyk en op die stellinge in die memorandum geantwoord. (Hierdie werkstuk is ook in Engels vertaal). Die memorandum van H. Taute is vir kommentaar aan prof WD Jonker voorgelê.

5.3 Die twee werkstukke is deur u kommissie goedgekeur waarop soos volg besluit is:

5.3.1 Die tweede werkstuk word dadelik aan die Portugese gemeentes as standpunt van die ad hoc-kommissie beskikbaar gestel.

5.3.2 'n Afskrif van albei die werkstukke en al die ander ter sake dokumente word aan SKLAS oorhandig.

5.3.3 Aangesien die aangeleentheid die hele kerk raak, moet die sinode versoek word om al die geraadpleegde dokumente en werkstukke van die ad hoc- kommissie aan AKLAS beskikbaar te stel met die versoek aan AKLAS om 'n verslag met voorstelle oor die hele aangeleentheid vir die eersvolgende Algemene Sinode voor te berei.

5.3.4 Aangesien die twee werkstukke te omvangryk is om in die Agenda van die sinode opgeneem te word, is besluit om slegs die tweede werkstuk van die ad hoc-kommissie en die kommentaar van prof WD Jonker, in een verslag in hooftrekke saam te vat en aan die sinode voor te lê met die aanduiding dat albei die werkstukke van die kommissie by die kantoor van die SKG op aanvraag beskikbaar is.

## 6. PROBLEME VAN DIE PORTUGESE GEMEENTES MET DIE ERKENNING VAN DIE ROOMSE DOOP

**6.1 Stelling: "Die Roomse doop is nie 'n suiwer waterdoop nie"**

**Antwoord:** Die bykomende handelinge by die doop by Rome was reeds eeue in gebruik toe die Reformasie plaasgevind het. Ons volg dus in die voetspore van die Reformatore self wat die dwalings en groeisels van die seremonies rondom die Roomse doop tog deur-en-deur geken en verwerp het. Tog het hulle hulleself nie laat oordoop of die Rooms-katolieke doop as ongeldig beskou nie. Daar is geoordeel dat die bykomstighede by die Roomse doop die wese van die doop nie vernietig nie.

Daar is in die Rooms-katolieke kerk 'n groot hoeveelheid groeisels en allerlei skewe voorstellings in die liturgie en handelinge en leer wat deur die tradisie die kerk ingedring het. Ons kan ons daaraan erger en die doop versober tot wat ons dink dit Bybels behoort te wees. Maar ons mag nie ontken dat dit ook in die Rooms-katolieke kerk en in sy sakramente nog om die hart van die saak gaan, dat Christus die enigste Verlosser van sonde is nie. Solank dit deur die Rooms-katolieke kerk aanvaar word, kan ons dit nie die naam van Christelike kerk ontsê nie, al verskil ons ook met die teologie en praktyk daarvan. As ons dit toegee, moet ons daarmee ook die geldigheid van die Roomse doop erken.

**6.2 Stelling: "Die Roomse doop is nie op die verbond as enigste grond vir die ware kinderdoop gebaseer nie"**

Dit is nie die (relatiewe) suiwerheid van 'n kerk se doopleer wat sy doop tot 'n geldige doop maak nie. Die doop as sakrament is teken en pand van die verbinding met Christus, en dit gaan uit bokant ons leerstellige rekenskap van die werklikheid van die doop. As instelling van Christus besit dit 'n inherente betekenis wat nie afhanklik is van die leerstellige suiwerheid van die kerkgemeenskap waarbinne dit bedien word nie.

Daarom erken die Ned Geref Kerk ook die doop van sektes en kerke wat vir ons besef in wesenlike dinge dwaal, solank ons nie kan ontken dat daar nog iets van die kerk in hulle gemeenskap aanwesig is nie. Ons erken selfs die doop van die Wederdopers, hoewel ons daarvan oortuig is dat hulle in baie opsigte dwaal. Nie alleen misken hulle die ware betekenis van die doop as hulle die doop as 'n menslike daad van belydenis en gehoorsaamheid sien, eerder as 'n sakrament waarin God aan ons handel nie. Hulle misken ook die doop wat deur die Christelike kerk bedien is en stel hulleself daarmee eintlik buite die katolieke Christelike gemeenskap. Maar ook wat hulle leer in die algemeen betref, dwaal hulle wat hulle semi-pelagiaanse heilsleer betref, niks minder as die Rooms-katolieke kerk nie. As ons hulle doop erken, het ons geen rede waarom ons nie die doop van die hele katolieke Christenheid as egte doop kan erken nie.

Daarom kan die geldigheid van die kinderdoop nie afhanklik gemaak word van die vraag of 'n kerklike gemeenskap die leer van die verbond teologies as die grond vir die kinderdoop beskou nie. Die doop is meer as die teologiese opvatting en begronding daarvan.

Die leer van die verbond soos ons dit ken, is maar eers betreklik laat in die geskiedenis van die kerk teologies ontwikkel (by Zwingli, Bucer, Bullinger en Calvyn). Die hele kerklike oudheid, insluitende Augustinus en ander kerkvaders, het nie die verbondsleer ontwikkel nie. Tot vandag nog is die verbondsleer in die Lutherse kerk 'n verwaarloosde grootheid. In die Lutherse teologie word die kinderdoop gefundeer op die gedagte van die wedergeboorte wat op een of ander wyse by die kind aanwesig is of belowe is. En ondanks hierdie gebrekkige verstaan van die verbondsgenade in 'n groot deel van die kerk, aanvaar ons tog dat die werklikheid van die verbond nog altyd voor God gegeld het, selfs al verstaan die kerk dit nie. Anders moet ons die doop van al die geslagte van kinders voor die ontwikkeling van die verbondsleer as ongeldig beskou, omdat dit nie op grond van die regte teologiese gronde geskied het nie. Gelukkig is die heil van God groter as ons begrip daarvan.

God het byvoorbeeld 'n verbond met Israel gesluit (Eks 34:10). Baie van die volk het hierdie verbond nie gelowig aanvaar nie. (Jer 31:31-34) Indien hulle tog later tot geloof en bekering sou kom, mag ons vra of God weer na die berg Sinai moes kom om die verbond met hulle te herhaal, of het die verbond intussen van krag gebly? Van hierdie verbond, wat dan ook nie herhaal is nie, was die besnydenis 'n teken en 'n seël (Lev 12:1-3; Joh 7:22, 23; Hand 21:21- 24), wat intussen ook nie sy krag of geldigheid verloor het nie. As iemand na sy besnydenis gered word, is die vrug van die verbond en daarmee ook die vrug van die besnydenis op 'n later ouderdom geniet (Vgl Luk 19:9; Rom 3:30). Dieselfde geld nou van die nuwe verbond en van die doop as teken en seël van hierdie verbond. Net so is Simon die towenaar wat hom valslik laat doop het (NGB 35), nie oorgedoop nie, maar is hy opgeroep om tot bekering te kom (Vgl Hand 8:13-24). Die oordoop was nie nodig nie. Dieselfde reël behoort van die Roomse doop te geld.

Natuurlik is dit vir ons van groot belang dat daar oor die sakramente 'n vaste en suiwer leer gegee word, waaruit ons kan leer met watter doel dit gegee is en wat tans hulle gebruik is. Tog is die leer oor die sakramente nie die belangrikste nie. Die sakramente is bedien en die seën daarvan is geniet, nog voordat die mens daaraan gedink het om vir homself rekenskap te gee van wat die betekenis en die grond van die sakrament is. Die kerk het gedoop en het die nagmaal bedien nog voordat daar 'n sakramentsleer bestaan het. <u>Die doop en die nagmaal moes bedien word omdat Christus dit aan die kerk opgedra het (Matt 28:19; 1 Kor 11:23-26). Dit het hier primêr gegaan om 'n gehoorsame handeling en nie om 'n bepaalde leer nie</u>. Die bediening van die sakramente is wel nie geheel en al onafhanklik van die teologiese verstaan van die sakramente nie, maar dit kan op hierdie teologiese verstaan in elk geval nie gefundeer word nie. En om hierdie rede alleen sou dit verkeerd wees om die geldigheid van die Roomse doop te bevraagteken bloot op grond van die feit dat hulle die doop nie "op die verbond as die enigste grond vir die ware kinderdoop" baseer nie.

**6.3 Stelling: "Die Roomse sakramentsleer word verwerp, maar die problematiese uiterlike teken en seël, van een van hulle sakramente, die doop, beskou ons as geldig"**

**Antwoord**: Christus het slegs twee sakramente ingestel, te wete die doop en die nagmaal. (NGB 33; HK 68) Daar bestaan egter 'n wesenlike verskil tussen die nagmaal en die Roomse mis. Die mis is niks anders nie as "'n afgodery wat vervloek is". (HK 80)

Die Roomse doop word egter nie deur ons ongekwalifiseerd as geldige doop aanvaar nie. Die <u>ex opere operato</u>, waardeur aan die doop 'n oorsaaklike krag toegeskryf word, waardeur die genade werktuiglik, buite die geloof om, deur die sakrament meegedeel word, is deur die Reformasie eenstemmig afgewys omdat dit die korrelasie tussen geloof en sakrament verbreek, en omdat ons uit die doop niks verkry behalwe vir sover ons dit met geloof aanneem nie.

Ook die gedagte by Rome dat die gedoopte die genade wat hy <u>ex opere operato</u> ontvang het weer deur een of ander doodsonde kan verloor moet deur ons afgewys word, omdat die hoop van die ewige lewe in die doop daardeur deur Rome prysgegee word en 'n onheilige onsekerheid in die sakramentsbegrip ingedra word, omdat die meegedeelde genade weer as verliesbaar beskou word.

In die doop en geloof gaan dit om 'n erkenning in die geloof van wat God in die doop doen. Die doop omvat ons geloofsbeslissing. Geloof is dus 'n noodsaaklike instrument om die seën van die sakrament te ontvang. Die waarheid van die sakrament is juis geleë in Christus (NGB 33) en Christus is in die sakrament nie omdat ons glo nie, maar sodat ons glo en beter en sterker gaan glo.

Daarom kan iemand byvoorbeeld eers later in sy lewe tot geloof en bekering kom en daarmee toon dat hy tog aan die verbond van God behoort het, al het hy die vrug van die verbond eers later ontvang. In die tyd voor sy redding het so iemand egter steeds geleef onder die beloftes van die verbond wat ook vir hom

ja en amen was (2 Kor 1:20). So is Saggeus byvoorbeeld eers op 'n later leeftyd gered, nie bo en behalwe die verbond nie maar kragtens die verbond. Jesus verwys daarna dat hy 'n kind van Abraham, dit wil sê, 'n verbondskind was (Luk 19:9, 10). Al was hy, as Jood, reeds as kindjie besny (Gen 17:12), was hy voor sy redding nog onbesnede van hart (vgl Jer 9:25, 26), en was die uiterlike teken geen vanselfsprekende waarborg dat hy, as draer van die teken, reeds kind van God was nie (vgl Rom 2:28, 29). Tog was dit vir hom nuttig om besny te wees, want so het God Sy beloftes aan hom toevertrou (Rom 3:1-4) en het ook hy die besnydenis ontvang as 'n teken en seël van sy vryspraak deur die geloof (vgl Rom 4:11), die geloof wat later gevolg het (Luk 19:9; Rom 3:30). In sy geval was die besnydenis steeds ware en egte besnydenis, net soos die verbond 'n ware en egte verbond gebly het. Teken en verbond het ook in sy geval met mekaar ooreengestem.

Net so werk dit met die nuwe verbond en die doop wat 'n teken van hierdie verbond is (Gal 3:25-29). Ons kry eers die verbond en dan die vrug van die verbond en van hierdie vrye genade is die doop 'n teken en seël. En as teken en verbond ooreenstem, kry ons dus eers die doop en dan die vrug van die doop. Die geloof is met betrekking tot die genade wat in en deur die doop beteken en geskenk word altyd 'n daaropvolgende geloof, 'n geloof wat antwoord. Die genade gaan voorop en die geloof volg. Dit kan ook nie anders nie. Die geloof kan nie aan die doop voorafgaan nie, want die geloof wat met die doop verbind is, is steeds gerig op die besondere daad wat Christus aan my op die oomblik van my doop gedoen het, toe die Here my opgeneem het in sy aardse liggaam, die kerk. (Vgl HK 74; NGB 34) Hierdie geloof kan nie aan die doop voorafgaan nie; dié geloof moet op die doop volg.

Geloof maak egter nie die doop geldig nie, maar is 'n werktuig in die hand van die Heilige Gees (Joh 3:5; 1 Kor 6:11; Tit 3:5) om vanweë die opstanding van Jesus Christus (1 Petr 3:21) die dopeling die opstandingslewe saam met Christus (Rom 6:5) op 'n effektiewe wyse te laat beleef (Kol 2:12, 13). Ons kan dus sê dat die geloof nie met die geldigheid nie, maar met die effektiwiteit van die doop in verband staan.

In die sakramente word aan ons die beloftes van God verseël en hulle is dus seëls en waartekens van 'n inwendige en onsigbare saak. Die belofte sowel as die inwendige genade word verseël (NGB 33; HK 67, 69, 75). Daarmee word natuurlik nie verklaar dat die inwendige genade reeds op die moment van die doop in die dopeling aanwesig is nie. Die voor, nou of later kan aldrie in die formulering van die belydenisskrif (NGB 33) ingepas word. Vir die geldigheid van die doop val die klem nie op die tyd wanneer die dopeling die weldade geniet nie, maar op die belofte van God wat betroubaar is (Hebr 10:23).

Indien ons dus die geldigheid van die Roomse doop sou bevraagteken op grond van byvoorbeeld die feit dat die doper of die ouers van die dopeling op die moment van die doopshandeling nie waarlik geglo het nie, sou dit beteken om die plek en aard van die geloof in die sakramente nie te begryp nie en om die waaragtigheid van die beloftes aan God (Ef 5:25, 26) van die woord van die mens afhanklik te stel, terwyl die Skrif leer dat die ontrou van die mens nie die getrouheid van God kan vernietig nie (Rom 2:28-3:4), en dus ook nie in die Roomse doop vernietig word nie.

**6.4 Stelling: "Die gebruik van die Naam van God in die Roomse doop is problematies vanweë wanvoorstellinge van Hom (2e, 3e en 9e gebod) en is dus nie genoeg om dié doop geldig te maak nie"**

**Antwoord:** God het in sy Woord bepaalde dinge onderneem of belowe wanneer sy volk in gehoorsaamheid aan sy voorskrifte optree. So het Hy byvoorbeeld belowe om aan die dopeling vergifnis van sondes te gee (Vgl Hand 2:37-39). Die doop is byvoorbeeld deur die Here Jesus ingestel en aan sy kerk gegee om met water (vgl Hand 8:36) in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees bedien te word (Matt 28:19). Ons kan dus met goeie reg aanvaar dat wanneer die doop volgens hierdie Bybelse voorskrif deur 'n persoon wat daartoe van sy kerk die opdrag ontvang het en met water bedien word, die Naam van God Drie-enig nie misbruik word nie, en dat die doop daarom 'n geldige doop is afgesien van die waardigheid van die doper of die dopeling, aangesien dit hier gaan om die gehoorsame uitvoering van 'n verordening van God (Matt 28:19) waaraan die woord van God verbind is (Ef 5:25, 26). Hierdie heilige doophandeling van die kerk, wat volgens Bybelse voorskrif geskied het, mag dus nie deur ons geminag word asof daar niks plaasgevind het nie. Die Nederlandse Geloofsbelydenis verklaar: "Die tekens is dus nie sonder sin en sonder inhoud om ons te bedrieg of te mislei nie; hulle waarheid is juis geleë in Jesus Christus, sonder wie hulle geheel en al betekenisloos sou wees" (Art 33).

In die Skrif het die uitroep van die Naam van die Here oor iemand die betekenis van, eens en vir altyd uitgeroep (epikekletai - Hand 15:17) of van uitgeroep bly (epiklēthen - Jak 2:7). Wat die doop betref het dit die boodskap dat die gedoopte kragtens die uitroep van die Naam van die Here eens en vir altyd gedoop is, dit wil sê, vir die res van sy lewe 'n gedoopte bly. Hy wat iemand oordoop en hy wat hom laat oordoop misken deur hierdie optrede die blywende krag van die Naam van die Here in sy eerste doophandeling en tree op asof 'n heilige handeling wat in die Naam van God Drie-enig vroeër plaasgevind het, leeg, 'n karikatuur en dus 'n bespotting was. Dit is seker nie die bedoeling nie, maar dit is waarop dit neerkom. In die oordoop word opgetree asof die Naam van God met die eerste doop geen betekenis of waarde of volmag of geldigheid gehad het nie, asof dit geen doop was nie. En dit kan nie van die Roomse doop gesê word nie. Hier word nie in die naam van een of ander heilige (vgl 1 Kor 1:13) gedoop nie, maar in die Naam van die drie-enige God.

**6.5 Stelling: "Die verkeerde geloofsinhoude van lidmate en die gesindheid en lewe van baie ouers ten tye van die doop van hul kinders skep 'n ongelowige milieu wat afbreek doen aan die waarde wat ons verwag ons lidmate aan hul Roomse doop moet heg"**

**Antwoord:** Wie die Rooms-katolieke doop nie meer as 'n Christelike doop erken nie, sê daarmee dat die Rooms-katolieke kerk nie meer 'n Christelike kerk is nie. Maar so-iets kan tog nie deur ons beweer word nie. Hoeveel dwalinge die Rooms-katolieke kerk ook al het - en daaroor bestaan daar onder ons geen verskille nie - beteken dit nog nie dat dit opgehou het om 'n Christelike kerk te wees, wat nog steeds verkondig dat God in Christus die heil vir sondaars bewerk het nie.

Die Reformatore het nooit bedoel om van die katolieke kerk weg te breek nie, maar om dit te suiwer. Hulle het al die beslissings van die Ou Kerk oorgeneem en vorm daarin 'n eenheid met die Rooms-katolieke en Oosters-ortodokse kerke. Die een band wat die verskillende kerke ondanks hulle verskille saambind, is juis die Christelike doop wat oor en weer erken word. Dit is 'n algemeen- Christelike oortuiging dat selfs die ketterdoop as ware doop erken moet word, wanneer dit in die Naam van die Drie-enige God geskied.

As die geestelike verval in die Roomse situasie dan as rede vir die wederdoop van hulle wat onder sulke omstandighede gedoop is, gebruik word, sal die noodsaak vir die herdoop ver buite die Roomse Kerk uitkring en sal die Ned Geref Kerk ook talle persone wat uit ander Protestantse kerke oorkom, en selfs in eie geledere gevind word, moet oordoop. Ons kan ons skaars voorstel watter chaos dit sal veroorsaak en die talle probleme wat uit so 'n praktyk sal voortspruit.

Het nie juis die geloof en bekering van die lidmate van die Portugese gemeentes wat slegs die Roomse doop ontvang het, 'n baie sterk getuienis gelewer dat God in hulle geval getrou was om aan hulle te gee wat Hy hulle in hulle doop aangebied het nie (Kol 2:11-13), en dit ten spyte van die "ongelowige milieu" waarin hulle doop bedien was, en dit ten spyte van die talle dwalinge waarmee hulle geloofsbelydenis gevul was?

'n Toestand van geestelike verval in die kerk is nie vreemd aan die geskiedenis van die kerk nie. Elia het op 'n dag gesê: "Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring" (1 Kon 19:10). Gelukkig kon God hom antwoord en sê: "Maar Ek sal in Israel die sewe duisend laat oorbly wat nie die Baälbeeld aanbid het nie" (1 Kon 19:18). In sulke tye het die verbond nie verval nie (vgl Lev 26:42; 2 Kon 23:1-3), en het die besnydenis as teken van die verbond nie sy geldigheid verloor nie (Rom 2:28-3:4), maar was dit juis die vertrekpunt om die volk tot God terug te roep (Jer 4:4; 9:25, 26). So byvoorbeeld was die voorgeslag van Joas tot op sy grootouers, van vaderskant en van moederskant af, almal goddeloos (2 Kron 21-24). Tog het hulle almal die besnydenis as teken van die verbond ontvang in gehoorsaamheid aan die Goddelike opdrag (Gen 17:7-14; Lev 12:1-3).

En aangesien die doop vandag vir die nuwe verbond beteken wat die besnydenis vir die ou verbond beteken het, kan die geestelike verval vandag ook nie aan die doop van kindertjies gewyt word nie, of deur die uitstel of afstel van die doop van kindertjies opgelos word nie. Ook die kerke wat die "belydenisdoop" voorstaan, rapporteer van talle gedooptes onder hulle wat nog ongered is. Die probleem van gedoopte onbekeerdes word dus in hierdie kerke nie opgelos nie, maar slegs tot op 'n later ouderdom verskuif. Nee, in tye van verval is juis die besnydenis (vgl Jer 4:4) en die verbond (vgl 2 Kon 23:2, 3) deur God gebruik om sy afvallige volk na Hom toe terug te bring. Die verbond en die tekens van die verbond het dus in tye van geestelike verval nie verval nie, maar het steeds van krag gebly.

Ons meen verder dat die hele redenasie wat die geldigheid van die doop afhanklik maak van die geloof en gesindheid van diegene wat dit ontvang, misleidend is. Dit is nie die geldigheid van die doop wat afhang van die mens se geloof nie. Dit is die deelagtig-word van die ware seën daarvan wat die geloof as korrelaat van die heilstoesegging van God veronderstel. Ten diepste het ons in die omgaan met Woord en sakramente altyd met die predestinasiaanse element te make, dat ons nooit die teenwoordigheid en werksaamheid van die Gees kan afdwing nie - selfs nie eers deur ons geloof nie - omdat die Gees self in laaste instansie daaroor beskik, waar en wanneer dit God behaag. Dit is nooit ons geloof wat die sakrament tot sakrament maak of die teenwoordigheid van die Gees skep nie.

Ons vind ook die opmerking dat die doop in die Roomse kerk uit tradisie en bygelowigheid ontvang word, nie 'n oordeel van die liefde nie, maar 'n harde oordeel wat miskien netso goed ook van die doop van talle in die Protestantse kerke gesê sou kon word (en deur die Dopers ook gesê word). Uit gereformeerde gesigshoek moet ons daaraan vashou dat, selfs waar die doop volgens ons oordeel verkeerdelik bedien is, dit nogtans sy geldigheid van Godsweë behou en as die kragtigste appèl aan elke gedoopte dien om hom of haar tot God te bekeer en te gaan lewe uit die beloftes wat aan hulle beseël is. Dit is die boodskap waarmee ons na ons eie afgedwaalde lidmate moet gaan. As ons dit nie meer vashou nie, is dit vanselfsprekend dat ons geen verweer daarteen sal hê as die Dopers van allerlei soort aan ons mense vertel dat slegs die doop van gelowiges ware doop is nie.

Dit is gevolglik vir ons onmoontlik om anders te oordeel, as dat ons die geldigheid van die Rooms-katolieke doop moet erken en nie die weg moet opgaan wat die geldigheid van die doop afhanklik maak van subjektiewe faktore by die mens nie, hetsy dit sy eie geloof, of die erns van die geloof van die ouers, of die korrektheid van die teologiese kennis van diegene is wat die doop bedien of ontvang. Hoe moeilik ook al, ons sal moet probeer om die lidmate wat uit die Roomse-katolieke kerk na ons oorkom, daarvan te oortuig dat God aan hulle en hulle kinders in sy trou en liefde gehandel het en aan hulle die beloftes van sy genade beseël het, ook toe hulle dit nog glad nie besef het nie.

Natuurlik moet oor die geloofslewe van die ouers en van die getuies navraag gedoen word om hulle daarop te wys dat hulle die waarheid moet bely en om hulle daarop te wys dat hulle erns moet maak met die geestelike versorging van die kind, maar die doop kan nie op die geloof van die ouers of van die getuies of van die kind gegrond word nie, aangesien die geloof maar één van die vrugte van die verbond is. Die doop is nie 'n teken van ons geloof nie, maar van die verbond wat God met ons gesluit het. As die doop 'n teken van ons geloof was dan sal niemand gedoop mag word nie, omdat ons nooit seker kan wees of iemand waarlik glo nie. Oor die vraag of die doopouers verbondsouers is het die kerk reeds voor die doopgesprek seker van gemaak omdat die ouers reeds deur hulle doop in die sigbare gestalte van die kerk opgeneem is (HK 77; NGB 34) en dit in eie persoon reeds bevestig het toe hulle belydenis van geloof afgelê het en tot die tafel van die Here toegelaat is. Hier fel die kerk die oordeel van die liefde totdat die teendeel bewys is. Reeds die feit dat hulle ten tye van die doophandeling nog steeds lidmate van die kerk is, bevestig hierdie feit en gee aan hulle die reg om hulle kinders te laat doop. As die lewe van die ouers egter nie meer by die bekering pas nie (vgl Luk 3:8, 9), dan moet die kerk optree. Indien die tug egter verwaarloos is, of indien die doopouers bewustelik of onbewustelik die kerk hierin mislei het, kan hierdie ontrou nié die trou van God in die sakrament van die doop vernietig nie (Rom 3:1-4), omdat die doop nie op die woorde van die doper of van die doopouers of van die doopgetuies of van die dopeling gegrond is nie, maar op die beloftewoord wat God in sy verbond aan Abraham en dus ook aan ons gegee het (Gal 3:15-29). Daarom kan ons nooit optree asof die Roomse doop geen doop is nie.

**6.6 Stelling: "Indien die kerk dit moeilik vind om die Roomse doop te verwerp, sou 'n mens nie ten minste ruimte kan laat vir lidmate wat, klaarblyklik met goeie grond, gewetensbesware teen hulle Roomse doop het nie?"**

**Antwoord** - Indien dit vir die kerk duidelik is dat die Roomse doop ten spyte van al die dwalinge en bygeloof wat dit omring nogtans, desnieteenstaande, 'n geldige doop is, dan spreek dit vanself dat die kerk, as sy standpunt vir hom erns is, nie individuele lidmate kan toelaat om weer gedoop te word nie.

Om iemand wat beswaar teen sy Roomse doop het oor te doop en 'n ander een wat nie beswaar het nie, nie oor te doop nie, sal beteken dat die kerk die geldigheid van die doop aan die diskresie van elke indiwidu oorlaat. Die indiwidu besluit en die kerk akkommodeer dit. Sodoende word die aard en betekenis van die doop as 'n eenmalige onherhaalbare gebeurtenis totaal onderskat en word dit 'n ernstige vraag of die kerk dan nog kan waag om oor enige ander saak voorskriftelik op te tree (Vgl 2 Tess 2:15; 3:14). Dit is duidelik dat ons kerk nie hierdie weg mag opgaan nie.

Die predikante en kerkrade van die Portugese gemeentes sal solank as wat daar by van die lidmate spanning of ongelukkigheid oor die Roomse herkoms van hulle doop bestaan in die kategese en die prediking steeds met lankmoedigheid en toegespitste aandag die lidmate moet leer om hulle doop te begryp en tewaardeer afgesien van die "ongelowige milieu" (sien stelling 5) waarin hulle dit ontvang het, omdat die geldigheid van die doop nie deur die misbruike van die sondige mens vernietig kan word nie (Rom 2:28-3:4). Die doop geld vir ons hele lewe. Die bekeerlinge uit die Roomse kerk het nie nodig om oorgedoop te word nie, want ons word eens en vir altyd gedoop: Die woord van God by die doop (Ef 5:26) staan vas.

Wanneer ons egter met 'n vals kerk te make het, waar die Drie-eenheid van God verwerp word en die doop van die Skrif losgemaak word en daar nie met water gedoop word deur iemand wat van sy kerk of gemeenskap daartoe die opdrag ontvang het nie, en die kerk geheel en al in modernisme verval het en die doop dus geen ware doop is nie, word in so 'n geval nie oorgedoop nie, maar word die persoon vir die eerste keer waarlik gedoop.

## 7. KONKLUSIE

U kommissie is van mening dat die aangeleentheid oor die geldigheid van die doop vir die hele kerk van soveel belang is dat die resultate van sy ondersoek tesame met ander beskikbare dokumente, aan AKLAS oorhandig moet word met die versoek dat AKLAS dit in 'n verslag moet verwerk en met die nodige aanbevelings vir oorweging aan die eersvolgende Algemene Sinode moet voorlê.

## 8. AANBEVELINGS

**8.1 Die sinode keur die optrede van die ad hoc-kommissie goed, om die resultaat van sy ondersoek aan die Portugese gemeentes vir kennisname voor te lê.**

**8.2 Die sinode besluit om die twee werkstukke waarna in die ad hoc-verslag verwys word, tesame met ander beskikbare dokumente, aan AKLAS te oorhandig met die versoek dat AKLAS daarvan gebruik mag maak om dit in 'n verslag, met die nodige aanbevelings, aan die eersvolgende Algemene Sinode voor te lê. Intussen word die status quo gehandhaaf.**

DR PW MARAIS
VOORSITTER

DR SW THERON
SKRIBA

# A.4 VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGERS IN DIE KOMMISSIE VIR BUITELANDSE BEDIENING

## 1. OPDRAG

Die sinode het twee verteenwoordigers benoem in die Kommissie vir Buitelandse Bediening. Verder is besluit "dat verslaggewing oor die amptelike werksaamhede van die leraars in die buiteland voortaan deur die Kommissie vir Buitelandse Bediening gedoen word." (Handelinge 1991, p 333 punt 3.44.1)

## 2. PERSONEEL VAN DIE KOMMISSIE VIR BUITELANDSE BEDIENING

**Namens Buitelandse Sake:** Mnr E Riekert (later Mnr J Stolk) en Mnr J Cronje
**Namens Kapelaansdiens:** Ds P Jordaan en Ds N Ackerman
**Namens Pretoria-Oos:** Ds APS Beetge en Prof E Cloete
**Namens Sinode Noord-Transvaal:** Ds M Smuts en Dr MC Botha

(Vanaf 17 Mei 1993 dien ook die twee leraars wat nou vanuit die RSA die bediening voortsit, ds CP Naude en Ds J van Loggerenberg op die kommissie as verteenwoordigers van die twee bedieningswyke waar hulle werk. Ds Van Loggerenberg is deur Buitelandse Sake as verteenwoordiger benoem in die plek van Mnr J Cronje. Hy behartig ook sedertdien die skribaat van die kommissie.)

## 3. VERGADERINGS

Sedert die vorige vergadering van die sinode tot op datum van indiening van hierdie verslag, is daar nege vergaderings van die volle kommissie gehou en sewe vergaderings van subkommissies waarby een of albei verteenwoordigers van die sinode betrokke was. Daar sal nog verdere vergaderings gehou word tot met die sinodesitting, wat tot gevolg mag hê dat daar ook 'n laat verslag voor die sinode dien.

### 3.1 AANBEVELING

**Die sinode keur goed dat 'n laat verslag ingedien mag word, indien nodig geag.**

## 4. BEGRENSING VAN WERKTERREINE IN DIE BUITELAND:

Die drie permanente leraars is bevestig as predikante van Pretoria-Oos. Daarom is die grense van die gemeente Pretoria-Oos ter wille van kerkordelike reëlings en vir doeleindes van 'n administratiewe adres vir doop en lidmaatregistrasie sodanig omskryf dat dit die totale buiteland insluit. Publikasie hiervan het geskied in Die Kerkbode van 6 Maart 1992. In die buiteland is daar egter spesifieke werksterreine of leraarswyke afgebaken. Benewens hierdie wyke waarin daar tot 31 Maart 1994 permanente leraars werk, is daar ook nog missies in die Verre Ooste, Australië en Afrika. Hierdie missies is in die afgelope tyd op deeltydse basis vanuit die RSA bedien.

## 5. WERKSAAMHEDE VAN LERAARS IN DIE BUITELAND

Daar is gereeld deur al die leraars - ook die wat slegs deeltyds hulp verleen het - verslag gedoen van hulle werk aan die Kommissie vir Buitelandse Bediening. Op gereelde basis is daar besoeke gebring aan al die betrokke missies. Daar is huisbesoek gedoen, eredienste gehou, sakramente bedien, dooplidmate begelei tot aflegging van geloofsbelydenis en op 'n omvattende wyse omgesien na die geestelike welstand van Suid Afrikaners in die buiteland. Op beperkte skaal is daar, waar moontlik, ook wyer beweeg as die personeel van die verskillende staatsdepartemente uit die RSA. Aangesien hierdie werk nie beperk is tot lidmate van die Ned Geref Kerk nie, moes die leraars hulle pad vind om die evangelie aan mense van verskillende denominasionele herkoms bedien. Daar is allerweë getuienis van besondere waardering vir hulle werk.

Die Kapelaansdiens van die SA Weermag en enkele gemeentes het tot op datum reeds leraars beskikbaar gestel wat behulpsaam was met die ad hoc-besoekwerk aan die missies wat nie deur een van die drie permanente leraars besoek word nie.

### 5.1 AANBEVELINGS

**5.1.1 Die sinode betuig sy dank teenoor die kapelaansdiens van die SA Weermag vir voortgesette betrokkenheid by en belangstelling in die buitelandse bediening en ook vir die feit dat kapelane beskikbaar gestel is om behulpsaam te wees met die besoekwerk.**

**5.1.2 Die sinode boekstaaf sy dank dat daar ook gemeentes was wat bereid was om 'n leraar beskikbaar te stel om behulpsaam te wees met die buitelandse bediening.**

## 6. WYSIGING AAN OOREENKOMS SOOS GOEDGEKEUR BY SINODE 1991

'n Gewysigde ooreenkoms (soos onderteken op 15/1/92) en wat geld tot in 1994 is voorgelê aan die Moderamen op 6 Februarie 1992. Daar was geen wesenlike veranderings nie, maar enkele sake is ter wille van die verskillende betrokke partye duideliker bewoord. Daar was ook enkele redaksionele wysiginge. Die Moderamen het kennis geneem. Die gewysigde ooreenkoms is beskikbaar vir insae by die verteenwoordigers. Daar dien op gelet te word dat hierdie ooreenkoms net van krag is tot 31 Maart 1994 en dat daar in die lig van nuwe omstandighede 'n nuwe ooreenkoms gesluit sal moet word.

Op 11 Augustus 1992 is aan die Moderamen gerapporteer dat die situasie ten opsigte van Buitelandse Bediening sodanig gewysig het, dat die leraars teruggeroep word om die werk vanuit die RSA te doen met die oog op kostebesparing. Daar is reeds kennis geneem van die feit dat voorsien word dat die toekomstige bediening in die buiteland sal geskied deur gebruikmaking van leraars wat "gesekondeer" word uit hulle gemeentes om die werk op tydelike basis te doen.

### 6.1 AANBEVELINGS

**6.1.1 Die sinode keur goed dat daar enkele redaksionele en ander wysigings aan die ooreenkoms aangebring is, in die lig van die feit dat dit reeds voor die Moderamen gedien het.**

**6.1.2 Die sinode versoek sy verteenwoordigers in die Kommissie vir Buitelandse Bediening om by die voorbereiding van 'n nuwe of voortgesette ooreenkoms sorg te dra dat die kerklik godsdienstige belange van die Suid-Afrikaners in die algemeen en lidmate van die Ned Geref Kerk in die besonder, ten beste gedien word.**

**6.1.3 Die sinode versoek sy verteenwoordigers om onverwyld sodra die konsep van die nuwe ooreenkoms gereed is, dit aan die Moderamen voor te lê vir goedkeuring en gee terselfdertyd hiermee volmag aan die Moderamen om sodanige ooreenkoms namens die sinode goed te keur.**

## 7. TERUGKEER VAN LERAARS

Sedert 1 April 1993 word die werk deur ds CP Naude en Ds J van Loggerenberg vanuit die RSA gedoen. Op versoek van die Londen wyk wat besig is om voorbereidings te tref met die ook op selfstandige gemeentestigting, sal ds D Oosthuizen eers aan die einde van Maart 1994 terugkeer. Die Departement van Buitelandse Sake het in die begroting voorsiening gemaak vir uitgawes ten opsigte van hierdie pos asof ds Oosthuizen wel vanuit die RSA werk terwyl die lidmate van die Londen-wyk onderneem het om aanspreeklikheid te aanvaar vir die addisionele finansiële uitgawes wat in die jaar ontstaan omdat ds Oosthuizen steeds daarvandaan die werk doen.

## 8. GEMEENTESTIGTING IN LONDEN

Die Kommissie vir Buitelandse Bediening het gunstig geoordeel oor die versoek van die Londen-wyk om tot gemeentestigting oor te gaan. Daar is reeds gesprek gevoer met verteenwoordigers uit Londen en onder andere gewys op die finansiële implikasies en die noodsaaklikheid om kerkordelik korrek op te tree.

### 8.1 AANBEVELINGS

**8.1.1 Die sinode keur in beginsel die stigting van 'n selfstandige gemeente in Londen goed.**

**8.1.2 Die sinode versoek sy verteenwoordigers in die Kommissie vir Buitelandse Bediening om in oorleg met die Sinodale Regskommissie en met inagneming van die eiesoortige aard van die bediening in die buiteland die nodige leiding aan die lidmate en die kerkkomitee in Londen te gee.**

**8.1.3 Die sinode gee sy aangewese verteenwoordigers opdrag om die Moderamen op hoogte te hou van enige verdere verwikkelinge in die verband.**

**8.1.4 Die sinode suspendeer in die lig van die buitengewone omstandighede van so 'n gemeentestigting die voorskrifte van Bepp 26.13; 31.6; 31.7; en 31.8 en gee volmag aan die Moderamen om - indien gemeentestigting in Londen kan realiseer - met inagneming van die breë riglyne van die Gereformeerde Kerkreg die uiteindelike reëlings rondom die gemeentestigting goed te keur.**

## 9. EMBLEEM

'n Embleem is ontwerp wat op alle korrespondensiestukke van die bediening in die buiteland gebruik word.

## 10. BEDIENINGSFONDS

Die Kommissie vir Buitelandse Bediening beheer 'n fonds vir buitelandse bediening. Befondsing geskied deur vrywillige bydraes deur kerkkomitees in die buiteland en skenkings deur individue, kerke en instellings. Die administrasie van die fonds is aan die Departement van Buitelandse Sake gedelegeer. Die doel van die fonds is:

* Om die onkoste verbode aan reis- en verblyfuitgawes van die permanente leraars in die buiteland op hulle besoekrondtes te help bestry.

* Om die onkoste verbonde aan reis- en verblyfuitgawes van leraars op aflosbesoeke vanuit die RSA te bestry.

* Om bedieningsuitgawes, soos deur die Kommissie goedgekeur mag word, te bestry.

## 11. ALTERNATIEWE BEDIENINGSMETODES

Toe dit duidelik geword het dat daar groot besnoeiings in die begroting gekom het, ook vir sover dit die werk van buitelandse bediening raak, het die kommissie pro-aktief opgetree en begin om te werk aan modelle vir alternatiewe bedieningsmetodes, sodat die werk ook met 'n verkleinde begroting nog steeds gedoen kan word. Die volgende model is aan die kommissie voorgelê deur die sinodale verteenwoordigers. Daar word op die oomblik nog aandag hieraan gegee.

## 12. MOONTLIKE MODEL VIR TOEKOMSTIGE BUITELANDSE BEDIENING

### 12.1 OORGANG UIT HUIDIGE MODEL?

Ons weerhou ons daarvan om op enige wyse 'n oorgang na 'n moontlike nuwe bedieningspatroon uit te spel. Dit behoort na aanvaarding van 'n nuwe bedieningstyl deur alle betrokke partye en na oorleg en in samewerking met die huidige bekleërs van die poste uitgeklaar te word.

### 12.2 DOELWITFORMULERING VIR DIE TOEKOMS

12.2.1 Ons sien die funksie van die buitelandse bediening nie as die skep van 'n alternatiewe kerk in die buiteland nie, maar wel as begeleiding tot inskakeling by aanvaarbare buitelandse kerke vir die duur van die buitelandse verblyf, omdat dit teologies belangrik is dat elke persoon vir deurlopende bediening as lidmaat sal inskakel by 'n plaaslike kerk. Slegs waar en wanneer sodanige inskakeling hoegenaamd nie moontlik is nie, is dit die funksie van buitelandse bediening om die kerk vanuit die RSA na die drumpel van Suid-Afrikaners in die buiteland te dra.

12.2.2 Die buitelandse bediening behoort egter selfs na suksesvolle begeleiding voortgesit te word ter wille van:

12.2.2.1 Persoonlike kontak van die kerk(e) in Suid-Afrika met lidmate wat weer gaan terugkeer.

12.2.2.2 Spesifieke pastorale behoeftes wat verband hou met die herkoms van hierdie persone, waarvan 'n nie-Suid-Afrikaanse leraar moeilik begrip sal hê.

12.2.2.3 Die skep van 'n kerklik pastorale kanaal vir die bediening van gesinsbehoeftes waar sommige gesins- of familielede van buitelandse personeel in die RSA is.

12.2.2.4 Die ervaring van 'n stukkie Suid-Afrikaanse kerklike milieu in die buiteland.

12.2.2.5 Kerklike kontak waar daar nie enige inskakeling by 'n bestaande plaaslike kerk moontlik of gerade is nie.

### 12.3 ALTERNATIEWE BEDIENINGSTYL?

Die vraag moet gevra word of die bogenoemde doelwit die beste bereik kan word deur voort te gaan met die huidige bedieningstyl en of daar nie aan 'n alternatiewe styl van bediening gedink moet word nie, veral in die lig van ekonomiese en veranderende staatkundige faktore. (Hiermee word moontlike voordele van die huidige patroon nie ontken nie.)

**12.3.1 Die volgende word aangebied as moontlike alternatief:**

12.3.1.1 Die bediening word vanuit RSA behartig deur 'n paneel van predikante wat deur hulle gemeentes vir hierdie bediening vir 'n beperkte tydperk per jaar gesekondeer word. Gemeentes word pro rata vergoed.

12.3.1.2 Alle buitelandse missies word in bedieningswyke ingedeel wat hanteerbaar is vir 'n predikant met 'n besoek van hoogstens vier weke op 'n keer, en wel so dat daar genoeg tyd vir sinvolle bediening by elke besoekpunt kan wees.

12.3.1.3 Elke bedieningswyk word drie keer per jaar deur twee predikante om die beurt bedien vir 'n periode van ten minste drie jaar.

12.3.1.4 Predikante uit verskillende kerke word deur die Kommissie vir Buitelande Bediening gekeur vir die paneel en ook toegewys aan 'n bepaalde bedieningswyk, met in agneming van die kerkverbande van die Suid-Afrikaners wat bedien gaan word.

12.3.1.5 As 'n bepaalde bedieningspunt (bv Londen) behoefte het aan 'n voltydse leraar, sou hulle op hulle eie koste, soos enige gemeente in die RSA 'n eie leraar kon beroep, na stigting van 'n selfstandige gemeente.

12.4 VOORDELE

12.4.1 Kostebesparing

12.4.2 Al die bedieningspunte, uitgesonderd Washington, Parys en London, ontvang steeds ten minste dieselfde bediening as tans.

12.4.3 Predikante bedien Suid-Afrikaners in die buiteland vanuit 'n Suid-Afrikaanse konteks.

12.4.4 Predikante wat die bediening behartig hoef nie van standplaas of werkkring te verander nie. Daar is dus geen komplikasies tov status, pensioen, beroepbaarheid ens nie.

12.4.5 Daar is minimale gesinsontwrigting vir so 'n leraar.

12.4.6 So 'n leraar kan die kontak met familielede in die RSA beter behartig.

12.5 NADELE

12.5.1 Die drie huidige hoofbedieningspunte gaan aan persoonlike kontak en hoeveelheid eredienste inboet.

12.5.2 Leraars sal moontlik moeiliker met die lewe(nspatroon) van Suid-Afrikaners in die buiteland kan identifiseer. (Dit geld natuurlik ook binnelands vir alle professies wat deur predikante bedien word).

13. AANBEVELINGS

**13.1 Die sinode neem kennis van die feit dat daar tans nie voorsien word dat die bediening in die buiteland op dieselfde wyse as in die verlede voortgesit kan word nie.**

**13.2 Die sinode betuig sy dank aan die Departement van Buitelandse Sake vir die voorsiening wat dit moontlik gemaak het om na die geestelike welstand van die Suid- Afrikaners, waarvan baie lidmate van die Ned Geref Kerk is, te kon omsien.**

**13.3 Die sinode versoek die Departement van Buitelandse Sake om steeds in die toekoms voorsiening te maak daarvoor dat die Suid-Afrikaners in die buiteland, veral die wat as gevolg van landsdiens daar gestasioneer is, nie geestelik verwaarloos sal word nie.**

**13.4 Die sinode benoem opnuut twee persone om hom te verteenwoordig in die Kommissie vir Buitelandse Bediening en versoek hulle om hierdie kommissie behulpsaam te wees sodat daar steeds op die beste wyse omgesien kan word na die geestelike welsyn van die Suid-Afrikaners in die buiteland.**

Hiermee word vertrou dat ons die taak wat aan ons as verteenwoordigers opgedra is, tot bevrediging van die sinode uitgevoer het.

MC BOTHA M SMUTS

# A.5.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE JEUGKOMMISSIE

Die SJK doen verslag van sy werksaamhede onder die volgende hoofde:

1. Kategese
2. Kinder- en Gesinsbediening
3. Tienerbediening
4. Bediening aan jong belydende lidmate
5. Opvoeding, Onderwys en Ekumeniese Skakeling
6. Kampaksies en Kampterreine
7. Algemene Sake ten opsigte van die jeugbediening

## 1. KATEGESE

### 1.1 STUDIE RONDOM KATEGESE

#### 1.1.1 Opdrag van sinode (338 : 4.2.2.7.1)

"Die sinode versoek die SJK om sy studie en aandag aan die kategese 'n prioriteit te maak en ringe en gemeentes doelgerig voor te lig."

#### 1.1.2 Uitvoering van opdrag

*1 Die SJK het die RJK's per brief versoek om hul behoeftes in hierdie verband te stel en insette te maak; geen reaksie is van enige ring ontvang nie.

*2 Die SJK-lid vir Kategese (ds JJ Gerber) het bedank; aangesien die eerste sekundus-lid nie 'n deskundige op die gebied van die kategese was nie, moes een van die ander lede (dr WPJ van Wyk) hierdie portefeulje deeltyds beman. In die praktyk het daar nie veel van hierdie opdrag tereg gekom nie.

*3 Die AJK se besluit dat die benaming vir die onderhoof van die kategeseskool verander word na "leierkategeet" is na die RJK's gestuur vir deursending na die gemeentes.

#### 1.1.3 Bevinding

*1 Die SJK is van mening dat kategese in die eerste plek in die plaaslike gemeente tuishoort. Die nodige inligting vanaf die AJK word gereeld aan die RJK's deurgestuur vir verdere hantering.

*2 Die SJK sien nie sy weg oop om op grootskaalse wyse betrokke te raak by die beplanning en reëlings met die oog op voorligting (kursusse) vir kategete nie; dit is die taak van die plaaslike kerkraadsjeugkommissie en/of van die Ringsjeugkommissie. Die stof vir hierdie kursusse is beskikbaar by Bybelkor : KATEGEET VIR CHRISTUS (7 modules). Die SJK-lede is wel bereid om insette te lewer en is ook beskikbaar om by sodanige kursusse op te tree as kursusleiers, indien nodig.

*3 Die SJK het kennis geneem van allerlei ander kategete-kursusse wat tans op die mark is en stel tans ondersoek in na hierdie kursusse.

*4 Vir die dankbare kennisname van die sinode: volgens Kerkspieël III (111 : 6.2.1) het Noord-Transvaal die minste probleme ten opsigte van vakatures onder kategete!

#### 1.1.4 AANBEVELING

**Die sinode doen 'n beroep op kerkrade/RJK's om gereeld aandag te skenk aan die opleiding van kategete en om prioriteit te verleen aan die stof soos voorsien deur BYBELKOR.**

### 1.2 "BEGIN JOU DAG MET GOD"

1.2.1 Dit blyk dat hierdie handige Bybelstudiegids, as deel van die pakket in die senior kategese (5 jaar), nie meer doelmatig benut word nie. Die SJK is bekommerd oor hierdie toedrag van sake, want in die proses ly die tieners skade -- hulle word nie geleer om volgens goeie gewoonte elke dag met die Woord van die Here om te gaan nie.

#### 1.2.2 AANBEVELING

**Die sinode doen 'n dringende beroep op kerkrade om toe te sien dat die Bybelstudiegids : "Begin jou dag met God" aan die senior katkisante voorsien word vir benutting in hulle stiltetyd.**

## 2. KINDER- EN GESINSBEDIENING

### 2.1 KINDERKRANS/JUNIOR KERKJEUGAKSIE

#### 2.1.1 Opdrag van sinode (338 : 4.4.1.4)

"Die sinode dra dit aan die SJK op om inisiatief te neem om leidsters van die JKJA op gereelde basis byeen te bring vir toerusting en besinning."

#### 2.1.2 Uitvoering

In die reses is 3 sodanige kursusse aangebied waarby die volgende ringe betrek is: Sesmylspruit, Voortrekkerhoogte, Valhalla, Pretoria-Wes, Derdepoort, Pretoria-Noord en Daspoort.

#### 2.1.3 Bevinding

*1 Die SJK wys op die bestaande kursusmateriaal wat deur die AJK voorsien word (Boek 4.1.1 : Jeugbedieningshandleiding). Met dit in gedagte, is die SJK van mening dat kursusse vir Kinderkransleidsters eerder onder leiding van die RJK's moet plaasvind. SJK-lede is wel bereid om insette te lewer en kundige persone as sprekers aan te beveel.

*2 Die AJK het die SJK versoek om aandag te gee aan die moontlikheid om 'n Sinodale Advieskomitee vir die Kinderkrans (met ringsverteenwoordiging) te vorm. Die SJK is van mening dat so 'n sinodale komitee 'n onnodige "struktuur" en uitgawe is; aan die een kant kan die RJK's eerder aandag skenk aan 'n ringsadvieskomitee, sodat die behoeftes op plaaslike en streeksvlak aangespreek kan word, en aan die ander kant dien dr WPJ van Wyk, mevv Elza Carstens / Ezanda Dreyer in die AJK se Advieskomitee vir die JKJA, waarvandaàn inligting deurgestuur word na die RJK's vir aandag en toepassing volgens omstandighede.

*3 Vir die kennisname van die sinode : volgens Kerkspieël III (118 : 6.3.1) toon die Kinderkrans 'n dramatiese groei. In 1981 was daar gemiddeld 28,18 kinders per gemeente betrokke. In 1985 het dit toegeneem na 37,55 en in 1989 verder gegroei na 43,47. In dié verband "presteer" Wes-Kaap beduidend beter as die ander (62.12). Noord-Transvaal is vierde met 43.89 (LW: 1985 was dit 46.14) na Noord-Kaap en Oos-Kaap; dan volg die ander Transvaalse sinodes.

#### 2.1.4 AANBEVELING

**Die sinode doen 'n beroep op die ringe om inisiatief te neem in die aanbieding van kursusse vir die Kinderkransleidsters.**

### 2.2 KINDEREVANGELISASIE-OPLEIDINGINSTITUUT

#### 2.2.1 Ondersoek

'n Paar SJK-lede het op 24/25 September 1992 saam met 'n afvaardiging van die AJK besoek afgelê by die KEO te Witrivier. Dit is gedoen nadat allerlei navrae en klagtes ontvang is.

#### 2.2.2 Bevinding

Deelname aan die opleidingskursus van die KEO word wel aanbeveel, maar met die duidelike aanduiding dat die kursus gerig is op die buitekerklike kind. Die stof kan nie summier in die kategese of in die plek van die kategese, of selfs by die Kinderkrans, toegepas word nie; ons werk immers met verbondskinders! Daar is wel bruikbare elemente wat met die nodige kundigheid gebruik kan word. Hierdie inligting is so deurgestuur na die RJK's.

### 2.3 GESINSBEDIENINGSPROGRAM

#### 2.3.1 Opdrag van sinode (337/338 : 3.2.7.1 en 3.2.7.3)

*1 "Die sinode dra dit aan die SJK en SKDB op om die programme so ver moontlik gesamentlik aan te bied en om van alle beskikbare vakkundige en professionele hulpbronne gebruik te maak."

*2 "Die SJK en SKDB (asook ringe en kerkrade) word ernstig versoek om die programme te beplan en aan te bied met alle instansies en organisasies wat met die gesin te doen het."

#### 2.3.2 Uitvoering

*1 Volgende jaar (1994) is dit Gesinsjaar. Die SJK en SKDB sal DV in die tweede helfte van 1993 hulle beplanning gereed kry vir deursending na die ringe en gemeentes.

*2 Op versoek van die Moderamen sal die SKG en Vrouediens ook by hierdie program betrek word.

## 3. TIENERBEDIENING

### 3.1 KOSHUISBEDIENING

#### 3.1.1 Opdrag van sinode (338 : 4.3.4.2)

"Die sinode versoek die SJK om steeds aan die saak aandag te gee asook voorligting te gee aan gemeentes waar daar koshuise is."

#### 3.1.2 Uitvoering

*1 Daar was nie spesifieke navrae ten opsigte van koshuisbediening nie.

*2 Die SJK se beplande werkwinkel rondom Koshuisbediening (29/3/93 te Pietersburg) kon nie realiseer nie weens 'n gebrek aan belangstelling.

#### 3.1.3 Bevinding

Die saak van koshuisbediening is 'n saak vir die plaaslike gemeente, in oorleg met die gemeentes waarvandaan die koshuisleerlinge kom. Dit is ook eintlik 'n plattelandse aangeleentheid, met slegs die koshuise van die Afrikaanse Hoër Seun- en Meisieskool Pretoria (gemeente Pretoria-Oos) en die Hoërskool Pro Arte (gemeente Harmonie) as uitsondering in die stad. Indien daar 'n behoefte aan "voorligting" en onderlinge uitruil-van-praktyk is, kan die plattelandse RJK's die leiding neem vir sodanige samespreking. Die beleidsbesluit van die Algemene Sinode in sake die domisilie van koshuisleerlinge is in elk geval duidelik.

#### 3.1.4 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat die SJK onthef word van die 1991-opdrag ten opsigte van koshuisbediening.**

### 3.2 SENIOR KERKJEUGAKSIE

#### 3.2.1 Opdrag van sinode (338 : 4.5.1.4)

"Die sinode dra dit aan die SJK op om die tieners en volwasse raadgewers in die sinodale gebied van tyd tot tyd byeen te bring met die oog op die evaluering van die bediening aan tieners, toerusting asook motivering."

#### 3.2.2 Uitvoering

Daar is nie aan hierdie opdrag uitvoering gegee nie.

#### 3.2.3 Bevinding

*1 Die SJK is van mening dat sodanige byeenkomste vir tieners eerder in streeksverband of dan ringsverband gehou moet word. Die RJK's kan onderling met mekaar skakel en die nodige inisiatief neem. SJK-lede is gewillig om insette te maak en om kundige persone aan te beveel vir deelname aan hierdie samesprekings. Die AJK is tans besig om 'n Kursus vir SKJA-leiers te finaliseer; dit kan dan deur die betrokke RJK gebruik word.

*2 Vir die kennisname van die sinode : volgens Kerkspieël III (118 : 6.3.2) toon die SKJA 'n geringe daling in betrokkenheid. Noord-Transvaal se syfer is die hoogste (32.39), maar ook dit toon 'n daling met 1985 (32.87); dan volg Oos-Transvaal (29.53), Wes-Kaap (27.5) en Wes-Transvaal (27.29).

#### 3.2.4 AANBEVELING

**Die sinode versoek die ringe om daadwerklike pogings aan te wend om die tienerjeug en volwasse raadgewers met voorligting en toerusting ten opsigte van die senior kerkjeugaksie te bedien.**

## 4. BEDIENING AAN JONG BELYDENDE LIDMATE

### 4.1 MATRIEKBEDIENING

#### 4.1.1 Opdrag van sinode (339 : 1.1 onder AA.25.1)

*1 "Die sinode besluit dat die SJK 'n ad hoc-komitee van kundiges benoem om riglyne te gee aan gemeentes ten opsigte van 'n matriekbediening."

*2 "Die sinode dra dit aan die SJK op om te kyk na alternatiewe bedieningsmetodes aan die matrikulante."

#### 4.1.2 Uitvoering en bevinding

*1 'n Ad Hoc-komitee het die opdrag hanteer. In hulle ondersoek het dit duidelik geword dat matriekbediening aan die kant deel vorm van die totale gesinsbediening in gemeenteverband en dat die opdrag derhalwe te beperk is; aan die ander kant het dit ook geblyk dat elke gemeente se plaaslike situasie tog maar uniek is en dat daar nie eintlik 'n breër behoefte aan 'n soort van "eenvormige" matriekbediening is nie. Daarom is besluit om nie riglyne as sodanig op te stel nie en die ondersoek te staak.

*2 Die leraar van Erasmia (ds PA Malherbe), wat die oorspronklike beskrywingspunt by die sinode in 1991 ingedien het, was deel van die komitee en is tevrede met die inligting en wenke wat hy daar gekry het.

4.1.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die optrede van die SJK ten opsigte van Matriekbediening goed.**

4.2 JEUG IN DIE INDUSTRIE

4.2.1 Opdrag van sinode (338 : 5.2.2.1)

"Die sinode dra dit aan die SJK op om die behoeftes en problematiek ten opsigte van die bediening aan die jeug in die industrie in Noord-Transvaal vas te stel vir voorlegging aan die volgende sinode."

4.2.2 Uitvoering

*1 Die SJK het 'n bestaande memorandum : SO LYK DIE JONGMENS IN DIE INDUSTRIE EN SO MOET HY AS CHRISTEN IN SY WERKSITUASIE OPTREE (saamgestel deur die Departement van Mannekrag olv dr Piet van der Merwe, in samewerking met drr AM Hofmeyr en OSH Raubenheimer) na die Ringe van Pretoria-Wes, Daspoort en Pretoria-Noord deurgestuur.

*2 Die memorandum is beskikbaar by die Jeugkantoor indien leraars, kerkrade of ander ringe dit wil bekom.

4.2.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die optrede van die SJK ten opsigte van die Jeug in die Industrie goed.**

4.3 BELYDENDE KERKJEUGAKSIE

4.3.1 Opdragte van sinode (338 : 5.1.2.4.1 en 5.3.1.4.3)

*1 "Die sinode dra dit aan die SJK op om RJK's van maklik-hanteerbare opleidingsmateriaal en riglyne te voorsien ten einde jeugleiers in rings- / gemeenteverband op te lei."

*2 "Die sinode dra dit aan die SJK op om in die reses werkwinkels (sentraal en/of gedesentraliseerd) vir BKJA's te reël waar hulle vanuit hulle behoeftes toegerus en begelei kan word vir doelmatige funksionering."

4.3.2 Uitvoering

*1 Versoeke aan RJK's om insette te lewer ten opsigte van hulle behoeftes, het niks opgelewer nie.

*2 Twee werkwinkels is gehou : een in Pietersburg en een in Pretoria; by lg byeenkoms is die nuwe kursus van die AJK vir BKJA-leiers aangebied.

4.3.3 Bevinding

*1 Die SJK wys op die min belangstelling vir sodanige toerusting.

*2 Die SJK wys ook op die swak belangstelling ten opsigte van die landwye BKJA Konferensie (1-3 Mei 1992 te Bloemfontein) -- ons had 'n kwota van 60, maar slegs 11 jongmense en 3 leraars het dit bygewoon.

*3 Die gegewens van Kerkspieël III (119 : 6.3.4) is na mening van die SJK nie betroubaar nie. Noord-Transvaal registreer verreweg die hoogste betrokkenheid by die BKJA met 'n gemiddeld van 38,5% per gemeente. Daarna volg Noord-Kaap (19.48), OVS (10.71), Oos-Transvaal (10.31) en Wes-Kaap (9.78). Maar LET WEL: in 1985 was Noord-Transvaal se gemiddeld 14.44 ..!?!

*4 Miskien het dit tyd geword dat daar in Noord-Transvaal 'n "advieskomitee" ten opsigte van die Belydende Kerkjeugaksie byeenroep word; op die agenda kan die voortbestaan van die BKJA in sy huidige struktuur en vorm onder andere aandag geniet. Al die gemeentes kan uitgenooi word om 'n verteenwoordiger te stuur; die logistiese reëlings kan deur die Jeugkantoor behartig en administratiewe koste vanuit die rente op die Jeugtrustfonds verhaal word.

4.3.4 AANBEVELING

**Die sinode gee opdrag aan die SJK om 'n sinodale byeenkoms vir verteenwoordigers vanuit gemeentes te reël waartydens die huidige stand van sake ten opsigte van die Belydende Kerkjeugaksie indringend bespreek word.**

## 5. OPVOEDING, ONDERWYS EN EKUMENE

5.1 ONDERWYSSAKE

5.1.1 Opdragte van sinode

*1 Interkerklike gesprek ten opsigte van Onderwys (340 : 6.1.2.2) - "die sinode dra dit aan die SJK op om aandag te gee aan 'n interkerklike gesprek ten opsigte van die onderwys en inisiatief te neem op plaaslike en streeksvlak."

*2 Onderwystrust (340 : 6.2) - "(1) Die sinode beywer hom vir die daarstelling van 'n eie onderwystrust met die oog op die uitbouing van christelike onderwys. (2) Die sinode dra dit aan die SJK op om in oorleg met die ander kerklike kommissies wat hier betrokke mag wees, uitvoering te gee aan hierdie saak."

*3 Ondersteunende Onderwys (340 : 6.3) - "die sinode dra dit aan die SJK op om ondersoek in te stel na die moontlikheid van 'n "ondersteunende onderwysmodel". In hierdie model beywer die kerk hom om indien nodig naas die toekomstige staatskool ook aanvullende onderwys te verskaf ten einde die christelike norme en die standaard van onderwys te verseker. Die volgende sake moet in hierdie verband ondersoek word: (1) Die moontlikheid / wenslikheid van interkerklike samewerking in die "ondersteunende onderwysmodel". (2) Die finansiële implikasies. (3) Die verwerwing van 'n sertifikaat wat die handhawing van 'n sekere standaard waarborg."

*4 Privaatskole (341 : links bo) - "(1) Dat daar kennis geneem word van die beweging ten opsigte van die stigting van christelike privaatskole. (2) Dat die Ned Geref Kerk moet kyk in hoe 'n mate hy betrokke behoort te raak en inspraak moet hê ten opsigte van die gees en rigting van die beweging, aangesien heelwat van ons lidmate daarby betrokke is. (3) Dat die sinode dit aan die SJK opdra om kontak te maak met die verskillende groepe en die saak verder te ondersoek, met verslag aan die sinode."

5.1.2 Uitvoering

*1 Die SJK het steeds die oog in die seil gehou rondom al die verwikkelinge in die onderwys en al die nodige inligting (memoranda, ens) na die RJK's en gemeentes deurgestuur.

*2 Die SJK het aanvanklik beplan om 'n ad hoc-komitee ten opsigte van die onderwyssake daar te stel, met opdrag om aan al die opdragte aandag te gee. In die praktyk was so iets uiteindelik nie werkbaar nie, veral weens die onsekerheid op die gebied van die onderwys.

*3 Die SJK was via sy Onderwyslid betrokke by die jaarlikse vergadering van die IKOO (Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys) en ander byeenkomste van die AJK in algemene onderwysverband. Koste hieraan verbonde beloop R1075.

5.1.3 **Bevinding**

*1 Sake op onderwysgebied is steeds baie onseker; daar is telkens nuwe en onverwagte wendinge. Dit raak 'n verleentheid om 'n sekere "standpunt" voor te berei, en net die volgende dag verander die situasie tot 'n groot mate.

*2 In sinodale verband vorm die SJK net 'n deel (sektor) van die groot en breë geheel; die kommissie kan nie op sy eie voortgaan sonder raadpleging van ten minste die ander drie Transvaalse sinodes nie. In hierdie verband is gesprek met ander kerke ook problematies -- hulle het nie sinodale grense nie.

*3 Die SJK is van mening dat die AJK aan die een kant steeds die inisiatief en leiding moet neem ten opsigte van skakeling in sake die onderwys, met die owerheid en interkerklik. Op hierdie wyse word die "beleid" ten beste oorgedra.

*4 Aan die ander kant is die SJK ook van mening dat skakeling ten opsigte van onderwys ten beste plaaslik kan geskied, waar die betrokke gemeente(s) en ring(e) die inisiatief moet neem. Elke gemeenskap se behoeftes is immers uniek en gerig op daardie gemeenskap. Die ringe en kerkrade kan met goeie vrug die memoranda van die AJK, soos vanuit die Jeugkantoor aangestuur, in hierdie verband gebruik.

*5 Intussen behoort daar ook tyd en ruimte gebied te word sodat die huidige Model C-skoolpatroon tot sy reg kan kom. Die verbondsverantwoordelikheid van die ouer is hier van pertinente belang, veral ten opsigte van sy finansiële verantwoordelikheid, sy betrokkenheid by ouerverteenwoordigende beheerliggame waar effektiewe besluitnemingsbevoegdheid geld, en ook sy direkte meelewing met sy kind se onderwysopvoeding.

5.1.4 AANBEVELINGS

**5.1.4.1 Die sinode keur die optrede van die SJK ten opsigte van die onderwysopdragte goed en versoek die SJK om steeds die oog in die seil te hou en ter saaklike inligting aan ringe en gemeentes deur te stuur.**

**5.1.4.2 Die sinode doen 'n dringende beroep op ringe en gemeentes om daadwerklik betrokke te raak by die onderwys in plaaslike verband.**

**5.1.4.3 Die sinode dring by die ouers aan om aktief deel te neem aan die geleenthede tot ouerbetrokkenheid in die onderwys.**

5.2 INTERKERKLIKE SKAKELING

5.2.1 **Opdrag van sinode (337 : 2.1.2.4)**

"Die sinode versoek die SJK om geleenthede tot interkerklike skakeling, en in besonder die GER-jeugaktiwiteite, na goeddunke en omstandighede te benut."

5.2.2 **Uitvoering**

*1 Pogings om met die NGKA te skakel was nie suksesvol nie. Daar was nie kontak met die NGSK en die RCA nie. Die praktykprobleem is onder andere dat die NGSK nie 'n ooreenstemmende "sinodale jeugkommissie" in die Transvaal het nie, en verder loop die grense van die NGKA Noord-Transvaal oor beide Noord-, Oos- en Suid-Transvaal. Skakeling geniet wel aandag op algemene sinodale vlak by die AJK.

*2 Dr OSH Raubenheimer het die SJK by die GER-jeugkonferensie te Athene (Mei 1992) verteenwoordig. Dr Raubenheimer is ook benoem as lid van die GER- jeugkomitee vir Suidelike Afrika.

5.2.3 **Bevinding**

*1 In die lig van die huidige samesprekings tussen die lede van die NG Kerk- familie, is die SJK van mening dat ons tans eers die pas moet markeer en 'n afwagtende houding moet inneem. Intussen vertrou die kommissie dat gemeentes en ringe wel op plaaslike vlak die nodige skakeling bewerkstellig -- dit is immers die plek waar dit moet begin.

*2 Die skakel met die GER-jeugaktiwiteite is vir 'n wins en die kommissie sal graag daarmee wil voortgaan.

5.2.4 AANBEVELING

**Die sinode keur goed dat die SJK betrokke bly met die jeugaktiwiteite van die GER.**

5.3 ACSV

5.3.1 **Ondersoek**

Die SJK het die ACSV-streeksekretaris vir Noord- en Wes-Transvaal (mej Madel de Vos) op 23/11/92 ontmoet. Die volgende sake het aandag geniet: (1) die missie van die ACSV, (2) toetrede van die ACSV by laerskole en (3) samewerking op die gebied van vakansieoordbediening.

5.3.2 **Bevinding**

*1 Die ACSV is besig om 'n nuwe grondwet daar te stel. Dit sal DV via die AJK by die volgende Algemene Sinode dien. Die missie wat die ACSV vir homself stel, is soos volg:

**Die ACSV se missie is om in afhanklikheid van God die studerende jeug tot geloofskeuses vir Christus te roep en te begelei tot geestelike volwassenheid en diens.**

Ter ondersteuning van die breë missie verklaar die ACSV as vrye Christelike vereniging dat:

- die vereniging in volle afhanklikheid en tot verheerliking van die Drie-enige God werk;
- die vereniging as grondslag die Bybel as die onfeilbare Woord van God aanvaar en daarom die leer van die verlossing soos wat dit uitdrukking vind in die drie Formuliere van Eenheid;
- die vereniging nie die werk van die Kerk aan sy jeug kan, wil of mag vervang nie;
- hy hom tot die jeug in skoolverband rig;
- persoonlike geloof in Jesus Christus onontbeerlik is vir 'n sinvolle Christelike lewe:
- die unieke aard van Christen-wees by die jeug ingeskerp moet word;
- die vereniging sy lede in Bybelstudiekringe wil begelei in geloofsgroei:
- geleenthede tot geloofstoewyding, geloofsgemeenskap en geloofsdiens vir die jeug geskep moet word;
- die vereniging na die goedgesindheid van al sy belanghebbendes streef:
- die vereniging daarna streef om aktueel te wees met betrekking tot die eietydse behoeftes en uitdagings van die jeug;
- die vereniging hom primêr rig op die skooljeug as teikengroep:

- die uitdra van die evangelie oor die hele wêreld uiters belangrik is:
- positiewe samewerking met ander Christen-organisasies nagestreef word.

*2 Die SJK het geen besware indien die ACSV ook die terrein van die laerskole betree nie; dit word nie as kompetisie vir die Kinderkrans gesien nie. Die SJK vertrou dat daar sinvolle samewerking met die plaaslike gemeentes sal wees.

*3 Die SJK is tans besig om samesprekings te voer met die ACSV se Stranddienskomitee met die oog op nouer samewerking en koördinering van aktiwiteite rondom vakansieoordbediening.

*4 Die SJK gaan voort om 'n verteenwoordiger in die ACSV Streekbestuur Noord- Transvaal te benoem.

## 6. KAMPAKSIES EN KAMPTERREINE

### 6.1 SKOOLVERWISSELINGSKAMPE

#### 6.1.1 Opdrag van sinode (339 : 6.1.4)

"Die sinode dra dit aan die SJK op om steeds gemeentes/ringe deur middel van sy Kampkomitee voor te lig oor die Skoolverwisselingskampaksie asook ten opsigte van die aanbied van sodanige aksies vir ringe/gemeentes wat belangstel om dit te doen."

#### 6.1.2 Uitvoering

*1 'n Voorligtingsessie is beplan vir 24/25 April 1993. Al die ringe en gemeentes asook individue wat betrokke is by die kampaksie, is uitgenooi om insette te lewer. Die belangstelling was egter só min dat die byeenkoms gekanselleer moes word.

*2 Vir die kennisname van die sinode: hierdie kampe word tans op gedesentraliseerde wyse aangebied in Rustenburg (vir ringe Rustenburg, Krokodilrivier en Northam), Badseloop (vir ringe Pietersburg en Pietpotgietersrus), Magaliesberg (vir ringe Sesmylspruit, Valhalla, Voortrekkerhoogte, Pretoria-Wes en Daspoort) en Pienaarsrivier (vir die res van die Pretoria-ringe).

*3 Die RJK's van Sesmylspruit en Derdepoort het verantwoordelikheid geneem om die kampaksie vir die aangewese ringe in Pretoria te hou.

#### 6.1.3 Bevinding

Die desentralisering verloop na wense. Die SJK sal graag wil sien dat nog meer ringe verantwoordelikheid neem vir die aanbieding van hierdie noodsaaklike kampe vir die st 5's.

### 6.2 SKOOLVERLATERSKAMPE

#### 6.2.1 Opdrag van sinode (339 : 6.2.3.1)

"Die sinode dra dit aan die SJK op om steeds voort te gaan met die desentralisasie van die skoolverlaterskampaksie."

#### 6.2.2 Uitvoering

*1 Die verantwoordelikheid vir die aanbieding van hierdie kampe berus tans by die ringe van Rustenburg, Sesmylspruit, Derdepoort en Pietpogietersrus. Die bywoning plat steeds af, maar daar is tog genoegsame belangstelling, veral vir die Juliekamp.

*2 Die jaarlikse aanbieding van die sg "wegbreekkamp" vir matrikulante kry groot momentum en brei steeds uit. Dit word hanteer deur ds Pieter Malherbe van die gemeente Erasmia.

#### 6.2.3 Bevinding

Die SJK is van mening dat daar steeds voortgegaan moet word met die reël van skoolverlaterskampe en dat die inisiatief in die hande van ringe gelaat word.

#### 6.2.4 AANBEVELING

**Die sinode doen 'n beroep op ringe om inisiatief en verantwoordelikheid te neem in die aanbieding van kampaksies vir st 5's en matrikulante.**

### 6.3 VAKANSIEOORDBEDIENING

*1 Die Gesamentlike Kommissie vir Vakansieoordbediening (Noord- en Oos- Transvaal) behartig steeds die oorhoofse koördinering van hierdie kampaksie by binnelandse en strand-vakansieoorde. Ringe en studentegroepe is tans by die volgende oorde betrokke: Tshipise, Eiland, Badplaas, Klein-Kariba, "Wees Gerus" (Nylstroom), Lekkerrus/Libertas (Naboomspruit), Loskopdam, Sybrand van Niekerk/Swadini, Rustenburgkloof en die TO-strand (Natal). 24 Kampe is in die reses gehou.

*2 Soos reeds gemeld, is die SJK in samespreking met die ACSV oor nouer skakeling en koördinering van werksaamhede.

*3 Die opdrag van die sinode ten opsigte van die evaluering van vakansieoordbediening (Handelinge 1991: 339: 6.3.1.1.3) is uitgevoer. 'n Doelmatige ondersoek onder oordpersoneel en vakansiegangers het duidelik laat blyk dat daar 'n behoefte aan dienswerkspanne by vakansieoorde is en dat die program positief beleef word.

### 6.4 BADSELOOP

#### 6.4.1 Huidige situasie

*1 Die volledige toesig, administrasie (besprekings en finansies) en instandhouding van die kampterrein word nou behartig deur 'n plaaslike Bestuurskomitee, in samewerking met die gemeente Naboomspruit. Die SJK en Ringe van Pietpotgietersrus en Waterberg is saam met die kerkraad van Naboomspruit betrokke in die beheerraad. Hierdie reëling werk uitstekend en het 'n groot verligting op die administrasie in die Jeugkantoor gebring.

*2 Die SJK maak graag melding van die dienslewering van die volgende persone: Oom Kaggie Kachelhoffer (opsigter), mev Annatjie Schoeman (kerkkantoor Naboomspruit), ds Willus Knipe en dr Ockie Raubenheimer.

*3 Met groot dank is die afgelope twee jaar se R12 000 van die sinode vir die basiese instandhouding ontvang. Nou dat die kampterrein te Belvedere verkoop is, sal die rente op daardie belegging benut word vir die kampterreine en sal die ondersteuning van die sinode kan verval.

*4 Badseloop word steeds doelmatig benut en bly 'n "juweel" vir die kerk in die pragtige Bosveld!

*5 Die huidige rasionalisering het 'n aanpassing in die Reglement genoodsaak. Die volledige nuwe Reglement word hiermee aan die sinode voorgelê:

# REGLEMENT
# VIR DIE BEHEER VAN DIE BADSELOOPJEUGKAMPTERREIN

## 1. NAAM

Beheerraad van die Badseloopjeugkampterrein.

## 2. BESITREG EN GEBRUIKSREG

2.1 Die kampterrein is die eiendom van die Ned Geref Kerk van Transvaal in trust vir die Jeug soos in die Akte van Skenking gemeld en soos per Transportakte geregistreer.

Die ooreenkomste tussen die Sinodes van Noord-, Suid-, Wes- en Oos-Transvaal ten opsigte van eiendomsreg word in Bylae 1 weergegee.

2.2 Die Ned Geref Kerk Sinode van Noord-Transvaal het voorkeurbespreking aangesien hy die terrein beheer en bestuur.

2.3 Die ander Transvaalse Sinodes word hanteer soos per ooreenkoms (vergelyk Bylae 1).

2.4 Ander kerke en instansies kan ook van die terrein gebruik maak.

2.5 Besprekings ten opsigte van die Ned Geref Kerk word soos volg hanteer:

2.5.1 Die Sinode van Noord-Transvaal kan reeds 'n jaar of langer voor die tyd bespreek.

2.5.2 Die ander Transvaalse Sinodes kan 6 maande voor die tyd bespreek. Skriftelike aansoeke om bespreking langer voor die tyd, sal deur die Bestuurskomitee oorweeg word.

2.6 Ander kerke en instansies kan 6 maande voor die tyd skriftelik bespreek. Aansoeke om bespreking langer voor die tyd sal deur die Bestuurskomitee oorweeg word.

## 3. BEHEERRAAD

### 3.1 Samestelling

Die Beheerraad word soos volg saamgestel:

3.1.1 4 (vier) lede deur die Sinodale Jeugkommissie Noord-Transvaal aangewys;

3.1.2 2 (twee) lede deur die Kerkraad van Naboomspruit aangewys;

3.1.3 1 (een) lid deur die Bestuurskomitee aangewys;

3.1.4 2 (twee) lede deur die Ring van Pietpotgietersrus aangewys;

3.1.5 1 (een) lid deur die Ring van Waterberg aangewys;

3.1.6 1 (een) lid deur die Bond van Badselopers aangewys;

3.1.7 3 (drie) deskundiges (gekoöpteer op ad hoc-basis wanneer nodig).

3.1.8 die administratiewe beampte in die kerkkantoor van Naboomspruit (ampshalwe - vergelyk pt 3.2.3)

### 3.2 Konstituering

3.2.1 Die Beheerraad konstitueer tweejaarliks so gou moontlik na afloop van die vergadering van die sinode.
3.2.2 Die predikant van die gemeente Naboomspruit tree by die eerste vergadering as sameroeper op, en in sy afwesigheid, 'n verteenwoordiger van die Ring van Pietpotgietersrus.

3.2.3 Uit die personeel word 'n voorsitter en ondervoorsitter gekies. Die administratiewebeampte in die kerkkantoor van Naboomspruit is ampshalwe die sekretaris.

3.2.4 'n Dagbestuur, bestaande uit die bogenoemde drie persone en die terreinbestuurder, behartig spoedeisende sake en sake deur die Beheerraad aan hom opgedra.

3.2.5 Die Beheerraad vergader twee keer per jaar. Buitengewone vergaderings word deur die voorsitter op versoek belê met kennisgewing aan al die lede en met vermelding van die doel van die vergadering.

### 3.3 Werksaamhede

Die Beheerraad is verantwoordelik vir:

3.3.1 Sodanige werksaamhede as wat nodig blyk te wees vir die beheer, toesig, instandhouding, beskikbaarstelling en uitbouing van die terrein.

3.3.2 Die vasstelling, na oorlegpleging met die Bestuurskomitee, van die kampgelde.

3.3.3 Die goedkeuring van die jaarverslag, geouditeerde state en begroting met die oog op voorlegging aan die Sinodale Jeugkommissie, die Ringe van Pietpotgietersrus en Waterberg, en die Kerkraad van Naboomspruit.

3.3.4 Die aanstel van 'n terreinbestuurder en die vasstelling van sy diensvoordele.

## 4. BESTUURSKOMITEE

4.1 Die Kerkraad van Naboomspruit benoem 'n Bestuurskomitee bestaande uit

4.1.1 die Terreinbestuurder

4.1.2 drie lidmate deur die kerkraad aangewys

4.1.3 een van die leraars

4.1.4 die administratiewe beampte

4.1.5 een verteenwoordiger van die Vrouediens

### 4.2 Werksaamhede

Die Bestuurskomitee is verantwoordelik vir:

4.2.1 Die opstel van die terreinbestuurder se pligtestaat en toesig oor sy werksaamhede.

4.2.2 Die aanstel van en toesig oor die permanente en tydelike arbeiders, asook die vasstelling van hulle diensvoordele.

4.2.3 Die algemene instandhouding van en toesig oor die terrein met rapport aan die Beheerraad.

4.2.4 Die hantering van die besprekings, administrasie en finansies deur middel van die Kerkkantoor van die Ned Geref Gemeente Naboomspruit.

4.2.5 Die opstel van die jaarverslag en begroting vir voorlegging aan die Beheerraad saam met die geouditeerde state.

5. GOEDKEURING EN WYSIGING VAN REGLEMENT

Hierdie Reglement is onderhewig aan die goedkeuring van die Sinodale Jeugkommissie en kan alleen deur 'n tweederdemeerderheid van die Beheerraad gewysig word.

OOREENKOMS TUSSEN DIE TRANSVAALSE SINODES TEN OPSIGTE VAN DIE EIENDOMSREG

Aangesien hierdie terrein aanvanklik aan al die Transvaalse Sinodes behoort het, is die volgende ooreenkomste ten opsigte van eiendomsreg bereik:

**Tussen Noord-Transvaal en Suid- en Wes-Transvaal**, naamlik

1. Alle vorige ooreenkomste word hiermee herroep;

2. Badseloop bly die eiendom soos in die Akte van Skenking gemeld, van die Ned Geref Kerk van Transvaal in trust vir die jeug;

3. Indien die kerk Badseloop verkoop word die gerealiseerde bedrag om die helfte tussen Noord- en Suid-Transvaal verdeel nadat:

3.1 elke sinodale gebied ten volle uitbetaal is vir verbeterings deur hom aangebring soos gewaardeer ten tye van verkoop en bereken teen die koopprys;

3.2 skenkings van mnr LJ van Zyl in berekening gebring is;

3.3 alle ander kostes afgetrek is.

Suid- en Wes-Transvaal gaan hulle eie ooreenkoms aan oor die verdeling van Suid-Transvaal se aandeel.

4. Die volle beheer en bestuur van Badseloop word deur Noord-Transvaal onderneem.

5. Suid- en Wes-Transvaal het die reg om Badseloop langs die gewone kanale te bespreek en indien dit beskikbaar is, met betaling van die vasgestelde bedrag die terrein te gebruik

6. Die sinodes van Suid- en Wes-Transvaal kan nie aanspreeklik gehou word vir die toekomstige uitgawes en/of verlies in verband met die kampterrein nie.

**Tussen Noord-Transvaal en Oos-Transvaal**, naamlik

1. Die ooreenkoms tussen Noord- en Suid-Transvaal word aanvaar as beginsel.

2. By verkoop van Badseloop word die gerealiseerde bedrag na aftrekking van verbeterings en skenkings op die verdelingsbeginsel van 1979 naamlik 65,5% (Noord) en 34,5% (Oos) hanteer.

3. Oos-Transvaal het die reg om Badseloop langs die gewone kanale te bespreek en indien dit beskikbaar is, met betaling van die vasgestelde tariewe te gebruik.

4. Die Sinode van Oos-Transvaal kan nie aanspreeklik gehou word vir die toekomstige uitgawes en/of verliese in verband met die kampterrein nie.

6.4.2 AANBEVELINGS

**6.4.2.1 Die sinode keur die nuwe reglement vir die beheer van die Badseloopjeugkampterrein goed.**

**6.4.2.2 Die sinode spreek sy opregte dank uit teenoor die gemeente van Naboomspruit vir hul gewilligheid om die administrasie van Badseloop oor te neem.**

6.5 MAGALIESBERG

6.5.1 Huidige situasie

*1 Die Magaliesberg-jeugkampterrein word bestuur deur 'n plaaslike Bestuurskomitee (saamgestel uit verteenwoordigers van die Ring van Krokodilrivier), met verantwoording aan 'n beheerraad (saamgestel uit die 6 ringsvennote: Pretoria-Oos, Daspoort, Krokodilrivier, Sesmylspruit en Valhalla, asook die SJK). Mnr Frikkie Snyman is die deeltydse opsigter en sy eggenote, Fransie, behartig al die gewone administrasie (besprekings, finansies, ens) -- hulle lewer uitstekende diens.

*2 Die beheerraad kon in die afgelope jaar sy twee lenings by die Sinodale Kerkkantoor aflos.

*3 Die terrein word doelmatig benut en die beheerraad ywer steeds om dit so ver moontlik selfonderhoudend te maak.

*4 Die desentralisering beteken dat 'n nuwe reglement vir die beheerraad aan die sinode voorgelê word:

## REGLEMENT
## VIR DIE BEHEER VAN DIE MAGALIESBERGJEUGKAMPTERREIN

1. NAAM

Beheerraad van die Magaliesbergjeugkampterrein.

2. BESITREG EN GEBRUIKSREG

2.1 Die kampterrein is die eiendom van die Ned Geref Kerk van Transvaal soos per transportakte geregistreer en word in trust gehou vir die jeug van die Ned Geref Kerk Sinode van Noord-Transvaal.

2.2 Die gelykberegtigde vennote, soos omskryf in Artikel 3, tree in die beheerraad as gedelegeerdes op, onder toesig van die Sinodale Jeugkommissie van Noord-Transvaal (afgekort: SJK).

2.3 Die meewerkende ringe, die gemeentes in hierdie ringe en die SJK Noord-Transvaal het voorkeurbespreking aangesien hulle die terrein beheer en bestuur.

2.4 Ander kommissies, ringe en gemeentes van die Ned Geref Kerk kan ook van die terrein gebruik maak, asook ander kerke, instansies en skole.

2.5 Besprekings ten opsigte van die Ned Geref Kerk word soos volg hanteer:

2.5.1 Die meewerkende ringe en gemeentes van hierdie ringe asook die SJK het voorkeurbespreking tot 30 September vir die daaropvolgende jaar.

2.5.2 Die ander kommissies, ringe en gemeentes kan vanaf 1 Oktober vir die daaropvolgende jaar bespreek. Skriftelike aansoeke om bespreking langer voor die tyd, sal deur die Bestuurskomitee oorweeg word.

2.6 Ander kerke, instansies en skole kan vanaf 1 Oktober vir die daaropvolgende jaar bespreek. Hierdie bespreking moet skriftelik ingedien word vir oorweging deur die Bestuurskomitee.

## 3. VENNOTE

3.1 Die volgende ringe en kommissies is die huidige vennote:

3.1.1 Die Ringe van Daspoort, Krokodilrivier, Pretoria-Oos en Sesmylspruit as volle meewerkende ringe met gelyke verantwoordelikhede en gelyke regte.

3.1.2 Die Sinodale Jeugkommissie van Noord-Transvaal as nie-bydraende vennoot kragtens sy historiese betrokkenheid by die terrein.

3.2 Ringe en kommissies kan hierna, met aansoek en onderhewig aan die goedkeuring en voorwaardes soos deur die Beheerraad neergelê, toetree as meewerkende of adviserende vennoot.

3.3 Indien 'n vennoot uit die Beheerraad wil tree, moet dit geskied met skriftelike kennisgewing aan die Beheerraad. Sodanige vennoot moet in elk geval sy verpligte bydrae op pro rata-basis vir die daaropvolgende boekjaar nakom.

3.4 By eventuele uittrede van 'n vennoot is sodanige vennoot nie geregtig op enige vergoeding ten opsigte van bydraes deur hom gelewer nie, en doen hy daarmee afstand van sy aandeel en regte in die vennootskap.

## 4. BEHEERRAAD

### 4.1 Samestelling

Die Beheerraad word soos volg saamgestel:

4.1.1 Een (1) lid met sekundus deur die Sinodale Jeugkommissie Noord-Transvaal aangewys.

4.1.2 Twee (2) lede met een sekundus deur elk van die volgende meewerkende ringe aangewys: Daspoort, Krokodilrivier, Pretoria-Oos en Sesmylspruit.

4.1.3 Een (1) lid met sekundus deur die Bestuurskomitee aangewys.

4.1.4 Die terreinbestuurder en die adminbeampte.

4.1.5 Drie (3) deskundige lede (adviserend gekoöpteer op 'n ad hoc-basis).

### 4.2 Konstituering

4.2.1 Die Beheerraad konstitueer tweejaarliks so gou moontlik na afloop van die gewone vergadering van die sinode.

4.2.2 Die verteenwoordiger van die SJK tree by die eerste vergadering as sameroeper op, en in sy afwesigheid 'n verteenwoordiger van die Ring van Krokodilrivier.

4.2.3 Uit die personeel word 'n voorsitter en ondervoorsitter gekies. Die adminbeampte is ampshalwe die sekretaris.

4.2.4 'n Dagbestuur, bestaande uit die bogenoemde drie persone en die terreinbestuurder, behartig spoedeisende sake en sake deur die Beheerraad aan hom opgedra.

4.2.5 Die Beheerraad vergader twee keer per jaar. Buitengewone vergaderings word deur die voorsitter op versoek belê met kennisgewing aan al die lede en met vermelding van die doel van die vergadering.

### 4.3 Werksaamhede

Die Beheerraad is verantwoordelik vir:

4.3.1 Sodanige werksaamhede as wat nodig blyk te wees vir die beskikbaarstelling, beheer, toesig, instandhouding en uitbouing van die terrein.

4.3.2 Die vasstelling, na oorlegpleging met die Bestuurskomitee, van die kampgelde.

4.3.3 Die vasstelling van die jaarlikse bydrae deur die vennote.

4.3.4 Die opstel en voorlegging van die jaarverslag en 'n geouditeerde staat van finansies aan die deelhebbende ringe en die Sinodale Jeugkommissie Noord-Transvaal.

4.3.5 Die aanstel van 'n terreinbestuurder en adminbeampte en die vasstelling van hul diensvoordele.

## 5. BESTUURSKOMITEE

### 5.1 Samestelling

Die Ring van Krokodilrivier benoem 'n Bestuurskomitee bestaande uit:

5.1.1 die Terreinbestuurder

5.1.2 drie (3) persone van die ring, waarvan ten minste een (1) 'n predikant moet wees

5.1.3 die Adminbeampte

5.1.4 een (1) verteenwoordiger met sekundus van die kerkraad van Brits.

### 5.2 Werksaamhede

Die Bestuurskomitee is verantwoordelik vir:

5.2.1 Die opstel van die terreinbestuurder se pligtestaat en toesig oor sy werksaamhede.

5.2.2 Die opstel van die adminbeampte se pligtestaat en toesig oor sy werksaamhede, veral ten opsigte van die hantering van die besprekings, administrasie en finansies.

5.2.3 Die aanstel van en toesig oor die ander werknemers, asook die vasstelling van hulle diensvoordele.

5.2.4 Algemene toesig oor, instandhouding en uitbouing van die terrein binne die begroting, met rapport aan die Beheerraad.

5.2.5 Uitvoer van spesifieke opdragte van die Beheerraad.

5.2.6 Die opstel van die finansiële verslag en begroting vir voorlegging aan die Beheerraad.

6. GOEDKEURING EN WYSIGING VAN REGLEMENT

Hierdie Reglement is onderhewig aan die goedkeuring van die meewerkende ringe en die Sinodale Jeugkommissie Noord-Transvaal en kan alleen deur 'n tweederdemeerderheid van die vyf (5) vennote gewysig word.

6.5.2 AANBEVELINGS

**6.5.2.1 Die sinode keur die nuwe reglement vir die beheerraad van die Magaliesberg-jeugkampterrein goed.**

**6.5.2.2 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die Ring van Krokodilrivier vir hul gewilligheid om die bestuur van die kampterrein via die bestuurskomitee te behartig.**

6.6 BELVEDERE

6.6.1 Huidige situasie

Hierdie stuk grond aan die Suid-Kaapse kus is onlangs verkoop. Die nettobedrag (R400 000) is by die Kerkkantoor belê en die rente word benut vir die instandhouding van die twee jeug-kampterreine.

6.6.2 AANBEVELING

**Die sinode keur goed dat die rente op die Belvedere-belegging onder andere gebruik word vir die instandhouding van die Magaliesberg- en Badseloopjeugkampterreine.**

6.7 PIENAARSRIVIER

6.7.1 Beskrywingspunt : Ring van Hartbeesspruit

6.7.1.1 Aanbeveling van ring

"Die sinode besluit dat Pienaarsrivier-kampterrein voortaan nie bedryf sal word met eweredige bydraes van ringe / gemeentes nie, en dat die bedryfs- en ontwikkelingskoste verhaal moet word uit kampgelde."

6.7.1.2 Standpunt van SJK

Pienaarsrivier is nie 'n sinodale kampterrein nie; die SJK het slegs adviserende verteenwoordiging (1 lid) in die Beheerraad. Die terrein behoort aan die Provinsiale Administrasie Transvaal en staan onder beheer en toesig van 'n beheerraad saamgestel uit verteenwoordigers van 'n aantal ringe in Noord- en Oos-Transvaal. Die beskrwyingspunt is derhalwe nie ontvanklik vir die sinode nie; die plaaslike beheerraad sal die probleem self moet oplos.

6.7.1.3 AMENDEMENT VAN SJK

**Die beskrywingspunt van die Ring van Hartbeesspruit in sake die Pienaarsrivier-jeugkampterrein word nie goedgekeur nie.**

6.7.2 Huidige situasie

*1 Die beheerraad van Pienaarsrivier is besig met 'n doelmatige aksie om die terrein meer selfonderhoudend te maak.

*2 Die beheerraad het sy lening by die SJK (Jeugtrustfonds) finaal afgelos.

*3 Die terrein word uitstekend benut en is tot groot wins vir die kampaksie in Pretoria en omgewing.

6.7.3 Befondsing van kampterreine

*1 In die lig van die situasie by Pienaarsrivier, asook die doelwitte wat gestel word vir die ander jeugkampterreine, wil die SJK dit duidelik as standpunt stel dat elke kampterrein van die kerk steeds moet ywer en beplan om finansieel selfstandig en selfonderhoudend te funksioneer. By die vasstelling van kampgelde bly die uitgangspunt dat die persoon/instansie wat die terrein gebruik, verantwoordelik is vir die primêre koste, dit wil sê "betaling vir dienste gelewer".

*2 Geen kampterrein behoort afhanklik te wees van die finansiële ondersteuning van gemeentes en/of ringe nie. Indien nodig, kan gewillige gemeentes en ringe wel hul betrokkenheid kwalifiseer met 'n jaarlikse finansiële bydrae, maar dit moet steeds as bykomend gereken word en behoort ook tot die minimum beperk te word. Sekere voordele vir sodanige gemeentes/ringe kan dan in die gebruiksvoorwaardes ingebou word.

*3 Dit kan nie van die sinode verwag word om jeugkampterreine ten volle te dra nie. Aangesien sommige terreine wel die eiendom van die kerk is, kan die sinode ondersteunende en bykomende hulp bied, veral met die oog op instandhouding. Hierdie befondsing moet verkieslik vanuit trustfondse, soos beskikbaar, geskied.

## 7. ALGEMENE SAKE

7.1 IMPLEMENTERING VAN LêERSISTEME

7.1.1 Opdrag van sinode (329 : 4.1.3)

"Die sinode versoek sinodale kommissies om by die implementering van lêersisteme kennis te neem van die riglyne van die Argief en ook indien toepaslik, insette te lewer."

7.1.2 Uitvoering

Die "eenwording" van die Jeugkantoor met Gemeentebediening en die gepaardgaande verskuiwing van kantore, het noodwendig meegebring dat die hele argiefsisteem van die SJK tans aandag geniet. Dit is 'n langtermynprojek wat (so vertrou ons) in hierdie kerkjaar afgehandel sal kan word.

7.1.3 Bevinding

Dit is vir die SJK baie duidelik dat die sg lêersisteme van die argief nie prakties bruikbaar is nie. Die kodestelsel is vir leke totaal vreemd en verwarrend. Verder kon die argief ook net voorlopige riglyne voorsien; die stelsel word steeds uitgebrei en aangepas. Alvorens die argief 'n heel eenvoudige stelsel daarstel, sien die SJK nie sy weg oop om by die huidige stelsel in te pas nie. Derhalwe het die SJK net "kennis geneem" van die riglyne en gaan hy voort met sy eie stelsel.

## 7.2 INDEKSERING VAN SINODALE AGENDAS EN NOTULES

### 7.2.1 Opdrag van sinode (329 : 3.1.3.3)

"Die sinode versoek skriba's van die onderskeie sinodale kommissies om indien enigsins moontlik, aan die Argief medewerking te verleen in verband met die indeksering van sinodale agendas en notules, veral wat betref die werk in hul bedienings- en vakgebied."

### 7.2.2 Uitvoering

Aan hierdie versoek is daar nie aandag gegee nie.

### 7.2.3 Bevinding

Die versoek het groot meriete maar is prakties nie uitvoerbaar nie. Geen lid van die SJK het die tyd om in die argief te gaan sit en al die SJK-stukke sedert 1957 te indekseer nie; genoemde stukke is in elk geval nog nie eens in die argief nie! Daar sal 'n ander uitweg gesoek moet word -- wat van die benutting van teologiese studente, proponente, emeriti ens?

## 7.3 BEFONDSING

### 7.3.1 Opdragte van sinode/moderamen/SKF

*1 "Die sinode dra dit aan die verskillende kommissies van die sinode op om weer eens deeglik te besin oor die moontlikheid om hulle uitgawes te verminder deur sekere werk af te skaal of te termineer en dit aan die volgende sinode voor te lê vir goedkeuring." (380 : voorstel 1)

*2 "Dat die onderskeie kommissies van die sinode opdrag ontvang om in die voorlegging van alle aansoeke rakende bepaalde werksaamhede, by die prinsipiële motivering ook 'n volledige uitvoerbaarheids- en kostestudie, wat vooraf met die SKF uitgeklaar is, in die verslag van die kommissie opt te neem." (Brief Moderamen 14/2/92)

*3 "Dat elke kommissie moet meewerk aan 'n 40%-besnoeiing op die begroting van die sinode." (Brief van SKF in opdrag van Moderamen).

### 7.3.2 Uitvoering

*1 Die SJK het indringend aan al hierdie sake aandag geskenk. Die werk is tot 'n groot mate gedesentraliseer en/of getermineer; slegs die noodsaaklike geniet aandag. Die verlies aan 'n PSD word steeds gevoel, maar die SJK is bereid en gerat om daarsonder klaar te kom.

*2 Die "samewerking" met Gemeentebediening en gesamentlike benutting van kantoorfasiliteite het 'n grootskaalse besparing meegebring. Daarmee saam is die gewone begroting van die SJK tot op die been gesny. Die enigste groot uitgawe was die instandhouding van die Badseloop-kampterrein. LET WEL: daar is al reeds 'n besparing van 47,6% op die begroting vir 1993/94.

*3 Daar is nie spesifieke nuwe werksaamhede wat die SJK beplan en waarvoor befondsing vanuit die sinode benodig word nie.

*4 Intussen het die SJK al sy trustfondse gekonsolideer en word dit ten volle deur die Sinodale Kerkkantoor hanteer; dit vorm dan ook deel van die noodfinansieringsplan vir die Sinodale Sentrum (waar die SJK se aandeel 0,2% beloop!).

*5 Die SJK het ook sy standpunte aan die Ad Hoc-kommissie vir Prioriteite oorgedra (vgl verslag van die Moderamen in hierdie verband).

### 7.3.3 Bevinding

Die SJK is van mening dat hy meer as sy kant in hierdie verband gebring het. Die SJK berus hom by die besluite van die sinode ten opsigte van die prioriteite vir die jeugbediening

## 7.4 SAMEWERKING MET GEMEENTEBEDIENING

Die SJK is tevrede met die huidige reëling ten opsigte van die deel van kantoorfasiliteite met die SKG. Die SJK spreek graag sy opregte dank en
waardering uit teenoor dr PW Marais (PSD : Gemeentebediening) vir sy hartlike samewerking en positiewe "buurmanskap". Die SJK is steeds dankbaar dat hy die uitstekende dienslewering van mej Hermien Swart as kantoordame kan benut.

## 7.5 SKAKELING MET ALGEMENE JEUGKOMMISSIE

Ten spyte van die afwesigheid van 'n PSD is daar tans 'n noue skakeling met en deelname aan die werksaamhede van die Algemene Jeugkommissie. Dr WPJ van Wyk is die voorsitter van die AJK en dien ook in verskeie kommissies ten opsigte van Kategesevernuwing, Gesinsbediening ens. Ds JC Carstens is die ondervoorsitter van die AJK en neem leiding by die Subkommissie Jong Belydende Lidmate; hy was ook ten nouste betrokke by die nuwe Jeugsangbundel.

## 7.6 AKSIE VOLUIT VIR CHRISTUS

*1 Ongelukkig het daar tot op hede nog nie hier in Noord-Transvaal veel tereg gekom van die 5jaar-plan VOLUIT VIR CHRISTUS nie. Inligting is deurgestuur na ringe en gemeentes, maar die SJK het nie sy weg oopgesien om grootskaalse inligtingsgeleenthede en opleiding te behartig nie.

*2 1994 is Gesinsjaar -- die SJK vertrou dat daar meer op die tafel sal wees vir toepassing in die gemeentes. En dan sal ons betyds inligting deurstuur ten opsigte van die beplanning vir 1995 (Getuie vir Christus). Maar die SJK wil dit duidelik stel: ons gaan nie inisiatief neem met sinodale projekte nie. Die saak moet plaaslik in rings- of gemeenteverband aandag geniet.

### 7.6.3 AANBEVELING

**Die sinode doen 'n beroep op die gemeentes om spesiaal te beplan met die oog op Gesinsjaar 1994 en Getuie vir Christus 1995.**

## 7.7 DOELWITTE

### 7.7.1 Opdrag van sinode (310 : 3.2.4.5)

"Die sinode gee opdrag aan die onderskeie sinodale kommissies om elk sy doelwitte te formuleer met verslag aan die volgende sinodesitting."

### 7.7.2 Uitvoering

Die SJK het sy doelwit soos volg geformuleer: "Die SJK stel dit as sy doelwit om sy opdragte soos omskryf in Bepaling 50.3 na die beste van sy vermoë uit te voer."

### 7.7.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die doelwit vir die SJK goed.**

## 7.8 SAMESTELLING SJK

### 7.8.1 Huidige situasie

*1 Die sewe lede van die SJK behartig elk 'n spesifieke portefeulje; daarom is dit belangrik dat 'n deskundige vir elk van die portefeuljes aangewys word. Dit word 'n probleem as 'n lid in die reses bedank en die aangewese sekunduslid is nie ingewerk in die spesifieke portefeulje nie. Daarom sal die SJK graag 'n verandering ten opsigte van die sekundi-lede vir die SJK wil hê, nl 5 lede wat nie noodwendig in volgorde opgeroep hoef te word nie.

*2 Die SJK maak met groot dank en waardering melding van die uitstekende deelname en insette van die verteenwoordiger van die Vrouediens (mev Ezanda Dreyer van Haakdoorn).

*3 Die SJK betuig ook sy opregte dank en waardering aan ds JJ (Kobus) Gerber vir sy jarelange diens as SJK-lid, PSD-Jeug en SJK-voorsitter. Sy bedanking was vir ons 'n groot verlies.

*4 Die SJK betuig sy dank en waardering teenoor ds JC (Cassie) Carstens vir sy dienslewering as skriba van die kommissie.

### 7.8.2 AANBEVELING

**Die sinode keur goed dat daar 5 sekundi-lede vir die SJK aangewys word en dat hulle nie noodwendig in volgorde opgeroep hoef te word nie.**

Hiermee vertrou die SJK het hy sy opdragte tot bevrediging van die sinode afgehandel. Seën toegebid op die vergadering.

| | |
|---|---|
| WPJ VAN WYK<br>VOORSITTER | JC CARSTENS<br>SKRIBA |

# A.6 TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

## 1. PROFIEL VAN DIE INSTITUUT

### 1.1 BEHEERSTRUKTUUR

#### 1.1.1 Samestelling van die Borgliggaam

Die Borgliggaam word saamgestel uit verteenwoordigers van die volgende ledekerke:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Sinodes van Natal, Oranje-Vrystaat en die vier sinodes van Transvaal), die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

#### 1.1.2 Samestelling van komitees

Volgens die Konstitusie word die beheer oor die sake van die Instituut behartig deur 'n jaarlikse vergadering van verteenwoordigers, (jaarvergadering), uitvoerende komitee en dagbestuur.

Die eerste direkteur van die Instituut, mnr LNF Pretorius, het tot 1992 gedien. Tans beklee dr B Cronje die pos. Mnr J le Roux het as skakelbeampte veral met gemeentes geskakel totdat hy gedurende 1992 uit diens getree het. Mnr A Fourie beklee tans die pos as skakelbeampte, terwyl mev M Jacobs as projekleier en mev R Binneman as sekretaresse/tikster dien.

Daar word tans indringend aandag gegee aan rasionalisasie en verkleining van die personeel.

#### 1.1.3 Konstitusie

*1 Gedurende 1990 het die Instituut aandag gegee aan die hersiening van die konstitusie en die konsepkonstitusie is aan die onderskeie kerke voorgelê.

*2 Die kerke het op verskillende wyses op hierdie konstitusie gereageer.

*3 In die lig van die veranderende onderwyssituasie het dit noodsaaklik geword dat die konsitutsie hersien en meer vaartbelynd gemaak moet word.

*4 'n Kommissie, saamgestel deur die aktuarii van die verskillende sinodes, gee tans hieraan aandag. Die hersiene konstitusie sal daarna onder aandag van die verskillende kerke gebring word om daarmee na bevind van sake te handel.

### 1.2 PROFIEL VAN DIE SKOLE VERBONDE AAN DIE INSTITUUT

| Skool | Stigtingsdatum | Getal kinders | Aard van gestremdheid |
|---|---|---|---|
| Transoranje skool vir dowes | 16/8/54 | 280 | Gehoorgestremdes |
| Prinshofskool vir swaksiende leerlinge en VEG blindes | 29/1/63 | 329 | Gesiggestremdes asook 'n afd vir VEG en blindes tot st 1 |
| Sonitusskool vir hardhorendes | 10/4/73 | 292 | Hardhorendes |
| Transvaliaskool | 12/10/73 | 248 | Epilepsie spesifiek leergestremdes |
| Martie d Plessis | 1978 | 317 | Serebraalgestremdes |

Verskeie skole vir Buitengewone Onderwys het in die afgelope paar jaar aansoek gedoen om ook onder die Borgliggaam opgeneem te word, 'n versoek wat om finansiële redes nie toegestaan kan word nie.

### 1.3 LEERLINGPROFIEL

*1 Die skole verbonde aan die Insitituut het 'n bogemiddelde slaagpersentasie.

*2 'n Beduidende getal leerlinge wat afstudeer, sit, ten spyte van gestremdhede, hul studies voort aan tersiêre inrigtings soos universiteite, technikons en ander opleidingsentra. Afgestudeerdes beklee poste soos advokate, skoolhoofde en ander hoë betrekkings.

*3 Leerlinge presteer op akademiese, sosiale, kuns en sportgebied. Op alle gebiede is voortreflike prestasies behaal (een leerling het selfs aan die Olimpiese Spele vir Gestremdes te Barcelona deelgeneem).

*4 Dit is egter verontrustend dat 'n al groter getal ouers hul kinders uit buitengewonde onderwys om finansiële redes onttrek en hulle in hoofstroomonderwys terugplaas, dikwels met katastrofiese gevolge.

## 2. VERANDERENDE SITUASIE TEN OPSIGTE VAN ONDERWYS

### 2.1 VERANDERINGE TEN OPSIGTE VAN BEHEERSTRUKTURE

Hieronder tel die volgende:

2.1.1 Die skole en hul bestuursliggame word outonoom. 'n Nuwe verhouding tussen Instituut en die skole moes dus uitgewerk word wat maksimum vryheid van besluitneming en tog ook onderlinge verbandhouding en bereiking van die Instituut die borgliggaam en die kerke se doelstellings, akkomodeer en verseker.

2.1.2 Oordrag van die eiendom van die Instituut na die skole. Di sou beteken dat die Instituut se bates hom grootliks ontneem word. Die vraag kan dus gevra word op welke wyse die Instituu vergoeding sou ontvang vir sy jarelange bydrae tot die skole.

2.1.3 Die veranderings wat 'n nuwe onderwysbedeling sa meebring, waar die beheer en kontrole van die onderwys vi gestremdes na alle waarskynlikheid op 'n streeksgrondslag sa geskied, vereis ernstige besinning in terme van die toekomstig skakeling van die Instituut met die onderwysbeheerowerhede.

2.1.4 Skole wat op grond van ras, kleur of geloof onderskei, i reeds gewaarsku dat hulle vanaf 1 April 1994 geen staatsubsidi sal ontvang indien op rassegrondslag onderskeid gemaak wor nie. In die lig hiervan is skole geadviseer om hieraan uitvoerin te gee deur hul kinders, personeel en ouers hiertoe voor te bere Die vraag is nou egter watter ruimte in die toekoms gelaat wor om op grond van christelike geloof toelatingskriteria in di toelatingsbeleid in te skryf wat hiervoor voorsiening sou maal Dit hang af van die aanvaarding, al dan nie, van 'n handves va fundamentele menseregte.

2.1.5 Daar is duidelike bewyse dat die staatsubsidie vir bedryfkostes sowel as vir salarisse besig is om drasties te verminder. Ten spyte van reuse pogings deur die skole om besparings op uitgawes te bewerkstellig, is dit duidelik dat die Instituut se bydraes moet verhoog namate die bydraes van die Staat afneem.

## 3. FINANSIES

### 3.1 UITGAWES BY 'N SKOOL VIR BUITENGEWONDE ONDERWYS

*1 Afgesien van personeelsalarisse is die grootste uitgawes by 'n skool vir buitengewone onderwys gewoonlik losies van leerlinge (koshuise), opvoedkundige apparaat en hulpmiddels, vervoer van leerlinge, medikasie en bedryfskoste (water, elektrisisteit, telefoon, ensovoorts).

*2 Bedryfsuitgawes ten opsigte van water, elektrisiteit en telefoon het oor die afgelope drie jaar 'n skerp styging getoon. Residensiële skole word veral hierdeur geraak.

### 3.2 INKOMSTEBRONNE

#### 3.2.1 Hoofinkomstebronne

Die hoofinkomstebronne vir 'n Staatsondersteunde skool vir buitengewone onderwys is die volgende:

- die Staat (DOK)
- die borgliggaam
- fondsinsamelingsprojekte van die skool/donateurs
- ouerbydraes

#### 3.2.2 Die Staat

Die Departement se bydraes tot bedryfskoste het, in verhouding, baie afgeneem sedert 1989 soos duidelik uit die volgende syfers blyk:

| Finansiële jaar | % aanpassing tov bedryfskoste | % inflasie volgens Reserwebank |
|---|---|---|
| 93/94 | 0% | 10% |
| 92/93 | 2,87% | 14% |
| 91/92 | 8,72% | 15,3% |
| 90/91 | 8,72% | 4,4% |
| 89/90 | 8,16% | 14,7% |
| ----- | ----- | ----- |
| Totaal | 20,31% | 68,4% |
| Verskil | | 38,09% |

Vooruitskattings dui op verdere afnames wat staatsbydraes betref.

#### 3.2.3 Die Borgliggaam

Die borgliggaam se bydrae tot die bedryfsuitgawes van die skole, moes in dieselfde verhouding verhoog as wat die staatsbydrae verminder het. In hierdie moeilike tye van ekonomiese laagtepunte word dit al hoe moeiliker vir borgliggame om met hulle bydraes vol te hou.

#### 3.2.4 Die skole

Skole (ouerverenigings) het meer betrokke geraak by fondsinsamelingsprojekte. Sedert die tot standkoming van die staatsondersteunde skole word dit al moeiliker om donasies te vind.

#### 3.2.5 Die ouers

Ouerbydraes ten opsigte van losies en in die afgelope jaar ook in die vorm van verpligte skoolgeld, maak 'n belangrike deel van die inkomste van die skool uit. Dit is egter ook 'n onbetroubare bron omdat al meer ouers nie meer in staat is om hulle volle bydrae te lewer nie. Beurse aan behoeftige ouers, wat deur die Departement voorsien word, is ontoereikend. Groot bedrae moet jaarliks aan slegte skuld, deur bestuursliggame afgeskryf word.

### 3.3 VERANDERINGE TEN OPSIGTE VAN DIE EKONOMIESE SITUASIE

Hieronder tel die volgende:

*1 Die staat se bydraes ten opsigte van aanpassings van subsidie het tans die zeromerk ten opsigte van verhogings aan onderwysbesteding bereik. Hierdie bydrae sal in die toekoms heelwaarskynlik verder afgeskaal word.

*2 Onderwys aan die gestremde kind word steeds duurder en beloop tans reeds gemiddeld ± R18 000 per jaar per kind.

*3 Aangesien in vooruitsig gestel word dat verpligte en dus gesubsidieerde onderwys net vir nege skooljare sal geld, bring dit mee dat voorsiening gemaak sal moet word om kinders in staat te stel om tot op die huidige matriekvlak te kan voortgaan.

*4 'n Steeds groterwordende persentasie ouers (in die geval van een skool beloop dit reeds 30%) moet reeds geheel of gedeeltelik subsideer word. In etlike gevalle onttrek ouers hul kinders aan buitengewone onderwys en plaas hul in hul eie omgewing in hoofstroomskole tot groot skade van die gestremde kind.

*5 Die insamelingsmetodes waarmee die instituut in die verlede fondse verkry het, is hopeloos verouderd vir die nuwe situasie, en moes dringend hersien word.

*6 Daar is vrae of die kerk vanweë sy eie verswakkende finansiële situasie nog verder sy bydrae kan handhaaf en eintlik moet verhoog.

*7 Die totstandkoming van nog 'n vorm van staatsondersteunde skole (model C-skole) bring mee dat daar groter aanspraak gemaak word op die instansies wat in die verlede tradisioneel bygedra het tot die skole onder beheer van die instituut. Bydraes word dus verdeel.

### 3.4 STRATEGIESE BEPLANNING

*1 Die instituut het reeds gedurende 1990 besef dat sy werksaamhede nie meer op die wyse wat die afgelope twintig en meer jare gedoen is, gefinansier kan word nie.

*2 In die lig daarvan is gedurende 1990 'n strategiese beplanningssessie deur deskundige leiding gehou, waartydens kort-, medium- en langtermyn doelwitte gedefinieer is.

*3 Ter bereiking van die doelwitte is onder andere, die volgende stappe in werking gestel:

- herstrukturering van die personeelstruktuur

- rasionalisering van die aktiwiteite van die instituut

- die aanstelling van konsultante met die oog op die ontwerp van 'n projek waardeur fondse gegenereer kan word.

*4 Die rasionaliseringsaksie behoort teen April 1993 afgehandel te wees nadat genoegsame ervaring van die nuwe strategie sowel as die wins- en verliespunte daarvan ondervind en evalueer kan word.

*5 Herbeplanning en aanpassing ten opsigte van die bestaande strategie word deurentyd gedoen.

### 3.5 ONTWIKKELING VAN DIE EKI-PROJEK

*1 Op die adviese van en in medewerking met die konsultante Com Dev is projek Eki geloods.

*2 Vir die ontwikkeling van hierdie projek is 'n bedrag van R276 575,00 bestee waarna die dienste van die firma beëindig is.

*3 Op versoek van die konsultante en sonder goedkeuring deur die instituut het die SAUK 'n videoreeks, met die oog op bekendstelling van Eki en fondswerwing, ten bedrae van R400 000,00 gemaak.

*4 Die instituut het hieroor met die SAUK in onderhandeling gegaan. Tans is die SAUK bereid om die bedrag van R176 000 te aanvaar. Hierdie aanbod sal deur die instituut aanvaar word.

*5 Die projek het meer as sy gewone groeipyne beleef, aangesien die instituut met min ervaring die besigheidswêreld moes betree en duur lesse moes leer.

*6 Die ontwikkeling van die projek het groot bedrae geld geverg en groot insnyding is op die fondse van die instituut gemaak.

*7 Die proses van klimaatskepping is 'n langsame proses wat nie onmiddellik vrugte afgewerp het nie.

*8 Daar moet tog in gedagte gehou word dat firmas miljoene rande belê in die bekendstelling van projekte, belegging wat eers later vrugte afwerp.

### 3.6 FINANSIëLE VOORSIENING AAN SKOLE

#### 3.6.1 Verandering in beleid

Waar in die verlede slegs in die basiese behoeftes van die skole voorsien is en meer gepoog is om die fondse van die instituut op te bou, het dit tog gebeur dat groot agterstande ten opsigte van noodsaaklike apparaat en onderrighulpmiddele by skole ontstaan het. Daarom het die instituut gedurende 1991/1992 'n bedrag van bykans R1,2 miljoen aan skole beskikbaar gestel en is groot agterstande uitgewis.

#### 3.6.2 Tekorte in die balansstate van die Instituut

Aan die skole kon vir die boekjaar 1992/1993 'n bedrag van R899 261,00 uit die instituut fondse toegeken word terwyl 'n verdere bedrag van R835 000,00 deur bemiddeling van die instituut (in besonder deur projek Eki) aan die skole toegekom het. 'n Totaal van R1 734 261,00 het dus aan die skole beskikbaar geraak, binne die bestek van veertien maande.

Dit het egter meegebring dat die instituut 'n verwagte tekort van R493 619,00 in sy balansstaat sal toon. (Die bedrag verskuldig aan die SAUK vorm deel van die tekort en moes eintlik in die vorige jaar se state gereflekteer gewees het).

Hieraan gee die instituut tans indringend aandag onder andere deur rasionaliasie op 'n uitgebreide skaal. Indien die verwagte donasies en beloftes ten bedrae van ongeveer R600 000,00 sou realiseer kan die tekort binne afsienbare tyd uitgewis word.

## 4. SAMEVATTEND

Die instituut probeer om die nuwe onderwys situasie met al sy aanpassingsprobleme en sy onsekerhede, tot voordeel van ons gestremde kinders te hanteer. Dit stel ontsaglike uitdagings wat met blymoedigheid aangepak word. Die eer van God en die belange van die gestremde kind vereis dit van ons. Dit bly 'n wonderlike ervaring wat ons by die Diamantskool te Cullinan beleef het; om 'n kind met 'n IK van dertig tog 'n Jeugbundellied te hoor sing. Hy sal nooit die kwalifikasie van 'n graad een sertifikaat agter sy naam kan skryf nie; maar in hom het die opvoeding sy hoogste doel bereik naamlik die eer van God.

Vir hierdie taak vra die instituut van elke betrokkene

* raad
* ondersteuning
* voorbidding
* finansiële steun

## 5. AANBEVELINGS

**5.1 Die sinode aanvaar die verslag met dank teenoor sy verteenwoordigers.**

**5.2 Die sinode bewillig soos in die verlede sy pro-rata bydrae tot die uitgawes van die instituut met dien verstande dat sy bydrae in geheel aan die skole oorbetaal word.**

**5.3 Die sinode benoem sy verteenwoordigers in die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys.**

**5.4 Die sinode dra dit aan sy toepaslike kommissie op om die hersiene konstitusie by finalisering daarvan in ontvangs te neem en na bevind van sake daarmee te handel.**

Verteenwoordigers van die sinode:

| | | |
|---|---|---|
| DR J GREYVENSTEIN | SEK: | DS HAJ VILJOEN |
| DS APS BEETGE | | DS JF V HEERDEN |
| DS JA VAN DEN BERG | | |

# A.7 VERSLAG VAN DIE SONOPRAAD AAN DIE SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL 1993

## 1. SAMESTELLING

Soos besluit deur die Sinode van 1983:

**1.1 Namens die Sinode**

Mnr GJJ Du Toit (Saakgelastigde), ds PJ Grobler (Studenteleraar) en Prof JJ Geldenhuys (Voorsitter)

**1.2 Namens die Huiskomitee**

Mnr JH Jordaan (Primarius) en mnr A Snyman (Onderprimarius)

**1.3 Namens die Rektoraat van Universiteit Pretoria**

Prof PB Van der Watt

**1.4 Namens die Universiteitsraad**

Ds GJC Venter

**1.5 Namens die Bond van Oud-Sonoppers**

Mnr JJ De Beer, Prof WS Prinsloo

**1.6 Tesourier**

Mnr GM Bekker

**1.7 Gekoöpteerde lede**

Mev D Potgieter, mnr JJ De Wet

## 2. VERGADERINGS

Die Raad vergader vier keer in elke studentejaar.

## 3. STATUS VAN SONOPRAAD

By die vorige sinodesitting is kennis geneem van onderhandelinge wat aan die gang gesit is oor die status van die Sonopraad. Spesifieke verwysing na die juridiese status van die Raad, asook toekomstige finansiële verpligtinge van die Sinode van Noord-Transvaal teenoor Sonoptehuis en die toekomstige bestuur van die Tehuis sou aandag geniet.

Bogenoemde saak is reeds in so 'n gevorderde stadium dat 'n konsep van die Statute en Akte van Oprigting vir 'n artikel 21 maatskappy ('n maatskappy sonder aandelekapitaal) opgestel is. Alle belanghebbende partye het reeds die stukke bestudeer en insette gelewer.

'n Aanbeveling in verband met die saak sal tydens die sinodesitting deur die Sinodale Kerkkantoorkommissie by wyse van 'n Addendumverslag voorgelê word vir goedkeuring deur die sinode.

## 4. VERTEENWOORDIGER VAN DIE RAAD VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA OP DIE SONOPTEHUIS BESTUUR

Die vierjaar-termyn van ds GJC Venter as verteenwoordiger van die Raad van die Universiteit op die Sonopraad het op 9 Oktober 1992 verstryk. Hy is egter vir 'n verdere tydperk van vier jaar deur die Raad as verteenwoordiger benoem.

## 5. RESTOURASIE

Heelwat restourasiewerk is die afgelope twee jaar by Sonoptehuis onderneem. Die volgende verbeterings is gedoen:

5.1 Diefwering is aangebring.

5.2 Die badkamers aan die westekant is opgradeer.

5.3 Motorafdakke is opgerig.

5.4 Tans word aandag geskenk aan die oprigting van 'n muur aan die suidekant van die koshuis wat sal dien as eerste fase tot algehele beveiliging van die kompleks.

## 6. AANBEVELING

**Die sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die Sonopraad vir die positiewe verslag en veral vir die goeie vordering wat gemaak is met die onderhandelinge ten opsigte van die stigting van 'n nutsmaatskappy.**

PROF JJ GELDENHUYS
VOORSITTER

BM VAN WYNGAARD
SEKRETARIS

# A.8 VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGER VAN DIE SINODE IN DIE RAAD VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Hiermee 'n kort verslag as verteenwoordiger in die Raad van die Universiteit van Pretoria.

## 1. SKAKELING

Daar is die afgelope tyd as verteenwoordiger van die sinode alle moontlike insette gelewer in belang van die Kerk.

## 2. SAMESTELLING VAN DIE RAAD

In die lig van die eise van veranderende omstandighede word daar tans in diepte ondersoek gedoen oor die samestelling van die Raad van die Universiteit van Pretoria. Hierdie ondersoek mag die verteenwoordiging van die sinode op die Raad direk of indirek raak.

## 3. UNIVERSITEIT VAN PRETORIA EN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT

Die direkte betrokkenheid van die Raad en die Rektoraat by die Fakulteit verdien positiewe vermelding.

## 4. AANBEVELINGS

**4.1 Die sinode betuig sy waardering teenoor die Raad en die Rektoraat van die Universiteit van Pretoria vir die positiewe samewerking die afgelope jare.**

**4.2 Die sinode spreek sy waardering uit teenoor die Rektoraat vir die besondere erkenning van en ondersteuning vir die teologiese opleiding.**

Die seën van die Here vir die sinodesitting toegebid.

DS GJC VENTER

# A.9.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (SKDB) het die voorreg om oor sy werksaamhede van die afgelope twee jaar aan die sinode verslag te doen. Dit word onder die volgende hoofde gedoen:

1. Die kommissie en sy funksionering
2. Werksaamhede van die SKDB
3. Inrigtings
4. SKDB-Maatskappy
5. Bestuursaangeleenthede
6. Ringe en gemeentes
7. Algemeen
8. Slotopmerking

## 1. DIE KOMMISSIE EN SY FUNKSIONERING

### 1.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

In die afgelope twee jaar het die SKDB 'n moeilike, maar opwindende tyd beleef. Deur die jare is struktuur van dienste ontwikkel wat in die huidige ekonomiese situasie moeilik gehandhaaf kan word, en groot eise is aan die SKDB gestel om behoeftes, standaarde en begrotingseise met mekaar te versoen. In die breë gesien kon die SKDB die standaard van al sy dienste handhaaf en selfs verbeter, en as deel van sy bestuursplan is 'n indringende behoeftebepaling gedoen en strategieë bepaal met die oog daarop dat die SKDB in sy funksionering beide prinsipieel korrek en koste-effektief kan funksioneer. 'n Algemene beeld van die SKDB se dienste en van sy strategiese program is te kry in die verslag van die Ad Hoc-kommissie vir Prioriteite.

### 1.2 PERSONEEL

Die kommissie het vergader soos by die sinode van 1991 saamgestel. Enkele personeelwisselings is deur die moderamen goedgekeur. Die dagbestuur bestaan uit ds PJ Smit (v); drr DW de Villiers (o/v) en JH Blignaut; di HAJ Viljoen en JL Breedt; diaken AH Bosman. Dr GJ Cloete het op 1 Januarie 1992 diens aanvaar as Predikant in Sinodale Diens : DvB en sekretaris van die SKDB.

### 1.3 VERGADERINGS

Die kommissie het 2 keer en die dagbestuur 8 keer vergader. Die 14 onderkomitees het gesamentlik 48 keer vergader.

### 1.4 SAMESTELLING

1.4.1 Die SKDB is tans die enigste sinodale kommissie wat nog ringsgewys saamgestel word. Na deeglike oorweging het die SKDB besluit om die sinode te versoek om die SKDB op dieselfde grondslag as die ander sinodale kommissies saam te stel.

1.4.2 AANBEVELING

**Die sinode besluit**
**1. Om die SKDB soos volg saam te stel:**
**1.1 Met stemreg: 7 lede (6 lede + die PSD) + 'n verteenwoordiger van die Vrouediens;**
**1.2 Met adviserende stem: die DBH; die DMD; 'n verteenwoordiger van die Teologiese Fakulteit Pretoria (Ned. Geref. Kerk);**
**2. Om aan ringe die geleentheid te gee om persone te nomineer vir 'n groslys waaruit die SKDB-lede aangewys sal word;**
**3. Om in die aanwysing van SKDB-lede voorkeur te gee aan kundigheid (onder meer t.o.v. die SKDB-Maatskappy se sake);**
**4. Om indien moontlik verteenwoordigers uit die stad en die platteland aan te wys.**

1.4.3 Opmerking: Volgens Sinodebesluit (Handelinge 1991 bl. 354:los voorstel voor A:39) kan 'n verteenwoordiger van die Vrouediens (uit eie geledere aangewys) en van die Teologiese Fakulteit (Universiteit Pretoria) adviserend in al die sinodale bedieningskommissies dien.

### 1.5 OPDRAGTE VAN DIE SINODE

Aan al die opdragte (opdragte volgens bep. 54.4 asook spesifieke opdragte van die vorige sinode) is aandag gegee. Waar van toepassing word in die verslag daarna verwys, en wel onder die betrokke afdeling.

## 2. WERKSAAMHEDE VAN DIE SKDB

Opmerking 1: Om 'n volledige oorsig van werksaamhede te kry, is dit nodig om die onderstaande gegewens saam met die gedeelte oor Diens van Barmhartigheid in die verslag van die Ad Hoc-kommissie vir Prioriteite te lees (vgl. Derde Verslag van die Moderamen, par. 3.3.5).

Opmerking 2: Tensy anders aangedui is die syfers soos op 31 Maart 1993.

### 2.1 DOELWITFORMULERING (Sin91 bl 310 pt 3.2.4.5)

As deel van sy deurlopende bestuursprogram en ter uitvoering van die sinodebesluit het die SKDB 'n program van strategiese studies vir al sy werksaamhede geloods. Dit het gekulmineer in 'n byeenkoms op 4-6 Mei waarin oorhoofs beplan is. Enkele hoofpunte uit die strategiese studies word by ter sake afdelings van die verslag gerapporteer.

### 2.2 ALKOHOLISTESORG

2.2.1 Tydens 'n strategiese studie is bepaal dat aan alle aspekte van substansieafhanklikheid aandag gegee moet word. Deur voorsorg, inrigtingsorg en nasorg moet aan moontlike afhanklikes, afhanklikes, rehabiliterende afhanklikes en hulle naasbestaandes hulp verleen word. Die belangrikste werk moet binne gemeenteverband gedoen word, veral met voorligting i.s. die gevare van afhanklikheid en met die bevordering van 'n gesonde lewenstyl, en ook met die ondersteuning na inrigtingsbehandeling. Die sinode se funksie sentreer rondom inligting en voorligting, asook die voorsiening van 'n gespesialiseerde rehabilitasiediens (kliniek). 'n Memorandum waarin wenke aan gemeentes gegee word, is aan RKDB's en ringe deurgestuur.

2.2.2 AANBEVELING

**Die sinode versoek kerkrade om moeite te doen met die wenke wat deur die SKDB deurgegee is.**

### 2.3 BEJAARDESORG

2.3.1 Tydens die strategiese beplanning is bepaal dat die verantwoordelikheid vir die bediening aan bejaardes op die gemeente se terrein lê, en dat die verantwoordelikheid vir die versorging van bejaardes in die eerste plek lê by die bejaarde self, dan by sy familie, dan by die gemeente, en eers dan by die ring en sinode. Die sinode se rol is hoofsaaklik inligting en voorligting, asook die aanbied van gespesialiseerde versorgingsdienste wat buite gemeentes se vermoë lê. Laasgenoemde funksie word tans d.m.v. vyf tuistes vir bejaardes verrig.

Tydens die Sinodale Diakonale Konferensie wat op 12 Junie 1993 by Overkruin gehou is, is leiding aan gemeentes gegee t.o.v. die bepaling van behoeftes en strategieë vir 'n gemeentelike diakonaat aan bejaardes.

2.3.2 AANBEVELING

**Die sinode gee opdrag aan die SKDB om spesifieke wenke aan gemeentes te gee vir 'n strategie vir 'n gemeentelike diakonaat aan bejaardes.**

2.4 DIAKONALE SAKE

Die diakonale konferensies is in 1992 gedesentraliseerd in die ringe gehou. 1993 se konferensie het gehandel oor 'n gemeentesentriese diakonaat aan die bejaarde. Vanaf 1992 funksioneer die SKDB se onderkomitee vir diakonale sake ook as die onderkomitee vir teologiese besinning.

2.5 GESINSBEDIENING

2.5.1 Tydens die strategiese studies is die noodsaaklikheid vir 'n doelgerigte aksie binne gemeenteverband vir die opbou van gesonde huweliks- en gesinsverhoudings beklemtoon. Die Sinode het in hierdie verband 'n belangrike voorligtingsverantwoordelikheid. Die SKDB se huidige onderkomitee kan die funksie verrig, maar dit lê meer op die terrein van die SJK of die SKG.

2.5.2 AANBEVELING

**Die sinode**
**1. gee opdrag aan die SKDB om 'n Onderkomitee vir Gesinsbediening in samewerking met die SJK, SKG en Vrouediens saam te stel;**
**2. gee as algemene opdrag dat die komitee aan gemeentes leiding moet gee vir 'n aksie vir die bevordering van huweliks- en gesinsverhoudings;**
**3. gee aan die komitee opdrag om te oordeel watter sinodale kommissie die regte een is wat 'n kommissie vir gesinsbediening moet hê, en om die volgende sinode van aanbevelings te bedien.**

2.6 GESINSORGDIENSTE/ MAATSKAPLIKE WERKDIENSTE

2.6.1 Christelik-Maatskaplike Rade

Die Ringe van Pretoria-Noord en Wonderboom het besluit om die gesamentlike CM-Raad te verdeel. Met die nuwe CMR van Wonderboom is daar vanaf 1 April 1993 17 CMR's in die gebied van die Sinode van Noord-Transvaal.

2.6.2 CMR

2.6.2.1 Die 22 maatskaplike werkers by die SKDB en 33 by die RKDB's het aan 7216 persone dienste gelewer. Dit is 'n toename van 13,5% teenoor verlede jaar. 26/777 onderhoude is gevoer en 1282 psigososiale verslae is geskryf. Teenoor die Departement Welsyn se indikatore is 'n gemiddelde benutting van 128,6% gehandhaaf. 'n Ontleding van die belangrikste fasette word in Bylae 2 gegee.

2.6.2.2 Die toename in die aanvraag van dienste - veral t.o.v. alkoholprobleme en materiële nood - is 'n duidelike gevolg van die huidige ekonomiese posisie in die land. Die kerk (en staat) se onvermoë om addisionele vakkundige hulp te bekostig, plaas die maatskaplike werkers onder geweldige druk. Weens die sinode se swak finansiële posisie word die SKDB gedwing om dienste selfs in te kort. Die SKDB is besig met 'n indringende strategiese program om die beskikbare dienste so effektief as moontlik te benut, en om die dienste op die dringendste behoeftes toe te spits. In die besonder is daar 'n klemverskuiwing na primêre maatskaplike sorg (verlening van kos, klere, huisvesting), en gemeenskapsprojekte kry hoë prioriteit. (In die afgelope jaar is 55 geloods).

2.6.3 Benaming CMR/KMR (Sin91 bl 363 pt 4.4.4.7)

2.6.3.1 Die Sinode het besluit "om op voetspoor van die Algemene Sinode die benaming van Christelik-Maatskaplike Raad (CMR) na Kerklike Maatskaplike Raad (KMR) te verander".

Die besluit berus op 'n opmerking in die Aanmeldingsbeleid van die AKDB wat soos volg lui: "Dit sal dus beter wees om voortaan te praat van 'n Kerklike Maatskaplike Raad (KMR) in plaas van 'n Christelik-Maatskaplike Raad (CMR)" [Agenda AS 1990 bl. 355 pt 2.1; Handelinge AS 1990 bl. 667 pt 9.2.1]. Uit die konteks van die opmerking, asook uit die voortspruitende aanbevelings wat aan die AS voorgelê en deur die AS goedgekeur is, lyk dit nie of daar enige voorskriftelikheid in dié verband is nie. Navraag by die AKDB het bevestig dat daar geen voorskriftelikheid oor die benaming KMR in die besluit ingelees moet word nie.

Praktiese implikasies van die naamsverandering sal onder meer behels dat
* alle registrasies by owerheidsinstansies verander sal moet word;
* briefhoofde, vorms, stempels, ens. verander sal moet word;
* die kerklike publiek, en die breë publiek, geleer sal moet word om 'n bekende benaming af te leer en 'n nuwe een aan te leer.

As dit alles klaar gedoen is - met al die moeite en koste daaraan verbonde - is dit nog nie 'n werklik korrekte naam nie. Soos dit in die betrokke verslag van die Algemene Sinode aangetoon is, is dit inderdaad beter om van 'n KMR te praat as van 'n CMR, maar dit is nie die beste nie. Die korrekte benaming sou iets moes wees soos "Die Kerklike Maatskaplike Diens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk". Die SKDB het gevolglik besluit om by die Sinode aan te beveel dat die besluit onuitvoerbaar is.

2.6.3.2 AANBEVELING

**Die sinode neem kennis dat sy vorige besluit onuitvoerbaar is, en volstaan met die benaming Christelik-Maatskaplike Raad (CMR).**

2.7 GESINSUBSTITUUTSORG

2.7.1 Beplanning

Tydens die strategiese studies is duidelik bepaal dat daar op die behoeftes van die ouerbehoewende kind gefokus moet word, en dat alles moontlik gedoen moet word om elke kind in 'n goedfunksionerende gesin te probeer plaas. Dit stel o.m. aannemingsorg en kinderhuissorg in 'n duidelike perspektief.

2.7.2 Aannemingsorg

2.7.2.1 In 1992/93 is 24 egpare vir aanneming gekeur, 24 egpare het hulp met die hantering van infertiliteit ontvang, 20 egpare was by voorbereidingsgroepe tot aanneming betrek, 23 babas is geplaas, 65 ondersoeke met betrekking tot openbaarmakende aannemings is hanteer, 60 biologiese moeders het navraag gedoen mbt hul babas wat aangeneem is, 70 aanneemgesinne is by nasorggroepe betrek en 90 aanneemkinders se navrae ivm hulle herkoms is hanteer. Op die platteland is met 'n verdere 117 sake mbt aanneming gehandel. 'n Finansiële teenprestasie vir dienste maak die diens tans meer koste-effektief.

2.7.2.2 Al is die fokuspunt van die diens op die ouerbehoewende kind gerig, word daar baie moeite gedoen om voornemende ouers te begelei in die verwerking van hulle behoeftes. 'n Probleem wat deur die afdeling vir aannemingsorg ondervind word, is dat aanneming te maklik deur predikante en ander "raadgewers" as enigste oplossing vir ouerlose kinders aangebied word terwyl alternatiewe (bv. om met 'n kinderlose

huwelik vrede te maak) nie genoeg aandag kry nie. Sodoende word onrealistiese druk en verwagtings soms geskep.

2.7.2.3 AANBEVELING

**Die sinode versoek predikante om in die ondersteuning van ouerlose egpare sensitief te wees vir al die behoeftes van die egpaar, en om nie aanneming as enigste moontlike oplossing aan te bied nie.**

2.7.3 Pleeg-en familiesorg

Veiligheidsorg is aan 41 kinders (38 voorskools) gelewer. 29 gesinne het as veiligheidshuise diens gedoen. Pleegsorgdienste is aan 168 kinders by 142 pleegouerhuise gelewer. Ten spyte van 'n toegespitste werwingsprogram kon slegs 14 nuwe pleeggesinne gekeur word. Geskikte pleeggesinne bly 'n groot behoefte - veral vir die plasing van ouer kinders.

2.7.4 Kinderhuissorg

2.7.4.1 Op 31/3/93 was daar 229 kinders in AKKN en 241 in AKKP. Altesaam 45 kinderversorgers (huisouers) (18 by AKKN en 27 by AKKN) en 103 ander personeellede (46 by AKKN en 57 by AKKP) lewer versorgings- en terapeutiese dienste aan die kinders. In die rekonstruksiedienste (gerig op die gesinne wie se kinders in kinderhuise en nywerheidskole is ten einde ouers te help om toereikende ouers te word en/of sinvolle kontak met hulle kinders te hê) is dienste aan 86 ouerpare t.o.v. 162 kinders gelewer. 18 kinders is in die loop van die jaar by hulle ouers teruggeplaas.

2.8 GESTREMDESORG

Die Sinode/SKDB het tans geen georganiseerde aksie t.o.v. gestremdesorg nie. 'n Deeglike behoefte-opname in 1990 het getoon dat die behoefte tans nie so 'n aksie regverdig nie.

2.9 ONGETROUDE OUERSORG

2.9.1 Die verskuiwing van Berg-en-Dal na die nuwe terrein (vgl. 3.5.1.1 hieronder) het veroorsaak dat ongetroude ouersorg nou as 'n totaal aparte werksaamheid hanteer kan word, terwyl Berg-en-Dal bloot 'n losiesdiens aanbied. 'n Dagkliëntediens (hoofsaaklik vir skoolgaande meisies) kon ingestel word, en die kantoordiens aan dames wat nie in opname in Berg-en-Dal belangstel nie, kon uitgebrei word. Die SKDB van Oos-Transvaal het sy ongehude ouersorg uitgebrei en lewer nou vakkundige dienste aan al sy eie meisies, ook dié wat in Berg-en-Dal inwoon. Hierdie reëling het baie van die spanning wat tussen die sinodes bestaan het, uit die weg geruim.

2.9.2 In 1992/93 is 'n terapeutiese hulpprogram aan 96 ongetroude moeders (49 vanuit Berg-en-Dal) gelewer. 64 van hulle was in die ouderdomsgroep 15-21 jaar. Die 35 skoliere is by die hospitaalskool ingeskakel.

2.10 SIEKESORG

2.10.1 Hospitaalbediening

2.10.1.1 Verslag

O.l.v. dr AGS Gous het 55 werkers 'n totaal van 41,173 besoeke by die 17 hospitale in Pretoria afgelê. Spesiale moeite word in die kinder-, kanker- en ortopediese sale gedoen. Dr Gous is ook betrokke by opleiding van verpleegsters en teologiese-, mediese-, en fisioterapiestudente, asook by die Etiese- en Protokolkomitee van die HF Verwoerd Hospitaal. Onder sy leiding hanteer vier jeugwerkers (in diens van die plaaslike kerkraad) die bediening aan verpleegsters in Riviera).

2.10.1.2 Toekomstige funksionering

By die vorige sinodesitting is die verantwoordelikheid vir siekesorg van die SKG na die SKDB oorgedra. In samewerking met die SKG is 'n deeglike strategiese studie oor alle aspekte van siekesorg en hospitaalpastoraat gedoen. 'n Verslag, met aanbevelings, word aangeheg as **Bylae 1**. (Opmerking: Die opset van die verslag gee 'n aanduiding van die metode wat deur die SKDB in sy strategiese byeenkomste gevolg is.)

2.10.1.3 AANBEVELING

**Die sinode neem die verslag i.s. Siekesorg in behandeling.**

Opmerking: Indien die Ad Hoc-Prioriteitekommissie se aanbevelings i.s. sinodale poste aanvaar kan aanbeveling 3.5 in die bylae vervang word met die volgende: **"Die Sinode gee opdrag aan die SKDB om 'n skriftelike ooreenkoms tussen die sinode en die kerkraad van Riviera op te stel waarin onder meer voorsiening gemaak word vir die koördinering van hospitaalpastoraat en opleiding van hospitaalwe in gemeentelike diens."**

2.10.2 HB Geyer Hulp-en Studiefonds

Die Fonds het op 31/3/93 op R121/183 gestaan. Die rente word aangewend om predikante wat hulle ook as sielkundiges wil bekwaam, finansieel te help. Tot dusver kon 6 leraars al hulle studies met bystand uit die fonds voltooi.

2.11 SIELKUNDIGE DIENSTE

2.11.1 Die diens is in die afgelope jaar so verander dat die sielkundiges wat dienste lewer dit volledig op sessiebasis doen teen 'n vergoeding van 60% van die aanbevole tarief van die Sielkundige Vereniging van Suid-Afrika. Die sessiegeld word vanaf 1/4/93 van die verwysende instansies verhaal. Dit beteken dat RKDB's nou vir sielkundige dienste moet begroot en dat die SKDB slegs begroot vir hulp aan ringe wat glad nie vir die diens kan betaal nie.

2.11.2 Bogenoemde reëling geld slegs vir verwysings deur CMR-werkers. 'n Groot behoefte bestaan nog steeds by leraars en ander persone wat 'n sielkundige diens verlang. Tans word navraers na "pastorale sielkundiges" verwys wat aan die SKDB bekend is, en die navraers moet dan self verder reël. O.l.v. prof. Julian Müller bied die Teologiese Fakulteit 'n kliniek vir pastorale terapie aan, terwyl die SKG die evangelisasiespreekkamer bedryf. Die SKDB het geoordeel dat dit net sinvol kan wees as hierdie dienste gekoördineer kan word, moontlik in 'n "onderkomitee vir berading/pastoraal-terapeutiese sake" en moontlik onder die vleuels van die SKG.

2.11.3 AANBEVELING

**Die sinode gee opdrag aan die SKDB om in samewerking met die SKG ondersoek in te stel na die moontlikheid om beskikbare pastoraal-terapeutiese dienste te koördineer in 'n onderkomitee vir berading.**

2.12 WETOORTREDERSORG

2.12.1 Emeritaat ds JM Swanepoel

2.12.1.1 Ds Swanepoel het op 30 April 1992 geëmeriteer nadat hy sedert 1 Augustus 1983 gevangenisleraar was. Ds Swanepoel lewer nog op sessiebasis dienste aan Skanskop (vgl pt 2.12.3).

2.12.1.2 AANBEVELING

**Die sinode bedank ds JM Swanepoel vir sy toegewyde diens as gevangenisleraar, en bid hom en sy vrou 'n geseënde rustyd toe.**

2.12.2 Gemeentelike verantwoordelikheid (Sin91 bl 364 pt 5.7.6)

2.12.2.1 Volgens die sinodebesluit moet gemeentes met gevangenisse in hulle gebied self verantwoordelikheid neem vir die pastorale versorging van gevangenes. Dit was reeds die geval by die kleiner gevangenisse, maar by Skanskop (Pretoria Sentrale Gevangenis) is 'n reëling deur die kerkraad getref waarvolgens pastorale dienste aan gevangenes gelewer word deur deeltydse kapelane wat op sessiebasis dienste lewer en wie se reiskoste deur die Departement Korrektiewe Dienste betaal word. Die reëling werk goed, maar die diens is uit die aard van die saak nie meer so goed as toe daar 'n voltydse gevangenisleraar was nie.

2.12.2.2 AANBEVELING

**Die sinode**
**1. neem met dank kennis van die reëling wat deur die Kerkraad van Skanskop getref is vir die pastorale versorging van gevangenes binne hulle gemeente;**
**2. versoek gemeentes met gevangenisse in hulle gebied om besondere moeite met die pastoraat aan gevangenes te doen;**
**3. besluit om die pos van 'n gevangenisleraar te termineer.**

2.12.3 Gesamentlike pos met Oos-Transvaal (Sin91 bl 378 pt 3.7.2)

2.12.3.1 Volgens die sinodebesluit moet die moontlikheid van 'n samewerkingsooreenkoms met die Sinode van Oos-Transvaal ondersoek word om die poste vir pastorale versorging van gevangenes te Zonderwater en Pretoria Sentrale Gevangenis te kombineer. Uit onderhandelinge met die SKDB van O-Tvl het geblyk dat hulle nie van plan is om die pos by Zonderwater voort te sit na die emeritaat van ds. Van Vuuren nie, maar dat 'n soortgelyke metode as in N-Tvl gevolg gaan word. Die moontlikheid vir 'n samewerkingsooreenkoms verval dus.

2.12.3.2 AANBEVELING

**Die sinode neem kennis dat die moontlikheid van 'n samewerkingsooreenkoms tussen Noord- en Oos-Transvaal t.o.v. 'n gesamentlike pos van 'n gevangenisleraar verval het.**

2.12.4 Korrektiewe toesig

2.12.4.1 Persone wat vir korrektiewe toesig gevonnis word, het die begeleiding van hulle plaaslike gemeentes baie nodig. Besonderhede van persone, saam met besonderhede van optrede wat deur gemeentes gevolg behoort te word, word

deur die Departement Korrektiewe Dienste aan die PSD gestuur wat dit dan aan die betrokke kerkraad deurgee.

2.12.4.2 AANBEVELING

**Die sinode versoek kerkrade en leraars om besondere moeite te doen met persone wat tot korrektiewe toesig gevonnis is.**

# 3. INRIGTINGS

## 3.1 TUISTES VIR BEJAARDES

### 3.1.1 Uitbreidings

By Rustenburg Rusoord is begin met 'n behuisingskema vir ekonomiese bejaardes. 'n Soortgelyke skema word by Huis Vergenoeg beplan. Beide skemas word uit eie fondse gefinansier. 'n Addisionele afdeling vir 23 verswakte bejaardes word tans by Huis Vergenoeg opgerig.

### 3.1.2 Huis HJ Piek

3.1.2.1 Finansiering

Volgens sinodebesluit (Sin91:379:9) moet sinodale subsidies vanaf 1/4/93 uitfaseer word. Dit is besig om te gebeur, maar Huis HJ Piek kan nog nie sonder 'n subsidie klaarkom nie. Weens drastiese maatreëls van rasionalisasie en begrotingsbeheer wat in die afgelope twee jaar ingestel is, kan die tuiste tans sy begroting byna laat klop. Die groot probleem is egter dat daar 'n groot skuldlas opgebou is (R320/840 op 31/3/93). Dit word as 'n interne lening teenoor die SKDB gefinansier, wat weer die SKDB se fondse in gevaar stel.

3.1.2.2 AANBEVELING

**Die sinode**
**1. neem met waardering kennis van die beheerraad se besondere moeite om Huis HJ Piek uit sy finansiële dilemma te kry en terselfdertyd hoë standaarde van dienslewering te handhaaf;**
**2. gee opdrag aan die SKF om in samewerking met die SKDB en met verslag aan die moderamen 'n reëling t.o.v. die tuiste se skuld te tref.**

3.1.2.3 Psigo-geriatriese eenheid

'n Uitvloeisel van die rasionalisering en strategiese beplanning vir die tuiste is dat die huidige afdeling vir psigo-geriatriese bejaardes (bv. Alzheimer-lyers) ook beëindig moet word. Huis Piek is (behalwe Weskoppies Hospitaal en in 'n mate Huis Blymoedig) die enigste wat so 'n diens in die hele Pretoria en Noord-Transvaal aanbied, en beëindiging van die diens sal 'n geweldige leemte laat. Die SKDB het gevolglik besluit om die sinode te vra om die huidige subsidie aan Huis Piek te handhaaf, maar dan vir die spesifieke doel om die psigo-geriatriese eenheid te subsidieer en nie meer as 'n algemene bedryfsubsidie nie.

3.1.2.4 AANBEVELING

**Die sinode besluit om die sinodale toekenning wat tans aan Huis HJ Piek gemaak word te beëindig, maar om 'n toekenning te maak vir die bedryf van die psigo-geriatriese eenheid.** [Die bedrag/formule sal aan die sinode voorgelê word.]

## 3.2 DIENSSENTRUMS VIR BEJAARDES

### 3.2.1 Warmbad Dienssentrum

Na jarelange beplanning en vertragings het die Departement vir Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke onlangs besluit om nie die aansoek vir 'n dienssentrum nie, maar vir 'n gemeenskapsentrum goed te keur. Oprigting sal hopelik eersdaags begin.

## 3.3 KINDERHUISE

### 3.3.1 Finansiering

3.3.1.1 By die vorige sinode is met groot kommer oor die kinderhuise se finansiële posisie verslag gedoen. Intussen kon daar weens goeie bestuur en doelgerigte rasionalisasieprogramme 'n groot verbetering bewerkstellig word. AKKN het vanjaar met 'n tekort van R48/032 afgesluit, maar kon daarin slaag om hulle voorsieningsfondse van R516/449 na R916/512 te laat groei - wat 'n effektiewe surplus van R352/031 beteken. In 'n groot mate is dit te danke aan die groter aantal kinders wat gehuisves kon word met gevolglik hoër staatsubsidie. Weens die aard van AKKP se struktuur kon dieselfde metode nie gebruik word nie, en AKKP se bedrag vir leningsdelging is ook veel hoër as AKKN s'n. Nogtans kon AKKP afsluit met 'n tekort van R59/408 terwyl die fondse van R289/318 na R392/288 verhoog kon word - 'n effektiewe surplus van R43/562. Die staat se beplande nuwe subsidieformule behoort AKKP se posisie ook te stabiliseer.

3.3.1.2 AANBEVELING

**Die sinode neem kennis van die groot verbetering in die finansiering van die kinderhuise, en spreek sy dank uit teenoor die beheerrade, personeel en deelnemende gemeentes wat dit moontlik gemaak het.**

3.3.1.3 Finansiële verantwoordelikheid vir kinderhuissorg

Volgens sinodebesluit (Handelinge NTvl 1991:378:3.9.2.1) aanvaar die Sinode die volle finansiële verantwoordelikheid vir die bedryf van barmhartigheidsdienste wat deur die sinode geïnisieer is en wat mettertyd kragtens die besluit van desentralisasie onder die beheer van ringe gekom het. Dit is in die besonder op kinderhuise van toepassing wat uit die aard van die diens waarskynlik nooit sonder 'n sinodale bydrae sal kan klaarkom nie. Die SKDB het besluit om die volgende as sy beleid vir die praktiese implementering van die sinodebesluit te aanvaar:

1. Die SKDB stel 'n riglyn op waarin die minimumstandaarde t.o.v. personeel, kos en huisvesting vervat is.
2. Die beheerrade stel die begrotings op aan die hand van die neergelegde standaarde.
3. As daar aan die standaarde voldoen word is die sinode vir enige tekorte op die begroting verantwoordelik.
4. Die beheerraad wend egter self ook doelgerigte pogings tot fondsinsameling aan (bv. deur die werwing van donasies) om die inkomste aan te vul.
5. As die beheerraad dienste wil verskaf wat die neergelegde standaarde te bowe gaan (bv. addisionele personeel) moet hy self die geld voorsien.

3.3.1.4 AANBEVELING

**Die sinode keur die SKDB se beleid t.o.v. die praktiese implementering van die sinodebesluit i.s. die finansiële verantwoordelikheid vir kinderhuissorg goed.**

3.3.2 Afskaling volgens behoefte

Volgens sinodebesluit (Handelinge NTvl 1991:378:3.9.2.2) kan die SKDB

kinderhuisvoorsiening afskaal ooreenkomstig die behoefte in die sinodale gebied, tensy ander sinodes/kerke die finansiële verantwoordelikheid vir die verskil tussen die werklike eenheidskoste en staatsubsidie t.o.v. hulle lidmate aanvaar.

Die verbetering in die finansiële posisie het moontlike afskaling vir die huidige op die lange baan geskuif. Die onderhandelings met ander sinodes/kerke (veral met OTvl) gaan voort, maar lyk nie belowend nie. Die SKDB beskou die sinodebesluit steeds as 'n staande besluit, en sal by die volgende sinode weer hieroor rapporteer.

3.3.3 Gemeentebetrokkenheid

3.3.3.1 Gemeentes se betrokkenheid by die kinderhuise word baie hoog waardeer. In 1992/93 is R360,472 (AKKN R261,032 en AKKP 99,440) as vrywillige donasies vanuit gemeentes ontvang, en hierdie bedrag sluit nie eers die fisiese werk (verfwerk, ens.) wat deur gemeentes op hulle eie koste by die kinderhuise gedoen is nie. Wat nie in geld gemeet kan word nie, maar wat selfs meer gewaardeer word, is die belangstelling en algemene ondersteuning wat van gemeentes en veral vrouedienste ontvang word.

Uit die strategiese studie vir kinderhuissorg het geblyk dat gemeentes vorentoe waarskynlik al meer verantwoordelikheid sal moet neem, veral in die lig van die verwagte verminderende staatsubsidie.

3.3.3.2 AANBEVELING

**Die sinode**
**1. neem met waardering kennis van gemeentes wat aktief by die kinderhuise betrokke is;**
**2. gee opdrag aan die SKDB om alle vorms van gemeentebetrokkenheid te ondersoek in te stel en dit waar moontlik te bevorder en te implementeer.**

3.3.4 Verdeling van die sinodegebied

3.3.4.1 Volgens sinodeopdrag moet die SKDB 'n nuwe verdeling van die sinodegebied tussen die twee kinderhuise maak. (Handelinge NTvl91:363:5.4.6.1). Uit die ondersoek het geblyk dat die huidige verdeling tans so goed werk dat dit nie meer nodig is om daaraan te verander nie.

3.3.4.2 AANBEVELING

**Die sinode aanvaar dat 'n nuwe verdeling van die sinodegebied tussen die twee kinderhuise nie meer nodig is nie.**

3.4 REHABILITASIESENTRUMS

3.4.1 Staanvas Sentrum

3.4.1.1 Dienste

Alhoewel die Sentrum hoofsaaklik op die behandeling van alkoholafhanklikes ingestel is, word persone wat van ander chemiese middels afhanklik is, ook geakkommodeer. Rehabilitasieprogramme vir persone wat aan "harde dwelms" (dagga, mandraks, ens.) neem langer en kan nie in Staanvas se program ingepas word nie.

In 1992/93 is 409 persone (321 mans en 88 vrouens) in Staanvas behandel. Die meeste mans (40,8%) val in die ouderdomsgroep 30-39 jaar en die meeste vrouens (34%) in die groep 35-40 jaar. By beide mans en vrouens word die gemiddelde ouderdom steeds laer. Die tipe substans was alkohol (mans 62,5% vroue 87,9%),

kruisafhanklikheid (mans 17% vroue 3,1%) en pille alleen (mans 21,6% vroue 8,7%). 49,9% is lidmate van die Ned Geref Kerk.

3.4.1.2 Toekomsbeplanning

By die opstel van die verslag (Junie 1993) was daar nog onduidelikheid of die staat die lening vir die oprigting van die nuwe Staanvas Sentrum gaan goedkeur en, indien wel, vir watter bedrag. Voordat met die oprigting voortgegaan kan word, moet eers baie duidelik bepaal word of die nuwe sentrum bekostigbaar bedryf sal kan word. In die afgelope jaar is reeds 'n daling van 15% teenoor die vorige jaar ondervind wat 'n algemene ervaring by al die rehabilitasiesentrums in Suid-Afrika is - waarskynlik omdat die behandelingsgeld nie meer bekostig kan word nie. Verder word die staatsubsidie nou volgens 'n nuwe formule bepaal wat vir Staanvas vanjaar 'n vermindering van sowat 46% beteken. Aan die ander kant is Staanvas se huidige geboue in 'n swak toestand en Huis Wilhelmina eintlik al bouvallig.

'n Finale besluit oor die oprigting van die nuwe sentrum - en inderwaarheid oor die hele diens van rehabilitasiesorg - sal eers gedoen kan word nadat alle inligting oor die staatslening beskikbaar is.

3.4.1.3 AANBEVELING

**Die sinode gee opdrag aan die SKDB om in oorleg met die RKDB van Pretoria te besluit oor die oprigting van die nuwe Staanvas Sentrum en die toekomstige inrigting van rehabilitasiesorg vir die Sinode van Noord-Transvaal. In die besluit moet onder meer aan die behoefte en die bekostigbaarheid van die diens aandag gegee word, en die moontlikheid van samewerking met ander rehabilitasiesentrums moet ook ondersoek word.**

3.4.1.4 **Verkoop van Chalet**

Pogings om die Chalet te verkoop (vgl. Sin91:507:5.5.2.4.2) het tot dusver nie geslaag nie.

3.4.1.5 AANBEVELING

**Die sinode gee opdrag aan die SKDB om voort te gaan met pogings om die Chalet te verkoop, maar om intussen ondersoek in te stel na moontlike alternatiewe gebruike vir die eiendom.**

3.4.2 Huis Wilhelmina

3.4.2.1 Dienste

Huis Wihelmina is die enigste sentrum van sy soort in Suid-Afrika. Alleenlopende mans wat deur rehabilitasiesentrums en deur welsynsorganisasies vir nasorg verwys is, word hier opgeneem en gehelp om in die samelewing te hervestig. Die inrigting het die afgelope twee jaar teen 'n verlies gefunksioneer en die nuwe subsidiestelsel vir rehabilitasieinrigtings gaan ook 'n negatiewe effek hê. Die beheerraad is besig met 'n strategiese ondersoek na die toekoms van die diens.

3.4.2.2 AANBEVELING

**Die sinode gee opdrag aan die SKDB om in samewerking met die RKDB van Pretoria ondersoek in te stel na alternatiewe metodes waarop die diens van Huis Wilhelmina aangebied kan word. Indien dit nodig word om Huis Wilhelmina te verkoop, moet die opbrengs ten bate van die voortgesette diens aangewend word.**

3.5 VERSORGINGSENTRUMS

3.5.1 Berg-en-Dal

3.5.1.1 Verskuiwing

Die tuiste het in Desember 1992 van die Kozeni-landbouhoewes (Montana) na Malanstraat 15, Riviera verskuif. Daar word tans voorsiening gemaak vir 14 dames/dogters plus 5 dagkliënte.

3.5.1.2 Berg-en-Dal (Montana)

Die SKDBM (SKDBM 1992-10-29:15) het besluit dat vir dorpstigting aansoek gedoen word, dat die terrein onderverdeel en dan verkoop word. Intussen word die een eenheid verhuur. Alternatiewe aanwendings (bv. tydelike gebruik deur Staanvas terwyl die nuwe sentrum in aanbou is) word ook ondersoek. Dit is egter belangrik dat so 'n hoë opbrengs as moontlik verkry moet word sodat die bedryf van Berg-en-Dal gesubsidieer kan word.

3.5.1.3 AANBEVELING

**Die sinode**
**1. gee opdrag aan die SKDB om ondersoek in te stel na die beste aanwending van die terrein;**
**2. gee toestemming dat die SKDB die terrein mag verkoop en die opbrengs vir die subsidiëring van sy dienste gebruik indien dit nie moontlik en koste-effektief is om die terrein vir 'n ander doel binne die barmhartigheidsopset te gebruik nie;**
**3. besluit dat enige opbrengs uit die verkoop of verhuring van die terrein in die eerste plek vir die subsidiëring van die bedryf van Berg-en-Dal en ongetroude ouersorg aangewend moet word.**

3.5.2 Die Herberg

Die sinode van 1991 het Die Herberg aan die SKDBM oorgedra en daarmee saam die bedryf van die inrigting. 'n Interne oudit wat vroeg in 1992 gedoen is, het aan die lig gebring dat die inrigting teen 'n groot verlies bedryf word. In oorleg met die moderamen is besluit dat die bedryf van Die Herberg op 30 Junie 1992 op die terrein te Malanstraat 15, Riviera beëindig en die diens van al die personeellede getermineer word. Vanaf 1 Julie 1992 word die diens vanuit die AJO aangebied. A.g.v. die nuwe reëling word die diens teen 'n gesonde wins van meer as R1000 p.m. bedryf.

Die geboue op die terrein word nou vir Berg-en-Dal en vir die Direktoraat Maatskaplike Werkdienste gebruik.

3.6 JEUGSENTRUMS

Die jeugsentrums se oogmerk is om 'n bekostigbare blyplek en 'n "veilige hawe" vir jongmense aan te bied. In die jongste tyd het al drie tuistes hulle begrotings met moeite laat klop. Leë kamers, veral in die laaste deel van die jaar, is 'n groot probleem. Nogtans is al drie beheerrade optimisties oor die toekoms van die tuistes.

3.7 OORSIGTELIKE STATISTIEK

3.7.1 'n Oorsig van die belangrikste inligting i.s. inrigtings en ander dienste van van die SKDB vir die jare 1991/92 en 1992/93 word in tabelvorm aangebied in **Bylae 2**.

Opmerking 1: Gegewens i.s. Siekesorg word nie in die tabelle aangegee nie aangesien die finansiële- en personeeladministrasie nog deur die Sinodale Kerkkantoor behartig word. Indien dit bygevoeg word, moet daar vir 1992/93 vir die 55 personeellede (meestal vrywilligers) 'n verdere inkomste van R394/146, uitgawe van R385/258, 'n surplus van R8/888 en fondse van R13/588 bygevoeg word.

Opmerking 2: 'n Vergelyking van die twee tabelle toon dat dat personeel weens rasionalisering van 814 na 748 verminder is. 'n Verdere 12 persone is met die sluiting van Die Herberg afgelê.

3.7.2 AANBEVELING

**Die sinode neem kennis van die statistiek soos weergegee in Bylae 2.**

## 4. SKDB-MAATSKAPPY

4.1 VERDISKONTERING VAN LENINGS

Volgens die staat se aanbod kan welsynsorganisasies uitstaande staatslenings met 'n enkelbedrag aflos wat gekoppel word aan die rentekoers van staatseffekte. Op aanbeveling van die SKDB het die SKDB-Maatskappy besluit om van die aanbod gebruik te maak vir al die inrigtings wat kwalifiseer. Die benodigde bedrae word uit inrigtings se eie opgehoopte fondse betaal. Waar eie fondse nie genoeg is nie reël die SKDB in oorleg met die betrokke beheerraad vir interne of eksterne finansiering.

4.2 WAARDE VAN GEBOUE

In Oktober 1991 is waarde van die geboue en toerusting deur 'n onafhanklike waardeerder bepaal. Die volgende tabel gee interessante inligting:

| INRIGTING | VERVANGINGSKOSTE Geboue | Toerusting | Totaal |
|---|---|---|---|
| AJO | 21469000 | 537850 | 22006850 |
| Huis Vergenoeg | 13712000 | 933900 | 14645900 |
| Staanvas | 1326000 | 200090 | 1526090 |
| Chalet | 489500 | 54650 | 544150 |
| Pta Jsentrum | 20369000 | 715850 | 21084850 |
| Huis HJ Piek | 6510000 | 835450 | 7345450 |
| AKK-Pretoria | 12498500 | 1456650 | 13955150 |
| Berg-en-Dal | 1666000 | 176000 | 1842000 |
| P.burg Jeug | 3598500 | 330600 | 3929100 |
| AKKH Nylstroom | 8464000 | 1047500 | 9511500 |
| Warmbad Rusoord | 3436500 | 629200 | 4065700 |
| Rustenburg Rusoord | 3447000 | 462000 | 3909000 |
| Brits Rusoord | 7030000 | 805500 | 7835500 |
| TOTAAL | 104016000 | 8185240 | 112201240 |

## 5. BESTUURSAANGELEENTHEDE

### 5.1 BEGROTING 1993/94

Die begroting vir SKDB-werksaamhede word as deel van die sinodale begroting in die SKF-verslag voorgelê. Die toekenning wat deur die sinode aan die SKDB gemaak is, is 22,9% kleiner as die syfer van 1992/93. As vir 'n inflasiekoers van slegs 10% voorsiening gemaak sou word, is die effektiewe inkorting 29,9%. Om die dienste en poste op dieselfde vlak as tevore te handhaaf, moet tekorte uit SKDB-fondse aangevul word.

### 5.2 FINANSIERING: TENDENSE

#### 5.2.1 Tabelle

Tabel 1: Sinodale toekenning 1987-1994

| | 1987 | 1988 | 1989 | 1990 |
|---|---|---|---|---|
| Sekretariaat | 103115 | 96180 | 113965 | 113965 |
| Admin dienste | 45545 | 72870 | 75650 | 75650 |
| Wetoortr sorg | 65305 | 66920 | 61630 | 61630 |
| Sielk. dienste | 86705 | 102625 | 114510 | 114510 |
| MW. dienste | 410400 | 429730 | 425700 | 433808 |
| Inrigting-sorg- | 314240 | 478485 | 515885 | 515887 |
| TOTAAL | 1025310 | 1246810 | 1307340 | 1315450 |

| | 1991 | 1992 | 1993 | 1994 |
|---|---|---|---|---|
| Sekretariaat | 72595 | 106950 | 198880 | 195267 |
| Admin dienste | 37860 | 80040 | 91580 | 104478 |
| Wetoortr. sorg | 78810 | 78595 | 19125 | - |
| Sielk. dienste | 97666 | 86917 | 60500 | 3000 |
| MW. dienste | 376090 | 485881 | 558860 | 363800 |
| Inrigting-sorg | 376250 | 521250 | 644000 | 497750 |
| TOTAAL | 1039271 | 1359633 | 1572945 | 1164295 |

Tabel 2: SKDB-toekenning as % van sinodale begroting (Sentrum uit)

1987 1 025 310 van 4 824 134 = 21,3%
1988 1 246 810 van 5 647 615 = 22,1%
1989 1 307 340 van 6 088 624 = 21,5%
1990 1 315 450 van 6 207 349 = 21,2%
1991 1 039 271 van 4 686 250 = 22,2%
1992 1 359 633 van 5 308 221 = 25,6%
1993 1 572 945 van 6 144 799 = 25,6%
1994 1 164 295 van 5 121 758 = 22,7%

Tabel 3: Bronne van inkomste 1987-1993

| | 1987 | 1988 | 1989 | 1990 |
|---|---|---|---|---|
| Sinodale toek. | 1025310 | 1246810 | 1307340 | 1315450 |
| Ringsbydraes | 342289 | 376518 | 429095 | 511216 |
| Sub. | 4486564 | 5978380 | 6486712 | 7865459 |
| Fondse-ander | 430579 | 751710 | 732434 | 1199061 |
| Losies/inw. | 3445793 | 4479531 | 4689620 | 5123150 |
| TOTAAL | 9730535 | 12832949 | 13645201 | 16014336 |

| | 1991 | 1992 | 1993 |
|---|---|---|---|
| Sin.toek. | 1039271 | 1359633 | 1565444 |
| Ringsbydraes | 778967 | 872443 | 1186469 |
| Subsidies | 9533243 | 10570340 | 12028558 |
| Fondse/ander | 1598203 | 1544297 | 1278658 |
| Losies/inw. | 5905876 | 7156296 | 8090448 |
| TOTAAL | 18855560 | 21503009 | 24149576 |

Tabel 4: Sinodale toekenning teenoor totale inkomste

1987 1 025 310 van 9 730 535 = 10,3%
1988 1 246 810 van 12 832 949 = 9,7%
1989 1 307 340 van 13 645 201 = 9,6%
1990 1 315 450 van 16 014 336 = 8,2%
1991 1 039 271 van 18 855 560 = 5,5%
1992 1 359 633 van 21 503 009 = 6,3%
1993 1 572 945 van 24 149 576 = 6,5%

Tabel 5: SKDB-fondse

| | 1987 | 1988 | 1989 | 1990 |
|---|---|---|---|---|
| MWD (SKDB) | 289659 | 319576 | 480543 | 631426 |
| SKDB | 1631663 | 1563326 | 2036469 | 2378554 |
| CMR's | 483410 | 526289 | 595715 | 694997 |
| Inrigtings | 1775609 | 1923894 | 2987202 | 3183122 |
| TOTAAL | 6218303 | 6421499 | 8426778 | 9569272 |

| | 1991 | 1992 | 1993 |
|---|---|---|---|
| MWD (SKDB) | 707023 | 903500 | 938992 |
| SKDB | 2559745 | 2530025 | 2888352 |
| CMR's | 845141 | 1032102 | 1225367 |
| Inrigtings | 3454709 | 3651922 | 6392837 |
| TOTAAL | 10339305 | 10684399 | 11445548 |

### 5.2.2 Opmerkings by die tabelle

1. T.w.v. sinvolle vergelyking word siekesorg by al die tabelle buite rekening gelaat. As dit ingereken sou word, is die posisie vir 1993/94 nog swakker aangesien R23/710 uit SKDB-fondse geneem sal moet word om die diens te handhaaf.
2. By tabel 1: As die sinodale toekenning van 1987-94 met die inflasiekoers moes tred hou, sou die syfer vir 1993/94 reeds R2/258/395 moes wees (inflasiekoers vir 1992/93 en 1993/94 arbitrêr geneem as 10%). As die sinode se eie begroting met die inflasiekoers moes tred hou, sou die 1987-syfer in 1994 na R10/625/590 moes groei.
3. Tabelle 3 en 4 toon die SKDB se grootste probleem in die finansiering van dienste: die sinode het 'n aantal dienste ingestel wat hy finansieel nie voldoende kan ondersteun nie. Tabel 2 toon dat dit 'n "vermoë"-probleem en nie 'n gesindheidsprobleem is nie.

### 5.2.3 Beplanning

Tot dusver was die SKDB nog in staat om die dienste te handhaaf, al het dit veral in die laaste tyd hoë bestuurseise gestel. As die ander inkomstebronne aangeraak gaan word (o.m. word verwag dat staatsubsidies relatief of reëel gaan verminder), gaan die probleme nog groter word. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid van deeglike strategiese bestuur.

In sy strategiese beplanning het die SKDB begin met 'n doelbewuste strategie om dienste in te kort. In die praktyk beteken dit dat personeel in die toekoms verminder sal moet word en dat die standaard van dienste gaan daal. Dit is egter die SKDB se ideaal om binne die beskikbare finansiering steeds aan so veel behoeftes as moontlik, en op die hoogste standaard moontlik, te voldoen. In hierdie stadium is geen persoon se pos in gevaar nie. Moontlike verskuiwings weens verdere rasionalisering word egter wel voorsien.

## 5.3 WERKSAAMHEDE VAN DIE SINODE DEUR RINGE EN GEMEENTES OORGENEEM

5.3.1 Op aanbeveling van die SKF het die Moderamen die sinodale kommissies gevra om aandag te gee aan die moontlikheid dat werksaamhede wat tans uit die sinodale begroting gefinansier word, na ringe of gemeentes oorgedra kan word.

### 5.3.2 AANBEVELING

Die sinode
1. moedig ringe en gemeentes aan om die verantwoordelikheid t.o.v. dienste van die SKDB wat tans deur die sinode gesubsidieer word, oor te neem;
2. gee opdrag aan die SKDB

2.1 om van die dienste wat tans deur die sinode gesubsidieer word en wat goedskiks deur ringe en/of gemeentes oorgeneem kan word, te identifiseer;
2.2 om te bepaal wat "oorname van verantwoordelikhede" prakties behels;
2.3 om in oorleg met die SKF ringe/gemeentes wat moontlik van die projekte kan oorneem te identifiseer en met hulle te onderhandel m.d.o. die oorname van die verantwoordelikhede rondom die betrokke diens;
3. besluit dat sodanige ringe/gemeentes nie noodwendig in dieselfde ringsgebied hoef te wees as die terrein waar die diens aangebied word nie.

### 5.4 ADMINISTRASIE SIEKESORG

5.4.1 Die verantwoordelikheid vir siekesorg is tydens die Sinode van 1991 aan die SKDB oorgedra. Tans word die administrasie t.o.v. personeel en die HB Geyer Hulp- en Studiefonds nog deur die Sinodale Kerkkantoor gedoen. Indien die sinode sou besluit om siekesorg weer onder die SKG te laat ressorteer, sou dit so moes bly. Indien nie, kan die SKDB die administrasie van alle aspekte rondom siekesorg oorneem.

#### 5.4.2 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat die administrasie van Siekesorg (HB Geyer Hulp- en Studiefonds ingesluit) vanaf 1 April 1994 na die SKDB oorgedra word.**

### 5.5 ADMINISTRATIEWE PERSONEEL DEUR DIE KERKKANTOOR GESEKONDEER

5.5.1 Die huidige reëling, waarvolgens die administratiewe personeel van die Sekretariaat, Direktoraat Bestuurshulpdienste en Direktoraat Maatskaplike Werkdienste deur die Sinodale Kerkkantoor aangestel word en volgens die Kerkkantoor se diensvoorwaardes funksioneer, skep ten spyte van die goeie onderlinge verhoudinge steeds praktiese probleme.

#### 5.5.2 AANBEVELING

**Die sinode gee opdrag aan die SKDB om met die Saakgelastigde en die SKKK te onderhandel met die oog daarop om al die personeellede wat tans op die Sinodale Kerkkantoor se diensstaat is en na die SKDB gesekondeer is, na die diensstaat van die SKDB oor te plaas.**

## 6. RINGE EN GEMEENTES

### 6.1 DIENSTE

Vandat die gemeentes en ringe nie meer op vaste grondslag verslae oor hulle werksaamhede indien nie, is dit baie moeilik om 'n oorsigtelike beeld te kry van alles wat in gemeentes en ringe op die terrein van die Diens van Barmhartigheid gedoen word. Daar kan egter aanvaar word dat gemeentes in die algemeen, en diakonieë en vrouedienste in die besonder, reusebydraes tot die gemeentelike barmhartigheidsbediening doen.

### 6.2 WERKLOOSHEID EN ARMOEDE

6.2.1 Die huidige ekonomiese klimaat in Suid-Afrika, met die gepaardgaande werkloosheid en armoede, is besig om al groter eise aan die gemeentes te stel. Die gemeente bly egter die primêre plek waar die kerk aan die behoeftes aandag moet gee. Die SKDB is besig om via die RKDB's te help met die koördinering van dienste (o.m. met gemeenskapsprojekte o.l.v. die CMR), maar gemeentes kan beslis nog baie eie inisiatief gebruik om oplossings vir die behoeftes te vind. Die SKDB is verder besig om, in samewerking met 'n paar RKDB's van gebiede waar die behoeftes besonder groot is, 'n aksieprogram te formuleer waarin praktiese riglyne aan gemeentes gegee word i.s. hulp wat beskikbaar is en aksies wat gevolg kan word.

#### 6.2.2 AANBEVELING

**Die sinode**
**1. neem met deernis kennis van die groot aantal persone (lidmate en andere) wat weens werkloosheid en armoede swaarkry;**
**2. versoek gemeentes om in hulle bedieningsprogram besondere aandag aan hierdie persone te gee;**
**3. gee opdrag aan die SKDB om duidelike leiding aan gemeentes te gee in sake hulp wat beskikbaar is en aksieprogramme wat gevolg kan word.**

### 6.3 ONDERLINGE HULPVERLENING DEUR GEMEENTES

6.3.1 Al is dit nog nie op groot skaal nie, is daar al 'n aantal gevalle waar van die meer bevoorregte gemeentes ander gemeentes finansieel en andersins bystaan. Die mooiste voorbeeld is dié van Lynnwood wat op hulle koste 'n maatskaplike werker vir Wespoort beskikbaar stel om die diakonaat in die gemeente te help organiseer. Betrokkenheid van een gemeente by 'n ander kan baie positief wees, veral omdat hulverlening dan gefokus en gekoördineerd kan plaasvind. Op versoek van die Ring van Hartbeesspruit het die SKDB die volgende riglyne geformuleer wat gevolg behoort te word waar een gemeente 'n ander gemeente bystaan:

#### 6.3.2 AANBEVELING

**Die sinode**
**1. moedig gemeentes aan om met vrymoedigheid met ander gemeentes te skakel met die oog op onderlinge hulpverlening;**
**2. versoek gemeentes met baie hulpbronne om dit te deel met gemeentes wat minder het;**
**3. stel dit as ideaal dat onderlinge hulpverlening gedoen word tussen twee spesifieke gemeentes ("tweelinggemeentes") en as 'n langtermynaksie;**
**4. versoek gemeentes wat hulp wil verleen en gemeentes wat hulp verlang om met die RKDB/SKDB te skakel met die oog op die koppeling van gemeentes en die koördinering van dienste;**
**5. versoek gemeentes wat t.o.v. hulpverlening wil saamwerk om eers die behoeftes in die gemeente waar hulp verleen gaan word, asook die hulpbronne wat beskikbaar is vanaf die gemeente wat die hulp verleen, deeglik te bepaal en om dan 'n gesamentlike aksie te beplan. Die SKDB kan by die behoefte- en hulpbronbepaling betrek word;**
**6. beklemtoon dat enige dienste wat deur of namens 'n gemeente in 'n ander gemeente gelewer word, steeds beskou moet word as 'n ondersteuningsaksie vir die diakonale werk van die gemeente wat die hulp ontvang en onder daardie kerkraad se toesig staan;**
**7. herinner sowel die kerkrade van gemeentes wat hulp ontvang en hulp verleen daaraan dat hulle by hulle onderskeie RKDB's oor die werksaamhede verslag moet doen;**
**8. versoek RKDB's om die SKDB in te lig en op hoogte te hou van enige projekte van onderlinge hulpverlening.**

### 6.4 BEGINSELS T.O.V. GEMEENTELIKE BYDRAES

'n Probleem waarmee die SKDB al vir baie jare worstel, is dat hy (behalwe t.o.v. die kinderhuise) nie die reg het om gemeentes sonder meer te nader vir finansiële ondersteuning vir sy dienste nie. Intussen skryf ander instansies - wat dikwels presies dieselfde diens as bv. die CMR lewer - lustig aan gemeentes en vrouedienste, en bydraes vloei op hierdie manier dikwels uit die kerk uit.

Die SKDB besef dat hierdie probleem meer as net die DvB raak, en het gevolglik die moderamen versoek om 'n aanbeveling aan die sinode te maak.

## 7. ALGEMEEN

### 7.1 LAGERSDRIFT

7.1.1 O.l.v. die destydse Ad Hoc-kommissie vir Armblankes en Arbeidskolonies van Ned. Herv. of Geref. Kerk is die plase Zwartkoppies en Lagersdrift in die Roossenekalomgewing in 1907 aangekoop en is die nedersetting "Lagersdrift" gevestig. Die terrein is tans nog die eiendom van die vier sinodes van Transvaal en word deur die Sinodale Kerkkantoorkommissie geadministreer. Die nedersetting word lank nie meer vir sy oorspronklike doel gebruik nie, en die terrein is tans net 'n uitgawe vir die sinodes.

### 7.1.2 AANBEVELING

**Die sinode**
**1. versoek die Saakgelastigde om met die moderature/SKDB's van die vier sinodes van Transvaal te onderhandel oor die toekomstige gebruik van Lagersdrift;**
**2. stel dit as sy standpunt dat die SKKK die terrein mag verkoop indien dit nie vir ander doeleindes van die kerk, verkieslik binne die barmhartigheidsopset, aangewend kan word nie;**
**3. stel dit as sy standpunt dat die opbrengs by die verkoop van die terrein tussen die sinodes verdeel moet word vir aanwending vir die Diens van Barmhartigheid.**

## 8. SLOTOPMERKING

'n Element wat nie so maklik in 'n objektiewe verslag vasgevang kan word nie, is die besonder positiewe en kreatiewe atmosfeer wat tans in die SKDB en by almal wat by sy dienste betrokke is, beleef word. Die aansprake op dienste is groot, en daar word verwag dat die probleme eerder groter as kleiner gaan word. Nogtans word die probleme eerder as uitdagings beskou, en die dinamiese krag van die Heilige Gees word van dag tot dag beleef. Dit is 'n voorreg om intiem mee te werk in hierdie besondere deel van die werk van die Here se kerk en om te ervaar hoe sy liefde praktiese gestalte kry in die lewens van mense wat sorg nodig het.

Hiermee vertrou die SKDB dat hy sy opdrag bevredigend uitgevoer het.

DS PJ SMIT
VOORSITTER

DR GJ CLOETE
SEKRETARIS

# BYLAE 1

## SKDB Noord-Transvaal

## Verslag van die Strategiese Studie vir Siekesorg en Hospitaalpastoraat

## 1. EERSTE BYEENKOMS: 28/29 JANUARIE 1993 TE BERG-EN-DAL

### 1.1 REDE VIR DIE BYEENKOMS

By die Sinode van N.Tvl (1991) is Siekesorg van die SKG (SKAE) na die SKDB oorgedra. Tot op datum is daar nog geen wesenlike veranderings in die diens gemaak nie, en funksioneer dit in werklikheid nog net soos twee jaar gelede. Van die sake wat die byeenkoms genoodsaak het, is:
* Die SKDB se opdrag is om te sorg vir navorsing, beplanning, inligting en voorligting in belang van die arbeid van die DvB, en om die sinode oor alle aspekte van die DvB op sinodale terrein te adviseer (vgl. bepaling 54.4). Daar moet bepaal word hoe hierdie opdrag t.o.v. siekesorg uitgevoer kan word.
* Die sinode (SKDB) se verantwoordelikheid t.o.v. siekesorg en hospitaalpastoraat moet bepaal en duidelik omskryf word.
* Nadat die sinode se verantwoordelikheid bepaal is, moet bepaal word hoe dit uitgevoer kan word. Dit behels onder meer die vraag na strukture, personeel en begrotings.
* Die sinode moet geadviseer word of die pos van "hospitaaleraar" moet voortgaan, en indien wel, met watter pligtestaat.
* As daar in die proses wenke of metodes raakgesien word wat die siekesorg binne sinodale-, rings- of gemeenteverband kan bevorder, sal dit 'n bonus wees.

### 1.2 VERTREKPUNTE

#### 1.2.1 Sinodebesluit

Volgens die sinodebesluit
* word leraars en gemeentes versoek om self vir die pastorale sorg van hulle lidmate in hospitale te sorg;
* neem gemeentes met hospitale in hulle gebied self verantwoordelikheid vir die pastorale sorg van die pasiënte wat nie andersins bedien kan word nie, die inwonende verpleegpersoneel en die buitekerklikes;
* is die SKDB vir die koördinering van werksaamhede verantwoordelik;
* kan gemeentes volgens bep 7.10 by die ring/sinode om 'n subsidie aansoek doen in dien die werk te omvangryk word. (Vgl. Sin91:319:5; 354:3.1.1)

#### 1.2.2 Beginsels

As prinsipiële vertrekpunt is gekyk na
* die kerkbegrip soos weergegee in "So Glo Ons";
* die definisie vir die Diens van Barmhartigheid;
* KO artikels 17 en 54;
* die Aanmeldingsbeleid vir Maatskaplike Werkdienste.

Die belangrikste beginsels uit hierdie stukke is dat die barmhartigheidsbediening
* 'n opdrag is van God drieënig;
* Jesus Christus as primêre voorbeeld en funksionaris het;
* gemeentesentries o.l.v. die diakonie moet geskied;
* uitreik na die mens in al sy vorms van nood;
* se primêre doel die volle deelname aan die heil in Christus is.

#### 1.2.3 Vertrekpunt

Die vertrekpunt word bepaal deur beide die beginsels en die sinodebesluit:
* Siekesorg is primêr 'n gemeentelike aksie.
* Slegs wanneer die omvang van die werksaamhede dit vereis, kom die ring*sinode in die spel - en dan omdat die gemeente dit versoek en nie omdat die ring/sinode dit aanbied nie.
* Die sinode/SKDB se funksie is koördinering.

### 1.3 UITVOERING

Die SKDB-dagbestuur en SKG, die hospitaalleraars, lede van die hospitaalspan, asook 'n paar leraars wat hulle belangstelling uitgespreek het, is uitgenooi om deel te neem. Uitnodigings is ook gestuur aan al die gemeentes met 'n hospitaal binne hulle gemeentegrense. Die byeenkoms is deur 22 persone bygewoon.

Tydens die byeenkoms is eerstens gevra na behoeftes rondom siekesorg. In die behoeftebepaling is onderskei tussen die behoeftes van 'n persoon wat tuis siek is en een wat in die hospitaal is. Daarna is gevra wat gedoen kan word om die behoeftes op te los. Vanuit die gemeentesentriese uitgangspunt is in die eerste plek bepaal wat deur die gemeente self gedoen kan word. Daarna is aandag gegee aan behoeftes wat nie deur die gemeente behartig kan word nie, en is gevra wat op sinodale vlak gedoen moet word. Spesifieke strategieë en aanbevelings is nog nie gedoen nie, maar 'n eerste ("draft") missie is bepaal.

### 1.4 MISSIE

Die missie is soos volg beskryf: "Die gemeente se diens aan die sieke en alle betrokkenes waardeur hulle begelei word na optimale gesondheid en die belewenis van die heil in Christus."

Elemente wat in 'n verdere omskrywing vervat is, moet nog verreken word: "Siekesorg is die gemeente se liefdevolle en toegeruste betrokkenheid by die sieke, sy familie en die versorgingspersoneel. Hierdie spontane sowel as georganiseerde barmhartigheidsdiens het as doel om alle betrokkenes te versorg en te begelei na die hoogste mate van gesondheid wat in die situasie moontlik is deur saam te soek na die wil van God in die sieke-situasie (omstandighede). Hierdie soeke na die hoogste sin (nl. die wil van God) sal ook geskied in samewerking en medebesinning met die mediese en ander genesingsdissiplines om sodoende mee te werk tot die heil van die totale mens en die eer van God. Omdat veel van hierdie diens ook spesialisinsette en finansiële implikasies vereis wat nie op gemeentevlak gelewer kan word nie, sal insette ook geverg word van die ring en sinode."

### 1.5 BEHOEFTES

#### 1.5.1 Behoeftes van 'n persoon wat tuis siek is

Versorging [medies / liggaamlik / rus / stilte / kos] ** Geestelik [gemeenskap van die heiliges / erediens / nagmaal (veral lang siekbed) ] ** Emosioneel [menswaardigheid / onvoorwaardelike aanvaarding / begrip / belangstelling / afleiding / "wat word van my gesin?"] ** Sosiaal [opbeur / kontak met familie / dat gemeente weet] ** Tydelik [rekeninge / bank / huishoudelik / korrespondensie / tuin / vervoer] ** Finansieel [mediese koste / verlies aan inkomste / beroepsekuriteit]

Belangrik:
* Elke persoon se individuele behoeftes moet gediagnoseer word.
* Die gesin se behoeftes moet ook aandag kry, bv. hulp met versorging / "sit by die sieke terwyl ek winkel toe gaan" / emosionele spanning / belangstelling.

#### 1.5.2 Behoeftes van die persoon in die hospitaal

Die behoeftes stem ooreen met dié van 'n sieke tuis, maar die volgende kom by: Medies [versorging / gemak / pyn] ** Hospitaalopset [menswaardigheid / respekteer privaatheid / vertroulikheid / oop besoek / versorging van klere / leesstof] ** Voorbereiding [fisies / psigies (oriëntering) / geestelik] ** Verwerking [vreemde omgewing / vrese / verlies van funksie en ledemate / depressie / selfbegrip] ** Inligting [oor hospitaalopset / "hoe siek is ek?" / "wat gaan hulle met my doen?" / "wat is my prognose"] ** Bekommernisse [oor gesin tuis / uitgawes / werk] ** Geestelik [die sin van die siekte / die wil van God / gebed] ** Emosioneel [wêreld krimp / soek kontak met bekende omgewing / emosies intens / vertroosting / bemoediging / snesies].

Die gesin se behoeftes is o.m. huisvesting, vervoer, finansies, parkering, plek om te sit, verversings / inligting (van die siekte, prognose, behandeling en gevolge, hoe om teenoor die pasiënt op te tree), vriendelikheid van die personeel, vertroosting en bemoediging.

#### 1.5.3 Wat kan die gemeente doen?

Aan die pasiënt tuis: Voorbidding [tydens 'n besoek / ander plekke] ** Teenwoordigheidspastoraat : besoek [ook briewe / telefoon / blomme] ** Woordbediening ** Doelbewuste gesprek / luister / sê (verwoord emosies) / wys (liggaamstaal) / klankbord ** Opregte belangstelling / ondersteuning / begrip / kontak / bystand ** Humor ** Leesstof / voorlees ** Skakel met werkgewer ** Oplei om aan te meld ** Help omgewing reël (besoektye, kontrole oor mense/diere) ** Skep kanale vir kontak (inligting / telefoon / skryf briewe vir pasiënt) / organiseer kanale. ** Opleiding aan helpers [kennis oor die situasie, siektetoestand, die persoon]

Aan die pasiënt in die hospitaal: Bogenoemde plus: Hospitaalbedieningsaksie / ondersteun plaaslike gesin / nasorg ** Die hospitaalpersoneel moet nie vergeet word nie!

#### 1.5.4 Wie kan dit doen?

In die gemeente: Spontane betrokkenheid [familie / vriende / bure] ** Leraar / ouderling / diaken / wykleiers / elke lidmaat [waak teen foutiewe ampsbegrip!] ** Gemeentelike Aksies ** Vrywilligers ** Georganiseerde aksiegroep (vanuit gawebank) ** Buitekerklike verenigings / Nasionale Kankervereniging

#### 1.5.5 Wat kan 'n gemeente doen met 'n hospitaal in sy gebied?

Huisvesting vir besoekers ** Hospitaalbedieningsgroep ** Tentmakerbediening ** Skakeling met ander gemeentes/kerke [pasiënt / bedieningstrukture] ** Paneel van kundiges ** Toerusting ** Eredienste in hospitaal ** Godsdiensoefeninge ** Lektuur / biblioteek / kassettoteek

#### 1.5.6 Spesiale behoeftes

Trauma ** Chronies-siekes ** Sterwensbegeleiding ** Rouberaad ** Lidmate van ander kerke ** Opleiding aan alle siekesorgwerkers ** "Care for the care-giver".

### 1.6 TE VEEL VIR DIE GEMEENTE

Al kan die gemeente besonder baie doen, is daar behoeftes of faktore wat buite die gemeente se vermoë val: Koördinering / opleiding / fasilitering / begeleiding ** Hospitale verskil: opleidingshospitaal / teringhospitaal / Weskoppies ** 'n Bondel lidmate ontstel hopspitaalpersoneel ** 'n Lidmaat word nie in intensiewe eenhede toegelaat nie ** Skakeling met hospitaalowerhede / ander kerke / familie van NGKerke ** Krisisverwysings / noodgevalle / buitepasiënte.

'n Spesialispos het voordele: Om in die hospitaal in te kom! ** Koördinering ** Kwaliteit van diens ** Psigopastorale begeleiding ** Deel van multiprofsessionele span ** Hulp met etiese vraagstukke / Skakel t.o.v. raadpleging ** Huidige geleentheid moet behou word ** Interdissiplinêre samewerking / Interkerklike samewerking ** Aanvaarbaarheid (Nuwe Suid-Afrika) ** Registrasie by SAGTR 'n aanbeveling.

## 2. TWEEDE BYEENKOMS: 12 MAART 1993 TE HUIS VERGENOEG

### 2.1 UITVOERING

Die doel van die tweede byeenkoms was om bogenoemde los items moet na strategieë te begin omwerk, en om die SKDB in staat te stel om die sinode te adviseer (bep. 54.4). By die byeenkoms is drie hoofsake, wat deur 'n klein werkgroep geïdentifiseer is, indringend beoordeel:

** Wat is die gemeente se rol? Die sinodebesluit plaas die verantwoordelikheid vierkantig op die gemeente. Maar wat moet die gemeente doen? Hoe gaan hy dit doen? Wat is die rol van die kerkverband van ring en sinode?
** Wat is die sinode se rol? Volgens die sinodebesluit is die sinode se rol koördinering. Maar wat sluit dit alles in? Ook navorsing en toerusting? Onderhandeling met plaaslike hospitaalowerhede? En selfs al is dit net koördinering: Wie en wat moet gekoördineer word? En deur wie? Moet daar 'n voltydse persoon aangestel word? Indien wel - moet hy 'n predikant wees? Wat moet sy opdrag wees? Waar moet sy kantoor wees: by 'n spesifieke hospitaal, of op 'n neutrale plek? Moet daar ander personeel ook wees: sekretaresse, hospitaalwerkers, ens?
** Wat is die begrotingsimplikasies? Ideale moet in prakties haalbare strategieë omskep word. Die hulpbronne moet ontleed word. Op gemeentelike vlak sal bepaal moet word of daar persone beskikbaar is vir hierdie werk. Is vrywilligers voldoende, of moet gespesialiseerde persone aangestel word? Ook op sinodale vlak sal die behoefte bepaal of daar voltydse personeel moet wees. Dit alles beteken dat die behoefte en die begroting met mekaar in balans gebring moet word.

### 2.2 BEVINDINGS

Slegs enkele bevindings word hier genoem. Die aanbevelings wat later volg, gee 'n vollediger prentjie.

1. Siekesorg is 'n belangrike deel van kern van die kerk se werk en moet gevolglik hoë prioriteit kry. Dit gaan immers
1.1 om mense met besondere en dikwels intense behoeftes wat deur die kerk versorg en ondersteun moet word; asook
1.2 om mense wat weens hulle besondere omstandighede, besonder toeganklik vir die evangelie is.
1.3 Siekesorg is so 'n unieke veld dat dit nie sonder meer onder een van die bestaande diensterreine of kommissies ingepas kan word nie. Die "sorg"-aspek het met die diakonaat te doen, en die "pastoraat" met gemeentebediening, maar in die praktyk kan die twee aspekte moeilik geskei word.

1.4 Veral binne gemeenteverband moet nuwe aandag gegee word aan die aanwending van mense met spesifieke gawes rondom siekesorg, en nie bloot aan "ampte" gedink word nie.
1.5 Die behoeftebepaling het getoon dat die gemeente 'n groot rol kan speel, maar dat dit tans nog nie naastenby tot sy reg kom nie.
1.6 Uit die behoeftebepaling het dit baie duidelik geblyk dat daar belangrike behoeftes is - veral t.o.v. hospitaalpastoraat - wat nie deur die gemeente alleen hanteer kan word nie (vgl. 2.6 hierbo).
1.7 In sinodale verband val die fokus veral op die hospitaalpastoraat, maar navorsing, asook leiding en toerusting aan gemeentes, op die hele terrein van die bediening aan siekes moet ook aandag kry.
1.8 Dit is belangrik dat elke gemeente in die sinodale gebied, en veral gemeentes met hospitale, bevoordeel moet word.

### 2.3 STRATEGIEë EN OPSIES

#### 2.3.1 In gemeenteverband

Siekesorg én hospitaalpastoraat is in die eerste plek 'n funksie van die gemeente.
1. Elke gemeente behoort sy eie behoeftes te bepaal en sy eie oplossings te vind. Hiervoor sal hy al die bedieninge in die gemeente moet gebruik en 'n beplande en gekoördineerde bedieningsprogram in werking stel. (Geen gemeente kan net van die dominee verwag om alles te doen nie - ampsbegrip!)
2. Elke gemeente behoort 'n kommissie vir siekebediening in te stel wat al die werksaamhede beplan en koördineer. Die gemeentelike kommissies vir gemeentebediening en diens van barmhartigheid, asook die gemeentelike aksies, kan 'n rol speel, maar die aard van die diens vereis eintlik 'n aparte bediening.
3. Onder meer sal die gemeente moet bepaal of hy 'n persoon (of persone) in diens wil neem en wil vergoed, en indien wel, met watter pligtestaat.
4. 'n Gemeente sal moet onderskei tussen die diens aan siekes by die huis, en siekes in die hospitaal.
5. 'n Gemeente met 'n hospitaal in sy gebied sal ook moet bepaal watter diens hy aan die lidmate uit ander gemeentes gaan aanbied; in watter mate hy dit self kan behartig en in watter mate hy die hulp (finansieel en andersins) van die verband van ring en sinode sal moet vra. Dit sal onder meer deur die aard van die hospitaal en die aantal hospitale bepaal word. In die sinodale gebied word veral die gemeentes van Pretoria-Wes (Weskoppies), Riviera (HF Verwoerd) en Arcadia (verskeie hospitale) geraak.
6. Die gemeente sal ook vir homself moet uitmaak in watter mate hy uitreik na nie-NG-lidmate. 'n Eng siening sal egter groot skade beteken aangesien die aandag aan siekes, veral siekes in hospitale, 'n evangelisasiegeleentheid soos min is.

#### 2.3.2 In ringsverband

Die aard van die behoeftes sal die aard van die bediening, asook die aard en omvang van hulp van gemeentes onderling bepaal.

#### 2.3.3 In sinodale verband

1. Op sinodale terrein staan die funksies van navorsing, beplanning, inligting, voorligting en koördinering voorop.
2. Die normale werkwyse vir die sinode is om sy verantwoordelikheid t.o.v. die bediening aan siekes aan 'n kommissie op te dra. Die belangrike gevolgtrekking van die strategiese studie is dat hierdie kommissie die Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening moet wees. Motivering: Op gemeentevlak is beide die fasette van versorging en pastoraat teenwoordig, maar die sinode doen nie versorging van siekes nie. Sy aandeel is hoofsaaklik by die pastoraat. Dit sou dus beter wees om hierdie werksaamheid onder die SKG te laat ressorteer en nie by die SKDB nie. Dit is anders by bv. bejaardesorg waar die sinode d.m.v. sy tuistes wel versorging doen.
3. Gemeentes moet probeer om die bediening aan siekes sover enigsins moontlik met eie hulpbronne en finansiering te doen, maar kan op grond van art. 54.2 en bep. 7.10 die vrymoedigheid neem om die sinode om hulp te nader.
4. Die groot vraag is of dit nodig is om 'n persoon of persone aan te stel om die werk te doen. In die strategiese studie is dit keer op keer bevestig dat daar te veel kritiese fasette in die bediening aan siekes is om dit bloot deur 'n gemeente of deur 'n kommissie te probeer doen. As die sinode probeer om hierdie werk sonder 'n "Moses" te doen wat die leiding gee, sou hy meer verloor as wat hy op sy begroting kan wen.
Die belangrikste redes is:
4.1 Die bediening aan siekes is te gespesialiseerd om die navorsing ens. net aan 'n paar kommissielede (wat slegs deeltyds daarby betrokke is) op te dra.
4.2 Koördinering beteken meer as net 'n paar telefoonoproepe en 'n klompie reëlings, en vereis toegespitste en gespesialiseerde aandag.
4.3 Hospitaalowerhede gee nie maklik aan gemeentelede vrye toegang tot hospitale nie, en gewoonlik glad nie toegang tot intensiewe eenhede nie.
4.4 Beheer oor besoekers (aanbieding, inhoud van gesprekke, ens.) is vir hospitaalowerhede belangrik. Die huidige goeie gesindheid wat by die meeste hospitale bestaan, moet nie verloor word nie.
4.5 Interdissiplinêre samewerking met die mediese professie kan moeilik gedoen word anders as deur 'n gespesialiseerde persoon wat op gelyke vlak bydraes kan lewer en wat geredelik beskikbaar is.
4.6 Die kerk se bydraes tot die mediese wêreld, veral t.o.v. etiese beoordeling, mag nie onderskat word nie. Ook hier kan 'n spesialis 'n kosbare bydrae lewer.
4.7 Interkerklike samewerking is noodsaaklik. Skakeling kan moeilik op 'n hoë standaard deur deeltydse persone gehandhaaf word.
4.8 Al sou persoonlike besoekwerk nie 'n hooffunksie van 'n spesialis wees nie, is sy aandeel aan veral gevalle van krisispastoraat onontbeerlik.
4.9 As die spesialis by die SAGTR sou kon registreer (bv. as geregistreerde sielkundige) sou dit 'n groot aanwins wees vir aanvaarding deur die mediese beroep en baie deure vir die kerk oopmaak.
5. Van die opsies wat oorweeg is, is om die pos van "hospitaalleraar" aan 'n ander pos te koppel. Indien die sinode nie sy weg sou oopsien om weer 'n voltydse hospitaalleraar te benoem nie, is die beste opsie waarskynlik om die bediening aan siekes / koördinering van siekesorg aan die pos van Predikant in Sinodale Diens vir SKG te koppel. In die praktyk sal dit beteken dat die sinode twee poste na een verminder met die gepaardgaande besparing op die begroting.

## 3. AANBEVELINGS

### 3.1 SIEKESORG IN GEMEENTES

**Die sinode**
**1. doen 'n beroep op elke kerkraad**
**1.1 om hoë prioriteit aan die bediening aan siekes te heg;**
**1.2 om in sy bedieningsprogram veral aandag te gee aan versorging en pastorale begeleiding;**
**1.3 om in sy bedieningsprogram mense met gawes vir siekebediening maksimaal te gebruik; en**
**1.4 om desnoods 'n spesifieke kommissie vir die bediening aan siekes daar te stel om die werk te lei en te organiseer.**

### 3.2 HOSPITAALPASTORAAT

Die sinode
1. doen 'n beroep op leraars en gemeentes om steeds voort te gaan met die pastorale sorg van hulle lidmate in hospitale;
2. besluit dat gemeentes wat 'n hospitaal binne hulle grense het, self verantwoordelikheid neem vir die pastorale sorg van die pasiënte wat nie andersins bedien word nie, die inwonende verpleegpersoneel en buitekerklikes, terwyl die SKDB 'n koördinerende funksie het en met verslag aan die moderamen ook die skakeling met die owerheid hanteer;
3. herinner sodanige gemeentes dat hulle na luid van bep. 7.10 by die ring/sinode kan aansoek doen vir subsidie ten opsigte van hospitaalbearbeiding indien die werkterrein te omvangryk word.

### 3.3 HOSPITAALWERKERS

Die sinode
1. besluit om die dienste van alle pastorale hulpwerkers voor 1 April 1994 te beëindig;
2. Versoek gemeentes wat die dienste van hierdie persone wil gebruik om met die SKDB te onderhandel;
3. gee opdrag aan die SKDB om enige kontrakte wat met die werkers bestaan na te gaan en toe te sien dat daar by die beëindiging van dienste billik teenoor die werkers opgetree word;
4. gee aan die SKDB geleentheid om ter vergadering te rapporteer watter vordering in die onderhandeling met die gemeentes gemaak is en hoeveel werkers deur gemeentes geakkommodeer kon word.

### 3.4 HOSPITAALLERAAR: WESKOPPIES

Die sinode besluit
1. om sy hulp aan Pretoria-Wes op dieselfde grondslag as tans voort te sit vir pastorale werk in Weskoppies Hospitaal;
2. om die hulp te herevalueer indien daar 'n vakature sou ontstaan, of indien die staatsubsidie sou verminder;
3. om aan die SKDB opdrag te gee om 'n skriftelike ooreenkoms tussen die sinode en die kerkraad op te stel waarin die hulp omskryf word.

### 3.5 HOSPITAALLERAAR

('n Aantal opsies wat tydens die strategiese studie bepaal is, is deur die SKDB op aanbeveling van sy Onderkomitee vir Siekesorg oorweeg. Die Kommissie se eerste keuse word as aanbeveling gegee, maar die ander opsies word volledigheidshalwe ook genoem.

Die oorwegings waardeur die Kommissie hom laat lei het, is:
* 'n Persoon teenoor 'n kommissie: 'n persoon.
* Voltyds teenoor deeltyds: Voltyds.
* Indien deeltyds: koppeling met 'n ander sinodale pos (SKG of SKSE) is moontlik.
* Sinodale pos teenoor koppeling aan 'n gemeente: 'n sinodale pos.
* Kantoor: in 'n hospitaal, of op 'n neutrale plek: probeer behou by die HF Verwoerd Hospitaal a.g.v. die besondere skakeling wat tans bestaan - veral met die mediese fakulteit.)

AANBEVELING:

Die sinode besluit
1. om sy hulp aan Riviera, waarvolgens die gemeente in staat gestel is om 'n hospitaalleraar in die HF Verwoerd Hospitaal daar te stel, op 31 Maart 1994 te beëindig;
2. om 'n hospitaalleraar te benoem met ingang 1 April 1994;
3. om aan die SKDB opdrag te gee om 'n pligtestaat vir die hospitaalleraar op te stel;
4. om dr. AGS Gous te versoek om vanaf 1 April 1994 die funksie van hospitaalleraar te vervul;
5. om opdrag aan die SKF te gee om in samewerking met die SKDB en met verslag aan die moderamen 'n vergoedingspakket vir dr. Gous te bepaal;
6. om aan die SKDB opdrag te gee om in samewerking met die SRK en met verslag aan die moderamen 'n diensooreenkoms met dr. Gous op te stel.

Indien die sinode hierdie aanbeveling sou aanvaar, moet daar nog bepaal word of die pos voltyds of deeltyds is, en of die hospitaalleraar se kantoor by die HF Verwoerd Hospitaal sal wees of in die Sinodale Sentrum. Die begrotingsimplikasies sal afhang van die omvang van die pos (bv. 3/8, 5/8 of 8/8). Die akkommodasie by die HF Verwoerd Hospitaal is, anders as in die Sinodale Sentrum, gratis. As die kantoor in die Sinodale Sentrum geplaas word, kan 'n sekretaressepos gedeel word wat die addisionele uitgawe sal kanselleer. Die akkommodasie word dus deur praktiese-, en nie deur begrotingsredes nie, bepaal.

Die volgende alternatiewe is ook deur die Kommissie oorweeg en word volledigheidshalwe bygevoeg:

<u>Opsie 1: Hospitaalleraar in diens van Riviera</u>

Hierdie opsie gaan van die huidige posisie uit, met die verskil dat die pastorale hulpwerkers nie meer in sinodale diens is nie (vgl. aanbeveling 3.3 hierbo).

Die sinode besluit
1. Om sy hulp aan Riviera vir 'n hospitaalleraar in die HF Verwoerd Hospitaal voort te sit tot met die emeritaat van dr. AGS Gous;
2. Om aan die SKDB opdrag te gee om 'n pligtestaat vir die hospitaalleraar op te stel;
3. Om aan die SKDB opdrag te gee om met die kerkraad van Riviera te onderhandel t.o.v. die mate waarin dr. Gous die funksies in die pligtestaat kan vervul, en om die verslag aan die moderamen vir goedkeuring voor te lê.
4. Om die huidige hulp aan Riviera vir 'n hospitaalleraar by die ontstaan van 'n vakature te herevalueer.

<u>Opsie 2: Geen hospitaalleraar</u>

Die sinode kan besluit om die huidige hopitaalleraarspos te termineer. Dit beteken dat die huidige ooreenkoms met Riviera beëindig sal moet word. Riviera sal dan moet besluit of hy die volle verantwoordelikheid wil neem vir die pos waarin dr. Gous na die gemeente beroep is. Indien die gemeente nie daarvoor sou kans sien nie, sal dr. Gous moet emeriteer. Dit beteken verder dat daar dan nie meer 'n spesifieke persoon sal wees om die koördinering van hospitaalpastoraat te doen nie, en dat die SKDB 'n werkwyse sal moet bepaal.

Die begrotingsimplikasie is dat die sinode die bedrag wat tans vir dr. Gous + sekretaresse betaal word, sal bespaar, maar dat daar vergaderings- en ander koste vir die kommissie sal bykom. Totale besparing: /R130/000. Die besparing moet teenoor die verlies aan effektiwiteit gestel word. Vergelyk punt 2.3.3.4 hierbo.

Die sinode besluit
1. Om sy hulp aan Riviera, waarvolgens die gemeente in staat gestel is om 'n hospitaalleraar in die HF Verwoerd Hospitaal daar te stel, op 31 Maart 1994 te beëindig;
2. Om nie weer 'n hospitaalleraar te benoem nie;
3. Om aan die SKDB opdrag te gee om 'n werkwyse daar te stel waarvolgens die hospitaalpastoraat nogtans so effektief as moontlik gekoördineer kan word.

<u>Opsie 3: Hospitaalleraar in sinodale diens</u>

Die sinode kan besluit om, soos in opsie 2, sy ooreenkoms met Riviera te termineer, en om dan 'n koördineerder vir hospitaalpastoraat aan te stel.

Dit sal waarskynlik beteken dat Riviera vir dr. Gous sy emeritaat moet aanbied. Die sinode kan moontlik besluit om 'n aanbod aan dr. Gous te maak om op "kontrakbasis" die funksie te verrig, moontlik tot op die datum waarop hy die ouderdom vir sy gewone emeritaat sou bereik. Dit sou egter beter wees om te werk volgens 'n kontrak wat jaarliks hersien word.

Indien die koördineerder nie 'n predikant is nie, kan sy vergoedingspakket effens laer wees. In die aanbeveling word gewerk met die veronderstelling dat dit wel 'n predikant sal wees.

Indien die sinode op 'n nuwe pos met 'n nuwe persoon sou besluit, moet sowat R40/000 by die huidige begroting bygetel word aangesien Riviera tans behuising voorsien en dr. Gous nie meer pensioenbydraes het nie.

Indien die sinode van dr. Gous se diens gebruik wil maak, sal die sinode (waarskynlik) die verantwoordelikheid vir behuising vir sy rekening moet neem.

Die sinode besluit

1. Om sy hulp aan Riviera, waarvolgens die gemeente in staat gestel is om 'n hospitaalleraar in die HF Verwoerd Hospitaal daar te stel, op 31 Maart 1994 te beëindig;
2. Om 'n hospitaalleraar te benoem met ingang 1 April 1994;
3. Om aan die SKDB opdrag te gee om 'n pligtestaat vir die hospitaalleraar op te stel;
4. Om aan die SKDB opdrag te gee om die voorbereidende werk te doen met die oog op die benoeming volgens bep. 7.9.1.

### 3.6 WYSIG SINODEBESLUITE

**Met die aanvaarding van bogenoemde aanbevelings wysig die sinode al die besluite in sake siekesorg en hospitaalpastoraat wat by die sinode van 1991 geneem is.**

# BYLAE 2

## SKDB NOORD-TRANSVAAL

**Algemene statistiek soos op 31 Maart 1992**

| AFDELING | PERSONEEL | GETAL (1) | INKOMSTE | UITGAWES | SURPLUS | (TEKORT) | FONDS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sekr/admin/ | 11 | - | 752,564 | 665,659 | 86,905 | | 2,530,0 |
| CMR Oorhoofs | 28 | | 1,500,731 | 1,504,485 | (3,754) | | 903,5 |
| CMR Ringe | 44 | 6,814 | 1,501,528 | 1,386,138 | 115,390 | | 1,066,6 |
| Totaal: | 83 | - | 3,754,823 | 3,556,282 | 198,541 | | 4,500,1 |

| INRIGTING | PERSONEEL | INWONERS | INKOMSTE | UITGAWES | SURPLUS TEKORT | EENHEIDS -KOSTEpm | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Tuistes vir | 410 | 682 | 7,619,541 | 7,890,557 | (271,016) | 1,266 | 2,017,9 |
| bejaardes | | | | | | | |
| Brits | 90 | 112 +32ws | 1,276,066 | 1,335,523 | (59,457) | 994 | 505,5 |
| Rusoord | | | | | | | |
| Huis HJ Piek | 110 | 123 | 2,169,868 | 2,343,128 | (173,260) | 1,587 | (256,6 |
| Huis | 83 | 102+102ws | 1,595,460 | 1,511,033 | 84,427 | 1,235 | 852,0 |
| Vergenoeg | | | | | | | |
| Rustenburg | 65 | 70 +29ws | 1,232,433 | 1,286,418 | (53,985) | 1,531 | 581,5 |
| Rusoord | | | | | | | |
| Warmbad | 62 | 112 | 1,101,887 | 1,099,298 | 2,589 | 818 | 335,4 |
| Rusoord | | | | | | | |
| Dienssentrum | 8 | 653 (2) | 300,827 | 315,157 | 14,330 | - | 132,7 |
| Vergenoeg | | | | | | | |
| Kinderhuise | 138 | 445 | 4,905,188 | 5,049,744 | (144,556) | 945 | 805,7 |
| AKKN | 78 | 200 | 2,109,698 | 2,223,273 | (113,575) | 926 | 516, |
| AKKP | 60 | 245 | 2,797,490 | 2,826,471 | (30,981) | 961 | 289, |
| Berg-en-Dal | 11 | 12 (3) | 151,228 | 147,372 | 3,856 | 1,023 | 109, |
| Staanvas | 32 | 44 (4) | 1,307,495 | 1,301,558 | 5,937 | 2,127 | 2,577, |
| Sentrum | | | | | | | |
| Huis | 9 | 22 (5) | 184,170 | 195,261 | (11,091) | 775 | 159, |
| Wilhelmina | | | | | | | |
| Jeugsentrums | 126 | 926 | 3,696,390 | 3,722,857 | (26,467) | 335 | 416, |
| AJO | 43 | 375 | 1,724,502 | 1,724,502 | 0 | 411 | 258, |
| Pretoria | 59 | 431 | 1,626,311 | 1,625,355 | 956 | 314 | 91, |
| Jeugsentrum | | | | | | | |
| Pietersburg | 21 | 120 | 329,046 | 373,046 | (43,954) | 259 | 66 |
| Jeugsentrum | | | | | | | |
| Totaal (inrigtings) | 731 | 2784 | 18,164,839 | 18,632,506 | (467,666) | - | 6,218 |
| TOTAAL (SKDB): | 814 | - | 21,618,835 | 21,863,631 | (244,796) | | 10,718 |

Aantekeninge
(1) Totale getal sake in die jaar hanteer. Die belangrikste probleme was:

| | |
|---|---|
| * *Statutêre dienste aan kinders* | 1324 |
| * Statutêre dienste aan volwassenes | 380 |
| * Kinderverwaarlosing, -mishandeling en -molestering | 1256 |
| * Alkohol- en dwelmprobleme | 362 |
| * Materiële nood | 840 |
| * Egskeiding en huweliksprobleme | 579 |
| (2) Gemiddelde daaglikse bywoning : | 240 |
| Gemiddelde aantal tuisbesoeke daagliks : | 50 |
| (3) Totaal vir die jaar : | 67 |
| (4) Totaal vir die jaar : | 482 |
| (5) Totaal vir die tydperk 91-05-31 tot 92-06-30: | 63 |

# BYLAE 2 (vervolg)

## SKDB NOORD-TRANSVAAL

<u>Algemene statistiek soos op 31 Maart 1993</u>

| AFDELING | PERSONEEL | GETAL (1) | INKOMSTE | UITGAWES | SURPLUS | (TEKORT) | FONDSE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sekr/admin/ | 10 | - | 760,936 | 666,684 | 94,252 | | 2,888,35 |
| CMR Oorhoofs | 27 | | 1,531,660 | 1,510,347 | 21,313 | | 938,99 |
| CMR Ringe | 45 | 7,216 | 1,675,824 | 1,587,628 | 88,196 | | 1,225,36 |
| Totaal: | 82 | - | 3,968,420 | 3,764,659 | 203,761 | | 5,052,71 |
| **INRIGTING** | **PERSONEEL** | **INWONERS** | **INKOMSTE** | **UITGAWES** | **SURPLUS TEKORT** | **EENHEIDS -KOSTEpm** | |
| Tuistes vir bejaardes | 366 | 523+163ws | 8,531,102 | 8,617,216 | (86,114) | 1,373 | 1,928,07 |
| Brits Rusoord | 79 | 112 +32ws | 1,471,520 | 1,497,957 | (26,437) | 1,115 | 472,18 |
| Huis HJ Piek | 92 | 125 | 2,557,424 | 2,600,843 | (43,419) | 1,734 | (320,84 |
| Huis Vergenoeg | 84 | 102+102ws | 1,879,494 | 1,869,875 | 9,619 | 1,528 | 823,46 |
| Rustenburg Rusoord | 53 | 70 +29ws | 1,364,723 | 1,391,555 | (26,832) | 1,657 | 637,51 |
| Warmbad Rusoord | 58 | 114 | 1,257,941 | 1,256,986 | 955 | 919 | 315,75 |
| Dienssentrum Vergenoeg | 8 | 649 (2) | 338,315 | 336,949 | 1,366 | - | 128,7 |
| Kinderhuise | 151 | 474 | 5,393,249 | 5,500,689 | (107,440) | 967 | 1,308,8 |
| AKKN | 64 | 229 | 2,568,967 | 2,616,999 | (48,032) | 952 | 916,5 |
| AKKP | 87 | 245 | 2,824,282 | 2,883,690 | (59,408) | 980 | 392,2 |
| Berg-en-Dal | 9 | 12 (3) | 147,329 | 176,872 | (29,543) | 1,225 | 91,6 |
| Staanvas Sentrum | 27 | 44 (4) | 1,394,745 | 1,421,006 | (26,261) | 2,691 | 2,961,6 |
| Huis Wilhelmina | 7 | 23 (5) | 196,101 | 224,813 | (28,712) | 815 | 121,8 |
| Jeugsentrums | 98 | 926 | 4,334,210 | 4,346,745 | (12,536) | 392 | 335,1 |
| AJO | 34 | 375 | 2,081,656 | 2,081,656 | 0 | 463 | 306, |
| Pretoria Jeugsentrum | 44 | 431 | 1,865,509 | 1,875,454 | (9,945) | 363 | (39,1 |
| Pietersburg Jeugsentrum | 20 | 120 | 387,045 | 389,635 | (2,589) | 268 | 67, |
| Totaal (inrigtings) | 666 | 2814 | 20,335,051 | 20,624,290 | (289,239) | - | 6,876, |
| TOTAAL (SKDB): | 748 | - | 24,303,471 | 24,388,949 | (85,478) | | 11,928, |

Aantekeninge (1992 se syfers in hakies):

(1) Totale getal sake in die jaar hanteer. Die belangrikste probleme was:

| | | | |
|---|---|---|---|
| * Statutêre dienste aan kinders | 1336 | (1324) | |
| * Statutêre dienste aan volwassenes | 389 | (380) | |
| * Kinderverwaarlosing, -mishandeling en -molestering | 1318 | (1256) | |
| * Alkohol- en dwelmprobleme (Toename 42%) | 514 | (362) | (Toename 42%) |
| * Materiële nood (Toename 54%) | 1295 | (840) | (Toename 54%) |
| * Egskeiding en huweliksprobleme | 549 | (579) | |
| (2) Gemiddelde daaglikse bywoning : | 233 | (240) | |
| Gemiddelde aantal tuisbesoeke daagliks : | 50 | (50) | |
| (3) Totaal vir die jaar : | 49 | (67) | |
| (4) Totaal vir die jaar : | 409 | (482) | |
| (5) Totaal vir die jaar : | 65 | (63) | |

# A.10.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE

## A. PERSONEEL EN VERGADERINGS

### 1. LEDE VAN DIE KOMMISSIE

#### 1.1 Primarii

Ds E Olivier (Voorsitter), Ds A Roux (Onder-voorsitter), Dr JGM Richter (Skriba), Ds JD Herholdt, Ds PT Venter, Ds DB de Vos, Ds MJP Grobler, Dr AE de la Porte, Ds JJF Viljoen

#### 1.2 Sekundi

Ds JC Scholtz, Ds PGduP Bergh, Ds CF Delport

#### 1.3 Adviserend

Dr AM Hofmeyr (AKSE), Prof D Crafford (Teologiese Fakulteit - UP), Mev K Venter (Vrouediens), Mev D Badenhorst (Sendingkantoor)

#### 1.4 Veranderings in die kommissie

Dr AE de la Porte het teen die einde van 1992 as lid bedank. Die sekundus is nie opgeroep nie.

### 2. PROBLEME MET SAMESTELLING

Die kommissie het enkele probleme met die huidige samestelling van die kommissie ondervind, soos:

2.1 Kontak met ringe wat nie in die kommissie verteenwoordig is nie.

2.2 Die deursending van inligting en verslae aan ringe en gemeentes.

### 3. VERGADERINGS

3.1 Die SKSE het 6 keer gedurende die reses vergader.

3.2 Die Dagbestuur het meer dikwels vergader.

3.3 Die SKSE het op 11 - 13 Mei 1992 'n besoek aan die Ring van Louis Trichardt gebring. Die doel was om die lede van die SKSE op hoogte te stel van die sendingwerksaamhede in die ring en van die situasie rakende die kerk se eiendomme. Verteenwoordigers van die NGKA is terselfdertyd vir samesprekings ontmoet en Helene Franzskool en Tshilidzini skool is besoek.

## B. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 1991

### 4. FORMULERING VAN DOELWITTE

#### 4.1 Besluit van sinode (310 : 3.2.3.5)

"Die sinode gee opdrag aan die onderskeie sinodale kommissies om elkeen sy doelwitte te formuleer met verslag aan die volgende sinode."

#### 4.2 Uitvoering van opdrag

4.2.1 Op 11 en 12 Februarie 1992 het die SKSE by Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum vergader om aan hierdie opdrag uitvoering te gee. BANKORP het goedgunstiglik die dienste van dr Nico Martin, assistent-hoofbestuurder van mannekragontwikkeling, as fasiliteerder beskikbaar gestel.

4.2.2 Die kommissie het sy visie, missie en doelwitte soos volg uitgespel:

### 1. VISIE

Die visie van die SKSE is dat die koninkryk van God in sy omvattendheid geproklameer sal word in die konteks van vandag sodat soveel as moontlik van dié wat buite Christus is, deur ons kerk se uitreiking God se liefde en genade sal leer ken.

### 2. MISSIE

Uitgaande van KO art 53, verstaan die kommissie sy missie soos volg:

2.1 om sinodale opdragte uit te voer;

2.2 om die sinode, ringe en gemeentes voortdurend tot volgehoue roepingsbewustheid te stimuleer;

2.3 om tersaaklike inligting oor sending en evangelisasie te versprei;

2.4 om besinning en navorsing oor sending en evangelisasie te onderneem en, wanneer nodig, advies in te win sodat die sinode op hoogte van toepaslike ontwikkeling gehou kan word;

2.5 om oor begrotingsposte en eiendomme wat die sinode aan die kommissie toevertrou, toesig te hou en die sinode van advies te bedien oor toekomstige aanwending van eiendomme;

2.6 om bestaande interkerklike hulpverlening namens die sinode te hanteer, en indien moontlik na ringe en gemeentes te kanaliseer;

2.7 om missionêre samewerking binne die Ned Gere[illegible] Kerkfamilie en ook in wyer kring te bevorder;

2.8 om korrespondensie wat op die werksterrein van die kommissie val namens die sinode te behartig;

2.9 om die sinode by sekere liggame, waarmee die kerk saamwerk om die evangelie te versprei, te verteenwoordig.

### 3. DOELWITTE

Die kommissie het vervolgens die volgende doelwitte identifiseer:

3.1 om bestaande sinodale finansiële verpligtinge te verminder of na ringe en gemeentes af te wentel wanneer daar so 'n moontlikheid bestaan;

3.2 om gesprekke tussen die moderature van ons sinode en dié van die NGKA oor die "sendingplase" voor te berei;

3.3 om gemeentes bewus te maak van die huidige uitdagings t.o.v. die kerk se opdrag wat ondermeer insluit:

* die geleentheid wat swart onafhanklike kerke bied;
* die uitdaging van sosiaal-ekonomiese vraagstukke soos armoede, informele behuising, ens;
* die uitdaging van die veranderende stedelike en voorstedelike demografiese situasie.

3.4 om gesprek met die jonger kerke van die Ned Geref Kerkfamilie oor samewerking en eenheid in sending en evangelisasie aan te voor;

3.5 om 'n jaarlikse nuus- en gebedsbrief te begin versprei;

3.6 om gemeentes deur konferensies en beskikbaarstelling van studiemateriaal by te staan en van advies te voorsien in die soeke na 'n nuwe visie en aksie vir die uitbouing van die koninkryk van Jesus Christus;

3.7 om toerustingsmateriaal en publikasies vir gebruik in die getuienistaak van die kerk te evalueer.

## 5. ONDERSOEK NA WERKWYSE EN VERSLAG AAN SINODE

### 5.1 Besluit van sinode 315 : 2.2.5.2)

"Die sinode dra dit aan die Sinodale Sendingkommissie op om gedurende die reses 'n deurtastende ondersoek in te stel na die werkwyse van die kommissie en die metode van verslaggewing aan die sinode."

### 5.2 Uitvoering van opdrag

Aangesien die opdrag saamhang met die opskorting van die pos van predikant in sinodale diens met opdrag sending en evangelisasie, het die kommissie in die lig van die geformuleerde missie sy werksaamhede, opdragte, middele en beskikbare mannekrag deeglik onder oë geneem. Onderstaande beleid, wat die kommissie se werk sodanig afbaken dat die kerk optimaal daarby kan baat, is toe opgestel.

## 1. NAKOMING VAN DIE MISSIE TOV SINODALE SENDING- EN EVANGELISASIEAKSIES

1.1 Aangesien die sinode en sy kommissie prinsipieel slegs daardie aspekte van die kerk se getuienisroeping teenoor die wêreld waaraan kerkrade en gemeentes nie sonder die hulp van sinode uitvoering kan gee nie, behoort te hanteer, is die SKSE nie in die eerste plek 'n werkende nie, maar 'n koördinerende kommissie.

1.2 Die kommissie sal uiters terughoudend wees om werksaamhede wat koste- en mannekragintensief is, te aanvaar of by die sinode aan te beveel omdat dit enersyds 'n las op gemeentes kan lê waarby hulle hul nie direk betrokke ag nie en dit andersyds neig tot 'n topswaar sinodale struktuur.

1.3 Die kommissie se rol is om bestaande en nuwe werk so ver moontlik na gemeentes en ringe af te wentel.

1.4 Gemeentes moet aangemoedig word om wedersyds samewerkingsvennootskappe te sluit bv tussen stad en platteland.

## 2. NAKOMING VAN DIE MISSIE TOV BEVORDERING VAN MISSIONêRE ROEPINGS-BEWUSTHEID

2.1 Aangesien dit primêr elke gemeente se verantwoordelikheid is om ywer vir die uitbreiding van die koninkryk lewend te hou en die ringe daaroor toesig hou, kan die kommissie van die sinode homself toelê op verspreiding van inligting wat kerkrade kan help in die nakoming van hulle verantwoordelikheid.

2.2 Die kommissie streef daarna om deur inligting van ringe 'n volledige profiel van die missionêre werk binne die sinodale gebied op datum te hou.

## 3. NAKOMING VAN DIE MISSIE TOV STUDIE, NAVORSING EN BESINNING

3.1 Die sinode verwag van sy kommissie om hom gereeld in te lig oor tendense, beide in die kerk en in die samelewing wat die wyse waarop die sinode sy missionêre roeping vervul, beïnvloed.

3.2 Die sinode verwag dat die kommissie so goed as moontlik ingelig moet wees oor die teorie en praktyk van missionêre werk sodat leiding aan die sinode gegee kan word en navrae van gemeentes sover moontlik beantwoord kan word.

3.3 Dit is die kommissie se verantwoordelikheid om die kundigheid van die AKSE, die betrokke departemente van die Teologiese Fakulteit, ISWEN en ander kundige navorsers ten behoewe van die kerk te benut.

## 4. NAKOMING VAN DIE MISSIE TOV DIE BESTUUR VAN FINANSIES EN EIENDOMME

4.1 Die kommissie stel jaarliks, na voorlegging deur die onderskeie ringe, die begroting vir die komende boekjaar op vir voorlegging aan die SKF.

4.2 Geen subsidie vir 'n pos word voortgesit tensy daar nie opnuut volgens voorgeskrewe prosedure aansoek gedoen is nie.

4.3 Die kommissie sal hom gereeld vergewis dat die dag-tot-dag administrasie van kerklike terreine onder sy toesig behoorlik geskied.

4.4 Sekere geboue, in besonder pastorieë, wat met sinodale sendingfondse opgerig is, en nog die SKSE se verantwoordelikheid is, sal elkeen afsonderlik op ad hoc- basis hanteer word.

4.5 Die kommissie sal, by aanvraag deur instansies, toekennings uit sendingtrustfondse oorweeg in oorleg met die SKF en met verslag aan die moderamen.

## 5. NAKOMING VAN DIE MISSIE TOV MISSIONêRE SAMEWERKING MET ANDER INSTANSIES

5.1 Die kommissie sal streef na samewerking met ander instansies (Kerke en liggame) wat in of vanuit die sinodale gebied missionêr aktief is in ooreenstemming met die ekumeniese beleid soos dit deur die Algemene Sinode geformuleer is.

## 6. NAKOMING VAN DIE MISSIE TOV VERSLAGGEWING AAN DIE SINODE

6.1 Die kommissie doen aan die sinode hoofsaaklik verslag van handelinge van die kommissie self.

6.2 Werksaamhede van die sinode en ander instansies word sonder onnodige inligting vermeld.

6.3 Aanbevelings word beperk tot die noodsaaklikste besluite wat die sinode moet neem.

## 7. NAKOMING VAN DIE MISSIE TOV ADMINISTRASIE

Die kommissie moet oor 'n vaste kantoor en adres beskik om die uitwisseling van inligting te vergemaklik. Die ideaal is dat die kommissie oor 'n voltydse skakelbeampte sal beskik.

### 5.3 AANBEVELING

**Die sinode neem met instemming kennis van die beleid vir die funksionering van die SKSE.**

### 6. ONDERHANDELING MET DIE SINODE VAN OOS-TRANSVAAL

#### 6.1 Besluit 309 : 41.2.2)

"Die sinode dra dit aan die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie en die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid op om verder met die ooreenstemmende kommissies van die Sinode van Oos-Transvaal te onderhandel."

6.2 Die agtergrond van hierdie besluit is die volgende: die vorige moderatuur van Noord-Transvaal en die dagbestuur van die Sinodale Kommissie van Oos-Transvaal het ooreengekom dat wanneer gesamentlik-ondersteunde sinodale poste van die NGKA vakant raak, die voortgesette samewerking deur die sinodes van Noord- en Oos-Transvaal in heroorweging geneem sal word.

#### 6.3 Bevindinge van die kommissie

Die kommissie het vasgestel dat geeneen van die huidige gesamentlik-ondersteunde sinodale poste van die NGKA na verwagting binne afsienbare tyd vakant sal raak nie. Daar was dus geen noodsaaklikheid om onderhandelings met Oos-Transvaal hieroor te voer nie.

#### 6.4 Optrede

In die lig van bogenoemde het die SKSE besluit om die aangeleentheid te laat oorstaan tot tyd en wyl daar 'n vakature ontstaan.

#### 6.5 AANBEVELING

**Die sinode keur die optrede van die SKSE goed.**

### 7. STUDIE "AFRIKA-TEOLOGIE"

#### 7.1 Besluit 359 : 4.7.4.2)

"Die sinode besluit om 'n volledige studie van die "Afrika-teologie" te onderneem en dra dit aan die belanghebbende kommissies soos die SKSE en SKLAS op om die opdrag uit te voer."

#### 7.2 Uitvoering van opdrag

Vanweë die feit dat persone aan wie die opdrag aanvanklik toevertrou is, die sinodale gebied verlaat het, het die uitvoering van die opdrag nie na wense verloop nie. Toe oorgeengekom is dat die SKSE die opdrag moet voltooi, is ISWEN en die Teologiese Fakulteit met 'n voorstel genader dat 'n kongres gehou word en die resultate gepubliseer word. Intussen is dr AS van Niekerk van die Stofberg Teologiese Skool te Turfloop gevra om 'n voorlopige inleiding saam te stel.

Van dr van Niekerk is die volgende kort verslag ontvang:

**TEOLOGIESE STROMINGE IN AFRIKA**

In 1974 het prof DJ Bosch ("Het Evangelie 'n Afrikaans gewaad; Kok, Kampen, pp 97-106) vyf strominge in die Suid- Afrikaanse Swart Teologie aangedui. Dit is:

1. Swart Teologie as politieke bevrydingsteologie van die swart onderdrukte. Dit sluit aan by die amerikaanse Swart Teologie van James Cone, en stel nie juis belang in die tradisionele Afrika-kultuur nie.

2. Afrika-teologie soek daarna dat die Bybelse geloof spreek tot die siel van Afrika. Hierdie stroming is wantrouig teen Westerse teologie wat die Christelike geloof giet in die denkpatrone en lewens- en wêreldbeskouing van die Weste. Dit is nie sterk polities gerig nie.

3. 'n Derde rigting lê 'n verband tussen die Swart Teologie en die tradisionele religieë van Afrika, met meerdere of mindere uitsluiting van die unieke in die Christelike geloof. Die Christelike geloof en die Afrika-religie word gesien as wesenlik dieselfde. (Hierdie stroming is vandag baie sterk. Baie universiteite wil hulle teologiese fakulteite oopstel vir alle godsdienste. Die Afrika-religie herleef en wil herken word as volwaardige religie langs die Christelike geloof).

4. Die onafhanklike Kerke gee 'n eie, nie-akademiese vorm van Afrika-teologie. (Die stroming word al sterker. Dit is vroeër nie uitgedink en neergeskryf nie, maar eerder uitgedans en uitgeleef, in vorme en praktyke wat vir 'n Westerling baie interessant is, maar waaraan hy moeilik deelneem. Sommige waarnemers meen dat dit 'n brug is na 'n inheemse Christendom in Afrika, ander is bekommerd oor sinkretistiese neigings en sien dit as 'n brug terug na die heidendom.)

5. 'n Vyfde stroming, wat Bosch in 1974 beskou as die bydrae wat die Suid-Afrikaanse Swart Teologie in die toekoms sou lewer, is die verbinding van 1 en 2 hierbo. Die Amerikaanse Neger, sê hy, is verwesters. Enkele reste van die Afrika-kultuur wat daar oorgebly het, is nie van belang nie. Sy Swart Teologie is 'n politieke teologie.

Die Suid-Afrikaanse swart bevolking deel die ervaring van onderdrukking met die Amerikaanse Neger, maar deel ook 'n kulturele identiteit met die res van Afrika. Daarom, sê Bosch, kan die Suid-Afrikaanse Swart Teologie die twee strominge kombineer in 'n teologie waarin politiek en kultuur innig en onontwarbaar met mekaar verstrengel is.

Hierdie verwagting is enersyds bewaarheid: in die laat tagtiger-jare verskyn 'n hele aantal boeke van Amerikaanse en Suid-Afrikaanse swart teoloë wat probeer om die politieke bevryding en kulturele bevryding met mekaar te kombineer: die swart gemeenskap wil nie net bevry word van politieke oorheersing nie, maar ook van kulturele en selfs religieuse oorheersing deur die blanke. So word probeer om al die strominge saam te bring: Christus is teenwoordig as die bevrydende onderstroom in die geskiedenis van Afrika, ook in die tradisionele religie en kultuur.

Christus versoen die onderdrukte swartman weer met sy tradisie en religie. Dit sluit onder andere in dat die band met die voorvaders weer herstel word, asook die band met die grond waarin die voorvaders begrawe lê, want die grond is die fisiese band tussen die lewendes en die dooies. Die politieke bevryding, wat die swart gemeenskap se grond vir hulle terugbesorg, is dus onlosmaaklik deel van kulturele en religieuse bevryding (vgl dr TA Mofokeng: "A Black Christology: a new beginning" in: Journal of Black Theology in South Africa / 1987).

Anders as wat Bosch in 1974 verwag het, lyk dit asof die eie Afrika-kultuur wèl in die Amerikaanse Swart Teologie herleef as deel van die saamgroei van teologiese strominge - ten minste teoreties. Dit mag saamhang met die herlewing van kulturele identiteit wêreldwyd. Verdere navorsing is hier nodig.

KONKLUSIE

Die strominge wat Bosch in 1974 identifiseer het, het almal sterk verder gevloei. Die samesmelting van politieke, kulturele en religieuse bevryding is 'n besondere sterk mengsel waarby die gereformeerde teologie feitlik geen aansluiting kan vind nie. Die sterk neiging om alle godsdienste gelyk te stel, druis ook in teen die Christelike belydenis van God se unieke openbaring, veral in Christus - wat kwalitatief verskil van alle ander religieuse uitinge van die mensdom.

Die stryd wat in die Onafhanklike Kerke woed tussen die Christelike boodskap en die tradisionele denkpatrone, is van groot betekenis. Daar is baie interessante gevalle waar leiers in die kerke die raamwerk van die tradisionele magiese wêreldbeeld aanvaar, maar dan tog korreksies aangebring het vanuit die geloof in Christus.

Die westerse gereformeerde kerke kan sterk aansluiting vind by swart Christene wat of die tradisionele wêreldbeeld heeltemal afgelê het, of diegene wat al hoe meer na vore tree, wat hulle tradisionele kultuur en denkwyse vanuit die Christelike geloof krities maar ook simpatiek wil benader. Hieruit mag 'n gereformeerde of evangeliese uitdrukking van die geloof vorm aanneem wat tot die siel van Afrika kan spreek. Die African Association of Pastoral Studies and Counselling, wat in 1992 'n konferensie gehou het in Ghana, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Dit is nie anti-Westers nie, maar gerig op Afrika soos wat hy vandag is.

'n Mens kan ook noem dat die charismatiese beweging, wat in die VSA ontstaan het onder die invloed van die Amerikaanse Negers, dalk ook 'n brug kan slaan tussen wit en swart kerke - maar ietwat vreemd vir die gereformeerde styl.

7.3 Bevinding

Die SKSE is van oordeel dat 'n deeglike begrip van die teologie wat uit Afrika spruit, vir die kerk tans onontbeerlik is. Om die voorsiene geïntegreerde gemeenskap effektief met die evangelie te bedien, moet die kerk terdeë van die strominge in kerklike geledere bewus wees.

7.4 AANBEVELING

**Die sinode gee in die lig van die dringendheid van die saak aan die SKSE opdrag om die beste wyse te vind waarop die kerk ingelig kan word oor teologiese strominge uit Afrika en die implikasies daarvan.**

8. SENDINGVISIE EN SENDINGUITBREIDING

8.1 Besluit 370 : 1.2)

"Die sinode gee die SKSE opdrag om 'n verbeeldingryke plan te formuleer, met rapport aan die volgende sinode, om:

1. 'n verdere verdieping in die sendingmissie in ons sinodale ressort teweeg te bring;

2. 'n groot groep lidmate te motiveer, mobiliseer en in staat te stel tot 'n nuwe groot sending uitreik."

8.2 Besinning en optrede

U kommissie vestig graag die aandag op sy pogings om werksaamhede wat tot nou toe deur die sinode onderneem is na gemeentes en ringe af te wentel om enersyds die werksaamhede terug te bring tot die persoonlike belangstelling en voorbidding van die lidmate en om andersyds die sinodale begroting wat die verantwoordelikheid van die gemeentes is, te verklein sodat gemeentes weer finansieël daartoe in staat sal wees om hulle getuienisroeping volgens die Skrif na te kom. Ons is oortuig dat die spontane getuienis van gemeentes onder leiding van die Heilige Gees 'n breër visie sal open op die kerk se getuienistaak. Die moontlikheid dat die misverstand kan posvat dat dit die sinode se taak is om sending en evangelisasie te beoefen en dit prakties uit die gemeente se hande te neem, moet bekamp word.

Uitgaande van die standpunt dat 'n oplewing in die sendingywer gemeentegebonde moet wees, het die kommissie op 'n strategie besluit waarin die gemeentes in die eerste plek geken en gestimuleer sou word. Daarom is op twee verskillende konferensies besluit wat die grondslag vir 'n "verbeeldingryke plan" sou kon oplewer. Een konferensie het reeds plaasgevind terwyl reeds ver gevorder is met reëlings vir die tweede. Elders in die verslag word meer breedvoerig hieroor gerapporteer.

8.3 AANBEVELINGS

**8.3.1 Die sinode moedig kerkrade aan om deur hulle KSE's iets daadwerklik te doen om die roeping van die lidmate tot getuienis deur middel van plaaslike konferensies of kursusse te bevorder.**

**8.3.2 Die sinode spreek sy vertroue uit dat kerkrade gemeentes suksesvol sal inspireer maar beveel kerkrade ook aan om, indien nodig, advies van die SKSE of die Teologiese Fakulteit te vra.**

**8.3.3 Die sinode versoek ringe om deur hulle kommissies en kerkvisitasie gereeld met kerkrade oor die belangrikheid hiervan in gesprek te tree en hulle aan te moedig om vir gemeentelede moontlikhede te skep om persoonlik by getuienisaksies betrokke te wees veral op georganiseerde wyse onder leiding van die kerkraad.**

## 9. PLEINDIENSTE EN PINKSTERBYEENKOMSTE

### 9.1 Besluit 331 : 3.22.7.3)

"Die sinode versoek die SKG en SKSE om die gesamentlike Pinkstersaamtrekke en die dienste op Kerkplein tydens Pinkster voort te sit."

### 9.2 Optrede van kommissie

Die dagbestuur van die SKSE het 'n samespreking met die dagbestuur van die SKG oor die aangeleentheid gevoer. Daar is ooreengekom dat die SKG die verantwoordelikheid vir die gesamentlike Pinkstersaamtrekke en die dienste op Kerkplein tydens Pinkster sal onderneem.

### 9.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die reëling tov pleindienste goed.**

## 10. BESLUITE VAN DIE SINODE MET BETREKKING TOT SENDING

### 10.1 Besluit 370 : 1.2

"Die sinode dra dit aan die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie op om besluite van die sinode met betrekking tot die sending wat kerkrade en gemeentes raak, onder hulle aandag te bring vir hulle voorbidding en moontlike hulpverlening."

### 10.2 Optrede van kommissie

Op 13 Januarie 1992 is 'n skrywe met die besluite van die sinode met betrekking tot sending en evangelisasie wat kerkrade raak, uitgestuur aan al die gemeentes.

### 10.3 Terugvoering

Deur middel van die lede op die SKSE is gepoog om terugvoering te kry oor hoe die gemeentes in die onderskeie ringe aandag gegee het aan die besluite.

# C. STAANDE OPDRAGTE VAN DIE KOMMISSIE (KO Bep 53.3)

## 11. NAVORSING, BEPLANNING, INLIGTING, VOORLIGTING

### 11.1 Sendingbelangstelling: ondersoek van Iswen

11.1.1 Prof JJ Kritzinger van ISWEN het, op versoek van die destydse ASSK, gedurende 1990 'n vraelys-ondersoek in 112 gemeentes van die NG Kerk in die RSA gedoen. Die doel van die ondersoek was (a) om vas te stel hoedanig die sendingbelangstelling in die kerk is, (b) wat die moontlike oorsake vir gebrekkige belangstelling kan wees, en (c) wat aan die saak gedoen kan word. 'n Uitvoerige verslag is gedoen en die AKSE het 'n samevattende verslag na die SKSE deurgestuur vir verdere aandag.

11.1.2 Enkele van die belangrikste bevindinge is:

*1 'n Onrusbarende persentasie lidmate, ten spyte van 'n algemene erkenning dat "sending" 'n Bybelse opdrag is, het niks met sending te doen nie, of is "daarteen".

*2 Sendingbelangstelling is duidelik sterker by persone wat vir 'n geruime tyd reeds oortuigde christene is.

*3 Die mees getroue kerkgangers het beslis 'n groter sendingbelangstelling en -deelname as die minder getroues.

*4 Mense wat by bybelstudiegroepe ingeskakel is, het duidelik 'n groter sendingbelangstelling.

*5 Dit maak 'n verskil as iemand prakties by geestelike werk betrokke is.

*6 Huisgodsdiens maak 'n verskil.

*7 Daar is 'n opmerklike verskil waar gereeld oor sending gepreek word.

*8 Die wat reeds 'n besoek aan 'n sendingprojek afgelê het, toon 'n meer positiewe houding.

*9 Daar is 'n sterk korrelasie tussen sendingbelangstelling en simpatie vir 'n "oper" kerk.

### 11.1.3 AANBEVELINGS

**Die sinode besluit om**

**11.1.3.1 elke gemeente dringend op te roep om deur selfondersoek hulleself te vergewis dat daar in die gemeentelike aksieprogram sowel 'n deurlopende sendingdimensie as 'n spesifieke sendingintensie (gerigte aksie) teenwoordig is;**

**11.1.3.2 'n sinodale biddag vir die uitbreiding van die Koninkryk van God op die eerste Sondag na Pinkster te bepaal en die Algemene Sinode te versoek om dit te ondersteun;**

**11.1.3.3 kerkrade en leraars aan te moedig om meer aandag aan die sendingsaak in die prediking en kategese te gee sodat die gemeente veral deur die leiding van ampsdraers bemoedig kan word;**

**11.1.3.4 kerkrade en leraars daaraan te herinner dat veral die inskakeling van lidmate by bybelstudiekringe van groot belang is aangesien geloofsoortuigings en geestelike meelewing die deurslaggewende faktore is wat sendingbelangstelling beïnvloed.**

**11.1.3.5 kerkrade en leraars aan te moedig om deur middel van voorbidding, kontakgeleenthede en inligting 'n groter openheid na buite - en sodoende 'n visie vir die kerk se roeping na buite - in die gemeente te bevorder.**

**11.1.3.6 die Algemene Sinode te versoek om die missionêre karakter van die kerk baie meer prominent in die kategetiese leerplan in te werk oa in die hersiening van die handboeke en die materiaal vir toerusting van kategete.**

### 11.2 GER Studiestuk : Stadsending

Op die Sendingkonferensie van die GER in Athene het 'n verslag gedien oor: "The Church as Agent of Transformation". Prof Piet Meiring, ds Pieter de Wet en dr Andrew Hofmeyr het meegewerk aan hierdie verslag oor stedelike sending.

Die AKSE het die belangrike verslag aan die kommissie deurgestuur sodat die sinode daarvan kan kennis neem. Die kommissie het hierdie studiestuk verwerk in 'n verkorte gespreksdokument. Dit is aan elke kerkraad vir bestudering en moontlike gebruik deurgestuur. Elke ringskommissie is versoek om in samewerking met die RKSE 'n konferensie of broederlike gesprek hieroor te reël.

**11.3 "The NGKA and its Community"**

**11.3.1 Agtergrond**

Die SKSE het hierdie verslag wat in 1991 deur die Algemene Sinode van die NGKA vrygestel is oor die omvang, wortels en invloed van armoede in die swart gemeenskap in behandeling geneem.

Uit die verslag blyk dat die NGKA in baie gevalle die kerk van die heel armstes is. Armoede het hiervolgens ook 'n besliste invloed op die gees van die lidmate. Die verslag beveel aan dat die kerk drastiese stappe neem om 'n stem en voog vir armes te wees. Daar word vir 'n aktiewe ondersteuning van 'n Teologie vir Ontwikkeling gevra wat regstellende aksies in 'n ongebalanseerde gemeenskap aktief implementeer.

**11.3.2 AANBEVELING**

**Die sinode besluit om die ontsettende bestaansnood van mense van alle bevolkingsgroepe onder die aandag van gemeentes te bring en doen 'n dringende beroep op gemeentes om (1) christelike barmhartigheid te beoefen, (2) KAN aktief te ondersteun (3) innoverend te werk te gaan om mense wat in armoede vasgevang is, in staat te stel om ekonomies selfstandig te word.**

**11.4 Beginsel van subsidiëring**

**11.4.1 Agtergrond**

11.4.1.1 Die moderamen het die SKSE versoek om opnuut aan die kwessie van globale subsidiëring in plaas van postesubsidiëring aandag te gee. Subsidiëring van die NGKA bly immers 'n aktuele en uiters sensitiewe saak.

11.4.1.2 Samesprekings tussen verteenwoordigers (moderature en lede van die SKSE en SKF) van die sinodes van Noord- en Oos- Transvaal en die NGKA Sinode Noord-Transvaal gedurende Junie 1992 het daartoe gelei dat 'n ad hoc-kommissie saamgestel is uit verteenwoordigers van die NGK Sinodes Noord- en Oos-Transvaal en die NGKA Sinode Noord-Transvaal om 'n studie te maak van die beginsel van globale subsidiëring in plek van postesubsidiëring. Dr Hennie Möller (NGKA) is as sameroeper van hierdie kommissie aangewys en di E Olivier en AC Swanepoel as Noord-Transvaal se verteenwoordigers. Tot op datum het hierdie ad hoc-kommissie egter nog nie bymekaar gekom nie.

11.4.1.3 'n Studiestuk is van die AKSE ontvang waarin die verskillende fasette van subsidiëring bespreek word.

**11.4.2 Huidige standpunt van sinode**

By die Sinode van 1987 is breedvoerig verslag gelewer oor die verskillende wyses van begroting en oorbetaling van fondse en is besluit dat 'n poste-begroting die mees wenslike vir die huidige is (Agenda 1987, p.290, pt 2.1.5).

**11.4.3 Oorwegings van die SKSE**

Die SKSE het geoordeel dat geen sinvolle besluite ten opsigte van globale subsidiëring geneem kan word sonder in agneming van die siening van die NGKA nie. Daarom dat die SKSE graag die bevindinge van die ad hoc-kommissie in berekening sou wou neem in sy oorweging van 'n globale subsidie in plaas van 'n postesubsidie.

In oorleg met die skriba van die Sinodale Kommissie vir Fondse is besluit dat vir die huidige by die bestaande standpunt van die sinode gehou word.

**11.4.4 AANBEVELING**

**11.4.4.1 Die sinode besluit om vir die huidige voort te gaan met sy bestaande beleid ten opsigte postesubsidiëring.**

**11.4.4.2 Die sinode gee ook opdrag aan die SKSE om inisiatief te neem om samesprekings met die NGKA weer op dreef te kry.**

**11.5 SKSE-werkwinkel insake sendingprojekte**

11.5.1 Die SKSE het op 31 Oktober 1992 in die gemeente Sesmylspruit 'n werkwinkel oor sendingprojekte in gemeentes gereël. Die doel van die konferensie was om gemeentes op hoogte te stel van die implikasies wat die samevoeging van sending en evangelisasie vir die praktyk inhou en om geleentheid tot wedersydse bevrugting te bied. Die byeenkoms het deel gevorm van die SKSE se strategie om gemeentes te stimuleer tot groter getuienisaksie. Die byeenkoms is deur 27 gemeentes (51 persone) bygewoon.

11.5.2 Prof JJ Kritzinger van ISWEN het as spreker opgetree. Hy het gepraat oor: "Sending en Evangelisasie - Twee begrippe, een taak." Eksemplare van hierdie lesing is by die kantoor vir Sending en Evangelisasie beskikbaar. Inligting in hierdie verband is aan gemeentes deurgestuur.

**11.6 Konferensie oor sending en evangelisasie**

**11.6.1 Inligting**

11.6.1.1 Die SKSE beplan 'n groot konferensie vir Vrydag 25 Februarie tot Sondag 27 Februarie 1994 by Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum.

11.6.1.2 Onderwerpe sal handel oor:

* die pad vorentoe met die teologie uit Afrika,
* die uitdaging wat die Swart Onafhanklike Kerke bied,
* die geleenthede wat verstedeliking,
* plakkerskampe en ander sosiaal-ekonomiese probleme (bv. die armoedevraagstuk) die kerk bied,
* nuwe uitdagings vir die kerk in die middestad as gevolg van 'n verandering in die demografie

11.6.1.3 Persone wat in die verlede sulke konferensies bygewoon het, getuig vandag nog van wat dit geestelik vir hulle beteken het.

11.6.1.4 Lidmate van die NG Kerkfamilie sal ook uitgenooi word om saam te besin oor ons roeping as gelowiges nou en in die toekoms.

**11.6.2 AANBEVELING**

**11.6.2.1 Die sinode doen 'n beroep op kerkrade om minstens TWEE lidmate per gemeente na die konferensie af te vaardig.**

**11.6.2.2 Die sinode roep gemeentes op om vir die konferensie voorbidding te doen.**

**11.7 Nuus- en gebedsbrief**

11.7.1 'n Gebedsbrief is in die reses opgestel en versprei. Die kommissie beoog om dit op 'n jaarlikse basis aan gemeentes en ander belanghebbendes beskikbaar te stel.

11.7.2 'n Nuusbrief met belangrike inligting is ook aan kerkrade uitgestuur.

**11.8 Gesamentlike kommissie vir getuienisaksie**

11.8.1 Agtergrond

11.8.1.1 Die Algemene Sinode het in 1990 die standpunt wat in Kerk en Samelewing gestel is, herbevestig "dat die kerk kanale en strukture vir 'n missionêre diakonaat en 'n barmhartigheidsdiens oor die grense heen behoort te ontwikkel en doen 'n beroep op ringe en gemeentes om op die plaaslike vlak hieraan ernstig aandag te gee" (Hand p. 663 pt 1.28.2.2).

11.8.1.2 Die AKSE het die voorbeeld van die "Kommissie vir Getuienisaksie in die Wes-Kaap" onder die aandag van SKSE's gebring.

11.8.2 Optrede van die SKSE

Die SKSE het die betrokke reglement asook 'n verslag wat van die NG Kerk in Namibië ontvang is, bestudeer om te bepaal of dit moontlik en wenslik is om sodanige strukture in ons sinodale gebied te vestig.

11.8.3 Bevindinge

Die SKSE het bevind:

11.8.3.1 'n Gesamentlike Kommissie vir Getuienisaksie is kerkregtelik moontlik met die nodige ooreenkomste en sinodale besluite.

11.8.3.2 Praktiese oorwegings, oa oorvleuelende sinodale grense, die klein aantal gemeentes van die NGSK in Noord-Transvaal, groot afstande, sterk politieke strominge en die gebrek aan 'n PSD, maak die vorming van so 'n kommissie baie gekompliseerd.

11.8.3.3 Op verskeie plekke binne die sinodale gebied bestaan gesamentlike streeksvergaderings binne die kerkfamilie.

11.8.4 AANBEVELING

**11.8.4.1 Die sinode neem kennis van verskeie gesamentlike kommissies en vergaderings binne die NG Kerkfamilie.**

**11.8.4.2 Die sinode beskou die vorming van plaaslike kommissies as die beste wyse waarop daar in die sinodale gebied uitdrukking gegee kan word aan die missionêre eenheidsband binne die NG Kerkfamilie.**

**11.8.4.3 Die sinode gee aan die SKSE opdrag om plaaslike gesamentlike kommissies waar nodig te help om struktureel gevestig te raak.**

D. SINODALE SENDING

12. EIE SINODALE WERK

12.1 Indiërsending

Die leraarspos by die gemeente Charisma word deur die sinode gesubsidieer. 'n Subkommissie doen skakelwerk. 'n Positiewe verslag is van die gemeente ontvang.

12.2 Ondersteuning van ringsending

41 poste in 5 ringe word gesubsidieer. U kommissie poog om kontak met elke toesighoudende ring of kerkraad te behou.

13. GESAMENTLIKE WERK MET OOS-TRANSVAAL

13.1 Evangelisasie NGKA - Ds JC Beukes

13.1.1 Verslag

Verslag is van die aksie ontvang. Toespitsing is veral op swart jeugdiges maar die Mosambiekse vlugtelinge en die Kioskwerk in Wes-Transvaal brei ook uit. Die kantoor het na Mearsstraat 31 in Harmonie-gemeente verskuif.

'n Spesiale versoek is ontvang dat hierdie aksie behulpsaam sal wees om lidmate uit die Ned Geref Kerk wat hulle hulp aanbied, toe te rus vir kruiskulturele getuienis. Die SKSE staan simpatiek teenoor die versoek en het onderneem om die moontlikheid van 'n kursus in die nabye toekoms te ondersoek.

13.1.2 AANBEVELING

**Die sinode besluit om dit aan die SKSE op te dra om kursusse in trans-kulturele kommunikasie te ondersoek en reëlings vir die aanbieding van sulke kursusse te tref verkieslik in samewerking met aksies soos Evangelisasie NGKA wat prakties daarmee besig is.**

13.2 Gevangenisbearbeiding - Dr OCO Erasmus

13.2.1 Verslag

Volledige skriftelike verslag is ontvang. Lektuur- en Bybelverspreiding brei uit. CLF ondersteun die werk met ruim donasies. Die onttrekking van staatsubsidies en sinodale bydraes stel groot eise aan die werk. Die Evangelie word aan alle bevolkingsgroepe bedien. Gebrek aan medewerkers is 'n ernstige struikelblok en swak kommunikasiekanale na gemeentes word as 'n baie groot leemte beleef. Benewens finansiële hulp word veral voorbidding van gemeentes verlang.

13.2.2 AANBEVELINGS

**Die sinode besluit om alle gemeentes tot emstige voorbidding vir die werk in die gevangenisse op te roep en versoek gemeentes in Pretoria om lidmate aan te moedig om diensgeleenthede wat gevangenisbearbeiding te Pretoria bied, te benut.**

13.3 Saakgelastigde - NGKA Noord-Transvaal

13.3.1 Verslag

Van Dr HJ Möller, saakgelastigde van die NGKA Noord-Transvaal en ook sekretaris vir Rentmeesterskap, Opleiding en Leierskap (ROL) in die NGKA, is volledig verslag ontvang.

Administratiewe druk vermeerder veral vanweë die groot uitbreiding van die barmhartigheidsarm van die NGKA Noord-Transvaal. Daar is 'n dringende behoefte aan 'n pos om die werkdruk te verlig en boekhou-bestuursake te kan behartig.

Danksy die steun van die NG Kerk (oa die Vrouediens) en 'n aantal vrywillige donasies kon die Dienssentrum te Mamelodi sowel as die Sibs Marais Kooksentrum hulle werk bekostig.

Toerusting, veral aan rentmeesterskap is op sinode-, rings-, sowel as gemeentevlak met bevredigende sukses gegee. 'n Reeks belangrike streekskonferensies waarin die NG Kerk betrek gaan word, is reeds in 'n gevorderde stadium gereël.

Saam met Dibukeng is spesiale uitreikprojekte in lektuurbedieninge geloods. Dibukeng rig hom tot die totale gemeenskap van vandag.

13.4 KAN - Ds ECD Bruwer

13.4.1 KERKLIKE AKSIE NOODHULP (KAN) is vanjaar (1993) 10 jaar oud. Gedurende die tien jaar het die program toenemend ontwikkel as 'n program waarin die NGKA self inisiatief neem.

'n Onlangse opname binne die NGKA self onderstreep die feit dat die gemeentelede van die NGKA en die gemeenskappe waaruit hulle gevoed word, deel is van 'n deurtrekte armoedekultuur met 'n diepgaande gevoel van afhanklikheid. Die Kommissie vir Diakonale Sake van die Algemene Sinode van die NGKA het hierop gereageer met 'n beleidsdokument. 'n Program word nou binne die NGKA met die dokument as basis van stapel gestuur. KAN is 'n belangrike komponent van hierdie program.

Die volgende programme en projekte verdien aandag:

***1 Kleuterskoolprogram**

In 1988 is begin met 'n nie-formele opleidingsprogram van drie weke vir kleuterskoolpersoneel. Daar is reeds bykans 1500 persone met finansieële bystand deur die Departement van Mannekrag opgelei. Die vrugte hiervan was die stigting van gemeenskapskleuterskole en in 1990 tot die vorming van 'n "grass roots" kleuterskoolbeweging genaamd SACSELE. Hierdie beweging betrek reeds byna 1500 kleuterskole en meer as 100 000 kinders.

***2 Geletterdheid vir volwassenes**

Sonder dat KAN daarvoor gevra het is LITSA (voorheen die Buro vir Leeskunde) een van die mees gevestigde en betroubaarste geletterheidsprogramme in ons land in 1992 aan KAN oorhandig.

***3 Droogtehulp**

KAN het teen die einde van 1992 weereens diep betrokke begin raak in 'n droogtehulpprogram in 'n paar teikengebiede. Aandag is gegee aan gebiede wat nie deur regeringsprogramme ondersteun is nie. Hierdie programme wat o.a. die span van kampe en gemeenskapstuine insluit, het inderdaad nuwe hoop gebring.

***4 Plaasskole**

Op stukkies grond wat aan die NGKA behoort word twee plaasskole, wat tot die hoër standerds deurgaan, deur KAN ondersteun. Dit is by Draaikraal (Dullstroom) en Kameel-Zijn-Kraal (Bronkhorstspruit)

***5 Leraars en evangeliste begin self sorg vir hulle toekoms**

In 1991 het leraars en evangeliste begin met 'n koöperatiewe spaarprogram om veral voorsiening te maak vir aftrede - 'n soort Stokvel. Pensioene in die NGKA is bykans onmenslik laag. KAN het tot die fonds bygedra en begelei die program.

***6 Volgehoue Gemeenteprogramme**

Intussen gaan gemeenteprogramme met gemeenskapstuine en klein hoenderboerderye voort. Konferensies en werkswinkels vind op alle vlakke plaas. By die Dienssentrum vind ook kursusse in Naaldwerk en Rekenaargeletterheid plaas.

**13.4.2 KAN-ondersteuners (KANO)**

'n Vriendelike beroep word op die Ned Geref Kerk gedoen om die programme binne die NGKA te ondersteun ipv om eie alternatiewe programme van stapel te stuur. 'n Veel beter opsie is KANO. In 1992 het 'n groep individue byeengekom en 'n ondersteuningsgroep genaamd KAN Ondersteuners gevorm. Belangstellendes word versoek om hierby aansluiting te soek. Prof. David van Wyk (Tel. (012) 346 2717) is die Voorsitter.

**13.4.3 AANBEVELING**

**Die sinode bring die uitmuntende werk van KAN onder die aandag van die gemeentes en versoek hulle om van hierdie werksaamhede te ondersteun.**

**13.5 Moslembearbeiding - Br Fred Nel**

**13.5.1 Verslag oor sinodale pos**

Hoewel die vorige sinodes van Oos- en Noord-Transvaal besluit het dat die pos sal bly voortbestaan totdat daar 'n vakature ontstaan, was die besluite nie gelykluidend nie. Na onderhandelinge tussen die twee SKSE's van Noord- en Oos-Transvaal is gelykluidende besluite geneem. 'n Kontrak is vervolgens met br Fred Nel gesluit.

**13.5.2 Verslag Eternal Life Outreach**

Die werk van Fred Nel onder die Moslems staan bekend as ETERNAL LIFE OUTREACH (ELO). Skriftelike en mondelinge verslag is deur die SKSE ontvang. Dit blyk dat die werk uitbrei en dat meer gemeentes betrek word in die aksie. Die werkspan uit verskillende gemeentes is al 25 lede sterk.

**14. GESAMENTLIKE WERK VAN VIER TRANSVAALSE SINODES**

**14.1 Gesamentlike Sendingkommissie vir Mosambiek (GSM)**

**14.1.1 Samestelling van die GSM**

In die GSM word die volgende kerke verteenwoordig:
NGKA Noord-Transvaal en Suid-Transvaal; Ned Geref Kerk Oos-Transvaal, Noord-Transvaal, Suid-Transvaal, Wes-Transvaal, Noord-Kaapland, Midde-Afrika; Ned Geref Kerk in SA; Die Federale Raad van die Ned Geref Kerke; Stadtmission (adviserend).

**14.1.2 Doel**

Die koördinering van die hulpaksies wat die meewerkende kerke vir sendingwerk in Mosambiek lewer, deur die Igreja Reformada em Mocambique (IRM) of deur enige ander outonome kerk aan wie die GSM dit mag goedvind om hulp te verleen.

**14.1.3 Personeel in Mosambiek**

* Ds & mev PB Botha - dosent by die Verenigde Seminarie te Ricatla;
* Mnr Kobus Botha - projek-koördineerder;
* Ds Kobus Minnaar;
* Ds & mev Willie Gouws (Uitgestuur en onderhou deur die Ring van Tulbagh);
* Ds & mev L Matanda - geordende leraar van die KMAP (CCAP);
* Ds & mev Andries Schwartz (Uitgestuur deur Ned Geref Gemeente Stellenbosch);
* Ds en mev Frits van der Merwe (Uitgestuur deur PE Sentraal en Newtonpark 30 Januarie 1993);
* Leenderd van der Linde - administratiewe pos;
* Mej Rietta Cilliers - administrasie, jeug- en vrouewerk.

Ds PB Botha het te kenne gegee dat hy aan die einde van Julie 1993 wil aftree. Hy bied homself egter nog aan vir diens in Mosambiek. Die GSM gee tans ernstig aandag aan 'n moontlike opvolger vir ds Botha.

**14.1.4 Personeel: Igreja Reformada em Mocambique**

Ds DE Chikakuda, Ds FE Kasamba, Ds J Mlinde, Ds Amorim Silambo, Ds Filip Luis, Ds J Besitala, Ds Samuel Jossitala, Ev P Timane, Ev S Cossa, Ev S Maudlate.

### 14.1.5 Projekte en aksies

#### 14.1.5.1 ACRIS (ACCAO CRISTA INTERDEMONINACIONAL DE SAUDE)

ACRIS is 'n interdenominasionale Christen Aksie vir die bevordering van gesondheid. Hulle werk word amptelik deur die Owerheid in Mosambiek erken. ACRIS stel hom ten doel om mediese dokters en verpleegpersoneel te werf en in diens te plaas in Mosambiek in samewerking met die departement van gesondheid. Medisyne en mediese voorraad word bymekaar gemaak. Mobiele klinieke word beskikbaar gestel en ander klinieke met instandhouding gehelp.

Nadat 'n ondersoekspan van die GSM in Maart 1992 'n besoek afgelê het is besluit om die GSM se betrokkenheid uit te brei en met ACRIS as plaaslike agent en fasiliteerder saam te werk. Die GSM sal in beginsel slegs die bestaande stelsel versterk, dit wil sê bestaande regeringsklinieke en -hospitale beman. Die SKSE's van die vier Transvaalse sinodes is versoek om die nodige fondse vir Chibuto en Mahotas te voorsien/vind. Die Sinode van Wes-Kaapland is vir personeel vir Ile en Vila Ulongue asook Milange gevra. Die onderskeie SKSE's/Sinodale Kommissie vir Getuienis-aksie(s) is gevra om met ACRIS saam te werk in die werwing van personeel vir die gesondheidsdienslewering in Mosambiek.

Die GSM kon alreeds die volgende plasings doen: Dr P Cumberland, Dr Estelle Fröhling, Dr Pieter Ernst, Mnr en mev Mackey (laboratorium-tegnikus).

#### 14.1.5.2 MARTHA-BEDIENING

Uit die Niassa-provinsie in Mosambiek het 'n noodroep weerklink: Help Asseblief met klere, kos en literatuur. Insameling van die goedere het alle verwagting oortref. Verskeie Ned Geref gemeentes is spesifiek besoek en sonder uitsondering het bydraes (finansieël en andersins) ingestroom. Die Here gebruik baie individue om deur gebed en op ander maniere die MARTHA-BEDIENING te ondersteun.

Geestelike literatuur is aangekoop, en daar is 5 traktaatjies in verskillende tale by elke doos noodvoorraad ingesluit. Daar is gefokus op "Die Hart van die Mens" (traktaatjie). 800 Bybels en 'n groot aantal Nuwe Testamente en skrifgedeeltes is versprei.

Weens gebrek aan mannekrag word die werk tans tot verspreiding van mediese voorraad beperk: Martha-Medies wat deur 'n handjievol mediese studente/susters vanaf Pretoria in samewerking met Inserv georganiseer word. Daar sal ook met die praktiese reëlings gehelp word om pasiënte vanuit Mosambiek te ontvang en in mediese dienste by te staan.

### 14.1.6 AANBEVELINGS

**Die sinode besluit om**

**14.1.6.1 die SKSE opdrag te gee om meer inligting oor die werk n Mosambiek aan gemeentes te stuur;**

**14.1.6.2 gemeentes te vra om verslae en inligting oor die werk van die GSM deeglik na te gaan en lidmate aan te moedig om hulle hulp vir een jaar vir hierdie sending aan te bied.**

# E. EIENDOMME EN FINANSIES

## 15. SINODALE EIENDOMME

### 15.1 Rekord van eiendomme

In oorleg met die Sinodale Kerkkantoor word gepoog om 'n volledige lys van eiendomme wat deur middel van SKSE-fondse opgerig is op te stel.

### 15.2 Kranspoort en Bethesda

#### 15.2.1 Vorige besluite van die sinode

In 1987 het die sinode besluit om die suidelike gedeelte van Kranspoort te verkoop mits die koopprys (R80 000) plus rente van die noordelike gedeelte daardeur verhaal kan word. Indien hierdie bedrag nie verkry kan word nie, moet die hele Kranspoort verkoop word met uitsondering van die 100 morg waarop die sendinggeboue staan.

In 1991 het die sinode weer anders besluit: nl "... om sy vorige besluit dat 'n deel van Kranspoort verkoop moet word te herroep en besluit dat beide die plase Bethesda en Kranspoort vir die Ned Geref Kerk behoue moet bly" (Hand 1991 p 367 pt 2.22.9.2).

Verder ook: "Die sinode besluit dat alle vorige besluite in verband met die beheer, verhuring, ensovoorts, van Kranspoort-eiendom herroep word en dat die volledige beheer voortaan by die Sinodale Kerkkantoorkommissie sal berus" (Hand 1991 p 367 pt 17.1.7). ('n Gelykluidende besluit is oor Bethesda geneem.)

en "Die sinode keur dit goed dat 43 ha van die plaas Kranspoort per kontrak aan die NGKA beskikbaar gestel word vir kerklike gebruik" (Hand 1991 p 367 pt 2.2.9.6).

#### 15.2.2 Optrede van die SKSE

15.2.2.1 Op aandrang van die SKKK en die Moderamen dat die verkoop van hierdie eiendomme ernstig ondersoek moet word, het die SKSE indringend aan die moontlike gevolge daarvan vir die sending en die verhouding met die NGKA aandag gegee.

15.2.2.2 Die kommissie is bewus van sekere aansprake en verwagtings tov die plase wat by die NGKA en sommige oud-inwoners van die plase leef. Die kommissie het daarom by twee geleenthede die Gesamentlike Sendingkomitee en ander belanghebbende partye te Louis Trichardt ontmoet.

15.2.2.3 Dit het uit die gesprekke duidelik geblyk dat die verkoop van die plase sonder gesprek met die NGKA verhoudinge kan vertroebel. Die gedokumenteerde geskiedenis van die plase het die kommissie verder oortuig dat daar sake is wat tussen die kerke uitgestryk moet word.

15.2.2.4 In April 1993 is 'n geskrewe verslag met die volgende aanbeveling oor die toekomstige aanwending van die "sendingplase", gegrond op verskillende opsies wat in die onderhandelings ter sprake was, aan die Moderamen deurgegee:

> 1. Op grond van bogenoemde oorwegings beveel die gesamentlike onderhandelingsgroep die volgende opsies in prioriteitsvolgorde aan:
>
> 1.1 TRUSTLIGGAAM
>
> Die vorming van 'n Trustliggaam waarop beide kerke verteenwoordig is en wat volle beheer oor die plaas kry.
>
> 1.2 OORDRAG VAN DIE HELE NOORDELIKE GEDEELTE

Oordrag van die noordelike gedeelte aan die NGKA vir ontwikkeling terwyl die suidelike helfte ten behoewe van die NGK se sendingaksie bedryf word.

1.3 HERSTRUKTURERING VAN DIE BESTUUR

'n Herstukturering van die huidige bestuursopset sodat een liggaam wat alle belanghebbende partye verteenwoordig oorhoofs in beheer is.

**15.2.2.5** U kommissie is oortuig dat versigtige voorbereidings en onderhandelings in ieder geval uiters noodsaaklik is omdat soveel verskillende partye aan die plaas verknog is. Hierdie onderhandelings moet op moderatuursvlak geskied.

In die lig van die aanbevelings hierbo sal die SKSE geen verdere stappe neem voor verslag van die Moderatuur ontvang is nie.

Die SKSE het die Moderamen versoek word om eers met die moderatuur van die NGKA Noord-Transvaal samesprekings te voer voordat die toekoms van die plase gefinaliseer word.

**15.3 Willie Theron-Gebou, Bosmanstraat 512**

**15.3.1** Hierdie eiendom was vir die NGKA in trust gehou en kon onder nuwe wetgewing aan hulle oorgedra (getransporteer) word. Hier is geen teenprestasie betrokke nie en die koste van oordrag is vir die NGKA.

**15.3.2** Die SKSE het in oorleg met die SKKK sy instemming verleen dat hierdie gebou nou aan die NGKA oorgedra word.

**15.4 Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum**

**15.4.1 Verslag**

Hierdie sentrum is steeds baie gewild by lidmate van die kerk sowel as by buite-instansies. Gedurende die afgelope kerkjaar is daar 152 kampe gehou wat bygewoon was deur 3716 volwassenes, 2348 skoliere en 398 voorskoolse kinders. Verder was daar 285 daggroepe. Die A-tipe geriewe is feitlik elke naweek vol bespreek. Die bestuurder, mev Datema, en haar eggenote lewer uitstekende diens.

Die beheerraad van die sentrum vergader jaarliks en poog om so ver moontlik te bespaar. Die afgelope jaar is afgesluit met 'n surplus van R11 787,10. Die inkomste van die sentrum kom hoofsaaklik uit kampgelde. Daar word goeie werk gedoen by die plaasskool, Ulando, wat deur 'n rapsie meer as 400 leerlinge bygewoon word. Die res van die plaas word verhuur.

**15.4.2 Reglement EGS**

Die volgende reglement is in oorleg met die Regskommissie vir die beheerraad opgestel:

NED GEREF KERK : SINODE VAN NOORD- TRANSVAAL

VOORGESTELDE REGLEMENT

BESTUUR VAN EMMARENTIA GELDENHUYS SENDING-SENTRUM

1. SAMESTELLING VAN DIE BEHEERRAAD

1.1 Die SKSE van Noord-Transvaal benoem minstens 3 lede met sekundi.

1.2 Die Kerkrade van Warmbad en Warmbad-Wes benoem minstens 1 lid elk met sekundi.

1.3 Die vrouediens van die Sinode van Noord-Transvaal mag een lid met sekundus benoem deur die name aan die SKSE voor te lê.

1.4 Die bestuurder, boekhouer en enige voltydse personeel van die SKSE het adviserende sittingsreg.

1.5 Die beheerraad mag ander kundige persone met adviserende stem koöpteer.

2. TERMYN VAN DIE BEHEERRAAD

Die beheerraad se termyn strek van sinode tot sinode.

3. PLIGTE EN BEVOEGDHEDE VAN DIE BEHEERRAAD

Die beheerraad

3.1 bestuur EGS sowel as die plaasskool Ulando as sub-kommissie van die SKSE ten bate van die Ned Geref Kerk van Noord-Transvaal;

3.2 is verantwoordelik vir die bedryf, ontwikkeling, instandhouding en onderhoud van genoemde ondernemings;

3.3 stel personeel en ampsdraers aan soos nodig;

3.4 stel tariewe vas;

3.5 wys 'n dagbestuur aan om namens en op koste van die beheerraad die deurlopende verantwoordelikheid van beheer te behartig;

3.6 mag binne perke van die bevoegdheid in hierdie reglement verleen, huishoudelike reglemente opstel vir die bedryf van die ondernemings

3.7 lê jaarliks geouditeerde state en 'n begroting aan die SKSE voor;

3.8 verhuur beskikbare weiding met inagneming van enige bepalings of besluite van die sinode volgens punt 6.

4. VERGADERINGS VAN DIE BEHEERRAAD

4.1 Die beheerraad vergader jaarliks na skriftelike kennisgewing van minstens 3 weke.

4.2 Buitengewone vergaderings mag slegs met goedkeuring van die voorsitter van die SKSE gehou word na kennisgewing aan al die lede.

4.3 Vergaderings word op koste van die SKSE gehou.

4.4 'n Kworum vir die vergadering is een meer as die helfte van die benoemde lede.

5. PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE SKSE

5.1 Die SKSE keur die benoemings tot die beheerraad goed;

5.2 Stel pligtestate van personeellede op;

5.3 sien toe dat die bepalings van die reglement behoorlik nagekom word;

5.4 die voorsitter van die SKSE mag in buitengewone omstandighede 'n vergadering van die beheerraad belê.

6. PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE SINODE VAN NOORD- TRANSVAAL

Die Beheerraad en SKSE funksioneer onder die gesag van die Sinode van Noord-Transvaal as eienaar met betrekking tot:

6.1 besluite en reglemente oor die aanwending van EGS;

6.2 benoeming van persone of kommissies om kontrakte namens EGS te sluit.

### 15.4.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die reglement vir die bestuur van Emmarentia Geldenhuys goed.**

### 15.4.4 Onderhandeling met Oud-skoliere

15.4.4.1 Die SKSE het skriftelike vertoë van oud-studente van EGS ontvang waarin sekere versoeke oor ontwikkeling en gebruik van die terrein gestel is. Verskeie pogings is aangewend om met die oud-skoliere in gesprek te tree om vas te stel wat die presiese verwagtings en aansprake is wat hulle koester. Korrespondensie wat gevoer is, het na die mening van die kommissie nie die saak verhelder nie.

15.4.4.2 By navraag het die skriba van die Moderatuur van die NGKA Noord-Transvaal in April 1993 skriftelik bevestig dat die NGKA besig is om 'n volledige memorandum op te stel wat ons binnekort te wagte kan wees. Omdat die SKSE oordeel dat dit 'n saak tussen moderature is, is dit ook na ons Moderamen verwys.

### 15.5 Oppieberg

15.5.1 Die kampterrein word voortreflik deur Mev. Kitty Kotzé bestuur. Besetting van die terrein is 60% van beskikbare naweke. Die afgelope jaar is 'n bedryfsverlies van R2,564 gely teenoor 'n wins van R14,000 in die vorige boekjaar. Dringende herstelwerk aan die dakstruktuur kan as gevolg van gebrek aan fondse nie gedoen word nie.

### 15.5.2 Reglement vir die bestuur van Oppieberg

Die volgende reglement is in oorleg met die Regskommissie vir die beheerraad opgestel:

NED GEREF KERK : SINODE VAN NOORD- TRANSVAAL

VOORGESTELDE REGLEMENT

BESTUUR VAN OPPIEBERG KAMPTERREIN

1. SAMESTELLING VAN DIE BEHEERRAAD

1.1 Die SKSE van Noord-Transvaal benoem minstens 3 lede met sekundi.

1.2 Die Ring van Rustenburg benoem minstens 2 lede met sekundi.

1.3 Elke gemeente van die Ring van Rustenburg het die reg om een lid, met sekundus, te benoem deur die name aan die dagbestuur van die SKSE voor te lê.

1.4 Die bestuurder, boekhouer en enige voltydse personeel van die SKSE het adviserende sittingsreg.

1.5 Die beheerraad mag ander kundige persone met adviserende stem koöpteer.

2. TERMYN VAN DIE BEHEERRAAD

Die beheerraad se termyn strek van sinode tot sinode.

3. PLIGTE EN BEVOEGDHEDE VAN DIE BEHEERRAAD

Die beheerraad

3.1 bestuur die terrein as sub-kommissie van die SKSE ten bate van die Ned Geref Kerk van Noord-Transvaal;

3.2 is verantwoordelik vir die bedryf, ontwikkeling, instandhouding en onderhoud van die terrein;

3.3 mag personeel en ampsdraers aanwys, aanstel of afdank;

3.4 stel tariewe vas;

3.5 wys 'n dagbestuur aan om namens en op koste van die beheerraad die deurlopende verantwoordelikheid van beheer te behartig;

3.6 mag binne perke van die bevoegdheid in hierdie reglement verleen, huishoudelike reglemente opstel vir die bedryf van die terrein;

3.7 lê jaarliks geouditeerde state en 'n begroting aan die SKSE voor;

3.8 verhuur beskikbare weiding met inagneming van enige bepalings of besluite van die sinode volgens punt 6.

4. VERGADERINGS VAN DIE BEHEERRAAD

4.1 Die beheerraad vergader jaarliks na skriftelike kennisgewing van minstens 3 weke.

4.2 Buitengewone vergaderings mag slegs met goedkeuring van die voorsitter van die SKSE gehou word na kennisgewing aan al die lede.

4.3 Vergaderings word op koste van die SKSE gehou.

4.4 'n Kworum vir die vergadering is een meer as die helfte van die benoemde lede.

5. PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE SKSE

5.1 Die SKSE keur die benoemings tot die beheerraad goed;

5.2 stel pligtestate van personeellede op;

5.3 sien toe dat die bepalings van die reglement behoorlik nagekom word;

5.4 die voorsitter van die SKSE mag in buitengewone omstandighede 'n vergadering van die beheerraad belê.

**6. PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE SINODE VAN NOORD- TRANSVAAL**

Die Beheerraad en SKSE funksioneer onder die gesag van die Sinode van Noord-Transvaal as eienaar met betrekking tot:

6.1 besluite en reglemente oor die aanwending van Oppieberg;

6.2 benoeming van persone of kommissies om kontrakte namens Oppieberg te sluit.

**15.5.3 AANBEVELING**

**Die sinode keur die reglement vir die bestuur van Oppieberg Kampterrein goed.**

**16. MEDE-EIENAARSKAP: SINODALE SENTRUM**

**16.1 Versoek aan SKSE**

In die lig van die finansieringskema wat die saakgelastigde, mnr GJJ du Toit voorgestel het, het die Moderamen 'n versoek tot die SKSE gerig om uit sy sendingtrustfondse 'n bedrag van R3 000 000,00 aan te wend om 'n belang in die Sinode Sentrum te koop.

**16.2 Besluit van SKSE**

16.2.1 Op sy vergadering van 9 November 1992 het die SKSE die volgende besluit geneem:

16.2.1.1 Die SKSE aanvaar die noodwendigheid van die noodplan waarvolgens die Sinodale Sentrum gefinansier word deur die aanwending van trust-, kapitaal- en ander fondse.

16.2.1.2 Die SKSE is van oordeel dat veral tov trustfondse waarvoor daar spesifieke reglemente bestaan, die sinode uitsluitsel sal moet gee of die trustfondse regtens op die voorgestelde basis belê mag word.

16.2.1.3 Die SKSE het reeds voor die versoek tot deeleienaarskap ander skemas oorweeg wat tot gevolg sou kon hê dat die SKSE nie die volle bedrag van R3 000 000,00 wat gevra word, beskikbaar sal kan stel nie. Op hierdie stadium kan die presiese bedrag wat beskikbaar sal wees nie gegee word nie. Dit sal egter nie minder as R2 000 000,00 wees nie.

16.2.1.4 Die SKSE is van oordeel dat enige ooreenkoms tot deeleienaarskap vir die SKSE nog steeds die moontlikheid moet laat om, wanneer noodsaaklike werksaamhede dit vereis, fondse aan die deeleienaarskapskema te onttrek. Hier gaan dit veral oor moontlike groot ondernemings.

16.2.2 Hierdie besluit van die SKSE is op versoek na die Sinodale Kommissie vir Fondse deurgestuur vir verslag aan die Moderamen.

16.3 By die inwerkingtreding van die skema op 1 Desember 1992 het die SKSE op navraag van die Sinodale Kerkkantoor geantwoord dat 'n voorlopige bedrag van R3 000 000,00 beskikbaar is.

**16.4 AANBEVELING**

**Die sinode keur die optrede van die SKSE goed.**

**17. SINODALE EN NIE-SINODALE SENDINGUITGAWES**

**17.1 Aantal werkkragte**

17.1.1 Die aantal sinodaal-ondersteunde werkkragte in die genoemde jaar is soos volg:

| | Blanke leraars | Swart leraars | Evangeliste |
|---|---|---|---|
| 1990-91 | 5 | 24 | 17 |
| 1992-93 | 8 | 13 | 16 |

17.1.2 Ds OJ Olivier het sedert die vorige sinode geëmeriteer.

**17.2 Sendinguitgawes**

17.2.1 Reeds in 1983 is by die sinode kennis geneem dat daar 'n gestadigde maar deurlopende tendens is om minder van die totale gemeentelike inkomste aan sending te bestee. Hierdie tendens duur steeds voort.

**17.2.2 Sendinguitgawes van Ringe**

**17.2.2.1 Sendinguitgawes 1989-90**

| Ringe in alfabetiese volgorde | Getal lidmate | Totale inkomste gemeente | Gem per lidmaat | Bedrag tov Sending spandeer Totaal | Nie-sinodaal | Gem per lidmaat Sending | Persentasie van inkomste Totaal | Nie-sinodaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| DASPOORT | 9647 | 2603360 | 269,86 | 137417 | 92236 | 14,24 | 5,28 | 3,54 |
| DERDEPOORT | 7402 | 2698282 | 364,53 | 132470 | 60470 | 17,90 | 4,91 | 2,24 |
| ELOFFSDAL | 5446 | 1562754 | 286,95 | 137421 | 86870 | 25,23 | 8,79 | 5,56 |
| HARTBEESSPRUIT | 9750 | 3455263 | 354,39 | 340016 | 215137 | 34,87 | 5,27 | 6,23 |
| KROKODILRIVIER | 4772 | 2138773 | 448,19 | 108803 | 41055 | 22,80 | 5,09 | 1,92 |
| LOUIS TRICHARDT | 3313 | 1339491 | 404,31 | 76522 | 66133 | 23,10 | 5,71 | 4,94 |
| NORTHAM | 1932 | 866318 | 448,40 | 59630 | 50802 | 30,87 | 6,89 | 5,87 |
| PIETERSBURG | 6252 | 2190459 | 350,36 | 125201 | 69540 | 20,03 | 5,72 | 3,17 |
| PIETPOTGIETERSRUS | 3669 | 1675585 | 456,69 | 104264 | 58654 | 28,42 | 6,22 | 3,50 |
| PORTUGESE | 138 | 55786 | 404,25 | 153 | | | | |
| PRETORIA | 13765 | 2567270 | 186,51 | 93861 | 67943 | 6,82 | 3,66 | 2,56 |
| PRETORIA-NOORD | 9888 | 3166731 | 320,26 | 162348 | 86599 | 16,42 | 5,31 | 2,74 |
| PRETORIA-OOS | 6841 | 2731573 | 399,29 | 221780 | 113425 | 34,26 | 8,12 | 4,15 |
| PRETORIA-WES | 6814 | 1099064 | 161,29 | 27707 | 11673 | 4,07 | 2,52 | 1,06 |
| RUSTENBURG | 6739 | 2405454 | 356,95 | 168151 | 99087 | 24,96 | 6,99 | 4,12 |
| SESMYLSPRUIT | 7054 | 2393004 | 339,24 | 69417 | 35813 | 18,92 | 4,15 | 2,14 |
| VALHALLA | 6212 | 2058647 | 331,40 | 85101 | 31036 | 13,70 | 4,14 | 1,51 |
| VILLIERIA | 5526 | 1969090 | 356,33 | 159747 | 89627 | 28,91 | 8,12 | 4,56 |
| VOORTREKKERHOOGTE | 1934 | 307448 | 158,97 | 10402 | 6179 | 5,38 | 3,39 | 2,01 |
| WATERBERG | 5675 | 2295189 | 404,44 | 140758 | 94770 | 24,81 | 6,14 | 4,13 |
| WONDERBOOM | 8944 | 3614668 | 404,14 | 286449 | 133496 | 32,04 | 7,92 | 3,69 |
| | 131713 | 43194209 | 327,94 | 2647618 | 1519545 | 31,57 | 6,13 | 3,50 |

**17.2.2.2 Sendinguitgawes 1991-92**

| Ringe in alfabetiese volgorde | Getal lidmate | Totale inkomste gemeente | Gem per lidmaat | Bedrag tov Sending spandeer Totaal | Nie-sinodaal | Gem per lidmaat Sending | Persentasie van inkomste Totaal | Nie-sinodaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| DASPOORT | 9725 | 3222805 | 331,39 | 205461 | 144591 | 21,13 | 6,38 | 4,49 |
| DERDEPOORT | 8413 | 3223649 | 383,17 | 207176 | 102364 | 24,63 | 6,43 | 3,18 |
| ELOFFSDAL | 5077 | 2019393 | 397,75 | 139426 | 78625 | 27,46 | 6,90 | 3,89 |
| HARTBEESSPRUIT | 9908 | 4542091 | 458,43 | 330154 | 216662 | 33,32 | 7,27 | 4,77 |
| KROKODILRIVIER | 4767 | 2817193 | 590,98 | 113099 | 35050 | 23,73 | 4,01 | 1,24 |
| LOUIS TRICHARDT | 3797 | 2008502 | 528,97 | 104617 | 92098 | 27,55 | 5,21 | 4,59 |
| NORTHAM | 2007 | 1069901 | 533,08 | 61928 | 50035 | 30,86 | 5,79 | 4,68 |
| PIETERSBURG | 6627 | 2577911 | 389,00 | 192958 | 131545 | 29,12 | 7,49 | 5,10 |
| PIETPOTGIETERSRUS | 3463 | 2052217 | 592,61 | 111348 | 58671 | 32,15 | 5,43 | 2,86 |
| PRETORIA | 12649 | 2952034 | 233,38 | 113401 | 79210 | 8,97 | 3,84 | 2,68 |
| PRETORIA-NOORD | 9987 | 4388454 | 439,42 | 93314 | 7851 | 9,34 | 2,13 | 0,18 |
| PRETORIA-OOS | 6256 | 3264668 | 521,85 | 277541 | 140555 | 44,36 | 8,50 | 4,31 |
| PRETORIA-WES | 6797 | 1405124 | 206,73 | 8141 | 1562 | 1,20 | 0,58 | 0,11 |
| RUSTENBURG | 6864 | 3106686 | 452,61 | 244967 | 146526 | 35,69 | 7,89 | 4,72 |
| SESMYLSPRUIT | 7935 | 3180877 | 400,87 | 106746 | 59327 | 13,45 | 3,36 | 1,87 |
| VALHALLA | 5771 | 2574416 | 447,83 | 159583 | 87293 | 27,65 | 6,17 | 3,38 |
| VILLIERIA | 5363 | 2521493 | 470,16 | 204412 | 140148 | 38,12 | 8,11 | 5,56 |
| VOORTREKKERHOOGTE | 1100 | 343999 | 312,73 | 12054 | 6003 | 10,96 | 3,50 | 1,75 |
| WATERBERG | 5531 | 2855430 | 516,26 | 154357 | 112112 | 27,91 | 5,41 | 3,93 |
| WONDERBOOM | 9101 | 4411043 | 484,68 | 248744 | 90448 | 27,33 | 5,64 | 2,05 |
| | 131138 | 54547886 | 415,96 | 3089426 | 1780676 | 23,56 | 5,66 | 3,26 |

**17.2.3. Vergelyking**

17.2.3.1 Wanneer die syfers van 1991/92, soos verstrek deur die SKF, met dié van 1989/90 vergelyk word, dan blyk die volgende:

*1 Die totale gemeentelike inkomste styg met 26,3%.

*2 Die totale uitgawe aan sending styg met 16,7%.

*3 Die totale uitgawe aan nie-sinodale sending styg met 17,2%.

*4 Die persentasie van gemeente-inkomste aan sending bestee, daal van 6,13% tot 5,66%.

*5 Die persentasie van gemeente-inkomste aan nie-sinodale sending bestee, daal van 3,50% tot 3,26%.

17.2.3.2 Uit bogenoemde blyk duidelik dat alhoewel bydraes vir die sending steeds styg, is die persentasie styging laer as die persentasie styging in gemeentelike inkomste (16,7% teenoor 26,3%).

17.2.3.3 Verontrustend is die feit dat die persentasie van die totale gemeentelike inkomste wat aan sending bestee is, gedaal het (van 6,13% tot 5,66%). Dit is die algemene tendens die afgelope paar jaar.

17.2.3.4 Uit die vergelykende syfers is dit ook duidelik dat die persentasie van die totale gemeentelike inkomste wat aan nie-sinodale sending (plaaslik) bestee, word, al hoe kleiner word - van 3,50% tot 3,26%.

17.2.3.5 Wat nie uit die ringstotale gesien kan word nie is dat al meer gemeentes al minder van hulle totale gemeentelike inkomste aanwend vir nie-sinodale sending. In die lig van die sinode se standpunt dat sinodale werksaamhede al hoe meer afgewentel moet word na rings- en gemeentelike vlak, is hierdie tendens kommerwekkend.

17.2.3.6 Die ernstige ekonomiese insinking van die afgelope paar jaar het al ons lidmate diep geraak. Daarvoor moet die nodige begrip getoon word. Hier gaan dit egter nie om krimpende bydraes nie, maar oor die krimpende persentasies wat aan die sending toegeken word.

Die ernstige vraag kom na vore of die gemeentes nie opnuut vir hulleself rekenskap moet gee oor die bedrag wat doelbewus vir die uitbreiding van die koninkryk van God opsy gesit moet word nie. Die gevaar is nie denkbeeldig nie dat aan die versoeking toegegee kan word om maar vir hierdie werk van die Here te gee dit wat nog beskikbaar is nadat oor die "nodigste" uitgawes besluit is.

17.2.4 AANBEVELING

**Die sinode versoek die SKSE om hierdie gegewens in 'n nuusbrief onder die gemeentes se aandag te bring.**

18. SINODALE BEGROTING

18.1 Die SKSE het indringend aandag gegee aan die versoek van die Moderamen aan die Sinodale Kommissie vir Fondse om as doelwit die sinodale begroting vir 1993/94 met 40% te sny. 'n Ernstige poging is aangewend om waar enigsins moontlik te besnoei sonder om bestaande werksaamhede skade te laat ly.

18.2 In 'n memorandum voorgelê aan die SKF het die SKSE op die volgende gewys:

18.2.1 Verreweg die grootste komponent van die SKSE se begroting is salarisse.

18.2.2 Die SKSE is nie bewus van enige van die gesamentlike gesubsidieerde poste met Oos-Transvaal wat binne die volgende vier jaar vakant sal raak nie.

18.2.3 Die SKSE se staande beleid ten opsigte van gesubsidieerde poste van ringe/gemeentes is om geen subsidie vir 'n pos voort te sit tensy daar opnuut volgens die voorgeskrewe prosedure aansoek gedoen word nie. Die prosedure is soos volg:

**18.2.3.1** Sodra daar 'n vakature tov van 'n leraar/evangelis onstaan, moet die betrokke kerkraad/RKSE van die NG Kerk aan wie die sinodale subsidie oorbetaal word, so spoedig moontlik samesprekings voer met die betrokke kerkraad van die NGKA om vas te stel of die betrokke pos voortgesit moet word en of dit nie dalk kan verval nie. Daar moet nie van die veronderstelling uitgaan word dat omdat 'n pos in die verlede sinodaal ondersteun is, dit vanselfsprekend ook vir die toekoms sal geld nie.

**18.2.3.2** Indien dit uit die samesprekings sou blyk dat die voortsetting van die pos onontbeerlik blyk te wees, dan moet die betrokke kerkraad/RKSE in oorleg met die kerkraad van die NGKA ernstig oorweging daaraan verleen om:

*1 of die finansiële verantwoordelikheid vir die pos ten volle self oor te neem sodat dit van die sinodale begroting kan afkom;

*2 of dat die sinodale subsidie op 'n glyskaalbasis jaarliks verminder met 'n vasgestelde persentasie sodat die pos met verloop van tyd geheel en al van die sinodale begroting kan afkom. Dit sou beteken dat die betrokke instansie jaarliks 'n groter finansiële verantwoordelikheid self sal moet dra.

**18.2.3.3** Indien die moontlikhede hierbo genoem op hierdie stadium nie moontlik blyk te wees nie, dan moet daar deur middel van die betrokke RKSE 'n volledige gemotiveerde aansoek vir die voortsetting van sinodale subsidiëring van die pos aan die SKSE voorgelê word.

**18.2.3.4** Die SKSE sal dan op sy eerste vergadering na ontvangs van die so 'n aansoek besluit of by die Sinodale Kommissie vir Fondse aanbeveel word dat wel voortgegaan sal word met die sinodale subsidiëring van die pos. Die betrokke instansie/s sal van die besluit van die SKSE in kennis gestel word.

**18.2.3.5** Eers nadat 'n instansie/s in kennis gestel is dat die SKSE besluit het om voort te gaan met die sinodale subsidiëring, kan oorgegaan word tot die vulling van die vakante pos.

**18.2.3.6** Geen aansoek om sinodale ondersteuning sal oorweeg word indien bogenoemde prosedure nie gevolg word nie.

**18.2.3.7** Indien oorgegaan word tot die beroeping van 'n leraar/evangelis voordat die SKSE 'n besluit geneem het oor die sinodale ondersteuning van die pos, sal die betrokke instansie/s self ten volle verantwoordelikheid moet neem vir die finansiering van die pos.

**18.2.3.8** Nadat 'n instansie toestemming ontvang het dat voortgegaan kan word met die vulling van die vakante pos, moet die betrokke instansie ook toesien dat 'n nuwe skriftelike ooreenkoms met die betrokke gemeente van die NGKA opgestel word. 'n Afskrif van hierdie ooreenkoms moet aan die kantoor van die SKSE gestuur word.

**18.3** Ook het die SKSE by die SKF aanbeveel dat geen sinodale ondersteunde pos wat vakant raak, vir voortgesette subsidie oorweeg sal word nie indien daar meerdere bediening in die gemeente is nie.

**18.4** Die SKSE het by die SKF aanbeveel dat daar voortgegaan word met die uitfasering van bydraes ten opsigte van: GEM, Namibië; AEAM; Caprivi, RCA, RCA Teol opleiding en RCA Sinodale werk.

**18.5** Op versoek van die SKF het die SKSE ook 'n bedrag van R179 250,00 uit die dividendverdienste as deeleienaar van die Sinodale Sentrum beskikbaar gestel met die oog op die subsidiëring van die sinodale begroting.

**18.6 AANBEVELING**

**Die sinode keur die optrede van die SKSE goed.**

**19. KONTRAKTUELE OOREENKOMSTE**

**19.1** As uitvloeisel van die bespreking by die konferensie oor die finansies van die sinode op 18 November 1992 het die moderamen die SKSE versoek om alle bestaande sendingposte wat subsidies van die sinode ontvang te ondersoek tov elkeen se kontraktuele verbintenis met die opdrag dat behoorlike finansiële verslaggewing in so 'n ooreenkoms ingebou behoort te word.

**19.2** Ondersoek het aan die lig gebring dat in die kantoor vir Sending en Evangelisasie geen enkele kontrak ten opsigte van bestaande sendingposte op lêer is nie. Dit word aanvaar dat sodanige kontraktuele verbintenisse êrens in 'n gemeente en/of ringsargief geliasseer moet wees. Die beleid was nog altyd dat die plaaslike ring en/of gemeente die nodige kontraktuele verbintenis met die plaaslike gemeente van die NGKA opstel.

**19.3** Die SKSE het daarom ringe wat sinodale subsidies ontvang dringend versoek om alle kontraktuele verbintenisse van die bestaande sendingposte in ringe wat tans nog sinodaal gesubsidieer word, te help opspoor en om onmiddellik die SKSE afskrifte daarvan te laat bekom. Ook is versoek dat ringe sal toesien dat in die bestaande kontraktuele verbintenisse daar ook duidelik uitgespel word presies wat die finansiële verpligtinge van elke party is.

**19.4** Die SKSE het ook ringe versoek om, indien geen kontraktuele ooreenkoms/te opgespoor kan word nie, onmiddellik in oorleg en samewerking met die betrokke gemeente/s van die NGKA sodanige kontraktuele ooreenkoms/te op te stel en die SKSE 'n afskrif daarvan te laat bekom. In die samesprekings met die gemeente/s van die NGKA met die oog op die opstelling van 'n kontraktuele ooreenkoms, moet ernstig die moontlikheid ondersoek word of die betrokke gemeente/s van die NGKA nie dalk groter finansiële verantwoordelikheid vir hulle eie rekening kan neem nie.

**19.5** Tot op datum het die SKSE nog geen terugvoering van ringe in hierdie verband ontvang nie.

**19.6 AANBEVELING**

**Die sinode besluit dat ringe en/of gemeentes wat sinodale subsidies ontvang, voor die einde van Maart 1994, in oorleg en samewerking met die betrokke gemeente/s van die NGKA, kontraktuele ooreenkomste moet opstel. In die ooreenkoms moet daar ook duidelik uitgespel word wat presies die finansiële verpligtinge van elke party is.**

## F. SKAKELING MET KERKE EN ORGANISASIES

**20. CHRISTELIKE GENEESKUNDIGE BOND**

**20.1 Agtergrond**

Die Christelike Geneeskundige Bond, by monde van die sekretaris, Dr Germond, het onlangs opgemerk dat die mediese sending van die NG Kerk met die oordrag van sendinghospitale aan die staat byna tot stilstand gekom het. Dit het die AKSE genoop om te vra of die toedrag van sake wenslik is. Mediese sending kan immers voortgaan in staats- en ander hospitale. SKSE's is by die vergadering van die AKSE versoek om mee te werk om die ideaal van mediese sending in Suid-Afrika te laat herleef.

### 20.2 Optrede

RKSE's is gevra om uit te vind wat die behoefte aan Christengeneeshere by hospitale in ringsgebiede is. Intussen word skakeling met die Christelike Geneeskundige Bond gesoek om die uitdaging van mediese sending te probeer bevorder. Verdere verwikkelinge word met die skrywe van die verslag afgewag.

## 21. BYBELGENOOTSKAP

### 21.1 Verslag - Bybelgenootskap

Die SKSE het volledig verslag ontvang van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

In 'n steeds veranderende wêreld en in 'n land wat op baie vlakke van die samelewing veranderinge beleef, bly die Bybelgenootskap steeds getrou in die uitvoering van sy taak. Dit bly vir die Bybelgenootskap prioriteit nommer een om die Woord aan alle mense beskikbaar te stel, in die taal wat hulle die beste verstaan en teen 'n prys wat elkeen kan bekostig.

In baie dele van die wêreld is daar rampe, ellende en geweld, finansiële krisisse en geestelike nood en daar is baie mense wat leef en sterf sonder dat hulle ooit die troos van Gods Woord en die boodskap van verlossing deur ons Here Jesus Christus hoor.

Om bogenoemde rede is dit 'n saak van groot belang vir die hele Christelike gemeenskap om by Bybelverspreiding betrokke te wees.

### 21.2 Wêreldwye betrokkenheid

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is 'n volle lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe en is so betrokke by wêreldwye Bybelwerk. Daar is tans 111 Bybelgenootskappe wat in 180 lande werksaam is.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het die afgelope jaar 312 810 Bybels en Bybelgedeeltes in 24 tale aan Bybelgenootskappe in 22 lande voorsien. Die meeste hiervan is lande in Suider Afrika.

Daar is steeds 'n dringende behoefte aan Bybels in Sentraal- en Oos-Europa en die Gemenebes van Onafhanklike State (voormalige Sowjet-Unie). Dit bied groot uitdagings en geleenthede vir Bybelverspreiding deur Bybelgenootskappe en individue.

Daar is 'n toenemende behoefte aan ondersteuning vir Bybelverspreiding in Sjina. 'n Bybelgenootskapamptenaar by die Amity Drukpers in Nanjing, is van mening dat selfs as dit moontlik sou wees om jaarliks 6 miljoen Bybels vir Sjina te produseer, die agterstand steeds sal toeneem.

'n Opwindende uitdaging in Afrika is die spesiale projek om Bybels vir Ethiopië te produseer. Daar is 'n onmiddellike behoefte aan 2,7 miljoen Bybels. Die Wêreldbond van Bybelgenootskappe het die afgelope jaar met 'n gesamentlike projek 500 000 Amhariese Bybels aan die Ethiopiërs beskikbaar gestel.

### 21.3 Bibliathon '94

Met groot dank aan die SAUK Raad kan bekend gemaak word dat daar in 1994 weer 'n Bibliathon op 12 Mei, Hemelvaartsdag, aangebied gaan word.

Die vorige Bibliathon was 'n groot sukses en het die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wyd bekendgestel met positiewe gevolge. Die geleentheid om weer 'n Bibliathon aan te bied het ons verbeelding aangegryp en met die samewerking van gemeenskappe, stede en dorpe, kerke en individue beloof dit om 'n grootse gebeurtenis te wees. Met hierdie aanbieding gaan die radio ook betrokke wees. So sal alle taalgroepe die voorreg hê om in te skakel en deel te neem aan Bibliathon '94. Die doel van Bibliathon '94 is om die agterstand in Bybelvoorsiening kleiner te maak. Die mikpunt is om weer ten minste een miljoen bykomende Bybels te voorsien om die nood van die bykans 5 miljoen mense in Suid-Afrika wat nie 'n Bybel het nie enigsins te verlig.

### 21.4 AANBEVELING

**Die sinode besluit om kerkrade en lidmate aan te moedig om Bibliathon '94 te ondersteun deur voorbidding, inskakeling by plaaslike aksiekomitees en bydraes.**

## 22. HELENE FRANZSKOOL VIR GESTREMDES

### 22.1 Inleiding

Helene Franzskool vir gestremdes is die afgelope 13 jaar steeds die enigste skool in Lebowa vir fisies- en serebraal gestremdes. Ons is dankbaar vir die werk wat by die skool gedoen word. Syfers in die verslag is soos dit was teen die einde van 1992.

### 22.2 Leerlingtal

| Seuns | Dogters | Totaal |
|---|---|---|
| 131 | 105 | 236 |

### 22.3 Opleiding

Benewens die akademiese opleiding wat die skool verskaf geniet beroepsgeoriënteerde opleiding ook aandag. Leerlinge wat nie akademies sterk genoeg is om standerd 8 by 'n ander skool aan te pak nie, word opgeneem in die voorberoepsopleidingskursus. Vaardighede in houtwerk, metaalwerk, mosaïekwerk, leerwerk en rottangwerk word aangeleer.

### 22.4 Onderwyswoelinge

Die skool het veral aan die begin van 1992 'n krisis beleef. Die situasie het sulke afmetings aangeneem dat die bestuursraad die Onderwysdepartement moes versoek om sekere onderwysers te verplaas ten einde die skool se normale funksionering te verseker.

### 22.5 Opmerking

Verskeie lidmate van die Ned Geref Kerk en die NGKA dien op die personeel en bestuur van die skool. Die betrokkenheid van die kerk word hoog op prys gestel deur kinders, ouers en die gemeenskap. Dit is belangrik dat die kerk gedurigdeur hulle wat dikwels onder moeilike omstandighede die werk moet doen aan die Here sal opdra.

## 23. TSHILIDZINISKOOL VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

### 23.1 Inleiding

Die Tshilidziniskool vir Buitengewone Onderwys is 'n toonbeeld van goeie samewerking tussen die Kerk en die Venda-regering. Pragtige werk word gedoen om blindes, dowes en liggaamlik gestremdes te versorg en skolasties toe te rus.

**23.2 Leerlingtal**

| Seuns | Dogters | Totaal |
|---|---|---|
| 202 | 187 | 389 |

Hiervan is 178 doof, 85 blind en 126 liggaamlik gestrem.

**23.3 Plasing van oud-studente**

Met die uitsondering van 2 visueel gestremdes en 6 liggaamlik gestremdes kon al die skoolverlaters in beroepe geplaas word.

Tegniese opleiding geniet hoë prioriteit. Die aanvraag vir tegnies opgeleide persone in die arbeidsmark is groter as vir akademiese personeel. Al die studente wat in leerwerk gekwalifiseer is, kon in die arbeidsmark geplaas word.

'n Hoogtepunt was die aanstelling in 1993 van 'n oudstudent as gekwalifiseerde onderwyser in die afdeling vir blindes.

**23.4 kerklike betrokkenheid**

Die Sinode van Noord Transvaal het 'n kontraktuele verbintenis met die skool om R25.00 per leerling per jaar by te dra tot die skool. Hierdie bydrae word aangewend vir hulpmiddels soos gehoortoestelle, krukke, harnasse en ander hulpmiddels vir gestremdes.

Dit is verblydend om 9 lidmate van die Ned Geref Kerk op die onderwyspersoneel te sien en nog 8 uit die NGKA geledere.

Waar ons kerk sy werk in sendinghospitale aan die staat oorgedra het en sy invloed op die bestuur van die inrigtings prysgegee het, het die kerk nog hier in die buitengewone onderwys 'n gewaardeerde plek ... 'n plek waar die liefde van Christus baie prakties in dade bewys word.

**24. EVANGELIEBEDIENING IN FRANKRYK**

Die werk in Frankryk gaan voort en brei steeds uit. Die werk het nou reeds begin oorvloei na Franssprekende gebiede in Europa, Afrika en die Indiese Oseaan.

Sedert die vorige sinode het die volgende verwikkelinge plaasgevind:

24.1 Afsterwe van ds Roger van Dyk (10 Febr 1992). Dit is 'n gevoelige slag vir die sending. Sy eggenote en 3 kinders woon steeds in Frankryk en wag op leiding vir die toekoms.

24.2 Kennis is ontvang van Chris-Johan en Jeanette Fourie wat deur Carletonville-Suid en Warmbad-Wes na Reunion uitgestuur is en mev Mariana le Roux wat uit Johannesburg-Oos by die Bloemhofs in Parys aangesluit het.

24.3 Ds Robert en Rita Schmidt (Fontainebleau), Ds André Nel en die Lötters van Benoni-Benjamin maak ook gereed om hulle by die werk aan te sluit.

24.4 Kennis is geneem van Vriende van Aix , 'n ondersteunersgroep van die Vrye Gereformeerde Teologiese Fakulteit in Aix- en -Provence. Skakelpersoon: ds S Theron 012-222930.

24.5 Monumentpark-Wes en Silvertonkruin help met studiegeld vir 'n boorling van Madagaskar wat tans in Frankryk teologie studeer.

**25. SENDING IN NAMIBIë**

**25.1 Rektorspos - Windhoek Seminarie**

25.1.1 As gevolg van die onttrekking van die grootste borge vir die prinsipaalpos, het die nuwe las vir die Sinode van Namibië te veel geword. Vertoë is aan die SKSE gerig vir ondersteuning uit SKSE-fondse.

25.1.2 Die SKSE het onder huidige omstandighede geen hulp aanbeveel nie. Die Sinode van Namibië nader gemeentes tans direk vir hulp.

**26. LOBATSE**

Die gemeente Lobatse, Botswana, het die SKSE om dringende finansiële hulp genader. Omdat hulle saak baie verdienstelik is, is toestemming van die moderamen verkry dat hulle gemeentes direk mag nader. Dit is ook aanbeveel dat hulle saak in die Voorligter bekend gestel word.

**27. CHRISTELIKE LEKTUURFONDS**

Verslag is ontvang van toekennings wat uit die fonds gemaak is.

**28. DANKWOORD**

Die SKSE wil graag sy dank uitspreek teenoor:

* alle leraars van die Ned Geref Kerk en die NGKA en evangeliste van die NGKA wat met toewyding en oorgawe diensbaar is aan die groot werk van die uitdra van die Evangelie van Jesus Christus aan nie-gekerstendes en mense wat buite kerkverband geraak het;

* al die predikante in sinodale diens van die NGKA vir die belangrike werk waarmee hulle besig is.

**29. SLOT**

Die bede van die SKSE is dat elke gemeente en lidmaat in die verwondering oor die feit dat ons almal ingeskakel word by die "Missio Dei", in gehoorsaamheid die boodskap van hoop en bevryding sal bring aan alle mense.

"As Hy ons roep tot sy diens - hoe sal ons dit mag weier?
Hy is almagtig, genadig, die troue bevryder.
Dit gee ons krag:
knegte met koningsgesag
het God as hul medestryder" (Ges 222:4)

Hiermee vertrou die kommissie dat hy sy werk tot eer van die Here afgehandel het.

DS E OLIVIER
VOORSITTER

DR JGM RICHTER
SKRIBA

# A.11.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE AAN DIE SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL SEPTEMBER 1993

Die SRK doen graag verslag van sy werksaamhede sedert die Sinode van 1991 en wel volgens Bep. 35.4.4.1 wat soos volg lui:

'n **Sinodale Regskommissie,** wat uit sewe persone (met drie sekundi) bestaan. Hierdie kommissie se taak is om:

**35.4.4.1.1** opdragte van die sinode uit te voer en verslag te doen;

**35.4.4.1.2** advies te gee omtrent uitleg en toepassing van die Kerkorde, aanvullende bepalinge en ander besluite van die sinode;

**35.4.4.1.3** ringe wat daarom vra te adviseer in verband met aansoeke om tentmakerbediening;

**35.4.4.1.4** alle beskrywingspunte in verband met wysigings in die kerklike bepalings vooraf te bestudeer en die sinode daaroor te adviseer;

**35.4.4.1.5** alle besluite van die sinode en Algemene Sinode wat wysiging in die bepalinge meebring, op die juiste plekke in die bepalinge in te voeg en so spoedig moontlik te publiseer;

**35.4.4.1.6** kerkregtelike ongerymdhede wat onder sy aandag kom regstreeks op vertroulike wyse onder aandag van die betrokke vergadering te bring, met aanduiding van die weg tot herstel;

**35.4.4.1.7** kerkvergaderings en ampsdraers met voorligting te dien in gevalle waar hulle op grond van die uitvoering van hulle ampspligte by die burgerlike hof aangekla mag word. Hy moet veral probeer om die saak uit die burgerlike hof te hou;

**35.4.4.1.8** aansoeke van emeriti wat wil terugkeer tot die bediening te hanteer kragtens Bepaling 14.3;

**35.4.4.1.9** die bepalings deurlopend te hersien vir voorlegging aan die sinode;

**35.4.4.1.10** tydens die vergadering van die sinode:

(1) advies te gee oor alle sake aan hom opgedra, by name oor tugsake en kerklike geskille wat direk of by wyse van appèl voor die sinode kom. Die kommissie het die reg om klaers, aangeklaagdes en getuienis aan te hoor, ten einde die sinode te dien met 'n beredeneerde en volledige advies;

(2) alle nuwe voorstelle oor revisie van bepalinge en reglemente te hanteer.

## 1. OPDRAGTE VAN DIE VORIGE SINODE

### 1.1 DOELWITFORMULERING

#### 1.1.1 Opdrag

Die sinode gee opdrag aan die onderskeie sinodale kommissies om elk sy doelwitte te formuleer met verslag aan die volgende sinodesitting.

#### 1.1.2 Bevinding

Die Sinodale Regskommissie strewe daarna om as uitvoering van die Visie en Missie van die Sinode:

*1. ooreenkomstig die opdrag aan hom gegee, die korrekte kerkregtelike leiding aan gemeentes en kommissies te gee;

*2. te alle tye sorg te dra dat die kerkorde korrek maar tog soepel toegepas word;

*3. alle sake binne die kerklike vergaderinge (en nie in 'n wêreldlike hof nie) te skik.

#### 1.1.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die doelwit vand die SRK goed.**

### 1.2 STUDIE RAKENDE DOSENTE

#### 1.2.1 Opdrag

Hierdie punt en amendement (AL Bartlett/CJA Vos) word verwys na die SRK vir terugrapport by die volgende sinode in 1993:

Inhoud van die amendement:

1. Die sinode keur 5.2.2 nie goed nie (wat lui: Die sinode besluit om die volgende beskrywingspunt na die Algemene Sinode te stuur...)

2. Die sinode spreek hom uit ten gunste van die kerklike bevestiging van dosente van die Teologiese Fakulteit.

3. Die sinode versoek die SRK om ondersoek te doen na die moontlikheid van 'n nouer skakeling van genoemde dosente by spesifieke gemeentes en om ook 'n studie te doen oor die doktore-amp in die gereformeerde kerkreg met verslag aan die volgende sinode.

#### 1.2.2 Besinning: BEVESTIGING IN 'N "DOKTORE-AMP"?

Dit is duidelik dat die amendement poog om 'n vir vierde amp, te wete die sogenaamde doktore-amp, staanplek binne die Ned Geref Kerk te kry. Dan sou daar immers regverdiging kon wees vir die pleidooi dat professore en kerklike dosente "bevestig" word, soos verwoord in die amendement. Van bevestiging kan daar alleen sprake wees as dit bevestiging in 'n kerklike amp is. Hieroor kan daar tog nie 'n kompromie gemaak word nie. Die enigste manier waarop die handeling van "bevestiging" van die hoogleraars en ander kerklike dosente in die teologie dus kerkregtelik legitiem gemaak kan word, is om daaraan 'n ampskleed te hang, te wete die sogenaamde doktore-amp. En omdat die kerkverband nie ampte het nie, sal hierdie "amp" dan op 'n manier by 'n plaaslike kerk aangehaak moet word. Dit is blykbaar wat die tweede deel van die amendement beoog, wanneer daar 'n ondersoek gevra word na die moontlikheid van 'n nouer skakeling van genoemde dosente by spesifieke gemeentes.

Die bestaan van die sogenaamde doktore-amp is in die hedendaagse gereformeerde kerkwêreld hoegenaamd nie algemeen nie, waarskynlik vanweë sowel praktiese as prinsipiële probleme wat daaraan verbonde is. Waarskynlik die grootste praktiese probleem is die vraag na die koppeling van die amp aan 'n plaaslike kerk, terwyl die opdrag van kerklike dosente duidelik buite die terrein van die plaaslike kerk val. En aangesien die beginsel steeds aanvaar word dat die kerkverband nie besondere ampte het nie, sou die instelling van so 'n amp vir die kerkverband bepaald probleme skep.

Die praktiese vraag waarop dadelik 'n antwoord gegee sal moet word, is: van wie gaan die roeping dan uit? As die doktore-amp 'n vierde amp in die kerk/gemeente word, dan behoort die roepende liggaam tog die kerkraad van die gemeente te wees waarin so 'n persoon in sy amp bevestig word, wat tans ook nog veronderstel dat hy belydende lidmaat van daardie gemeente moet wees en ook binne die grense daarvan moet woon. Die onhoudbaarheid daarvan hoef nie onderstreep te word nie en verder is dit eweneens nie denkbaar dat die rol van die kieskollege as verantwoordelike kommissie van die kerkverband sonder meer uitgeskakel kan word nie.

Die werk van die kerkverband en die werk van die plaaslike kerk moenie op hierdie wyse vermeng word nie. Inskakeling van die kerklike dosent by 'n gemeente ter wille van "ampsbekleding" (en verteenwoordiging by meerdere vergaderinge met keurstem?) lyk om die minste te sê na 'n bedenklike geringskatting van die werk van die dosent, asof dit nie iets is wat opsigselfstaande, los van gemeentelike verpligting as deel van die werk van die kerkverband kan funksioneer en ook so gehonoreer kan word nie.

Hiermee word die waardevolle rol wat kerklike dosente as ouderlinge in die kerkraad en meerdere vergadering speel op geen manier ontken of misken nie. Sou ons egter van die doktor 'n kerklike amp maak, sal ons van voor af moet besin daaroor of daar vir hierdie ampsdraers ook afsonderlik plek op meerdere vergaderings ingeruim moet word. Dit sou dadelik die vraag na die grootte van 'n kerkraad se afvaardiging in gedrang bring.

Die feitelike situasie in die Ned Geref Kerk is tans dat daar kragtens ons kerkorde en ook die NGB slegs drie ampte bestaan, te wete die van leraar, ouderling en diaken. En al drie hierdie ampte is verbonde aan die plaaslike kerk. Dit bly steeds die oortuiging van die Sinodale Regskommissie dat dit korrek is en daarom ook nie verantwoordelik om vanweë 'n onkerkregtelike praktyk wat in die Ned Geref Kerk tradisie geword het (naamlik om kerklike dosente "in hulle amp te bevestig" soos die formulier dit tans nog verwoord) te probeer om pragmatiese veranderings aan ons ampsbeskouing aan te bring nie.

Die Sinodale Regskommissie herhaal dus hiermee die versoek dat daar 'n beskrywingspunt na die Algemene Sinode gestuur word.

1.2.3 AANBEVELING

**Die sinode besluit om die volgende beskrywingspunt in sake kerklike dosente na die Algemene Sinode 1994 te stuur:**

**Die Algemene Sinode besluit:**

**1. Diensaanvaarding van kerklike dosente geskied kragtens onderlinge reëling tussen die Kuratorium en die Universiteit.**

**2. Die kerklike indiensstelling van 'n dosent vind plaas in 'n gemeente tydens 'n gewone erediens of andersins by geleentheid van die amptelike opening van die Teologiese Fakulteit. Die voorsitter van die Kuratorium of 'n ander lid van die Kuratorium deur hom daartoe versoek, neem hierin die leiding met gebruikmaking van 'n indiensstellingsformulier.**

Motivering vir die beskrywingspunt:

Aangesien ons nie in die Ned Geref Kerk 'n doktore-amp erken nie en daar nie van bevestiging in 'n amp sprake kan wees nie, kan die huidige praktyk van "bevestiging" van kerklike dosente nie langer voortgesit word nie. Tog behoort daar 'n openbare kerklike verbintenis te wees, soos aangedui in punt 2 van die beskrywingspunt. Die Formulier vir die Bevestiging van Hoogleraars sal dienooreenkomstig gewysig moet word, sodat alle verwysings na bevestiging in 'n amp daaruit verwyder word. Eweneens sal in die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars 'n wysiging aangebring moet word in 3.1.2.6 en 3.1.2.7 waar van bevestiging sprake is.

1.3 TENTMAKERBEDIENING

**1.3.1 Opdrag**

**Tentmakerbediening:** Bep 7.2 Tentmakerbediening - word saam met al die ingekome amendemente verwys na die permanente regskommissie (Acta 1991 p 343).

Die sinode het besluit om die riglyne vir tentmakerbediening in die Kerkordeboek te laat opneem en terselfdertyd 'n aantal amendemente op die riglyne na die SRK te verwys. Die amendemente word telkens aan die orde gestel en bespreek.

**1.3.2 Amendemente vanaf die sinode ontvang**

**1.3.2.1 Amendement 1**

**1.3.2.1.1 By paragraaf 1: Verander die bewoording om as volg te lees**

Indien 'n gemeente dit nie langer nodig ag om 'n bestaande predikantspos ten volle te benut nie, mag daar met verlof van die volle ring tot tentmakerbediening oorgegaan word.
By paragraaf 2.1: Laat die volgende woorde weg: "..., maar nie in staat is om 'n predikantspos ten volle te dra nie..."
(MJ Lazenby/JJ Gerber)

**1.3.2.1.2 Kommentaar**

Die amendement bring 'n dimensie by wat na die SRK se oordeel nêrens in die beredenering ten gunste van tentmakerbediening gefigureer het nie, naamlik dat dit nie net finansiële onvermoë van 'n gemeente is wat aanleiding tot hierdie vorm van bediening kan gee nie, maar selfs enige ander rede. Met die aanvaarding van so 'n uitgangspunt sal daar haas geen maatstaf vir die ring bestaan op grond waarvan 'n aansoek tot tentmakerbediening afgekeur kan word nie. Daarmee word die ou aanvaarde reël dat die bediening voltyds en lewenslank is, dan finaal oorboord gegooi.

1.3.2.1.3 AANBEVELING

**Die amendement word nie goedgekeur nie. Vgl by Aanbeveling 9 onder punt 1.3.4**

1.3.2.2 Amendement 2

1.3.2.2.1 Vervang "volle ring" (p 138, Bep 7.2, par 3.2) in die laaste sin met "ringskommissie". Voeg by: Indien die inhoud van die kontrak egter verander moet word, moet die volle ring dit goedkeur." (MJ Lazenby/JJ Gerber)

1.3.2.2.2 AANBEVELING

**Die amendement word goedgekeur.**

1.3.2.3 Amendement 3

1.3.2.3.1 By par 4.3 - Skrap die hele paragraaf. By par 4.4: Skrap die hele paragraaf. (MJ Lazenby/JJ Gerber)

1.3.2.3.2 **Kommentaar**

Dit is duidelik dat hierdie voorstel tentmakerbediening as die normale bedienings- patroon van die toekoms beskou. As dit so moet wees en word, kan daar begrip wees vir so 'n gedagte maar tans is dit die uitsondering op die reël en behoort hierdie paragrawe net so behou te word.

1.3.2.3.3 **AANBEVELING**

**Die amendement word nie goedgekeur nie.**

1.3.2.4 **Amendement 4**

1.3.2.4.1 Punt 5 Die kontraktuele ooreenkoms. Voeg na 5.1.4 die volgende by as 5.1.5: "Die kontrak kan deur beide partye opgesê word met ten minste een maand kennisgewing." (MJ Lazenby/JJ Gerber)

1.3.2.4.2 **Kommentaar**

Die amendement het implikasies vir die status van leraars. So 'n bepaling sou dit bv moontlik maak vir 'n proponent om die status van predikant te kry en om met 30-dae kennisgewing uit die bediening te tree met behoud van predikantstatus as daar nie van 'n tughandeling sprake is nie!

Ook by die toepassing van die kerklike tug sou hierdie weg 'n ongunstige invloed kan hê. Eerder as om die moeisame pastorale pad van die tug te loop, sou dit die weg van die minste weerstand wees om van 'n leraar ontslae te raak deur hom eenvoudig 30 dae kennis te gee.

1.3.2.4.3 **AANBEVELING**

**Die amendement word nie goedgekeur nie.**

1.3.2.5 **Amendement 5**

1.3.2.5.1 By vorm 11 Beroepsbrief vir tentmakerbedienaars op p 145 (vorm 12 op p 149)

Die Sinode versoek die Algemene Regskommissie om die beroepsbrief vir tentmakerbedienaars soos volg te wysig:

Vervang die tweede paragraaf "Die Kerkraad ..." met die volgende woorde: "Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente ___ het die genoeë om u in kennis te stel dat u tot tentmakerbedienaar van hierdie gemeente beroep is, sodat u hier alles kan kom doen waartoe u en die kerkraad kontraktueel ooreen mag kom. Die voorlopige kontrak soos deur die ring van ___ goedgekeur is op sy vergadering van ___, word hierby aangeheg."

Behou die volgende paragraaf nl. "Die Kerkraad belowe..."

Skrap die res tot voor "Ander reëlings". (MJ Lazenby/JJ Gerber)

1.3.2.5.2 **AANBEVELING**

**Die amendement word goedgekeur.**

1.3.2.6 **Amendement 6**

1.3.2.6.1 By punt 4.4: Skrap vanaf "Die gemeentelike ..." en vervang met "gemeentewerk" voeg in voor "aandeel" die woord "sinvolle". (M Smuts en DB de Vos)

1.3.2.6.2 **AANBEVELING**

**Die amendement word goedgekeur.**

1.3.2.7 **Status en tentmakerbediening** - gewysig en goedgekeur:

Die sinode verwys die volgende saak na die SRK vir verdere studie met die oog op 'n moontlike beskrywingspunt aan die Algemene Sinode in 1994:

In die lig van meningsverskil wat daar bestaan tov die toestaan van status aan persone wat slegs beskikbaar is vir tentmakerbediening, gee die Algemene Sinode 'n prinsipiële begronding van die beleid wat gevolg word by die toestaan van status aan persone wat slegs vir die tentmakerbediening beskikbaar is.

1.3.3 **Nuwe besinning oor tentmakerbediening**

1.3.3.1 **'n Nuwe terrein**

*1 Die naam "tentmaker" word uit die bedieningspatroon van Paulus geneem om 'n nuwe werkswyse in die gevestigde kerk vandag mee aan te dui (vgl Hand 18:3; 20:34; 1 Kor 4:12).

*2 Waar die naam "tentmaker" gekies word vir 'n besondere soort bediening, moet deeglik daarmee rekening gehou word dat die situasie destyds en vandag totaal verskil:

- Paulus was 'n gevolmagtigde apostel wat die fondamente van die kerkorganisasie en kerkregering moes lê

- Hy was aan geen grense gebonde nie

- Die organisasie en kerkordelike reëlings van die gemeentes was nog vloeiend

- Paulus se huwelikstaat was sodanig dat hy makliker kon rondbeweeg

*3 Paulus staan voltyds in diens van die verkondiging van die evangelie en daarvoor ontvang hy geen gereelde lewensonderhoud nie. Om in sy lewensonderhoud te voorsien, het hy die ambag waarvoor hy opgelei is, naamlik 'n tentmakersambag, beoefen - waar nodig en waar hy kon.

*4 Teenoor die "gewone bedieningspatroon" in die Ned Geref Kerk, waar 'n predikant na opleiding en toelating, beroep en bevestig word in 'n bepaalde gemeente met geografiese grense, vir 'n voltydse bediening en dit vir sy lewe, is die tentmakersbediening 'n "ongewone bedieningspatroon" wat nog in die eksperimentele fase is.

*5 Oor die jare heen is die bedieningspatroon van 'n voltydse gemeentepredikant ontwikkel en is dit op laas redelik goed verantwoord. Ten spyte hiervan is daar nog steeds talle probleme om hierdie patroon glad te laat werk. Hoeveel te meer moet ons nie verwag nie, dat die tentmakerbediening, wat nog in die begin van ontwikkeling staan, probleme sal oplewer.

*6 In die veld waar 'n gevestigde bedieningspatroon bestaan, kom nou 'n ander stelsel, waar eersgenoemde dit maklik as 'n indringing, as 'n "Fremdkörper" kan ervaar en skerp afwysend daarteenoor sal staan. Verder kom die persone wat die nuwe patroon moet beoordeel en implementeer, uit die gevestigde praktyk, wat meebring dat hulle baie krities daarteenoor staan.

*7 Indien ons enigsins billik wil beoordeel, moet die argumente vir en die praktyk van die tentmakerbediening objektief geweeg word.

1.3.3.2 **Faktore wat die ontwikkeling van die tentmakerbediening genoodsaak het**

*1 Verskeie faktore het bygedra dat die finansiële posisie van die gemeentes aansienlik verswak het en dit weer het 'n kettingreaksie tot gevolg.

*2 Verskeie gemeentes kan nie meer hulle predikant(e) onderhou nie. Waar vakatures ontstaan, word talle poste gevries. Nuwe poste kan nie geskep word nie.

*3 Daarby het die koste verbonde aan die onderhoud van 'n voltydse predikant geweldig gestyg. Dit het buite die bereik van sommige gemeentes geraak.

*4 Toe geld goedkoop verkrygbaar was, is baie duur kerk- en ander geboue opgerig en dit met groot verbande. Die styging in verbandkoerse het baie gemeentes hard geslaan. Groot skulde verlam die normale bediening.

*5 Rings- en sinodale verpligtinge het sodanig verhoog dat gemeentes belemmer word om in die basiese behoeftes van voltydse bediening te voorsien.

*6 Die groot aantal proponente, onder wie 'n hele aantal dames is, wat wag op beroepe, asook beskikbare opgeleide toeloë, onderstreep die noodsaaklikheid van 'n tentmakersbediening om hulle te help akkomodeer.

*7 Daar is ook 'n ernstige vraag na die geestelike kwaliteit en toewyding van 'n deel van die lidmate op die boeke van die kerk. Dit is mense met 'n baie hoë eis aan bearbeiding en hier ontbreek die finansiële ondersteuning daarvan.

*8 Na oorwegings het die Ned Geref Kerk oorgegaan om hierdie krisistyd die hoof te bied deur die implementering van die tentmakerbediening. Die kerkordelike reëling daarvan toon leemtes en is nog in die eksperimentele stadium. Hier het ons nou met 'n werklikheid te make wat 'n ander werklikheid wou tegemoetkom. Dit sou dwaas wees om alles weer te wil oorboord gooi omdat daar probleme is.

**1.3.3.3 Probleme met die kerkordelike reëling van die tentmakerbediening**

**1.3.3.3.1 Die akkomodering van die twee stelsels naas mekaar**

*1 Die kern van die probleem is dat twee verskillende bedieningspatrone naas mekaar geakkomodeer moet word.

*2 Die gebruiklike patroon beteken predikante in diens van 'n gemeente en wel voltyds, permanent - lewenslank. Die tentmakerbediening behels 'n predikant wat deeltyds diens doen, maar dat dit eweneens permanent geag word.

*3 Daar is 'n groot onderskeid in die werklading, die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid - tog verkry albei dieselfde status of liewer bedieningsbevoegdheid en albei het dieselfde regeermag en dieselfde sittingsreg in kerklike vergaderings.

*4 Daar is tentmakers wat hierdie bediening kies uit edele motiewe - om die kerk en die koninkryk van God te dien. Ongelukkig soek mense hierdie weg om so status van predikant te verkry wat hulle nie andersins sou kon verkry nie.

**1.3.3.3.2 Die vraag van die duur van die tentmakerbediening**

*1 'n Beroep beteken duursaamheid. 'n Persoon word beroep vir sy lewe en hy bly in die posisie totdat hy 'n beroep na 'n ander gemeente aanvaar of as predikant emeriteer.

*2 'n Tentmaker word ook beroep, hoewel hy slegs deeltyds in die bediening staan. Hierdie beroep bring 'n permanensie mee, terwyl die aard van die ander beroep wat hy beoefen die duur van die tentmakerwerk bepaal.

*3 Tans word daar wel bepaal dat na elke drie jaar weer deeglik na die ooreenkoms gekyk moet word. Dit beteken egter nie dat die beroep ook beëindig kan word nie. Die feit dat dit deeltydse werk is en dit bestaan naas 'n stelsel van voltydse werk, bring die saak van permanensie by die tentmakerbediening in die gedrang. Die kerk behoort te besluit dat anders as by die gewone bediening waar 'n beroep vir die lewe is, die situasie by tentmakerbediening meebring dat dit na drie jaar ook beëindig kan word. Dit sal die kernpunt van wrywing en oorsaak van baie probleme uit die weg ruim.

*4 Die pos en posisie van 'n tentmaker en dié van 'n pastorale hulp word nie genoegsaam verreken nie. Dikwels kan 'n pastorale pos beter pas vir 'n gemeente as 'n tentmakerspos.

**1.3.3.3.3 Die byeenbring van die beroepende liggaam en die beroepe persoon**

*1 Die weg wat gegaan word by die beroeping van 'n voltydse gemeentepredikant is te verskillend van dié wat gegaan word by die beroep van 'n predikant as tentmaker.

*2 In die geval van 'n beroep van 'n voltydse gemeentepredikant geld:

Daar word 'n groslys gevorm deur die kerkraadslede
'n Advertensie kan in die Kerkbode geplaas word
Die gemeente kan ook meewerk deur name te gee vir die groslys
'n Kommissie van pre-advies kan leiding gee.

*3 Die prosedure by die beroep van 'n tentmaker:

- In die geval van die omskakeling van 'n bestaande pos, kan die kerkraad met verlof van die volle ring, deur 'n kontraktuele ooreenkoms die gewone beroep verander in 'n tentmakerspos.
- In die geval van 'n nuwe pos word 'n omslagtige en vreemde weg gegaan. Hier behoort dieselfde weg gegaan te word as by die beroep van 'n gewone gemeentepredikant. Indien die pos na drie jaar ook beëindig kan word, hou dit geen risikos vir die gemeente in nie.

**1.3.3.3.4 Die feit van ander werk / 'n ander verdienste van 'n tentmaker**

*1 Die tentmaker beklee twee poste en het twee verdienstes, waar elkeen sy eie eise stel.

*2 Die twee werke kan dikwels nie maklik met mekaar versoen word nie.

*3 Twee werke bring mee:

- 'n gedeelde tydskaal
- 'n gedeelde aandag
- 'n verdeelde verdienste
- 'n verdeelde lojaliteit

*4 Die twee werke kan maklik beteken dat 'n tentmaker by die gemeente kan laat slap lê, omdat 'n persentasie tyd of werk nie maklik bepaal kan word nie.

**1.3.3.3.5 Die rol van die kerkraad en van die ring in die uitbring van 'n beroep**

*1 By die uitbring van 'n beroep van 'n gemeentepredikant neem die kerkraad die inisiatief en dra die volle verantwoordelikheid. Die ring het slegs 'n toesighoudende en goedkeurende funksie.

*2 In die geval van die beroep van 'n tentmaker word aan die ring 'n buitengewoon swaar taak gegee. Minstens twee keer moet die "volle ring" byeenkom om te handel. In veral plattelandse ringe kan dit 'n ondraaglike las meebring.

*3 Waarom moet die kerkraad in elke geval van 'n tentmakerspos in Die Kerkbode adverteer?

*4 Die prosedure by die beroep van 'n voltydse gemeentepredikant en 'n tentmaker loop baie ongelyk.

*5 Die reëlings in verband met die pos van 'n tentmaker is te lomp en omslagtig.

**1.3.3.3.6 Die kontrak en die leiding van die Heilige Gees**

*1 By die uitbring van 'n beroep geld sowel die verantwoordelikheid van die mens, as die erkenning van die leiding van die Heilige Gees.

*2 In die geval van 'n tentmaker staan die verantwoordelikheid van die mens te sterk op die voorgrond.

*3 'n Kerkraad kan adverteer vir 'n tentmakerspos, waarop persone hulle gegewens kan instuur. Kan omgekeerd 'n persoon wat 'n tentmakerspos begeer ook in Die Kerkbode adverteer, waarop kerkrade kan antwoord?

*4 Die wyse van integrering van 'n tentmakerspos in die kerkreg en in die gemene reg moet verdere aandag verkry.

**1.3.4 AANBEVELING**

**Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om die volgende besluite ten opsigte van tentmakerbediening te neem:**

**1.3.4.1 Die Algemene Sinode herbevestig die bestaansreg van 'n tentmakerbediening naas die voltydse bediening.**

**1.3.4.2 Die Algemene Sinode gee weer aandag aan die wrywingsvlakke waar die twee stelsels naas mekaar in die kerk funksioneer.**

**1.3.4.3 Die Algemene Sinode besluit dat 'n tentmaker vir 'n bepaalde tydperk in 'n gemeente beroep kan word. Na ontvangs van demissie by diensbeëindiging verander die status van die betrokkene van leraarstatus na proponentstatus.**

**1.3.4.4 Die Algemene Sinode besluit dat die onnodig groot rol van die ring by die beroep van 'n tentmakerbediening hersien moet word.**

**1.3.4.5 Die Algemene Sinode word versoek om die woorde "volle ring" (par 3.2) in die laaste sin met "ringskommissie" te vervang en daarby moet gevoeg word: Indien die inhoud van die kontrak egter verander moet word, moet die volle ring dit goedkeur."**

**1.3.4.6 Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om die beroepsbrief vir tentmakerbedienaars soos volg te wysig:**
**Vervang die tweede paragraaf "Die Kerkraad ..." met die volgende woorde: "Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente ___ het die genoeë om u in kennis te stel dat u tot tentmakerbedienaar van hierdie gemeente beroep is, sodat u hier alles kan kom doen waartoe u en die kerkraad kontraktueel ooreen mag kom. Die voorlopige kontrak soos deur die Ring van ___ goedgekeur is op sy vergadering van ___, word hierby aangeheg."**

**Behou die volgende paragraaf nl. "Die Kerkraad belowe..."**

**Skrap die res tot voor "Ander reëlings".**

**1.3.4.7 Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om by punt 4.4 van die voorskrifte vir die tentmakerbediening die volgende wysiging aan te bring: Skrap vanaf "Die gemeentelike ..." en vervang met "gemeentewerk" voeg in voor "aandeel" die woord "sinvolle".**

**1.3.4.8 Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om in die lig van meningsverskil wat daar bestaan tov die toestaan van status aan persone wat slegs beskikbaar is vir tentmakerbediening, 'n prinsipiële begronding te gee van die beleid wat gevolg word by die toestaan van status aan persone wat slegs vir die tentmakerbediening beskikbaar is.**

**1.3.4.9 Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om hom uit te spreek oor ander oorwegings as finansies by die skepping van 'n Tentmakerspos.**

**1.4 RETREAT LEAVE**

**1.4.1 Opdrag**

Die sinode dra dit aan die Sinodale Regskommissie op om aandag te gee aan die sogenaamde "retreat leave" en dergelike verlof by sommige Engelse kerke.

**1.4.2 Uitvoering van die opdrag**

In die lig van twee stukke wat oor die onderwerp in ons kerklike kring bestaan en waarin breedvoerige en intensiewe aandag aan die saak gegee word, het die kommissie dit nie nodig gevind om 'n eie studie oor die sogenaamde "retreat leave" te maak nie.

Die stukke waarna verwys word, is:

2.1 Prof. AC Barnard: "Effektiewe Pastorale Sorg aan die Ampsdraers vandag", Handelinge, Noord-Transvaal, 1991, bls. 411-416.

2.2 Die Moderamen van Noord-Transvaal: Bedieningsmatheid by Predikante, Bylae 1, Pastorale brief van die Moderamen, uitgestuur aan alle predikante in Noord-Transvaal.

**1.4.3 Bevinding**

Die toestaan van "retreat leave", soos in sommige Engelse kerke van toepassing, is nie vir kerkrade en gemeentes, om verskeie praktiese redes, moontlik nie. Dit neem egter nie weg dat hierdie 'n baie belangrike saak vir predikante is nie.

Alle pastorale sorg aan die ampsdraers begin met die besondere sorg aan die eie persoon, die eie geestelike lewe, die eie geestelike groei - die sorg aan die eie "siel en liggaam". In die uitvoering hiervan, kan gebruik gemaak word van beskikbare verlof wat benut moet word, naamlik:

*1 Deel van die gewone vakansieverlof van 42 dae per jaar kan hiervoor gebruik word.

*2 Die voordeel van langverlof (10 dae per jaar) wat elke drie jaar geneem kan word, kan hiervoor benut word.

*3 In besondere omstandighede is siekteverlof, soos gereël met die kerkraad, beskikbaar.

(Vergelyk Reglement 9, Kerkordeboek, bls. 121)

In hierdie verband word andermaal 'n baie ernstige beroep op predikante, kerkrade en ringe gedoen om toe te sien dat beskikbare verlof jaarliks en langverlof gereeld geneem moet word. Deur beskikbare verlof gereeld te gebruik, word aan die leraar die geleentheid gebied om geestelik en liggaamlik uit te rus en versterk te word en steeds met ywer en geesdrif sy bediening te vervul.

1.4.4 AANBEVELINGS

**1.4.4.1 In die lig van die eise wat in die bediening aan predikante gestel word, beklemtoon die sinode die belangrikheid en noodsaaklikheid daarvan dat leraars hulle verlof gereeld moet neem, veral ook met die oog daarop om geestelike en liggaamlike uitbranding te voorkom.**

**1.4.4.2 Ringe en kerkrade word versoek om noulettend aandag daaraan te gee dat predikante gereeld hulle beskikbare verlof neem.**

**1.4.4.3 Op leraars word 'n dringende beroep gedoen om gereeld jaarliks hulle gewone verlof, en ook langverlof soos beskikbaar, ten volle te benut. Verlof behoort nie net vir vakansiedoeleindes gebruik te word nie, maar moet ook aangewend word spesifiek ter voorkoming van geestelike en liggaamlike uitbranding. Hiervoor is veral langverlof uitnemend geskik.**

1.5 VERPLIGTE TEOLOGIESE OPLEIDING

1.5.1 Opdrag

Die volgende besluite is na die SRK verwys:

No. 1

Die SRK word versoek om:

1. die moontlikheid te oorweeg dat voortgesette leraarsopleiding deel word van die ooreenkoms tussen die beroepende vergadering en die beroepene, of te wel, dat voortgesette opleiding van die leraar in sy beroepsbrief opgeneem word, en

2. die eerskomende sinode met 'n aanbeveling te bedien wat na die eerskomende Algemene Sinode deurgestuur kan word.

No. 2

Die sinode gee opdrag aan die Sinodale Regskommissie om riglyne vir die die ringe daar te stel, in die lig van die volgende besluite van die Algemene Sinode:

1 "Die Sinode oordeel dat ringe verantwoordelikheid behoort te aanvaar om die bywoning van voortgesette opleiding deur ringspredikante te reël en daaroor toesig te hou." (Punt 5.7.4.4)

2 "Die Sinode versoek sinodes om die nodige besluite te neem waarvolgens ringe hierdie funksie kan vervul." (Punt 5.7.4.5)

No 3

Die sinode besluit dat dit van elke predikant in die sinodale gebied verwag word om minstens elke ses jaar 'n kursus in voortgesette teologiese opleiding te voltooi (Let wel: 'n Beursfonds is gestig om gemeentes/predikante wat dit nie kan bekostig nie, te subsidieer).

1.5.2 Bevinding

Dit is duidelik dat die opdragte nie so uitgevoer kan word soos wat die sinode besluit het nie. Punte 6.1 en 6.2 van die Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitimasie van Evangeliedienaars behoort te verval. Dit skep die indruk asof die geïntegreerde kursus 'n minderwaardige een is. Sodanige beskrywingspunt behoort ingedien te word.

Ook aan die versoeke van SEVTO kan nie voldoen word nie.

Daar behoort 'n besluit geneem te word wat die volgende duidelik stel:

Voortgesette studie is noodsaaklik vanweë die eise van die bediening en ringe behoort deur hulle Ringsvisitasiekommissies hieraan aandag te verleen.

1.5.3 AANBEVELING

1.5.3.1 Beskrywingspunt na die Algemene Sinode

**Die Sinode van Noord-Transvaal versoek dat punte 6.1 en 6.2 van die Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitmasie van Evangeliedienaars verval. (Motivering: Dit skep die indruk asof die geïntegreerde kursus 'n minderwaardige een is).**

**1.5.3.2 Die Sinode van Noord-Transvaal beklemtoon dat voortgesette studie noodsaaklik is vanweë die eise van die bediening en ringe behoort deur hulle Ringsvisitasiekommissies hieraan aandag te verleen.**

1.6 VISITASIE EN BESOEK

1.6.1 Opdrag

Die sinode verwys die volgende voorstel na die SRK vir bestudering:

Die sinode besluit om die volgende woorde te wysig waar nodig:

"visitasie" na "besoek", "kerkvisitasie" na "gemeentebesoek", "ringsvisitasie" na "ringsbesoek", "ringsvisitatore" na "ringsbesoekers", "ringsvisitasiekommissie" na "ringsbesoek-kommissie", "persoonlike visitasie" na "persoonlike besoek".

1.6.2 Bevinding

Dit wil voorkom asof die voorstellers by die bogenoemde ongemotiveerde voorstel 'n subjektiewe keuse uitoefen ten gunste van "besoek" bo "visitasie", moontlik omdat eersgenoemde meer Afrikaans klink as laasgenoemde. Daarvoor sou begrip kon bestaan, as dit nie was dat daar tog 'n verskil is tussen hierdie twee Afrikaanse woorde nie.

Die woord visitasie hou verband met en is ontleen aan die Latynse woord visitatio maar is nie on-afrikaans vanweë sy herkoms nie.

Uit die HAT blyk dit dat die woord visitasie verband hou met 'n ondersoek terwyl besoek meer dui op kuier. Kerkvisitasie is 'n ondersoek deur kerklike ampsdraers. Dit veronderstel veel meer as 'n blote kuiertjie. Dit is 'n besoek wat in opdrag van die ring as meerdere vergadering gedoen word en wat ten doel het om die welsyn van 'n gemeente te ondersoek **met die oog op verslaggewing** aan die ring.

Hierdie term het reeds geyk geraak in die gereformeerde kerklike tradisie en dit sou 'n verskraling van betekenis wees as daar bloot op 'n vervangende wyse te werk gegaan word soos wat die voorstel vra.

#### 1.6.3 AANBEVELING

**Die sinode volstaan met die gebruik van die woord visitasie in al die verskillende verbindings waarin dit tans gebruik word.**

## 2. ADVIES OMTRENT UITLEG EN TOEPASSING VAN DIE KERKORDE

### 2.1 VERSOEK SEVTO INSAKE ART 10

#### 2.1.1 Opdrag

SEVTO het navraag gedoen of Art. 10 ook van toepassing is op persone wat namens SEVTO êrens moet optree.

#### 2.1.2 AANBEVELING

**Die Sinode van Noord-Transvaal beveel by die Algemene Sinode aan dat die volgende interpretasie aan Art. 10 gegee word:**

**Persone in diens van bepaalde organisasies, kommissies, dosente wat amptelik as sodanig uitgenooi word om die pos te verteenwoordig, kan gaan optree sonder om eers vooraf toestemming te kry.**

### 2.2 VERSOEK SAAKGELASTIGDE

#### 2.2.1 Opdrag

'n Versoek van die Saakgelastigde, gedateer 23 November 1992 is ontvang waarin navraag gedoen word oor sy betrokkenheid by die uitbetaling van begrote bedrae.

#### 2.2.2 Bevinding

Die SRK het na deeglike bespreking besluit dat die Saakgelastigde as amptenaar nie diskresie hoef te gebruik nie, maar binne die raamwerk van die goedgekeurde begroting die uitbetaling behoort te maak. Indien daar bepaalde probleme sou wees, is die SKF en die SKKK daar om die saak verder te voer.

Hoewel dit tans nog so is dat 'n kommissie verslag aan die Moderamen moet doen, sal daar by die komende sinodesitting aanbeveel word dat dit geskrap word. (Deel van Bep. 57.4.3). Tot dan bly dit egter soos in die Kerkorde verwoord.

'n Kommissie moet uiteraard goeie redes aanvoer hoekom sekere items op begroting oorskry word. Die Saakgelastigde se taak is om dit onder die aandag van die SKF te bring. Die Saakgelastigde kan oorskrydings weier. In sodanige geval kan hy uitbetaling terughou totdat die SKF uitsluitsel gee (verg 35.4.4.2.6 op bl. 51). Die SKKK pas nie hier in die prentjie waar dit 'n sinode se kommissiefondse raak nie.

Die Saakgelastigde kry van die SKF sy opdragte.

#### 2.2.3 AANBEVELING

**Die interpretasie van die SRK word goedgekeur.**

### 2.3 ONTBINDING VAN GEMEENTES

#### 2.3.1 Opdrag

Hierdie is 'n saak wat na vore getree het, na die verwikkelinge rondom Meintjeskop en Arcadia.

#### 2.3.2 Bevinding

By die reglement vir die eenwording van gemeentes (Kerkorde, bl. 69-70) moet vanaf 2.7 gewysig word deur die volgende byvoeging:

2.7 Indien daartoe ooreengekom word dat kerkraadslede van die gemeente wat ontbind ook as kerkraadslede van die inlywende gemeente moet dien, moet dit op die volgende wyse geskied:

2.7.1 Die name van al hierdie kerkraadslede word as deel van die ooreenkoms tussen die twee kerkrade vir approbasie voorgelê.

2.7.2 Indien die ontbinding en inlywing goedgekeur word, en daar geen beswaar teen die genoemde persone ingebring is nie, word hulle na inlywing as kerkraadslede van die inlywende gemeente bevestig, sonder dat daar 'n verdere verkiesing plaasvind.

2.8 Indien die leraar(s) van 'n gemeente wat ontbind ook leraar(s) word van die inlywende gemeente, moet dit op die volgende wyse geskied:

2.8.1 Die kerkrade van die twee betrokke gemeentes moet voor ontbinding en inlywing so 'n besluit in oorleg met die betrokke leraar(s) neem. Hierdie besluit sal die krag dra van 'n beroep, en daarom moet die naam of name as deel van die ooreenkoms vir approbasie voorgelê word.

2.8.2 Aan die leraar(s) word 'n skriftelike ooreenkoms aangebied waarin voorsiening gemaak word vir aanspreeklikheid vir die lewensonderhoud en toelaes van die leraar(s) deur die inlywende gemeente. Indien verkies kan dit in die formaat van 'n beroepsbrief gedoen word.

2.8.3 Indien daar geen wettige beswaar teen die leraar(s) ingebring word nie en die eenwording van die gemeentes ook goedgekeur word, word so 'n leraar(s) na inlywing van die ontbinde gemeente opnuut bevestig sonder dat daar weer 'n beroep uitgebring word.

2.9 Die persoon of persone wat deur die kerkraad van die gemeente wat ontbind, benoem word om uitvoering te gee aan die besluite van die kerkraad vir die oordrag van onroerende eiendomme en beskikking oor ander goed van die gemeente wat ontbind, behou, indien nodig, hulle bevoegdheid om na die datum van ontbinding in oorleg met die Ringskommissie aan die gemelde besluit uitvoering te gee.

2.10 Indien dit vir die persoon of persone of enigeen van hulle wat benoem is, soos in paragraaf 2.9 vermeld, na datum van ontbinding onmoontlik of onprakties is om op te tree ten einde aan die gemelde besluite uitvoering te gee, tree die Ringskommissie op in die plek van sodanige persoon of persone ten einde aan die besluite uitvoering te gee.

#### 2.3.3 AANBEVELING

**Die Sinode van Noord-Transvaal stuur die volgende beskrywingspunt na die Algemene Sinode oor ontbinding van gemeentes:**

**Die Algemene Sinode besluit om die Reglement vir die Ontbinding van gemeentes uit te brei met die volgende byvoeging: (Die inhoud soos in 2.3.2 vervat)**

### 2.4 DAGBESTUUR VAN MODERAMEN

2.4.1 Die moderamen het die SRK versoek om aan te dui of die moderatuur die dagbestuur van die moderamen is.

Die SRK het soos volg geadviseer:

Die moderatuur is nie die dagbestuur van die moderamen nie.

Die moderamen het daarop besluit om geen dagbestuur aan te wys nie.

2.4.2 AANBEVELING

**Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om die taak van die dagbestuur van die ASK tot die minimum te beperk, dit duidelik af te baken en veral toe te sien dat die dagbestuur nie namens die volle ASK verklarings uitreik nie.**

## 3. ADVIES OOR TENTMAKERBEDIENING

3.1 In beide Ebenhaeser en Villieria se geval is, op versoek, advies gegee in verband met die implementering van 'n tentmakerpos.

In die lig van die gegewe advies in Villieria se geval oordeel die SRK dat die sinode kennis moet neem van die standpunt van die ARK, wat deur die SRK onderskryf word. Die standpunt is dat 'n kapelaan se beroep net so lank van krag bly in die gemeente waaraan hy verbonde is, as wat hy kapelaan is.

3.2 AANBEVELING

**Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om duidelik leiding te gee oor die implikasies vir gemeentes wat 'n kapelaanspos het of wil skep.**

## 4. BESKRYWINGSPUNTE ONTVANG INSAKE WYSIGINGS

4.1 BEP. 31.6

4.1.1 Beskrywingspunt (Ring Pietpotgietersrus)

Voeg na die tweede "nuwe" die volgende in: "sowel as die bestaande gemeente(s) vanwaar afgestig gaan word.

Motivering: Die ring het ook die verantwoordelikheid om hom te vergewis of die gemeente(s) vanwaar afgestig gaan word, na afstigting finansieël sal kan oorleef.

4.1.2 AANBEVELING

**Die sinode keur goed dat daar na die tweede "nuwe" die volgende ingevoeg kan word: "sowel as die bestaande gemeente(s) waarvan afgestig gaan word."**

4.2 OORDRAG VAN LIDMAATSKAP

4.2.1 Beskrywingspunt (Leraars Waverley-Oos)

Dat die volgende beskrywingspunt bespreek word en 'n aanbeveling desnoods aan die Algemene Sinode deurgestuur word vir oorweging:

Die sinode versoek dat lidmaatskap in geval van besondere meriete ten volle oorgedra kan word na 'n ander gemeente as dié een waarin gewoon word.

Motivering

Die vastheid van gemeentegrense lewer al meer probleme in die praktyk op. Soms kom daar werklik verdienstelike gevalle voor waar lidmate liewers by 'n ander gemeente kan/wil inskakel as by die een waarin hulle woon. 'n Voorbeeld hiervan is mense wat reeds vir jare goed ingeburger is in 'n spesifieke gemeente en graag daar wil bly, maar net oor die grens verhuis.

Die toelaatbare reëling dat sodanige lidmate hul lidmaatsvoorregte in 'n bepaalde gemeente met toestemming van die "gewende" kerkraad mag geniet, is 'n stap in die regte rigting, maar bevredig nie. So 'n lidmaat/gesin is vis nog vlees. Dit sou beter wees as die lidmaat/gesin voluit by die ontvangende gemeente kan inskakel, dit is met volle lidmaatskap (in die register aangeteken), volledige pastorale versorging en ook verkiesbaar tot die kerkraad.

Om te verhoed dat van so 'n reëling misbruik gemaak word, kan die twee kerkrade hulself behoorlik vergewis of die versoek werklik bona fide-meriete het en dan gesamentlik by by die ring of ringskommissie aanbeveel om te bekragtig.

4.2.2 AANBEVELING

**Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie. Vgl. punt 9.4**

4.3 DEMISSIE WANNEER EGGENOOT(E) VAN WERK VERANDER

4.3.1 Beskrywingspunt (Leraars Waverley-Oos)

Dat die volgende beskrywingspunt bespreek word en 'n aanbeveling desnoods aan die Algemene Sinode deurgestuur word vir oorweging:

Die sinode versoek dat demissie aan predikante verleen kan word in 'n geval waar hul eggenote(s) van werkkring (moet) verander.

Motivering

Die voorwaardes rondom die verkryging van demissie deur predikante om spesiale redes kan moontlik uitgebrei word. Dit kan vandag al meer in die praktyk gebeur dat leraars se eggenote(s) verplaas word of in 'n nuwe werkkring aangestel word as gevolg van omstandighede in die arbeidsmark buite hulle beheer. Dit sou redelik wees om aan so 'n predikantbroer of -suster die geleentheid te verleen om demissie te ontvang om menslikheidsredes. Die persoonlike dilemma van om dan sonder 'n standplaas te wees, is wel 'n gevolg hiervan. Dit is egter tog op die langtermyn verkiesliker as om uit die amp te moet bedank en sy/haar status as predikant te verloor.

Vir behoorlike kontrole oor hierdie vorm van demissie kan bepaal word dat die ring of ringskommissie die besluit moet goedkeur.

4.3.2 AANBEVELING

**Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

4.4 SPESIALE REëLINGS TEN OPSIGTE VAN LIDMAATSKAP

4.4.1 Beskrywingspunt (Kerkraad Rustenburg-Suid)

Die sinode voeg die volgende bepaling in na Bepaling 26.8.3:

"belydende en dooplidmate wat geografies uit die gemeente verhuis het, maar op grond van besondere omstandighede en by wyse van formele ooreenkoms tussen die betrokke kerkrade, voortgesette lidmaatskap van die gemeente geniet."

**Motivering**

Hierdie beskrywingspunt word ingedien, omdat die kerkraad van Rustenburg-Suid oortuig is dat daar soms menslike oorwegings is wat swaarder weeg as die dwangmatige toepassing van gemeentegrense. Die voorstel word beperk tot "besondere gevalle", omdat dit nie die basis bywoningsreël wil wysig nie. Dit wil die pastorale taak van betrokke kerkrade vergemaklik, in gevalle waar lidmate na lang verbintenisse moet verhuis, maar nog binne die reikwydte en geestelike gemeenskap van hul eertydse gemeente verkeer. Sulke lidmate wat soms diepgewortelde bande moet losmaak, dikwels na jare van innerlike verbondenheid aan 'n bepaalde gemeente, kan hiervolgens met begrip en liefde tegemoetgekom word. Die bepaling gaan verder as toestemming tot beoefening van lidmaatsvoorregte, sodat sulke lidmate met volle vrymoedigheid hulle gawes kan benut in die gemeente waaraan hulle hulle geestelik verbonde voel.
Kerkraad Rustenburg-Suid

**4.4.2 AANBEVELING**

**Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie. Vgl. punt 9.4 van hierdie verslag**

**4.5 INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE**

**4.5.1 Beskrywingspunt** (Ring Pretoria-Noord)

Die sinode besluit om die vereistes vir lidmaatskap (vgl Bepaling 26.8 Noord-Transvaal 1991) te wysig om voorsiening te maak vir lidmate wat met gewigtige redes begeer om volle lidmate te word van 'n ander gemeente as dié een binne wie se grense hulle woon, en beveel aan by die Algemene Sinode van 1994 om 'n soortgelyke besluit te neem en in die Kerkorde op te neem.

**4.5.1.1** Sulke lidmate doen aansoek by albei betrokke kerkrade met vermelding van hulle volle name en ander besonderhede, sowel as die rede vir die versoek.

**4.5.1.2** Kerkrade ondersoek die saak verder indien dit nodig geag word om hulle van die meriete van die saak te vergewis.

**4.5.1.3** Indien albei kerkrade instem, word die persone volle lidmate van die gekose gemeente, sonder enige beperkings op lidmaatsvoorregte.

**4.5.1.4** Huisbesoek aan en pastorale versorging van sodanige lidmate word in elke gemeente volgens plaaslike omstandighede gereël sodat opsig en tug effektief kan funksioneer.

**Motivering**

*1 In praktyk gebeur dit dat talle lidmate om 'n verskeidenheid van (aanvaarbare en minder aanvaarbare) redes by buur- of ander gemeentes inskakel. Dit hou dikwels verband met bande wat oor baie jare gesmee is, noue familie-verbintenisse of bediening- en aanbiddingstyle. Omdat sulke begeertes kwalik as tugwaardige sondes beskou kan word, is 'n kerkraad se hande afgekap. Enige dwangmaatreëls sou waarskynlik teenproduktief wees. Deur sulke versoeke liewers ordelik te kanaliseer, en alle dubbelsinnighede uit te skakel, behoort die kerk beter gedien te word.

*2 Kleiner praktiese probleme (byvoorbeeld rondom huisbesoek) kan waarskynlik met 'n bietjie kreatiwiteit opgelos word (byvoorbeeld dat lidmate by die leraar se huis aanmeld vir hulle huisbesoek, dat kerkraadslede vir die "sateliet"-wyke aangewys word).

*3 Aktiewe werwing van 'n bepaalde gemeente onder ander gemeentes se lidmate is onwaarskynlik, maar behoort deur die vereiste vir toestemming van ALBEI kerkrade, en deur die opsig deur die ring, gekontroleer kan word.

**4.5.2 AANBEVELING**

**Die beskrywingspunt word nie aanbeveel nie. Vgl. 9.4 van hierdie verslag.**

**4.6 HANTERING VAN LIDMAATSKAP VAN NUWE INTREKKERS**

**4.6.1. Versoek om leiding** (Ring Pretoria-Noord)

**4.6.1.1 Beskrywingspunt**

Die sinode spreek hom, op versoek van die Ring van Pretoria-Noord, en aan die hand van advies deur die Sinodale Regskommissie uit oor die hantering van lidmaatskap van nuwe intrekkers in 'n gemeente. Leiding word gegee ten opsigte van die vertolking van die toepaslike bepalings, met inagneming van gereformeerde beginsels waarop huidige gebruike oorspronklik baseer is.

**4.6.1.2 Motivering**

* Die aanleiding vir die versoek is die riglyne wat die aktuarius van die Algemene Sinode, dr T Sadler gee in sy artikel "Lidmaatskap: gebruike in die Ned Geref Kerk" ("Byderwets en Gereformeerd" PJ Strauss (red) Bloemfontein 1991), sowel as onduidelikhede in die toepaslike bepalings in "Die Kerkbode en aanvullende bepalings Noord-Transvaal 1991". (Bepalings 26.8 en 26.12).

* Dr Sadler wys in sy artikel op die GEREFORMEERDE BEGINSELS wat gebruike ten opsigte van lidmaatskap ten gronde lê. Dit klaar baie vrae op in verband met huidige gebruike, maar lê ook heelwat probleme bloot wat in praktyk bestaan. Die Ringsgemeentes van Pretoria-Noord het reeds begin om soveel as moontlik van bogenoemde riglyne in werking te stel, maar verlang verdere leiding. Die saak lyk vir ons belangrik genoeg dat ander gemeentes ook daarvan moet kennis neem.

**4.6.2. Gebruik van die attestaat** (Ring Pretoria-Noord)

**4.6.2.1 Beskrywingspunt**

* 1 Die vorm vir die "Bewys van lidmaatskap" verval.

* 2 Die vorm vir die "Attestaat" word so verander dat dit as 'n sinvolle "bekendstellingsbrief" kan dien.

* 3 Behalwe die formele inligting omtrent lidmaatskap, maak dit voorsiening vir inligting (positief of negatief) oor lidmate se getuienis en betrokkenheid.

* 4 Daar word ook voorsiening gemaak vir ander opmerkings byvoorbeeld dat die leraar nie die lidmate goed genoeg ken vir evaluasie nie, of dat die aansoek te lank na vertrek ontvang is ensovoorts wanneer die attestaat dan soos die huidige "bewys van lidmaatskap" funksioneer).

* 5 Gemeentekantore word herinner aan Bep 26.12.3, en dat hulle nie mag weier om attestate persoonlik aan lidmate te oorhandig of aan hulle adres te pos nie.

* 6 Waar attestate baie laat ingehandig word, of ander probleme ontstaan, word deeglike navraag gedoen. Wanneer nodig geag, moet die persone weer belydenis van geloof doen.

**4.6.2.2 Motivering**

Alhoewel die attestaat reeds vir geruime tyd as die "gebruiklike vorm vir oordrag van lidmaatskap" geld (Bep 26.12.1.1), maak min gemeentes daarvan gebruik. Lidmaatsbewyse word dikwels deur skribas ingevul, versend en ontvang sonder dat die leraar kerkraad of lidmate self direk daarby betrokke is. Die "attesterende" funksie kom nie tot sy reg nie. Dit het 'n blote administratiewe funksie geword en is nie meer deel van ware gemeentebediening nie.

**4.6.3. Erkenning van Lidmaatskap** (Ring Pretoria-Noord)

(Vanaf 4.6.3.1 tot 4.6.3.6 moet as 'n geheel beskou word)

**4.6.3.1 Beskrywingspunt**

Die sinode spel die "erkenning" in Bep 26.8.1 duideliker uit, naamlik dat slegs 'n amptelike kerkraadsvergadering in sitting nuwe intrekkers wat daarvoor aansoek gedoen het, se lidmaatskap kan erken, en dat hulle lidmaatskap eers na sodanige erkenning en notulering van krag is.

**4.6.3.2 Motivering**

Daar is onsekerheid oor wat die "erkenning" deur die kerkraad presies behels (Bep 26.8.1 vgl ook Bep 26.12.5). Kan 'n kerkraad (soos wat dit dikwels in die praktyk gebeur) dit aan 'n amptenaar in die gemeentekantoor oorlaat om die "erkenning" te verleen? Word lidmaatskap nie so goedkoop en outomaties gemaak nie? (vgl Sadler p 70).

**4.6.3.3 Beskrywingspunt**

* 1 Gemeentes word so aangemoedig om nie sondermeer lidmaatskap te erken nie, maar om eers met nuwe intrekkers 'n gesprek te voer oor hulle lidmaatskap aan die hand van die belydenis en beloftes gemaak tydens die Openbare Belydenis van Geloof.

* 2 Gemeentes word aangemoedig om van nuwe intrekkers te verwag dat hulle hierdie belydenis en beloftes (skriftelik en/of mondelings) herbevestig.

**4.6.3.4 Motivering**

* 1 Dr Sadler verklaar dat daar nie volgens gereformeerde kerkregtelike beginsels 'n outomatiese "oordrag" van lidmaatskap behoort te wees nie en dat 'n gemeente "onder geen dwang (is) om intrekkende lidmate sonder meer te aanvaar nie" (p 70) maar "dit sou volkome binne die reg van daardie kerkraad wees om met so 'n lidmaat eers 'n gesprek te voer en van hom 'n verbintenis tot meelewing te verkry, voordat hy as lidmaat aanvaar word, (p 73). Sodoende kan die verskuiwing van gemeente tot gemeente benut word as 'n besondere Godgegewe geleentheid tot selfondersoek, hertoewyding of dan kerklike suiwering.

* 2 Ons is bewus van verskeie gemeentes wat een of ander vorm van "keuring" (volgens eie norme) toepas voordat lidmaatskap erken word. Duideliker riglyne gegrond in gemeenskaplike beginsels sal baie werd wees.

**4.6.3.5 Beskrywingspunt**

Die sinode besluit dat waar daar ernstige afwykings ontdek word ten opsigte van die belydenis en/of lidmaatbeloftes by 'n nuwe intrekker, kerkrade eers poog om hierdie probleme te help regstel VOORDAT lidmaatskap erken word. Waar die lidmaat egter volhardend weier om saam te werk aan sodanige probleme, of weier om lidmaatsbeloftes te herbevestig, of nie aansoek doen om lidmaatskap nie, word die lidmaatskap NIE aanvaar nie. Die naam word wel in die lidmaatsregister opgeteken, maar "LIDMAATSKAP WORD NIE ERKEN NIE" word in die aantekeningkolom aangebring, of indien bewys van lidmaadskap nog nie ontvang is nie, word die vorige gemeente daaromtrent ingelig vir sodanige aantekening in hulle register. So 'n persoon word dan hanteer as 'n geval vir evangelisasiewerk. By inkeer na sodanige optrede, word geleentheid vir katkisasie en openbare aflegging van belydenis gebied.

**4.6.3.6 Motivering**

Om sulke afwykings of onwilligheid tot samewerking te ignoreer, is om die belydenis van geloof en lidmaatskap van al sy waarde te beroof en daarvan 'n goedkoop, outomatiese administratiewe aangeleentheid te maak (vlg ook Sadler p 71, 74).

**4.6.4. Lidmaat (Bewyse) Register** (Ring Pretoria-Noord)

**4.6.4.1 Beskrywingspunt**

Terwyl daar gewag word vir 'n volgende kerkraadsvergadering waar die lidmaatskap amptelik erken kan word, word nuwe intrekkers se name nie ingeskryf in die lidmaatsregister nie, maar die attestaat in die kerkraad se korrespondensieregister geliasseer. Sou daar 'n navraag oor die lidmaatskap van 'n persoon kom, en dit nie in die lidmaatsregister aangeteken is nie, kan dit in die korrespondensielêer opgesoek word. Alternatiewelik word die name wel ingeskryf in die lidmaatsregister, maar met 'n aantekening in potlood dat daar op erkenning gewag word. By erkenning word die aantekening verwyder. Op afskrifte aan die argief word dieselfde aantekening aangebring, met 'n regstelling, na erkenning, op die volgende jaar se afskrifte.

**4.6.4.2 Motivering**

Dokumentasie moet sinvol en ordelik hanteer word. Argiefreëlings ten opsigte van die verslag van lidmaatsbewyse wat deur 'n bepaalde gemeente ontvang is (wat die sogenaamde "lidmaatsregister" in werklikheid is), kan egter nie die wyse waarop lewende persone in 'n gemeente hanteer word, voorskryf nie, en moet aangepas word daarby.

**SLOTWOORD**

In 'n tyd waarin lidmaatskap vir baie lidmate goedkoop geword het, lyk dit asof dit baie sinvol kan wees om die riglyne wat dr Sadler uitlê, meer konsekwent in die kerk toe te pas.
Deur geen lidmaatskap sonder meer te aanvaar sonder 'n indringende gesprek nie, kan die erns van lidmaatskap opnuut beklemtoon word, en word lidmate op 'n kragtige wyse herinner aan hulle lidmaatsbeloftes. Waar ernstige afwykings in leer, getuienis en/of lewenswandel ontdek word wat die Here tot oneer en die kerk tot verleentheid strek, en dit nie reggestel word nie, vind kerksuiwering plaas. Ons glo dat die sinode se aandag aan dié saak vir alle gemeentes van groot waarde sal wees.

4.6.5 AANBEVELING

**Die sinode besluit om al die beskrywingspunte oor die hantering van nuwe intrekkers na die SRK vir studie te verwys.**

## 5. PUBLISERING KERKORDEBOEK

5.1 Hierdie saak het aandag geniet en die boek is teen 'n baie billike prys voorsien.

5.2 Wysiginge wat tydens hierdie sinode aangebring word in die Kerkorde en Aanvullende Bepalings sal slegs by wyse van 'n Bylae aan alle gemeentes voorsien word. 'n Herdruk van die boek sal na die volgende sinode geskied.

5.3 AANBEVELING:

**Die sinode keur goed dat daar nie nou 'n nuwe Kerkorde en Aanvullende Bepalings vir Noord-Transvaal sal verskyn nie, maar net 'n Bylae waarin wysigings aangetoon sal word.**

## 6. KERKREGTELIKE ONGERYMDHEDE VERWYS.

Waar nodig, is hierdie sake hanteer.

## 7. VOORLIGTING AAN KERKLIKE VERGADERINGE EN AMPSDRAERS

7.1 Waar versoek, is raad mondelings of skriftelik voorsien.

7.2 Ooreenkomste se geldigheid by totstandkoming van nuwe kerke.

Die SRK ag dit sy plig om gemeentes daarop te wys dat hulle nie sommer bestaande ooreenkomste wat met die Familie van Ned. Geref. Kerke gesluit is, as vervalle moet beskou wanneer daar 'n nuwe kerk tot stand sou kom nie. Daar mag redes wees waarom lidmate van die ou kerk nog as die wettige kerk beskou kan word. Indien daar dus oorhaastig ooreenkomste met die nuwe kerk gesluit word, kan dit dus gebeur dat daar mettertyd 'n dubbele finansiële verantwoordelikheid gedra moet word.

7.3 AANBEVELING

**Kerkrade word versoek om kennis te neem van hierdie inligting.**

## 8. AANSOEKE EMERITI

Die volgende aansoeke van emeriti is ontvang, goedgekeur en in Die Kerkbode beroepbaar verklaar:

Ds A van Zyl
Ds JSD van der Merwe

## 9. BEPALINGE DEURLOPEND HERSIEN

9.1 AKTE VAN BEVESTIGING

Die SRK oordeel dat die Akte van Bevestiging in die toekoms wel volledig in die Kerkordeboek opgeneem moet word.

9.2 VOORDELE VAN PREDIKANTE

9.2.1 AANBEVELING

**Die Sinode gee opdrag aan die SRK om in oorleg met die SKF oor die voordele van predikante, soos gemeld in Bep. 13.2.1, 14.5 asook 4.1 op p. 142 van die Kerkorde en Aanvullende Bepalinge te besin.**

9.3 SEKUNDI: ARK

9.3.1 Opdrag

Weens 'n probleem wat ontstaan het toe die ARK aanvanklik nie Noord-Transvaal se aktuarius by hulle vergadering wou toelaat nie omdat hy sedert sy verkiesing as aktuarius nie meer as leraar aan 'n gemeente verbonde is nie, moes die SRK aan die saak aandag verleen. Verder wou die ARK nie toelaat dat daar 'n plaasvervanger vir die aktuarius gaan nie.

9.3.2 AANBEVELING

**Die Sinode van Noord-Transvaal stuur die volgende beskrywingspunt na die Algemene Sinode:**

**Die Algemene Sinode besluit om die Reglement vir die Algemene Regskommissie te wysig sodat daar by die samestelling van die kommissie nie slegs voorsiening gemaak word vir die aktuarii van die sinodes nie maar ook vir die benoeming van een sekunduslid per sinode.**

9.4 LIDMATE WAT BUITE DIE GEMEENTEGRENSE WOON

9.4.1 Vanweë die aktualiteit van die saak en navrae wat die SRK ontvang het, is 'n deeglike ondersoek gedoen en word die volgende stuk aan die sinode voorgelê:

DIE POSISIE VAN LIDMATE BUITE DIE GRENSE VAN DIE GEMEENTE

Ons kerkreg en gemeentestrukture gaan daarvan uit dat 'n lidmaat binne duidelik omskrewe grense woon en slegs daar sy kerklike regte en voorregte kan uitoefen. Die vraag is nou of dit moontlik is dat lidmate ook buite hulle gemeentegrense kan woon en tog nog hulle lidmaatsregte en -voorregte daar kan uitoefen.

**1 Die herkoms van die territoriaal begrensde of parogiale gemeente**

* Die woord parogie kom van die Griekse paroikia, 'n bywoner, wat aanvanklik die posisie van die Christen in die wêreld aangedui het: hy is op hierdie aarde 'n bywoner in 'n vreemde wêreld.

* Die woord parogie is nie 'n kerklike uitvinding nie. Die groot Romeinse stede is in 'n aantal kleiner, duidelik begrensde gebiede ingedeel - parogieë. Dit is deur die Romeinse owerheid gedoen om die administrasie en veral die invordering van die belasting te vergemaklik.

* Die kerklike grense het ooreengekom met dié van die staat. Dit kon maklik gedoen word, omdat die Christendom geleidelik staatsgodsdiens geword het.

* Toe die Romeinse owerheid die groter eenheid opdeel, het die kerk die indeling net so vir sy eie werk oorgeneem. Die biskop het oor die hele stadsgebied geheers. Nou gee hy aan priesters elkeen 'n eie, afsonderlike onderdeel wat duidelik afgegrens was - 'n parogie. Die priester bly egter steeds verantwoordelik vir al sy werk teenoor die biskop. In so 'n parogie kon goeie sorg bestee word aan elke lidmaat van die kerk. Dit was 'n oorsigtelike onderdeel en tegelyk 'n redelike eenheid.

* Later kom daar 'n ontwikkeling waar die indeling in parogieë verander in parogiedwang. Nou mag lidmate hulle kerklike voorregte slegs binne die grense van 'n betrokke parogie geniet. Hulle kon nie na ander parogieë daarvoor gaan nie. So ook was die arbeid van die priester beperk tot slegs die lidmate wat binne sy parogie woon.

* Die reformasie neem die heersende patroon van die parogie-sisteem oor, met die parogiedwang saam daarmee. Hulle reël dat die kerk self die grense bepaal en die grense val nie noodwendig saam met die van die staat nie.

**2 Die voordele van die parogie-stelsel**

* Alle lidmate word iewers in 'n parogie ingedeel en elkeen kom in aanmerking vir herderlike sorg, maar kan ook betrek word by die gemeente se erediens, werk, getuienis en offervaardigheid.

* Vir elke parogie is daar 'n predikant wat die geestelike sorg kan behartig, wat almal kan organiseer, lei en toesig oor hulle hou saam met die ander ampte.

* Die kerkraad word verkies uit die gemeente, is teenoor die gemeente verantwoordelik en kan die hele gemeentebediening, die gemeentesorg en die gemeente-opsig hanteer. Daar is die geleentheid om behoorlik aandag te gee aan die belange van die lidmate van 'n parogie.

* Wanneer die aantal lidmate per parogie en dus per predikant te groot word, kan 'n ander parogie afgestig word of die bediening kan vermeerder word deur meerdere predikante. Dit weer kan die geleentheid bied vir groter spesialisasie.

* Die bediening van die parogiale gemeente maak dit moontlik om vervreemding en ook afdwaling makliker te onderken en te bestry. Dit verhinder ook praktyke waar mense tug ontwyk deur net by 'n ander parogie in te skakel; of waar lidmate afgerokkel word om verskeie redes.

* Die parogie bied die geleentheid vir 'n hegte verhouding tussen die predikant en die ander ampte aan die een kant, en die lidmate aan die ander kant. Ook bied dit die geleentheid vir die vorming van 'n hegte onderlinge verband tussen die lidmate.

* Die parogie bevorder die gevoel van te behoort aan, om betrokke te wees by, om persoonlik verantwoordelikheid te neem, om 'n lojaliteit te kweek vir die eie gemeente en vir alles wat hier gedoen word en tot stand gebring word.

**3 Die nadele van die parogie-stelsel**

* Mense word soms in 'n gemeente saamgegroepeer wat nie 'n werklike eenheid vorm nie. Daar word gepraat van verskillende "koppe" of verskillende groepe.

* By die parogie staan die persoon en werk van die predikant sentraal. Met hom staan of val die gemeente dikwels. As kundige kan hy veel doen om die gemeente te lei en te stuur, maar hy kan ook baie dinge belemmer.

* Omdat hy vir soveel dinge verantwoordelik is en dit gewoonlik ook goed kan doen, word die gawes en talente dikwels nie benut nie en dit werk passiwiteit in die hand.

* Die werk van 'n parogie kan so sterk draai om die eie bestaan, die instandhouding van die gemeente, dat dit 'n versorgingseenheid word, waar die taak en roeping na buite verwaarloos word.

* Elke leraar het sekere gawes en kan sekere mense beter bereik as andere. Dus sal hy 'n groot deel van die lidmate bereik, maar nie almal nie. In 'n ander parogie is daar weer iemand wat die behoeftes aanspreek van dié wat die eerste een nie bereik het nie.

* Sekere gemeentes se bedieningspatrone is sodanig dat dit mense aantrek en bevredig, terwyl hulle in hulle eie gemeente koud gelaat word. Waar parogiedwang bestaan en hulle nie aan die werksaamheid van die ander gemeente mag deelneem nie, bly hulle net weg uit die eredienste en word passief of loop weg na ander gemeentes.

* Lidmate bly en werk vir jare in 'n gemeente, word deel daarvan, ken die mense en voel hier geestelik tuis. Dan verhuis hulle na 'n ander gemeente waar hulle om verskeie redes nie inpas nie, en dit terwyl hulle bruikbaar vir die eerste gemeente en graag daar wil bly.

**4 Lidmate buite die grense van 'n gemeente**

* Die territoriaal begrensde gemeente of parogie is nie die enigste gemeentestruktuur nie, maar dit kan verantwoord word en bied talle voordele.

* Wat 'n gemeente bepaal is egter nie in die eerste plek geografiese grenslyne nie, maar sterk Bybels-teologiese beginsels:

- Mense wat op 'n bepaalde plek saam woon, saam lewe en saam Christus as die Here volg.

- Die primêre vereiste is die binding aan Christus en dit moet die hele lewe omvat.

- Ten nouste met bogenoemde verbonde is die onderlinge verbondenheid, die geestelike eenheid, wat ook op baie maniere in die praktyk aan die lig moet tree.

- Die omvattende bediening wat beantwoord aan die geestelike en ook tydelike behoeftes.

- 'n Volk wat in die besonder geroep is om God te ken, te dien, sy Naam te bely voor die mense en wat hom in sy hele lewe laat bepaal deur die Woord en Gees van God.

* Duidelike grense verseker dat elke persoon opgespoor, bearbei, versorg, gelei en bewaar kan word.

* Duidelike grense bring die eenheid, die samehorigheid en die verantwoordelikheid vir 'n gemeente mee.

* Daar behoort 'n groter soepelheid te wees om in bona fide gevalle die ruimte te laat om die kerklike regte en voorregte in 'n ander gemeente te kan uitoefen.

* Parogiedwang moet gepaard gaan met die liefde en die visie van die taak en roeping van die kerk in die wêreld.

* Bepalend is die motiewe waarom lidmaatsregte en -voorregte in 'n ander gemeente begeer word. Teenoor suiwer Bybelse motiewe behoort die kerk baie meer tegemoetkomend te wees. By onegte motiewe moet die kerk afwysend staan.

**9.4.2 AANBEVELINGS**

**9.4.2.1 Die sinode besluit:**

**9.4.2.1.1 om die territoriaal begrensde gemeente of parogie as 'n legitieme en verantwoorde wyse van strukturering te herbevestig,**

9.4.2.1.2 handhawing van gemeentegrense moet gepaard gaan met liefde en verdraagsaamheid,

9.4.2.1.3 om groter soepelheid toe te laat sodat volle lidmaatskap in 'n ander gemeente verkry kan word.

9.4.2.1.4 om die volgende prosedure goed te keur:

*1 die lidmaat wat sy volle lidmaatskap in 'n ander gemeente wil uitoefen doen skriftelik by sy kerkraad aansoek met motivering van die redes vir sy aansoek;

*2 indien die kerkraad dit goedkeur, versoek die kerkraad die ander kerkraad d.m.v. 'n skrywe en insluiting van 'n afskrif van die lidmaat se brief, om die lidmaat onder sy sorg te neem;

*3 indien die ander kerkraad dit ook goedkeur, word die lidmaat se bewys van lidmaatskap oorgeplaas en word die lidmaat per brief daarvan in kennis gestel;

*4 daarna berus die verantwoordelikheid by die lidmaat om hom by die gemeente in wie se sorg hy geplaas is, aan te meld;

*5 van al sodanige gevalle word skriftelik aan die ring/ringe waarin beide kerkrade val kennis gegee;

*6 hierdie is nie grenswysiging nie, maar ordelike vergunning aan bepaalde lidmate.

9.4.2.2 Wysiging van Bepalings

9.4.2.2.1 Bep. 26.8.3 verval en word vervang deur: "lidmate aan wie kragtens Bep. 26.13 lidmaatskap verleen is."

9.4.2.2.2 Voeg in na Bep. 26.12 'n nuwe 26.13 (huidige 26.13 word dan 26.14).

26.13 Lidmate wat buite gemeentegrense woon.

Lidmate wat hulle volle lidmaatskap in 'n ander gemeente van die Ned. Geref. Kerk wil uitoefen volg die volgende prosedure:

26.13.1 die lidmaat wat sy volle lidmaatskap in 'n ander gemeente wil uitoefen doen skriftelik by sy kerkraad aansoek met motivering van die redes vir sy aansoek;

26.13.2 indien die kerkraad dit goedkeur, versoek die kerkraad die ander kerkraad d.m.v. 'n skrywe en insluiting van 'n afskrif van die lidmaat se brief, om die lidmaat onder sy sorg te neem;

26.13.3 indien die ander kerkraad dit ook goedkeur, word die lidmaat se bewys van lidmaatskap oorgeplaas en word die lidmaat per brief daarvan in kennis gestel;

26.13.4 daarna berus die verantwoordelikheid by die lidmaat om hom by die gemeente in wie se sorg hy geplaas is, aan te meld;

26.13.5 van al sodanige gevalle word skriftelik aan die ring/ringe waarin beide kerkrade val kennis gegee;

26.13.6 hierdie is nie grenswysiging nie, maar ordelike vergunning aan bepaalde lidmate.

9.5 REGLEMENT VIR DIE REëLING VAN DIE STATUS VAN PREDIKANTE EN PROPONENTE

9.5.1 Die SRK het in die verlede baie probleme ervaar t.o.v. hierdie reglement en stel gevolglik 'n hele reeks wysigings voor:

9.5.2 AANBEVELINGS TOV WYSIGING VAN DIE REGLEMENT VIR DIE REELING VAN DIE STATUS VAN PREDIKANTE EN PROPONENTE

9.5.2.1 Verander by 1.2 die woord ordonnansie met ordening.

9.5.2.2 Voeg die volgende by as 'n nuwe 1.3 en verander die nommer volgorde verder:

Predikantstatus kan alleen verkry en behou word waar iemand deur 'n gemeente beroep en in die amp bevestig is.

9.5.2.3 Die huidige 1.4 bly 1.4 maar die aanvang lees soos volg:

Ten opsigte van die status van bedienaars van die Woord ...

9.5.2.4 Die huidige 1.3 word 1.5, maar lees soos volg:
Kerkorde Art 9 beskryf die taak van bedienaar van die Woord. In die lig hiervan word die status (ampsbevoegdheid) van predikante en proponente onderskei.

9.5.2.5 By 2 word 'n nuwe subopskrif gevoeg:
Verkryging van status

9.5.2.6 2.2 word 2.1 en 2.1 word 2.2

9.5.2.7 Wysig die "nuwe" 2.2 om soos volg te lees:

Elke predikant wat in 'n gemeente bevestig is, hetsy voltyds of as tentmaker, het die bevoegdheid om ... (res onveranderd)

9.5.2.8 Begin 2.3 met: Aan sommige persone... en vervang "het die volle status van predikant" met: word die status van predikant verleen.

9.5.2.9 Vervang "persone" aan die begin van 2.3.1 met Predikante. Verander die laaste gedeelte van die sin wat met "verkry" begin om soos volg te lees: behou slegs proponentstatus.

9.5.2.10 Wysig 2.3.2 om te lees: Predikante in diens van die kerkverband en predikante wat in die samelewing ten dienste van die kerk en koninkryk werk. Hulle kan in diens wees van: ... en dan word al die terreine genoem met wysiging van 2.3.2.5 na Radiokansel. Aan die einde van die lys word bygevoeg:
Indien 'n proponent vir enige van bogenoemde poste benoem word, word slegs die status van proponent behou.

9.5.2.11 Voeg die volgende subopskrif bokant 2.3.4
Behoud van status

9.5.2.12 Skrap by 2.3.4 die woord "hul" voor status.

9.5.2.13 Voeg by 2.3.5 na "kategorie 2.3 genoem" by: - met uitsondering van 'n proponent in kategorie 2.3.1 en 2.3.2 - en verander die daaropvolgende woorde om te lees: behou die status van predikant en mag ... (onveranderd tot die einde)

9.5.2.14 Voeg by 'n nuwe 2.3.6 'n Predikant wat met behoud van status uit die amptelike bediening getree het, bly beroepbaar.

9.5.2.15 Verander die opskrif om te lees:
DIE TAAK EN STATUS VAN PROPONENTE en voeg as subopskrif by:

Verkryging van status

9.5.2.16 Voeg by aan die einde van 3.1 Daarom moet alle persone aan wie die status van proponent verleen is tweejaarliks aan die Algemene Regskommissie 'n verklaring gee dat hulle steeds beskikbaar is vir die bediening, waarna hulle opnuut in Die Kerkbode bekendgestel sal word. Indien hulle in gebreke bly kan hulle status vervalle verklaar word.

9.5.2.17 Voeg by 'n nuwe 3.2 en pas nommers verder aan

Elke proponent moet sorg dat sy naam, adres en werkkring steeds bekend bly by die aktuarius van die Algemene Sinode.

9.5.2.18 Wysig 3.3 vanaf "studie" om te lees moet dit aan die Algemene Regskommissie bekendmaak en hierdie feit moet by die publikasie van hulle name na legitimasie vermeld word.

9.5.2.19 Skrap die huidige 3.4 tot 3.6

9.5.2.20 Voeg 'n nuwe opskrif Behoud van status by bokant die huidige 3.7 (wat nou 3.5 sal wees)

9.5.2.21 Voeg by 3.7 net voor "by die Algemene Sinode" in: tweejaarliks (vgl 3.1) en skrap die paragraaf na die sterretjie (*)

9.5.2.22 3.8 word 3.6

9.5.2.23 Skrap die tweede paragraaf van die huidige 3.8

9.5.2.24 Voeg 'n nuwe 3.7 in wat lees:

'n Persoon wat behoud van proponentstatus het, bly beroepbaar.

9.5.2.25 Skrap paragraaf 4: BEHOUD VAN STATUS

9.5.2.26 Skrap paragraaf 5: DIE TAAK EN BEVOEGDHEID VAN DIE GELOWIGE en pas al die nommers verder dienooreenkomstig aan. (5.3 onder hierdie opskrif word in gewysigde vorm as 8.1 behou)

9.5.2.27 Wysig die eerste deel van 6.1 om te lees: Enige persoon wat ten opsigte van die reëling van sy status as predikant of as proponent ongelukkig voel oor 'n beslissing ...

9.5.2.28 Verander "verontreg" in 6.2 na ongelukkig.

9.5.2.29 Verander "BEDIENAAR VAN DIE WOORD" met "PREDIKANT" in die opskryf by punt 7

9.5.2.30 As eerste punt onder die paragraaf VERLIES VAN STATUS, word die huidige 5.3 as 8.1 (met aanpassing van verdere nommers) in gewysigde vorm geplaas nl.

Persone wat 'n teologiese opleiding het of wat toegelaat is tot die bediening of wat selfs as bedienaar van die Woord in 'n gemeente gedien het, maar wat die status van predikant of proponent verloor het, het die posisie en taak van elke ander gelowige in die kerk.

9.5.2.31 Verander opskrif by 8.1 na Verlies van predikantstatus en skrap telkens die "of proponent" in inleidende sin.

9.5.2.32 Verander by 8.1.5 "bedienaar van die Woord" na predikant en skrap "of van proponent"

9.5.2.33 Vervang 8.1.7 met dit deur tughandeling verloor.

9.5.2.34 Voeg na die huidige 8.1.7 'n nuwe opskrif in:
Verlies van proponent status met as inleidende sin:

6.3 'n Proponent verloor sy status as proponent indien hy

9.5.2.35 Herhaal die volgende toepaslike punte:

8.1.2 word net so herhaal as 6.3.1

8.1.3 word net so herhaal as 6.3.2

8.1.5 word gewysig herhaal as 6.3.3 en lees soos volg: skriftelik aan die skriba van die Algemene Regskommissie kennis gee dat hy afstand doen van sy status as proponent.

8.1.7 soos hierbo gewysig word 6.3.4

9.5.2.36 Die huidige 8.1.8 word die eerste punt na die opskrif 6.4 Optrede by verlies van status en die nommer word 6.4.1 terwyl alle volgende nommers aanskuif.

9.5.2.37 By die huidige 8.2.1 word "bedienaar van die Woord" vervang met predikant.

9.5.2.38 'n Nuwe 6.4.5 word bygevoeg wat soos volg lui:
Die skriba van die Algemene Regskommissie gee in Die Kerkbode kennis van elke geval van verlies van status.

9.5.2.39 Vervang die opskrif 9 HERSTEL VAN DIE STATUS ... met 7 HERTOELATING TOT DIE BEDIENING en ook die spesifieke bewoording by by 9.2.

9.5.2.40 Wysig 9.2.1 om te lees: Hy moet skriftelik aansoek doen by die ring binne wie se grense hy tans woon.

9.5.2.41 Voeg by 9.2.4-6 telkens moderamen as keuse by.

9.5.2.42 Ruil die volgorde van 9.2.5 en 9.2.6 om.

9.5.2.43 Verander by 9.2.6 in die eerste reël "goedkeur" na "hanteer" en skrap die woorde "ter vergadering". Voeg die volgende by na "Kerkorde" : Hierdie ondersoek mag by die sinode deur 'n kommissie gedoen word, wat die sinode dan met 'n aanbeveling dien. In die geval van 'n negatiewe aanbeveling deur die kommissie, kan die betrokkene sy/haar aansoek voor die volle vergadering verdedig. Indien die aanbeveling positief is en ook besluit van die vergadering word, word die applikant na 'n eksamenkommissie verwys ... res onveranderd

9.5.2.44 Wysig 9.2.8 om soos volg te lees:
Aan 'n eertydse predikant, wat weer gelegitimeer word, word die status van proponent verleen. Bevestiging in die leraarsamp in 'n gemeente geskied weer met oplegging van hande.

9.5.2.45 Voeg by 10 se inleidende paragraaf na "predikant" by: of proponent.

9.5.3 Met bywerking van bogenoemde aanbevelings sal die Status-Reglement soos volg daar uitsien:

6. REGLEMENT VIR DIE REëLING VAN DIE STATUS VAN PREDIKANTE EN PROPONENTE

1. ALGEMENE UITGANGSPUNTE

1.1 By elke aspek van die reëling van die status (ampsbevoegdheid, ampsverpligtinge en ampsregte) van die predikante en proponente moet daarvan uitgegaan word dat dit Christus is wat sy kerk regeer deur die Heilige Gees en deur sy Woord, en dat Hy dit doen deur persone wat Hy daartoe roep, in sy diens stel en toerus.

1.2 Die status of volmag vir die uitvoering van die werk van bedienaar van die Woord is nie geleë in:

- bepaalde vermoëns of besondere kwaliteite, of

- 'n aparte geestelike stand wat beklee is met 'n blywende eer of mag en wat verkry word deur 'n ordening nie.

Die status is geleë in die gehoorsaamheid in die uitvoering van die opdrag wat in en met die amp gegee is, en in gebondenheid aan die Woord van God.

1.3 Predikantstatus kan alleen verkry en behou word waar iemand deur 'n gemeente beroep en in die amp bevestig is.

1.4 Ten opsigte van die status van bedienaars van die Woord word onderskei tussen:
Die status van predikante
Die status van proponente

1.5 Kerkorde Art 9 beskryf die taak van bedienaar van die Woord. In die lig hiervan word die status (ampsbevoegdheid) van predikante en proponente onderskei.

2. DIE TAAK EN STATUS VAN PREDIKANTE

Verkryging van status

2.1 Vir die verkryging van die status van predikant geld die volgende: Hy is iemand wat

2.1.1 - die roeping van Christus ontvang het,

2.1.2 - die teologiese opleiding volgens die voorskrifte van die kerk deurloop het en die vereiste eksamen met goeie gevolg afgelê het,

2.1.3 - deur die kerk ondersoek is na leer en lewe en na geskiktheid vir die amp van bedienaar van die Woord,

2.1.4 - deur die kerk gelegitimeer en beroepbaar gestel is,

2.1.5 - deur 'n gemeente beroep is,

2.1.6 - in die gemeente in sy amp bevestig is.

2.2 Elke predikant wat in 'n gemeente bevestig is, hetsy voltyds of as tentmaker, het die bevoegdheid om al tien aspekte van die ampswerk in Art 9 beskryf, te verrig.

2.3 Aan sommige persone wat wel beantwoord aan al die vereistes vir die amp van bedienaar van die Woord, maar wat nie in die amp staan nie, omdat hulle nie in 'n gemeente beroep en bevestig is nie, word die status van predikant verleen, maar met beperkte ampswerk. Hulle is die volgende:

2.3.1 Predikante wat deur die kerk geroep is om as professore en dosente teologiese studente op te lei aan die drie teologiese opleidingsentra van die kerk. Proponente wat as dosente/professore na die drie teologiese fakulteite van die Kerk beroep word, behou slegs proponentstatus.

2.3.2 Predikante in diens van die kerkverband en predikante wat in die samelewing ten dienste van die kerk en koninkryk werk. Hulle kan in diens wees van:

2.3.2.1 sinodes of van die Algemene Sinode

2.3.2.2 'n ring of van ringe vir 'n gemeenskaplike taak binne die ringsgebied(e)

2.3.2.3 Die Bybelgenootskap

2.3.2.4 Die SAUK se godsdiensdepartement

2.3.2.5 Radiokansel

2.3.2.6 Die ACSV

2.3.2.7 Teologiese opleidingsentra van die Familie van Ned Geref Kerke.

Indien 'n proponent vir enige van bogenoemde poste benoem word, word slegs die status van proponent behou.

2.3.3 Emeriti, dit is predikante wat met volle eer weens die bereiking van aftree-ouderdom, weens verswakte gesondheid of andersins uit die diens van die kerk getree het (Artikel 14).

Behoud van status

2.3.4 Predikante wat met die oog op voltydse studie verlof tot behoud van status deur die Algemene Regskommissie op aanbeveling van die betrokke kerkraad en ring/ringskommissie verkry het by hulle demissie uit die gemeente. Ringskommissies moet hulle vergewis van die bona fide van die aansoeker.

2.3.4.1 Sodanige persone moet binne ses maande na die verlening van behoud van status as bedienaar van die Woord aan die Algemene Regskommissie bewys lewer dat hulle inderdaad besig is met studie.

2.3.4.2 Verder moet hulle jaarliks voor 31 Oktober 'n vorderingsverslag, gesertifiseer deur die studieleier, by die Algemene Regskommissie indien.

2.3.4.3 Die tydperk van verlof tot studie kan hoogstens tot vier jaar verleng word.

2.3.5 Al die persone hierbo in kategorie 2.3 genoem - met uitsondering van 'n proponent in kategorie 2.3.1 en 2.3.2 - behou die status van predikant en mag al die ampswerk genoem in Art 9.1 tot 9.7 verrig, maar hulle mag nie die bestuurs- en regeerfunksies in die gemeente, genoem in Art 9.8 tot 9.10 verrig nie.

2.3.6 'n Predikant wat met behoud van status uit die amptelike bediening getree het, bly beroepbaar.

3. DIE TAAK EN STATUS VAN PROPONENTE

Verkryging van status

3.1 Persone wat voldoen aan al die vereistes vir die amp van bedienaar van die Woord, maar nie beroep en bevestig is in 'n gemeente nie, beklee die posisie/status van proponent. So iemand is gereed om in die amp van bedienaar van die Woord gestel te word, maar wag net vir 'n beroep. Dit is 'n tydelike- en oorgangsposisie en wat nie onbepaald kan voortduur nie. Daarom moet alle persone aan wie die status van proponent verleen is tweejaarliks aan die skriba van die Algemene Regskommissie 'n verklaring gee dat hulle steeds beskikbaar is vir die bediening, waarna hulle opnuut in Die Kerkbode bekendgestel sal word. Indien hulle in gebreke bly, kan hulle status vervalle verklaar word.

3.2 Elke proponent moet sorg dat sy naam, adres en werkkring steeds bekend bly by die aktuarius van die Algemene Sinode.

3.3 Proponente mag 'n gedeelte van die ampswerk van bedienaar van die Woord verrig en wel soos omskryf in Art 9.1, 9.3 tot 9.7. Hulle mag nie die sakramente bedien nie (Art 9.2) en hulle mag nie die bestuurs- en regeerfunksies in die gemeente verrig nie (Art 9.8 tot 9.10)

3.4 Proponente wat besig is met verdere studie moet dit aan die Algemene Regskommissie bekendmaak en hierdie feit moet by die publikasie van hulle name na legitimasie vermeld word.

Behoud van status

3.5 Proponente wat in 'n teologiese vak, Bybelkunde, Hebreeus en Grieks ingesluit, aan 'n inrigting vir tersiêre onderwys doseer, moet tweejaarliks (vgl 3.1) by die Algemene Regskommissie aansoek doen om verlof tot die behoud van die status van proponent.

3.6 Proponente kan ook by die Algemene Regskommissie aansoek doen om behoud van die status van proponent indien hulle ander geestelike werk in terme van Art 11.2 wil doen.

3.7 'n Persoon wat behoud van proponentstatus het, bly beroepbaar.

4. VERTOë IN VERBAND MET STATUS

4.1 Enige persoon wat ten opsigte van die reëling van sy status as predikant of as proponent ongelukkig voel, deur 'n beslissing van die Algemene Regskommissie, kan hom, met voorlegging van nuwe gegewens, beroep op 'n volgende vergadering van die Algemene Regskommissie.

4.2 Iemand wat hom nog steeds ongelukkig voel na sy saak ten opsigte van status deur die Algemene Regskommissie/Dagbestuur heroorweeg is, mag hom na die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Kommissie wend.

5. DIE VERANDERING VAN TOEGESTANE STATUS VAN PREDIKANT OF PROPONENT

Persone aan wie die Algemene Regskommissie 'n sekere status as predikant of proponent toegeken het, behou hierdie posisie, ook al sou die Algemene Sinode later besluit om wysigings aan te bring ten opsigte van die status, mits:

* hulle in leer en lewe getrou bly aan die Bybelse norme soos in die kerk geld

* die besondere voorwaardes wat oorspronklik in hulle geval gegeld het, dieselfde bly.

6. VERLIES VAN DIE STATUS VAN 'N PREDIKANT EN VAN 'N PROPONENT

6.1 Persone wat 'n teologiese opleiding het of wat toegelaat is tot die bediening of wat selfs as bedienaar van die Woord in 'n gemeente gedien het, maar wat die status van predikant of proponent verloor het, het die posisie en taak van elke gelowige in die kerk.

Verlies van predikantstatus

6.2 'n Predikant verbeur sy status indien hy

6.2.1 'n werk aanvaar waarvoor hy nie in terme van Art 11.2 verlof tot behoud van status kan kry nie. (Dit geld nie vir 'n emeritus wat in terme van Art 14 van die Kerkorde uit die diens getree het nie), of

6.2.2 in 'n politieke bestuursliggaam dien of hom as kandidaat in 'n nominasie- of verkiesingstryd op enige vlak van regering beskikbaar stel of

6.2.3 hom deur woord en daad van die Ned Geref Kerk afskei, of

6.2.4 wanneer hy sy bedanking om ander redes as emeritaat in terme van Art 14 van die Kerkorde by die plaaslike kerkraad indien en dit deur die kerkraad met kennisgewing aan die ring of ringskommissie aanvaar word, sonder dat of voordat hy van die Algemene Regskommissie verlof tot behoud van die status ontvang het, of

6.2.5 skriftelik aan die skriba van die Algemene Regskommissie kennis gee dat hy die amp van predikant neerlê, met kennisgewing aan die ring onder wie se opsig hy val, of

6.2.6 geestelike dienswerk verrig waartoe hy van die kerk en roeping of sending ontvang het nie en waarvoor hy geen verlof tot behoud van status van die Algemene Regskommissie ontvang het nie, of

6.2.7 dit deur tughandeling verloor

Verlies van proponent status

6.3 'n Proponent verbeur status indien hy

6.3.1 in 'n politieke bestuursliggaam dien of hom as kandidaat in 'n nominasie- of verkiesingstryd op enige vlak van regering beskikbaar stel of

6.3.2 hom deur woord en daad van die Ned Geref Kerk afskei, of

6.3.3 skriftelik aan die skriba van die Algemene Regskommissie kennis gee dat afstand doen van sy status as proponent.

6.3.4 dit deur tughandeling verloor

6.4 Optrede by verlies van status

6.4.1 Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke kerkvergadering om die verlies van status van persone onder hulle opsig skriftelik aan die skriba van die Algemene Regskommissie vir publikasie deur te stuur.

6.4.2 In elke geval van verlies van die status van predikant en van proponent, moet die betrokke persoon sy akte van legitimasie indien by die Aktuarius van die betrokke sinode.

6.4.3 Die betrokke kerklike instansie wat die saak van die verlies van status hanteer moet die genoemde stuk(ke) opvra waar die persoon versuim om dit in te dien.

6.4.4 Die aktuarius van die betrokke sinode stuur die stuk(ke) aan die skriba van die Algemene Regskommissie.

6.4.5 Die skriba van die Algemene Regskommissie gee in Die Kerkbode kennis van elke geval van statusverlies.

7. HERTOELATING TOT DIE BEDIENING

7.1 'n Persoon wat sy status as bedienaar van die Woord verloor het, mag slegs gelegitimeer word
7.1.1 nadat die vereiste in Art 66.3 van die Kerkorde nagekom is
7.1.2 na die aflegging van Colloquium Doctum.

7.2 'n Predikant/proponent wat sy status verloor het deur afsetting of bedanking en wat vir hertoelating tot die bediening aansoek wil doen, moet die volgende prosedure volg:

7.2.1 Hy moet skriftelik aansoek doen by die ring binne wie se grense hy tans woon.

7.2.2 Hierdie ring ondersoek die hele aangeleentheid grondig met inagneming van artikel 66.3 van die Kerkorde en win ook getuienis in van al die kerkrade en ringe binne wie se gebied die betrokke persoon woonagtig was sedert hy uit die bediening getree het. Getuienis kan ook van kerkrade en ringe ingewin

word waar die persoon woonagtig was voor hy uit die bediening getree het.

7.2.3 Die ring voorsien 'n gemotiveerde verslag met sy aanbevelings direk aan die sinode of sinodale kommissie binne wie se gebied die ring val en lê alle ter saaklike stukke voor.

7.2.4 Die skriba van die sinode/sinodale kommissie/moderamen stuur na die ontvangs daarvan die stukke na die aktuarius van die Algemene Sinode met die oog op sy advies aan die sinode of sinodale kommissie.

7.2.5 Indien die sinode/sinodale kommissie/moderamen die aansoek hanteer, word die applikant ingevolge Bep 5.2.1.4 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars ondersoek met inagneming van Art 66.3.2 tot 66.3.4 van die Kerkorde. Hierdie ondersoek mag by die sinode deur 'n kommissie gedoen word, wat die sinode dan met 'n aanbeveling dien. In die geval van 'n negatiewe aanbeveling deur die kommissie, kan die betrokkene sy/haar aansoek voor die volle vergadering verdedig. Indien die aanbeveling positief is en ook besluit van die vergadering word, word die applikant na 'n eksamenkommissie vir Colloquium Doctum verwys of in die geval van Bep 10 van die Reglement vir die status van predikante en proponente by die Algemene Sinode vir herstel van status aanbeveel.

7.2.6 Indien die sinode/sinodale kommissie/moderamen die aansoek weier, word dit met opgawe van redes aan die applikant skriftelik berig. Teen die beslissing van die sinodale kommissie mag die applikant appèl aanteken by die volgende gewone sitting van die sinode of by 'n later geleentheid 'n nuwe aansoek indien.

7.2.7 Na bevredigende aflegging van Colloquium Doctum word hy vir legitimasie by die Algemene Regskommissie aanbeveel.

7.2.8 Aan 'n eertydse predikant, wat weer gelegitimeer word, word die status van proponent verleen. Bevestiging in die leraarsamp in 'n gemeente geskied weer met oplegging van hande.

7.3 Indien die aansoeker na 'n ander kerk of godsdienstige groep oorgegaan het, moet die volgende verdere prosedure gevolg word:

7.3.1 Die ring en sinode/Sinodale Kommissie/moderamen moet besondere aandag gee aan die omstandighede waaronder en die redes waarom hy die ander kerk of groep verlaat het.

7.3.2 Indien die Sinode/Sinodale Kommissie/ moderamen die aansoek goedkeur, word hy na 'n kuratorium verwys wat beslis of aanvullende opleiding vereis word en indien wel, wat die aard van die aanvullende opleiding moet wees.

7.3.3 Daarna ondersoek die eksamenkommissie hom met die oog op aan beveling by die kuratorium vir legitimasie deur die Algemene Regskommissie.

8. HERTOELATING VAN GESKEIDES TOT DIE BEDIENING

Waar 'n persoon wat 'n predikant of proponent was en geskei is aansoek om hertoelating tot die bediening doen, word die volgende riglyne deur die betrokke instansies in ag geneem:

8.1 In elke geval moet met die grootste omsigtigheid te werk gegaan word en toegesien word dat die besluite van kerkvergaderinge met betrekking tot egskeiding en hertrou behoorlik nagekom is.

8.2 Hierna kan hertoelating oorweeg word indien die betrokke persoon geskei is omdat sy vorige vrou owerspel gepleeg het en dit bo redelike twyfel bewys is dat hy die onskuldige party is.

8.3 Ander gevalle kan alleen oorweeg word waar geen huweliksontrou by die man was of waar daar geen ergerlike omstandighede was nie.

8.4 Waar dit van toepassing is, geld die vereiste dat daar duidelik getuienis van hartgrondige berou en bekering is, dat die kerklike tug tot sy reg gekom het en dat die ampsherstel van die geskeide sonder skade vir die Kerk gedoen kan word. In hierdie opsig word veral oorweginge soos tydsverloop, rugbaarheid, algemene ontevredenheid en die getuienis van die Kerk in 'n tyd van toenemende egskeidings in aanmerking geneem.

8.5 Ander gevalle van herstel na afsetting op grond van ergerlike sondes word gedek deur artikel 66.3.4 van die Kerkorde.

9.6 COLLOQUIUM DOCTUM

AANBEVELING

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om die volgende reëling ten opsigte van colloquium doctum in Die Kerkorde op te neem:

Elke eksamenkommissie moet 'n voorgeskrewe bestek aan kandidate vir Colloquium Doctum voorsien, sodat die leergehegtheid en die kennisvaardigheid van die kandidate onder andere aan die hand daarvan getoets kan word.

9.7 VERDERE WYSIGINGE TOV ARTIKELS WAT VERBAND HOU MET DIE STATUSREGLEMENT

AANBEVELINGS

9.7.1 Wysig Art 66.3.2 om soos volg te lees:
Legitimasie na afsetting van 'n predikant of proponent vind plaas deur die Algemene Regskommissie na Colloquium Doctum op aanbeveling van die sinode/sinodale kommissie/moderamen binne wie se gebied hy woon, na oorweging van die getuienis van die ring wat die aansoek om hertoelating hanteer het, en wat getuienis van alle kerkrade en ringe ingewin het waar die persoon woonagtig was voor en nadat hy status deur tughandeling verloor het.

9.7.2 Skrap die huidige Art 66.3.3 in die geheel en werk die leertug by 66.3.4 in.

9.7.3 Die huidige Art 66.3.4 word Art 66.3.3 met die wysiging:
In die geval van afsetting deur tughandeling as gevolg van ergerlike sondes soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, growwe diefstal en wat verder deur die Algemene Sinode as sodanig beskou mag word, of na afsetting as gevolg van leerdwaling mag geen sinode verlof tot legitimasie verleen nie. Dergelike gevalle kan alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is, deur die Algemene Sinode in sitting oorweeg word.

9.7.4 Voeg by Artikel 5 'n nuwe Art 5.2 met onderafdelings soos hieronder vermeld en pas nommers verder aan. (Indien goedgekeur moet by aansoek om hertoelating tot die bediening nie net na 66.3 nie maar ook na 5.2 verwys word.)

5.2 Vir hertoelating tot die bediening van die Woord waar 'n applikant status weens bedanking verloor het, word vereis:

5.2.1 bevestiging van 'n geskiktheid vir die amp, deur die getuienis van die ring.

5.2.2 'n deeglike ondersoek deur die ring na die leer en lewe van die applikant. In hierdie ondersoek moet veral ook aandag gegee word aan die vraag of bedanking nie plaasgevind het om moontlike tughandeling te ontduik nie. In elk geval moet daar getuienis ingewin word by alle kerkrade en ringe waar die persoon woonagtig was na bedanking en die ring moet in die lig van hierdie getuienis oordeel of die applikant skuldig was aan ergerlike sondes soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, growwe diefstal, openlike leerdwaling en wat verder deur die Algemene Sinode as sodanig beskou mag word. Indien wel - al was daar nie tughandeling nie - kan daar alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is, deur die Algemene Sinode in sitting verlof tot Colloquium Doctum verleen word.

5.2.3 opnuut die ondertekening van die Formuliere van Eenheid.

9.8 VIERING VAN NAGMAAL TYDENS SINODE (bep 35.6.3)

9.8.1 AANBEVELING

Verander Bep. 35.6.3 om te lui: 'n Broederlike onderhoud oor 'n onderwerp deur die Moderamen bepaal, kan gehou word.

9.8.2 Motivering

Die sitting van die sinode het sodanig verkort dat dit nie meer 'n Sondag insluit nie. Enige viering van die nagmaal saam met 'n gemeente gedurende die week, vind dus op kunsmatige manier plaas.

9.9 TUGREGLEMENT (PREDIKANTE)

9.9.1 Daar bestaan behoefte aan 'n aparte tugreglement vir predikante (losstaande van die bestaande tugreglement). Saam hiermee moet ook aandag gegee word aan die diensbeëindiging van leraars. Alvorens alle aspekte rondom hierdie saak nie eers deeglik bespreek is nie, kan geen definitiewe aanbevelings gemaak word nie.

9.9.2 AANBEVELING

Die sinode dra dit aan die SRK op om aan 'n aparte Tugreglement vir Predikante asook riglyne rondom die diensbeëndiging van leraars te werk. Die nodige voorstelle in hierdie verband moet, indien nodig, via die Moderamen aan die Algemene Sinode voorgelê word.

9.10 BEPALING 7.10.6

9.10.1 Bepaling 7.10.3 en 7.10.6 se bewoording is presies dieselfde.

9.10.2 AANBEVELING

Die sinode keur goed dat Bepaling 7.10.6 verval.

9.11 BEPALING 35.1.1.5

9.11.1 Die aanduiding van bepaalde verantwoordelikhede wat aan die Skriba van die Sinode opgedra word, is t.o.v. een verwysing verkeerd.

9.11.2 AANBEVELING

Vervang die laaste verwysing in Bep. 35.1.1.5 (d.w.s. 35.4) met 35.5.1.

9.12 WET OP ARBEIDSBERBOUDINGE, BASIESE DIENSVOORWAARDES ASOOK WERKLOOSHEIDVERSEKERING.

9.12.1 Dit het duidelik geword dat hierdie aangeleenthede bepaalde gevolge vir predikante, sowel as werknemers van gemeentes kan hê. Die SRK kon hom nog nie ingrawe hierin om sinvolle leiding te kan gee nie.

9.12.2 AANBEVELING

Die SRK word versoek om 'n studie te onderneem t.o.v. die nuutste wetgewing op arbeidsterrein en daarna bepaalde riglyne vir die sinode voor te lê.

## 10. DIVERSE SAKE

10.1 Kerkorde op rekenaardisket

Die Kerkorde is op rekenaarskywe beskikbaar gestel.

10.2 AANBEVELING

Die optrede van die SRK word goedgekeur.

GJ KOEN
VOORSITTER

PR DU TOIT
SKRIBA

# A.12.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE KERKKANTOORKOMMISSIE AAN DIE SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL (IN VERBAND MET SINODALE SENTRUM)

## 1. OPRIGTING VAN GEBOU

Die Sinodale Sentrum is ingewy op 16 September 1982 nadat die Sinode van 1979 besluit het om die gebou op te rig. Tydens dieselfde sinodesitting is besluit op verdeling en het die Sinodale Sentrum 'n gesamentlike projek van die Sinodes van Noord- en Oos-Transvaal geword.

## 2. FINANSIERING

Soos reeds by vorige sinodesittings gerapporteer, was die oprigting van die Sinodale Sentrum met meer as 100% uit eksterne lenings (vreemde kapitaal) gefinansier. Stelselmatig het die geweldige stygings in rentekoerse sy tol begin eis en het lopende tekorte ontstaan, afgesien van byna 100% verhuring van kantoorruimtes, hoë besetting van konferensiegeriewe en besnoeiing van bedryfsuitgawes. 'n Plan moes dus gemaak word.

## 3. LENINGS BY GEMEENTES

### 3.1 BY WYSE VAN VERPLIGTE LENINGS VAN GEMEENTES VIA DIE EWEREDIGE BYDRAES

Die Sinode van Noord-Transvaal moes as deeleienaar vinnig 'n plan beraam om bedryfstekorte die hoof te bied en is daar gevolglik besluit om by gemeentes te leen by wyse van die eweredige bydraestelsel. (Die uitgawe is dus by die begroting geplaas en 'n punte-aanslag daarop bereken wat betaal moes word met die verskil dat die sinode dit mettertyd sou terugbetaal.) Hierdie lenings se saldo het tydens die finalisering van dié verslag (Junie 1993) R14 312 449 beloop. Ooreenkomstig 'n besluit van die Moderamen word vanaf 1 April 1992 nie meer rente op hierdie lenings betaal nie. Dit is baie belangrik dat sinode-afgevaardigdes dit in gedagte moet hou dat hierdie skuld 'n saak tussen die sinode en gemeentes is en dus <u>nie deel uitmaak</u> van die Sentrum se boekhouding nie maar van die <u>Sinodale Fondse</u> se boekhouding. (Finansiële state is vir insae beskikbaar.)

### 3.2 VRYWILLIGE LENINGS VAN GEMEENTES

'n Beroep was op gemeentes gedoen om vrywillig geld aan die Sentrum te leen en hierdie lenings het soos "Vaste Deposito's" gewerk. Met die implementering van die Noodfinansieringsplan en deelhebberskema soos in punt 5 hieronder beskryf is hierdie lenings oorgeplaas na die Sinodale Kerkkantoor en gebruik die Sinodale Kerkkantoorkommissie die fondse om lenings aan gemeentes toe te ken.

## 4. VERDERE LENING VAN DIE SINODE BY DIE SINODALE KERKKANTOORKOMMISSIE

Ten einde sy eie belang van 16,389% in die Sentrum te kon koop, moes die sinode 'n lening van R6 148 052 by die Sinodale Kerkkantoorkommissie aangaan. (Vgl punt 5 ten opsigte van deelhebbersbelange). Uit rente betaalbaar op die lening en inkomste verdien uit die Sentrum teenoor mekaar verreken, betaal die sinode in effek ongeveer 5% rente op die lening. Die sinodale bydraes kon derhalwe verminder word. Gemelde skuld kan binne 5 tot 7 jaar op hierdie wyse gedelg word. Die skuld wat dan sal oorbly is die lenings verskuldig aan die gemeentes. (Vgl punt 3.1). Hierdie lenings sal dan uit die opbrengs van die sinode se deelhebbersbelang in die Sentrum gedelg kan word.

## 5. BESONDERHEDE VAN ALTERNATIEWE FINANSIERING WAT OORWEEG WAS EN DIE OPLOSSING WAT GEVIND IS

### 5.1 AGTERGROND

Tydens die 1991 sinodesittings van Noord- en Oos-Transvaal was verskeie alternatiewe finansieringsmodelle wat ondersoek is voorgelê. Op daardie stadium was onderhandelinge met Sanlam aan die gang. Die sinodes het die volgende besluite geneem:

#### 5.1.1 Besluit: Sinode van Noord-Transvaal (1991)

"Die sinode het kennis geneem van en toon ook die nodige begrip vir die delikate posisie waarin die Sinodale Sentrum vanweë omstandighede buite sy beheer finansieel verkeer.

"Die sinode spreek sy opregte dank en waardering uit teenoor die Saakgelastigde, die Sinodale Kerkkantoorkommissie, personeel en amptenare vir die volgehoue en professionele aandag wat aan die saak gegee word.

"Ten einde 'n daadwerklike bydrae tot die oplossing van die probleem te lewer besluit die sinode om op koste soos hierna besluit vir 'n dagvergadering van die sinode byeen te kom op 'n datum wanneer die onderhandelinge met SANLAM sover gevoer is dat 'n sinvolle besluit van die sinode verlang word.

"In die tussentyd bid die sinode die betrokke instansies die duidelike leiding van die Gees van die Here toe.

"Voorstel insake koste:

"Die sinode besluit dat die koste van die moontlike dagvergadering op rekening van die sinode sal wees, vir diegene wat wel daarvan gebruik wil maak.

"Benoeming van kundiges:

"Die sinode verleen aan gemeentes die reg om kundiges te benoem wat as onafhanklike adviseurs die Sinodale Kerkkantoorkommissie kan bystaan in die soeke na 'n oplossing vir die probleem. Name moet voor 30 September 1991 aan die Saakgelastigde voorgelê word."

#### 5.1.2 Besluit: Sinode van Oos-Transvaal (1991) (Mede-eienaar)

"Die Sinode neem kennis van die finansiële situasie waarin die Sinodale Sentrum verkeer.

"Die Sinode betuig dank teenoor die Saakgelastigde, personeel en amptenare vir indringende aandag wat aan die saak gegee word.

"Die Sinode besluit om 'n afwagtende houding in te neem ten opsigte van die ondersoek met Sanlam.

"Die Sinode besluit om 'n buitengewone vergadering te hou indien onderhandelinge met Sanlam slaag."

#### 5.1.3 Onderhandelinge gevoer en skemas oorweeg sedert die Sinode van 1991

##### 5.1.3.1 Sanlam

Sanlam het op 3 September 1991 aanbeveel dat die Sentrum gefinansier moet word deur middel van 'n terugverhuringstransaksie.

Dit sou behels dat 'n finansiële instelling of eiendomsbeleggingsmaatskappy die Sentrum sou koop en dan vir 'n periode van nie minder nie as 20 jaar aan die sinodes van Noord- en Oos-Transvaal terugverhuur teen voorafbedingde terme wat beide rente en kapitaaldelging sou insluit. Die sinodes sou dus aan die einde van die huurperiode weer die eienaar van die eiendom word. Onderhandelinge is met Sanlam gevoer en op 18 September 1991 maak hulle die volgende aanbod: "Ten einde te voorkom dat die sinodes kontantbydraes moet maak om die huurgeld te subsidieer, kan die verkoopprys insluitende enige hereregte en oordragkoste nie meer as R25 miljoen bedra nie." Die aanvangshuurgeld sou 10% van die kapitaal wees en die huurgeld sou eskaleer met 11,5% per jaar. Hulle het voorgestel dat die sinodale bydraes aangewend moes word om die oorlaatskuld van ongeveer R9 miljoen plus oordragkoste te delg. Die transaksie sou egter onhanteerbare bedryfstekorte in die latere jare veroorsaak.

Na verdere onderhandelings het Sanlam op 12 November 1991 kennis gegee dat die aanbod van 18 September 1991 hulle finale aanbod was. Die Kommissie kon die aanbod nie oorweeg nie as gevolg van die feit dat dit nie bekostigbaar was nie. Groot bedryfstekorte sou ontstaan en daar sou steeds vir 20 jaar vir die oorlaatskuld van ongeveer R13,6 miljoen plus rente begroot moes word teen ongeveer R2,3 miljoen per jaar.

**5.1.3.2 Interne finansiering**

Hierna is ook na 'n aantal moontlikhede gekyk waarvolgens die Sentrum met behulp van interne lenings gefinansier sou word. Hiervolgens het dit al hoe duideliker geword dat daar wegbeweeg moet word van leningskapitaal aangesien die bedryf nie in staat is om die rentelas te dra nie. Lenings teen meer as 8% rente per jaar kon nie gediens word nie. Daar was ook op daardie stadium te min interne fondse beskikbaar wat sonder 'n goeie gereelde rente opbrengs sou kon voortgaan om te funksioneer. (Rentekoerse op verbandlenings was in die tyd wisselend tussen 18% tot 21,25% per jaar.)

**5.1.3.3 Moontlike verkoop van Fase 2**

Die moontlikheid is ook ondersoek om Fase 2 aan die Sinodale Pensioenfonds te verkoop. Aangesien die Sinodale Pensioenfonds te veel eiendomme in die omgewing van die Sinodale Sentrum het is daar ondersoek gedoen om moontlik eiendomme van die Sinodale Pensioenfonds te wete die Genl Piet Joubert- en Voortrekkergedenkgebou te verkoop om Fase 2 van die Sinodale Sentrum te koop. Statutêre voorskrifte maak dit egter onmoontlik vir die Sinodale Pensioenfonds om so 'n groot belegging (meer as 5% van totale bates) in een gebou te maak. Verder is die gemelde twee eiendomme ook vir Sanlam te koop aangebied maar hulle het nie belang gestel nie.

**5.1.3.4 Moontlike oordra van die totale skuld na die gemeentes van Noord- en Oos-Transvaal**

Die moontlikheid is ondersoek dat die skuld in verhouding onder die gemeentes verdeel word en elkeen dus 'n bedrag inbetaal. Gemeentes kon dan self die bedrag vind of leen en verder afhandel.

Hierdie moontlikheid is laat vaar as gevolg van die swak finansiële posisie van talle gemeentes en omdat kerkrade nie belang gestel het nie.

**5.1.3.5 Lenings uit Buitelandse Fondse**

Skemas waarvolgens lenings bekom sou word uit fondse wat sedert 1985 deur instansies buite die Kerk aan buitelandse krediteure verskuldig is, is hierna ondersoek. Die lenings sou teen 'n rentekoers van ongeveer 10,5% per jaar wees. Aangesien daar te veel onsekerhede en risiko's aan die skemas verbonde was, onder andere wisselkoersskommelings, het die ad hoc-kommissie wat dit ondersoek het aanbeveel dat daar van die skemas afgestap moet word.

**5.1.3.6 Moontlike verkoop van gedeeltes van die Sinodale Sentrum aan kommissies van die sinodes, kerkrade en ander sinodes**

Na vele onderhandelinge het die Sinodale Kerkkantoorkommissie tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen buitestanders was wat bereid was om te help met die projek nie. Intussen het die Sentrum as projek van die Kerk al verder weggesak in die skuld.

Derhalwe was die enigste alternatief dat daar noodgedwonge na interne bronne gekyk moes word. Die groot probleem was dat daar, solank daar van leningskapitaal gebruik gemaak was, altyd finansieringstekorte sou wees tensy die rentekoerse tot 8% per jaar sou daal wat hoogs onwaarskynlik was.

Indien die lenings egter met eiendomskapitaal vervang word, sal die eienaars uit die surplus van die bedryf 'n opbrengs op hulle kapitaal aan die einde van die jaar ontvang. Hiervolgens word slegs surplusse verdeel onder die mede-eienaars en is daar nie meer 'n rentelas wat voorkeur kry nie. Indien daar dus genoeg kommissies of gemeentes was wat eiendomskapitaal kon stort, kon die rentelas totaal verdwyn het en ontvang die eienaars 'n kapitaalgroei na gelang die waarde van die eiendom appresieer.

**5.2 UITEINDELIKE OPLOSSING**

Nadat daar met verskeie kommissies en sinodes onderhandel is, is die Sentrum uit eie bronne gefinansier. Aangesien 'n groot deel van die fondse wat in die Sinodale Kerkkantoor hanteer word, gesamentlike fondse is, het die Sinodes van Wes- en Suid-Transvaal asook die Algemene Sinode deeleienaars van die Sentrum geword. Die moontlikheid bestaan natuurlik dat die Sinodes van Wes- en Suid-Transvaal en die Algemene Sinode mettertyd weer hulle eienaarsbelange aan die Sinodes van Noord- en Oos-Transvaal kan terugverkoop. Die gestorte kapitaal en belange in die Sentrum soos tydens die finalisering van dié verslag (15 Junie 1993) het soos volg daaruit gesien:

Deelhebbers:

Belang

| | Kapitaal Gestort R | % Belang In Sentrum |
|---|---|---|
| Sinodale Pensioenfonds | 2 585 000 | 6.8026% |
| Mediese Skema | 200 000 | 0.5263% |
| Administrasie Reserwefonds | 2 000 000 | 5.2632% |
| De Jager Steynfonds | 13 000 000 | 34.2105% |
| MSB Kritzingerstudiefonds | 1 000 000 | 2.6316% |
| Alg. Sinode: Reserwefonds | 500 000 | 1.3158% |
| Alg. Sinode: Stabilisasiefonds | 500 000 | 1.3158% |
| **Gesamentlike Fondse** | | |
| Abraham Kriel Kinderhuisfonds | 822 000 | 2.1632% |
| Voortrekkergedenkfonds | 200 000 | 0.5263% |
| Teologiese Fakulteit Kapitaalf. | 220 000 | 0.5789% |
| Nedersettingsfonds | 100 000 | 0.2632% |
| MM Robertson: Prof. Investment | 113 000 | 0.2974% |
| MM Robertson: Blesbokvlakte | 280 000 | 0.7368% |
| **Diverse Bemakings/Trust** | | |
| Maria Strydom | 30 000 | 0.0789% |
| J van Oudshoorn | 19 000 | 0.0500% |
| Trans Oranje Instituut | 22 900 | 0.0603% |
| R de Klerk | 94 000 | 0.2474% |
| **Noord-Transvaal Fondse** | | |
| Reserwefonds | 200 000 | 0.5263% |
| Pastoralespreekkamerfonds | 100 000 | 0.2632% |
| Sending en Evangelisasie | 3 000 000 | 7.8947% |
| SKDB Noord-Transvaal | 230 000 | 0.6053% |
| Stabilisasiefonds | 115 000 | 0.3026% |
| Jeug-tot-Jeugfonds | 100 000 | 0.2632% |
| **Oos-Transvaal Fondse** | | |
| Algemene Reserwefonds | 195 000 | 0.5132% |
| SJK Oos: Kinderkrans | 77 000 | 0.2026% |
| SJK Oos: Opvoeding en Onderwys | 3 000 | 0.0079% |
| SKDB Oos: Ontwikkelingsfonds | 270 000 | 0.7105% |
| SKDB Oos: Dullstroom inwoners | 16 000 | 0.0421% |
| Stabilisasiefonds | 800 000 | 2.1053% |
| **Vrouediens Oos-Transvaal** | | |
| V/Diens Oos: Algemeen | 10 000 | 0.0263% |
| V/Diens Oos: Beursfonds | 23 000 | 0.0605% |
| V/Diens Oos: Du Toit Studief. | 21 000 | 0.0553% |
| V/Diens Oos: Lettie Bosmanfonds | 6 000 | 0.0158% |
| **Sending en Evangelisasie** | | |
| Klipspruit, Bosele en inrigtings | 414 000 | 1.0895% |
| SKSE Oos: Sending breër verband | 40 000 | 0.1053% |
| SKSE Oos: Bystandsfonds | 81 900 | 0.2155% |
| SKSE Oos: Hospitaal Eiendomfonds | 890 000 | 2.3421% |
| SKSE Oos: Kapitaalfonds | 45 000 | 0.1184% |
| SKSE Oos: Kinderkrans | 17 400 | 0.0458% |
| SKSE Oos: Opleiding swartleraars | 7 900 | 0.0208% |
| SKSE Oos: Reserwefonds | 20 700 | 0.0545% |
| SKSE Oos: Sending konferensies | 5 200 | 0.0137% |
| SKSE Oos: Sending Ringe | 65 500 | 0.1724% |
| SKSE Oos: Taalkursus | 8 500 | 0.0224% |
| SKSE Oos: Vrywillige bydraes | 43 900 | 0.1155% |
| **Sinode van Noord-Transvaal** | 6 227 805 | 16.3890% |
| **Sinode van Oos-Transvaal** | 3 280 295 | 8.6324% |
| Totale Kapitaal | 38 000 000 | 100.0001% |

**Opsomming: Eienaarsbelang**

| | | Kapitaal Gestort R | Belang in Sentrum |
|---|---|---|---|
| **Gesamentlike Fondse (Ook SPF)** | 100.00% | 20 685 900 | 54.4366% |
| Noord-Transvaal se belang | 31.41% | 6 497 441 | 17.0985% |
| Oos-Transvaal se belang | 18.55% | 3 837 235 | 10.0980% |
| Suid-Transvaal se belang | 24.95% | 5 161 132 | 13.5819% |
| Wes-Transvaal se belang | 25.09% | 5 190 092 | 13.6581% |
| **Sinodes van Noord- en Oos-Transvaal** | | 9 508 100 | 25.0213% |
| Noord-Transvaal se belang | | 6 227 805 | 16.3890% |
| Oos-Transvaal se belang | | 3 280 295 | 8.6324% |
| **Noord-Transvaal Eie Fondse** | | 3 745 000 | 9.8553% |
| **Oos-Transvaal Eie Fondse** | | 3 061 000 | 8.0553% |
| **Algemene Sinode** | | 1 000 000 | 2.6316% |
| | | 38 000 000 | 100.0001% |

**Opsomming: Beheer**

| | Kapitaal gestort R | Belang in Sentrum |
|---|---|---|
| Noord-Transvaal se belang | 16 470 246 | 43.3428% |
| Oos-Transvaal se belang | 10 178 530 | 26.7856% |
| Suid-Transvaal se belang | 5 161 132 | 13.5819% |
| Wes-Transvaal se belang | 5 190 092 | 13.6581% |
| Algemene Sinode | 1 000 000 | 2.6316% |
| | 38 000 000 | 100.0000% |

OPMERKINGS

5.2.1 Die Skema werk goed en die sinodale begrotings van al vier Sinodes van Transvaal geniet reeds vanaf 1 April 1993 die voordeel. Dus ook 'n finansiële verligting vir die gemeentes.

5.2.2 Die persentasiebelang is vas en die eiendom se markwaarde word jaarliks deur die Sinodale Kerkkantoorkommissie vasgestel.

5.3 AANBEVELING

**Die sinode neem met dank kennis van die oplossing wat gevind is om die Sinodale Sentrum Pretoria vir die Kerk behoue te laat bly en bedank alle betrokkenes wat gehelp het om hierdie oplossing te bewerkstellig.**

Met die vertroue dat ons as Kommissie ons taak bevredigend uitgevoer het, bid ons die sinode die seën van die Here toe.

DS PSHF STRÜMPFER
VOORSITTER

MNR GJJ DU TOIT
SAAKGELASTIGDE

# A.12.2 TWEEDE VERSLAG VAN DIE SINODALE KERKKANTOORKOMMISSIE AAN DIE SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL

## 1. PERSONEEL EN VERGADERINGS

Die Sinodale Kerkkantoorkommissie bestaan uit 27 lede. Uit elk van die vier Sinodes van Transvaal is daar 4 predikante en 2 sakemanne. Die Saakgelastigde, Adjunk-Saakgelastigde en Sekretaris woon die vergaderings met adviserende stem by.

Die Sinodale Kerkkantoorkommissie het in die reël in die verlede maandeliks vergader met die uitsondering van skoolvakansiemaande. Met die oog op rasionalisering en besparing is egter besluit op vier vergaderings per jaar vir die volle Kommissie en tussentydse maandelikse vergaderings vir die Dagbestuur en subkommissies met verslag aan die Sinodale Kerkkantoorkommissie. In die lig van die feit dat die kommissie 'n gesamentlike kommissie van die vier sinodes van Transvaal is, sal gedurende 1995 'n breedvoeriger verslag voorgelê word.

## 2. OPDRAGTE VAN DIE SINODE VAN 1991

### 2.1 SINODALE PENSIOENFONDS

Die sinode het die Sinodale Kerkkantoorkommissie versoek om dringend aandag te skenk aan die moontlike wysiging van artikel 13.4 van die Sinodale Pensioenfonds, wat soos volg lui:

"13.4 **Pensioen met bereiking van ouderdom 65**

"In die geval van 'n lid wat na bereiking van ouderdom 65 jaar in diens bly word pensioenvoordele ooreenkomstig die pensioenskaal in Artikel 13.1 betaal vanaf 'n datum nie later as 6 maande na bereiking van ouderdom 65. Geen persoonlike bydraes is gedurende die dienstydperk na ouderdom 65 betaalbaar nie.

"Die pensioenskaal is 'n persentasie, ooreenkomstig die volgende tabel, van Pensioengewende Traktement vir elke jaar Pensioengewende Diens.

| "OUDERDOM BY AFTREDE" | % VAN PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT |
|---|---|
| 60 jaar | 1,7% |
| 61 jaar | 1,8% |
| 62 jaar | 1,9% |
| 63 jaar | 2,0% |
| 64 jaar | 2,1% |
| 65 jaar en ouer | 2,2% |

"Vir aftrede op 'n ouderdom tussen 60 en 65 wat nie hierbo gespesifiseer is nie, sal die persentasie van Pensioengewende Traktement by wyse van interpolasie bereken word".

Leraars, Kerkrade en Kommissies nader die Sinodale Kerkkantoorpersoneel dikwels met die versoek om vas te stel hoeveel inbetaal moet word indien 'n leraar dieselfde pensioenvoordele by vroeë aftrede wil hê as wat hy op ouderdom 65 sou ontvang het indien hy tot dan in die bediening bly. Hierdie versoeke word dikwels gemotiveer as sou daar na 'n uitweg gesoek word om poste beskikbaar te kry vir werklose proponente.

Die Aktuaris bereken dat, indien 'n persoon wat op ouderdom 27 tot die Fonds toegetree het vroeg sou aftree, die onderstaande bedrae in die Fonds inbetaal moet word indien die 2,2% pensioenskaal op hom van toepassing gemaak moet word en sy pensioengewende diens steeds op diens tot en met ouderdom 65 jaar gebaseer moet wees. Hierdie berekeninge is gebaseer op die huidige Pensioengewende traktement van R67 990:

| AFTREE-OUDERDOM | BENADERDE INBETALING BENODIG |
|---|---|
| 60 | R200 000 |
| 61 | R160 000 |
| 62 | R120 000 |
| 63 | R 80 000 |
| 64 | R 40 000 |

(NB: Elke geval (aansoek) sal egter nog deur die aktuaris finaal bereken moet word.)

Dit volg dus dat die besondere artikel slegs gewysig kan word indien daar nie finansiële benadeling van die Fonds is nie.

### 2.2 INTERKERKLIKE HULPVERLENING NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA

Die sinode het die Sinodale Kerkkantoorkommissie versoek om, in oorleg met die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie, 'n vereenvoudigde administrasie rondom die interkerklike hulpverlening daar te stel.

Na gesprek met die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie van Noord-Transvaal het dit geblyk dat die sendingkantoor verkieslik steeds kwartaallikse aanvrae wil ontvang, kontroleer en self betalings wil reël. Hulle wil nie hierdie aktiwiteit na die Saakgelastigde van die Ned Geref Kerk in Afrika kanaliseer nie.

#### 2.2.1 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat die administrasie ten opsigte van Interkerklike Hulpverlening vir die Ned Geref Kerk in Afrika nie effektief vereenvoudig kan word nie en dat die status quo dus gehandhaaf word.**

## 3. STAANDE OPDRAGTE VAN DIE KOMMISSIE

3.1 Die staande opdrag van die Kommissie is vervat in bepaling 57.5 van die Kerkorde en Aanvullende Bepalings.

3.2 Daar kan rapporteer word dat alles binne die vermoë van die Kommissie gedoen is om diens so koste-effektief moontlik te lewer. Die werksaamhede word egter baie bemoeilik omdat die vier Transvaalse Sinodes se besluite nie altyd eensluidend is nie. Voorts is gedeeltes van die werksaamhede van poste wat voorheen deur sinodale amptenare behartig was, na die Sinodale Kerkkantoor afgewentel soos byvoorbeeld sendingeiendomme, kerklike diensburo ens. Intussen is ook 'n personeelvoorsieningsfonds as gevolg van vakbonddruk geskep wat saam met BTW en ander statutêre werk meer uitgawes soos personeel, kantoorhuur ens. tot gevolg het.

### 3.3 MULTI-BUDGET EN MULTI-CARE MEDIESE SKEMA

As gevolg van die hoë eisepatroon en gepaardgaande stygings in premies by Topmed, is daar op 1 Julie 1992 na deeglike oorweging oorgeskakel na 'n 70/100% skema vir aktiewe lede by Multi-Budget en 'n 100% skema vir gepensioeneerdes by Multi-Care.

Daar was tydens die opstel van dié verslag 1330 aktiewe lede van die Multi-Budget skema en 448 pensioentrekkers van die Multi-Care skema. Vir die eerste 8 maande na inskakeling bygemelde skemas was die eisepatroon 103,95% vir aktiewe lede en 154,50% by gepensioeneerdes. Die Sinodale Kerkkantoorkommissie het op grond hiervan besluit dat omsendbriewe aan lede en gepensioeneerdes gestuur moes word, waarin die hoë eisepatroon onder hulle aandag gebring moes word.

Daar is ook 'n brief aan die administrateurs van die skema gestuur waarin hulle versoek is om met medici en verskaffers te onderhandel vir laer tariewe. Daar is ook geoordeel dat alternatiewe skemas weer ondersoek moet word. Tydens die opstel van dié verslag was die ondersoeke nog nie afgehandel nie.

### 3.4 SINODALE BYDRAES

Vanweë die swak ekonomiese klimaat, is dit vir die meeste gemeentes moeiliker om al hul verpligtinge stiptelik na te kom. Hierdie tendens is ook te bespeur met die tydige oorbetaling van sinodale bydraes. Dit veroorsaak dat die sinodale werksaamhede gekortwiek word en dat interfondslenings in die Sinodale Kerkkantoor gevolglik gemaak moet word. Dit bring renteverliese mee wat ongelukkig verhaal moet word van die gemeentes wie se sinodale bydraes uitstaande is. Aangesien daar nie veel sin in is om uitstaande sinodale bydraes soos tydens die opstel van die verslag te verskaf nie, word toestemming gevra om 'n Addendumverslag met resente gegewens voor te lê.

#### 3.4.1 AANBEVELING

**Die sinode keur dit goed dat 'n Addendumverslag met betrekking tot uitstaande sinodale bydraes mag dien.**

### 3.5 HEFFING VAN RENTE TEN OPSIGTE VAN AGTERSTALLIGE SINODALE BYDRAES

Rente teen prima bankoortrekkingskoers van ABSA word op agterstallige sinodale bydraes gehef by die Sinodes van Wes-, Suid-, en Oos- Transvaal. Die Sinode van Noord-Transvaal het gedurende 1987 besluit dat prima bankoortrekkingskoers plus twee persent gehef moet word. Aangesien die gemeentes van die Sinode van Noord-Transvaal dit finansieel moeilik kry, is die vraag gevra of die Sinode van Noord- Transvaal nie ook 'n enersluidende besluit in dié verband kan neem nie?

#### 3.5.1 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat rente teen prima bankoortrekkingskoers (soos van tyd tot tyd deur Volkskasbank binne die ABSA groep) op uitstaande sinodale bydraes gehef word.**

### 3.6 OMSENDBRIEF VAN MODERAMEN AAN RINGE EN GEMEENTES WAARIN HULLE KOMMENTARE GEVRA WAS

Die Sinodale Kerkkantoorkommissie het met spyt kennis geneem van die negatiewe kommentaar wat van ringe en gemeentes ontvang was en bewerings van "swak" administrasie. Die moderamen het die saak ook met groot erns bejeën en die voorsitter versoek om op elke brief te reageer en meer besonderhede te verkry in verband met die beweerde swak administrasie. Die Sinodale Kerkkantoorkommissie en sy ouditkommissie is nie bewus van enige swak administrasie nie.

### 3.7 SONOPTEHUIS

Die Sonop-koshuis is die eiendom van die Kerk. Die sinode van 1983 het 'n Sonopraad benoem wat as kommissie van die sinode die koshuis bestuur en die geouditeerde finansiële state goedkeur. Gemelde kommissie doen afsonderlik verslag.

As gevolg van die feit dat die Sonopraad nie regstatus het nie, het die Sinodale Kerkkantoorkommissie en Sonopraad die aangeleentheid in behandeling geneem en tot die gevolgtrekking gekom dat die stig van 'n artikel 21 maatskappy (maatskappy sonder winsbejag) die aangewese oplossing is. Ten tye van die opstel van dié verslag was die onderhandelinge in 'n finale stadium maar nog nie afgehandel sodat dit in dié verslag opgeneem kon word nie.

#### 3.7.1 AANBEVELING

**Die sinode keur dit goed dat 'n Addendumverslag met betrekking tot die status van die Sonopraad mag dien.**

### 3.8 GEMEENTELENINGS

#### 3.8.1 Gemeente Wespoort

Gedurende Desember 1989 was 'n lening van R840 000 aan die gemeente toegestaan synde konsolidasie van skulde.

Omdat die gemeente nie instaat was om die rente op die lening te betaal nie het die sinode soos volg vir hulp in dié verband begroot:

| | |
|---|---|
| 1988/89 | R 50 000 |
| 1989/90 | R 50 000 |
| 1990/91 | R140 000 |
| 1991/92 | R142 600 |
| 1992/93 | R140 000 |
| 1993/94 | R100 000 |

Afgesien van die hulp van die sinode, het verskeie gemeentes ook die gemeente finansieel ondersteun. Daar kan met groot dankbaarheid getuig word dat die saldo van die lening van die gemeente soos op 31 Mei 1993 slegs R466 048 beloop het.

#### 3.8.2 Gemeente Ebenhaeser

Daar kan met groot dankbaarheid getuig word dat die lening op 30 April 1993 ten volle afgelos is.

#### 3.8.3 Gemeente Petronella

Die gemeente het gedurende Maart 1989 'n lening van R358 000 aangegaan met die doel om skulde te konsolideer. Ook in hulle geval kan met dankbaarheid getuig word dat die saldo R173 239 op 31 Mei 1993 beloop het.

### 3.9 REGLEMENT VAN DIE SAAKGELASTIGDE

Hierdie reglement geniet nog die Sinodale Kerkkantoorkommissie se aandag en kon nog nie gefinaliseer word nie omdat een van die deelnemende sinodes nog nie gelykluidende besluite geneem het nie.

Met die vertroue dat ons as Kommissie ons taak bevredigend uitgevoer het, bid ons die sinode die seën van die Here op sy werksaamhede toe.

DS PS STRÜMPFER
VOORSITTER

MNR GJJ DU TOIT
SAAKGELASTIGDE

# A.13.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR FONDSE OORSIG OOR DIE FINANSIëLE POSISIE VAN GEMEENTES

## 1. OPDRAG

1.1 Dag waarop verslag van SKF dien (AC Viljoen/CJJ Joubert:
- goedgekeur (380:Voorstel 5)

In die lig van die belangrikheid van die verslag van die Sinodale Kommissie vir Fondse, asook die finansiële problematiek waarin gemeentes verkeer, versoek die sinode die moderamen om by die volgende sinode nie weer hierdie verslag op die laaste dag te behandel nie, maar dit vroeër op die agenda in te werk.

1.2 Die Sinodale Kommissie vir Fondse het van die Moderamen opdrag ontvang om 'n oorsig oor die finansiële posisie van die gemeentes as eerste verslag te dien, sodat die sinode op 'n vroeë stadium van die sinodesitting hieroor ten volle ingelig word.

## 2. UITVOERING

Die Sinodale Kommissie vir Fondse het die finansiële posisie van die gemeentes aan die hand van die finansiële state vir 1992/93 ontleed en bied hiermee 'n oorsig in terme van die totale gemeentelike inkomste en uitgawes, met insluiting van die kapitaal- en trustfondse, asook die stand ten opsigte van gemeente kapitaal, vaste eiendom, skulde en beleggings van die gemeentes.

## 3. DIE FINANSIëLE POSISIE VAN GEMEENTES

### 3.1 INKOMSTE EN UITGAWES

3.1.1 Die totale gemeentelike inkomste het die afgelope jaar met 5,7% van R54 448 675 na R57 590064 toegeneem teenoor 'n 12,87% toename in 1991/92 en 13,3% toename in 1990/91.

3.1.2 Die kansellasie van die renteverdienste op die lening van gemeentes aan die sinode vir die Sinodale Sentrum op 1 April 1992 moet egter by die berekening van die persentasie styging in die gemeente inkomste in ag geneem word. Die renteverdienste wat jaarliks gekapitaliseer is, is tot 31 Maart 1992 as inkomste vir die gemeentes in die state aangedui. Indien die gekapitaliseerde renteverdienste van R2 013 748 vir 1991/92 verreken word, kom die styging in die totale gemeentelike inkomste vir 1992/93 op 9,83% te staan.

3.1.3 In totaal het 44 gemeentes, waarvan 26 in die stad en 18 op die platteland, 'n daling in inkomste teenoor die vorige jaar gehad. Gemeentes wat 'n subsidie van die sinode ontvang is hierby uitgesluit en in die geval van 14 van die 44 gemeentes kan die daling in inkomste aan die gekapitaliseerde renteverdienste op die lening aan die sinode toegeskryf word. Een van die genoemde 14 gemeentes het 'n verdere daling aan inkomste as gevolg van die opvra van 'n belegging by die Sinodale Kerkkantoor en dus 'n verminderde renteverdienste gehad en nog een gemeente het ook 'n daling as gevolg van 'n grenswysiging en daarmee vermindering in die lidmatetal gehad.

Die daling in inkomste ten opsigte van die ander 30 gemeentes is groter as die verskil wat deur die kansellasie van die rente op die lening aan die sinode meegebring is. In 1991 is aan die sinode gerapporteer dat 19 gemeentes, waarvan 9 in die stad en 10 op die platteland, 'n daling in inkomste teenoor die vorige jaar gehad het.

3.1.4 Die totale gemeentelike uitgawes het met 4,98% gestyg teenoor die styging van 16,5% in 1990/91.

### 3.2 GEMEENTEKAPITAAL

3.2.1 Die totale gemeentekapitaal van die gemeentes soos in die balansstaat aangetoon, het van R54 192 394 na R58 318 557 gegroei.

3.2.2 Dit is noodsaaklik om daarop te let dat 59 uit die 134 gemeentes 'n afname in gemeentekapitaal toon. Die totale afname in gemeentekapitaal beloop vir die 59 gemeentes R 1 946 500. Inaggenome die totale bedrag van R2 700 705 wat vir die spesiale skulddelgingsprojek as aftrekking vir gemeentes toegelaat is, is daar des te meer rede tot kommer oor die afname.

### 3.3 VASTE EIENDOM

3.3.1 Die totale boekwaarde van vaste eiendomme van die gemeentes het vir 1992/93 met R1 582 551 van R58 655 055 na R60 237 607 toegeneem. Dit verteenwoordig 'n toename van 2,7% (teenoor die toename van 5,54% in 1990/91) en is hoofsaaklik toe te skryf aan die kerkbouprojek van Wonderpark wat vir die jaar R955 045 beloop het.

3.3.2 Die eiendomswaardes is teen kosprys en verteenwoordig dus nie die huidige mark- of vervangingswaarde nie.

### 3.4 SKULD

3.4.1 Die totale gesamentlike skuldlas van die gemeentes het met R376 493 (2,02%) van R18 616 686 vir 1991/92 na R18 993 179 vir 1992/93 gegroei. In 1990/91 was die gesamentlike skuldlas van die gemeentes R18 327 146.

3.4.2 Indien die toename van R376 493 in die totale gesamentlike skuld van die gemeentes met die totale toevoeging in vaste eiendomme van R1 582 551 vergelyk word, lyk dit op die oog af of die skuldposisie van die gemeentes nie noemenswaardig verswak het nie. Die totale toelating vir die spesiale skulddelgingsprojek van R2 700 705 moet met so 'n vergelyking egter in ag geneem word.

3.4.3 Die skuld van gemeentes is soos volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| Verbandlenings | R5 986 043 |
| Sinodale kerkkantoor | R4 103 325 |
| Lenings van lidmate | R2 341 969 |
| Bankoortrekking | R7 616 583 |
| Ander teen skuldbewys | R3 259 035 |

3.4.4 'n Totaal van 93 van die 134 gemeentes maak van 'n oortrokke bankrekening vir die finansiering van die lopende verpligtinge gebruik. 44 van hierdie gemeentes se oortrokke bankrekening oorskry R50 000, terwyl 23 van hierdie gemeentes die bedrag van R100 000 oorskry. 5 gemeentes maak van 'n lopende rekening gebruik om eiendomstoevoeging te finansier met bedrae wat wissel van R200 000 tot R993 169.

3.4.5 Die sinodale bydraes van R1 218 852 wat op 31 Maart 199[illegible] vir 60 dae en langer uitstaande was, is nie by die totale skuld va[illegible] die gemeentes ingesluit nie. Dit verswaar die totale skuldposisi[illegible] van die gemeentes verder.

3.4.6 'n Totaal van 55 gemeentes kon daarin slaag om skuld te verminder. Aan die ander kant het die skuld van 56 gemeentes, hoofsaaklik wat die oortrokke bankrekening betref, toegeneem. Slegs 22 gemeentes uit die totaal van 134 het geen skuld nie.

### 3.5 BELEGGINGS EN KONTANT

3.5.1 Die finansiële state toon 'n bedrag van R6 931 070 aan beleggings en kontant, waarvan R4 896 875 by die Sinodale Kerkkantoor belê is. Hiervan word 'n bedrag van R951 504 aan lenings van lidmate deur Universiteitsoord gehou, wat beteken dat die reële beleggings van gemeentes R5 979 566 verteenwoordig.

3.5.2 Die lenings van die gemeentes aan die sinode vir die Sinodale Sentrum is nie by die beleggingsbedrag ingesluit nie.

### 3.6 GEMEENTELIKE INKOMSTE: % STYGING EN BYDRAE PER LIDMAAT

#### 3.6.1 Vergelykende syfers

| Jaar | Totale Inkomste | % Styging | Bydrae per lidmaat |
|---|---|---|---|
| 1986/87 | 28155665 | 10,2% | 213,38 |
| 1987/88 | 31588716 | 12,2% | 244,02 |
| 1988/89 | 35629203 | 12,8% | 276,25 |
| 1989/90 | 43194209 | 21,2% | 327,94 |
| 1990/91 | 48238688 | 13,3% | 371,77 |
| 1991/92 | 54448675 | 12,9% | 415,67 |
| 1992/93 | 57590064 | 9,8% | 441,29 |

3.6.2 In die berekening van die persentasie styging vir 1992/93 is die renteverdienste op die gemeente lenings aan die sinode verreken.

3.6.3 Die impak van die algemene landsekonomie en droogtetoestand is duidelik, terwyl die volle impak van die onderwysbydraes van ouers eers in 1993/94 verrekenbaar sal word.

3.6.4 Die gemiddelde bydrae per lidmaat wissel van R306,45 tot R2099,17 vir die plattelandse gemeentes en van R190,98 tot R746,78 vir die stedelike gemeentes.

### 3.7 GEMEENTELIKE INKOMSTE EN SINODALE BYDRAES

#### 3.7.1 Vergelykende syfers

| Jaar | Totale Gem Inkomste | Totale Gem Uitgawe | Sinodale Bydrae | % van Inkomste | % van Uitgawe |
|---|---|---|---|---|---|
| 1987/88 | 31588716 | 30316545 | 3898942 | 12,3% | 12,9% |
| 1988/89 | 35629203 | 34903930 | 4311886 | 12,1% | 12,4% |
| 1989/90 | 43194209 | 40679158 | 4296627 | 9,9% | 10,6% |
| 1990/91 | 48238688 | 46762263 | 4686250 | 9,7% | 10,0% |
| 1991/92 | 54448675 | 54740051 | 5308221 | 9,7% | 9,7% |
| 1992/93 | 57590064 | 59373486 | 6144799 | 10,7% | 10,3% |
| 1993/94 | | | 5721758 | | |

Die bydraes vir die Sinodale Sentrum is buite rekening gelaat, behalwe vir 1993/94. Sedert 1 April 1993 het die lenings verval en word die R600 000 bydrae van gemeentes tot die lening van die sinode vir die deeleienaarsaandeel in die Sinodale Sentrum op begroting as sinodale bydraes gereken.

3.7.2 Alhoewel die doelwit van die sinode, dat die sinodale bydraes nie 10% van die totale gemeentelike inkomste oorskry nie, volgens die syfers reeds in 1989/90 bereik is, is die beeld nie korrek nie. Die volgende kan as redes aangevoer word:

*1 Die gemeente inkomste was hoër as die werklike syfers as gevolg van die rentebedrag wat jaarliks op die lening van gemeentes aan die sinode gekapitaliseer is en by die inkomste van gemeentes ingesluit is. Soos reeds vermeld het die renteverdienste vir 1991/92 in totaal R2 013 748 beloop. Die reële gemeentelike inkomste vir 1991/92 is dus in werklikheid R52 434 927.

*2 Die sinodale profiel in terme van die gemeente samestelling en inkomste en daarmee die verspreiding van sinodale bydraes, bring mee dat die perk van 10% op die totale gemeentelike inkomste vir sinodale bydraes 'n bloot teoretiese funksie dien, terwyl die praktyk steeds 'n onhanteerbare las op die gemeentes met 'n hoë puntetal plaas. Die volgende tabel bied 'n duidelike beeld van die punteverspreiding van gemeentes:

| Punte | Gemeentes |
|---|---|
| 1 | 24 |
| 1-10 | 11 |
| 10-50 | 31 |
| 50-100 | 26 |
| 100-200 | 26 |
| 200-300 | 8 |
| 300-400 | 5 |
| 400-500 | 2 |
| 500+ | 1 |

*3 Enige vergelyking tussen die sinodale uitgawestruktuur en die dravermoë van die gemeentes moet met die gemeentesamestelling en die gevolglike onewewigtige verspreiding van sinodale bydraes rekening hou. Die feit dat die totale uitgawe van gemeentes vir die agelope aantal jaar die totale inkomste oorskry het, is saam met die hoë puntwaarde 'n aanduiding daarvan dat die sinodale uitgawe die gemeentes se inkomste en bydraevermoë in toenemende mate oorgroei. In die evaluering en oorweging van bykomende maar ook van die bestaande sinodale werksaamhede is dit dus dringend noodsaaklik dat die sinode hiermee rekening sal hou.

*4 'n Grondige ontleding van die finansiële posisie van die gemeentes soos weerspieël in die onewewigtige verspreiding van die sinodale bydraes, bewys dat die krisis nie aan die formule vir die berekening van punte toegeskryf kan word nie. Dit blyk ook duidelik dat die huidige probleem nie by wyse van die formule reggestel kan word nie, maar dat die uitgawestruktuur van die sinode tot die vlak van die reële inkomste en dravermoë van die gemeentes ingekort sal moet word. Die resultaat van die inkorting op die sinodale begroting wat reeds vir 1993/94 gerealiseer het en die daling van die puntwaarde van R690 tot R515 per punt is hiervan bewys.

## 4. UITSTAANDE SINODALE BYDRAES

Volledige verslag oor die uitstaande sinodale bydraes dien by wyse van 'n laatstuk as derde verslag van die Sinodale Kommissie vir Fondse voor die sinode.

## 5. OPSOMMING GEMEENTELIKE STATISTIEK 31-03-1993

| | PREDIKANTE: | | LIDMATE: | | INKOMSTE: | | BYDRAE/LIDMAAT: | | PUNTE: | | UITGAWES | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 92 | 93 | 1992 | 1993 | 1992 | 1993 | 1992 | 1993 | 1993 | 1994 | 1992 | 199 |
| BOOYSEN | 2 + 0 | 2 + 0 | 943 | 959 | 254804 | 259098 | 270,21 | 270,18 | 10,8 | 2,2 | 251092 | 29273 |
| CAPITAL PARK | 1 + 0 | 1 + 0 | 450 | 425 | 204628 | 173747 | 454,73 | 408,82 | 16,3 | 18,2 | 220138 | 20544 |
| DASPOORT | 2 + 0 | 2 + 0 | 1215 | 1188 | 349703 | 392870 | 287,82 | 330,70 | 42,0 | 36,4 | 335089 | 38041 |
| ELOFFSDAL-WES | 2 + 0 | 2 + 0 | 1006 | 904 | 293699 | 292225 | 291,95 | 323,26 | 30,1 | 1,0 | 295829 | 34006 |
| HARTBEESPOORT | 3 + 0 | 3 + 0 | 1560 | 1605 | 585596 | 554403 | 375,38 | 345,42 | 68,5 | 38,3 | 545238 | 64359 |
| MAGALIESFORT | 1 + 1 | 1 + 1 | 679 | 646 | 215152 | 239062 | 316,87 | 370,07 | 19,4 | 5,0 | 240392 | 24897 |
| PRETORIA-TUINE | 2 + 0 | 2 + 0 | 1076 | 1076 | 340044 | 368843 | 316,03 | 342,79 | 81,7 | 53,8 | 298485 | 33631 |
| TUINRAND | 1 + 0 | 1 + 0 | 624 | 600 | 174239 | 158208 | 279,23 | 263,68 | 25,7 | 12,3 | 208621 | 19627 |
| WESMOOT | 2 + 0 | 2 + 0 | 773 | 894 | 425334 | 498452 | 550,24 | 557,55 | 54,9 | 89,8 | 469989 | 48582 |
| WONDERBOOMPOORT | 2 + 0 | 2 + 0 | 1399 | 1523 | 379606 | 395777 | 271,34 | 259,87 | 66,3 | 79,2 | 457048 | 41536 |
| | | | 9725 | 9820 | 3222805 | 3332685 | 331,39 | 339,38 | 415,7 | 336,2 | 3321921 | 354500 |
| BERGTUIN | 1 + 0 | 1 + 0 | 380 | 380 | 165103 | 183720 | 434,48 | 483,47 | 16,7 | 5,0 | 160203 | 16522 |
| DERDEPOORT | 1 + 0 | 1 + 0 | 888 | 893 | 218494 | 236145 | 246,05 | 264,44 | 78,8 | 97,3 | 244692 | 31001 |
| JAN NIEMAND PARK | 1 + 1 | 1 + 0 | 636 | 620 | 135447 | 189336 | 212,97 | 305,38 | 1,0 | 10,0 | 166683 | 20325 |
| MOREGLOED | 1 + 1 | 1 + 0 | 681 | 692 | 229206 | 237251 | 336,57 | 342,85 | 70,3 | 81,4 | 226933 | 24653 |
| NOORDOOS PRETORIA | 2 + 0 | 2 + 0 | 1388 | 1342 | 460136 | 518096 | 331,51 | 386,06 | 154,0 | 182,7 | 447081 | 48605 |
| QUEENSWOOD | 4 + 0 | 4 + 0 | 1950 | 1950 | 900266 | 917174 | 461,67 | 470,35 | 174,1 | 231,0 | 1000366 | 96081 |
| WAVERLEY | 3 + 0 | 3 + 0 | 1480 | 1531 | 621436 | 740252 | 419,89 | 483,51 | 160,0 | 284,6 | 746378 | 69025 |
| WAVERLEY OOS | 2 + 0 | 2 + 0 | 1010 | 991 | 493561 | 516204 | 488,67 | 520,89 | 10,2 | 21,0 | 467553 | 50818 |
| | | | 8413 | 8399 | 3223649 | 3538178 | 383,17 | 421,26 | 665,1 | 913,0 | 3459889 | 357032 |
| CAPITAL PARK OOS | 1 + 0 | 1 + 0 | 501 | 498 | 239976 | 239532 | 478,99 | 480,99 | 51,3 | 70,8 | 243755 | 2516 |
| ELOFFSDAL | 1 + 0 | 1 + 0 | 540 | 581 | 273761 | 253688 | 506,96 | 436,64 | 81,6 | 88,3 | 211682 | 2497 |
| JAKARANDA | 1 + 0 | 1 + 0 | 449 | 411 | 173026 | 177385 | 385,36 | 431,59 | 1,0 | 17,9 | 178458 | 1762 |
| RIVIERA | 3 + 0 | 3 + 0 | 1752 | 1791 | 688827 | 738692 | 393,17 | 412,45 | 186,7 | 159,6 | 856364 | 8588 |
| WONDERBOOM SUID | 3 + 1 | 3 + 1 | 1835 | 1835 | 643803 | 698663 | 350,85 | 380,74 | 111,3 | 86,6 | 671464 | 7851 |
| | | | 5077 | 5116 | 2019393 | 2107960 | 397,75 | 412,03 | 431,9 | 423,2 | 2161723 | 23216 |
| HARTBEESSPRUIT | 2 + 0 | 1 + 0 | 730 | 831 | 380897 | 351428 | 521,78 | 422,90 | 20,0 | 105,7 | 361792 | 3794 |
| LYNNWOOD | 6 + 0 | 6 + 0 | 3154 | 2994 | 1760057 | 1984478 | 558,04 | 662,82 | 567,6 | 583,6 | 1575485 | 19932 |
| SUIDOOS-PRETORIA | 4 + 0 | 4 + 0 | 2353 | 2403 | 1388002 | 1343759 | 589,89 | 559,20 | 392,8 | 434,6 | 1196095 | 12578 |
| UNIVERSITEITSOORD 2 | 4 + 0 | 1 + 0 | 2849 | 3000 | 417632 | 471401 | 146,59 | 157,13 | 1,0 | 1,0 | 791083 | 9709 |
| UNIVERSITEITSOORD 1 | 2 + 0 | 2 + 0 | 822 | 793 | 595503 | 521597 | 724,46 | 657,75 | 76,0 | 102,1 | 534225 | 5911 |
| | | | 9908 | 10021 | 4542091 | 4672663 | 458,43 | 466,29 | 1057,4 | 1227,0 | 4458680 | 51926 |
| BRITS | 2 + 0 | 2 + 0 | 840 | 826 | 425455 | 388729 | 506,49 | 470,62 | 92,6 | 48,1 | 423990 | 490 |
| DALUNIE | 1 + 0 | 1 + 0 | 381 | 281 | 267411 | 280283 | 701,87 | 997,45 | 112,5 | 95,1 | 242939 | 303 |
| ELANDSRAND | 1 + 0 | 1 + 0 | 432 | 462 | 357653 | 342092 | 827,90 | 740,46 | 1,0 | 58,9 | 235179 | 264 |
| KROKODILRIVIER | 3 + 0 | 3 + 0 | 1596 | 1546 | 925086 | 953507 | 579,63 | 616,76 | 377,1 | 403,8 | 781502 | 901 |
| MARIKANA | 1 + 0 | 1 + 0 | 690 | 690 | 284482 | 229684 | 412,29 | 332,88 | 53,5 | 59,7 | 232579 | 270 |
| SANDDRIF | 1 + 0 | 1 + 0 | 250 | 250 | 222467 | 221339 | 889,87 | 885,36 | 74,0 | 56,7 | 214772 | 255 |
| SONOP | 1 + 0 | 1 + 0 | 283 | 283 | 118046 | 151670 | 417,12 | 535,94 | 1,0 | 5,0 | 115230 | 153 |
| VORENTOE | 1 + 0 | 1 + 0 | 295 | 276 | 216593 | 258200 | 734,21 | 935,51 | 30,0 | 59,7 | 217082 | 232 |
| | | | 4767 | 4614 | 2817193 | 2825504 | 590,98 | 612,38 | 741,7 | 787,0 | 2463273 | 2873 |

| | PREDIKANTE: | | LIDMATE: | | INKOMSTE: | | BYDRAE/LIDMAAT: | | PUNTE: | | UITGAWES: | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 92 | 93 | 1992 | 1993 | 1992 | 1993 | 1992 | 1993 | 1993 | 1994 | 1992 | 1993 |
| BLOUBERG | 1 + 0 | 2 + 0 | 176 | 168 | 157310 | 146002 | 893,81 | 869,06 | 10,0 | 10,0 | 133216 | 142484 |
| DENDRON | 1 + 0 | 1 + 0 | 108 | 96 | 159442 | 201520 | 1476,31 | 2099,17 | 10,0 | 20,0 | 153232 | 172059 |
| LEVUBU | 2 + 0 | 2 + 0 | 422 | 420 | 214200 | 213821 | 507,58 | 509,10 | 4,2 | 24,3 | 218920 | 213660 |
| LOUIS TRICHARDT | 2 + 1 | 2 + 1 | 1390 | 1259 | 476354 | 492864 | 342,70 | 391,47 | 116,0 | 132,2 | 422654 | 509946 |
| MESSINA | 2 + 2 | 2 + 2 | 919 | 900 | 352724 | 394958 | 383,81 | 438,84 | 23,2 | 44,2 | 378298 | 423815 |
| SOEKMEKAAR | 1 + 0 | 1 + 0 | 133 | 130 | 73756 | 67315 | 554,56 | 517,81 | 27,4 | 37,8 | 47654 | 58573 |
| SOUTPANSBERG | 2 + 0 | 2 + 0 | 649 | 655 | 574716 | 402362 | 885,54 | 614,29 | 15,6 | 31,0 | 572217 | 399956 |
| | | | 3797 | 3628 | 2008502 | 1918842 | 528,97 | 528,90 | 206,4 | 299,5 | 1926191 | 1920493 |
| DWAALBOOM | 1 + 0 | 1 + 0 | 218 | 207 | 140275 | 163969 | 643,46 | 792,12 | 1,0 | 1,0 | 156164 | 173560 |
| KOEDOESKOP | 1 + 0 | 1 + 0 | 470 | 470 | 217685 | 185513 | 463,16 | 394,71 | 21,2 | 32,9 | 241778 | 213227 |
| LIMPOPO | 1 + 0 | 1 + 0 | 204 | 176 | 189475 | 167895 | 928,80 | 953,95 | 1,0 | 5,0 | 179401 | 165304 |
| NORTHAM | 1 + 0 | 1 + 0 | 420 | 492 | 161116 | 200388 | 383,61 | 407,29 | 10,2 | 15,0 | 199430 | 212422 |
| THABAZIMBI | 1 + 0 | 1 + 0 | 740 | 790 | 361350 | 370063 | 488,31 | 468,43 | 102,4 | 150,0 | 320826 | 378133 |
| | | | 2052 | 2135 | 1069901 | 1087828 | 521,39 | 509,52 | 135,8 | 203,9 | 1097599 | 1142646 |
| BENDORPARK-PIETERSBURG | 1 + 1 | 1 + 1 | 595 | 583 | 376959 | 395553 | 633,54 | 678,48 | 86,6 | 94,3 | 393277 | 402071 |
| PIETERSBURG | 4 + 1 | 3 + 1 | 2110 | 1737 | 626106 | 861001 | 296,73 | 495,68 | 26,0 | 73,3 | 735630 | 748963 |
| PIETERSBURG-NOORD | 3 + 1 | 3 + 1 | 1098 | 1187 | 715336 | 870387 | 651,49 | 733,27 | 115,8 | 127,0 | 751182 | 814340 |
| PIETERSBURG-OOS | 4 + 0 | 4 + 0 | 1950 | 1940 | 594860 | 711607 | 305,06 | 366,81 | 80,3 | 17,8 | 609017 | 749951 |
| RENOSTERPOORT | 1 + 0 | 1 + 1 | 654 | 725 | 224824 | 222177 | 343,77 | 306,45 | 44,0 | 37,6 | 223331 | 234753 |
| | | | 6407 | 6172 | 2538085 | 3060725 | 396,14 | 495,90 | 352,7 | 350,0 | 2712437 | 2950078 |
| AKASIA | 2 + 0 | 2 + 0 | 1107 | 1112 | 435358 | 525502 | 393,28 | 472,57 | 174,3 | 174,9 | 397225 | 514808 |
| FLORANDIA | 4 + 0 | 4 + 0 | 1451 | 1434 | 770315 | 801896 | 530,89 | 559,20 | 182,3 | 218,4 | 729527 | 789822 |
| FLORAUNAPARK | 1 + 0 | 1 + 0 | 823 | 910 | 492637 | 585755 | 598,59 | 643,69 | 129,6 | 240,4 | 404085 | 511801 |
| HAAKDOORN | 1 + 0 | 1 + 0 | 404 | 411 | 331497 | 306927 | 820,54 | 746,78 | 18,9 | 41,9 | 321644 | 281229 |
| HARTBEESHOEK | 3 + 0 | 3 + 0 | 1758 | 1812 | 502673 | 549402 | 285,93 | 303,20 | 41,9 | 44,9 | 604952 | 570454 |
| ONDERSTEPOORT | 2 + 0 | 2 + 0 | 1293 | 1293 | 472186 | 518151 | 365,19 | 400,74 | 59,1 | 90,4 | 395794 | 485454 |
| PETRONELLA | 2 + 0 | 2 + 0 | 1027 | 1106 | 414879 | 383197 | 403,97 | 346,47 | 106,1 | 125,8 | 347577 | 399803 |
| PRETORIA-NOORD | 3 + 0 | 3 + 0 | 1527 | 1571 | 505923 | 554869 | 331,32 | 353,19 | 142,4 | 103,3 | 476655 | 471106 |
| WONDERPARK | 1 + 0 | 1 + 0 | 597 | 366 | 462986 | 529460 | 775,52 | 1446,61 | 119,7 | 1,0 | 258845 | 334956 |
| | | | 9987 | 10015 | 4388454 | 4755159 | 439,42 | 474,80 | 974,3 | 1041,0 | 3936304 | 4359433 |
| ANDREW MURRAY | 1 + 0 | 1 + 0 | 252 | 254 | 104388 | 98912 | 414,24 | 389,42 | 1,0 | 1,0 | 118377 | 131765 |
| GROENKLOOF | 1 + 0 | 1 + 0 | 555 | 521 | 336577 | 350445 | 606,45 | 672,64 | 135,2 | 154,7 | 294085 | 352458 |
| KOLLEGERAND | 1 + 0 | 1 + 0 | 564 | 475 | 76687 | 41793 | 135,97 | 87,99 | 1,7 | 3,5 | 195420 | 232118 |
| MONUMENTPARK | 3 + 0 | 3 + 0 | 1575 | 1510 | 846809 | 884618 | 537,66 | 585,84 | 328,6 | 384,4 | 852248 | 856107 |
| NEDERLANDSTALIGES | 1 + 0 | 1 + 0 | 311 | 304 | 175037 | 189355 | 562,82 | 622,88 | 4,8 | 13,0 | 163945 | 193945 |
| PRETORIA-OOS | 3 + 0 | 3 + 0 | 1274 | 1263 | 660371 | 714090 | 518,34 | 565,39 | 174,6 | 181,1 | 776604 | 757719 |
| WATERKLOOF | 2 + 0 | 2 + 0 | 954 | 985 | 607441 | 703383 | 636,73 | 714,09 | 129,7 | 240,4 | 659302 | 612752 |
| WATERKLOOFRIF | 1 + 1 | 1 + 1 | 771 | 747 | 457358 | 449688 | 593,20 | 601,99 | 48,1 | 117,2 | 434388 | 401604 |
| | | | 6256 | 6059 | 3264668 | 3432284 | 521,85 | 566,48 | 823,7 | 1095,3 | 3494369 | 3538468 |

| | PREDIKANTE: 92 | PREDIKANTE: 93 | LIDMATE: 1992 | LIDMATE: 1993 | INKOMSTE: 1992 | INKOMSTE: 1993 | BYDRAE/LIDMAAT: 1992 | BYDRAE/LIDMAAT: 1993 | PUNTE: 1993 | PUNTE: 1994 | UITGAWES: 1992 | UITGAWES: 1993 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KOEDOESRAND | 1 + 0 | 1 + 0 | 248 | 248 | 171754 | 141415 | 692,56 | 570,22 | 23,8 | 1,0 | 156950 | 185264 |
| MARKEN | 1 + 0 | 1 + 0 | 44 | 48 | 35490 | 27871 | 806,59 | 580,65 | 3,9 | 1,0 | 31712 | 32536 |
| NABOOMSPRUIT | 2 + 0 | 2 + 0 | 877 | 947 | 467976 | 505676 | 533,61 | 533,98 | 167,9 | 152,3 | 469174 | 530993 |
| PIETPOTGIETERSRUS | 2 + 0 | 2 + 0 | 703 | 694 | 337728 | 350447 | 480,41 | 504,97 | 25,7 | 16,3 | 348329 | 384272 |
| POTGIETERSRUS-OOS | 2 + 0 | 2 + 0 | 804 | 778 | 454943 | 443341 | 565,85 | 569,85 | 135,2 | 135,7 | 475902 | 479733 |
| POTGIETERSRUS-SUID | 2 + 0 | 2 + 0 | 681 | 693 | 411706 | 419376 | 604,56 | 605,16 | 74,6 | 60,8 | 346444 | 425145 |
| ROEDTAN | 1 + 0 | 1 + 0 | 106 | 128 | 172621 | 108517 | 1628,50 | 847,79 | 1,0 | 1,0 | 130584 | 169044 |
| | | | 3463 | 3536 | 2052218 | 1996642 | 592,61 | 564,66 | 432,1 | 368,1 | 1959095 | 2206980 |
| ARCADIA | 5 + 0 | 5 + 0 | 2756 | 2894 | 789019 | 768776 | 286,29 | 265,64 | 47,1 | 45,9 | 934006 | 904163 |
| BRONBERG | 5 + 0 | 5 + 0 | 3076 | 2540 | 751721 | 755125 | 244,38 | 297,29 | 1,0 | 1,0 | 937635 | 1005623 |
| BURGERSPARK | 4 + 0 | 3 + 0 | 2212 | 2179 | 667570 | 551714 | 301,79 | 253,20 | 19,6 | 1,0 | 758768 | 779333 |
| HARMONIE | 3 + 1 | 3 + 1 | 2154 | 2059 | 322334 | 413259 | 149,64 | 200,71 | 1,0 | 1,0 | 491365 | 55517 |
| PRETORIA | 4 + 2 | 4 + 0 | 2268 | 2268 | 332648 | 433132 | 146,67 | 190,98 | 1,0 | 1,0 | 708022 | 76462 |
| PRETORIA DOWES | 1 + 0 | 1 + 1 | 182 | 167 | 88742 | 74551 | 487,59 | 446,41 | 2,3 | 1,0 | 179155 | 20458 |
| | | | 12648 | 12107 | 2952034 | 2996557 | 233,40 | 247,51 | 72,0 | 50,9 | 4008951 | 421350 |
| EBENHAESER | 0 + 0 | 1 + 0 | 444 | 298 | 83937 | 93526 | 189,05 | 313,85 | 31,5 | 26,8 | 59403 | 6425 |
| KWAGGASRANT | 1 + 0 | 1 + 0 | 712 | 650 | 172808 | 160964 | 242,71 | 247,64 | 1,0 | 1,0 | 174074 | 18085 |
| PRETORIA POLISIEKOLLEGE | 7 + 0 | 3 + 3 | 1115 | 1115 | 281352 | 247692 | 252,33 | 311,83 | 63,4 | 23,3 | 260661 | 29239 |
| PRETORIA-WES | 1 + 1 | 2 + 0 | 833 | 833 | 134569 | 176680 | 161,55 | 212,10 | 1,0 | 1,0 | 310461 | 22431 |
| QUAGGAPOORT | 2 + 0 | 2 + 0 | 1324 | 1324 | 288688 | 310884 | 218,04 | 234,81 | 4,4 | 10,0 | 287940 | 29686 |
| SKANSKOP | 2 + 0 | 2 + 0 | 572 | 512 | 163176 | 184696 | 285,27 | 360,73 | 10,0 | 25,1 | 172897 | 18446 |
| WESPOORT | 2 + 0 | 2 + 0 | 1167 | 1297 | 221208 | 244600 | 189,55 | 188,59 | 1,0 | 1,0 | 368825 | 38626 |
| | | | 6167 | 6029 | 1345738 | 1519042 | 218,22 | 251,96 | 112,3 | 88,2 | 1634261 | 162940 |
| RUSTENBURG | 2 + 0 | 2 + 0 | 1100 | 1072 | 490706 | 524281 | 446,10 | 489,07 | 133,3 | 111,6 | 501388 | 55854 |
| RUSTENBURG BERGSIG | 3 + 0 | 3 + 0 | 1562 | 1442 | 696459 | 701608 | 445,88 | 486,55 | 1,0 | 101,7 | 665479 | 61992 |
| RUSTENBURG PROTEAPARK | 3 + 0 | 3 + 0 | 1607 | 1660 | 852042 | 850133 | 530,21 | 512,13 | 316,1 | 312,7 | 712320 | 81677 |
| RUSTENBURG SUID | 2 + 0 | 2 + 0 | 858 | 822 | 473166 | 480317 | 551,48 | 584,33 | 172,7 | 172,4 | 421552 | 50174 |
| RUSTENBURG VOORSPOED | 1 +0 | 1 +0 | 572 | 557 | 223721 | 237415 | 391,12 | 426,24 | 20,3 | 23,7 | 197370 | 20770 |
| RUSTENBURG WES | 2 + 0 | 2 + 0 | 1165 | 1165 | 370592 | 359234 | 318,10 | 308,36 | 92,3 | 86,7 | 361562 | 36692 |
| | | | 6864 | 6718 | 3106686 | 3152988 | 452,61 | 469,33 | 735,7 | 808,8 | 2859671 | 307162 |
| MONAVONI | 1 + 0 | 1 + 0 | 473 | 490 | 194172 | 222420 | 410,51 | 453,92 | 1,0 | 1,0 | 194312 | 2039 |
| ROOIHUISKRAAL | 3 + 0 | 3 + 0 | 1506 | 1890 | 734621 | 717260 | 487,80 | 379,50 | 21,4 | 16,8 | 701531 | 7478 |
| SESMYLSPRUIT | 3 + 1 | 3 + 1 | 1709 | 1709 | 793197 | 856428 | 464,13 | 501,13 | 253,4 | 291,9 | 734880 | 8585 |
| THE REEDS | 2 + 0 | 2 + 1 | 1384 | 1384 | 429639 | 465509 | 310,43 | 336,35 | 15,1 | 1,0 | 430968 | 4708 |
| WIERDAPARK | 3 +0 | 3 + 0 | 1441 | 1569 | 455493 | 568888 | 316,10 | 362,58 | 54,8 | 88,1 | 539177 | 5599 |
| WIERDAPARK-SUID | 2 + 0 | 3 + 0 | 1422 | 1422 | 573755 | 606553 | 403,48 | 426,55 | 19,8 | 57,7 | 535778 | 6068 |
| | | | 7935 | 8464 | 3180877 | 3437058 | 400,87 | 406,08 | 365,5 | 456,5 | 3136646 | 34480 |
| ELDORAIGNE | 3 + 0 | 3 + 0 | 1303 | 1284 | 683787 | 707155 | 524,78 | 550,74 | 203,6 | 243,0 | 592378 | 6699 |
| ERASMIA | 3 + 0 | 2 + 1 | 1074 | 976 | 401347 | 410663 | 373,69 | 420,76 | 36,6 | 37,9 | 402956 | 4526 |
| RASLOUW | 3 + 0 | 3 + 0 | 1392 | 1446 | 750702 | 778958 | 539,30 | 538,70 | 239,0 | 259,2 | 684090 | 7871 |
| VALHALLA | 2 + 0 | 2 + 0 | 1080 | 1141 | 382286 | 353097 | 353,97 | 309,46 | 67,1 | 45,8 | 350071 | 3969 |
| VALHALLA-SUID | 2 + 0 | 2 +0 | 922 | 951 | 366294 | 392593 | 397,28 | 412,82 | 87,6 | 108,8 | 341322 | 4163 |
| | | | 5771 | 5798 | 2584416 | 2642466 | 447,83 | 455,75 | 633,9 | 694,7 | 2370817 | 27229 |

| | PREDIKANTE: | | LIDMATE: | | INKOMSTE: | | BYDRAE/LIDMAAT: | | PUNTE: | | UITGAWES: | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 92 | 93 | 1992 | 1993 | 1992 | 1993 | 1992 | 1993 | 1993 | 1994 | 1992 | 1993 |
| PIERNEEF | 1 + 1 | 1 + 1 | 591 | 585 | 299017 | 317161 | 505,95 | 542,16 | 128,5 | 125,8 | 282947 | 357535 |
| PIERNEEFRANT | 1 + 1 | 1 + 1 | 444 | 486 | 238511 | 233324 | 537,19 | 480,09 | 81,5 | 77,9 | 242424 | 247601 |
| RIETFONTEIN NOORD | 3 + 0 | 3 + 1 | 1159 | 1159 | 626605 | 610509 | 540,64 | 526,75 | 45,8 | 96,2 | 583822 | 593777 |
| RIETFONTEIN SUID | 3 + 0 | 3 + 0 | 1112 | 1258 | 555607 | 507117 | 499,65 | 403,11 | 142,5 | 119,0 | 481760 | 587493 |
| VILLIERIA | 2 + 0 | 2 + 0 | 1092 | 1092 | 451202 | 554375 | 413,19 | 507,67 | 107,8 | 161,3 | 449604 | 451479 |
| VILLIERIA OOS | 2 + 0 | 2 + 0 | 965 | 948 | 350551 | 383772 | 363,27 | 404,82 | 57,2 | 93,3 | 371911 | 405442 |
| | | | 5363 | 5528 | 2521493 | 2606258 | 470,16 | 471,16 | 563,3 | 673,5 | 2412468 | 2643327 |
| LUGMAGGIMNASIUM | 3 + 0 | 3 + 0 | 25 | 19 | 37136 | 31367 | 1485,44 | 1650,89 | 1,0 | 1,0 | 39536 | 41872 |
| TEK | 3 + 0 | 3 + 0 | 197 | 185 | 56352 | 56002 | 286,05 | 302,71 | 1,0 | 1,0 | 59081 | 60888 |
| VOORTREKKERHOOGTE | 3 + 0 | 3 + 0 | 380 | 255 | 85953 | 88007 | 226,19 | 345,13 | 15,0 | 15,0 | 84729 | 106352 |
| VOORTREKKERHOOGTE OOS | 2 + 0 | 3 + 0 | 228 | 827 | 104039 | 90094 | 456,31 | 108,94 | 30,0 | 15,0 | 92139 | 106352 |
| VOORTREKKERHOOGTE WES | 3 + 0 | 3 + 0 | 270 | 278 | 60519 | 64248 | 224,14 | 231,11 | 9,9 | 10,0 | 70578 | 70791 |
| | | | 1100 | 1564 | 343999 | 329718 | 312,73 | 210,82 | 56,9 | 42,0 | 346063 | 367700 |
| ALBERTYN | 1 + 0 | 1 + 0 | 503 | 504 | 266713 | 299381 | 530,24 | 594,01 | 42,4 | 60,1 | 273409 | 282099 |
| ELLISRAS-WES | 3 + 0 | 3 + 0 | 1243 | 1145 | 478675 | 533730 | 385,10 | 466,14 | 1,0 | 1,9 | 528874 | 564730 |
| NYLSTROOM-OOS | 1 + 0 | 1 + 0 | 510 | 547 | 242408 | 271851 | 475,31 | 496,99 | 108,2 | 104,9 | 238620 | 265845 |
| SPRINGBOKVLAKTE | 1 + 0 | 1 + 0 | 142 | 143 | 240398 | 151407 | 1692,94 | 1058,79 | 15,1 | 1,0 | 184773 | 203055 |
| WARMBAD | 2 + 0 | 2 + 0 | 842 | 856 | 401956 | 427131 | 477,38 | 498,98 | 70,7 | 98,3 | 338323 | 367155 |
| WARMBAD-WES | 2 + 0 | 2 + 0 | 726 | 786 | 353529 | 432482 | 486,95 | 550,23 | 26,3 | 75,8 | 346289 | 406579 |
| WATERBERG | 3 + 0 | 3 + 0 | 1241 | 1358 | 655677 | 715244 | 528,35 | 526,69 | 117,4 | 181,8 | 617958 | 715103 |
| WATERBERG-NOORD | 1 + 0 | 1 + 0 | 324 | 343 | 216074 | 265326 | 666,90 | 773,54 | 1,0 | 34,1 | 188017 | 175756 |
| | | | 5531 | 5682 | 2855430 | 3096551 | 516,26 | 544,98 | 382,1 | 557,9 | 2716263 | 2980320 |
| DOORNPOORT | 1 + 0 | 1 + 2 | 958 | 1240 | 217571 | 290462 | 227,11 | 234,24 | 41,5 | 36,0 | 199513 | 241504 |
| KAMEELDRIF | 3 + 1 | 3 + 0 | 1298 | 1236 | 723900 | 670188 | 557,70 | 542,22 | 243,7 | 167,5 | 734688 | 726575 |
| MAGALIESKRUIN-PRETORIA | 3 + 1 | 3 + 1 | 1673 | 1923 | 814624 | 1015527 | 486,92 | 528,10 | 232,4 | 343,5 | 723168 | 814276 |
| MONTANA | 3 + 1 | 3 + 0 | 1933 | 1943 | 791767 | 991345 | 409,61 | 510,21 | 252,0 | 334,5 | 772049 | 836493 |
| OVERKRUIN | 5 + 0 | 5 + 0 | 2709 | 2542 | 1254891 | 1401299 | 463,23 | 551,26 | 385,0 | 356,0 | 1215392 | 1393459 |
| WONDERBOOM | 2 + 2 | 3 + 1 | 1188 | 1188 | 608290 | 712133 | 512,03 | 599,44 | 202,0 | 158,5 | 618620 | 662530 |
| | | | 9759 | 10072 | 4411043 | 5080954 | 452,00 | 504,46 | 1356,6 | 1396,0 | 4263430 | 4674837 |
| TOTAAL: | | | 130990 | 131477 | 54448675 | 57590064 | 415,67 | 438,02 | 10515,1 | 11812,7 | 54740051 | 59373486 |

## 6. AANBEVELINGS

6.1 In die lig van die huidige moeilike finansiële posisie van die gemeentes besluit die sinode dat:

6.1.1 Geen nuwe werksaamhede wat deur sinodale bydraes befonds word, goedgekeur word nie

6.1.2 Die moderamen opdrag ontvang om in oorleg met die Sinodale Kommissie vir Fondse en ander kommissies die sinodale besteding verder met inagneming van die dravermoë van die gemeentes in te kort.

6.2 Die sinode bekragtig die puntetal van gemeentes vir 1993/94 in tabel 4 soos deur die Sinodale Kommissie vir Fondse bereken en goedgekeur.

6.3 Die sinode bekragtig die puntwaarde vir 1993/94 op R515 per punt soos deur die Sinodale Kommissie vir Fondse bereken en goedgekeur.

| | |
|---|---|
| DS GJC VENTER<br>VOORSITTER SKF | DS AC SWANEPOEL<br>SKRIBA SKF |

# A 13.2 TWEEDE VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR FONDSE

## 1. PERSONEEL

1.1 Die Sinodale Kommissie vir Fondse bestaan uit sewe lede wat deur die sinode aangewys is, naamlik di GJC Venter (Voorsitter), JJ Grobler (Ondervoorsitter), AC Swanepoel (Skriba), AE van Niekerk, CC Swart, BJG Meyer en JJ Krige. Reeds direk na die sinodesitting in 1991 en voor die eerste vergadering van die Kommissie aanvaar ds JJ Krige 'n benoeming by die Bybelgenootskap van SA en word sy plek deur die eerste sekundus ds AJH Buitendag ingeneem.

1.2 Die Saakgelastigde mnr GJJ du Toit en senior personeellede van die Sinodale Kerkkantoor gemoeid met finansies, naamlik mnre PJ Avenant, CJ Lourens en MO du Bruyn is by die vergaderings en werksaamhede van die kommissie betrek.

## 2. VERGADERINGS

2.1 Die Dagbestuur het 6 keer vergader om dringende sake af te handel en verteenwoordigers op versoek van kerkrade te ontmoet. Spoedeisende sake word normaalweg direk na vergaderings van die Sinodale Kerkkantoorkommissie deur die Dagbestuur hanteer ter wille van tyd- en kostebesparing.

2.2 Die Sinodale Kommissie vir Fondse het behalwe van die vasgestelde twee vergaderings per jaar, waarvan een in Februarie/Maart van elke jaar om die jaarlikse begroting te finaliseer en een in Augustus/September van elke jaar vir die finalisering en vasstelling van die punteberekening, 5 addisionele vergaderings gehou. Twee vergaderings is aan die einde van 1992 gehou met die oog op die hantering van opdragte deur die moderamenskonferensie oor sinodale fondse en drie vergaderings is met die ondersoek na 'n formule vir die berekening van sinodale bydraes gehou. Prof Kobus Wolvaardt en mnr Daan Botes, wat verantwoordelik is vir die sogenaamde UNISA-Formule (Bedieningsbehoefte-formule), het twee van die vergaderings op uitnodiging adviserend meegemaak, terwyl ds JH Voges en mnr Louis Fourie van Lynnwood op uitnodiging ook een van die vergaderings bygewoon het.

## 3. WERKSWYSE VAN DIE KOMMISSIE

### 3.1 SINODALE FONDSE

Die volgende riglyne word ten opsigte van die beleid, die beheer en aanwending van die sinodale fonse neergelê.

#### 3.1.1 Die Algemene Reserwefonds

*1 Die doel van die Algemene Reserwefonds is om die sinodale besteding aan die goedgekeurde werksaamhede van die sinode te rugsteun en daarmee die likiditeit van die sinode te verseker.

*2 Die ideaal word gestel dat die Algemene Reserwefonds daartoe instaat behoort te wees om die totale sinodale besteding vir een finansiële jaar te dra.

#### 3.1.2 Die Stabilisasiefonds

*1 Die doel van die Stabilisasiefonds is om die lopende sinodale besteding te stabiliseer deur die aanvulling van regmatige uitgawes waarvoor tekort begroot is en die regmatige regstelling van sinodale bydraes van gemeentes na die datum waarop die punte vasgestel is.

*2 Alle oorskotte op die begroting word jaarliks na die jaareinde na die Stabilisasiefonds oorgedra.

*3 Oortrekking van die Stabilisasiefonds word deur middel van 'n lening by die Sinodale Kerkkantoor gefinansier.

#### 3.1.3 Trustfondse van die Kommissies van die Sinode

*1 Trustfondse onder die beheer van die kommissies van die sinode word jaarliks by wyse van die finansiële state van die sinode volledig verklaar.

*2 Geen toekennings uit die Trustfondse, of die renteverdienste daarop, mag buite die sinodale begroting om of sonder magtiging van die Sinodale Kommissie vir Fondse gedoen word nie.

#### 3.1.4 Fondse van die Kommissies van die Sinode

*1 Die onderskeie kommissies voorsien die Sinodale Kommissie vir Fondse jaarliks voor 31 Januarie van 'n per item gedetaileerde begrotingsaanvraag vir die werksaamhede wat deur die sinode goedgekeur is.

*2 Samespreking word met die onderskeie kommissies oor die begrotingsaanvrae gevoer, met die oog op die finalisering van die begroting binne die raamwerk van die beleid van die sinode.

*3 Oorskryding van 'n spesifieke begrotingsrekening is aan magtiging deur die Sinodale Kommissie vir Fondse onderworpe en die maatreël word ter wille van effektiewe begrotingsbeheer streng toegepas.

*4 Goedkeuring word daartoe verleen dat kommissies die nominale oorskryding van 'n begrotingsitem binne die spesifieke begrotingsrekening in oorleg met die Kerkkantoor kan uitruil, op die uitsluitlike voorwaarde dat die betrokke rekening nie daardeur oorskry word nie.

*5 Nuwe aanvrae op die begroting is soos in die geval van nuwe poste aan die goedkeuring van die sinode onderworpe.

#### 3.1.5 Die sinodale begroting

*1 Die sinodale begroting word jaarliks aan die hand van die begrotingsaanvrae en in samespreking met die onderskeie kommissies deur die dagbestuur voorberei en deur die Sinodale Kommissie vir Fondse goedgekeur.

*2 Die sinodale begroting mag volgens besluit van die Sinode (1987) nie hoër wees as 10% van die totale gemeentelike inkomste vir die jaarsyfers waarop die punte bereken word nie.

*3 Die finansiële state van die sinode word jaarliks deur die Kerkkantoor voorsien aan die kommissielede wat nie lede is van die Sinodale Kerkkantoorkommissie nie en is in ooreenstemming met die besluit van die sinode op aanvraag en op eie koste tot beskikking van kerkrade.

### 3.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE

#### 3.2.1 Prioriteitstelling

In die lig van:

* die huidige ekonomiese klimaat en die klaarblyklike toenemende finansiële eise wat daardeur aan gemeentes gestel word;

* die vinniger groei in die uitgawe teenoor die inkomste van gemeentes;

* die groei in die sinodale besteding teenoor die meer beperkte groei in die totale gemeentelike inkomste met 'n gevolglike hoë puntwaarde;

* die beperkte afname in die skuld van die gemeentes en die toename in die aantal gemeentes wat 'n negatiewe groei in gemeentekapitaal toon; en

* die toenemende las wat as gevolg hiervan ten opsigte van sinodale bydraes op die finansieel sterker gemeentes afgewentel word;

word die volgende prioriteite vir die Sinodale Kommissie vir Fondse gestel:

*1 Die sinodale uitgawes moet tot die dravermoë van die gemeentes ingekort word - die huidige puntwaarde van R690 moet met ten minste 40% ingekort word, met 'n puntwaarde van minder as R400 as ideaal

*2 Die trustinkomste van kommissies moet maksimaal vir die sinodale begroting aangewend word, met as uitgangspunt: Die sinode begroot by wyse van sinodale bydraes vir die tekort op die begroting

*3 Die pro-aktiewe verrekening van die voorsienbare inkorting van staatsubsidies

*4 Die opbou van 'n reserwefonds wat die sinodale bydraes vir ten minste een finansiële jaar kan dra met die oog op oorbrugging in onvoorsiene omstandighede

*5 Die uitskakeling van die huidige praktyk van uitstaande sinodale bydraes

*6 'n Bedieningsfonds wat die bedieningsnood van sekere gemeentes kan rugsteun.

**3.2.2 Doelstelling en doelwitte**

In die uitvoering van sy MISSIE (doelstellings) stel die kommissie dit as doelwit:

*1 Om die besluite van die sinode rakende die finansiële beleid van die sinode, die sinodale fondse, die sinodale begroting en die sinodale bydraes deur gemeentes met sorg uit te voer;

*2 Om in die uitvoering van genoemde besluite van die sinode beide die belang van die sinode en die belang van die samestellende gemeentes te dien;

*3 Om die sinodale begroting jaarliks in samewerking met die onderskeie kommissies van die sinode te finaliseer;

*4 Om goeie rentmeesterskap deur effektiewe begrotingsbeheer en kontrole toe te pas;

*5 Om die sinode te adviseer oor die beskikbaarheid van fondse in terme van die dravermoë en finansiële posisie van die samestellende gemeentes;

*6 Om die sinode en die onderskeie kommissies van die sinode te adviseer ten opsigte van die kostestruktuur en bekostigbaarheid van bestaande en nuwe werksaamhede in terme van beskikbare fondse;

*7 Om die befondsing van die sinodale werksaamhede te reël deur middel van 'n formule vir eweredige sinodale bydraes, soos dit van tyd tot tyd deur die sinode vasgestel word;

*8 Om die sinodale bydraes van die gemeentes jaarliks aan die hand van die finansiële state eweredig te bereken - eweredig tot die finansiële posisie van die totaal van gemeentes onderling en eweredig tot die bydraevermoë van elke gemeente afsonderlik;

*9 Om aan gemeentes adviserend leiding te gee oor die beheer en administrasie van fondse;

*10 Om deur middel van persoonlike skakeling deur die SKF-lede met toegewysde ringe en kerkrade en jaarlikse verslag aan kerkrade kommunikasie tussen die SKF en kerkrade daar te stel en uit te bou.

**3.3 UITVOERING**

**3.3.1 Vergaderings van die Sinodale Kommissie vir Fondse**

*1 Twee gereelde vergaderings word jaarliks gehou:

Januarie/Februarie - Sinodale begroting
September - Vasstelling van die punte en puntwaarde

*2 Indien vereis, word 'n vergadering deur die dagbestuur met tydige kennisgewing aan die lede belê.

**3.3.2 Dagbestuur**

*1 Die Dagbestuur word saamgestel deur die voorsitter, ondervoorsitter, skriba en personeel.

*2 Die Dagbestuur ontvang opdrag en volmag om:

*2.1 die notule van die vergaderings van die Sinodale Kommissie vir Fondse goed te keur;

*2.2 dringende sake en versoeke van sinodale kommissies te hanteer en af te handel;

*2.3 versoeke van kerkrade in oorleg met die lid van die Sinodale Kommissie vir Fondse wat vir die betrokke ring aangewys is, te hanteer en af te handel.

*3 Die Dagbestuur vergader gewoonlik na afloop van die Sinodale Kerkkantoorkommissie.

*4 Indien vereis, word 'n vergadering in oorleg met die voorsitter deur die skriba belê.

**3.3.3 Werksverdeling**

**3.3.3.1 Toedeling van ringe**

Ds GJC Venter - Hartbeesspruit, Pretoria-Oos, Sesmylspruit
Ds JJ Grobler - Wonderboom, Pretoria-Noord, Pretoria-Wes
Ds AC Swanepoel - Pretoria, Valhalla, Daspoort, Portugese Pretoria
Ds AE van Niekerk - Derdepoort, Eloffsdal, Villieria, Voortrekkerhoogte
Ds CC Swart - Krokodilrivier, Northam, Rustenburg
Ds AJH Buitendag - Pietpotgietersrus, Waterberg
Ds BJG Meyer - Louis Trichardt, Pietersburg

**3.3.3.2 Verteenwoordiging op kommissies**

*1 Sinodale Kerkkantoorkommissie

Die Dagbestuur: Di GJC Venter, JJ Grobler en AC Swanepoel

*2 Sinodale Bedieningsfondskommissie

Twee lede: Di JJ Grobler en AE van Niekerk

### 3.4 WERKSPROSEDURE

#### 3.4.1 Oogmerke

Die Sinodale Kommissie vir Fondse organiseer die uitvoering van sy taak so dat:

*1 nouer kontak en skakeling tussen die kommissie en gemeentes bewerkstellig kan word;

*2 inligting oor sinodale begrotingsaangeleenthede so effektief moontlik met optimale samewerking as oogmerk aan kerkrade deurgegee kan word;.

*3 die jaarlikse berekening van punte in nouer skakeling met die finansiële kommissies van die ringe en kerkrade hanteer word.

#### 3.4.2 Uitvoering

##### 3.4.2.1 Berekening van punte

*1 Elke kommissielid is verantwoordelik vir die berekening van die punte van die ringe/gemeentes wat aan hom toegewys is.

*2 Onduidelikhede en wysigings op die finansiële state word deur die kommissielid met die betrokke kerkraad so ver moontlik voor die finale vasstelling van die punte uitgeklaar en reggestel. Alle navrae deur kerkrade oor verskille ten opsigte van die berekening van punte moet voor die finale vasstelling van die punte gedien word.

*3 Na die jaarlikse vasstelling van die punte deur die Sinodale Kommissie vir Fondse in Augustus/September is die saak finaal afgehandel.

##### 3.4.2.2 Skakeling met kerkrade

*1 Elke kommissielid is verantwoordelik vir die roetineskakeling met die ringe/gemeentes wat aan hom toegewys is.

*2 Elke kommissielid ontvang volmag om jaarliks een besoek aan die ringe aan hom toegewys, te bring met vergoeding van reiskoste uit die sinodale fonds. Enige verdere besoeke geskied op uitnodiging van die ringe en/of kerkrade en die reiskoste word deur die betrokke ring en/of kerkrade vergoed.

##### 3.4.2.3 Hantering van versoeke van kerkrade

*1 Versoeke van kerkrade aan die Sinodale Kommissie vir Fondse word deur of in oorleg met die betrokke kommissielid gerig.

*2 Versoeke van kerkrade wat direk aan die skriba van die Sinodale Kommissie vir Fondse gerig word, word in oorleg met die betrokke kommissielid hanteer.

## 4. SPESIFIEKE OPDRAGTE VAN DIE SINODE

### 4.1 NETTO-RENTE EN PUNTEBEREKENING

#### 4.1.1 Opdrag (377 : 3.6.3)

Die sinode besluit dat die rente wat deur 'n gemeente verdien word en die rente wat betaal word teen mekaar verreken word en dat alleen die netto-rentebedrag vir aftrekking by die berekening van punte in aanmerking kom met inwerkingtreding op 1 April 1992.

#### 4.1.2 Uitvoering

Die Sinodale Kommissie vir Fondse het die lenings en beleggings van die gemeentes nagegaan. Afgesien van enkele gemeentes waar kleiner bedrae aan lenings en beleggings voorkom, was daar slegs een gemeente wat 'n bedrag van nagenoeg R900 000 as lenings by lidmate gehou en by die Sinodale Sentrum op belegging gehou het. Indien die renteverrekening vir die boekjaar 1992/93 toegepas sou word, het die betrokke gemeente laat blyk dat die belegging onttrek en die lenings aan lidmate vereffen sou moes word.

#### 4.1.3 Bevinding

*1 Die onttrekking van 'n bedrag van R900 000,00 by die Sinodale Sentrum, sou op daardie stadium voor die noodfinansieringsplan in werking gekom het, die reeds benarde posisie van die Sinodale Sentrum verder verswaar het.

*2 Die uitvoering van die besluit is ter wille van die finansiering van die Sinodale Sentrum vir die boekjaar 192/93 uitgestel. Die besluit van die sinode word na die verandering in die posisie van die Sinodale Sentrum vanaf 1 April 1993 toegepas.

#### 4.1.4 AANBEVELING

**Die sinode kondoneer die optrede van die Sinodale Kommissie vir Fondse en herbevestig die besluit dat die alleen die netto-rente vir die berekening van punte toegelaat word, met inwerkingtreding op 1 April 1993.**

### 4.2 BESKRYWINGSPUNTE 1991 RAKENDE PUNTEBEREKENING

#### 4.2.1 Opdrag (377:1.4.2.2)

Die sinode verwys die wenke en aanbevelings vir verdere ondersoek na die Sinodale Kommissie vir Fondse.

#### 4.2.2 Uitvoering

Die Sinodale Kommissie vir Fondse het in die ondersoek na 'n nuwe formule vir die berekening van sinodale bydraes al die voorstelle, wenke en aanbevelings, soos dit in die beskrywingspunte van 1991 vervat is, in ag geneem. Die resultaat van die ondersoek dien in die derde verslag van die Sinodale Kommissie vir Fondse.

### 4.3 RENTEHEFFING: UITSTAANDE SINODALE BYDRAES

#### 4.3.1 Opdrag (376:1.1.3.1) Voorstel: Primabankoortrekkings

(AR Vivier/D van Zyl) - verwys na SKF vir studie in die reses met rapport by die volgende sinode:

In die lig van die knellende finansiële toestand van die land en gemeentes, besluit die sinode om sy besluit van 1987 rakende primabankoortrekkingskoers plus twee persentasiepunte te herroep.

#### 4.3.2 Uitvoering

Die Sinodale Kommissie vir Fondse het aandag gegee.

*1 Aandag is gegee aan die nadelige uitwerking van laat oorbetalings van sinodale bydraes deur gemeentes na verstryking van die vasgestelde kwartaallikse keerdatums. Die Saakgelastigde word hierdeur in die dilemma geplaas dat fondse vir die uitvoering van sinodale werksaamhede aan die onderskeie kommissies oorbetaal moet word, terwyl die lopende rekening van die sinode nie oor die fondse daarvoor beskik is nie.

*2 Die verswarende uitwerking van die hoër renteheffing op die gemeentes wat finansiële probleme ondervind en as gevolg daarvan vir die langer termyn in die betaling van sinodale bydraes agterstallig raak, is ook in aanmerking geneem.

#### 4.3.3 Bevinding

*1 Die sinodale bydraes vir 'n periode van 120 dae en langer uitstaande het op 31 Maart 1993 op R681 449,49 te staan gekom. Die sinodale bydraes vir 60 tot 120 dae uitstaande het 'n verdere bedrag van R537 404,32 beloop. Die renteheffing teen prima bankoortrekkingskoers plus twee persentasiepunte ten spyt het die lopende rekening van die sinode, as gevolg van sinodale bydraes vir 60 dae en langer uitstaande, met 'n tekort van R1 218 853,81 te kampe gehad.

*2 Die sinode beskik nie oor 'n reserwefonds of stabilisasiefonds wat sterk genoeg is om in die oorbrugging van hierdie tekort te voorsien nie. Dusver kon die saak alleen as gevolg van die kundige en kreatiewe utilisering van ander beskikbare fondse deur die Saakgelastigde beredder word. Die uitstaande bedrag het tans hierdie moontlikheid oorgroei en sal die sinode daarom maatreëls moet tref om die tekort wat as gevolg van die uitstaande sinodale bydraes ontstaan, deur middel van lenings te finansier. Dit behels ook dat die Sinode vir die rente op hierdie lenings voorsiening sal moet maak, met die implikasie dat hierdie rente deur middel van die begroting en dus by wyse van sinodale bydraes deur die gemeentes voorsien moet word.

*3 Die gemeentes wat as gevolg van finansiële probleme oor die langer termyn agterstallig raak, word deur die hoër renteheffing verder negatief geraak.

#### 4.3.4 AANBEVELING

**Die sinode besluit dat:**

**4.3.4.1 Die besluit van 1987 dat rente op uitstaande sinodale bydraes teen prima bankoortrekkingskoers plus twee persentasiepunte gehef word, herroep word en dat rente vanaf 1 April 1993 teen prima bankoortrekkingskoers gehef word**

**4.3.4.2 Die Sinodale Kommissie vir Fondse opdrag ontvang om namens die sinode by die Sinodale Kerkkantoorkommissie vir 'n leningsreëling tot die bedrag van R1 000 000,00 aansoek te doen, ten einde die tekort aan uitstaande sinodale bydraes te finansier en om vir die rente op die lening voorsiening te maak.**

**4.3.4.3 Die sinode 'n ernstige beroep op elke kerkraad doen om toe te sien dat die sinodale bydraes nie later nie as die vasgestelde kwartaallikse keerdatum aan die Sinodale Kerkkantoor oorbetaal word, ten einde te voorkom dat daar 'n bykomende rentelas op die ander gemeentes afgewentel word.**

### 4.4 SINODALE BYDRAES AS LENINGS AAN DIE SINODE

#### 4.4.1 Opdrag (379:4.3)

Die sinode gee opdrag aan die SKF om aan die saak aandag te gee met verslag aan die volgende sinode of aan 'n moontlike buitengewone sinode.

#### 4.4.2 Uitvoering

Die buitengewone sinode met die oog op die posisie van die Sinodale Sentrum het nie gerealiseer nie. Die inwerkingstelling van die noodfinansieringsplan van die Sinodale Sentrum op 1 Desember 1992 en die voorafgaande konferensie van die Moderamen oor die fondse van die sinode het ook die saak op die tafel gebring. Die saak dien in die verslag van die Moderamen.

## 5. BEGROTING

### 5.1 OPDRAG - VGL KERKORDE 1991, BEP 35.4.4.2)

### 5.2 UITVOERING

#### 5.2.1 Begroting vir 1992/93

*1 Die begroting vir 1992/93 is in ooreenstemming met die opdrag hanteer.

*2 Begrotingsaanvrae is in ontmoeting met elke kommissie oorweeg voordat die begroting finaal vasgestel is.

*3 Begrotingsitems wat nuut aangevra is, is as nuwe werk beskou en is nie toegestaan nie.

*4 Begrotingsbeheer is deurgaans streng toegepas.

*5 Positiewe samewerking en ondersteuning is van al die kommissies in die hantering van die begroting en die toepassing van begrotingsbeheer verkry en dit word op prys gestel.

#### 5.2.2 Begroting 1993/94

##### 5.2.2.1 Algemene opmerkings

*1 Die begroting vir 1993/94 is afgesien van die hantering in terme van die opdrag, ook hanteer met die oog op die inkorting van die begroting in ooreenstemming met die doelwit wat met die Moderamen se konferensie oor sinodale fondse in November 1992 gestel is. Besonderhede oor die konferensie is in die verslag van die Moderamen afgehandel.

*2 Die verdienste op trustfondse wat deur kommissies gehou word, word vir 1993/94 en verder jaarliks na voorsiening vir groei in die belegging as inkomste op die begroting van die betrokke fondsrekenings aangewend. Slegs herhaalbare inkomstes op trustfondse word aangewend, met die oog daarop om 'n permanente inkorting op die sinodale bydraes van gemeentes te bewerkstellig.

*3 Die surplus op die verskillende fondsrekenings vir 1992/93 is nie in die inkomstebegroting vir 1993/94 ingewerk nie. Al die surplusse/tekorte op die verskillende fondsrekenings word na ontvangs van die finansiële state vir 1992/93 nagegaan en na die Stabilisasiefonds oorgedra, behalwe waar 'n surplus aan donasies deur lidmate en ander persone vir 'n spesifieke diens toegeskryf kan word, byvoorbeeld donasies aan die Evangelisasiespreekkamer, in welke geval die surplus as inkomste vir 1993/94 op die betrokke fondsrekening gehou word.

##### 5.2.2.2 Styging/daling in die sinodale uitgawe

*1 Die volgende tabel toon die vergelyking tussen die jaarlikse styging/daling in die totale uitgawes van die sinode en die persentasie styging in die totale gemeente inkomste. Die sinodale bydraes vir die Sinodale Sentrum is buite rekening gelaat. Tot met 1992/93 beloop die sinodale bydraes vir die Sinodale Sentrum R1 146 250 per jaar en is dit as lening aan die sinode vir die gemeentes aangeteken. Vanaf 1 April 1993 beloop die sinodale bydraes ten opsigte van die lening vir die deeleienaarsbelang van die sinode in die Sinodale Sentrum R600 000,00 per jaar en word dit as sinodale bydraes van die gemeentes gereken.

| Jaar | Begroting R | % Styging Begroting | % Styging Gem inkomste |
|---|---|---|---|
| 1989/90 | 6 207 349 | 1,9% | 15,13% |
| 1990/91 | 6 924 024 | 11,5% | 16,30% |
| 1991/92 | 7 296 311 | 5,38% | 13,30% |
| 1992/93 | 7 853 847 | 7,64% | 12,87% |
| 1993/94 | 7 056 970 | -10,15% | 9,83% |

*3 Die renteverdienste op die lening van gemeentes aan die sinode vir die Sinodale Sentrum het op 1 April 1992 verval. Tot 31 Maart 1992 was die renteverdienste by die totale gemeentelike inkomste ingesluit. Die rentebedrag wat vir 1991/92 gekapitaliseer is, het R2 013 748 beloop. Die totale inkomstegroei vir 1992/93 beloop 5,77%, maar met die verrekening van die renteverdienste kom die effektiewe groei in inkomste op 9,83% te staan.

#### 5.2.2.3 Styging/daling in die sinodale bydraes

| Jaar | Sinodale Bydraes + Sentrum | % + - | Sinodale Bydraes - Sentrum | % + - |
|---|---|---|---|---|
| 1990/91 | 5 812 706 | | 4 686 250 | |
| 1991/92 | 6 454 471 | 11,04% | 5 308 221 | 13,27% |
| 1992/93 | 7 291 049 | 12,96% | 6 144 799 | 15,76% |
| 1993/94 | 5 721 758 | -21,52% | 5 121 758 | -16,65% |

Die begroting vir 1993/94 vir sinodale bydraes deur gemeentes is met 16,65% op die vorige begroting ingekort. Die effektiewe resultaat hiervan, met inbegrip van die 9,83% styging in die totale inkomste van die gemeentes, word in die daling van die puntwaarde van R690 vir 1992/93 tot R515 vir 1993/94 gereflekteer. Die puntwaarde daal met 25,36% teenoor die vorige.

#### 5.2.2.4 Sinodale uitgawe en sinodale bydraes

| Jaar | Totale Uitgawe | Sinodale Bydraes | % van Uitgawes |
|---|---|---|---|
| 1987/88 | 5 647 615 | 3 898 942 | 69,0% |
| 1988/89 | 6 088 624 | 4 311 886 | 70,8% |
| 1989/90 | 6 207 349 | 4 296 627 | 69,2% |
| 1990/91 | 6 924 924 | 4 686 250 | 67,7% |
| 1991/92 | 7 296 311 | 5 308 221 | 72,8% |
| 1992/93 | 7 853 847 | 6 144 799 | 78,2% |
| 1993/94 | 7 656 970 | 5 121 758 | 66,9% |

*1 Die bydraes vir die Sinodale Sentrum is vir beide die sinodale uitgawe en die sinodale bydraes buite rekening gelaat. Dit geld ook vir 1993/94 ten einde 'n vergelykbare syfer met die vorige jare te verkry.

*2 Word die Sinodale Sentrum vir 1993/94 in berekening gebring is die totale uitgawe R8 256 970 en die sinodale bydraes R5 721 758, met die sinodale bydraes as 69,3% van die sinodale uitgawe.

#### 5.2.2.5 Fondse

#### 5.2.2.5.1 Verdeling tussen sinodes

*1 Die persentasie waarop die bydraes vir gesamentlike werk tussen die sinodes in Transvaal verdeel word, word jaarliks hersien aan die hand van die verdelingsbasis vir die begroting van die Algemene Sinode wat op lidmaatgetalle volgens die jaarboek gebaseer is.

*2 Die verdeling van die bydrae vir die Sinodale Sentrum is tot op 31 Maart 1993, as kapitale bydrae wat aan eienaarskap gekoppel is, op die vaste persentasie van 65,5% en 34,5% onderskeidelik van Noord-Transvaal en Oos-Transvaal gehef.

Sedert 1 April 1993 word die bydraes vir die Sinodale Sentrum in ooreenstemming met die uitstaande lening vir die deeleienaarsbelang deur Noord-Transvaal en Oos-Transvaal afsonderlik op begroting hanteer.

*3 Die sinodale bydraes vir die Teologiese Fakulteitsfonds op die gesamentlike begroting vir die vier sinodes toon 'n aansienlike daling as gevolg van dividende ten bedrae van R717 593 wat as inkomste aangewend is.

*4 Ter wille van die volledige insae van die verteenwoordigers van gemeentes word die volledige gespesifiseerde begroting soos volg aan die Sinode voorgelê:

* Opsomming van die begroting vir sinodale bydraes
* Opsomming van die uitgawe begroting
* Gesamentlike begroting vir die vier sinodes
* Gesamentlike begroting vir Noord- en Oos-Transvaal
* Begroting vir Noord-Transvaal

(Sien Bylae A)

#### 5.2.2.6 AANBEVELINGS

**5.2.2.6.1 Die sinode bekragtig die begroting vir 1993/94 soos deur die Sinodale Kommissie vir Fondse hanteer en goedgekeur.**

**5.2.2.6.2 Die sinode besluit dat alle surplusse/tekorte op die verskillende fondse van Noord-Transvaal jaarliks na die jaareinde na die Stabilisasiefonds oorgeplaas word, met die uitsondering van surplusse wat toegeskryf kan word aan skenkings van indiwidue of instansies vir 'n spesifieke werksaamheid en waar sodanige surplus dan vir die volgende begroting as inkomste op die betrokke fondsrekening aangewend word.**

## 6. BESKRYWINGSPUNTE

### 6.1 BESKRYWINGSPUNT B.8.1: RING VAN LOUIS TRICHARDT

"Die Ring van Louis Trichardt versoek die Sinode van Noord-Transvaal om bepaling 14.5 (KO 1991) van die Kerkorde so te wysig dat 'n gemeente nie aan 'n weduwee van 'n ontslape leraar ses maande se reiskoste hoef te betaal nie."

#### 6.1.1 Kommentaar

Die voorsiening by afsterwe van 'n leraar aan die weduwee en/of afhanklike kinders sluit die volle traktement en alle toelaes in, asook doeltreffende huisvesting of 'n huistoelaag volgens sinodale skaal, vir 'n periode van ses maande.

#### 6.1.2 AANBEVELING

**Die sinode neem van die beskrywingspunt kennis en verwys die versoek na die Regskommissie vir ondersoek en rapport.**

### 6.2 BESKRYWINGSPUNT B.8.2: RING VAN WATERBERG

"Die Sinode van Noord-Transvaal besluit om te begroot om geldelik by te dra tot die vereffening van die regskosterekening in die hersieningsaansoek van ds JL Reyneke teen die Ring van Waterberg, aangesien die Sinode die tweede respondent in hierdie saak is."

#### 6.2.1 Kommentaar

Op datum van die finalisering van die verslag word uitspraak in die saak afgewag.

**6.2.2 AANBEVELING**

**Die sinode neem van die beskrywingspunt kennis en besluit dat hangende die uitspraak:**

***1 die ring vir die regskosterekening aanspreeklik is: en**

***2 die ring in terme van bep. 7.10 aansoek doen vir ondersteuning van die sinode indien nodig.**

**6.3 BESKRYWINGSPUNT B.8.4: LYNNWOOD**

"Aanbeveling:

1. Die Sinode van Noord-Transvaal besluit ten gunste van 'n nuwe stelsel van eweredige bydraes waarin:

1.1 Beginsel

*1 Uitgegaan word van die beginsel dat alle gemeentes 'n roeping tot bediening in meerdere verband het en dat die verantwoordelikheid hiertoe op 'n billike basis onderling na vermoë verdeel moet word; 'n billike stelsel wat nie manipuleerbaar is nie.

*2 Dit gedoen word deurdat gemeentes 'n vasgestelde persentasie van hulle huidige inkomste kwartaalliks aan die sinode oorbetaal. Hierdie persentasie mag nie meer as 30% van 'n gemeente se aangepaste inkomste of meer as 12% van 'n gemeente se totale inkomste oorskry nie.

*3 Die sinode moet met sy beskikbare fondse uit gemeentes klaar kom en indien die Sinode om watter rede ookal sy begroting oorskry, mag dit nie van gemeentes verhaal word nie.

1.2 Bedieningsbehoeftes

Daar 'n berekeningstelsel uitgewerk word wat voorkeur voorsiening maak vir die redelike bedieningsbehoeftes van elke gemeente.

1.3 Inkomste

'n Gemeente se inkomste vir berekeningsdoeleindes gereken word as die somtotaal van alle inkomste gedurende die betrokke finansiële jaar met dien verstande dat kapitaalbedrae soos erflatings en bestaande beleggings of bedrae wat ontvang word vir oorbetaling nie as gemeente inkomste gereken word nie.

1.4 Aangepaste inkomste

Gemeentes se inkomste vir berekeningsdoeleindes aangepas word deur slegs die aftrekking van 'n vaste bedrag per predikantspos of gedeelte daarvan, toe te laat, met dien verstande dat:

*1 die sinode 'n vaste bedrag bepaal van wat dit 'n gemeente kos om 'n predikant op "maksimum skaal" voltyds in diens te hê. Die bedrag word jaarliks tussen sinodesittings deur die SFK hersien;

*2 volle aftrekking per predikantspos net geldig is vir elke predikant in voltydse diens van die gemeente;

*3 vir berekeningsdoeleindes word 700 lidmate beskou as die ekwivalent van één predikantspos;

*4 as 'n gemeente besluit om vir langer as ses maande nie 'n vakante pos te vul nie, so 'n pos nie in berekening gebring word vir aftrekking nie, behalwe in gevalle waar die ring én die SFK die magtiging daartoe gee;

*5 waar die berekende predikantspos op 'n breukdeel eindig omdat die lidmaattal meer as 700 lidmate per voltydse predikantspos oorskry, word 'n pro rata aftrekking (elke 100 lidmate = een sewende) toegestaan tot 'n maksimum van ses sewendes van 'n voltydse predikantspos.

1.5 Hulp aan gemeentes

Die sinode begroot vir hulp aan gemeentes.

1.5.1 Gemeentes wat nie die vasgestelde persentasie kan bekostig nie, die reg het om via die ring by die SKF aansoek te doen vir tegemoetkoming of hulp en die SKF gemagtig word om of 'n aangepaste persentasie, of kwytskelding of hulp vir 'n bepaalde tydperk met die gemeente te onderhandel

1.5.2 Die sinode gee aan SKF opdrag om 'n stelsel volgens bogenoemde riglyne uit te werk met die oog op implementering in April 1994.

1.5.3 Die sinode besluit dat die SKF saamgestel word uit finansieel- en bestuurskundige persone waarvan hoogstens die helfte predikante is met die oog op die uitwerk, bestuur en beheer van die begroting en die stelsel van eweredige bydraes.

**6.3.1 Kommentaar**

**6.3.1.1 Algemene opmerkings**

*1 Die Sinodale Kommissie vir Fondse hanteer reeds 'n opdrag van die sinode om die formule vir die berekening van sinodale bydraes te hersien. Alle voorstelle wat by wyse van beskrywingspunte en andersins voor die sinode in 1991 gedien het, asook alle voorstelle wat daarna ontvang is, het met die hersiening aandag geniet. Die resultaat van die ondersoek dien voor die sinode as vierde verslag van die Sinodale Kommissie vir Fondse.

*2 Die hele saak van sinodale bydraes en die formule vir die berekening daarvan het ook met die Moderamen se konferensie oor sinodale fondse aandag geniet. Die beskrywingspunt van Lynnwood is in teenwoordigheid van die verteenwoordigers van die kerkraad wat die konferensie op uitnodiging bygewoon het, soos al die ander voorstelle met inbegrip van die UNISA-formule, volledig aan die hand van gemeentesyfers vir 1991/92 bespreek.

*3 Par 1.5 van die aanbevelings raak die probleem van uitvoerbaarheid in terme van onteiendheid aan. Indien die aantal gemeentes wat met die toepassing van enige formule op 'n ad hoc-basis tegemoet gekom moet word bo 50% van die totale aantal gemeentes in gedrang bring, word die opdrag onuitvoerbaar. Die bedrag aan sinodale bydraes wat deur tegemoetkoming geraak word, word dan in elk geval, maar dan ad hoc na die ander gemeentes oorgeplaas.

*4 Die huidige probleem waarmee daar ten opsigte van die sinodale bydraes geworstel word, moet weer eens, soos telkens in die verlede reeds deur die Sinodale Kommissie vir Fondse gedoen is, hier beklemtoon word. Die probleem lê nie per se by die formule nie, maar by die uitgawestruktuur van die sinode wat die bydrae vermoë van die samestellende gemeentes oorgroei het. Hoe die formule ookal gewysig word, die vasgestelde bedrag vir die werksaamhede waarop die sinode besluit het, moet van die gemeentes verhaal word. Die formule wysig alleen maar die wyse waarvolgens die bedrag gevind moet word, terwyl die bedrag wat gevind moet word dieselfde bly.

*5 Enige formule wat voorsiening maak vir 'n persentasie bydrae deur gemeentes op die lopende inkomste van dieselfde jaar is onderhewig van 'n Stabilisasiefonds wat sterk genoeg is om die moontlike tekort op die begroting te dra. Die Sinodale Kommissie vir Fondse staan so 'n praktyk van sinodale bydraes voor, maar tot tyd en wyl die Reserwefonds en/of die Stabilisasiefonds sterk genoeg is om so 'n praktyk uitvoerbaar te maak, kan dit nie toegepas word nie.

**6.3.1.2 Beperking volgens inkomste persentasie en op oorskryding van begroting**

*1 Die beginsel soos gestel in aanbeveling 1.1, par 2 en 3 is nie uitvoerbaar nie.

*2 Die sinode besluit op bepaalde werksaamhede waarvoor 'n vasgestelde bedrag op die begroting vir die uitvoering van die opdrag deur 'n Kommissie voorsien word. Die aanbeveling in die beskrywingspunt impliseer dat die sinode aan 'n kommissie 'n opdrag gee en tegelyk die uitvoering van die opdrag beperk. Dit kan tog nie.

**6.3.1.3 Formule vir implementering op 1 April 1994**

Die opdrag soos in aanbeveling 2 van die beskrywingspunt geniet aandag in die vierde verslag van die Sinodale Kommissie vir Fondse.

**6.3.1.4 Samestelling van die SKF**

*1 Die samestelling van die SKF moet oorweeg word in terme van sy opdrag soos vervat in die Kerkorde en die doelwitstelling (Vgl par 3.2 van hierdie verslag) en werkswyse van die Sinodale Kommissie vir Fondse.

*2 Die uitwerk, bestuur en beheer van die begroting word binne die begrotingsraamwerk en -beleid soos dit deur die sinode goedgekeur is gedoen, terwyl die opdrag van die SKF en die uitvoering daarvan 'n gereelde en direkte skakeling met die ringe en kerkrade vereis. Waar die hantering van die begroting 'n vasgestelde beleid raak, moet 'n gewysigde samestelling nie die proses van skakeling met en die inspraak van kerkrade in die berekening van die sinodale bydraes, soos dit reeds sedert 1991 ontwikkel het in, gedrang bring nie.

6.3.2 AANBEVELING

**Aangesien die wesenlike inhoud van die beskrywingspunt reeds in die uitvoering van die opdrag van die SKF vir 'n ondersoek na 'n nuwe formule vir die berekening van punte volledig aandag geniet het en in die vierde verslag van die SKF voor die sinode dien, besluit die sinode om van die beskrywingspunt kennis te neem.**

6.4 BESKRYWINGSPUNT B.8.5: WIERDAPARK-SUID

"Die sinode gee opdrag aan die Sinodale Kommissie vir Fondse om, sodra 'n gemeente se punteaanslag met die oog op eweredige bydraes bereken is en dit van die gemeente/ring se berekening verskil, 'n volledige uiteensetting ter verduideliking aan die betrokke gemeente te voorsien."

6.4.1 Kommentaar

*1 Die huidige werkswyse van die SKF voorsien dat die lid van die SKF, wat vir die betrokke ringsgemeentes verantwoordelik is, jaarliks nadat die punteberekening gedoen is en voordat die punte finaal vasgestel word, met die Kerkraad skakel.

*2 Verder is dit reeds praktyk dat 'n afskrif van vorm D, soos deur die SKF hersien, aan kerkrade gelewer word.

6.4.2 AANBEVELING

**Die sinode neem kennis dat die versoek reeds in die praktyk uitvoering geniet en dra dit aan die Sinodale Kommissie vir Fondse op om sorg te dra dat elke gemeente jaarliks na vasstelling van die sinodale bydraes 'n afskrif van die vorm vir die berekening van sinodale bydraes ontvang.**

6.5 BESKRYWINGSPUNT B.8.6: UNIVERSITEITSOORD

"Die sentrale kerkraad van Universiteitsoord versoek die sinode om ondersoek in te stel na die moontlikheid om:

*1 Studentegemeentes slegs die minimum sinodale bydrae te laat betaal.

*2 Die basis van subsidiëring vir studentebearbeiding opnuut in oënskou te neem sodat daar groter eenvormigheid kan wees ten opsigte van die toekenning van sinodale hulp aan studentegemeentes."

6.5.1 Kommentaar

*1 Die studentegemeentes dra vir 1993/94 die volgende punte:

Universiteitsoord - 1,0 en 1,0 vir 1992/93;
Pretoria-Kollegerand - 3,5 en 1,7 vir 1992/93;
Pretoria-Wes (Studentewyk Technikon) - 1,0 en 1,0 vir 1992/93.

*2 Die studentegemeentes betaal dus reeds die minimum sinodale bydrae. Indien dit gebeur dat 'n gemeente 'n toekenning ontvang wat die tekort oorskry beteken dit dat die "oorsubsidiëring" by wyse van 'n sinodale bydrae verhaal word.

*3 Wat die basis van subsidiëring betref is die volgende reëling in die lig van bepaling 7.10 ten opsigte van studentebediening in die gemeentes Universiteitsoord, Pretoria-Kollegerand en Pretoria-Wes (Studentewyk Technikon) deur die sinode goedgekeur (Handelinge 1991, p. 317): Die sinode subsidieer studentebediening per begroting wat gespesifiseerd aan die hand van 'n jaarlikse inkomste- en uitgawestaat deur die betrokke gemeentes aan die Sinodale Kommissie vir Fondse voorgelê word. Hierdie reëling word tans in die praktyk toegepas.

*4 Eenvormigheid in die hantering van die toekenning aan die studentegemeentes word in beginsel toegepas. Die vasstelling van die toekenning aan die hand van 'n inkomste- en uitgawestaat bring egter mee dat die indiwiduele aard en samestelling van elk van die gemeentes 'n rol speel.

6.5.2 AANBEVELING

**Die sinode neem van die beskrywingspunt kennis en dra dit aan die Sinodale Kommissie vir Fondse op om met die betrokke kerkrade in gesprek te tree.**

6.6 BESKRYWINGSPUNT B.8.7: RING VAN PRETORIA-NOORD

"Die sinode besluit dat slegs die mediese bydraes van emeritus-predikante wat steeds lidmate van die Ned Geref Kerk is, van sinodale kant af gesubsidieer sal word."

6.6.1 Kommentaar

Die reëling word reeds so ver moontlik in die praktyk toegepas.

6.6.2 AANBEVELING

**Die sinode keur die beskrywingspunt goed en dra dit aan die Sinodale Kerkkantoorkommissie op om praktiese maatreëls vir die uitvoering hiervan te ondersoek en toe te pas.**

### 6.7 BESKRYWINGSPUNT B.8.8: QUAGGAPOORT

"Dit word vriendelik versoek dat die hoogeerwaarde sinode dit ernstig sal oorweeg om gemelde skulde aan gemeentes te omskep in aandeelhouding deur die gemeentes."

#### 6.7.1 Kommentaar

*1 Die wenslikheid sowel as die moontlikheid daarvan om die lenings van gemeentes aan die sinode vir die sinodale sentrum in deeleienaarskap te omskep het volledig aandag geniet ten tye van die konferensie van die Moderamen oor sinodale fonse.

*2 Alhoewel die konferensie oor die wenslikheid van so 'n stap positief geoordeel het, is dit op grond van die volgende praktiese redes nie uitvoerbaar gevind nie:

*2.1 Die aandeel van die sinode wat deur middel van 'n lening van nagenoeg R5 800 000 sou vir die doel aan gemeentes toegeken moes word. Daarmee sou die gemeentes die volle las van die lening vir 'n periode van sê 15 jaar of langer by wyse van sinodale bydraes moet dra, met 'n groter bykomende las op veral die gemeentes wat reeds 'n hoë sinodale bydrae dra.

*2.2 Die rendement op die genoemde eienaarsaandeel van die sinode sal na aflossing van die huidige lening aangewend kan word om die lenings van die gemeentes terug te betaal. Indien die sinode se eienaarsaandeel aan die gemeentes oorgedra word, sal dit beteken dat die sinode oor geen bron beskik om die lenings van gemeentes te delg nie.

#### 6.7.2 AANBEVELING

**Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

### 6.8 BESKRYWINGSPUNT B.8.9: RING VAN PRETORIA-WES

"Studentewyk (Pretoria-Wes) vra dat daar dringend oorweging geskenk word aan aanpassing aan die subsidie aan die gemeentewyk volgens aanbeveling 3.10.2.5.(3.) van die genoemde agenda (1991). Die genoemde aanbeveling dien as beskrywingspunt aan die sinode.

(Die sinode subsidieer studentebediening per begroting wat gespesifiseerd aan die hand van 'n jaarlikse inkomste- en uitgawestaat deur die betrokke gemeentes aan die Sinodale Kommissie vir Fondse voorgelê word.)"

#### 6.8.1 Kommentaar

Die aanvanklike reëling dat die sinode wat Pretoria-Wes betref vir 'n leraarspos vir studentebediening begroot, word steeds toegepas.

#### 6.8.2 AANBEVELING

**Die sinode keur die voorsiening van 'n billike bedrag vir administrasie aan die Studentewyk (Pretoria-Wes) goed en verwys dit na die Sinodale Kommissie vir Fondse om die bedrag in oorleg met die Kerkraad vas te stel.**

## 7. FORMULE VIR BEREKENING VAN SINODALE BYDRAES

Verslag oor die ondersoek en resultaat dien as vierde verslag van die Sinodale Kommissie vir Fondse.

## 8. ANDER SAKE

### 8.1 REISKOSTE EN DAGGELDE - SINODEGANGERS

Voldoende voorsiening is op die begroting onder koste eie sinode vir die reiskoste en daggelde gemaak.

### 8.2 HONORARIA - SINODESITTING

8.2.1 Die sinode het in 1987 besluit (554: 5.7.2) dat, met die uitsondering van die Moderatuur, alle afgevaardigdes na die sinode ten opsigte van honoraria op gelyke basis behandel word.

#### 8.2.2 AANBEVELING

**Die sinode keur die volgende honoraria goed vir dienste tydens die sinodesitting deur die Moderatuur gelewer:**

| | |
|---|---|
| Moderator | R500 |
| Assessor | R400 |
| Aktuarius | R380 |
| Skriba | R460 |
| Assistent-Skriba | R380 |

## 9. SLOT

Die Sinodale Kommissie vir Fondse vertrou dat die opdrag van die kommissie met verantwoordelikheid teenoor alle betrokkenes uitgevoer is en bid die vergadering die seën van die Here op die verdere werksaamhede toe.

| | |
|---|---|
| DS GJC VENTER<br>VOORSITTER | DS AC SWANEPOEL<br>SKRIBA |

BYLAE A

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL

## *F I N A L E   B E G R O T I N G*

GESAMENTLIKE FONDSE TUSSEN

**NOORD–, OOS–, SUID– EN WES–TRANSVAAL**

GESAMENTLIKE FONDSE TUSSEN

**NOORD– EN OOS–TRANSVAAL**

EIE FONDSE

**SINODE OOS–TRANSVAAL**

**1993/94**

**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL**

BEGROTING NOORD-TRANSVAAL 1993/94
OPSOMMING VAN SINODALE BYDRAES

| | | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 | % VAN BEGROTING | BLADSY NOMMER |
|---|---|---|---|---|---|
| **1.** | **GESAMENTLIKE FONDSE OOS-, SUID- EN WES-TRANSVAAL** | | | | |
| 1.1 | Argieffonds | 136 029 | 143 738 | 2.51 | 1 |
| 1.2 | Bloedrivierkommissie | 1 571 | 25 212 | 0.44 | 2 |
| 1.3 | Suid-Mosambiek Sending | 31 501 | 46 812 | 0.82 | 2 |
| 1.4 | Teologiese Fakulteitsfonds | 257 045 | 59 774 | 1.04 | 3 |
| 1.5 | Ned Geref Kerk in Afrika Kuratorium | 33 156 | 51 198 | 0.89 | 4 |
| 1.6 | Teologiese Studente Opleidingsfonds | 32 981 | 378 | 0.01 | 5 |
| 1.7 | Versorgingsfonds | 45 545 | 29 887 | 0.52 | 6 |
| 1.8 | Transoranje Instituutfonds | 49 895 | 55 114 | 0.96 | 6 |
| 1.9 | NG Kerkboekhandel | – | 40 898 | 0.71 | 6 |
| 1.10 | Administrasieheffingsfonds | 52 016 | 516 891 | 9.03 | 7 |
| | | 639 739 | 969 902 | 16.93 | |
| **2.** | **GESAMENTLIKE FONDSE : NOORD- EN OOS-TRANSVAAL** | | | | |
| 2.1 | Bediening van Dowes | 76 205 | 78 012 | 1.36 | 8 |
| 2.2 | Indiërsending | 47 328 | 58 584 | 1.02 | 8 |
| 2.3 | Sendingkommissies | 293 287 | 296 568 | 5.18 | 9 |
| 2.4 | Sinodale Sentrumfonds | 1 146 250 | – | – | 12 |
| 2.5 | Administrasieheffingsfonds | 27 661 | – | – | 12 |
| | | 1 590 731 | 433 164 | 7.56 | |
| **3.** | **EIE FONDSE NOORD-TRANSVAAL** | | | | |
| 3.1 | Diens van Barmhartigheid | | | | |
| 3.1.1 | SKDB Sekretariaat | 198 880 | 195 267 | 3.41 | 20 |
| 3.1.2 | Sielkundigedienste | 60 500 | 3 000 | 0.05 | 20 |
| 3.1.3 | Wetsoortredersorg | 19 125 | – | – | 27 |
| 3.1.4 | SKDB Maatskaplike Werkdienstefonds | 558 860 | 363 800 | 6.36 | 24 |
| 3.1.5 | Inrigtingsfonds | 644 000 | 497 750 | 8.70 | 24 |
| 3.1.6 | SKDB Administratiewe Dienstefonds | 91 580 | 104 378 | 1.82 | 32 |
| 3.1.7 | Sinode Midde-Afrika | 2 000 | 2 000 | 0.03 | 24 |
| 3.1.8 | Hospitaalbedieningsfonds | 327 075 | 300 000 | 5.24 | 16 |
| | | 1 902 020 | 1 466 195 | 25.61 | |
| 3.2 | Evangelisasie | | | | |
| 3.2.1 | Administrasiefonds | 327 345 | 251 422 | 4.39 | 13 |
| 3.2.2 | Bedieningsfonds | 100 | 100 | – | 15 |
| 3.2.3 | Evangeliesasiespreekkamer | 21 840 | 51 654 | 0.90 | 15 |
| 3.2.4 | Gratis Traktaatjiesfonds | 100 | – | – | 32 |
| 3.2.5 | Bediening in Portugal | 10 000 | 10 000 | 0.17 | 14 |
| | | 359 385 | 313 176 | 5.46 | |

| | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 | % VAN BEGROTING | BLADSY NOMMER |
|---|---|---|---|---|
| 3.3 Jeug | | | | |
| 3.3.1 Administrasiefonds | 108 490 | 41 837 | 0.73 | 18 |
| 3.3.2 Bearbeiding Studerende Jeugfonds | 425 740 | 448 650 | 7.84 | 14 |
| 3.3.3 Bearbeiding Verpleegsters | 5 000 | 5 000 | 0.09 | 15 |
| | 539 230 | 495 487 | 8.66 | |
| 3.4 Sending | | | | |
| 3.4.1 Administrasiefonds | 64 490 | 63 254 | 1.11 | 19 |
| 3.4.2 Sending Breër Verband | 10 164 | 8 198 | 0.14 | 19 |
| 3.4.3 Sending Ringe | 943 675 | 716 848 | 12.53 | 20 |
| 3.4.4 Kleurlingsending | 27 880 | 31 920 | 0.56 | 19 |
| 3.4.5 Indiërsending | 132 290 | 134 840 | 2.36 | 18 |
| | 1 178 499 | 955 060 | 16.70 | |
| 3.5 Ander fondse | | | | |
| 3.5.1 Algemene Reserwefonds | 100 | 100 | – | 13 |
| 3.5.2 Sinodalefonds | 393 171 | 442 347 | 7.73 | 23 |
| 3.5.3 Vrouediensfonds | 51 000 | 36 527 | 0.64 | 29 |
| 3.5.4 Pastorieëfonds | 9 950 | 9 800 | 0.17 | 30 |
| 3.5.5 Stabilisasiefonds | 315 419 | | – | |
| 3.5.6 Sinodale Sentrumfonds | – | 600 000 | 10.49 | 33 |
| Berekening van admin heffing | 311 805 | – | – | 31 |
| | 1 081 445 | 1 088 774 | 19.03 | |
| **TOTAAL EIE FONDSE** | 5 060 579 | 4 318 692 | 75.48 | |
| **GESAMENTLIKE 4 SINODES** | 639 739 | 969 902 | 16.95 | |
| **GESAMENTLIK NOORD– EN OOS–TVL** | 1 590 731 | 433 164 | 7.57 | |
| **TOTAAL** | 7 291 049 | 5 721 758 | 100.00 | |
| **TOTAAL SONDER SENTRUM** | 6 144 799 | 5 121 758 | 89.51 | |
| **PUNTE** | 10566.8 | | | |
| **WAARDE PER PUNT** | R690.00 | | | |

## OPSOMMING VAN UITGAWES

| | | TOEKENNING 1991/92 | TOEKENNING 1992/93 | TOEKENNING 1993/94 |
|---|---|---|---|---|
| **1.** | **GESAMENTLIKE FONDSE : 4 SINODES** | | | |
| 1.1 | Argieffonds | 395 727 | 433 076 | 457 890 |
| 1.2 | Bloedrivierkommissie | 5 940 | 5 000 | 85 140 |
| 1.3 | Suid-Mosambiek Sending | 136 581 | 150 687 | 126 836 |
| 1.4 | Teologiese Fakulteitsfonds | 730 203 | 826 353 | 907 593 |
| 1.5 | Ned Geref Kerk in Afrika Kuratorium | 366 800 | 117 560 | 162 740 |
| 1.6 | Teologiese Studente Opleidingsfonds | 1 033 875 | 923 500 | 665 575 |
| 1.7 | Versorgingsfonds | 162 335 | 145 002 | 95 000 |
| 1.8 | Transoranje Instituutfonds | 136 367 | 158 850 | 175 188 |
| 1.9 | NG Kerkboekhandel | 50 000 | – | 130 000 |
| 1.10 | Administrasieheffingsfonds | 181 250 | 165 602 | 1 643 010 |
| 1.11 | Skrif en Kerk | 3 000 | – | – |
| | **Subtotaal 1** | 3 202 078 | 2 925 630 | 4 448 972 |
| | **Noord-Transvaal** | 1 014 418 | 918 940 | 1 399 647 |
| **2.** | **GESAMENTLIKE FONDSE : 2 SINODES** | | | |
| 2.1 | Evangelisasie | | | |
| 2.1.1 | Bediening van Dowes | 104 556 | 121 210 | 124 600 |
| 2.2 | Sending | | | |
| 2.2.1 | Sendingkommissies | 457 939 | 520 493 | 529 360 |
| 2.2.2 | Indiërsending | 76 975 | 91 582 | 93 570 |
| | | 534 914 | 612 075 | 622 930 |
| 2.3 | Ander fondse | | | |
| 2.3.1 | Sinodale Sentrumfonds | 1 750 000 | 1 750 000 | – |
| | Administrasieheffing | 38 368 | 43 997 | – |
| | **Subtotaal 2** | 2 427 838 | 2 527 282 | 747 530 |
| | **Noord-Transvaal** | 1 575 321 | 1 588 902 | 468 029 |
| **3.** | **FONDSE VAN NOORD-TRANSVAAL** | | | |
| 3.1 | Diens van Barmhartigheid | | | |
| 3.1.1 | SKDB Sekretariaat | 109 550 | 198 880 | 213 267 |
| 3.1.2 | Sielkundigedienste | 86 917 | 60 500 | 51 800 |
| 3.1.3 | Wetsoortredersorg | 108 170 | 21 960 | – |
| 3.1.4 | SKDB Maatskaplike Werkdienstefonds | 1 573 891 | 1 664 410 | 1 517 206 |
| 3.1.5 | Inrigtingsfonds | 545 250 | 748 000 | 603 250 |
| 3.1.6 | SKDB Administratiewe Dienstefonds | 382 520 | 437 680 | 525 038 |
| 3.1.7 | Sinode Midde-Afrika | 1 740 | 2 000 | 2 000 |
| 3.1.8 | Hospitaalbedieningsfonds | 343 825 | 386 135 | 388 310 |
| | | 3 151 863 | 3 519 565 | 3 300 871 |
| 3.2 | Evangelisasie | | | |
| 3.2.1 | Administrasiefonds | 388 645 | 337 345 | 251 422 |
| 3.2.2 | Bedieningsfonds | 500 | 100 | 100 |
| 3.2.3 | Evangelisasiespreekkamer | 88 430 | 89 840 | 89 330 |
| 3.2.4 | Gratis Traktaatjiesfonds | 100 | 100 | 4 000 |
| 3.2.5 | Bediening in Portugal | 15 840 | 10 000 | 10 000 |
| | | 493 515 | 437 385 | 354 852 |

**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL**
GESAMENTLIKE BEGROTING 1993/1994
Afdeling...: 01 Sinodale fondse
Subafdeling: 01 GESAMENTLIK (W N S O)
Fonds......: 06 ARGIEFFONDS (G)

| | BEGROTING 1990/91 | BEGROTING 1991/92 | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | | |
| 20164 Donasies | | | 0 | 0 |
| 20834 Sinodale bydrae W–Tvl | 88 998 | 97 151 | 108 659 | 113 811 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 110 105 | 125 366 | 136 029 | 143 738 |
| 20826 Sinodale bydrae S–Tvl | 92 044 | 100 515 | 108 052 | 113 491 |
| 20818 Sinodale bydrae O–Tvl | 63 003 | 72 695 | 80 336 | 85 850 |
| 20958 Verandering van registers | | | 0 | 0 |
| FGM du Toit Trustfonds | | | 0 | 1 000 |
| Totale inkomste: | 354 150 | 395 727 | 433 076 | 457 890 |
| **UITGAWES** | | | | |
| 40022 Admin Heffing betaal | | | 0 | 0 |
| 40220 Boeke en tydskrifte | 650 | 839 | 996 | 1 100 |
| 40352 Diverse Uitgawes | 300 | 0 | 0 | 0 |
| 40410 Elektrisiteit betaal | 14 400 | 15 000 | 9 500 | 8 760 |
| 40782 Kantoorhuur betaal | 135 960 | 149 600 | 170 000 | 192 840 |
| 40808 Kantoortoerusting | 0 | | 0 | 0 |
| 41137 Ongevalle Versekering | 420 | 220 | 240 | 250 |
| 41434 Pensioenaandele | 8 040 | 9 840 | 11 280 | 11 880 |
| 41509 Posgeld | 700 | 700 | 950 | 700 |
| 41640 Rente subsidies | 10 850 | 14 120 | 8 840 | 6 200 |
| Argivaris | 4 850 | 4 720 | 3 900 | 2 455 |
| Tweedepos | 6 000 | 0 | 0 | 0 |
| Leeskamer–Assistente | 0 | 5 400 | 4 940 | 3 745 |
| Tekort begroot | 0 | 4 000 | 0 | 0 |
| 41699 Salarisse en toelae | 99 400 | 126 448 | 146 560 | 148 410 |
| Argivaris | | | | |
| Traktament | 48 240 | 54 600 | 62 760 | 65 880 |
| Diensbonus | 4 020 | 4 550 | 5 230 | 5 490 |
| Huistoelaag | 12 240 | 12 240 | 14 160 | 14 160 |
| Reistoelaag | 1 440 | 18 000 | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 2 500 | 3 576 | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 080 | 930 | 1 020 | 1 020 |
| | 69 520 | 93 896 | 109 030 | 111 750 |
| Tweedepos | 29 880 | 32 552 | 37 530 | 36 660 |
| 41806 Skryfbehoeftes, druk– en | 12 430 | 10 000 | 10 000 | 14 000 |
| 41848 Studentehulp | 3 600 | 0 | 0 | 0 |
| 41905 Telefoon | 1 200 | 1 200 | 1 610 | 1 680 |
| 41954 Tikstersheffing | 54 000 | 62 000 | 71 300 | 68 520 |
| 42002 Toerusting vervanging | 6 000 | 810 | 0 | 1 000 |
| 42051 Vergaderingskoste | 1 800 | 1 450 | 800 | 500 |
| 42101 Versekering | 1 400 | 500 | 1 000 | 2 050 |
| 42317 Herstelwerk Boeke | 3 000 | 3 000 | 0 | 0 |
| Totale uitgawes: | 354 150 | 395 727 | 433 076 | 457 890 |

| | TOEKENNING 1991/92 | TOEKENNING 1992/93 | TOEKENNING 1993/94 |
|---|---|---|---|
| 3.3 Jeug | | | |
| 3.3.1 Administrasiefonds | 80 040 | 108 490 | 56 837 |
| 3.3.2 Bearbeiding Studerende Jeugfonds | 368 120 | 425 740 | 448 650 |
| 3.3.3 Bearbeiding Verpleegsters | 5 000 | 5 000 | 5 000 |
| | 453 160 | 539 230 | 510 487 |
| 3.4 Sending | | | |
| 3.4.1 Administrasiefonds | 110 780 | 101 140 | 85 004 |
| 3.4.2 Sending Breër Verband | 12 250 | 10 164 | 8 198 |
| 3.4.3 Sending Ringe | 785 149 | 958 575 | 866 848 |
| 3.4.4 Kleurlingsending | 24 240 | 27 880 | 31 920 |
| 3.4.5 Indiërsending | 59 689 | 132 290 | 134 840 |
| | 992 108 | 1 230 049 | 1 126 810 |
| 3.5 Ander fondse | | | |
| 3.5.1 Algemene Reserwefonds | 100 | 100 | 100 |
| 3.5.2 Sinodalefonds | 338 394 | 393 171 | 449 847 |
| 3.5.3 Vrouediensfonds | 81 410 | 51 000 | 36 527 |
| 3.5.4 Pastorieëfonds | 10 980 | 9 950 | 9 800 |
| 3.5.5 Sinodale Sentrumfonds | – | – | 600 000 |
| 3.5.6 Administrasieheffing | 331 292 | 311 805 | – |
| | 762 176 | 766 026 | 1 096 274 |
| **Subtotaal 3 Noord–Transvaal** | 5 852 822 | 6 492 255 | 6 389 294 |
| **GROOT TOTAAL** | 8 442 561 | 9 000 097 | 8 256 970 |
| Styging | | 557 536 | (743 127) |
| | | 6.60% | –8.26% |
| **Sonder die Sinodale Sentrum Totaal** | 7 296 311 | 7 853 847 | 7 656 970 |
| Styging | | 557 536 | (196 877) |
| | | 7.64% | –2.51% |

| | BEGROTING 1990/91 | BEGROTING 1991/92 | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|---|---|
| Fonds......: 12 BLOEDRIVIERMONUMENTFONDS (G) | | | | |
| **INKOMSTE** | | | | |
| 20834 Sinodale bydrae W–Tvl | 1 493 | 1 458 | 1 255 | 19 963 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 1 847 | 1 882 | 1 571 | 25 212 |
| 20826 Sinodale bydrae S–Tvl | 1 544 | 1 509 | 1 248 | 19 907 |
| 20818 Sinodale bydrae O–Tvl | 1 057 | 1 091 | 928 | 15 058 |
| 22285 Toegangsgelde | | | 0 | 5 000 |
| Totale inkomste: | 5 941 | 5 940 | 5 002 | 85 140 |
| **UITGAWES** | | | | |
| 40352 Tekort begroot | 0 | 0 | 0 | 22 000 |
| 40683 Instandhouding algemeen | | | 0 | 600 |
| 41699 Salarisse en toelaes | | | 0 | 60 900 |
| 41806 Skryfbehoeftes druk en | | | 0 | 200 |
| 41905 Telefoon | | | 0 | 1 440 |
| 41988 Toekennings | 5 940 | 5 940 | 5 000 | 0 |
| Totale uitgawes: | 5 940 | 5 940 | 5 000 | 85 140 |

| | BEGROTING 1990/91 | BEGROTING 1991/92 | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|---|---|
| Fonds......: 34 SUID–MOSAMBIEK SENDING (G) | | | | |
| **INKOMSTE** | | | | |
| 20073 Bydrae NGKA/N–Tvl | 2 000 | 2 000 | 2 000 | 2 000 |
| 20081 Bydrae NGKA/S–Tvl | 2 000 | 2 000 | 2 000 | 2 000 |
| 20107 Noord Kaap | 12 000 | | 0 | 0 |
| 20438 Onttekking uit belegging | | 7 000 | 0 | 0 |
| 20693 Rente ontvang spes | 5 000 | | 0 | 0 |
| 21394 Wes Kaap | 44 895 | 47 636 | 61 419 | 0 |
| 22160 Donasies | 14 750 | 19 798 | 10 000 | 11 000 |
| 21402 Surplus vorige jaar | 8 600 | | 0 | 0 |
| | 89 245 | 78 434 | 75 419 | 15 000 |
| 20834 Sinodale bydrae W–Tvl | 14 263 | 19 135 | 25 163 | 37 065 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 17 645 | 24 693 | 31 501 | 46 812 |
| 20818 Sinodale bydrae O–Tvl | 10 097 | 14 318 | 18 604 | 27 959 |
| | 42 005 | 58 146 | 75 268 | 111 836 |
| Totale inkomste: | 131 250 | 136 580 | 150 687 | 126 836 |
| **UITGAWES** | | | | |
| 40352 Tekort begroot | 0 | 0 | 0 | 16 268 |
| 40360 Dosente Ricatla (1/2 pos) | 82 635 | 90 571 | 105 898 | 57 110 |
| Traktement | 48 240 | 54 600 | 62 760 | 32 940 |
| Reistoelaag | 15 480 | 18 000 | 18 000 | 9 000 |
| Diensbonus | 4 020 | 4 550 | 5 230 | 2 745 |
| Groepversekering | 1 080 | 930 | 1 020 | 510 |
| Mediese skema | 2 500 | 3 576 | 7 860 | 3 600 |
| Water & ligte | 940 | 690 | 1 028 | 565 |
| Vervoertoelaag (Gesin) | 8 875 | 6 500 | 8 000 | 6 500 |
| Telefoon | 1 500 | 1 725 | 2 000 | 1 250 |

| | BEGROTING 1990/91 | BEGROTING 1991/92 | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|---|---|
| 40634 Hulpverlening | 18 150 | 17 250 | 17 250 | 17 250 |
| 41137 Ongevalle Versekering (1/2 pos) | 420 | 220 | 240 | 125 |
| 41434 Pensioenaandele (1/2 pos) | 8 040 | 9 840 | 11 280 | 5 940 |
| 41442 Pensioenbydraes Ds PD Tembe | 2 640 | 4 200 | 4 704 | 5 175 |
| 41806 Skryfbehoeftes, druk- en | 0 | 500 | 500 | 500 |
| 42051 Vergaderingskoste | 12 000 | 0 | 2 000 | 2 200 |
| 42531 Hulpverlenings Sinodaal (1/2 pos) | 5 060 | 4 700 | 4 700 | 2 350 |
| 42606 Pastorie (instandhouding) (1/2 pos) | 2 305 | 2 300 | 2 300 | 1 150 |
| 43901 Mosambiek Teologiese Opleiding (1/2 pos) | 0 | 7 000 | 0 | 2 500 |
| 41152 Onvoorsien | 0 | 0 | 1 815 | 0 |
| Totale uitgawes: | 131 250 | 136 581 | 150 687 | 126 836 |

Fonds......: 35 SKRIF EN KERK (G)

**INKOMSTE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20834 Sinodale bydrae W-Tvl | 754 | 737 | 0 | 0 |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 933 | 950 | 0 | 0 |
| 20826 Sinodale bydrae S-Tvl | 780 | 762 | 0 | 0 |
| 20818 Sinodale bydrae O-Tvl | 534 | 551 | 0 | 0 |
| Totale inkomste: | 3 001 | 3 000 | 0 | 0 |

**UITGAWES**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 41988 Toekennings | 3 000 | 3 000 | 0 | 0 |
| Totale uitgawes: | 3 000 | 3 000 | 0 | 0 |

Fonds......: 37 TEOLOGIESE FAKULTEITSFONDS (G)

**INKOMSTE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20156 Dividende ontvang | | | 0 | 717 593 |
| 20164 Donasies | | | 0 | 0 |
| 20644 Rente ontvang - Kapitaalf | 8 000 | 8 000 | 8 000 | 0 |
| | 8 000 | 8 000 | 8 000 | 717 593 |
| 20834 Sinodale bydrae W-Tvl | 107 421 | 177 301 | 205 325 | 47 329 |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 132 897 | 228 794 | 257 045 | 59 774 |
| 20826 Sinodale bydrae S-Tvl | 111 097 | 183 440 | 204 179 | 47 196 |
| 20818 Sinodale bydrae O-Tvl | 76 045 | 132 668 | 151 804 | 35 701 |
| | 427 460 | 722 203 | 818 353 | 190 000 |
| Totale inkomste: | 435 460 | 730 203 | 826 353 | 907 593 |

| | BEGROTING 1990/91 | BEGROTING 1991/92 | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|---|---|
| **UITGAWES** | | | | |
| 40352 Tekort begroot | 40 000 | 138 000 | 155 000 | 150 000 |
| 40188 Begeleidingshulp | 6 000 | 8 000 | 8 000 | 8 000 |
| 40576 Honoraria | 4 800 | 4 800 | 4 800 | 7 500 |
| 41434 Pensioenaandele | 15 600 | 18 240 | 21 360 | 22 800 |
| 41509 Posgeld | 500 | 0 | 0 | 0 |
| 41806 Skryfbehoeftes, druk– en | 2 560 | 2 000 | 2 000 | 2 000 |
| 41988 Toekennings UP Salarisse | 350 000 | 539 763 | 608 293 | 689 393 |
| 41996 Toekennings Diverse (Himnologie) | 0 | 2 400 | 2 400 | 2 400 |
| 42051 Vergaderingskoste | 15 000 | 15 000 | 15 000 | 15 000 |
| 42291 Funksies | 1 000 | 2 000 | 3 000 | 4 000 |
| 41966 Toekenning Spraakterapeut | 0 | 0 | 6 500 | 6 500 |
| Totale uitgawes: | 435 460 | 730 203 | 826 353 | 907 593 |

Fonds......: 38 NGKA KURATORIUM (G)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | | |
| 20073 Bydrae NGKA/N–Tvl | 5 000 | 5 500 | 6 000 | 0 |
| 20081 Bydrae NGKA/S–Tvl | 5 000 | 5 500 | 6 000 | 0 |
| 20149 Koshuisfonds | 67 175 | 80 000 | 0 | 0 |
| 20263 Huur ontvang | 0 | 130 000 | 0 | 0 |
| 20693 Rente ontvang – Spesiale | 0 | 3 000 | 0 | 0 |
| 21402 Surplus vorige jaar oorge | 88 000 | 55 000 | 0 | 0 |
| | 165 175 | 279 000 | 12 000 | 0 |
| 20834 Sinodale bydrae W–Tvl | 40 897 | 21 555 | 26 485 | 40 538 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 50 596 | 27 815 | 33 156 | 51 198 |
| 20826 Sinodale bydrae S–Tvl | 42 296 | 22 301 | 26 337 | 40 425 |
| 20818 Sinodale bydrae O–Tvl | 28 951 | 16 129 | 19 581 | 30 579 |
| | 162 740 | 87 800 | 105 559 | 162 740 |
| Totale inkomste: | 327 915 | 366 800 | 117 559 | 162 740 |
| **UITGAWES** | | | | |
| 40048 Admin Koste | 108 920 | 169 500 | 0 | 0 |
| Skool en kantoor | 5 000 | 5 500 | 0 | 0 |
| Telefoon | 5 500 | 6 000 | 0 | 0 |
| Water en ligte | 11 000 | 11 000 | 0 | 0 |
| Motorvervanging | 3 250 | 3 900 | 0 | 0 |
| Motorkoste | 3 000 | 3 000 | 0 | 0 |
| Reiskoste | 7 000 | 7 000 | 0 | 0 |
| Versekering | 10 000 | 12 000 | 0 | 0 |
| Oudit en rekenaarkoste | 2 500 | 2 850 | 0 | 0 |
| Biblioteek | 3 500 | 16 000 | 0 | 0 |
| Diverse | 1 200 | 1 200 | 0 | 0 |
| Instandhouding | 3 600 | 20 000 | 0 | 0 |
| Skoolterrein | 250 | 500 | 0 | 0 |
| Bankkoste | 120 | 50 | 0 | 0 |
| Lone | 49 000 | 75 500 | 0 | 0 |
| Toere | 0 | 800 | 0 | 0 |
| Biblioteekhulp | 4 000 | 4 200 | 0 | 0 |

| | BEGROTING 1990/91 | BEGROTING 1991/92 | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|---|---|
| 40204 Boufonds | | 10 000 | 0 | 0 |
| 40204 Beursfonds | 0 | 40 000 | 0 | 0 |
| 40352 Praktiese werk | 0 | 1 500 | 0 | 0 |
| 41434 Pensioenaandele 3 x 780 | 2 160 | 2 400 | 2 160 | 2 340 |
| 41616 Rektorstoelaag | 2 400 | 2 400 | 2 400 | 2 400 |
| 41699 Salarisse en toelae | 142 000 | 110 000 | 113 000 | 122 000 |
| 41954 Tikstersheffing | 27 600 | 31 000 | 0 | 0 |
| 40337 Dingaanstat toekenning | 44 835 | 0 | 0 | 0 |
| 42523 Huishuur | | | 0 | 36 000 |
| Totale uitgawes: | 327 915 | 366 800 | 117 560 | 162 740 |

Fonds......: 39 TEOLOGIESE STUDENTE OPLEIDINGSFONDS (G)

| | BEGROTING 1990/91 | BEGROTING 1991/92 | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|---|---|
| **INKOMSTE (TSO)** | | | | |
| Bemakings | 6 000 | 10 000 | 6 000 | 5 000 |
| Aflossing van lenings | 203 000 | 220 000 | 300 000 | 400 000 |
| Rente verdien : Lenings | 80 000 | 110 000 | 180 000 | 180 000 |
| : Beleggings | 160 000 | 178 000 | 75 000 | 20 000 |
| Bydraes | 40 000 | 40 000 | 38 000 | 12 000 |
| Oninbare skulde verhaal | 1 000 | 2 000 | 1 000 | 0 |
| | 490 000 | 560 000 | 600 000 | 617 000 |
| Aanwending gedeelte saldo | 270 000 | 230 000 | 196 311 | 47 375 |
| Heffing op ander fondse | 10 000 | 18 000 | 22 187 | 0 |
| | 280 000 | 248 000 | 218 498 | 47 375 |
| SINODALE BYDRAES | | | | |
| 20834 Sinodale bydrae W-Tvl | 54 658 | 55 452 | 26 345 | 299 |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 67 621 | 71 557 | 32 981 | 378 |
| 20826 Sinodale bydrae S-Tvl | 56 528 | 57 372 | 26 198 | 298 |
| 20818 Sinodale bydrae O-Tvl | 38 693 | 41 493 | 19 478 | 225 |
| | 217 500 | 225 874 | 105 002 | 1 200 |
| Totale inkomste: | 987 500 | 1 033 874 | 923 500 | 665 575 |
| **UITGAWES (REK NO 1)** | | | | |
| 41988 Toekennings | 10 000 | 0 | 0 | 1 200 |
| | 10 000 | 0 | 0 | 1 200 |
| **UITGAWES (TSO)** | | | | |
| Admin Heffing betaal | 10 000 | 18 000 | 22 187 | 70 000 |
| Bestuursheffing betaal | 67 500 | 70 875 | 70 313 | 69 375 |
| Beurse | 840 000 | 875 000 | 756 000 | 400 000 |
| Versekering | 20 000 | 30 000 | 25 000 | 25 000 |
| Kwytskelding van lenings | 40 000 | 40 000 | 50 000 | 100 000 |
| | 977 500 | 1 033 875 | 923 500 | 664 375 |
| Totale uitgawes: | 987 500 | 1 033 875 | 923 500 | 665 575 |

| | BEGROTING 1990/91 | BEGROTING 1991/92 | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|---|---|
| Fonds......: 41 VERSORGINGSFONDS | | | | |
| **INKOMSTE** | | | | |
| 20834 Sinodale bydrae W–Tvl | 35 999 | 39 853 | 36 381 | 23 664 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 44 536 | 51 428 | 45 545 | 29 887 |
| 20826 Sinodale bydrae S–Tvl | 37 231 | 41 233 | 36 178 | 23 598 |
| 20818 Sinodale bydrae O–Tvl | 25 484 | 29 821 | 26 898 | 17 851 |
| Totale inkomste: | 143 250 | 162 335 | 145 002 | 95 000 |
| **UITGAWES** | | | | |
| 40352 Tekort begroot | 30 000 | 35 000 | 35 002 | 0 |
| 41988 Toekennings | 113 250 | 127 335 | 110 000 | 95 000 |
| Totale uitgawes: | 143 250 | 162 335 | 145 002 | 95 000 |
| Fonds......: 59 MODERATURE TOV NG KERKBOEKHANDEL (G) | | | | |
| **INKOMSTE** | | | | |
| 20834 Sinodale bydrae W–Tvl | 62 825 | 12 275 | 0 | 32 383 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 77 725 | 15 840 | 0 | 40 898 |
| 20826 Sinodale bydrae S–Tvl | 64 975 | 12 700 | 0 | 32 292 |
| 20818 Sinodale bydrae O–Tvl | 44 475 | 9 185 | 0 | 24 427 |
| Totale inkomste: | 250 000 | 50 000 | 0 | 130 000 |
| **UITGAWES** | | | | |
| 41988 Toekennings | 250 000 | 50 000 | 0 | 130 000 |
| Totale uitgawes: | 250 000 | 50 000 | 0 | 130 000 |
| Fonds......: 62 TRANSORANJE INSTITUUT (G) | | | | |
| **INKOMSTE** | | | | |
| 20834 Sinodale bydrae W–Tvl | 30 045 | 33 478 | 39 855 | 43 639 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 37 171 | 43 201 | 49 895 | 55 114 |
| 20826 Sinodale bydrae S–Tvl | 31 074 | 34 637 | 39 633 | 43 517 |
| 20818 Sinodale bydrae O–Tvl | 21 270 | 25 051 | 29 467 | 32 918 |
| Totale inkomste: | 119 560 | 136 367 | 158 850 | 175 188 |
| **UITGAWES** | | | | |
| 41988 Toekennings (40.78 x 429593) | 119 560 | 136 367 | 158 850 | 175 188 |
| Totale uitgawes: | 119 560 | 136 367 | 158 850 | 175 188 |

| | BEGROTING 1990/91 | BEGROTING 1991/92 | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|---|---|
| Fonds......: 67 Berekening administrasieheffing (G) | | | | |
| INKOMSTE | | | | |
| 20834 Wes-Transvaal : 24.91% | 41 631 | 44 497 | 41 550 | 409 274 |
| 20800 Noord-Transvaal : 31.46% | 51 504 | 57 420 | 52 016 | 516 891 |
| 20826 Suid-Transvaal : 24.84% | 43 056 | 46 038 | 41 318 | 408 124 |
| 20818 Oos-Transvaal : 18.79% | 29 471 | 33 296 | 30 719 | 308 721 |
| | 165 662 | 181 251 | 165 603 | 1 643 010 |
| UITGAWES | | | | |
| 01-06 Argieffonds | 354 150 | 395 727 | 433 076 | 457 890 |
| 01-12 Bloedriviermonumentfonds | 5 940 | 5 940 | 5 000 | 85 140 |
| 01-21 Kerkmusiekskoolfonds | 3 000 | 0 | 0 | 0 |
| 01-34 Suid-Mosambieksending | 131 250 | 136 581 | 150 687 | 126 836 |
| 01-35 Teologiese Bladfonds | 3 000 | 3 000 | 0 | 0 |
| 01-37 Teologiese Fakulteitsfonds | 435 460 | 730 203 | 826 353 | 907 593 |
| 01-38 NGKA Kuratorium | 327 915 | 366 800 | 117 560 | 162 740 |
| 01-39 Teologiese Studente Opleidingsfonds | 987 500 | 1 033 875 | 923 500 | 665 575 |
| 01-41 Versorgingsfonds | 143 250 | 162 335 | 145 002 | 95 000 |
| 01-59 NG Kerkboekhandel | 250 000 | 50 000 | 0 | 130 000 |
| 01-62 Transoranje Instituutfonds | 119 560 | 136 367 | 158 850 | 175 188 |
| | 2 761 025 | 3 020 828 | 2 760 028 | 2 805 962 |
| ADMINHEFFING 6% | 165 662 | 181 250 | 165 602 | 0 |
| 41988 Toekenning | 165 662 | 181 250 | 165 602 | 1 643 010 |
| Wes-Transvaal | 25.13% | 24.55% | 25.09% | 24.91% |
| Noord-Transvaal | 31.09% | 31.68% | 31.41% | 31.46% |
| Suid-Transvaal | 25.99% | 25.40% | 24.95% | 24.84% |
| Oos-Transvaal | 17.79% | 18.37% | 18.55% | 18.79% |
| OPSOMMING VAN SINODALE BYDRAES GESAMENTLIK | | | | |
| Wes-Transvaal | 478 984 | 502 892 | 511 018 | 767 965 |
| Noord-Transvaal | 592 580 | 648 946 | 639 739 | 969 902 |
| Suid-Transvaal | 480 625 | 500 507 | 483 143 | 728 848 |
| Oos-Transvaal | 339 080 | 376 298 | 377 815 | 579 289 |
| | 1 412 285 | 1 525 751 | 1 500 697 | 2 278 039 |

**NED GEREF KERK VAN TRANSVAAL**
GESAMENTLIKE BEGROTING TUSSEN NOORD-EN OOS-TRANSVAAL
Afdeling...: 01 Sinodale fondse
Subafdeling: 04 NOORD EN OOS TRANSVAAL
Fonds......: 01 BEDIENING VAN DOWES (NO)

| | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 76 205 | 78 012 |
| 20818 Sinodale bydrae O-Tvl | 45 005 | 46 588 |
| 21402 Surplus vorige jaar oorge | 0 | 0 |
| Totale inkomste: | 121 210 | 124 600 |
| **UITGAWES** | | |
| 41640 Rentesubsidie | 0 | 0 |
| 41988 Toekennings | 121 210 | 124 600 |
| Traktement | 62 760 | 65 880 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Huistoelaag | 14 160 | 14 160 |
| Diensbonus | 5 230 | 5 490 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Ongevalleversekering | 240 | 250 |
| Pensioen | 11 280 | 11 880 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| Telefoon | 660 | 720 |
| Totale uitgawes: | 121 210 | 124 600 |

Fonds......: 02 INDIëRSENDING (NO)

| | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 57 578 | 58 584 |
| 20818 Sinodale bydrae O-Tvl | 34 004 | 34 986 |
| 21402 Surplus vorige jaar | 0 | 1 680 |
| | 91 582 | 95 250 |
| Noord-Transvaal se bydrae word soos volg gevind | | |
| 20164 Donasies | 50 | |
| 21857 Bydrae Floraunapark | 5 400 | |
| 21865 Bydrae Florandia | 1 200 | |
| 21873 Bydrae Pta Tuine | 1 200 | |
| 21881 Bydrae Brits | 2 400 | |
| | 10 250 | 0 |
| 20800 Sinodale bydrae | 47 328 | 58 584 |
| Totale inkomste: N-Tvl | 57 578 | 58 584 |
| Oos-Transvaal se bydrae word verhaal uit Sending Reserwefondse | 34 004 | 0 |

| | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|
| **UITGAWES** | | |
| 41699 Salarisse en toelae | 91 582 | 93 570 |
| Traktement | 42 120 | 44 280 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Huistoelaag | 14 160 | 14 160 |
| Diensbonus | 3 510 | 3 690 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Pensioen | 5 932 | 6 240 |
| Totale uitgawes: | 91 582 | 93 570 |

Fonds......: 04 MEMA (NO)

| | | |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae Noord-Transvaal | 0 | 0 |
| 20818 Sinodale bydrae Oos-Transvaal | 0 | 0 |
| | 0 | 0 |
| **UITGAWES** | | |
| 41988 Toekenning | 0 | 0 |

Fonds......: 07 SENDINGKOMMISSIES (NO)

| | | |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20131 Dept Korrektiewe dienste | 33 995 | 35 685 |
| 20610 Rente ontvang - Hospitaal Belegging Noord | 12 574 | 12 522 |
| 20610 Rente ontvang - Hospitaal Belegging Oos | 7 426 | 7 478 |
| 21402 Surplus vorige jaar oorge | 0 | 0 |
| | 53 995 | 55 685 |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 293 287 | 296 568 |
| 20818 Sinodale bydrae O-Tvl | 173 211 | 177 107 |
| | 466 498 | 473 675 |
| Totale inkomste: | 520 493 | 529 360 |
| **UITGAWES** | | |
| 41137 Ongevalle Versekering | 960 | 1 000 |
| Evangelisasie | 240 | 250 |
| Gevangenisbearbeiding | 240 | 250 |
| Saakgelastigde | 240 | 250 |
| KAN /ROL | 240 | 250 |

| | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|
| 41434 Pensioenaandele | 45 120 | 47 520 |
| Evangelisasie | 11 280 | 11 880 |
| Gevangenisbearbeiding | 11 280 | 11 880 |
| Saakgelastigde | 11 280 | 11 880 |
| KAN /ROL | 11 280 | 11 880 |
| ISWEN | 0 | 0 |
| 41640 Rente subsidies | 7 225 | 4 800 |
| Evangelisasie | 0 | 0 |
| Gevangenisbearbeiding | 370 | 0 |
| Saakgelastigde | 4 045 | 2 720 |
| KAN /ROL | 2 810 | 2 080 |
| 41699 Salarisse en toelae | 432 100 | 437 460 |
| Traktement | 251 040 | 263 520 |
| Evangelisasie | 62 760 | 65 880 |
| Gevangenisbearbeiding | 62 760 | 65 880 |
| Saakgelastigde | 62 760 | 65 880 |
| KAN /ROL | 62 760 | 65 880 |
| Diensbonus | 20 920 | 21 960 |
| Evangelisasie | 5 230 | 5 490 |
| Gevangenisbearbeiding | 5 230 | 5 490 |
| Saakgelastigde | 5 230 | 5 490 |
| KAN /ROL | 5 230 | 5 490 |
| Groepversekering | 4 080 | 4 080 |
| Evangelisasie | 1 020 | 1 020 |
| Gevangenisbearbeiding | 1 020 | 1 020 |
| Saakgelastigde | 1 020 | 1 020 |
| KAN /ROL | 1 020 | 1 020 |
| Huistoelae | 49 980 | 44 220 |
| Evangelisasie | 11 940 | 10 020 |
| Gevangenisbearbeiding | 11 940 | 10 020 |
| Saakgelastigde | 14 160 | 14 160 |
| KAN /ROL | 11 940 | 10 020 |
| Mediese skema | 31 440 | 28 800 |
| Evangelisasie | 7 860 | 7 200 |
| Gevangenisbearbeiding | 7 860 | 7 200 |
| Saakgelastigde | 7 860 | 7 200 |
| KAN /ROL | 7 860 | 7 200 |

| | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|
| Reistoelae | 72 000 | 72 000 |
| Evangelisasie | 18 000 | 18 000 |
| Gevangenisbearbeiding | 18 000 | 18 000 |
| Saakgelastigde | 18 000 | 18 000 |
| KAN /ROL | 18 000 | 18 000 |
| Telefoon | 2 640 | 2 880 |
| Evangelisasie | 660 | 720 |
| Gevangenisbearbeiding | 660 | 720 |
| Saakgelastigde | 660 | 720 |
| KAN /ROL | 660 | 720 |
| 42747 ISWEN | 0 | 0 |
| Noord–Transvaal | 0 | 0 |
| Oos–Transvaal | 0 | 0 |
| 43547 Kantoorhulp | 35 088 | 38 580 |
| Gevangenisbearbeiding | 22 920 | 25 200 |
| Saakgelastigde | 12 168 | 13 380 |
| Totale uitgawes: | 520 493 | 529 360 |

Fonds......: 08 SINODALE SENTRUM (NO)

INKOMSTE

| | | |
|---|---|---|
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 1 146 250 | 0 |
| 20818 Sinodale bydrae O–Tvl | 603 750 | 0 |
| Totale inkomste: | 1 750 000 | 0 |

UITGAWES

| | | |
|---|---|---|
| 41160 Oorbetaling aan Sentrum | 1 750 000 | 0 |
| Totale uitgawes: | 1 750 000 | 0 |

Fonds......: 10 BEREKENING ADMINISTRASIEHEFFING (NO)

| | BEGROTING 1992/93 | BEGROTING 1993/94 |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Noord-Transvaal | 27 661 | 0 |
| 20818 Oos-Transvaal | 16 336 | 0 |
| | 43 997 | 0 |
| **UITGAWES** | | |
| 04-01 Bediening van Dowes | 121 210 | 124 600 |
| 04-02 Indiërsending | 91 582 | 93 570 |
| 04-05 MEMA | 0 | 0 |
| 04-07 Sendingkommissie | 520 493 | 529 360 |
| | 733 285 | 747 530 |
| Administrasie heffing | 43 997 | 0 |
| Noord-Transvaal | 62.87% | 62.61% |
| Oos-Transvaal | 37.13% | 37.39% |
| Noord-Transvaal Sentrum | 65.50% | 65.50% |
| Oos-Transvaal Sentrum | 34.50% | 34.50% |
| OPSOMMING VAN SINODALE BYDRAES NOORD EN OOS | | |
| Noord-Transvaal | 444 481 | 433 164 |
| Oos-Transvaal | 234 552 | 258 681 |
| | 679 033 | 691 845 |
| SINODALE BYDRAE SENTRUM | | |
| Noord-Transvaal | 1 146 250 | 0 |
| Oos-Transvaal | 603 750 | 0 |
| | 1 750 000 | 0 |

**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL**
BEGROTING NOORD–TRANSVAAL
Afdeling...: 01 Sinodale fondse

Subafdeling: 05 NOORD–TRANSVAAL

Fonds......: 03 ALGEMENE RESERWE (N)

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 100 | 100 |
| Totale inkomste: | 100 | 100 |
| **UITGAWES** | | |
| 41996 Toekennings Diverse | 100 | 100 |
| Totale uitgawes: | 100 | 100 |

Fonds......: 04 GEMEENTE BEDIENING ADMIN. (N)

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20057 Bedieningsfonds | 10 000 | 0 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 327 345 | 251 422 |
| 21402 Wespoort | 0 | 0 |
| 21907 Bedieningsfonds Wespoort | 0 | |
| Totale inkomste: | 337 345 | 251 422 |
| **UITGAWES** | | |
| Administrasiekoste | 59 255 | 37 602 |
| 40410 Elektrisiteit betaal | 1 865 | 1 572 |
| 40782 Kantoorhuur betaal | 16 100 | 13 760 |
| 40972 M E I | 200 | 0 |
| 41509 Posgeld | 460 | 460 |
| 41806 Skryfbehoeftes, druk– en | 1 000 | 1 000 |
| 41905 Telefoon | 1 700 | 1 400 |
| 41954 Tikstersheffing (1/2 pos) | 35 650 | 17 130 |
| 42051 Vergaderingskoste | 2 000 | 2 000 |
| 42101 Versekering | 280 | 280 |
| 41996 Toekennings Diverse (Wespoort) | 0 | 0 |
| Traktement | 0 | 0 |
| Diensbonus | 0 | 0 |
| Reistoelaag | 0 | 0 |
| Mediese skema | 0 | 0 |
| Pensioen | 0 | 0 |
| Ongevalleversekering | 0 | 0 |
| Groepversekering | 0 | 0 |
| 42614 Pastorie Huur | 10 560 | 11 620 |
| 43232 Lening Skuld | 140 000 | 72 000 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| 41699 Salarisse en toelae | 127 530 | 130 200 |
| Predikant | | |
| Traktement | 62 760 | 65 880 |
| Diensbonus | 5 230 | 5 490 |
| Huistoelaag | 15 120 | 15 120 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| | 109 990 | 112 710 |
| | 17 540 | 17 490 |
| 41137 Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| 41434 Pensioenaandele | 11 280 | 11 880 |
| 41640 Rente subsidies | 6 020 | 5 360 |
| Totale uitgawes: | 337 345 | 251 422 |

Fonds......: 05 BEDIENING IN PORTUGAL (N)

**INKOMSTE**

| | | |
|---|---|---|
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 10 000 | 10 000 |
| Totale inkomste: | 10 000 | 10 000 |

**UITGAWES**

| | | |
|---|---|---|
| 41988 Toekennings | 10 000 | 10 000 |
| Totale uitgawes: | 10 000 | 10 000 |

Fonds......: 06 BEDIENING STUDERENDE JEUG (N)

**INKOMSTE**

| | | |
|---|---|---|
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 425 740 | 448 650 |
| Totale inkomste: | 425 740 | 448 650 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **UITGAWES** | | |
| 41699 Salarisse en toelae (Pretoria-wes) Predikant | 98 610 | 101 500 |
| Traktement | 54 840 | 57 480 |
| Diensbonus | 4 570 | 4 790 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| Telefoon | 800 | 880 |
| | 87 090 | 89 370 |
| | 11 520 | 12 130 |
| Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| Pensioenaandele | 11 280 | 11 880 |
| 80192 Toek Kollegerand | 111 600 | 115 700 |
| 80887 Toek Universiteitsoord | 215 530 | 231 450 |
| Totale uitgawes: | 425 740 | 448 650 |

Fonds......: 07 BEDIENING VERPLEEGSTERS (N)

| | | |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 5 000 | 5 000 |
| Totale inkomste: | 5 000 | 5 000 |
| **UITGAWES** | | |
| 41988 Toekennings (Riviera) | 5 000 | 5 000 |
| Totale uitgawes: | 5 000 | 5 000 |

Fonds......: 08 BEDIENINGSFONDS (N)

| | | |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 100 | 100 |
| Totale inkomste: | 100 | 100 |
| **UITGAWES** | | |
| 41988 Toekennings | 100 | 100 |
| Totale uitgawes: | 100 | 100 |

Fonds......: 12 EVANGELISASIESPREEKKAMER (N)

| | | |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20164 Donasies | 18 000 | 25 000 |
| 20438 Onttrekking uit belegging/Rente verdienste | 50 000 | 7 700 |
| Surplus vorige jaar | 0 | 4 976 |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 21 840 | 51 654 |
| Totale inkomste: | 89 840 | 89 330 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **UITGAWES** | | |
| 40352 Diverse uitgawes | 0 | 0 |
| 40410 Elektrisiteit betaal | 580 | 600 |
| 40782 Kantoorhuur betaal | 11 010 | 13 410 |
| 41509 Posgeld | 1 500 | 2 000 |
| 41640 Rentesubsidie | 10 150 | 7 660 |
| 41806 Skryfbehoeftes, druk– en | 4 000 | 4 000 |
| 41905 Telefoon | 1 750 | 1 900 |
| 41954 Tikstersheffing | 35 650 | 34 260 |
| 42051 Vergaderingskoste (Deeltydse leraar) | 25 000 | 25 000 |
| 42101 Versekering | 200 | 500 |
| Totale uitgawes: | 89 840 | 89 330 |

Fonds......: 13 HOSPITAALBEDIENING (N)

| | | |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 327 075 | 300 000 |
| 20842 Staatsubsidie | 55 060 | 60 600 |
| 20990 Vroueaksie (Waverley–Oos) | 4 000 | 4 000 |
| SKDB Fondse | 0 | 23 710 |
| Totale inkomste: | 386 135 | 388 310 |
| **UITGAWES** | | |
| Hospitaalbedieningsfonds | | |
| 41954 Tikstersheffing (HF Verwoerd) | 35 650 | 34 260 |
| 41509 Posgeld | 50 | 55 |
| 41806 Skryfbehoeftes, druk– en | 1 000 | 500 |
| 41905 Telefoon | 1 000 | 1 100 |
| 42101 Versekering | 390 | 430 |
| 43463 Aflos | 0 | 0 |
| Weskoppieshospitaal | | |
| 40329 Diens van toerusting | 200 | 200 |
| 41806 Skryfbehoeftes, druk– en | 100 | 110 |
| 41905 Telefoon | 70 | 80 |
| 41293 Plaasvervangers | 720 | 730 |
| 41954 Tikstersheffing (6/8 Pos Weskoppies) | 26 740 | 25 700 |
| 41640 Rente subsidies (Mev de Beer) | 5 600 | 4 560 |
| 41756 Sessiegelde | | |
| 1 sessie | 3 600 | 3 600 |
| Orreliste | 1 800 | 1 800 |
| 41699 Salarisse en toelae ( HF Verwoerd ) | 80 335 | 80 405 |
| Pastorale Werkers | 55 165 | 55 165 |
| Salaris 2 x 2740 | 5 480 | 5 480 |
| 7 x 2740 | 19 180 | 19 180 |
| 2 x 5540 | 11 080 | 11 080 |
| 1 x 5840 | 5 840 | 5 840 |
| Prop MD Gouws | 13 585 | 13 585 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| | 15 780 | 15 780 |
| Reiskoste 2 x 660 | 1 320 | 1 320 |
| 8 x 960 | 7 680 | 7 680 |
| 2 x 1560 | 3 120 | 3 120 |
| MA Fourie 1 x 1380 | 1 380 | 1 380 |
| Prop Gouws 1 x 2280 | 2 280 | 2 280 |
| | 9 390 | 9 460 |
| Medies 1 x 2150 | 2 150 | 2 150 |
| Medies 1 x 4060 | 4 060 | 4 060 |
| Pensioen 1 x 780 | 780 | 780 |
| Groepversekering 1 x 1870 | 1 870 | 1 870 |
| WVF | 530 | 600 |
| 80713 Toek Riviera | | |
| Predikant | 95 110 | 97 840 |
| Traktement | 62 760 | 65 880 |
| Diensbonus | 5 230 | 5 490 |
| Huistoelaag | 0 | 0 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| | 94 870 | 97 590 |
| | 240 | 250 |
| 41137 Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| 41434 Pensioenaandele | 0 | 0 |
| 41640 Rente subsidies | 0 | 0 |
| 80911 Toek Weskoppies | | |
| Predikant | 133 770 | 136 940 |
| Traktement | 62 760 | 65 880 |
| Diensbonus | 5 230 | 5 490 |
| Pastoriehuur | 21 600 | 21 600 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| Telefoon | 800 | 880 |
| Water en ligte | 3 000 | 3 300 |
| Elektrisiteit | 0 | 0 |
| Verhuisingskoste | 0 | 0 |
| Tereindienste | 1 320 | 1 440 |
| | 121 590 | 124 810 |
| | 12 180 | 12 130 |
| 41137 Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| 41434 Pensioenaandele | 11 940 | 11 880 |
| 41640 Rente subsidies | 0 | 0 |
| Totale uitgawes: | 386 135 | 388 310 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| Fonds......: 14 INDIëRSENDING (N) | | |
| **INKOMSTE** | | |
| 20149 Donasie | 0 | 0 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 132 290 | 134 840 |
| Totale inkomste: | 132 290 | 134 840 |
| **UITGAWES** | | |
| 41988 Toekennings | | |
| Predikant | 132 290 | 134 840 |
| Traktement | 62 760 | 65 880 |
| Diensbonus | 5 010 | 5 490 |
| Huistoelaag | 15 120 | 15 120 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| | 109 770 | 112 710 |
| | 22 520 | 22 130 |
| 41137 Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| 41434 Pensioenaandele | 11 280 | 11 880 |
| 41640 Rente subsidies (Toekenning) | 11 000 | 10 000 |
| Totale uitgawes: | 132 290 | 134 840 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| Fonds......: 15 JEUG ADMINISTRASIE (N) | | |
| **INKOMSTE** | | |
| 20610 Rente op belegging | 0 | 0 |
| Badseloop – SJK Eie fondse | | 15 000 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 108 490 | 41 837 |
| Totale inkomste: | 108 490 | 56 837 |
| **UITGAWES** | | |
| 40394 Eiendomsbelasting betaal | 0 | 75 |
| 40410 Elektrisiteit betaal | 3 335 | 1 572 |
| 40675 IKOO | 0 | 0 |
| 40683 Instandhouding – Algemeen | 300 | 300 |
| 40782 Kantoorhuur betaal | 31 440 | 13 760 |
| 41251 Ouditgelde | 0 | 0 |
| 41491 Posbus huur | 15 | 0 |
| 41509 Posgeld | 750 | 500 |
| 41590 Rekenaarkoste | 1 000 | 1 000 |
| 41806 Skryfbehoeftes, druk– en | 4 500 | 3 000 |
| 41905 Telefoon | 2 500 | 2 000 |
| 41954 Tikstersheffing (1/2 pos) | 35 650 | 17 130 |
| 42051 Vergaderingskoste | 4 000 | 2 000 |
| 42101 Versekering | 1 000 | 500 |
| Badseloop instandhouding | 12 000 | 15 000 |
| Tekort 1991/92 | 12 000 | 0 |
| Totale uitgawes: | 108 490 | 56 837 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **Fonds......: 17 KLEURLINGSENDING (N)** | | |
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 27 880 | 31 920 |
| Totale inkomste: | 27 880 | 31 920 |
| **UITGAWES** | | |
| 41996 Toekennings Diverse ( Mara/Pietersburg) | 27 880 | 31 920 |
| Totale uitgawes: | 27 880 | 31 920 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **Fonds......: 23 SENDING ADMINISTRASIE (N)** | | |
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 64 490 | 63 254 |
| 20149 Diverse inkomste | 4 800 | 0 |
| 22079 JKJA Trustfondse | 850 | 0 |
| 22087 Sending Trustfondse (Kapitaal) | 31 000 | 21 750 |
| Totale inkomste: | 101 140 | 85 004 |
| **UITGAWES** | | |
| 40410 Elektrisiteit betaal | 1 740 | 1 347 |
| 40469 Garankuwa - Bewaarskool | 900 | 0 |
| 40782 Kantoorhuur betaal | 13 500 | 12 007 |
| 40816 Kapitale uitgawes | 31 000 | 14 000 |
| 40980 Mapobane - Bewaarskool | 700 | 0 |
| 41509 Posgeld | 175 | 300 |
| 41640 Rente subsidies | 0 | 0 |
| 41806 Skryfbehoeftes, druk- en | 2 300 | 2 000 |
| 41905 Telefoon | 750 | 750 |
| 41954 Tikstersheffing | 35 650 | 34 260 |
| 42028 Tshilidzini skool | 5 000 | 5 000 |
| Tshilidzini Skool vir Dowes | 2 750 | 2 750 |
| 42051 Vergaderingskoste | 6 000 | 7 000 |
| 42101 Versekering | 675 | 675 |
| 42747 ISWEN | 0 | 4 915 |
| Totale uitgawes: | 101 140 | 85 004 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **Fonds......: 24 SENDING BREëR VERBAND (N)** | | |
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 10 164 | 8 198 |
| Totale inkomste: | 10 164 | 8 198 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **UITGAWES** | | |
| 40527 GEM | 795 | 636 |
| 41897 SWA | 3 680 | 2 940 |
| 80002 Toek AEAM | 28 | 22 |
| 80127 Toek Caprivi | 676 | 540 |
| 80655 Toek RCA | 2 000 | 1 600 |
| 80671 Toek RCA Teol Opleiding | 2 625 | 2 100 |
| RCA Sinodale werk | 360 | 360 |
| Totale uitgawes: | 10 164 | 8 198 |

Fonds......: 25 SENDING RINGE (N)

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 943 675 | 716 848 |
| | 14 900 | 150 000 |
| 22095 Malongavlakte Trust | 0 | 0 |
| 22103 Groothoek Trustfondse | 0 | 0 |
| 22111 Reserwefonds Trust | 12 100 | 0 |
| 22129 Bystandsfonds | 2 800 | 0 |
| Sending : Belegging | 0 | 150 000 |
| Totale inkomste: | 958 575 | 866 848 |
| **UITGAWES** | | |
| 43513 Groothoek Hospitaal (R. Pietpotgietersrus) | 4 560 | 4 788 |
| 80044 Toek Bakenberg (R. Pietpotgietersrus) | 7 584 | 7 968 |
| 80077 Toek Bethesda (R. Louis Trichardt) | 124 504 | 124 074 |
| Predikant | | |
| Traktement | 62 760 | 65 880 |
| Diensbonus | 5 230 | 5 490 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| Water en ligte | 1 410 | 1 580 |
| Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| Pensioenaandele | 11 280 | 11 880 |
| | 107 800 | 111 300 |
| | 16 704 | 12 774 |
| Swart leraar | 7 584 | 7 986 |
| Evangelis | 9 120 | 4 788 |
| 80150 Toek Elandsrivier (R. Waterberg) | 7 584 | 7 968 |
| 80226 Toek Hlatjane (R. Louis Trichardt) | 12 144 | 7 986 |
| Swart leraar | 7 584 | 7 986 |
| Evangelis | 4 560 | 0 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| 80333 Toek Kranspoort (R. Louis Trichardt) | 125 528 | 130 024 |
| Predikant | | |
| Traktement (min R 2000 Louis Trichardt) | 60 760 | 63 880 |
| Diensbonus | 5 230 | 5 490 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| Water en ligte | 1 410 | 1 580 |
| Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| Pensioenaandele | 11 280 | 11 880 |
| | 105 800 | 109 300 |
| | 19 728 | 20 724 |
| Swart leraar (2) | 15 168 | 15 936 |
| Evangelis | 4 560 | 4 788 |
| 80358 Toek Lebone (R. Pietersburg) | 123 628 | 47 731 |
| Predikant | | |
| Traktement | 62 760 | 5 490 |
| Diensbonus | 5 230 | 5 490 |
| Reistoelaag | 18 000 | 1 500 |
| Mediese skema | 7 860 | 600 |
| Groepversekering | 1 020 | 85 |
| Water en ligte | 1 410 | 135 |
| Ongevalle Versekering | 240 | 25 |
| Pensioenaandele | 11 940 | 995 |
| Voorsiening – Verlof uitbetaling | 0 | 17 475 |
| | 108 460 | 31 795 |
| | 15 168 | 15 936 |
| Swart leraar (2) | 15 168 | 15 936 |
| Evangelis | 0 | 0 |
| 80366 Toek Lebotloane (R. Northam) | 7 584 | 7 968 |
| 80382 Toek Lerato (R. Piepotgietersrus) | 15 168 | 15 936 |
| Predikant | | |
| Traktement | 0 | 0 |
| Diensbonus | 0 | 0 |
| Reistoelaag | 0 | 0 |
| Mediese skema | 0 | 0 |
| Groepversekering | 0 | 0 |
| Water en ligte | 0 | 0 |
| Ongevalle Versekering | 0 | 0 |
| Pensioenaandele | 0 | 0 |
| | 0 | 0 |
| Swart leraar (2) | 15 168 | 15 936 |
| 80408 Toek Limpopo (R. Pietpotgietersrus) | 112 360 | 116 088 |
| Predikant | | |
| Traktement | 62 760 | 65 880 |
| Diensbonus | 5 230 | 5 490 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| Water en ligte | 1 410 | 1 580 |
| Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| Pensioenaandele | 11 280 | 11 880 |
| | 107 800 | 111 300 |
| Evangelis | 4 560 | 4 788 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| 80424 Toek Mabaleng (R. Waterberg) Predikant | 88 267 | 91 272 |
| Traktement | 44 280 | 46 920 |
| Diensbonus | 3 690 | 3 910 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| Water en ligte | 1 410 | 1 580 |
| Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| Pensioenaandele | 11 280 | 11 880 |
| | 87 780 | 90 760 |
| Evangelis | 487 | 512 |
| 80432 Toek Machaneng (R. Northam) | 7 584 | 7 968 |
| 80440 Toek Malonga (R. Louis Trichardt) | 14 624 | 15 236 |
| Swart leraar | 7 584 | 7 968 |
| Hulpverlening | 1 080 | 1 080 |
| Spesiale toekenning | 1 400 | 1 400 |
| Evangelis | 4 560 | 4 788 |
| 80473 Toek Messina (R. Louis Trichardt) | 7 584 | 7 968 |
| 80481 Toek Mosima (R. Waterberg) | 7 584 | 0 |
| 80556 Toek Nthume (R. Louis Trichardt) | 13 284 | 13 953 |
| Swart leraar | 7 584 | 7 968 |
| Evangelis | 4 560 | 4 788 |
| Lekewerkers | 1 140 | 1 197 |
| 80754 Toek Seleka (R. Pietpotgietersrus) | 16 704 | 9 576 |
| Swart leraar | 7 584 | 0 |
| Evangelis (2) | 9 120 | 9 576 |
| 80804 Toek Soekmekaar (R. Louis Trichardt) Predikant | 108 340 | 111 776 |
| Traktement | 54 840 | 57 480 |
| Diensbonus | 4 570 | 4 790 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| Water en ligte | 1 410 | 1 580 |
| Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| Pensioenaandele | 11 280 | 11 880 |
| | 99 220 | 102 200 |
| Evangelis (2) | 9 120 | 9 576 |
| 80812 Toek Nrd Saulspoort (R. Northam) | 7 584 | 7 968 |
| Swart leraar | 7 584 | 7 968 |
| Evangelis | 0 | 0 |
| Lekewerker | 0 | 0 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| 80820 Toek Oos Saulspoort(R. Northam 1 Swart Leraar) | 15 168 | 7 968 |
| 80853 Toek Tshilidzini (R. Louis Trichardt) Predikant | 105 384 | 108 268 |
| Traktement (Pretoria-Oos R 11000) | 52 760 | 54 880 |
| Diensbonus | 5 230 | 5 490 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| Water en ligte | 1 410 | 1 580 |
| Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| Pensioenaandele | 11 280 | 11 880 |
| | 97 800 | 100 300 |
| | 7 584 | 7 968 |
| Swart leraar | 7 584 | 7 968 |
| Swart leraar (2) Uitruil | 0 | 0 |
| 80879 Toek Turfloop (R. Pietersburg) | 21 264 | 9 576 |
| Swart leraar | 7 584 | 0 |
| Evangelis (3) (1993 = 2) | 13 680 | 9 576 |
| 80903 Toek Waterberg Noord (R. Waterberg S/leraar) | 4 560 | 4 788 |
| Totale uitgawes: | 958 575 | 866 848 |

Opsomming van Ringe

| | | |
|---|---|---|
| Louis Trichardt | 511 392 | 519 285 |
| Northam | 37 920 | 31 872 |
| Pietersburg | 144 892 | 57 307 |
| Pietpotgietersrus | 156 376 | 154 356 |
| Waterberg | 107 995 | 104 028 |

Fonds......: 27 SINODALEFONDS (N)

**INKOMSTE**

| | | |
|---|---|---|
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 393 171 | 442 347 |
| Trustfondse - Rente | 0 | 7 500 |
| Totale inkomste: | 393 171 | 449 847 |

**UITGAWES**

| | | |
|---|---|---|
| 40113 Algemene Sinode | 241 826 | 243 167 |
| 40576 Honoraria | | |
| Moderator | 1 650 | 1 730 |
| Assessor | 825 | 870 |
| Aktuarius | 1 320 | 1 390 |
| Skriba | 2 200 | 2 310 |
| Kommissie Skribas | 5 100 | 5 380 |
| 41582 Regskoste | 1 000 | 1 000 |
| 41798 Skribaatkoste | 13 000 | 14 000 |
| 42051 Vergaderingskoste | 31 250 | 30 000 |
| 42382 Koste eie sinode | 95 000 | 150 000 |
| Totale uitgawes: | 393 171 | 449 847 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| Fonds......: 28 SINODE MIDDE AFRIKA (N) | | |
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 2 000 | 2 000 |
| Totale inkomste: | 2 000 | 2 000 |
| **UITGAWES** | | |
| 41988 Toekennings | 2 000 | 2 000 |
| Totale uitgawes: | 2 000 | 2 000 |
| Fonds......: 29 SKDB INRIGTINGSORGFONDS (N) | | |
| **INKOMSTE** | | |
| Toekenning SKDB | 0 | 1 500 |
| Toekenning SKDB Fonds (AKK) | 0 | 0 |
| Toekenning SKDB (Reserwefonds) | 0 | 0 |
| Opgelope fonds | 0 | 0 |
| Opgelope fonds | 0 | 0 |
| Rente Robertson Trust | 4 000 | 4 000 |
| Rente K & M Nel Trust | 100 000 | 100 000 |
| | 104 000 | 105 500 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 644 000 | 497 750 |
| Totale inkomste: | 748 000 | 603 250 |
| **UITGAWES** | | |
| 41988 Toekennings | 748 000 | 603 250 |
| Totale uitgawes: | 748 000 | 603 250 |
| Fonds......: 30 SKDB MAATSKAPLIKE WERKDIENSTE (N) | | |
| **INKOMSTE** | | |
| Eie fondse | | |
| Subsidie Dept Gesondheid en welsyn | 983 700 | 943 056 |
| Bydraes | 70 850 | 39 550 |
| Salarisse Ringe | 18 100 | 0 |
| Kantoorhuur Ringe | 11 500 | 0 |
| Transvaler Kersfonds | 15 000 | 10 500 |
| Stadsraad van Pretoria | 1 200 | 3 000 |
| Diverse | 7 050 | 7 050 |
| Rente ontvang | 18 000 | 19 000 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| Onkoste verhaal | 51 000 | 55 800 |
| Studente praktyk opleiding | 48 000 | 52 800 |
| UP Jooltoekenning | 3 000 | 3 000 |
| Fondse aangewend | 0 | 115 000 |
| Opgelope fondse | | |
| | 1 105 550 | 1 153 406 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 558 860 | 363 800 |
| Totale inkomste: | 1 664 410 | 1 517 206 |
| **UITGAWES** | | |
| Salarisse en toelaes (21 poste) | 1 229 000 | 1 152 781 |
| Professionele personeel | 833 900 | 779 832 |
| Administratiewe personeel | 146 000 | 146 049 |
| Diensbonus | 69 500 | 65 323 |
| Pensioenfonds | 101 800 | 91 630 |
| Mediese skema | 38 900 | 35 578 |
| WVF | 5 200 | 6 414 |
| Ongevalleversekering | 1 800 | 1 776 |
| Groepversekering | 900 | 1 092 |
| Rentesubsidie | 31 000 | 25 087 |
| Vervoer en admin koste | 101 300 | 130 425 |
| Motorbrandstof | 8 000 | 8 000 |
| Afvaardigingskoste | 1 900 | 1 725 |
| Reis– en verblyfkoste | 2 800 | 17 000 |
| Reiskoste studente prakties | 2 300 | 2 300 |
| Advertensies | 1 000 | 1 000 |
| Poskantoordienste | 43 000 | 49 400 |
| Drukwerk en skryfbehoeftes | 18 000 | 23 000 |
| Drukwerk fotostaatmasjien | 10 000 | 10 000 |
| Versekering – uitrusting | 1 000 | 1 700 |
| Versekering – motors | 8 000 | 10 000 |
| Instandhouding – uitrusting | 2 300 | 2 300 |
| Instandhouding – motors | 3 000 | 4 000 |
| Boeke en tydskrifte | 0 | 0 |
| Grond en geboue | 197 310 | 88 000 |
| Kantoorhuur | 189 810 | 80 000 |
| Elektrisiteit | 7 500 | 8 000 |
| Professionele en spesiale dienste | 136 800 | 146 000 |
| Ouditkoste | 5 400 | 6 000 |
| Boekhouding | 121 200 | 133 000 |
| Bankkoste en rente | 300 | 500 |
| Sielkundige dienste (sessies) | 9 900 | 6 500 |
| AKDB | 0 | 0 |
| Totale uitgawes: | 1 664 410 | 1 517 206 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| Fonds......: 31 SKDB–SEKRETARIAAT (N) | | |
| **INKOMSTE** | | |
| 20149 Diverse Inkomste | 0 | 18 000 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 198 880 | 195 267 |
| 20982 Voortrekkergedenkfonds | 0 | 0 |
| Totale inkomste: | 198 880 | 213 267 |
| **UITGAWES** | | |
| 41954 Tikstersheffing | 35 650 | 34 260 |
| 41988 Toekennings | 163 230 | 179 007 |
| Predikant | | |
| Traktement | 62 760 | 65 880 |
| Diensbonus | 5 230 | 5 490 |
| Huishuur | 21 600 | 21 600 |
| Reistoelaag | 18 000 | 18 000 |
| Mediese skema | 7 860 | 7 200 |
| Groepversekering | 1 020 | 1 020 |
| Vergaderingskoste | 0 | 0 |
| Terreindienste | 1 320 | 1 440 |
| Munisipale dienste | 3 000 | 3 300 |
| Telefoon | 455 | 500 |
| | 121 245 | 124 430 |
| | 12 180 | 12 130 |
| Ongevalle Versekering | 240 | 250 |
| Pensioenaandele | 11 940 | 11 880 |
| Administrasie koste | 29 805 | 42 447 |
| Kantoorhuur | 14 830 | 20 763 |
| Elektrisiteit | 420 | 2 470 |
| Versekering | 285 | 314 |
| Telefoon | 1 400 | 1 620 |
| Seels | 70 | 0 |
| Drukwerk | 4 800 | 5 280 |
| Vergaderingskoste | 8 000 | 12 000 |
| Totale uitgawes: | 198 880 | 213 267 |

Fonds......: 32 SKDB–SIELKUNDIGE DIENSTE (N)

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| Pasiëntegelde : CMR Oorhoofs | | 6 500 |
| Pasiëntegelde : Ringe | | 42 300 |
| Sinodale bydrae O–Tvl | 0 | 0 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 60 500 | 3 000 |
| Totale inkomste: | 60 500 | 51 800 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **UITGAWES** | | |
| 41954 Tikstersheffing | 0 | 0 |
| Sessiewerk | 48 500 | 50 000 |
| 41988 Toekennings | 12 000 | 1 800 |
| Predikant | | |
| Traktement | 0 | 0 |
| Diensbonus | 0 | 0 |
| Huistoelaag | 0 | 0 |
| Reistoelaag | 0 | 0 |
| Mediese skema | 0 | 0 |
| Groepversekering | 0 | 0 |
| Rentesubsidie | 0 | 0 |
| Telefoon | 0 | 0 |
| | 0 | 0 |
| | 0 | 0 |
| Ongevalle Versekering | 0 | 0 |
| Pensioenaandele | 0 | 0 |
| Administrasie koste | 12 000 | 1 800 |
| Toekenning | 12 000 | 0 |
| Kantoorhuur | 0 | 0 |
| Elektrisiteit | 0 | 0 |
| Versekering | 0 | 0 |
| Telefoon | 0 | 600 |
| Seels | 0 | 0 |
| Drukwerk | 0 | 0 |
| Adminheffing | | 1 200 |
| Totale uitgawes: | 60 500 | 51 800 |

Fonds......: 33 SKDB-WETSOORTREDERSSORG (N)

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| Surplus vorige jaar | 0 | 0 |
| Departement Korrektiewe dienste | 2 835 | 0 |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 19 125 | 0 |
| Totale inkomste: | 21 960 | 0 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **UITGAWES** | | |
| 41988 Toekennings | 21 960 | 0 |
| Predikant 2 | 0 | 0 |
| Predikant 1 | | |
| Traktement | 5 230 | 0 |
| Diensbonus | 440 | 0 |
| Huistoelaag | 1 260 | 0 |
| Reistoelaag | 1 500 | 0 |
| Mediese skema | 655 | 0 |
| Groepversekering | 85 | 0 |
| Telefoon | 210 | 0 |
| Verlof | 10 000 | 0 |
| | 19 380 | 0 |
| | 1 180 | 0 |
| Ongevalle Versekering | 240 | 0 |
| Pensioenaandele | 940 | 0 |
| Rente subsidie | 0 | 0 |
| Administrasie koste | 1 400 | 0 |
| Literatuur | 600 | 0 |
| Hulpverlening | 500 | 0 |
| Drukwerk | 300 | 0 |
| Totale uitgawes: | 21 960 | 0 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| Fonds......: 38 VROUEDIENS (N) | | |
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 51 000 | 36 527 |
| Aanwending Reserwefonds | 0 | |
| Diverse inkomste | 0 | |
| Totale inkomste: | 51 000 | 36 527 |
| **UITGAWES** | | |
| Sending | 7 000 | 7 000 |
| Ned Geref Sendingkerk (naasbestaandes ter-dood-veroordeeldes) | 0 | 0 |
| N G Kerk in Afrika | 7 000 | 7 000 |
| Sibs Maraiskooksentrum | 7 000 | 7 000 |
| Aanbieding vrouekursusse | 0 | 0 |
| Evangelisasieveldtogte | 0 | 0 |
| Ledegeld MEMA | 0 | 0 |
| Gevangenisbearbeiding (naasbestaandes ter-dood-veroordeeldes) | 0 | 0 |
| Skole vir Buitengewone Onderwys (Helene Franzskool Nasorgsentrum) | 0 | 0 |
| Sending Algemeen (Emmarentia Geldenhuys-sentrum) | 0 | 0 |
| Diens van Barmhartigheid | 0 | 0 |
| Berg-en-Dal - Pastorale werk | 0 | 0 |
| Bejaardesorg - Huis HJ Piek | 0 | 0 |
| Evangelisasie - Hospitaalbearbeiding | 3 500 | 3 000 |
| Reiskoste - mev Lombaard | 500 | 0 |
| Bandediens Pta-Wes hospitaal | 3 000 | 3 000 |
| Algemene komitee Vrouediens - Reiskoste | 2 500 | 3 500 |
| Administrasie - Sekretaresse | 29 500 | 13 527 |
| Salaris | 8 000 | 5 000 |
| Diensbonus | 500 | 400 |
| Pensioenfonds | 0 | 0 |
| Deeltydse tikster | 0 | 0 |
| Kantoorhuur | 14 550 | 5 253 |
| Elektrisiteit | 1 100 | 674 |
| Konferensie | 3 000 | 0 |
| Konferensiegelde | 2 000 | 2 000 |
| Versekering | 350 | 200 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| Kantooruitgawes | 8 500 | 9 500 |
| Telefoon | 500 | 750 |
| Skryfbehoeftes en drukwerk | 1 500 | 1 500 |
| Posgeld | 1 000 | 1 750 |
| Reiskoste | 3 500 | 3 500 |
| Diverse uitgawes | 1 000 | 1 000 |
| Vrouediensblad N-Tvl | 1 000 | 1 000 |
| Ouditkoste | 0 | 0 |
| Totale uitgawes: | 51 000 | 36 527 |

Fonds......: 39 PASTORIEE FONDS(N)

INKOMSTE

| | | |
|---|---|---|
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 9 950 | 9 800 |
| Totale inkomste: | 9 950 | 9 800 |

UITGAWES

| | | |
|---|---|---|
| 40410 Elektrisiteit betaal | 7 600 | 8 400 |
| 40683 Instandhouding - Algemeen | 2 000 | 1 000 |
| 41905 Telefoon | 0 | 0 |
| 42101 Versekering | 350 | 400 |
| Totale uitgawes: | 9 950 | 9 800 |

Fonds......: 44 ADMINISTRASIEHEFFING (N)

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| 20800 Sinodale bydrae N-Tvl | 311 805 | 0 |
| Totale inkomste: | 311 805 | 0 |
| **UITGAWES** | | |
| 40022 Admin Heffing betaal | 311 805 | 0 |
| Diens van Barmhartigheid | 2 149 730 | 1 969 505 |
| 05-31 SKDB Sekretariaat | 198 880 | 213 267 |
| 05-32 SKDB Sielkundige Dienste | 60 500 | 51 800 |
| 05-33 SKDB Wetsoortredersorg | 21 960 | 0 |
| 05-30 SKDB Maatskaplike Werk Dienste | 680 710 | 574 150 |
| 05-29 Inrigtingsorg | 748 000 | 603 250 |
| 05-48 SKDB Administrasie Dienste | 437 680 | 525 038 |
| 05-28 Sinode Midde-Afrika | 2 000 | 2 000 |
| Evangelisasie | 823 520 | 743 162 |
| 05-04 Gemeentebediening | 337 345 | 251 422 |
| 05-08 Bedieningsfonds | 100 | 100 |
| 05-12 Evangelisasiespreekkamer | 89 840 | 89 330 |
| 05-13 Hospitaalbediening | 386 135 | 388 310 |
| 05-47 Gratis traktaatjies | 100 | 4 000 |
| 05-05 Bediening in Portugal | 10 000 | 10 000 |
| Jeug | 539 230 | 510 487 |
| 05-15 Administrasie | 108 490 | 56 837 |
| 05-06 Bearbeiding Studerende Jeug | 425 740 | 448 650 |
| 05-07 Bearbeiding Verpleegsters | 5 000 | 5 000 |
| Sending | 1 230 049 | 1 126 810 |
| 05-23 Sending en Evangelisasie | 101 140 | 85 004 |
| 05-24 Sending Breër Verband | 10 164 | 8 198 |
| 05-25 Sending Ringe | 958 575 | 866 848 |
| 05-17 Kleurlingsending | 27 880 | 31 920 |
| 05-14 Indiërsending | 132 290 | 134 840 |
| Ander Fondse | 454 221 | 496 274 |
| 05-03 Algemene Reserwefonds | 100 | 100 |
| 05-27 Sinodale fonds | 393 171 | 449 847 |
| 05-38 Vrouediens | 51 000 | 36 527 |
| 05-39 Pastoriee fonds | 9 950 | 9 800 |
| Totale uitgawes: | 5 196 750 | 4 846 238 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| **Fonds......: 47 GRATIS TRAKTAATJIES (N)** | | |
| **INKOMSTE** | | |
| Rente ontvang | 0 | 3 000 |
| Donasies ontvang | 0 | 1 000 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 100 | 0 |
| Totale inkomste: | 100 | 4 000 |
| **UITGAWES** | | |
| 40352 Diverse Uitgawes | 100 | 0 |
| 41988 Toekennings | 0 | 4 000 |
| Totale uitgawes: | 100 | 4 000 |
| **Fonds......: 48 SKDB–NOORD: ADMIN DIENSTE (N)** | | |
| **INKOMSTE** | | |
| Eie Fondse | 37 000 | 89 000 |
| Opgelope fondse | 0 | 50 000 |
| Rente | 7 000 | 9 000 |
| Diverse | 30 000 | 30 000 |
| Heffings op inrigtings | 134 100 | 148 170 |
| Jeugsentrums | 25 700 | 28 160 |
| Tehuise vir bejaardes | 43 800 | 48 950 |
| Ander inrigtings | 64 600 | 71 060 |
| Heffings op CM Rade | 108 900 | 115 730 |
| Rekenmeesterskoste (Oorhoofs diens) | 66 100 | 67 760 |
| Rekenmeesterskoste (Inrigtings) | 5 000 | 5 500 |
| | 346 100 | 420 660 |
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 91 580 | 104 378 |
| Totale inkomste: | 437 680 | 525 038 |
| **UITGAWES** | | |
| 41954 Tikstersheffing | 35 700 | 24 320 |
| Motorkoste (Amptelike reise) | 20 000 | 22 800 |
| Personeel uitgawes | 311 150 | 383 600 |
| Salarisse | 220 000 | 262 622 |
| Diensbonus | 18 300 | 21 885 |
| WVF | 800 | 540 |
| Reistoelaag | 21 000 | 33 550 |
| Mediese skema | 6 000 | 13 440 |
| Groepversekering | 2 050 | 2 422 |
| Ongevalle Versekering | 1 200 | 1 355 |
| Pensioenfonds | 31 000 | 36 986 |
| Rente subsidies | 10 800 | 10 800 |

| | BEGROTING 1992/93 | TOEGEKEN 1993/94 |
|---|---|---|
| Administratiewe uitgawes | 70 830 | 94 318 |
| Kantoorhuur | 52 030 | 60 578 |
| Elektrisiteit | 1 850 | 6 420 |
| Advertensiekoste | 600 | 1 000 |
| Drukwerk, skryfbenodigdhede | 5 300 | 10 000 |
| Instandhouding | 1 400 | 6 000 |
| Vervanging | 1 000 | 1 000 |
| Reis– en verblyfkoste | 2 000 | 2 000 |
| Telefoon | 6 000 | 6 600 |
| Versekering | 650 | 720 |
| Oudit | 0 | 0 |
| Totale uitgawes: | 437 680 | 525 038 |

Fonds......: 51 SINODALE SENTRUM (N)

**INKOMSTE**

| | | |
|---|---|---|
| 20800 Sinodale bydrae N–Tvl | 0 | 600 000 |
| Totale inkomste: | 0 | 600 000 |

**UITGAWES**

| | | |
|---|---|---|
| 41988 Toekennings | | 600 000 |
| Totale uitgawes: | 0 | 600 000 |

# A.14.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE

## 1. PERSONEEL

Ten tye van die samestelling van hierdie verslag, het die Kommissie uit die volgende lede bestaan:

| | |
|---|---|
| Prof JA Heyns (V) | Prof CJ Wethmar |
| Dr W Nicol | Dr ACJ van Niekerk |
| Ds NJ Behr | Mev H Ackerman |
| Dr DP van Zyl | Dr WJ Botha (Skriba) |

## 2. VERGADERINGS

Die Kommissie het die afgelope 2 jaar vier keer vergader.

## 3. OPDRAGTE VAN DIE SINODE VAN 1991

### 3.1 AFRIKA TEOLOGIE

#### 3.1.1 Opdrag

Die sinode besluit om 'n volledige studie van Afrika-teologie te onderneem en dra dit aan belanghebbende kommissies soos die SSK en SKLAS op om die opdrag uit te voer.

#### 3.1.2 Werkwyse

Omdat hierdie aangeleentheid hoofsaaklik op die Kerk se sendingaksie betrekking het, het die SKSE verantwoordelikheid aanvaar om die studie te onderneem en aan die sinode verslag te doen.

### 3.2 DIE ADVERTENSIEBEDRYF

#### 3.2.1. Opdrag

Die Ring van Louis Trichardt versoek die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om weer die hele advertensiebedryf onder die Bybelse soeklig te plaas en 'n inligtingstuk op te stel vir gebruik in gemeentes. Die versoek spruit voort uit die advertering van drank om Kersfees te vier.

#### 3.2.2. Inleiding

Dit sou op 'n onverantwoordelike benadering neerkom indien die Kerk van die standpunt uitgaan dat die advertensiebedryf as sodanig iets uit die bose is. Dat daar wel ongerymdhede in die advertensiewese voorkom, word nie ontken nie. Daaraan verleen ons later aandag. Maar as uitgangspunt moet erken word dat advertensies ook positiewe waarde het of kan hê.

#### 3.2.3 Wese van die advertensiebedryf

Die advertensiebedryf is daarop gerig om die verbruiker **in te lig**, aan 'n bepaalde **handelsmerk te herinner** en te **oorreed** wanneer aankope gedoen word.

Die **behoeftes** van die publiek is van deurslaggewende belang vir die adverteerder. Behalwe dat mense se behoeftes van plek tot plek verskil, verander elke persoon se behoeftes na gelang van die verskillende **lewensfases**. Alhoewel daar onder sosioloë meningsverskil bestaan, kan ongeveer vyf behoefte-fases in elkeen se lewe geïdentifiseer word. Dit ontwikkel van die basiese tot hoëre behoeftes.

Die mees basiese is die fisiese behoeftes van die mens (Voedsel, huisvesting, seksuele bevrediging, ens.) Nadat hierdie behoeftes bevredig is, verlang die mens na sekuriteit, veiligheid, beskerming en stabiliteit. Daarna kom die sosiale behoeftes aan die orde: vriendskap en liefde. Wanneer hierdie behoeftes vervul is, strewe die mens daarna om egosentriese belange te bevredig: sukses in die lewe, prestige en selfrespek.Ten slotte kom self-aktualisering aan die orde. Andere beweer die mens het net drie **basiese behoeftes** wat hy wil bevredig: Mag, sosialisering en doelverwesenliking. Ons kan verstaan dat adverteerders terdeë van hierdie behoeftes bewus is en poog om met hulle produkte daarby aan te sluit en dit te bevredig. Om nie te sê dat hulle hierdie behoeftes soms weldeeglik **uitbuit** nie! Deur eksterne stimulante word soms daarin geslaag om latente behoeftes aan te wakker sodat die verbruiker produkte aankoop wat nie noodsaaklik is nie. Hoe dit ook sy, die **publiek se behoeftes** is 'n belangrike faktor vir die advertensiewese.

Adverteerders rig hulle verder op die **houding** van mense teenoor produkte. Wanneer die verbruiker by geleentheid in 'n produk teleurgesteld is, ontstaan negatiewe gevoelens ten opsigte van daardie artikel. Om 'n positiewe gesindheid jeens produkte te laat realiseer, bestee adverteerders baie aandag aan die houding van die publiek. Ondervinding met 'n artikel, bepaal die houding - wat weer invloed op die omset het.

Benewens die behoeftes, begeertes en houding van die mens, is adverteerders ook bewus van die rol wat die **omgewing** in die bemarkingsproses speel. Ontwikkelde gemeenskappe reageer anders as ontwikkelende gemeenskappe op advertensies. Welvarende mense se aandag word deur die advertering van luukshede geprikkel. Daarteenoor word behoeftiges deur dieselfde advertensie gefrustreer omdat hulle nie daardie artikels kan bekostig nie. Hiermee moet bemarkers rekening hou.

**Wetenskaplike navorsing** is 'n belangrike aspek van die advertensiewese. Handelaars kontrakteer professionele advertensiemaatskappye om die reklame van produkte te behartig. Die talente van kenners uit verskeie dissiplines word aangewend om advertensies saam te stel. Dit is nie net die grafiese kunstenaars wat aan die gesigswaarde van die advertensies werk nie - ook motiveringsanaliste, sielkundiges en gedragswetenskaplikes word ingespan om hulle insette te lewer sodat voornemende kopers bewustelik of onbewustelik beïnvloed word om 'n bepaalde produk te koop. Hierdie sogenaamde geesteswetenskaplikes verstaan die kuns om mense se **houding** ten opsigte van produkte te manipuleer.

Deur demografiese en sosiologiese navorsing verkry adverteerders 'n **profiel** van die gemeenskap wat bedien word. Die visier word dan op die teiken gestel deur die advertensie so te plooi dat die maksimum aantal kopers aangemoedig word om die bepaalde produk aan te skaf. Dit blyk dat sommige verbruikers se aandag deur gekompliseerde advertensies, wat denkvaardighede vereis, geboei word. Andere reageer op eenvoudige, grafiese voorstellings.

Eckard Hess het in die sestiger jare die **pupillometer** ontwerp. Di meet die reaksie van die oë op visuele prikkels. Daardeur kon adverteerders vasstel watter tegnieke die kykers se aandag boei Verbruikers wat aanbied om deel van toetsgroepe te wees, du met elektroniese knoppies hulle voor- en afkeure van advertensies aan. Die sitplekke van sekere teaters in die VSA is a met elektroniese sensors toegerus om vas te stel watte advertensies die kyker so boei dat hy roerloos bly sit, en watte advertensies hom van verveligheid in sy stoel laat rondskuiwe!

Met wetenskaplike metodes word vasgestel watter advertensies in die geheue ingeprent word. Daar word bepaal watter stemtoon (Eng: "pitch") die gewenste resultate oplewer. Enersyds moet die stem op verbruikersvriendelike wyse beslag op die kyker se aandag lê. Andersyds moet dit uiteraard nie irriterend ervaar word nie.

Uit bostaande verbaas dit nie dat daar toenemend aanvraag vir **psigofisioloë** by advertensiemaatskappye is nie. Met gesofistikeerde instrumente en sielkundige toetse word vasgestel watter advertensietegnieke suksesvol sal wees.

In hierdie verband moet verbruikers teen die tegniek van **subliminale persepsie** (stimulering van die onderbewuste) gewaarsku word. Sedert die vyftiger-jare word die publiek soms onbewustelik blootgestel aan beelde en boodskappe wat vir 'n breukdeel van 'n sekonde op die TV skerm of rolprentdoek geflits word. Die kyker sien dit nie met die blote oog nie. Dit word op die onderbewussyn ingeprent. Dit kan ook in klankbane van die musiek wat in winkelsentra gespeel word, skuil. Hierdie boodskappe, wat nie bewustelik met die oog of oor waargeneem word nie, beweeg na bewering mense om bepaalde produkte aan te koop. Terwyl ons hierdie bedenklike praktyk veroordeel, dui moderne navorsing daarop dat die effektiwiteit van subliminale persepsie bevraagteken word. Daar is geen sekerheid dat hierdie verskuilde boodskappe die verbruiker beweeg om te koop nie. Trouens, dit blyk dat die publiek nie die advertensiemedia so maklik ten prooi val nie!

Dit beteken nie dat die advertensiewese ongekwalifiseerd veroordeel moet word nie. Die bedryf hou ook voordele vir die publiek in.

### 3.2.4. Voordele van die advertensiebedryf

Die advertensiebedryf speel 'n belangrike rol in die **ekonomie** van 'n land. 'n Sterk en gesonde ekonomie word gerugsteun deur onder meer die advertensiewese. Dit stimuleer handelsomset en bevorder sodoende werkverskaffing. En dit alles dra by tot die ontwikkeling van 'n land.

Die feit dat advertensies die gedrukte en elektroniese media **bekostigbaar** maak, moet waardeer word. Sonder advertensies - hoe irriterend dit ookal soms kan wees - sal televisielisensies, koerante en tydskrifte onbetaalbaar duur wees. Advertensies strek dus tot voordeel van die man in die straat. Die benutting van die media, soos televisie, koerante en tydskrifte, is nou binne die bereik van baie mense. Danksy advertensies.

'n Belangrike voordeel van advertensies, is die feit dat dit **kompetisie stimuleer**. Advertensies verplig handelaars om met mekaar mee te ding om produkte teen die laagste moontlike prys te adverteer. Uiteraard baat die verbruiker aansienlik deur hierdie kompetisie onder die handelaars.

Die advertensiebedryf verdien waardering vir talle ruim **borgskappe** wat tot beskikking van welsynsorganisasies, kerke, skole en ander instansies gestel word. Hierdeur word waardevolle gemeenskapsdiens gelewer. Sonder die steun van adverteerders, sou baie maatskaplike projekte skipbreuk ly.

Voornemende kopers van produkte en goedere het behoefte aan **inligting** voordat aankope gemaak word. Die adverteerder lewer dus 'n diens deur - teen hoë koste - besonderhede oor handelsware beskikbaar te stel. Dit bring vir die potensiële kliënt 'n besparing van tyd en geld mee deurdat advertensies krities geraadpleeg kan word voordat 'n finale besluit oor die aankoop van 'n artikel geneem word.

Hierdie is maar enkele voordele wat die advertensiebedryf inhou. Daar moet uit die staanspoor erken word: Reklame as sodanig is nie verkeerd nie. Die toets lê in die inhoud en die wyse waarop die advertensie aangebied word. Die advertensiebedryf het dus binne die ekonomiese strukture 'n bestaansreg. Maar dan moet die publiek waaksaam wees teen misleidende praktyke.

### 3.2.5. Nadele van die advertensiebedryf

Nie alle adverteerders eerbiedig **morele kodes** nie. Daar is handelaars wat op onbeskaamde wyse die publiek uitbuit. Lesers en kykers van die media behoort op hoogte te wees van wanpraktyke wat die niksvermoedende koper duur te staan kan kom.

Hierbo is aangetoon dat die **behoeftes** van die publiek seker die belangrikste faktor is waarop die adverteerder inspeel om produkte van die hand te sit. Kliënte moet weet dat adverteerders oor die vermoë beskik om hierdie behoeftes **kunsmatig te stimuleer**. Hulle verlei mense dan om te koop wat hulle nie werklik nodig het nie. Sulke adverteerders eksploiteer die naïwiteit van die publiek. Dit is immoreel.

Verder veroorsaak die stimulering van die verbruikersmentaliteit dat die natuurlike hulpbronne van die aarde nog vinniger uitgeput raak. Kenners meen dat die ekologiese krisis ons op 'n wêreldramp kan laat afstuur. So byvoorbeeld is 200 miljoen hektaar tropiese woud gedurende 1972-1992 vernietig (Time, 1 Junie 1992). Advertensies wat suggereer dat jy eers gelukkig sal wees wanneer jy 'n meubelstuk van tropiese hout koop, bevorder hierdie krisis! Adverteerders is soms ongevoelig vir die **welsyn van die omgewing**. Hierdie vermoë van adverteerders om die kooplus aan te wakker, bevorder 'n materialistiese lewens- en wêreldbeskouing en gevolglik ook 'n verbruikersgemeenskap. Die verbruikersgemeenskap is een van die belangrikste oorsake van die ekologiese krisis waarin ons ons bevind.

Daar is adverteerders wat ongevoelig is vir die **welsyn van die verbruiker**. Welwetende dat sekere voedselprodukte nadelig vir die gesondheid is, word dit steeds bemark. En met oortuiging aanbeveel. In hierdie verband word gedink aan swak kwaliteit voedselware, byvoorbeeld die vleisgehalte van 'n pastei of graankos met 'n onaanvaarbare hoë suikerinhoud. Dit kan beskou word as 'n subtiele misleiding van die kopers.

Sommige adverteerders kapitaliseer op die **natuurlike swakhede** van mense. Kinders word met lekker- en speelgoed aangepor om druk op die ouers in die supermark uit te oefen. Menige ouer swig en koop om die vrede te bewaar. Eienaars van supermarkte praat in die VSA van kleinder kinders as "assistant salespeople" op die winkelvloer. Daar is verder adverteerders wat seksuele behoeftes van mense eksploiteer. Hulle ontwerp en adverteer produkte wat prikkelend is en aansluit by hierdie basiese behoefte van die mens. Gewetenlose praktyke moet op hierdie terrein aan bande gelê word. Terselfdertyd moet kopers leer om korrekte keuses te maak en hulle nie deur advertensies te laat verlei nie.

Persone wat probleme het om drank te weerstaan, word ongelukkig aan eie lot oorgelaat en moet **selfdissipline** toepas om nie te swig voor die verleiding van aanloklike drankadvertensies nie. Die adverteerder het geen simpatie met die swakheid van die individu nie. Die ongevoeligheid wat sommige adverteerders openbaar vir die fisiese- en geestesgesondheid van die **gemeenskap**, is betreurenswaardig. Dit is jammer dat sport- en filmhelde, wat vir jongmense rolmodelle is, hulle soms leen vir advertensies wat byvoorbeeld die gebruik van alkoholiese drank en ander gewoontevormende substansies aanmoedig.

Adverteerders verstaan die kuns om teikengroepe emosioneel te benader. Trouens, **emosionele benadering** is 'n erkende tegniek in die advertensiebedryf. By vroue word byvoorbeeld die vrees ingeboesem dat hulle skoonheid vanweë die ouderdom vergaan. Dan word preparate geadverteer wat die behoud van 'n jong en soepel vel verseker. (Eng: "to buy beauty"). Hoop word opgewek: dat diegene wat dié produkte gebruik, hulle jeugdige voorkoms sal behou. Die verspreider verkoop dan saam met die preperate ook die hoop op 'n goeie voorkoms.

Sommige adverteerders slaan munt uit die **angsgevoelens** van mense. Vrees word - weliswaar met reg - by mense ingeboesem om hulle eiendomme te beveilig. Ongelukkig is daar handelaars wat kapitaliseer op die huidige situasie in die land. Nie almal is betroubaar nie. Talle teleurgestelde kliënte sit met alarmstelsels wat nie doeltreffend funksioneer nie. Die verskaffer maak op kort termyn groot winste, maar bestaan nie lank voort om diens te lewer nie. (Eng: "fly by night" maatskappye). Voorbeelde kan vermeningvuldig word: Vervang die motor se bande; koop ander elektriese toerusting aan, ens. Dit is immoreel om uit die medemens se angsgevoelens verryk te word.

Waarskynlik die ernstigste probleem, is die rol wat advertensies speel om **kinders se gedrag** te beïnvloed.Volgens kenners in die bemarkingsbedryf, is dit byvoorbeeld die doelstelling van 'n groot en bekende koeldrankmaatskappy om kinders voor die ouderdom van 7 jaar aan hulle koeldrank "verslaaf" te maak. Die kind is dan gewoond aan daardie smaak en sal vir die res van sy lewe daarna vra.

Gedurende hulle vormingsjare, word kinders se drank- en rookgewoontes vasgelê. Benewens advertensies, speel **groepdruk** van maats die grootste rol. Dit is die lewensfase wanneer ouers deeglik op hoogte moet bly van die tieners se doen en late. Hiér word die gewoontes gekweek. Ook wat die gebruik van drank aanbetref. Advertensies kan kinders, veral onder invloed van vriende, stimuleer om met bepaalde produkte te eksperimenteer. Gedurende hierdie jare moet die kinders beskerm word teen die gebruik van substansies wat psigo-fisies nadelig is.

Die advertensiebedryf behoort op te tree teen maatskappye wat eties **bedenklike tegnieke** aanwend. Hier word ook gedink aan oordrewe en misleidende aansprake in verband met die kwaliteit en vermoë van sekere produkte; advertensies wat in swak smaak val (bv ten opsigte van seksualiteit); telefoonbemarking waardeur slagoffers om die bos gelei word in verband met pryse wat reeds gewen is in deeltitelskemas, ens.

In die advertensiebedryf is daar voorwaar ook **negatiewe** aspekte wat die individu en gemeenskap benadeel. Dit is dus nodig om 'n balans te kry. Om beide verskaffer en verbruiker te bevoordeel. Daarom is dit ook nodig dat ons die bedryf beoordeel.

### 3.2.6. Beoordeling van die advertensiebedryf

Advertensies oefen nie 'n onweerstaanbare druk op die mens uit nie. Alhoewel 'n advertensie 'n bepaalde indruk kan maak, **blokkeer** die mens se onderbewuste byvoorbeeld buitensporige geldbesteding. Ook ander prosesse beskerm 'n persoon normaalweg teen onverantwoordelike aankope.

Die **ongeloofwaardigheid** van sommige advertensies veroorsaak ook 'n natuurlike weerstand by die publiek. Navorsing dui daarop dat die aanbevelings van betroubare persone (bv familie, kollegas, vriende) in verband met produkte, dikwels meer gewig dra as advertensies. (Eng.: "Word of mouth").

Daarby is dit so dat die verbruiker in elk geval net besondere aandag gee aan dit waarin hy werklik **belangstel**. Nie almal is geïnteresseerd in byvoorbeeld gholfstokke, windpompe, pelsjasse, kruiptrekkers, ens nie. Behoefte bepaal watter advertensie die kyker of leser se aandag gaan trek.

Die verbruiker stel hom **selektief** aan die media bloot. Net soos simbole, beskik advertensies nie oor die magiese krag om gebalanseerde kopers roekeloos te maak nie. Daar is talle instansies wat moet erken dat 'n advertensieveldtog nie altyd die gewenste uitwerking het nie. Dit word bevestig deur die ervaring van persone wat poog om die gesinsbeplanningsveldtog in die RSA te loods.

Hieruit blyk dat 'n verskeidenheid faktore 'n rol speel wanneer die reaksie op advertensies bepaal word. Méér as net die advertensie is nodig om mense 'n produk - soos ook drank - te laat aankoop. In hierdie verband is die behoeftes van mense 'n belangrike aspek.

Dit blyk dus dat daar baie veranderlikes is wat deur adverteerders verdiskonteer moet word. Maatskaplike agtergrond, opvoedingspeil, waardes en norme, kultuur en godsdiens is maar enkele van die faktore wat ter sprake kom. Daarby speel die persoonlikheid van die voornemende koper, die kwaliteit van die produk en natuurlik die prys 'n rol voordat 'n adverteerder die koper beweeg om 'n transaksie te sluit.

Hieruit kan afgelei word dat dit nie 'n eenvoudige saak is om die **effektiwiteit** van advertensies te bepaal nie. Talle faktore werk in die proses mee voordat die koper die geld uit sy sak haal.

Met verwysing na **alkoholiese drank**, soos in die opdrag gemeld, is dit dus nie nét die advertensie wat iemand beweeg om drank aan te koop nie. Die aard van die persoonlikheid, omgewingsfaktore soos die huislike omstandighede, godsdiens, kerklike meelewing, beskikbaarheid van geld en baie ander faktore moet in aanmerking geneem word. Om dit nog meer gekompliseerd te maak, kan mense wat alkohol gebruik, in verskillende groepe verdeel word: Is die persoon net 'n sosiale drinker? Iemand wat weet wat sy of haar perke is? Is dit iemand wat alkohol nodig het om ontvlugting te ervaar? Of is hy/sy reeds 'n alkoholis? Hierdie groepe reageer ook weer verskillend op dieselfde drankadvertensie.

Vanweë soveel veranderlike faktore is die advertensiebedryf dus nie 'n eenvoudige sisteem wat simplisties beoordeel kan word nie. Daar is positiewe én negatiewe aspekte.

Die cliche-agtige goue reël, behoort deur adverteerders gevolg te word: "Moenie aan andere doen wat jy nie aan jou en jou dierbares gedoen wil hê nie." Daarom sal die ideale advertensie aan die volgende vereistes voldoen: "Die ideale advertensie vervul die behoeftes van die teikengroep in die mark op so 'n wyse dat die individu en die gemeenskap daarby baat en dat die doelwitte van die bemarker met die advertensie bereik word."

Indien advertensies nie hieraan voldoen nie, behoort die verbruiker te **protesteer**. Ondervinding het wêreldwyd geleer dat verbruikers deur gemotiveerde besware adverteerders kan beweeg om advertensies te wysig of totaal te onttrek. In ander lande, maar ook in Suid-Afrika, is daar talle voorbeelde van groot maatskappye wat die publiek se besware ter harte geneem het. Wanneer 'n advertensie sedelik- aanstootlike of gewelddadige materiaal bevat, behoort protes aangeteken te word. Wanneer lidmate ontsteld is oor 'n advertensie, is dit wenslik om beswaar te maak by die medium wat die advertensie dra, (bv. SAUK, M-Net, koerant, tydskrif ens.) asook by die verskaffer van die besondere produk wat geadverteer word. In hierdie verband is dit veelseggend dat, volgens persberigte, 'n motoradvertensie waarin varke gebruik is, onmiddellik teruggetrek is nadat besware vanuit die Moslem-gemeenskap en dierebeskermingsverenigings ontvang is.

Ons het byvoorbeeld, soos die opdrag impliseer, beswaar teen sommige advertensies wat suggureer dat die oormatige gebruik van drank die beste metode is om 'n gelukkige Kersfees te vier.

Intussen is dit noodsaaklik dat verbruikers gedurende hulle kinderjare opgevoed moet word om die media "reg te lees". Indien media-geletterdheid toeneem, sal mense nie deur die illusies van hierdie tegnieke op sleeptou geneem word nie. Om 'n onlangse advertensie as voorbeeld te noem: Olifante word nie onder volstruise uitgebroei nie! Kykers moet dus geleer word om die media (en advertensies) baie krities te bejeën. 'n Grootskaalse opvoedingsproses is nodig om lidmate en veral kinders te leer om nie alles wat op die skerm verskyn, vir soetkoek op te eet nie. Die media moet met onderskeiding gelees en aanskou word.

Gelukkig is daar in hierdie verband in Suid-Afrika bepaalde beheerstelsels. Met betrekking tot advertensies is dit die Gesagsvereniging vir Reklamestandaarde (Posbus 41555, Craighall, 2024), wat die oog in die seil hou. Klagtes kan by hierdie liggaam ingedien word.

Dit moet ook waardeer word dat sigaretadvertensies op SAUK-TV verbode is. Drankadvertensies word net op sekere tye toegelaat. Hierdie advertensies mag ook nie 'n bepaalde tydsduur oorskry nie. Verder is dit belangrik om te weet dat navorsing bewys het dat 'n drankadvertensie as sodanig nie 'n persoon tot drank dryf nie. Dit beïnvloed hom hoogstens om daardie bepaalde handelsmerk van die rak te neem wanneer die drankwinkel weer besoek word. Dit is die ander faktore, byvoorbeeld persoonlikheid, omgewing, omstandighede, die sogenaamde feesgetye ensovoorts wat drankverbruik bepaal, nie die advertensie nie.

3.2.7. Slot

Om verstaanbare redes, maak die Bybel nie pertinent melding van advertensies nie. Die moderne advertensiebedryf het maar eers die afgelope dekades ontwikkel tot die huidige sisteem. Dit sou dus onverantwoordelik wees om bepaalde teksverse op geforseerde wyse hier aan te wend. Bybelse beginsels, onder andere ten opsigte van die waarheid, is egter met die samestelling van hierdie verslag in ag geneem. Wat duidelik is, is dat die invloed van advertensies 'n gekompliseerde saak is wat nie simplisties benader kan word nie. 'n Magdom veranderlike faktore werk mee wanneer iemand enige produk, soos ook drank, aankoop.

3.2.8. AANBEVELINGS

**3.2.8.1 Die sinode aanvaar bestaande beoordeling as prinsipiële riglyn ten opsigte van die advertensiewese.**

**3.2.8.2 Aangesien advertensies deur subtiele manipulasie bestaande behoeftes en angste van mense kan uitbuit en kunsmatige behoeftes skep, doen die sinode 'n ernstige beroep op lidmate om advertensies krities te beoordeel.**

**3.2.8.3 Die sinode roep alle lidmate wat as bemarkers of verbruikers met die advertensiewese in aanraking kom op om daarmee om te gaan in die lig van 'n omvattende Christelike lewens- en wêreldbeskouing.**

**3.2.8.4 Die sinode bevestig teenoor adverteerders dat lidmate negatief oordeel oor en in verset kom teen advertensies wat strydig is met die oortuiginge van die Chrsitelike geloof.**

**3.2.8.5 Wanneer daar ten opsigte van advertensies geprotesteer word, is dit belangrik om die beswaar onder die aandag van beide die verskaffer van die produk, asook die medium waarin die produk geadverteer word (bv die betrokke koerant, TV kanaal, ens.) te bring.**

**3.2.8.6 Besware teen die inhoud of tegniek van advertensies kan gerig word aan die Gesagsvereniging vir Reklamestandaarde, Posbus 41555, Craighall, 2024.**

**3.2.8.7 Die sinode versoek die Kommissie om hierdie verslag te verwerk sodat dit as 'n populêre artikel in Die Voorligter kan verskyn.**

3.3 VERANDERINGE VAN SINODALE BESLUITE

3.3.1 Opdrag

In die lig van die feit dat sinodale besluite oor 'n betrokke aangeleentheid soms mag verskil van vroeëre besluite in die verband, wat soms verwarring of onsekerheid by lidmate veroorsaak, versoek die sinode SKLAS om leiding in die verband te gee. Dit raak die uitleg en toepassing van die Skrif oor byvoorbeeld bevolkingsverhoudings, die vrou in die amp, kleredrag ensovoorts.

3.3.2 Inleiding

Die Ned Geref Kerk wysig soms van sy standpunte oor aktuele sake. Ons noem twee onlangse voorbeelde. Die diakenamp is vir die vrou oopgestel, en later ook die ander twee ampte. Gedurende die middel van die eeu is gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke deur die kerk as 'n Bybelse eis gesien, maar in 1990 het die Algemene Sinode hom van die siening gedistansieer.

Dit is verstaanbaar dat lidmate beswaar maak teen die voorkoms van sulke wysigings. God het tog die waarheid in sy Woord geopenbaar, en dit verander nie. Daarom moet die kerk konstant bly en nie telkens weer sy standpunt verander om beter by die gees van die tyd te pas nie, al boet hy gewildheid in. Mense wat so voel, sê dit is goed dat die Ned Geref Kerk in hierdie liberale tyd konstant teen egskeiding standpunt inneem, maar hy moes ook in alle ander opsigte geweier het om te skuif.

Die bedoeling agter sulke besware kan in 'n groot mate aanvaar word, maar dan moet ons die aard van die getrouheid en konstantheid wat God van die kerk verwag, reg verstaan. Dan sal ons sien dat dit nie starheid of blindheid vir die situasie is nie.

3.3.3 Wat is die waarheid?

God het die waarheid in sy Woord geopenbaar, en daaraan moet die kerk getrou bly. Wat is die waarheid? Dit is nie 'n klomp los stellings oor hoe ons moet glo en leef wat net altyd korrek herhaal moet word nie. Die Islam sien hulle heilige boek so, maar dit is nie hoe die Bybel homself vir ons aanbied nie.

In die Bybel is die waarheid eintlik die waarheid oor God in persoonlike sin, met ander woorde 'n mens ken die waarheid as jy God ken en in die regte persoonlike verhouding met Hom staan. Die waarheid wat God geopenbaar het, bestaan in die eerste plek daarin dat Hy Homself in Christus geopenbaar het. Daarom sê Christus in Johannes 14:6 "Ek is die weg en die waarheid en die lewe". Die waarheid het inhoud wat in stellings geformuleer kan word, maar sulke stellings moet dan altyd in organiese eenheid met die hele waarheid funksioneer, want dit gaan om een God wat Homself deur die Openbaring aan ons gee.

Alle verhoudings groei, en in ooreenstemming daarmee wys die Bybel dat die gelowiges se verstaan van God deur die eeue gegroei het. Onder andere die profete, die koms van Jesus en die leiding van die Gees aan die skrywers van die Nuwe Testament het voortgaande verdieping van die gelowiges se verstaan van die waarheid gebring. Dink byvoorbeeld aan die verdieping wat die evangelie van Johannes bring as ons dit met die drie ouer evangelies vergelyk. Die waarheid is nie staties nie, maar soos 'n aangroeiende stroom. Hierdie stroom het nie opgedroog toe die laaste Bybelboek geskryf is nie, maar vloei

deur die dogmavorming in die ou kerk, die Kerkhervorming, die ontstaan van ons belydenisskrifte en baie ander werkinge van die Gees tot vandag toe. Die Skrif is op 'n spesiale wyse deur die Gees geïnspireer, maar dieselfde Gees werk tot vandag toe. Die kerk se taak is om hierdie stroom getrou deur te gee, en daarom is sy taak grootser en moeiliker as om net stellings te herhaal.

### 3.3.4 Die waarheid werk in situasies.

Vanweë hierdie persoonlike karakter van die waarhied, is dit ook 'n mag wat vir elke persoon in sy eie situasie werk. Die waarheid is nie abstrakte idees of stellings nie, maar 'n mag waardeur God 'n mens in jou situasie in sy greep kry. So is die liefde: dit is vir mense, en daarom wil dit in die praktyk werk. Daarom vind ons deurgaans in die Bybel dat mense die waarheid in terme van hulle historiese situasie verstaan en uitleef. Dit het twee kante wat 'n invloed het op die wyse waarop die kerk die waarheid vandag moet deurgee. Eerstens vind ons die waarheid in die Skrif altyd ingebed in 'n bepaalde situasie, en tweedens moet ons die waarheid vandag telkens in 'n bepaalde situasie laat werk. Ons kyk na die twee kante.

### 3.3.5 Die historiese situasie van die waarheid.

Hoe meer 'n mens die Bybel bestudeer, hoe meer sien jy dat dit in terme van die taal, denkwêreld en situasie van daardie tye oor God en sy gebod praat. Daarom kan ons nie bloudrukke vir alle tye daaruit aflees nie, maar wel blywende riglyne vind.

As Deuteronomium 22:21 byvoorbeeld sê dat 'n bruid van wie dit blyk dat sy nie meer 'n maagd is nie, gestenig moet word, mag ons dit nie as 'n voorskrif vir alle samelewings opneem nie, maar moet ons wel die riglyn dat die seksuele slegs in die huwelik hoort, daarin vind. In die destydse samelewing sou so 'n gebod effektief gewees het, maar vandag sal dit onuitvoerbaar wees.

Om op hierdie wyse te onderskei tussen wat tot die historiese situasie behoort, en wat die blywende riglyn is, is dikwels moeilik. Twee van die sake waaroor die Ned Geref Kerk se standpunt geskuif het, kan in hierdie lig beter verstaan word, nl. die vrou in die amp en rasgemengde huwelike.

In 1 Kor. 14:33-35 en in 1 Tim. 2:11-12 staan daar dat vroue moet swyg en hieruit is in die verlede afgelei dat vroue nie in die erediens mag praat nie en dus nie predikante mag word nie. 'n Noukeuriger ondersoek van die gedeeltes het die Algemene Sinode van 1992 oortuig dat dit in 1 Korintiërs oor 'n situasie gaan waarin sekere vroue wanorde in die kerk ge^kep het, sodat Paulus die verbod nie vir alle plekke en tye bedoel nie; en dat dit in 1 Timoteus nie oor eredienste gaan nie, maar oor vroue wat in die huis die rol van hulle mans wou oorneem. Die swyggebod is dus in albei gevalle op 'n spesifieke situasie gerig, sodat dit nie op ons eredienste oorgedra kan word nie.

Esra 10 beskryf hoe Esra verkondig het dat dit teen die wil van die Here is dat sommige Israeliete met vroue van ander volke getrou het, en hoe dié vroue toe weggestuur is. Uit hierdie en dergelike gedeeltes is daar in die verlede in ons Kerk afgelei dat rasgemengde huwelike ontoelaatbaar is. Noukeuriger ondersoek het openbaar dat die afleiding ongegrond is, omdat die rede vir die verbod in 'n situasie gelê het wat verander het. Israel was die volk van die Here, en die ander volke het ander godsdienste aangehang. Die verbod het 'n godsdienstige rede gehad, en die blywende beginsel is dat 'n gelowige nie met 'n ongelowige behoort te trou nie.

Aangesien die onderskeiding tussen die situasie-gebonde en die blywende in sulke gevalle nie maklik is nie, is dit verstaanbaar dat daar in 'n kerk verskil van mening kan wees sodat die meerderheid mettertyd van die een kant na die ander kan oorskuif. Dit is nie oneerlikheid nie, maar 'n teken van ons menslike beperkings. Veral as 'n kerk in 'n situasie verkeer waar die meeste van sy lidmate graag uitspraak in een rigting sou hoor, is dit vir hom moeilik om die gewig van die argumente wat in die ander rigting wys, in te sien. Kerke bestaan uit mense, en mense het emosies wat hulle oordeel kan skeeftrek. Daarom moet 'n kerk altyd bereid wees om sy tradisionele standpunte krities aan die Skrif te toets, en hulle te verander as hy oortuig is dat die Woord en Gees hom so lei.

### 3.3.6 Die huidige situasie vir die waarheid.

In die Bybel vind ons hoe God die waarheid in bepaalde situasies laat werk het, en daarom moet ons dit opnuut in vandag se situasies laat werk. Dit behels dat daar elke dekade veranderings kan kom in die wyse waarop ons die riglyne van die Woord deurtrek. Ons is soos 'n man met 'n kompas in die hand: die rigting wat die Woord wys ken ons, maar telkens moet ons die landskap voor ons in ag neem om byvoorbeeld om moerasse te loop; ons kan die kompas nie blindelings volg nie. Die Woord wys die rigting, maar ons moet self ons pad uitwerk om die beste vordering in dié rigting te kan maak.

'n Voorbeeld hiervan is Paulus se houding teenoor slawerny. Hy gebied eienaars om slawe "reg en billik" te behandel (Kol 4:11), maar aanvaar die instelling van slawerny self sonder om kritiek daarop uit te spreek. Die rede is dat Paulus matig konserwatief was teenoor maatskaplike instellings, en nie die indruk wou skep dat die Christendom hulle rewolusionêr wil verander nie. In die moderne wêreld skep slawerny probleme vir die Christelike gewete, en sou dit nie geregverdig wees om met 'n beroep op Paulus te pleit vir die herinstelling daarvan nie.

Nog 'n voorbeeld van hoe Paulus hom by die maatskaplike instellings van sy tyd aanpas, is sy behandeling van die verhouding tussen man en vrou. Volgens Efesiërs 5:24 "moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees". In sy samelewing het vroue ook in alle ander opsigte 'n ondergeskikte rol gespeel, en daarom sou dit rewolusionêr wees om iets anders te sê oor hulle rol in die huwelik. Tans leef ons in 'n tyd waarin die posisie van die vrou steeds sterker word. Wanneer ons die gesagsverhouding tussen eggenotes bespreek, moet ons dit in ag neem, want ons doel is om die waarheid vandag so goed as moontlik te realiseer. Ons sal dus vandag meer van die inleiding tot die betrokke paragraaf in die brief aan die Efesiërs moet maak, naamlik dat alle Christene "aan mekaar onderdanig" moet wees (5:21).

As 'n kerk die verskuiwende situasie nie inreken nie, gaan sy etiek verstar. 'n Voorbeeld is die feit dat die Rooms-Katolieke Kerk tot onlangs teen die gebruik van geboortebeperkingspille gekant was. So 'n starheid kan onrealisties en onmenslik wees, en so kan 'n kerk wegdryf van die gesindheid en boodskap van Jesus Christus. Die Transvaalse Sinode van die Ned Geref Kerk het in 1925 teen alle voorbehoedmiddels besluit. Selfs so laat as 1948 het die Vrystaatse Sinode die regering versoek om die verkoop van alle voorbehoedmiddele te verbied! Hierdie standpunte is ook later gewysig.

### 3.3.7 Getrouheid.

Die getrouheid wat ons van 'n kerk moet verwag, is dus nie dat hy hom steeds identies oor alle sake uitspreek nie, maar dat hy getrou bly aan God self. Dit sal behels dat hy hom steeds inspan om goed te verstaan hoe God sy waarheid in die Bybeltyd in verskillende situasies laat realiseer het, en hom daarvoor sal beywer om dieselfde waarheid op die bes moontlike wyse in hedendaagse situasies te laat werk.

### 3.3.8 AANBEVELING

**Die sinode aanvaar dat hierdie verslag die nodige leiding aan lidmate gee in verband met die veranderinge wat soms ten opsigte van kerklike standpunte voorkom.**

### 3.4 DOELWITTE VAN DIE KOMMISSIE

#### 3.4.1 Opdrag

Die sinode gee opdrag aan die onderskeie sinodale kommissies om elk sy doelwitte te formuleer met verslag aan die volgende sinodesitting.

#### 3.4.2 Werkwyse

Die uitvoering van hierdie opdrag is in die verslag van die Moderamen opgeneem.

## 4. STAANDE OPDRAGTE VAN DIE KOMMISSIE

Die skriba van hierdie Kommissie is ook Predikant in diens van die Algemene Sinode vir Leer en Aktuele Sake. Staande opdragte op die terrein van Leer en Aktuele Sake, raak tegelyk die Algemene Sinode en Noord-Transvaal. Vir die kennisname van die sinode noem ons 'n aantal sake wat die afgelope twee jaar die aandag van die Kommissie geniet het:

| | |
|---|---|
| Aborsie | Afrikaner |
| Afrikaanse | Broederbond |
| Protestantse Kerk | Aksie Morele Standaarde |
| Brits-Israel | Dobbelary en Lotery |
| Beweging | Doodstraf |
| Drankprobleme | Dwelmmiddels |
| Egskeiding | Ekologie |
| ERJ | Evolusie |
| Feesdae | Gebede by Kodesa |
| Genadedood | Geweld |
| Homoseksualiteit | Hondewedrenne |
| Inseminasie | Islam |
| Kerk en Samelewing | Kommunisme |
| Kuns | Lofprysing |
| Mediabeheer | Moraliteitskrisis |
| New Age Beweging | 087 Telefoonnommers |
| Okkultisme | Perdewedrenne |
| Pornografie | Prostitusie |
| Satanisme | SAUK |
| So glo ons | Sondagrugby |
| Surrogaat | Vrymesselary |
| moederskap | |
| Vigs | WCRP |

## 5. BESKRYWINGSPUNTE

### 5.1 GESPREKSBOEKIE K84/1 VAN BYBELKOR

#### 5.1.1 Beskrywingspunt

Die sinode versoek Bybelkor om die gespreksboekie K84/1 van publikasie te onttrek.
(Kerkraad van Levubu)

#### 5.1.2 Motivering van Kerkraad

5.1.2.1 Die gespreksboekie doen hom voor om die probleem van skyngeloof in die kerk aan te spreek met 'n oplossing. Die slot "Byt vas aan jou goeie voorneme", veronderstel dat 'n oplossing gevind word tydens gesprek.

5.1.2.2 Alhoewel 'n oplossing vir hulle eie aanbieding van skyngeloof gevind word, word die inhoud van die Evangelie as antwoord van die Woord nêrens, selfs nie eenkeer, verduidelik nie.

5.1.2.3 Die leser word wel met 'n skielike dood en die hel bang gemaak. Deur hierdie dreiging word die leser onder druk geplaas om 'n godsdienstige keuse te maak.

5.1.2.4 Dit wat hulle uitbeeld as skyngeloof is presies die daaglikse stryd wat elke ware gelowige voortdurend teen die sonde voer. Volgens die boekie gaan sulke Christene hel toe. Dit is teenstrydig met die waarheid van Rom 7 en Heid Kat 114. Die titel "Net vir Christene" maak 'n ander verstaan vir die gewone lidmaat onmoontlik.

5.1.2.5 Die boekie beeld uit dat, ten spyte daarvan dat 'n lidmaat die vergifnis van sonde aanvaar, sy lewe nie verander nie. Dit is 'n wanvoorstelling van die vergifnis van sonde, wat onteenseglik tot goeie werke lei. (Heid Kat 87 en NGB 24).

5.1.2.6. Volgens die boekie gaan jy hel toe as jy weer sonde doen, ten spyte van die vergifnis wat jy aanvaar het.

5.1.2.7. Dis duidelik dat volgens die boekie jy naas die aanvaarding van die vergifnis van sonde, ook nog eers 'n ander stel stappe, aangedui aan die einde, moet doen voordat jy gered is en iemand sal wees wat goeie werke doen.

5.1.2.8. Die woord en begrip "geloof" word hier, anders as in vorige boekies, nie eers meer genoem nie. Hierdeur word nie net die "geloof alleen" as weg tot vergifnis en goeie werke bespotlik gemaak nie, maar die hele kerk word ligsinnig uitgebeeld.

5.1.2.9. Selfs die konflik en stryd van ongelowiges word hierin ligsinnig en bespotlik voorgestel. In die ouderlingeraad van die kerkraad het geen ouderling die vrymoedigheid gehad om met enige kerklos lidmaat die boekie te behandel nie. Volgens hulle gevoel is dit beledigend, sonder godsdienstige inhoud en sal dit geen hulp kan wees in gesprek met kerlos lidmate nie.

#### 5.1.3 AANBEVELINGS

**5.1.3.1 Die sinode spreek hom nie oor die inhoud van die gespreksboekie K84/1 uit nie, maar stuur die beskrywingspunt met gepaardgaande motivering deur na Bybelkor sodat die teologiese adviespaneel die nodige aandag hieraan kan verleen.**

**5.1.3.2 Die sinode wys die Kerkraad van Levubu en Bybelkor op die prinsipiële standpunt wat die Kerk in hierdie verband tydens die Sinode van 1990 ingeneem het (Vgl. Agenda en Handelinge, Algemene Sinode, 1990:116,561.)**

### 5.2 NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING

#### 5.2.1 Beskrywingspunt

Die sinode versoek die Algemene Sinode om deur die verantwoordelike kommissie/s ondersoek te doen na die vertaling van die begrip "dikaiosoenei" met **vryspraak** in plaas van **geregtigheid** in die NAV. (Ds PJ Kriel, Levubu)

#### 5.2.2 Motivering van ds Kriel

5.2.2.1 Die term "Vryspraak" ontsluit nie die rykdom van die geloofsinhoude wat in die oorspronklike Griekse begrip vervat is nie.

5.2.2.2 "Vryspraak" dui slegs op die feit dat ek op grond van Christus se voldoening (betaling van die straf word nou eerder veronderstel met die vertaling "Vryspraak") nie gestraf word nie.

5.2.2.3 Die waarheid dat ons deel in die geregtigheid van Jesus Christus kom glad nie meer na vore in die vertaling "Vryspraak" nie. Die diepte van die waarheid dat ek deur God as regverdige voor die wet gereken word, het heeltemal verlore gegaan.

5.2.2.4 Ons is geregverdig omdat ons **deel in** sy geregtigheid wat Hy is en het. Ons kan egter **nie deel** in sy vryspraak nie, want Hy is juis nie vrygespreek nie - maar veroordeel in ons plek sodat ons nooit veroordeel sal word nie. (Rom 8:1). Ons deel eerder in sy oordeel as vryspraak waaruit ons die vryspraak as vrug ontvang.

5.2.2.5 Die hele waarheid van ons eenheid met Christus soos Paulus dit doen met die uitdrukkings ons is "in Chrustus" en "met Christus", het heeltemal verlore en ontoeganklik vir die leser geword as gevolg van die begrip "Vryspraak" in plaas van "Regverdigmaking".

5.2.2.6 As regverdige is ek "in Christus" verbind tot 'n regverdige lewe. Die begrip "Vryspraak" hierteenoor veronderstel geen noodwendige verbondenheid aan 'n lewe volgens die wet nie. "Geregverdig" het die betekenis wel in homself opgesluit.

5.2.3 AANBEVELING

**Die sinode het begrip vir die problematiek wat hier aangeroer word en verwys die beskrywingspunt met die motivering na die NAV Advieskommissie van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. (Posbus 6215, Roggebaai, 8012).**

5.3 DIE NG KERK EN ANDER KERKE EN AFWYKENDE RIGTINGS

5.3.1 Beskrywingspunt

5.3.1 Die Ring van Louis Trichardt versoek die Sinode van Noord-Transvaal om 'n beskrywingspunt aan die Algemene Sinode te stuur waarin die maatstawwe vir die bepaling van die standpunte van die Ned Geref Kerk ten opsigte van ander kerke en afwykende rigtings op 'n eenvormige basis geplaas word, sodat die teenstrydighede soos in meegaande stuk aangedui, uitgeskakel word.

5.3.2 Motivering van Ring

5.3.2.1 Die AGS word 'n status gegee wat verskil van die Volle Evangelie Kerk en ander Pinkstergroepe. Volgens die Algemene Sinode is die AGS nou 'n groep wat in hoofsaak die Protestantse beginsels huldig, maar die Volle Evangelie en ander Pinkstergroepe is groepe wat nie die Protestantse beginsels huldig nie. Volgens hierdie verskil moet die lidmate van die Pinkstergroepe eers katkiseer en weer openbare belydenis van geloof aflê voor hulle in die Ned Geref Kerk opgeneem kan word. Vir die AGS is dit as uitsondering van al die Pinkstergroepe nie meer nodig nie.

5.3.2.2 In 1.3 van die standpunt van die Algemene Sinode word daar 'n duidelike onderskeid gemaak tussen die Baptist Church of Southern Africa - in onderskeiding van die Hatfield Baptiste. Volgens die onderskeid van die Sinode is eersgenoemde 'n kerk wat in hoofsaak die Protestantse beginsels huldig, maar die Hatfield Baptiste word aangedui as 'n wederdopersekte.

Hiervolgens word die wederdopersektes nie erken as kerke wat in hoofsaak die Protestantse beginsels huldig nie, maar volgens die besluit van die Sinode is die AGS wel 'n groep onder 1.3.

Die AGS is ook 'n groep wat sonder skroom die wederdoop voorstaan en beoefen. Die AGS het ook geen verandering in sy standpunt oor die wederdoop gemaak nie. Tog word hulle nou uitgesonder bo die wederdoopsektes en 'n status anders as die Pikstergroepe gegee.

5.3.2.3 Die verandering in die status van die AGS in die standpuntstelling van die Algemene Sinode is soveel onduideliker indien in ag geneem word dat daar geen verandering van die AGS was wat die besluit kan motiveer nie. Hulle het geen verandering aan hulle belydenis aangebring en hulle beoefen steeds al die praktyke eie aan die "wederdoopsektes" soos deur die Algemene Sinode aangedui. Hierdie verandering in status is gebaseer op 'n willekeurige seleksie wat die beginsels vir onderskeid vir groepe soos aangedui in 1.3 en 1.4 ("Kerke wat in hoofsaak die Protestantse beginsels huldig" en "Kerke wat nie die Protestantse beginsels huldig") willekeurig en relatief maak. Dit kan nie deur die kerk in die praktyk as beginselsaak gehandhaaf word nie, omdat niemand in die kerk weet wat die beginsels in die onderskeid is nie. Dit is as gevolg van die onderskeid wat die stuk maak tussen die AGS en die Volle Evangelie en ander Pinkster groepe en wederdoop sektes.

5.3.2.4 Die kernprobleem waaruit die willekeurigheid spruit is dat daar in die standpunt oor die erkenning van ander kerke met twee maatstawwe gemeet word om die erkenning van ander kerke te bepaal. In 1.1 en 1.2 word gewerk met die belydenisse van die Ned Geref Kerk as maatstaf om die status van ander kerke te bepaal en te erken. In 1.3 en punt 2 word gewerk met die maatstaf van Protestantse beginsels. Laasgenoemde is nie meer 'n kerklike beginsel soos die belydenisse nie, maar 'n akademies - filosofiese onderskeid. Dit is hierdie nuwe maatstaf van "beginsels" in plaas van "belydenisse" wat aan die hele standpunt inname van die Algemene Sinode oor ander kerke 'n willekeurigheid gee wat maak dat die seleksie van een Pinkstergroep bo 'n ander Pinkstergroep moontlik is. Indien daar net by die kerklike belydenisse as maastaf gebly is, sou die willekeurigheid nie deel van die standpunt gewees het nie.

5.3.3 AANBEVELING

**Die sinode besef dat hierdie saak verdere aandag verdien en besluit om die beskrywingspunt en motivering na die ASK te stuur met die vesoek dat hierdie aangeleentheid indringend ondersoek word sodat die Algemene Sinode van 1994 met 'n verslag en aanbevelings gedien kan word.**

5.4 BEKERING

5.4.1 Beskrywingspunt

Die Ring van Louis Trichardt versoek die sinode om 'n beskrywingspunt na AKLAS te stuur waar duidelikheid gevra word oor die waarde van bekering soos bely in die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 86 ten opsigte van die regverdigmaking in Christus.

5.4.2 Motivering van Ring

Huidiglik is daar twee beklemtonings in die Ned Geref Kerk oor die rol van bekering. Dit skep verwarring by die lidmate.

Die een standpunt word as volg saamgevat:

* Die verbond geld vandag nog.
* Die Abrahamsverbond is dus die geldende in die OT en die NT.
* Die genade-aspek van die verbond negeer nie die mens se verantwoordelikheid nie.
* Die Here het sy aandeel in Christus vervul.
* Die mens moet sy aandeel aan die verbond vervul deur dit te aanvaar.
* Hierdie aanvaarding geskied deur geloof en bekering.
* Wie hom dus nie bekeer nie word nie gered nie.
* Hierdie standpunt word in die Kerk se amptelike leerstukke - Kategeseboeke gebruik. Vgl. diagram op bl 189 "Ken en Vertrou" - Leerboek vir Katkisante in st. 5.

Die tweede standpunt kan as volg saamgevat word:
* Die Skrif en die belydenisskrifte van die Ned Geref Kerk maak 'n duidelike onderskeid tussen die Evangelie en die Wet se werking.
* Deur die Evangelie ontvang en besit die lidmaat alle weldade wat daar in Christus is.
* Nie een van die weldade in die verbond kom die mens toe deur middel van die wet nie.
* Die wet is die riglyn vir hoe die goeie werke moet wees van die mens wat alle weldade deur die Evangelie alleen ontvang (Gal. 2:15 en 16; Fil 3:7-9).
* Die geloof en bekering is nie twee kante of aksente van een saak nie.
* Die bekering soos die kerk dit leer in die HK vraag 86 is sonder enige waarde in die aanneem van en die deel wees van die volle saligheid in Christus.
* Redding is alleen deur die Evangelie en geloof in Christus.
* Bekering en gehoorsaamheid is alleen tot eer van God.
* Dit is 'n dwaling om aan bekering die waarde te gee dat dit ook nodig sou wees om kind van God te word.

### 5.4.3 AANBEVELING

**Die sinode volstaan met die rapport "Geloof: Gods werk of Mensewerk?" wat voor die Algemene Sinode van 1990 (Agenda 1990:116) gedien het, maar bring die beskrywingspunt saam met die motivering deur die korrekte kanale onder aandag van die AJK.**

### 5.5 OPE BRIEWE

#### 5.5.1 Beskrywingspunt

Dat die sinode hom uitspreek oor die sg. "Ope Briewe" wat in die pers gemaak word. (Kerkraad Koedoesrand).

#### 5.5.2 Motivering van Gemeente

5.5.2.1 Die Gereformeerde beginsels is nog altyd dat kerklike sake op kerklike wyse en dus deur kerklike kanale behandel word. Die verskynsel van ope briewe is vreemd en kom nie die beginsel na nie.

5.5.2.2 Die sogenaamde Ope Briewe handel dikwels soos sosiaal-politieke sake en kan geïntepreteer word dat die skrywers en ondertekenaars 'n drukgroep wil vorm om 'n bepaalde standpunt te bevorder.

5.5.2.3 Die indruk word dan telkens geskep dat die skrywers en ondertekenaars die enigste ware lig oor die saak het en dat hulle standpunt die standpunt van die NG Kerk is (of behoort te wees).

5.5.2.4 Terwyl polarisasie, skeuring en wantroue 'n kenmerk van ons tyd is, bevorder die styl van ope briewe juis die gees van polarisasie.

5.5.2.5 Dit is die Kerkraad se oordeel dat die "Ope Briewe" nie tot heil van die gemeente (en kerk), die eenheid van die gemeente (en die kerk) en dus nie tot eer van Christus strek nie.

#### 5.5.3 AANBEVELINGS

**5.5.3.1 Die sinode aanvaar die beskrywingspunt en spreek hom soos volg uit oor die praktyk van sogenaamde "Ope Briewe" wat van tyd tot tyd in die pers veskyn:**

**5.5.3.2 Die sinode wys daarop dat dit inherent deel van die protestantse tradisie is dat lidmate hulle standpunte individueel of kollektief deur die kerklike media bekend maak.**

**5.5.3.3 Die sinode oordeel dat ope briewe wat ordelik opgestel is, nie deur 'n kwaadwillige drukgroep saamgestel is nie en van lojaliteit teenoor die Kerk getuig, gesonde meningswisseling binne die Kerk kan stimuleer.**

**5.5.3.4 Die sinode wys die kerkraad op die volgende besluite van die Algemene Sinode van 1982. (Handelinge, Algemene Sinode 1982:1423).**

***1 Die Sinode wil graag die bona fides aanvaar van ampsdraers en lidmate wat individueel of in groepe in die afgelope reses deur middel van verklarings, briewe en so meer die Kerk probeer aanspreek het.**
***2 Die Sinode erken die reg van ampsdraers en lidmate om lojale kritiek teen die kerk se standpunte of manier van doen uit te spreek of 'n diskussie oor brandende vraagstukke van die dag te voer, by voorkeur in die kerklike pers.**
***3 Die Sinode wys egter daarop dat polariserende groepvorming met die oog op groter effek, gevaar inhou vir die eenheid van die kerk, en ook vanweë die onsekerheid en onrus wat dit in die kerk veroorsaak, ontmoedig moet word.**
***4 Die Sinode is van oordeel dat 'n deel van die kritiek wat teen die Kerk ingebring is, onbillik en in terme ingeklee is wat nie van lojaliteit en liefde teenoor die kerk getuig nie.**
***5 Die Sinode doen 'n beroep op ampsdraers en lidmate om ter wille van die goeie orde in die kerk met groot verantwoordelikheid en op 'n ordelike wyse op te tree wanneer hulle van oordeel is dat die Kerk aangespreek moet word.**

## 6. SERKOS

### 6.1 BEVINDINGE

6.1.1 Volgens die verteenwoordiger op Serkos, het sinodale verteenwoordigers weinig inspraak by die werksaamhede, publikasies en beplanningsaksies van Serkos. Dit blyk ook dat die standpunte en menings van Serkos nie altyd verteenwoordigend van die spiritualiteit van die NG Kerk is nie.

### 6.2 AANBEVELINGS

**6.2.1 Die sinode dra dit aan sy Kommissie op om met die dagbestuur van Serkos oor bestaande sake gesprek te voer.**

**6.2.2 Die sinode benoem weer 'n verteenwoordiger op Serkos.**

## 7. SLOT

Ons vertrou dat die Kommissie hiermee sy opdragte uitgevoer het en bid dat die sinodesitting geseënd sal wees.

PROF JA HEYNS
VOORSITTER

DR WJ BOTHA
SKRIBA

# A.15.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIE EREDIENS

## 1. SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE

Die kommissie het bestaan uit die volgende personeel: prof AC Barnard (voorsitter), prof CJA Vos (Teologiese Fakulteit en ondervoorsitter tot Maart 1993), dr G Meistre (ondervoorsitter vanaf Maart 1993), ds CA du Plessis, ds AJ Olivier, dr CJ Jackson (vanaf Maart 1993), dr PJC Loots (skriba), mev HM Potgieter, mev M Herholdt (Vrouediens - tot Mei 1993), mev M Lazenby (Vrouediens - vanaf Mei 1993), ds JC Carstens (SAKV).

## 2. VERGADERINGS VAN DIE KOMMISSIE

Die kommissie het vier maal vergader. Die dagbestuur van die kommissie het twee maal vergader.

## 3. WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE

Die kommissie het die volgende werksaamhede behartig:

### 3.1 SINODALE EREDIENSSIMPOSIUMS

#### 3.1.1 Eredienssimposium 1992:

In opdrag van die sinode het hierdie kommissie 'n sinodale eredienssimposium gedurende 1992 gedesentraliseerd aangebied en wel soos volg:

* 1 September 1993: Pietersburg-Noord (09:00 - 12:30)
* 8 September 1993: Universiteitsoord (18:00 - 21:30)
* 15 Spetember 1993: Rustenburg-Proteapark (09:00 - 12:30)

Die tema van die eredienssimposium was: **Bybelmatige prediking** en is deur proff AC Barnard en CJA Vos aangebied. Naas die inleidende referaat, was daar voldoende geleentheid tot besinning en gesprekvoering oor die tema aan die hand van prikkelende vrae.

Die gedesentraliseerde eredienssimposium was oor die algemeen baie goed bygewoon deur leraars, verteenwoordigers van die kerkrade se eredienskommissies, asook orreliste.

#### 3.1.2 Eredienssimposium 1993:

'n Sinodale eredienssimposium word in die vooruitsig gestel op 16 Oktober 1993 met die tema: **Lofprysing in die Erediens** waartydens besondere aandag aan die aanwending van die nuwe Jeugsangbundel gegee sal word.

Die kommissie se aanvanklike beplanning was om vanjaar se eredienssimposium voor die sinodesitting te organiseer en wou dit laat saamval met die verskyning van die nuwe jeugsangbundel. As gevolg van die laat verskyning van laasgenoemde, kon dié ideaal nie verwesenlik word nie.

Hierdie eredienssimposium sal DV gehou word in die Ned Geref gemeente Queenswood se kerkgebou vanaf 09:00 tot 13:00. Die referaat sal gelewer word deur prof AC Barnard, terwyl ds JC Carstens met die koor en mev HM Potgieter op die orrel vir praktiese illustrering sal sorg.

Alle leraars, orreliste en minstens twee afgevaardigdes van kerkraads-eredienskommissies word hartlik na dié geleentheid uitgenooi.

#### 3.1.3 AANBEVELINGS

**3.1.3.1 Die sinode herbevestig sy opdrag aan die Sinodale Eredienskommissie om voort te gaan met die jaarlikse aanbieding van 'n sinodale eredienssimposium.**

**3.1.3.2 Die sinode moedig gemeentes aan om aktief in te skakel by die beplande sinodale eredienssimposium DV op 16 Oktober 1993.**

### 3.2 STUDIESTUKKE IN OPDRAG VAN DIE SINODE

In opdrag van die sinode, is daar gewerk aan die volgende twee studiestukke wat hiermee vir goedkeuring aan die sinode voorgelê word:

3.2.1 "Die waarde van simboliek vir die erediens" (Bylae A).
3.2.2 "Skuldbelydenis en genadeverkondiging in die erediens" (Bylae B).

#### 3.2.3 AANBEVELINGS

**3.2.3.1 Die sinode neem die twee studiestukke in behandeling**

**3.2.3.2 Die sinode aanvaar die studiestuk: "Die waarde van simboliek in die erediens" as riglyn vir gebruik in die kerk en doen 'n beroep op kerkrade om die gegewens uit hierdie stuk so ver moontlik toe te pas.**

**3.2.3.3 Die sinode aanvaar die studiestuk: "Skuldbelydenis en genadeverkondiging in die erediens" as riglyn vir gebruik in die kerk en doen 'n beroep op kerkrade om die gegewens uit hierdie stuk so ver moontlik toe te pas.**

**3.2.3.4 Die sinode dra dit aan die Sinodale Eredienskommissie op om ten opsigte van die studiestuk: "Skuldbelydenis en genadeverkondiging in die erediens", praktiese voorbeelde uit te werk en aan die kerk beskikbaar te stel.**

### 3.3 RIGLYNE VIR DIE FUNKSIONERING VAN DIE KERKRAAD EN RING SE KOMMISSIE VIR DIE EREDIENS

Op versoek van verskeie rings- en kerkraadskommissies vir die erediens, het die Sinodale Eredienskommissie riglyne vir die funksionering van genoemde kommissies opgestel wat geïmplimenteer kan word na aanleiding van die Kerkorde Bepaling 49.1 (Bylae C). Hierdie riglyne is aan die kerkrade en ringe beskikbaar vir verdere hantering na goeddunke.

#### 3.3.1 AANBEVELING

**3.3.1.1 Die sinode neem kennis van die riglyne vir die funksionering van die kerkraad en ring se kommissie vir die erediens.**

**3.3.1.2 Die sinode keur die optrede van die Sinodale Eredienskommissie goed met betrekking tot die daarstel van genoemde riglyne.**

### 3.4 SKAKELING MET ANDER INSTANSIES

Die Sinodale Eredienskommissie het in opdrag van die sinode voortdurend geskakel met die volgende instansies:

### 3.4.1 Suid-Afrikaanse Koorvereniging (SAKV)

Die Sindale Eredienskommissie het gereeld die nuusblad van die SAKV ontvang en is deur die skriba op hierdie vereniging verteenwoordig. Op 'n onlangse Sinodale Eredienskommissievergadering is ds JC Carstens (Noord-Transvaal se verteenwoordiger op die SAKV) in waarnemende hoedanigheid op die kommissie gekoöpteer ter wille van nouer skakeling.

Mev HM Potgieter is ook as hierdie kommissie se verteenwoordiger op die Noord-Transvaal streek van die SA Koorvereniging aangewys.

### 3.4.2 SA Kerkorrelisteverenigíng (SAKOV)

Die Sinodale Eredienskommissie was op SAKOV verteenwoordig deur mev HM Potgieter.

### 3.4.3 Vrouediens

'n Verteenwoordiger van die Vrouediens, in die persoon van mev M Herholdt (en later mev M Lazenby) was gekoöpteer op die Sinodale Eredienskommissie, terwyl die skriba die kommissie by die Vrouediens verteenwoordig het.

### 3.4.4 Teologiese Fakulteit

Die kommissie was bevoorreg om prof CJA Vos in sy geledere te hê as die amptelike verteenwoordiger van die Teologiese Fakulteit.

### 3.4.5 AANBEVELING

**Die sinode dra dit aan die Sinodale Eredienskommissie op om voort te gaan met skakeling met bogenoemde instansies ter wille van steeds beter funksionering en dienslewering met betrekking tot die inkleding van die erediens.**

### 3.5 KOMMENTAAR OP DIE PROEFSANGBUNDEL/SING ONDER MEKAAR

In opdrag van die sinode is gemeentes versoek om kommentaar te lewer oor die tekste en singbaarheid van die melodieë van proefsangbundel/Sing onder Mekaar bundel.

Slegs enkele gemeentes het hierop gereageer en die kommentaar is aan die Subkommissie vir die Erediens van die Algemene Gemeentebedieningskomissie deurgestuur vir hantering.

### 3.6 AD HOC PRIORITEITE VAN DIE SINODE

Die Sinodale Eredienskommissie was deur sy voorsitter en skriba verteenwoordig op 'n ad hoc kommissie van die moderamen wat besin het oor die prioriteite van die sinode in die lig van finansies en die bestaansreg van die kommissies.

Die Sinodale Eredienskommissie het op versoek 'n dokument opgestel rondom die funksionering van hierdie kommissie wat by genoemde vergadering behandel is.

Die Sinodale Eredienskommissie bly daarvan oortuig dat, in die lig van die gespesialiseerde aard van hierdie kommissie se werksaamhede, die kommissie as 'n volwaardige kommissie van die sinode moet bly voortbestaan sodat bepaalde opdragte van die sinode rakende die erediens met vaartbelyndheiduitgevoer kan word en voortdurende studie rondom bepaalde aspekte van die erediens sinvol onderneem kan word (vergelyk Kerkorde Bepaling 49.1.3.1 - 49.1.3.3).

## 4. SUID-AFRIKAANSE WERKGEMEENSKAP VIR PRAKTIESE TEOLOGIE

Alhoewel die Sinodale Eredienskommissie 'n eie werksterrein en opdrag het volgens die Kerkorde, is daar tog baie raakvlakke met die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie. Gevolglik wil hierdie kommissie graag die werksaamhede van hierdie werkgemeenskap onder aandag van die leraars van die sinode bring met 'n beroep op aktiewe ondersteuning daarvan. So is daar verskeie praktiese werkgroepe van hierdie werkgemeenskap, onder andere: vir prediking, liturgie en gemeentebou.

### 4.1 AANBEVELING

**4.1.1 Die sinode bring dit onder aandag van die leraars dat die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie verskeie praktiese werkgroepe het en moedig hulle aan om by een daarvan in te skakel.**

## 5. BESKRYWINGSPUNTE

Die volgende beskrywingspunte is na hierdie kommissie verwys vir kennisname en aanbevelings:

### 5.1 KORAALBOEK MET MELODIEë IN LAER TOONAARDE

5.1.1 Die kerkraad van Levubu het die volgende beskrywingspunt ingestuur:

"Die sinode versoek die verantwoordelike kommissie/s om die moontlikheid te ondersoek om 'n koraalboek of iets soortgelyk saam te stel waarin melodieë in laer toonaarde getransponeer is vir gemeentesang.

**Motivering:**

1. Verskeie van die melodieë se toonaard is te hoog vir die gewone gemeentesang.

2. Baie opgeleide orreliste transponeer in hulle begeleiding self die melodieë ter wille van gewone gemeentesang.

3. Nie alle gemeentes het egter die voorreg van opgeleide musikante in die gemeente nie.

4. So 'n musiekboek sal tot hulp wees vir gemeentes waar persone gemeentesang begelei wat net kan bladlees maar nie transponeer nie."

### 5.1.2 AANBEVELING

**Die sinode keur die beskrywingspunt goed en verwys dit na die Sinodale Eredienskommissie vir ondersoek en skakeling met die Subkommissie vir die Erediens van die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening in hierdie verband.**

### 5.2 BEDIENING VAN DIE NAGMAAL

5.2.1 Die Ring van Pretoria-Wes het die volgende beskrywingspunt ingestuur:

"Die Ring van Pretoria-Wes versoek hiermee die sinode van Noord-Transvaal om opnuut ondersoek in te stel na die moontlikheid om die sakrament van die nagmaal anders te bedien as soos in Bepalings 49.5.1 en 49.5.3 beskryf.

Die Ring pleit by die sinode dat die nagmaal by uitsondering en na eerlike besinning aan lidmate bedien mag word onder die volgende voorwaardes:

1. Die kerkraad moet homself oortuig dat daar geen bybedoelings is nie.

2. Die kerkraad moet seker maak dat dit belydende lidmate is.

3. Die kerkraad sal, waar moontlik, meer van hierdie lidmate bymekaar probeer kry vir die geleentheid. (Daar is lidmate wat vir dertig minute in 'n gemaklike stoel kan sit, maar nie vir 'n uur plus in 'n kerk nie.)

4. Die kerkraad nooi by monde van die ouderlinge, diakens of vrywilliger van daardie wyk die hele wyk uit na die geleentheid.

5. Die kerkraad bedien die nagmaal slegs nadat daar die oggend in die gemeente nagmaal gevier is.

6. Die kerkraad sien toe dat die Woord saam met die sakrament verkondig word.

Die Ring van Pretoria-Wes wil hiermee aan getroue, gelowige en toegewyde lidmate toon dat hulle steeds deel in die liefde van 'n genadige God."

5.2.2 AANBEVELINGS

**5.2.2.1 Die sinode verwys hierdie versoek na die Sinodale Eredienskommissie met die opdrag om aandag te gee aan die wese van die nagmaal, die viering van die nagmaal, die wyse van bediening van die nagmaal en die kontrole oor die viering daarvan.**

**5.2.2.2 Die sinode dra dit aan die Sinodale Eredienskommissie op om by bogenoemde studie ook aandag te gee aan kinderkommunie en riglyne in hierdie verband te verskaf.**

5.3 NUWE UITGAWE VAN DIE PSALM- EN GESANGBUNDEL

5.3.1 Die Kerkraad van Waverley het die volgende beskrywingspunt ingestuur:

"Die sinode versoek die Algemene Sinode om met die uitgewer te onderhandel ten einde die Drie Formuliere vir Eenheid (en moontlik ook So Glo Ons en sommige liturgiese formuliere) in 'n nuwe uitgawe van die Psalm- en Gesangbundel op te neem."

5.3.2 AANBEVELINGS

**Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt en besluit om dit deur te stuur na die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening om aan sy Subkommissie vir die Erediens voor te lê vir hantering.**

5.4 DIE GEBRUIK VAN JEUGSANGBUNDELS EN ANDER EIETYDSE CHRISTELIKE LIEDERE IN EREDIENSTE WAT OP DIE JEUG TOEGESPITS IS.

5.4.1 Die kerkraad van Raslouw het die volgende beskrywingspunt ingestuur:

"Met verwysing na die Handelinge van die sinode van Noord-Transvaal 1987, verslag van die SKAE punte 3.1.3.5 en 3.1.3.6 en die Handelinge van die Algemene Sinode 1990, eerste verslag van die tydelike SKE punt 7:

Die Sinode van Noord-Transvaal besluit dat die liedere in die kerk se Jeugsangbundels en ander eietydse Afrikaanse Christelike liedere soos deur die verskillende kerkrade goedgekeur, in eredienste wat op die jeug toegespits is, gesing mag word.

Motivering

1. Die sinode het geen beswaar teen die gebruik van kerklike Jeugsangbundels tydens die jeugaksies se verrigtinge nie. Eredienste toegespits op die jeug word bygewoon deur lede van die verskillende jeugaksies. Sulke toegespitste eredienste word deur Woord- en sangbedienings geklee in die idioom van die jeug.

2. Die sinode kan nie ontken dat die Here ook in 'n moderne tyd mense motiveer om met hul gawes en talente eietydse Afrikaanse Christelike liedere te komponeer wat die jeug in hul idioom aanspreek nie.

3. Die sinode behoort kerkrade en leraars te vertrou om die teologiese inhoud van eietydse Afrikaanse Christelike liedere na te gaan en keuring toe te pas alvorens dit in die eredienste gesing word. Verantwoordelikheid in hierdie verband behoort ook af te wentel na die kerkrade wat liturgiese kreatiwiteit sal stimuleer.

4. Die sinode ag die jeugbediening van die kerk van groot waarde en sal nie wil sien dat die jeug hul rug op die kerk draai omdat hul sangbehoeftes nie bevredig word nie.

5. Die sinode neem kennis dat die betrokke kerkraad met verantwoordelikheid 'n eksperiment tydens aanddienste wat op die jeug toegespits is, gemaak het. Die terugvoering van die jeug en ouer lidmate was baie positief. Die jeug se bywoning van aanddienste het drasties toegeneem.

5.4.2 AANBEVELING

**Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt en neem dit saam met dié een deur die leraars van Lynnwood in behandeling.**

5.5 KERKSANG

5.5.1 Die Leraars van Lynnwood het die volgende beskrywingspunte ingestuur:

"Die sinode besluit self oof die aard van 'n nuwe benadering ten opsigte van kerksang en beveel die volgende by die algemene sinode aan:

1. Elke kerkraad besluit self oor die aard van die lied wat in die erediens en by ander byeenkomste in die gemeente gesing word.

2. Die Algemene Sinode dien die kerk in belang van die gesonde kerklied deur:

2.1 Kerkrade te lei in terme van die norme wat in die keuring van liedere moet geld;

2.2 Een liederebundel vir die kerk in stand te hou;

2.3 As keuringsliggaam vir bestaande en nuwe liedere te dien met die oog op advies aan gemeentes;

2.4 Gereeld nuwe gekeurde liedere in die kerklike media vir toetsing deur gemeentes bekend te stel;

2.5 Van tyd tot tyd die liederebundel op te dateer met liedere wat die toetsing van gemeentes geslaag het.

Motivering

1. Die probleem:

1.1 By 'n beduidende persentasie van ons lidmate bestaan die gevoel dat die huidige Psalm- en Gesangboek moeilik sing.

In 1989 (Kerkspieël III; 55) het ten minste 40% van die kerkraadslede aangedui dat hulle dit so beleef.

1.2 Oor die algemeen is daar by gemeentes groot lojaliteit teenoor die sinode se besluite rakende die gebruik van die amptelike bundel in die erediens. Tog gebeur dit al meer dat gemeentes ander liedere sing. Dit dui waarskynlik ook op die behoefte aan liedere in ander genres as die in die amptelike bundel.

In "Kerkspieël III" is byvoorbeeld navraag gedoen na die liederebundels wat gemeentes tydens pinkster gebruik (voor en na die diens). Die volgende het daaruit geblyk (a.w. 52):

* 95,3% gebruik die Psalm- en Gesangeboek;

* 65,3% gebruik ook die Jeugsangbundel, en

* 43,2% sing ook uit die Hallelujabundel. (In die Wes-Kaap sing 70% van die gemeentes nog tydens pinkster uit die Halleluja!)

Dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die meeste van die bg. gemeentes ook deur die jaar van hierdie bundels gebruik maak.

**1.3 Die musikale idioom wat in die Psalm- en Gesangeboek gebruik word, is sodanig dat baie van vandag se mense (jongmense en volwassenes) hulle nie daarin tuis voel nie**

Die indruk bestaan dat die kerk slegs die ou (meer klassieke) styl vir die kerklied aanvaar, en dat die kerk die meer moderne ligter musikale idioom as swak en onbruikbaar vir die erediens beskou.

**1.4 Die huidige stelsel vir die keuring en uitbreiding van ons liedereskat is so omslagtig dat al meer gemeentes hulle eie pad begin loop**

Dikwels is hierdie eie pad reaksionêr en tot nadeel van gesonde sang in die gemeente. Indien 'n ander meer dinamiese vorm van leiding aan gemeentes nie ontwerp word nie, kan die gemeentes wat die besluite van die kerk ignoreer, al meer word en kan die sinode mettertyd ontdek dat sy leiding irrelevant geword het.

**1.5 Die voorskriftelike manier waarop die algemene sinode bepaal wat gemeentes mag sing is in ons tyd onaanvaarbaar**

'n Meer subtiele rigtinggewende leiding wat die mondigheid van die kerkraad erken, is nodig. Die voorskriftelike benadering lei net daartoe dat gemeentes die besluite ignoreer.

**1.6 Talle gemeentes handhaaf die standpunt dat die sinode net bepaal wat in die erediens gesing mag word**

Buite die erediens word 'n ongesonde willekeurigheid openbaar - deels omdat die huidige voorskriftelike benadering meebring dat die sinode in sulke gevalle weinig invloed het. Die skeiding tussen dit wat in die erediens aanvaarbaar is, en dit wat daarbuite gesing word, is onhoudbaar.

**1.7 Die verskillende nuwe bundels wat aanvullend tot die Psalm- en Gesangeboek verskyn, skep verwarring**

Lidmate weet later nie meer watter bundels om saam te neem nie. Die feit dat die woorde van dieselfde lied in twee bundels verskillend weergegee word, dra ook by tot die verwarring.

**'n Nuwe benadering is nodig**

Die beskrywingspunt beoog nie om 'n nuwe stelsel volledig uit te spel nie, maar stel die beginsels vir 'n nuwe benadering. Die volgende is in die verband belangrik:

**1. Die kerkraad het die verantwoordelikheid om self te besluit oor die lied wat binne en buite die erediens gesing word**

Dit word algemeen aanvaar dat die kerkraad in die finale instansie verantwoordelik is vir alles wat in die erediens gebeur. Dit sluit ook die lied wat gesing word in.

Die manier waarop die sinode leiding gee moet verander. Daar moet weg beweeg word van 'n rigiede voorskriftelikheid; van besluite wat vir 'n kerkraad uitspel wat gesing en nie gesing mag word nie. Goed gemotiveerde leiding wat die reg en mondigheid van die kerkraad erken, is nodig.

**2. Dit beteken nie dat die kerkverband geen funksie in verband met die kerklied het nie**

Die sinode dien die gemeentes in hulle uitoefening van hulle bevoegdheid om oor die kerklied te besluit. Hierdie diens geskied by wyse van opvoeding en advies op grond van goed gemotiveerde beginsels vir die keuring van die kerklied.

Die gesag van die advies sal grootliks berus op die mate waarin die kommissie van die sinode toon dat hulle in voeling is met die musiek-kultuur van die lidmate en daarmee rekening hou. Tans beleef talle lidmate en dominees, ten regte of ten onregte, dat die keurders van melodieë nie genoeg aanvoeling het vir die smaak en sangvermoë van lidmate nie.

**3. Nuwe liedere behoort op 'n deurlopende basis geëvalueer en aan die kerk bekend gestel te word**

Dit kan byvoorbeeld geskied via 'n rubriek in "Die Kerkbode" of "Die Voorligter" waarin die meriete van verskillende liedere bespreek word en bepaalde aanbevelings t.o.v die gebruik daarvan gemaak word.

Elke gemeente besluit self hoe die liedere in die gemeente bekend gestel en gehanteer word.

So 'n benadering kan as aansporing vir digters en komponiste dien om self te komponeer en dit vir evaluering in te stuur. Gemeentes wat nuwe liedere "ontdek" kan dit vir dieselfde doel deurstuur. Gesonde interaksie tussen lidmate en die kommissie van die sinode kan so teweeg gebring word. 'n Dinamiese proses van voortgaande ontwikkeling van die kerklied in eietydse idioom kan gestimuleer word.

**4. 'n Alternatiewe wyse vir die hantering van kopiereg moet ontwerp word** sodat digters en komponiste nie benadeel word nie.

**5. Die kerk sal altyd 'n amptelike sangbundel hê**

Waarskynlik sal 'n groot aantal gemeentes besluit om slegs van die amptelike bundel gebruik te maak. Dit sal 'n stabiliserende en rigtinggewende rol vervul. Die probleem ontstaan wanneer dit 'n beperkende rol begin vervul.

Die amptelike bundel kan nie elke paar jaar hersien word nie. Die logistiek daarvan, die koste vir uitgewers en lidmate wat te dikwels so 'n nuwe boek sal moet vervang, is eenvoudig te groot. Indien die hersiening gepaard gaan met 'n deurlopende dinamiese proses van keuring deur die kommissies van die sinode en die lidmate, behoort die liedere wat die toets deurstaan het, uiteindelik in die bundel 'n plek te kry."

5.5.2 AANBEVELINGS

**5.5.2.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt**

**5.5.2.2 Die sinode aanvaar die volgende as standpunt met betrekking tot kerksang en die kerklied:**

**5.5.2.2.1 Sang en musiek in die kerk is so belangrik en daarvan gaan so 'n enorme invloed uit ten goede of ten kwade, dat die kerk alles in werking moet stel om die geskikte liedere daar te stel wat mense aanspreek, maar ook te waak teen die verkeerde lied.**

**5.5.2.2.2 In die kerk moet daar geleenthede wees waar nuwe liedere kan ontstaan en waar daarmee geëksperimenteer kan word.**

**5.5.2.2.3 Waar sodanige liedere ontstaan of oorgeneem word, moet die kerkrade noukeurig toesig hou oor:**

*** die Bybelse inhoud;**
*** die norme van die belydenis, en**
*** die kriteria vir die kerklied en vir kerkmusiek soos deur die Algemene Sinode aangegee.**

**5.5.2.2.4 Waar sodanige nuwe liedere ontstaan of oorgeneem word wat blyk meriete te hê, moet dit aan die aangewese kommissie van die Algemene Sinode voorgelê word vir keuring van inhoud, vorm en musiek. <u>Eers wanneer dit behoorlik gekeur is, mag dit vir gebruik in die kerk vrygestel word.</u>**

**5.5.2.2.5 Die sinode moedig persone en groepe aan om nuwe geskikte liedere in eietydse idioom te skep vir gebruik in die kerk en gee 'n adres waarheen dit gestuur kan word vir keuring.**

**5.5.2.2.6 Die sinode druk kerkrade, gemeentes en lidmate, veral die jeug, op die hart om net liederbundels te gebruik wat deur die Algemene Sinode goedgekeur is; verder om hierdie bundels positief en met oorgawe te gebruik. Tans is dit:**

*** Die Psalms en Gesange**
*** Sing Onder Mekaar,**
*** Jeugsangbundel 2.**

**5.5.2.2.7 Die ring het 'n taak om toesig te hou oor die sang en musiek in die betrokke ringsgemeentes en by die jaarlikse kerkvisitasie moet pertinent hieraan aandag gegee word.**

**5.5.2.2.8 Die Algemene Sinode word versoek om deur sy betrokke kommissie riglyne vir sang en musiek in die kerk beskikbaar te stel.**

## 4. SLOT

Die kommissie vertrou dat hy sy werksaamhede tot bevrediging van die sinode hanteer het en bevestig weereens dat, waar die erediens aan die hart van die kerk en sy werksaamhede lê, dit steeds die nodige aandag en toewyding van elke kerkraad en lidmaat vra wat dit toekom.

Die Here se seën word die sinode toegebid op sy vergadering.

Namens die kommissie,

| | |
|---|---|
| PROF AC BARNARD<br>VOORSITTER | DR PJC LOOTS<br>SKRIBA |

# BYLAE 1

## DIE WAARDE VAN SIMBOLIEK VIR DIE EREDIENS

Vanaf die begin van die Christelike kerk het simbole 'n plek gehad in die erediens en hier 'n rol gespeel. Met die verloop van tyd het die aantal simbole en die betekenis daarvan toegeneem, sodat gedurende die hele duur van die Middeleeue simbole die lewe van die kerkmense beheers het.

Teen die einde van die vyftiende eeu begin die simbole hulle betekenis vir mense verloor en geraak al meer op die agtergrond.

Tans is daar oral in die samelewing, maar ook in die kerk en in die erediens, **'n herwaardering van simbole**, word 'n groter plek gegee aan die nie- verbale om gedagtes en geloofwaarhede mee uit te druk. Oor 'n wye terrein word toenemend gebruik gemaak van simbole en van simboliek, onder andere:

- Verkeersimbole
- Onderwyssimbole
- Weerkundige simbole
- Reklame-simbole
- Sportsimbole
- Liturgiese simbole

Vandag word **die toenemende betekenis van simbole versterk** deur die klem op die visuele en nie-verbale in byvoorbeeld die geïllustreerde kinderboeke, tydskrifte, televisie, videos, films, onderrigmetodes, ens. Ons hele samelewing gebruik simbole en dit het deel geword van ons hele lewe. Geen mens kan sonder simboolhandeling lewe nie. Toenemend word simbole gebruik as uitdrukking van die geloofslewe en as hulpmiddels ter versterking van die geloof.

Van die simbole wat gebruik word, kan die peil van die geestelike lewe afgelees word: "Die beeldetaal laat naamlik sien wat die Christendom ten diepste besiel en hoe hulle hieraan vorm gee in kuns en liturgie" (AC Bronswijk).

## 1. NAAM, HERKOMS EN BEGRIP VAN SIMBOLIEK

**1.1 DIE WOORD: "SIMBOOL" WORD AFGELEI** van die selfstandige naamwoord wat beteken: "herkenningsteken, waarteken", asook van die werkwoord **sumballo** wat beteken: "saamgooi".

Die woord en begrip **simbool** kom uit die antieke regspraak en is 'n bewys van legitimiteit (wettigheid): 'n muntstuk, ring of potskerf word in twee gebreek waar mense van mekaar weggaan of geskei word. Waar die persone later weer bymekaar kom, word nagegaan of die twee stukke presies pas. Waar dit gebeur, word die egtheid bewys en geld dit as herkenningsteken. Dit gee aanspraak op erkenning, gasvryheid en vriendelikheid.

**1.2 SIMBOLE IN DIE DAAGLIKSE LEWE** druk die afgesproke gedrag, die verwagte optrede of die eenheid onderling uit.

### 1.3 SIMBOLE AS AANDUIDING VAN DIE CHRISTELIKE BELYDENISSKRIFTE

Met die woord "simbole" word die Christelike belydenisskrifte aangedui. Simboliek is die wetenskap wat die belydenisskrifte van die kerk ondersoek en wat handel oor die volgende:

- die vasstelling van die teks;
- die ontstaan van die betrokke belydenisskrifte;
- die vasstelling van die waarde van die simbole;
- die toetsing van die simbole van die Bybel, en
- die klem op die van harte aanvaarding van die belydenis self.

Simbole en simboliek handel dus oor die afspraak van mense om mekaar as geloofsgenote te herken, te wettig en saam te bind.

Vanaf die vierde eeu is die Apostoliese Geloofsbelydenis aangedui as **symbolum apostolicum**. Rufius sê dat so mense wat volgens die apostoliese reëls preek, herken word.

Eers in die dertiende eeu word die woord **simbool** gebruik as aanduiding van die drie ekumeniese simbole. Tans is dit algemene gebruik.

### 1.4 SIMBOLE IN DIE CHRISTELIKE EREDIENS

**Gregorius die Grote** (604) beveel dat kerke beskilder moes word. Dit moes help dat diegene wat nie boeke kon lees nie, dit vanaf die mure kon "lees".

Van **Quintilianus** is die bekende uitspraak dat prente die boeke is van diegene wat nie kan lees nie. TA Stafford skryf: "From the earliest times the 'eye-gate' has been an important entrance to the soul of man."

Simbole wat vandag in die erediens gebruik word, is vir al die gelowiges en in besondere sin vir die kinders. Dit is ook bedoel vir mense wat wel kan lees, maar wat moeg gelees is en graag die boodskap op 'n ander manier wil verneem. Vir almal wil die simbole help om die evangelie wat gehoor word beter te verstaan en in praktyk te bring.

## 2. DIE BETEKENIS EN WAARDE VAN SIMBOLIEK

### 2.1 'N SIMBOOL IS 'N SIGBARE HERKENNINGSTEKEN

Deur 'n simbool in erediens te gebruik word 'n sigbare herkenningsteken aan die mense gegee. Dit is 'n simbool wat vir die betrokke lidmate 'n waarmerk-woord, 'n paswoord, 'n uitruilwoord is, waardeur hulle mekaar as dissipels van Jesus Christus herken. "'n Simbool is dus 'n sigbare herkenningsteken waarmee 'n anders nie waar te neme afspraak, bedoeling, verhaal of gedagte opeens sigbaar gemaak kan word. So 'n teken kan 'n voorwerp wees, 'n geskilderde voorstelling of 'n beeld. Maar ook 'n gesproke of geskrewe woord" (AC Bronswijk).

Deur die betrokke simbool - 'n konkrete voorwerp, beeld of voorstelling - word 'n geestelike waarheid verduidelik, sodat mense van dieselfde geloof mekaar daarin kan herken. So herken ook die nie-Christene die Christene aan hulle simbole. Daarom is 'n simbool 'n geloofsuitdrukking deur 'n beeld.

'n Simbool is eie aan 'n bepaalde groep, soos ook 'n kerk; daarom het 'n simbool ook 'n sosiale dimensie.

### 2.2 'N SIMBOOL IS 'N SAAMVOEGING VAN 'N TEKEN MET 'N GEESTELIKE WERKLIKHEID

Die kenmerk van 'n simbool is dat dit 'n saamvoeging is van 'n konkrete of sinlike of voor die hand liggende voorwerp of teken, met 'n geestelike werklikheid, om so hierdie werklikheid vir mense iets te laat sê. Die simbool bring in sy uitwendige gestalte 'n geestelike realiteit tot uitdrukking. Die verband kan 'n natuurlike of bo-natuurlike analogie wees (vgl G Podhradsky). So word abstrakte, ingewikkelde gedagtes en geesteswaarhede kernagtig en op gekonsentreerde wyse aangedui.

### 2.3 SIMBOLE "PRAAT"

* Simbole kan met mense praat, hulle kan:
- 'n boodskap op 'n besondere wyse oordra;
- informeer;
- uitlê en verduidelik;
- aanwys en dui;
- waarsku, en
- versterk en bemoedig.

* Simbole en beelde het 'n eie taal. Verder, soos elke ander taal, het ook die taal van simbole 'n geskiedenis en werk volgens eie wette. Wie die taal, sy geskiedenis en wette ken, verstaan wat die beelde vertel. Dit is 'n verfynde en gekompliseerde taal.

* Vir die verstaan van die taal van simbole, moet dit soos ander tale aangeleer word, die "woordeskat" geleer word, moet dit ingelei word, moet mens daarmee saamgroei.

* Simbole moet gekies word wat 'n duidelik taal praat. Dit is belangrik dat simbole 'n duidelike taal praat. Dit moet maklik aangeleer kan word, byvoorbeeld liturgiese klere en -voorwerpe

* Simbole het 'n meervoudige en veelsydige betekenis, byvoorbeeld die simbool: Lam.

### 2.4 SIMBOLIEK SKEP GEMEENSKAP

* Simbole druk die gemeenskaplike geloof uit. Kernagtig word die hoofsaak van die geloof uitgedruk soos wat 'n bepaalde kerk dit verstaan, soos die bekende: hoop, geloof en liefde. Die simbole bind saam waar mense hulleself en hulle geloof daarin herken.

* Omdat simbole gemeenskapstigtend is, gee dit ook sin en betekenis aan die lewe, werk en aanbidding van diegene wat dit gebruik.

* Simbole bring tot deelname en bring tot aksie. Verder moet dit essensieël in ons aksies wees. Tereg skryf Jean Lebon: "So it is essential that what holds our attention, what we can see, touch, smell, or taste, speaks for itself; it is essential that the actions that we perform or the way in which we hold our bodies in space speak themselves."

### 2.5 DIE KULTUUR-, TYD-HISTORIESE AARD VAN SIMBOLE

* Simbole hoort aan mense in 'n bepaalde kultuur-verband en wat lewe op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis. Dit druk 'n geloofsoortuiging uit, maar dan in 'n bepaalde kultuur-kleed, in 'n bepaalde tradisie.

* Simbole is nie staties nie, maar dinamies. Indien dit nie meer verstaan word nie, of as die tradisie waarin dit staan sterf, sterf ook die betekenis van die simbool - byvoorbeeld die legende van die pelikaan.

By elke simbool moet daar steeds die gesprek wees tussen die saak en die teken wat dit verduidelik - die **inter-dictum**.

'n Simbool kan sy krag en betekenis vir mense verloor. Dan:
- word die teken 'n stuk ritualisme, en
- verloor die taal van die simbool sy simboliese aspek en word 'n formule.

### 2.6 DIE KRAG VAN DIE SIMBOOL

* 'n Simbool is 'n krag en het 'n werking op baie maniere op mense. Daar gebeur iets waar dit gebruik word:

- Deur die simbool word die fokus op die bepaalde deel van die werklikheid verklein, maar daardeur word dit verskerp, duideliker en verleen dit 'n groter kontras.
- 'n Simbool druk gebeure in saamgebalde tyd uit: die verlede, sowel as die toekoms word saam gesien, saamgebal in werksame hede; dit word geaktualiseer in die groot **nou**.
- Die simbool lei ons na 'n bepaalde ervaring; dit wys 'n oop deur aan na 'n nuwe realiteit. Meer nog, die simbool bring my in kontak met die Realiteit. Op sy eie manier maak die simbool die Realiteit teenwoordig.

* 'n Nuwe oorsig van geloofservaring. Geloofservaring het behoefte aan 'n nuwe oorsig, aan verdigting in die tyd, aan gebare en handelinge in die erediens. Soos 'n kunstenaar 'n ingewikkelde en veelkantige waarheid in enkele reëls verdig, so gebeur dit ook in die simbool in die erediens. Magtige waarhede en diepgrypende gebeure word in een enkele simbool verdig om so veel sterker te spreek as gewone taal.

## 3. DIE HANTERING VAN SIMBOLE IN DIE EREDIENS

* Simbole vervul 'n baie belangrike funksie in die erediens:
- Die boodskap kom nie slegs deur die hoorbare woord nie, maar ook deur die nie-verbale vorm, soos die sig, die tas, die reuk, ens.
- Abstrakte werklikhede word op konkrete wyse aan mense vertolk.
- Nie slegs die verstand kom ter sprake nie, maar ook die gevoel en die wil. Daar word nie slegs geleer, onderrig, verklaar en gememoriseer nie, maar ook gevier, beleef, tot rus gebring - en so word die wil in beweging gebring.
- Daar word nie slegs voorberei vir werk, toegerus vir die gedrag - die etiek - nie, maar mense verkry die verkwikking, die geborgenheid van die mens voor die aangesig van God.
- Omvattende ondersoek toon dat die mens die werklikheid as 'n geheel ervaar. So is aangetoon dat die linkerhelfte van die brein te make het met begrip, verstaan, die rasionele en met taal. Hier word rasioneel, liniêr, analities, sistematies, objektief, abstrak te werk gegaan. Die regterhelfte van die brein weer het te make met die spraakvorming, die uitspraak, die gestiek of gebare, die modulasie van taal, die waarneming en vormgewing van ruimtelike verhoudings, visuele take, beeldvoorstellings, empatie. Simbole spreek veral die laasgenoemde deel aan en help so dat ons, waar ons as hele mens ons totale geloof beoefen, so meer die totale werklikheid in ons geloofsbeoefening realiseer.

### 3.1 DIE VERHOUDING: SIMBOOL - WOORD

Soos hierbo aangedui, het die simbool 'n eie taal en 'n eie boodskap. Tog het dit die regte uitleg en die korreksie deur die woord nodig.

Die woord het die simbool nodig om eersgenoemde se boodskap te versterk. Die simbool het die woord nodig vir sy regte funksionering, anders kan dit misverstaan word of as bysake vir die hoofsaak aangesien word. Ook versterk die woord die boodskap van die simbool.

### 3.2 VEREISTES VIR DIE SIMBOOL

* **Outensiteit of egtheid** - by die gebruik van simbole in die erediens is daar geen plek vir gemaaktheid of kunsmatigheid nie. Daarom is dit noodsaaklik om as simbole egte dinge uit die natuur, skepping, kultuur, asook uit die lewe en uit die Bybel te kies.

* **Waaragtigheid ("sincerety")** - dit moet uit die hart kom en inderdaad bedoel word. Hier kan geen spel of truuks geduld word nie.

* **Deursigtigheid of transparansie.** Simbole moet deursigtig wees. Dit mag nie die uitsig of deursig blokkeer nie, maar juis deurlaat. Dit moet heenwys na die geestelike werklikheid, na die heerlikheid van God. "Alle egte kuns is op sy eie wyse toegang tot 'n dieper werklikheid wat deur geloof aan die volle lig gebring word" (GK Daneels).

* **Eenvoud** - egte simbole, net soos egte kuns, spreek deur 'n diepe eenvoud. Eenvoud moet nie verwar word met onbenulligheid of oppervlakkigheid nie.

### 3.3 GEVAARTERREINE VIR SIMBOLE IN DIE EREDIENS

Vir die volgende gevaartekens moet gewaak word by die aanwending van simboliek in die erediens:
- Simboliese handelinge moet steeds verantwoord en sinvol wees en mag nie ontaard in magiese handelinge nie. Dit gebeur wanneer mense trag om deur bepaalde handelinge of deur die herhaling daarvan mag oor God of sy gawes te probeer kry.
- Die gevaar van moralisering, waar deur die aanwending van simboliek kunsmatige lesse of verpligtinge sonder meer, na vore gebring word.
- Die gevaar van mistisisme. Waar die woord verstom en die mistiese atmosfeer oorheers, vervlugtig die geloof tot 'n ervaring net van die siel. So kan getrag word om die siel te laat versink in die Godheid sodat die mens sy eie identiteit as mens verloor en ook die afstand tussen die skepsel en sy Skepper verlore gaan.
- Die gevaar van 'n kortsluiting in die gerigtheid van simbole waar hulle nie meer wys na God nie, maar iewers kom daar 'n kortsluiting sodat dit gerig is op die mens en sy ryk.

## 4. DIE WYE TERREIN VAN SIMBOLIEKE IN DIE EREDIENS

Om die waarde van simboliek vir die erediens te kan beoordeel, moet kursories 'n oorsig gebied word van die wye terrein en die talle vlakke waarop dit aangewend word.

### 4.1 VOORWERPE UIT DIE NATUUR EN PLANTELEWE

* Ster(re), son, maan, die reënboog, die wind, fonteine, berge, ens.
* Die vier basiese elemente uit die oudheid, te wete: grond, vuur, lug en water.
* Bome, soos: amandel, appel, seder, doring, palm, olyf, wynstok, vy, ens.
* Struike, soos die roos, hisop, distel, lelie, ens.

### 4.2 VOORWERPE UIT DIE DIERELEWE

* Diere soos die leeu, beer, bok, kameel, hert, esel, lam, ram, perd, vark, haas, hond, ens.
* Voëls soos die arend, duif, aasvoël, haan, ibis, ooievaar, kraai, uil, ens.
* Visse van alle soorte, haaie, kreef, ens.
* Insekte soos die mier, by, sprinkaan, mot, skerpioen, ens.
* Mitologiese wesens soos die draak, die "dier", die "slang".

### 4.3 Simbole ten opsigte van tyd

* Die dag, nag.
* Ure en minute.
* Jaargetye.
* Feeste en feessiklusse, soos die Paassiklus.
* Liturgiese tyd. Dit is nie slegs liniër of siklies nie, maar progressief spiraalvormig na die doel.

### 4.4 LETTERS

* Alfa, Omega.
* Chi.
* X P - Christus Rohe - Christus die Herder.
* I H S - Jesus Huius Soter - Jesus, Seun, Verlosser.

### 4.5 GETALLE

* Een, drie, vier sewe.
* Tien, twaalf, honderd.

### 4.6 TEKENS

* Kruisteken - verskillende vorms.
* Krusifiks.
* Tekens om Christus mee aan te dui, etlikes.
* Tekens om die Heilige Gees mee aan te dui, etlikes.
* Tekens vir die Drie-eenheid, verskillendes.

### 4.7 LITURGIESE KLEURE

Blou, bruin, geel, pers, rooi, swart, wit. Aan die onderskeie kleure word besondere betekenisse toegeken en sekere stemminge daarmee geassosieër.

### 4.8 LITURGIESE KLERE

Simboliese waarde word geheg aan die liturgiese klere en klede van:
* Die liturge.
* Die ampsdraers.
* Die kansel.
* Die nagmaalstafel.

### 4.9 BYBELNAME WAARAAN SIMBOLIESE BETEKENIS GEHEG WORD

* Moses, Aäron, Noag, Abraham, Jakob.
* Henog, Elia, Dawid, Daniël, Gideon.
* Kain, Saul, Agab, Judas.
* Johannes die Doper, Petrus, Paulus, die vier evangeliste.

### 4.10 GEESTELIKE WESENS EN HULLE WOONPLEKKE

* Hemel
* Hel
* Engele, serafs, aartsengele
* Bose geeste, die duiwel

### 4.11 RITUELE VOORWERPE EN -HANDELINGE

* Altaar, kansel, banier, bloed, boekrol, brood, sleutel, staf, wierrookvat, offerkis.
* Tent, kandelaar, lamp.
* Sout, as, kole.
* Handewassing.
* **Osculum pacis** - vredesoen of broederlike kus.
* Kniebuiging.
* Prosessies.

### 4.12 LIGGAAMSTAAL

* Liggaamshouding - sit, kniel, staan, uitstrek
* Fokus op besondere liggaamsdele:
- oog, oor, mond
- hand, voet, knie
- hart
* Liggaamsbewegings wat die innerlike handelinge en woorde begelei en onderstreep

* Handgebare:
- genesing
- seën
- versterking, toerusting
- oordrag van mag

Die besondere betekenis van die hand en handgebare word sterk in die Bybel en in die erediens beklemtoon. Die hand verteenwoordig die hele mens en begelei die basiese handelinge. Dit is veral teken van seën, van groet en van mag.

* Die gesig het groot simboliese betekenis:
- die gesig staan dikwels vir die hele mens. Iemand word aan sy gesig uitgeken en herken. Die gesig vertel sterk wat in die binneste aangaan.

- die oë is een van die belangrikste fokuspunte van die gesig en van kommunikasie.
- die mond, veral tydens die spreke, is die hooffokuspunt. By die "dier" uit Openbaring is die mond ook die opvallendste.

## 4.13 DIE SIMBOLE VAN DIE SAKRAMENTE

* Christus gee aan sy kerk twee besondere simbole en dit beeld op treffende wyse sy verlossingswerk uit en laat dit hierdie werk bevestig. Hier gaan dit om die teken self, maar ook om die simbool wat dit verteenwoordig: die sakramente van die doop en van die nagmaal.

* **Die doop.** Die besondere teken hier is die water wat wys op die reiniging en afwassing van die sonde. Die doop is ook die teken van die toetrede tot die kerk en van die verseëling van Christus se beloftes.

Die houer van die water, die doopvont, staan as 'n konkrete simbool vir die hele boodskap van die sakrament.

* **Die nagmaal.** Hier figureer die tekens van brood en wyn. Dit is tekens van die verlossing deur Christus, van die versterking van die geloof en van die versterking van die heil.

Die "implimente" van die nagmaal is die tafel en die bord/houer vir die brood en die beker vir die wyn. Hierdie simbole staan vir die hele boodskap van die sakrament.

## 4.14 DIE SIMBOLIEK VAN TAAL, SANG EN MUSIEK

* In veral die erediens is die simboliek van taal, sang en musiek van die uiterste belang. Dikwels hang die krag of swakheid van die erediens grootliks af van die gebruik daarvan.

* **Taal.** Dit bestaan uit 'n hele sisteem van simbole wat betekenisse verklank en oordra. Die afsonderlike woorde is almal simbole en saamgebruik in sinne, konstruksies en in eenhede, dra dit die boodskap en 'n bepaalde stemming oor.

Omdat taal 'n sisteem van simbole is, moet juis dié simbole gebruik word wat nie vreemd is vir die deelnemers aan die erediens nie, maar wat hulle ken en wat hulle aanspreek.

Nie alleen duidelike en verstaanbare taal moet gebruik word nie, maar ook beeldende en sprekende taal, konkrete en tekenende taal ("picturesque - language").

* **Sang.** Dit gebruik ook taalsimbole en hiermee gaan saam ook musieksimbole, wat die betekenis en trefkrag daarvan verhoog. Dieselfde eise vir taal as hierbo, geld ook hier. Die musieksimbole moet ook sodanig wees dat die deelnemers aan die erediens dit kan verstaan en kan meedoen.

Wat die krag van die sang verhoog, is die belangrike kenmerk van herhaling.

* **Musiek** geld reeds by die sang en hierdie simbole moet vir die aanbidders sin maak, verstaanbaar wees en deur hulle gebruik kan word. Musiek moet deur sy konstruksie en uitvoering goed en mooi wees, sonder om ingewikkeld te wees. Dit moet die teks dra en versterk.

## 4.15 DIE SIMBOLIEK VAN DIE STILTE

* In die erediens word daar gepraat op baie maniere. Dit is 'n deurlopende stroom van woorde en begrippe. Woorde en reekse woorde volg mekaar op. Daar word ook in minder mate gehandel.

Dit alles bring mee die noodsaaklikheid om hierdie woorde en handelinge te laat insink, mense die geleentheid te gee om dit te verwerk en daarop te reageer. Daarom die groot betekenis van stilte.

* Die noodsaaklikheid van effektiewe stilte. Die effek van die woorde en handelinge word grootliks verhoog waar daar verantwoorde en gepaste stiltes gelaat word.

As gevolg van misbruike in die verre verlede, is daar 'n vrees vir die stilte. Daarom moet alles deurgejaag word. Ons moet weer oog kry vir die betekenis van stilte:
- Stilte voor God en stilte met God
- Stilte voor die aanspreke van God
- Stilte met jouself en met jou lewe voor God

* Stilte in die erediens kan veral sinvol aangewend word:
- na die aanspreke van God deur sy Woord en deur die prediking;
- onder, tydens of in aansluiting by die gebed;
- tydens die nagmaal, byvoorbeeld wanneer die elemente uitgedeel word.

* Die krag van stilte in die erediens, waar dit sinvol en verantwoord toegepas word, is indrukwekkend en verhoog die betekenis van die erediens.

## 4.16 DIE SIMBOLIEK VAN DIE KERKGEBOU

* Die eerste vraag wat uitgemaak moet word, is of die kerkgebou 'n **huis van God** is, soos die tempel, of **'n huis van die gemeente?** Met die Nuwe Testament oop voor ons kan dit niks anders wees nie as **huis van die gemeente, maar wat dan in diens staan van die diens aan die Here deur die vergaderde gemeente.**

* **Elke kerkgebou weerspieël 'n bepaalde boustyl.** Die Roomse Kerk en die Oosterse kerke vertoon 'n eie boustyl wat spreek van 'n bepaalde teologie. Die groot katedrale is gesien as 'n mikrokosmos van die hemel en as heiligdomme, met altare, offers en priesters.

Daar bestaan geen Protestantse boustyl nie, maar daar word die mees uiteenlopende verskeidenheid van boustyle en mengvorme daarvan, gebruik.

* **Die ruimte, soos in 'n kerkgebou, beteken nie leegheid nie.** Dit bestaan uit verhoudings, vlakke, vorms wat atmosfeer skep - of vernietig. Die ruimte moet gevul wees met betekenis wat die erediens monntlik maak en die weg van die gemeente na God vergemaklik.

* **Die erediens moet die bouheer wees** en is die enigste wat dit kan wees (Cornelius Gurlitt).

* **Die kerkgebou preek meer deur sy inhoud,** sy atmosfeer, sy verhoudings en sy funksionaliteit as deur sy uiterlike. Tog, die inwendige en die uiterlike gesamentlik dra 'n besondere boodskap. 'n Kerkgebou moet 'n steengeworde liturgie wees

(C Gurlitt), "'n steenen teeken van Gods majesteit en waarheid" (JN Barkhuizen van den Brink), "'n ruimte wat die mens lei tot innerlike aanskouing ... en ken slegs die een taak - die stel van die mens direk teenoor God (KL Symons). Die argitektuur van die kerkgebou verkondig 'n boodskap wat of die evangelieboodskap versterk of verhinder (DJ Bruggink en CH Doppers).

* **Die kerkgebou druk uit hoe God tot sy gemeente spreek.** Die Roomse Katolieke Kerk leer dat God spreek tot die gemeente deur sy Woord en deur die sakramente, daarom staan die preekstoel, die nagmaalstafel en die doopvont sentraal.

Die gesprek van God met sy gemeente geskied deur hierdie middele en daarom neem die gemeente hulle plekke in rondom hierdie drie simbole.

* **'n Kerkgebou is iets anders as 'n gehoorsaal.** Hierin word verkondig /é/é gevier. Die mense moet goed kan hoor en sien /é/é daar moet 'n gepaste atmosfeer heers. J Overduin stel dit mooi: "Ek soek 'n kerk wat aan my wyding gee, wat my opbou, ophef en vergesigte gee, wat die misterie, die heiligheid en verhewenheid van die diens van God voelbaar maak en waarin ek kan mediteer en luister, kan sing en bid." W Ingwers voeg by: "Ons moet op soek wees na 'n kerk wat 'n werklike tuiste is vir die mens van hierdie moderne wêreld ... Ons moet op soek wees na 'n ruimte wat aan 'n mens rus gee, wat hom ophef en vergesigte gee." Immers, **die kerkgebou is 'n huis van die gemeente waar werklik iets besonders gebeur.**

Winston Churchill het gesê: "We shape our buildings, and afterwards our buildings shape us."

* **Die kerkgebou is 'n teken in die wêreld**

- oop of geslote
- toeganklik of versper
- uitnodigend of wegwysend

## 4.17 DIE SIMBOLIEK VAN DIE VERGADERDE GEMEENTE

* **Die vergaderde gemeente.** Vandag is 'n vol kerk, die vergaderde gemeente wat in die openbaar sy Here met entoesiasme en met oorgawe dien, 'n magtige simbool. Dit spreek aan, nooi uit en trek aan. Dit spreek sterker as baie kennisgewings, dreigemente of selfs preke.

* In die vergaderde gemeente is daar 'n wisselwerking tussen die enkeling en die gemeente; die optrede en geloof van die een beïnvloed die ander wederkerig.

* Sterker as die simboliek van die kerkgebou, die versierings of ander simbole, is die vergaderde gemeente wat sy geloof prakties uitdruk en beleef in die erediens. Hiervan gaan 'n ontsaglike boodskap en krag uit.

## 4.18 DIE DIEPSTE GEHEIM VAN DIE SIMBOLIEK VAN DIE EREDIENS

Al die simbole en simboliek in en van die erediens wys na die legitimering of wettiging, na die fundering, na die middelpunt en na die dieptepunt daarvan, naamlik na **Jesus Christus. Hy is die geheim van alle simboliek, maar ook van die doel daarvan. Hy begrond die simboliek, is die diepste inhoud daarvan en dit is gerig op Hom.**

Hy is die groot Hoëpriester, die besondere Dienaar of Diakonos, die Goeie Herder, die groot Koning, die ware wynstok, die Hoof van die liggaam, sy kerk, die Heiland en Middelaar, die Weg, die Waarheid en die Lewe. **Hy is die beeld van die onsienlike God, in Hom staan ons voor die ganse geheim van die Drie-enige God.**

AC BARNARD

# BYLAE 2

## SKULDBELYDENIS EN GENADEVERKONDIGING IN DIE EREDIENS

Die saak van sonde en skuld en van sonde- en skuldbelydenis en daarmee samehangend die verkondiging van God se vryspraak en die ervaring van die bevryding, kom steeds ter sprake in die lewe van die enkeling en die gesin, maar ook in die openbaar in die erediens.

Vandag is daar 'n kwynende besef van sonde en skuld en 'n teruglopende behoefte aan genade en vergifnis. Mense ly erg onder toegedekte skuld, onderdrukte skuldgevoelens en onherstelde verhoudings. Tog word die skuld moeilik erken en word daar nie maklik gesoek na vergifnis nie.

Sonde, skuld en skuldbelydnis, sowel genade en genadeverkonding, is sentrale Bybelse temas. Dit vereis vandag nuwe teologiese deurdenking en 'n nuwe en vars toepassing daarvan in die praktyk. Tegelyk is dit 'n roep om 'n lewende erediens van 'n lewende gemeente. Rondom hierdie belangrike saak van skuldbelydenis en genadeverkondiging in die erediens is daar nog te veel tradisioneel gegroeide balans, slordigheid en misverstand.

## 1. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN SKULDBELYDENIS EN GENADEVERKONDIGING IN DIE EREDIENS

Vir die verstaan van skuldbelydenis en genadeverkondiging moet ons kortliks die ontstaan en funksie hiervan nagaan.

### 1.1 DIE NUWE TESTAMENT EN DIE VROEë KERK

* Jesus gee aan sy dissipels en aan sy kerk die taak om in sy Naam die **binding en ontbinding van sonde** te verkondig (Matt 18; Joh 20).

Paulus skryf oor die noodsaaklikheid om sonde te vergeef en te behou. Hyself wys die weg tot ekskommunikasie van 'n sondaar, waar dit saam met die handelende gemeente gedoen word (1 Kor 5).

* Daar rus die dure plig en verantwoordelikheid om op mekaar ag te gee, mekaar reg te help en mekaar te vermaan. Daar is talle verwysings na die noodsaaklikheid van vergifnis in die daaglikse lewe van die gelowiges. Die belydenis van skuld en die gebed om vergifnis, word verbind.

* Jakobus skryf: "Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word" (5:15). Hierdie bely van die sondes "teenoor mekaar", is 'n aanduiding dat dit in die samekomste van die gemeente kan wees. Hoe dit gedoen word, word egter nie vermeld nie.

* In die **Didache** (± 100 nC) word bepaal: "As julle op die Dag van die Here saamkom, breek die brood en dank, nadat julle julle oortredinge bely het, sodat julle offer rein kan wees" (Did 14:1).

Hier word 'n Sondagse belydenis vereis, maar geen aanduiding word gegee van hoe dit gedoen moet word nie. Blykbaar is hierdie voorbereiding 'n aangeleentheid van die enkeling in sy privaatlewe.

* Paulus wys in op die noodsaaklike selfondersoek van elkeen voor die deelname aan die nagmaal. Heelwaarskynlik was dit ook 'n privaataangeleentheid.

### 1.2 DIE OPKOMS VAN DIE PRIVAAT BELYDENIS EN VRYSPRAAK

Die persoonlike bieg of die oorbieg is 'n belangrike tussenskakel vir die verstaan van die openbare skuldbelydenis en openbare genadeverkondiging.

Die privaatbieg hang veral saam met die opkoms van die kloosterwese teen die einde van die derde en begin vierde eeu. Hierdie vroomheid is gekenmerk deur 'n streng dissipline en toewyding, maar was sterk gekleur deur asketisme en mistisisme. Hier word 'n swaar aksent gelê op die doding van die vlees en alle sondige begeertes, op self aanklaging en op boetedoening. Boete het minder te make met die skuld voor God en die soek na sy genade en het meer gegaan om vrees vir die gevolge van die oortreding, vir straf en veral vrees vir die dood. Al meer word die klem op die skuldbelydenis gelê, wat oor en oor gedoen moes word.

### 1.3 DIE BIEG WORD 'N SAKRAMENT

Vanaf die twaalfde eeu is die bieg beskou as 'n sakrament. Daar word 'n onderskeid gemaak tussen egte berou **(contritio)** en onegte berou **(attritio)**. Die ontwikkeling gaan verder en so word vereis dat die belydenis van sonde nie net voor die Here gedoen moes word nie, maar ook voor die priester. Daar kom ook 'n onderskeiding tussen vergeeflike en onvergeeflike sondes.

Die bieg bestaan uit die volgende dele:
- **Contritio cordis** (opregte berou in die hart)
- **Confessio oris** (belydenis met die mond-voor die priester)
- **Satisfactio operis** (straf wat bestaan in die doen van goeie om weer goed te maak vir die verkeerde)
- Hierop volg die **absolusie** deur die priester in die indikatiewe of stellende vorm: **ego te absolve** ("ek vergeef jou").

### 1.4 DIE ONTWIKKELING VAN DIE OPENBARE SKULDBELYDENIS EN GENADEVERKONDIGING

Die openbare skuldbelydenis en genadeverkondiging het in die laat Middeleeue ontwikkel uit die liturgiese gebede ter voorbereiding van die priesters op die erediens, en uit die Middeleeue spreekdiens, die **Pronaus**. Wat die eersgenoemde betref, het dit bestaan uit twee vorms:

* **Die Akses (toegang - accessus)**
In die sakristie berei die priesters hulle voor op die gang na die altaar. Dit geskied deur 'n aantal gebede en ander voorbereidingshandelinge, veral deur die opsê van drie apologieë.

**Hierdie apologieë is die oervorm van alle latere skuldbelydenisse.**

Naas die apologieë as privaat voorbereidingsgebede van die geestelikes (klerus), verskyn sedert ± 1000 'n liturgiese anders geordende voorbereiding. Dit bestaan uit Psalms, antifoon, die Kyrie en die Onse Vader asook 'n sewe-delige voorbereidingsgebed. Hierdie liturgies opgeboude gebed word deur 'n veelheid van klerici gesê in hulle voorbereiding op die mis. Dit dra 'n privaat karakter.

* **Die trappegebed/Confiteor**

Die intogritus het in die Middeleeue sterk ontwikkel. Terwyl die klerus deur die kerk na die altaar loop het die koor in die Roomse Kerk die intog begelei; in die Frankiese Kerk het die klerus tydens die optog self die gebede opgesê. Dit gaan om die apologieë. Wanneer die prosessie die altaar bereik, word twee gebede opgesê. Hierby word enkele apologieë 'n formele **Conditeor**. Dit was 'n voorbereidingsgebed.

Daar kom 'n verandering deurdat die klerus nie meer aan die ingang van die kerk byeenkom nie, maar dat die sakristie nou geplaas word naas die altaar. Nou val die klem nie meer op die optog nie, maar op die altaar.

Aan die voet van die altaar bely die priester sy skuld en vra die assistente se voorspraak voor God. Die assistente spreek die **miseratur tui** (mag God Hom oor u ontferm) uit as 'n genadewens oor die priester. Hy beantwoord dit met 'n amen. Daarop spreek die assistente hulle skuldbelydenis, waarna die priester hulle 'n vryspraak toebid, die **indulgentium** (die genadewens). In albei gevale is die vryspraak in die deprekatiewe- of optatiewe- of wensvorm.

* **Die openbare skuldbelydenis in die Pronaus**
Die Confiteor was die voorbereidingsgeleentheid van die **klerus** op die erediens. Daar kom 'n ontwikkeling waar vir die 'n voorbereidingsgeleentheid op die erediens geskep is en wel in die volkstaal. Die ontwikkeling loop oor die laat Middeleeue preekdiens, die Pronaus, wat gehou is vanaf die kansel en wat sy plek gehad het tussen die voormis en die offermis.

In aansluiting by die algemene kerkgebed is verskeie kategetiese stukke gevoeg, soos die Credo, die Tien Gebooie. Hier is ook 'n algemene skuldbelydenis vir die gemeente gehou as voorbereiding vir die viering van die nagmaal. Die reformatore bou hierdie skuldbelydenis uit tot 'n volwaardige openbare skuldbelydenis deur die gemeente en laat daarop 'n algemene vryspraak of genadeverkondiging volg.

Die reformatore het verskillende aksente gelê en het dit ook of aan die begin van die diens, soos by die mis geplaas, of aan die einde van die diens, soos by die Pronaus, geplaas. Nadat die openbare skuldbelydenis en genadeverkondinging in die erediens vir 'n lang tyd in Nederland en in Suid-Afrika verwaarloos is, is dit die afgelope tyd weer ingevoer.

## 2. VEROOTMOEDING EN SKULDBELYDENIS IN DIE EREDIENS

### 2.1 VEROOTMOEDING EN SKULDBELYDENIS BEGIN BY GOD

* Verootmoediging en skuldbelydenis begin nie by ons as mense en by ons inspanning nie. Dit begin by God, by sy genade en liefde, by die weg wat Hy aandui. Wat ons as mense doen, is die **antwoord** op wat God gedoen en gesê het, dit is om na Hom te kom wat eerste na ons gekom het, dit is die gesindheid wat volg op sy werking in ons harte.

* God gee 'n weg aan waarlangs ons sonde en skuld, ook in die openbaar in die gemeente, weer goedgemaak kan word. Deur die hele Bybel en oplaas deur sy Seun, het Hy hierdie weg bekend en waar gemaak. Hierdie weg van vergifnis en versoening word deur die hele erediens, maar veral deur die elemente van skuldbelydenis en genadeverkondiging, uitgespel.

* Agter die boodskap van versoening lê die barmhartigheid, liefde en genade van God-drie-enig. Hy laat dit aan ons verkondig, en ons mag daarvan lewe. God spreek die mens vry en wis sy skuld uit en maak alles nuut. Sentraal staan Jesus Christus, die Middelaar, met sy volbragte offer, wat magtig is om te reinig.

### 2.2 GRONDTREKKE VAN DIE BYBEL SE LEER VAN SONDE EN SKULD

* In die Bybel word talle begrippe gebruik om die sonde en skuld na sy verskillende aspekte mee uit te druk.

* Daar is die werklikheid van sonde, wat ons almal aankleef, ons almal bedreig en ons skuldig maak voor God.

* Ons moet voluit die verantwoordelikheid van die mens vir sy sonde aanvaar, maar ook die oormag van die sonde oor die mens erken. Naas die dimensie van skuld is daar ook die dimensie van tragiek.

* Die wese van sonde is die gebroke verhouding tot God en van daaruit ook die gebroke verhouding tot die medemens. Verder geskied sonde deur dade, deur versuim, deur woorde, deur gedagte maar ook reeds deur die gesindheid van opstand en ongeloof.

Daar is persoonlike sondes en sondes saam met andere, bewuste en onbewuste sonde, opsetlike en onopsetlike sondes.

* Sonde van die persoon, die bestaan as mens. Die mens doen nie slegs sonde nie, maar hy sondig; hy het nie net skuld nie, maar /é/é ook skuldig.

* Sonde as die afwysing van God se genade. Hy bedoel ons redding en wil dat ons sy genade sal aanvaar. Wie hierdie genade verwerp, is in 'n besondere sin skuldig.

* Alle sonde, klein en groot, maak ons skuldig voor God. Die gevolge van sommige sondes is erger as van andere.

* Die sonde word tydelik en ewiglik gestraf.

### 2.3 SONDE EN SKULD BY DIE MODERNE MENS

Die sondebesef van die moderne mens bepaal die houding teenoor skuldbelydenis en genadeverkondiging.

* 'n Kwynende besef van sonde. Al meer mense voel en sê dat hulle geen sonde of skuld het nie. Verder word die sondigheid van sonde misken. Sonde word geag as onbenullig of gesien as swakheid en as mislukking.

* Die wesensaard van sonde as 'n gebroke verhouding tot God en tot die medemens, word misken. Sonde word nie gesien as teen God, as teen sy wil en as teen sy verbond nie. Die aard van sonde word bepaal deur die mens self of deur andere. Vir sy sonde voel die mens hom nie verantwoordelik teenoor God nie, maar hy neem self die verantwoordelikheid daarvoor. Verder soek hy soms hulp en raad en wil spanninge verlig, maar hy soek nie vergifnis vir sy sonde van God nie.

* Die eie sonde en skuld word afgeskuif, of na ander mense of na die samelewing of na omstandighede of na die opvoeding of na die persoonlikheidsamestelling of na bo-individuele magte soos die okkulte, e.a.

* Die gevolg is dat die mens hom **nie as sondaar** sien nie, maar as 'n ongelukkige, as **'n slagoffer**.

* Al word sonde en skuld misken en op baie maniere verdring, dit bly 'n negatiewe invloed uitoefen en kom veral na vore as:
- Ongedefinieerde skuldgevoelens
- Kollektiewe angs
- Depressie of ontvlugting
- 'n Negatiewe invloed op die lewe en dade van die enkeling en die gemeenskap.

### 2.4 SONDEKENNIS EN SONDEDROEFHEID

* Egte kennis van sonde is nodig. Ons moet sonde ken na sy ware aard en dan my sonde, as ons sonde, leer ken.

* Sondekennis lei tot droefheid en berou oor die sonde. Daar moet onderskei word tussen egte en onegte berou hoewel die grense tussen die twee nie altyd skerp is nie. Die Bybel stel die eis van berou, maar dit is nie 'n voorwaarde in die sin dat dit 'n verdienste of prestasie van die mens is nie. Berou raak ons persoonlik en het altyd 'n dubbele gerigtheid:
- droefheid oor die sonde en 'n afkeer daarvan;
- 'n toekering na God en na sy genade.

* Egte en valse skuldgevoelens word kenbaar waar ons en ons lewens meet aan die norme van God. Egte gevoelens van skuld lei tot belydenis. Onegte skuldgevoelens kan verskillende vorms aanneem:
- 'n mens voel skuldig, maar nie oor jou sonde voor God nie;
- dit kan verdronge skuldgevoelens wees wat op allerlei vreemde wyses na vore kom;
- gewetenskonflikte in neurotiese persone;
- oordrewe skuldgevoelens, en
- die ingesteldheid van twyfelsug.

## 2.5 DIE WEK VAN EGTE SKULDGEVOELENS EN 'N EGTE SKULDBESEF

* Nie elkeen wat sonde het, het 'n skuldgevoel daaroor nie. Daar is ook grade van diepte van skuldbesef.

* Die pogings om in die erediens 'n skuldbewussyn te wek, is besaai met mynvelde:
- die gevaar van 'n pligteleer;
- die gevaar van vreesaanjaging;
- die gevaar van emosionele manipulasie, en die gevaar van rituele afstomping.

* Die wek van egte skulgevoelens is die werk van God Drie-enig. In die teenwoordigheid van God word die mens bewus van sy sonde.

* Die Here gebruik veral die middel van sy geskrewe en gesproke Woord om 'n mens bewus te maak van sy sonde. Dit geskied in die omgang met die Bybel.

* Die hele Bybel, die wet en die evangelie, is die middel in God se hand om 'n besef van skuld te wek. Te veel word slegs die wet vir hierdie doel gebruik. Dit is 'n miskenning van die evangelie en lei selde tot die gewensde resultate.

Die Woord spreek ook in die gestalte van die prediking, van sang en musiek, van die gebed in verskillende vorms en deur die getuienis van gelowiges.

* Elk op sy eie wyse is ook die sakramente van die doop en die nagmaal middels om skuldgevoelens wakker te maak.

* Sowel die liturg deur sy arbeid, sy lewe en gesindheid, as die gemeente deur sy voorbeeld en houding, kan meewerk om die sonde as sonde voor God te besef en daaroor berou te hê.

## 2.6 OPENBARE BELYDENIS VAN SONDE EN SKULD

* Wie die ware aard van sonde leer ken het, berou daaroor het, kan en wil dit bely, dit erken en daarmee breek. Skuldbelydenis is die antwoord van die mens op die heilshandeling en -woord van die Here.

* Belydenis voor die Here. Dit is die weg wat God vir ons aangegee het om ons sonde en skuld voor Hom te bely. Dit kan gedoen word alleen, in 'n groep en ook in die erediens.

Hierdie belydenis geskied in die hart of gemoed, maar dit kan ook duidelik geformuleer en uitgespreek word voor die Here. Die sonde kan by die naam genoem word of 'n besondere sonde kan vermeld word, maar dit kan ook die belydenis wees van al die sonde, bewus of onbewus, sonder dat dit by die naam genoem word.

* Belydenis saam met andere. Belydenis van sonde en skuld kan en moet ook saam met andere, saam met die gesin, saam met die groep en veral saam met die gemeente gedoen word.

Wat die gemeente betref in die erediens, bely almal saam. Dit geskied gesamentlik, korporatief. Elke indiwidu sluit homself by hierdie gesamentlike belydenis in en weet homself daarby betrokke. Hier gaan dit om die gesamentlike en gemeenskaplike skuld voor God, maar ewe-eens om die persoonlike skuld.

* Die belydenis van skuld voor die Here beteken:
- Die skuld word persoonlik erken en bely. Dit geskied altyd in die eerste persoon enkelvoud en meervoud (ek/ons het gesondig; ek/ons is skuldig). Die skuld word nie meer ontken of op ander geplaas nie, maar daar word erken: so is ek, so is ons; ék/ons is skuldig en verdien die oordeel van God.
- Wie bely, gee God, sy Gees, sy Woord en sy oordeel gelyk dat hy sondig en skuldig is. Waar ek in God se teenwoordigheid gekonfronteer word met my woorde, dade en lewe, ja reeds deur my gesindhede, daar besef ek tot my beskaming dat hierdie onheilige, leedbrengende, versteurende en opstandige dinge gebeur het en dat dit my lewe is. Ek skrik daarvan dat my lewe so sleg is en dat ek telkens weer moet erken ek het weer en weer gesondig.
- Bely beteken om te erken, uit te spreek, die sonde in sy volle omvang voor God neer te lê.
- Wie sy sonde bely, het die eerlike voorneme om daarmee te breek en voortaan harder daarteen te stry.

* Saam met die belydenis gaan ook die gebed, ja smeking, om vergifnis.

* Skuldbelydenis en geloof hang saam. Wie sy skuld bely, werp hom in die uitgestrekte arms van die genadige God, met die geloof dat Hy vergeef en red.

## 2.7 WAAROM OPENBARE SKULDBELYDENIS IN DIE EREDIENS?

* Soms word aangevoer dat skuldbelydenis in die privaatlewe moet geskied sonder dat ander daarvan weet. Dit is waar, maar is nie tot die privaatlewe van die enkeling beperk nie. Waar dit in die erediens sou ontbreek, beteken dit 'n groot miskenning van die wese van die erediens.

* Die volgende wesenskenmerke van die erediens bring mee dat die skuldbelydenis juis hier moet plaasvind:
- dit is 'n samekoms van die volk van God met die God van die verbond en dit kan nie realiseer as daar sonde tussen die volk en God bly staan nie;
- die teenwoordigheid van Christus;
- die ontmoeting tussen Christus en die gemeente;
- die groot gesprek wat deur die hele erediens plaasvind, kan alleen geskied waar die skuld bely en weggeruim word;
- die uitdeling van Christus se gawes;
- God se antwoord op die node van die gemeente, waarvan sonde en skuld die diepste en wesentlike nood is, word in die erediens bemiddel.

* Al het ons vergifnis en verlossing ontvang, moet ons altyd weer ons sonde en skuld bely want ons bly steeds sondig. Al is daar nie groot en growwe sondes wat mense raaksien nie, bly ons sondig en is ons sondig, al is ons geregverdig.

* Skuldbelydenis hoort in die erediens omdat daar soveel mense is wat die besondere versekering behoef dat God inderdaad vergeef.

* Die ware aard van die erediens as 'n vreugdevolle byeenkoms, kan alleen realiseer as ons bevry word van die sonde.

### 2.8 DIE WYSE VAN OPENBARE SKULDBELYDENIS

* By **die heersende praktyk** van skuldbelydenis is dit
- 'n suiwer woordgebeure- woorde word gelees, gespreek en gesing- die nie-verbale ontbreek
- 'n swaar rasionele aanslag, waar die aksent val op 'n koue, lerende, verklarende en rasionale atmosfeer. Die belangrike aspekte van viering, die emosionele en die wil word verwaarloos.

* **Enkele riglyne**
- Gemeentebetrokkenheid
- Werklike deelname
- Deeglike beplanning
- Gesonde afwisseling

* Vir die **wek van skuldbewussyn** kan uitsprake uit die Bybel, uit die evangelie en uit die wet, verskillende kombinasies van albei, asook gebed en sang gebruik word.

* **Verootmoediging en skuldbelydenis met woord en daad** kan gedoen word deur:
- Skuldbelydenis deur wisselspraak
- Skuldbelydenis aan die hand van 'n voorbereide teks, gelei deur een of meerdere persone
- Skuldbelydenis deur gebed en sang in verskillende vorms, en deur allerlei wyses van kombinasie
- Simboliese handelinge wat belydenis van skuld uitbeeld.
. Papiere - boek
. Teken - lê voor
. Here - skeur op
. Spyker vas
. Kleed - sonde/wit kleed

### 2.9 DIE PLEK VAN SKULDBELYDENIS IN DIE EREDIENS

Daar is twee moontlike plekke in die erediens. Die een is aan die einde van die diens na die preek. Die ander, waaraan voorkeur gegee moet word, is aan die begin van die diens, na die votum en lofsang. By geleentheid kan dit ook na die preek geplaas word, veral by boetepreke.

## 3. GENADE EN GENADEVERKONDIGING IN DIE EREDIENS

* Genade en genadeverkondiging hang ten nouste saam met sonde, skuld, kennis van sonde en belydenis van sonde. By albei moet uitgegaan word van die Bybelse leer daaroor.

* Daar is 'n uitweg uit die sonde en skuld wat ons aankleef en wat ook in die erediens ter sprake kom. God-drie-enig maak die nuwe begin en nie ons as mense nie.

* Dit is 'n nuwe begin vir ons, telkens weer.

### 3.1 DIE WESE VAN VRYSPRAAK OF GENADEVERKONDIGING

* In die Ou en Nuwe Testament word verskillende begrippe gebruik, wat in die konteks van gebruik gesien, in verskillende toonaarde die groot saak van vergewing, vryspraak, afwassing van sonde, regverdiging, herstel, vernuwing, geregtigheid, reiniging - aandui.

* Dit is God wat vergeef op grond van die versoening deur Christus. Van begin tot einde is dit God se genade, sy geskenk aan ons.

* In die bediening van hierdie versoening en vergifnis, gebruik God egter mense as sy instrumente, as sy mondstukke, as sy boodskappers.

* Vergifnis beteken die herstel van die primêre verhouding tot God en van daaruit ook alle ander verhoudings.

* Vergifnis gaan oor gemeenskaplike **en** persoonlike sondes.

* Vryspraak in die Naam van die Here en op die weg wat Hy aangegee het, is die kern van die evangelie, die "evangelie in die evangelie."

### 3.2 VOORWAARDES VIR DIE GENADEVERKONDIGING?

* Algemene genadeverkondiging veronderstel dat die gemeente sy sonde erken, daaroor berou het, dit bely en bereid is om daarmee te breek. Dit is egter nie seker of elkeen sy skuld bely en die vryspraak begeer nie. Hiermee hang saam dat waar genadeverkondiging week-in en week-uit verkondig word, dit maklik kan afslyt, goedkoop word en ontaard in 'n blote ritueel, en wat mense maklik immuun maak vir 'n egte skuldbesef.

* Daarom word allerlei "voorwaardes" gestel by die algemene genadeverkondiging:
- In die nuwe ontwikkeling in die Roomse kerk waar die moontlikheid bestaan om 'n algemene genadeverkonding in die erediens te hou, word dit onderskei van die vryspraak in die bieg. In die bieg dra die vryspraak 'n sakramentele karakter, terwyl by die algemene genadeverkondiging dit geen sakramentele karakter het nie.
- In die verskillende gereformeerde kerke word die volgende "voorwaardes" gestel by die algemene genadeverkondiging:
+ 'n ware berou
+ 'n opregte geloof
+ 'n toevlug neem na Jesus Christus as die enigste ware Verlosser.

Hieraan word toegevoeg die retensie of terughouding van diegene wat nie aan hierdie voorwaardes voldoen nie. Aan hulle word verkondig dat die oordeel van God op hulle rus solank hulle in hulle sondes volhard en hulle nie bekeer nie.

* Baie duidelik moet gestel word dat hierdie voorwaardes nie beteken 'n verdienste of prestasie van die mens op grond waarvan hy die vryspraak verkry nie. Genade en genadeverkondiging is onvoorwaardelik, dit is 'n geskenk van God aan die mense.

"Voorwaardes" soos hierbo aangegee, is die leë hande, die berouvolle hart, die brandende gewete, die soekende gebed, as houding waarin die genade ontvang word. Dit alles is ook weer die werk van God- drie- enig.

### 3.3 GENADEVERKONDIGING IETS EKSTRA BY PREDIKING EN PASTORAAT?

* Die genade in die rubriek genadeverkondiging aangebied, is nie 'n ander soort genade nie, dit bly dieselfde, maar dit word op 'n ander wyse bedien. Ook is genade wat hier verkondig word, nie 'n byvoeging tot God se genade, 'n ekstra of 'n plus nie.

* Genadeverkondiging in die erediens bly die een genade van God wat ook in die prediking en pastoraat geskied, dit word op 'n besondere wyse bedien:
- Vir die gemeente en vir die indiwidu beteken dit iets stelligers, meer objektief en indringend as in die prediking.
- Dit gee meer vastigheid en sekerheid
- Daar geskied 'n besondere nadruk vanuit die evangelie sodat dit anders, feller, nog duideliker en skerper uitgespel word as in die prediking.

- Die dinamiek van die evangelie word skerper toegespits deur die ontsagwekkende belofte: "Gaan, jou sonde is vergewe!"
- In die genadeverkondiging vind ons die uiterste konsentrasie van die evangelie, die evangelie in sy laaste direktheid, die besondere verdigting van die evangelie.
- Die betekenis kan nog verder verdiep word waar die verbale verkondiging verbind word met 'n nie-verbale verkondiging.

### 3.4 DIE VORM VAN DIE VRYSPRAAK IN DIE EREDIENS

* Die besondere vorm wat gebruik word vir genadeverkondiging druk 'n bepaalde teologiese siening van genade en van vryspraak uit.

* Genadeverkondiging in die **deprekatiewe of optatiewe of smekende vorm**, vind ons in die Oosterse Ortodokse Kerke, by die Confiteor in die Roomse mis en by byvoorbeeld H Zwingli. Dit is 'n legitieme Bybelse gebruik. Ons mag bid en smeek dat die Here ons of andere se sonde sal vergeef. Vir die vryspraak in die erediens is dit te swak. Dit laat die mense steeds met slegs 'n vae hoop op vergifnis.

* Genadeverkondiging in die **indikatiewe of aantonende of stellende wyse**, word gebruik in die bieg en onlangs ook in die erediens. Die formule is: "Ek vergeef jou/julle." In die bieg het dit 'n sakramentele karakter, terwyl dit in die algemene vryspraak in die erediens ontbreek. Tog word dieselfde formule gebruik, maar dit word net sagter gestel. Parallel hiermee word in die nuwe **Missale Romanum** (1975) verskillende vorms vir die openbare skuldbelydenis aangegee en by elkeen volg die absolusie in die wensvorm. M Bucer gebruik ook die vryspraak in die indikatiewe vorm. Dit word ook aangetref in die **Book of Common Prayer** en in versagte vorm in **The Alternative Service Book** (1980). Die indikatiewe vorm is aanvegbaar en berus op die geweldige aanspraak dat die kerk die mag het om sonde te vergeef en dat die priester die vergifnis outomaties verleen.

* **Die predikatiewe vorm** - "Ek sê aan u dat God u vergeef - nou, vandag" - dit lê vergifnis direk in die hande van mense.

* Die **annunsiatiewe vorm** - "God het u vergeef" - ook dit is te sterk.

* Die **ekshibitiewe of aanbiedingsvorm** - die vryspraak geskied as 'n aanbod van genade, met 'n beroep op die persone om die aanbod in die geloof aan te neem. Die formule lui: "God wil u sy vergewing skenk -neem dit aan." Hierdie vorm het meriete, maar dit word te swak gestel sodat persone onseker bly oor vergifnis.

* Die **deklaratiewe, proklamatiewe of verkondigende vorm**. Die boodskap van Christus se volle vryspraak as 'n geskenk, word verkondig en toegesê, met die gesag van Christus en met aandrang, en in die geloof in die magtige werking van die Heilige Gees. Dit geskied nie neutraal en in die algemeen nie, maar direk en persoonlik aan die konkrete mense hier en nou. Dit geskied met die voorwaardes soos hierbo aangedui en daarby saam ook die terughouding of retensie.

**Formule gebruik:**
"Aan elkeen wat
met ware berou
in opregte geloof
sy/haar toevlug neem tot Jesus Christus as die enigste
Verlosser en Saligmaker,
verkondig ek in die Naam van Jesus Christus die vergifnis
van sonde.
Maar aan elkeen wat hom/haar
nie bekeer nie
maar in die sonde volhard,
verkondig ek in die Naam van Jesus Christus die straf en
oordeel van God, solank daar nie 'n verandering kom nie."

### 3.5 DIE WYSE VAN INRIGTING VAN DIE GENADEVERKONDIGING

* Saam met die **woordgebeure, moet ook die nie-verbale** tot sy reg kom. (Na uur(e) kommissie om rigting te gee)

* **Die praktiese inrigting van die genadeverkondiging**
- Dit moet goed beplan word
- Teologies moet dit suiwer wees
- Afwisseling en variasie moet die wagwoord wees
- Dit moet eg en lewensnaby wees omdat dit geloofsnaby is
- Die formule moet duidelik, korrek en gevarieerd wees.
- Die genadeverkondiging deur 'n formule moet gepaard gaan met 'n gepaste lied en/of gemeenskaplike gebed en/of gepaste Bybeltekste en/of 'n belydenis van geloof of 'n ander belydenis van die nuwe lewe en nuwe houding.
- 'n Loflied, of 'n lofprysing in wisselteks, kan dit afsluit.

### 3.6 DIE PLEK VAN GENADEVERKONDIGING IN DIE EREDIENS

* Skuldbelydenis en genadeverkondiging hoor byeen. Aan die een kant moet daarteen gewaak word om die twee handelinge ineen te laat vloei, maar aan die ander kant weer om nie die genadeverkondiging los te maak van die skuldbelydenis nie.

* Dit is reeds uitgemaak dat die skuldbelydenis by voorkeur aan die begin van die diens geplaas moet word, maar met die geleentheid om dit soms na die preek te hou. Die genadeverkondiging moet in aansluiting hierby ook aan die begin van die diens geplaas word, met die voorsiening dat dit soms na die preek kan geskied.

**Besinning oor skuldbelydenis en genadeverkondiging is tegelyk 'n roep tot vernuwing van die erediens en vernuwing van die kerk self.**

# BYLAE 3

## RIGLYNE VIR DIE KERKRAADSKOMMISSIE VIR DIE EREDIENS (Vergelyk Kerkorde Bepaling 49.1)

### 1. NAAM: Kerkraadskommissie vir die Erediens

### 2. SAMESTELLING

Omdat die erediens die hart van die gemeentelike samekoms is, is dit van die uiterste belang dat soveel as moontlik kundige mense by bogenoemde kommissie betrek word.

Die volgende persone kan op die kommissie benoem word:

2.1 een of meer leraars (dit kan 'n leraar wees aan wie hierdie spesifieke werksterrein in die gemeente opgedra is);
2.2 die sangleier of 'n verteenwoordiger van die sangleierspaneel;
2.3 die musiekleiers (orrelis, leier van die begeleiersgroep/instrumentaliste/orkes, koor/sanggroepleiers;
2.4 koster;
2.5 'n verteenwoordiger van die jeug ('n volwasse jeugleier of tiener);
2.6 verteenwoordigers van die kerkraad;
2.7 ander kundiges tot 'n maksimum getal van twee persone.

### 3. OPDRAGTE

Die kommissie

3.1 voer alle opdragte van die kerkraad op hierdie terrein uit;
3.2 het tot taak die bestudering van alle fasette van die erediens waar nodig;
3.3 adviseer die kerkraad oor aangeleenthede rakende die erediens;
3.4 bepaal behoeftes in die erediens en organiseer moontlike oplossings;
3.5 reël werkswinkels waar lidmate ook insette kan lewer ten opsigte van die evaluering van die erediens;
3.6 bestuur toepaslike diensgroepe en bedieningsaksies (koor/sanggroepe, sangleiers, voorsangersgroep, begeleiersgroep/orkes/instrumentaliste, orrelpos);
3.7 is verantwoordelik om saam met die leraar/leraars en orrelis behulpsaam te wees met die beplanning en uitvoering van die gewone erediens;
3.8 is saam met die betrokke liturg verantwoordelik vir die beplanning en reëlings van spesiale dienste (bv. sangdienste);
3.9 is vir die liturg 'n klankbord ten opsigte van die geslaagdheid van die erediens;
3.10 sien toe dat die gemeente op 'n gereelde basis nuwe liedere aanleer;
3.11 sien toe dat sangbehoeftes van oud en jonk genoegsame aandag verkry tydens eredienste (met ander woorde 'n gesonde balans tussen die huidige Psalm- en Gesangebundel, die Proefsangbundel en die nuwe Jeugsangbundel);
3.12 sien toe dat die liturgiese aanbieding, prediking, gemeentesang, musiekbegeleiding, sangleiding, jeug en gemeentelike meelewing op 'n hoë peil gehandhaaf word;
3.13 is verantwoordelik om behoeftes van die plaaslike gemeente onder die aandag van die Ringskommissie vir die Erediens te bring.

### 4. VERGADERINGS

4.1 Die kerkraad stel die kommissie op 'n jaarlikse basis saam vir elke nuwe kerkjaar;
4.2 Die kommissie vergader ten minste kwartaalliks;
4.3 Die kommissie lewer by die kerkraad verslag van sy werksaamhede.

## RIGLYNE VIR DIE RINGSKOMMISSIE VIR DIE EREDIENS (Vergelyk Kerkorde Bepaling 49.1)

### 1. NAAM: Ringskommissie vir die Erediens

### 2. SAMESTELLING

Die kommissie kan soos volg saamgestel word:

2.1 Een of meer leraars van die ring;
2.2 Een verteenwoordiger uit elke kerkraadskommissie vir die Erediens;
2.3 Een of twee musiekkundiges uit die ringsgebied.

### 3. OPDRAGTE

Die kommissie

3.1 voer besluite en opdragte van die ring en sinode op die terrein van die erediens uit;
3.2 het tot taak die bestudering van alle fasette van die erediens waar nodig;
3.3 adviseer gemeentes oor aangeleenthede rakende die erediens;
3.4 beplan en organiseer seminare, werkswinkels en konferensies in ringsverband oor sake wat die erediens raak;
3.5 dien as skakel tussen kerkraads-eredienskommissies en die Sinodale Eredienskommissie;
3.6 bring behoeftes op gemeentelike en ringsvlak onder aandag van die Sinodale Eredienskommissie;
3.7 sien toe dat die saak van die erediens genoegsame aandag verkry tydens ringsvisitasie.

### 4. VERGADERINGS

Die kommissie

4.1 word by die gewone ringsvergadering saamgestel met die oog op die reses;
4.2 vergader na behoefte;
4.3 lewer verslag van sy werksaamhede aan die gewone vergadering van die ring.

# A.16 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMITEE VAN DIE VROUEDIENS

## 1. SAMESTELLING

### 1.1 UITVOERENDE KOMITEE

| | (Tot Mei 1993) | (Vanaf Mei 1993) |
|---|---|---|
| Voorsitter | Mev M Herholdt | Mev M Lazenby |
| Vise Voorsitter | Mev M Lazenby | Mev K Venter |
| Sekretaresse | Mev H Theron | - |
| Aktuarius | Ds GJ Koen | |
| SKDB | Prim | Mev M Eygelaar |
| | Sek | Mev B Behr |
| SKG | Prim | Mev E Badenhorst |
| | Sek | Mev R Hugo |
| SJK | Prim | Mev E Dreyer |
| | Sek | Mev L Venter |
| SKLAS | Prim | Mev H Ackerman |
| | Sek | Mev H van Vuuren |
| SKSE | Prim | Mev K Venter |
| | Sek | Mev F Vermeulen |

### 1.2 SINODALE KOMITEE

Die uitvoerende komitee plus een verteenwoordiger uit elke ring vorm saam die sinodale komitee.

## 2. WERKSAAMHEDE

### 2.1 UITVOERENDE KOMITEEVERGADERINGS

Minstens agt vergaderings is gehou waartydens onder andere konferensies georganiseer is, die inhoud van die nuusbrief (van die Vrouediens) beplan is, bespreking gevoer is oor die voorgestelde Reglement en Riglyne van die AKV, besin is oor rasionalisering en verslag gelewer is vanuit die sinodale kommissies.

### 2.2 SINODALE KOMITEEVERGADERINGS

Twee vergaderings is gehou.

* Tydens die vergadering op 4 Maart 1992 is ringsverteenwoordigers toegerus deur ds Joël en mev Marié Herholdt om die tema **Dinamiese geestelike leierskap** in die ringe as konferensie onderwerpe aan te bied.

* Ter wille van kostebesparing is die tweede vergadering op 17 Februarie 1993 in Potgietersrus-Oos gehou. By die geleentheid het dr Gerrit Cloete die dames bewus gemaak van die maatskaplike nood van ons tyd. Die nuwe Reglement en Riglyne van die AKV is bekendgestel. Die verteenwoordigers het geleentheid gekry om deel te neem aan 'n openhartige gesprek oor die toekoms van die Vrouediens.

### 2.3 SINODALE KONFERENSIES

Die doel van die konferensies is hoofsaaklik om vroue toe te rus en geestelik te stimuleer. Dit blyk uit die konferensie onderwerpe by albei geleenthede.

* 5 en 6 November 1991 - Reik uit na mekaar - in die gesin, die gemeente en die gemeenskap, aangebied deur prof Piet Meiring.

* 15 Mei 1993 - Kom die Here het nou nodig - Die onderwerp is behandel onder die temas:

- Die nood van ons tyd
- Die Here het jou nodig (prof Daniël Louw) en
- "Ek was honger ... ek was dors ... ek was 'n vreemdeling ..." Maretha Alberts).

### 2.4 ANDER WERKSAAMHEDE

#### 2.4.1 Sinodale kommissies

Vrouediensverteenwoordigers woon op uitnodiging die vergaderings by ter wille van die skakeling en omdat die vroue as deel van die liggaam van Christus 'n besondere rol kan vervul.

#### 2.4.2 Projekte

As gevolg van rasionalisering moes die Vrouediens se begroting tot op die been besnoei word en is hul jaarlikse ruim bydraes vir verskillende kerklike werksaamhede gestaak.

Trustfondse is geskep vir onder andere die Vrouediens se voogkomitees van die twee Abraham Kriel Kinderhuise, die Vrouedienskomitee van Huis Piek en die Sibs Marais Kooksentrum. Rente wat deur dié trustfondse verdien word, word halfjaarliks oorbetaal. Die sinodale komitee subsidieer 'n kassetbandediens by Weskoppies- hospitaal.

#### 2.4.3 Nuusbrief (Vrouediens)

Die blaadjie word drie maal per jaar gedruk en versprei en dien benewens die doel van skakeling en stimulering ook deesdae sinvol as inligtingsblad vir die Kinderkrans.

#### 2.4.4 SEVTO

Geslaagde kursusse ter wille van skoling en geestelike opbou is in samewerking met die Vrouedienste van die vier Transvaalse sinodale streke aangebied.

#### 2.4.5 Federale Vroueraad

Die Vrouediens is geaffilieer ter wille van koördinering met ander nasionale vroueverenigings. Dit het meegebring dat die Vrouediens ook opgeroep is om deel te neem aan die Vroue Gebedsaksie vir Vrede.

#### 2.4.6 AKV

Die voorsitter en visevoorsitter het die jaarlikse vergaderings van die AKV bygewoon. Dit bly 'n voorreg om saam met die afgevaardigdes uit al die sinodale streke oor sake van aktuele en gemeenskaplike belang gesprek te voer.

**Reglement en Riglyne van die AKV.** Die dokument is deur die dagbestuur van die AKV opgestel en deur die vergadering goedgekeur. Dit word tans aan die Algemene Regskommissie voorgelê ten einde die Algemene Sinode se opdrag uit te voer (Hand Algemene Sinode 1990, bl 625 punt 7.2.2).

## 3. REGLEMENT EN RIGLYNE VAN DIE AKV

Die dokument is aan die SKV voorgehou. Die dagbestuur is in gesprek met die SRK oor die stuk.

## 4. RASIONALISERING

Die voorsitter (tot Mei 1993) en sekretaresse het met die Ad hoc-Kommissie : Prioriteite samesprekings in dié verband gevoer. Laasgenoemde kommissie se voorstelle word aan die sinode voorgehou in ooreenstemming met die opdrag.

## 5. DIE TOEKOMS VAN DIE VROUEDIENS

By minstens drie geleenthede het die vroue van die sinode geleentheid gehad om hulle uit te spreek oor die saak:

### 5.1 BESINNING OOR DIE VROUEDIENS

(7 Januarie 1991 - reeds voor die vorige sinodesitting) - Bevinding op grond van 'n omvattende vraelys aan al 125 gemeentes - saamgestel deur mev Willa de Vos.

5.2 'n Voorstel tydens die Sinodale Konferensie gehou op 5 en 6 November 1991 soos opgeneem in die notule as bylae 10 wat soos volg lui:

"Doelstelling Vrouediens Noord-Transvaal

"Die Sinodale Konferensie neem met waardering kennis van die missie van die AKV as die oorkoepelende aksie.

"In die lig van punt 1.2 van die Reglement van die Vrouediens van die Algemene Sinode naamlik dat elke Vrouediens volgens sy eie behoeftes moet organiseer, gee hierdie vergadering aan die UK opdrag om 'n doelstelling vir Noord-Transvaal te formuleer waarin die eie behoeftes van die Vrouediens op gemeentelike-, rings- en sinodale vlak geformuleer word. Rekening moet gehou word met die verskeidenheid van funksionering op gemeentelike vlak. Hierdie doelstelling moet uitdagend en positief bewoord word en moet maksimum beweegruimte vir elke Vrouediens op gemeentelike vlak inhou sodat gelowige vroue die vele moontlikhede en geleenthede kan ontdek en ontgin om 'n betekenisvolle bydrae in die gemeente te kan lewer."

### 5.3 GESPREKSGELEENTHEID TYDENS DIE SINODALE KOMITEEVERGADERING GEHOU OP 17 FEBRUARIE 1993

Uit die genoemde geleenthede is die volgende baie duidelik:

5.3.1 Die vrou, as deel van die Kerk van Christus, vorm in die Kerk 'n eie belangegroep wat volgens hulle eie unieke aard (fisiologies, psigies en die rol wat hulle in die samelewing vervul) en eie behoeftes en gawes **opgebou** wil word en wil **diens lewer**.

5.3.2 Die tradisionele werkwyse toon vanweë baie veranderinge omstandighede toenemend leemtes.

5.3.3 Vroue wil saam met eie kerkrade beplan en diens lewer volgens plaaslike omstandighede sonder voorskriftelikheid vir die struktuur en funksionering van die Vrouediens in die gemeentes. Hiervoor maak die voorgestelde Reglement en Riglyne van die AKV voorsiening.

5.3.4 Koördinering op sinodale- en ringsvlak is essensieël twv stimulus, toerusting, ensovoorts.

Die vrou het nog altyd met toewyding aan die kerk se geskiedenis help gestalte gee. Ons glo dat dit ook in die toekoms van haar gesê sal kan word.

MEV M LAZENBY
VOORSITTER

# A.17 VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGER IN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIE ARGIEF (TRANSVAAL)

## 1. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 1991

### 1.1 FORMULERING VAN DOELWITTE (HANDELINGE 310: 3.2.4.5)

#### 1.1.1 Opdrag

Die sinode gee opdrag aan die onderskeie sinodale kommissies om elk sy doelwitte te formuleer met verslag aan die volgende sinodesitting.

#### 1.1.2 Uitvoering

Die SKA het die doelwit vir die Argiefkommissie soos volg geformuleer: "Die Argiefkommissie beheer en beplan die werksaamhede van die Argief in ooreenstemming met sy doelwit en die Argiefreglement. Die doelwit van die Argief is om deur die verskillende Argief- en Inligtingkundige dissiplines die doelmatige dokumentêre geheue en gewete van die Kerk te wees en so ook diensbaar te wees aan teologiese en ander navorsing."

#### 1.1.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die doelwit vir die Sinodale Kommissie vir die Argief goed.**

### 1.2 ARGIVALIA NA STAATSARGIEF (Handelinge 322: 3.11.2.1.2.1 en 329/330 : 13.1)

#### 1.2.1 Opdragte

1. Die Sinodale Argiefkommissie word versoek om so gou doenlik oorplasing van argivalia te reël met die Staatsargief met die oog op ruimte- en kostebesparing.

2. Die sinode heg sy goedkeuring aan die oorplasing van alle argivalia, ouer as 30 jaar, na die Staatsargief.

#### 1.2.2 Uitvoering

Die Argivaris (dr CS Kotzé) het die nodige onderhandelinge met die Direkteur van Argiewe van die Staatsargief in Pretoria gevoer.

#### 1.2.3 Bevinding

Die Direkteur het laat blyk dat so 'n reëling nie moontlik is nie, veral in die lig van die huidige ekonomiese klimaat en die addisionele druk op beskikbare fondse en personeel. In die onderhandelinge het dit ook geblyk dat die kerk se argivalia nie summier en geredelik tot beskikking van teologiese navorsers sal wees nie; daar is sekere rompslomp wat moeilik oorbrug sal kan word. Dit het bedenkinge by die SKA laat ontstaan of die sinode met hierdie gedagte enigsins moet voortgaan.

#### 1.2.4 AANBEVELING

**Die sinode besluit om sy vorige besluit ten opsigte van die oorplasing van argivalia na die staatsargief te herroep.**

### 1.3 REKENAARDRUKSTUKKE VIR DIE ARGIEF (404 : 4.2)

#### 1.3.1 Opdrag

Die sinode keur die beskrywingspunt goed en versoek die Argief om kerkrade van die nodige voorskrif te voorsien. Die beskrywingspunt lui: "Die sinode versoek die Argief om rekenaaruitdrukke as afskrifte van Doop- en Lidmateregisters te aanvaar."

#### 1.3.2 Uitvoering

Die SKA en sy werkgroep vir Dokumentasie is steeds besig om doelmatig aan hierdie opdrag uitvoering te gee.

#### 1.3.3 Bevinding

*1. Daar is by die vorige sinode gerapporteer dat die Argief reeds voorskrifte in hierdie verband opgestel het. Die hele saak word steeds verder ondersoek. Die Argief is tans wel geneë om rekenaardrukstukke in ontvangs te neem, maar dan slegs as "proewe"; dit moet in elk geval deeglik deur die betrokke Ringskommissie vir die Argief gekontroleer word.

*2. Die werkgroep vir Dokumentasie het reeds ver gevorder met die daarstelling van 'n program met ASCII-lêer waarvolgens
*2.1 al die nodige inligting in die plaaslike gemeente hanteer word;
*2.2 'n slapskyf plus 'n uitdruk vir kontrole (of dan in elk geval 'n verklaring van korrektheid van die Ringskommissie vir die Argief) aan die Argief voorsien kan word;
*2.3 die Argief al hierdie inligting kan insleutel en bewaar (sonder die huidige rompslomp van geskrewe afskrifte, dik lêers, ens).

*3. Die gedagte van die werkgroep is dat slegs die volgende inligting benodig word vir sentrale bewaring:
* Dooplidmate: dopeling se van en voorname, ouers se vanne en voorname, geboortedatum, doopdatum/datum van aankoms, gemeente waarvandaan, opmerkingskolom (inligting oor getuies en leraar wat doop bedien kan verval)
* Belydende Lidmate: lidmaat se van/nooiensvan en voorname, geboortedatum, aankomsdatum in gemeente, gemeente waarvandaan, opmerkingskolom waar o.a. aangedui kan word van belydenisaflegging, kerkraadsbesluite ens. (inligting oor leraar by belydenisaflegging kan verval)

*4. Aangesien die huidige modus operandi landwyd gebruik word, kan die sinode nie summier met 'n eie program begin nie. Die hele saak is reeds aan die Algemene Kommissie vir die Argief voorgelê, maar die Algemene Sinode sal so 'n rekenaar-reëling uiteindelik moet goedkeur. Daarom kan dit net baat as die sinode 'n beskrywingspunt in hierdie verband na die komende Algemene Sinode 1994 deurstuur, sodat die bal aan die rol kan kom.

*5. Die SKA is wel van mening dat die kerk hier in die Transvaal solank met die hele projek kan begin (sodra die program gefinaliseer is). Sou die Algemene Sinode die gedagte nie goedkeur nie, is die kommissie ook van mening dat die Transvaalse sinodes moet voortgaan met die rekenarisering. Die tyd is nou ryp om 'n doelmatige verandering en verbetering aan te bring, ongeag of die res van die kerk daarvoor gereed is.

*6. Noord-Transvaal kan in elk geval hierin die leiding neem, veral waar die "brein" agter die hele program, ds JH Venter (Tek-gemeente), deel van ons sinodale gebied en ook lid van die werkgroep vir Dokumentasie is.

*7. Hiermee het die brief van die Ring van Hartbeesspruit ook aandag geniet (vgl Handelinge 1991 : 394 : 11.1).

1.3.4 AANBEVELINGS

**1.3.4.1 Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om goedkeuring te verleen dat registerafdrukke gerekenariseer mag word en per disket in die argief bewaar word.**

**1.3.4.2 Die sinode versoek die Algemene Sinode om te reël dat slegs die volgende inligting benodig word vir die registerafskrifte:**
***1. Dooplidmate : dopeling se van en voorname, ouers se vanne en voorname, geboortedatum/aankomsdatum, gemeente waarvandaan, opmerkings.**
***2. Belydende Lidmate : lidmaat se van/nooiensvan en voorname, geboortedatum, aankomsdatum in gemeente, opmerkings.**

**1.3.4.3 Die sinode gee opdrag aan die Sinodale Kommissie vir die Argief om voort te gaan met die beplanning ten opsigte van die rekenarisering van die registers en registerafdrukke en om die gemeentes so gou doenlik met die nodige inligting te bedien.**

**1.3.4.4 Die sinode besluit dat die gemeentes in Noord-Transvaal hierdie beplande program van gerekenariseerde registerafdrukke in werking mag stel sodra dit gereed is en dat die nodige riglyne deur die Sinodale Kommissie vir die Argief voorsien word.**

## 2. VASTE OPDRAGTE

### 2.1 VIERJAARLIKSE VERSLAG

Aangesien die vergadertye van die samestellende sinodes tans nie ooreenstem nie (Midde-Afrika jaarliks, Noord- en Suid-Transvaal tweejaarliks, Wes- en Oos-Transvaal vierjaarliks), het die SKA gereël dat die amptelike verslag van die kommissie in sake sy vaste opdragte op vierjaarlikse basis by die sinodes gelewer word.

### 2.2 "IN MEMORIAM"

Die argivaris het al die nodige "In Memoria" van die afgestorwe leraars voorberei; dit word in die handelinge van die sinode opgeneem.

## 3. ANDER SAKE VIR DIE AANDAG VAN DIE SINODE

### 3.1 HUWELIKSAANTEKENINGREGISTER

3.1.1 Die sinode het in 1991 besluit om by die Algemene Sinode aan te beveel dat die 1986-besluit in sake die huweliksaantekeningregister herroep word; die motivering was dat al die inligting by die staat beskikbaar is. Navraag deur die SKA het aan die lig gebring dat inligting oor kerklik-bevestigde huwelike sedert 1972 skynbaar nie orals "beskikbaar" is nie, en dat beskikbare inligting onderhewig is aan 'n vaste tydperk van geslotenheid.

3.1.2 Die SKA is van mening dat 'n huweliksaantekeningregister vir elke gemeente, ter wille van die historiese waarde, wel noodsaaklik is en dat eenvormige beleid in Algemene Sinodale verband moet geld.

3.1.3 AANBEVELING

**Die sinode bespreek weer die noodsaaklikheid al dan nie van 'n kerklike huweliksaantekeningregister.**

### 3.2 REKTIFIKASIEGELDE

3.2.1 Skynbaar het die Sinode van Noord-Transvaal nog nie die aanbeveling van die Algemene Kommissie vir Fondse (1990) hanteer dat rektifikasiegelde (R2) afgeskaf kan word nie.

3.2.2 Die SKA het intussen gereël dat hierdie gelde in die bedieningsgebied van Transvaal kan verval (vgl kennisgewing in Die Kerkbode, 12 Maart 1993).

3.2.3 AANBEVELING

**Die sinode kondoneer die optrede van die Sinodale Kommissie vir die Argief ten opsigte van die afskaffing van die rektifikasiegelde.**

### 3.3 VERSLAE VAN BYBELGENOOTSKAP, BYBELKOR, HUGENOTE-KOLLEGE

3.3.1 Ter wille van die bergruimte in die Argief is die SKA van mening dat die nie nodig is om verslae van die Bybelgenootskap, Bybelkor en Hugenote-Kollege as deel van die stukke van 'n ringsvergadering in te handig nie, mits naslaankopieë elders gehou word.

3.3.2 AANBEVELING

**Die sinode versoek die ringe om met die oog op doelmatige ruimtebesparing, alle verslae van ander en buite-instansies tot die minimum te beperk met die inhandiging van die ringsargivalia by die sinodale argief.**

### 3.4 RASIONALISERING

3.4.1 Die argief se bydrae tot verdere doelmatige rasionalisering is die opsegging van 3 leeskamers, wat dan as kantoorruimte verhuur kan word.

3.4.2 Die argief het ook 'n doelmatige rekenaar aangekoop met die oog op berging en veral ontsluiting van inligting.

DS JC CARSTENS

# A.18 VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGERS OP DIE GESAMENTLIKE KOMMISSIE VIR RADIO EN TV, NOORD-, OOS-, SUID- EN WES-TRANSVAAL

## 1. KOMMISSIE

Gedurende die reses het die gesamentlike kommissie nie vergader nie en het u verteenwoordigers, naamlik: ds JF Pienaar en dr PJC Loots direkte skakeling met die SAUK op verskillende vlakke gehad met betrekking tot die aanwys van persone om op te tree in godsdiensprogramme oor radio en televisie.

Die skakeling het soos volg in die praktyk gerealiseer:

### 1.1 SKAKELING MET BETREKKING TOT DIE AANWYS VAN PERSONE:

In hierdie verband het ds JF Pienaar direk geskakel met ds Francois Theron en ander belanghebbendes.

### 1.2 VERTEENWOORDIGING OP DIE GESPREKSGROEP (AFRIKAANSE GODSDIENSPROGRAMME) VAN DIE SAUK:

In hierdie verband het dr PJC Loots die vier sinodes op genoemde SAUK-komitee van die Godsdiensdirektoraat verteenwoordig en drie vergaderings bygewoon.

### 1.3 VERTEENWOORDIGING OP DIE VOORTSETTINGS-KOMITEE VIR DIE DAARSTELLING VAN 'N UITSAAIERSFORUM VIR GODSDIENSTIGE UITSAAIERS

Voortvloeiend uit die Gespreksgroepe van die SAUK is 'n vergadering gereëël waarop die beginsel van die stigting van 'n Nasionale Godsdiensforum bespreek is. Die doel van so 'n godsdiensforum sal wees om in laaste instansie die basis van deelname deur die verskillende kerke aan godsdiensuitsendings oor die SAUK te bepaal en toe te ken. Aangesien die algemene gevoel van die vergadering was dat daar wel so 'n liggaam gestig moet word waarop alle kerke in die land verteenwoordiging moet hê, is 'n voortsettingskomitee daargestel om 'n vergadering te reël vir die beplanning van so 'n godsdiensforum. Op hierdie voortsettingskomitee is dr PJC Loots verkies as een van die nege lede [die verdeling was: ses Christene (uit die hele spektrum van die Christendom), een Jood, een Moslem, een Hindoe].

## 2. EREDIENSUITSENDINGS EN OORDENKINGS

Daar kan met groot dank vermeld word dat daar met die SAUK se Godsdiensdirektoraat onder leiding van dr Josua Potgieter die allerbeste samewerking was die afgelope reses ten opsigte van erediensuitsendings en oordenkings. Gereelde skakeling het plaasgevind en daar is gepoog om van die kerk se kant af saam te werk om erediensuitsendings en oordenkings van hoë gehalte te lewer, beide inhoudelik en tegnies.

Die beleid van eredienstoekennings en oordenkings is om nie aan alle predikante of gemeentes beurte toe te ken nie. Vanweëë die eie aard van die betrokke mediums wat gebruik word en die hoëë eise wat dit stel, is gepoog om leraars te betrek wat hierdie geleenthede ten beste kon benut in belang van die uitdra van die evangelie.

Die algemene riglyn wat sover moontlik gevolg is by die toekenning van erediensuitsendings en oordenkings, is dat leraars wat kursusse in mediahomilitiek deur die teologiese fakulteit, en/of SAUK oriënteringskursusse en/of Radiokansel opleidingskursusse bygewoon het, oorweeg is.

Op 'n SAUK-konferensie vir Radiopredikers is 'n aantal baie belangrike riglyne opgestel wat gerus in gedagte gehou kan word deur enige voornemende uitsaaier. Hierdie riglyne is op aanvraag by die kommissielede beskikbaar.

### 2.1 AANBEVELINGS

**2.1.1 Die sinode spreek sy dank en waardering teenoor die SAUK, in die besonder die godsdiensdirektoraat, uit vir die geleenthede aan die kerk gebied om deel te neem aan godsdiensuitsendings en vir die hartlike samewerking in hierdie verband.**

**2.1.2 Die sinode beklemtoon dat net die beste gebruik gemaak moet word van die geleenthede deur die SAUK aan die kerk gebied met betrekking tot godsdiensuitsendings en versoek sy Radio en TV-kommissie om leraars te identifiseer vir sodanige uitsendings wat oor die nodige gawes in hierdie verband beskik.**

**2.1.3 Ten einde so 'n groot verskeidenheid as moontlik te handhaaf met betrekking tot die kerk se betrokkenheid by die godsdiensuitsendings van die SAUK, versoek die sinode leraars wat oor die gawe van mediabenutting beskik om in te skakel by die mediahomilitiekkursusse deur die Teologiese Fakulteit aangebied en/of die opleidingskursusse deur die SAUK daargestel.**

**2.1.4 Die sinode versoek sy Radio en TV-kommissie om voortdurend met die SAUK en ander uitsaaiorganisasies in die land te skakel met die doel om die kerk se behoeftes en advies oor te dra, alle beskikbare geleenthede te benut vir godsdiensuitsendings en op hoogte te bly van tegniek, moontlikhede en beleid van die uitsaaiwese.**

## 3. HUIDIGE BEDELING VAN GODSDIENSUIT-SENDINGS BY DIE SAUK

Die huidige bedeling van godsdiensuitsending onder beheer van die SAUK se Godsdiensdirektoraat sien soos volg daar uit:

### 3.1 PROGRAMME:

Die SAUK saai tans 514 godsdiensprogamme per week uit vir 'n totaal van 100 ure per week.

### 3.2 GODSDIENSTE/DENOMINASIES:

Die volgende verdeling bestaan tans op 'n proporsionele basis vir godsdiensuitsendings by die SAUK:

| | | |
|---|---|---|
| * Christendom | : | 94,5% |
| * Hindoïsme | : | 3,0% |
| * Islam | : | 2,0% |
| * Judaïsme | : | 0,5% |
| Totaal | : | 100,0% |

### 3.3 DEELNEMENDE LERAARS:

Vanuit 88 kerke en/of denominasies is daar nagenoeg 988 leraars wat gereeld betrokke is by godsdiensprogramme oor die SAUK

3.4 KANALE/NETWERKE:

Godsdiensuitsendings geskied oor 3 TV-kanale en 21 Radionetwerke.

## 4. NASIONALE GODSDIENSTIGE UITSAAI-ERSFORUM

Op die vergadering waarna 1.3 verwys, is 'n aantal riglyne aanvaar waarvolgens daar in die toekoms godsdiensuitsendings oor die SAUK sal plaasvind. Hierdie riglyne sal as basis geld vir bespreking op die te stigte Nasionale Godsdienstige Uitsaaiersforum teen die einde van 1993. Die riglyne is die volgende:

4.1 Die nasionale (openbare) uitsaaiorganisasie sal nie een godsdienstige gemeenskap bo die ander bevoordeel nie.

4.2 Deelname aan godsdiensuitsendings moet aangebied en gewaarborg word aan alle geloofsgemeenskappe, proporsioneel tot hul lidmaattal in die gemeenskap. 'n Formule vir die toekenning van uitsaaityd, asook beleidsriglyne vir die getal en aard van sulke toekennings, sal oor onderhandel moet word. 'n Minimum tyd kan aan baie klein geloofsgemeenskappe in Suid-Afrika toegeken word.

4.3 Godsdienstige uitsendings moet geïnkorporeer wees in die beleidmakende en besluitnemingstrukture van die nasionale uitsaaiorganisasie. As sodanige sluit dit die stigting van 'n Godsdienstige uitsaaiforum in en die verteenwoordiging van geloofsgemeenskappe op besluitnemingsliggame.

4.4 Waar plaaslike gemeenskapsuitsendings van stapel gestuur word, moet die plaaslike godsdienstige gemeenskappe betrek word. Sodanige deelname en onderhandelinge met gemeenskapsuitsaaiers word aangemoedig aangaande die plek en rol van godsdienstige uitsendings.

4.5 AANBEVELINGS

**4.5.1 Die sinode neem kennis van die te stigte Nasionale Godsdienstige Uitsaaiforum en besluit om sover dit moontlik is, deel daarvan te hê.**

**4.5.2 Die sinode herbeklemtoon die feit dat die Evangelie sy onvervreembare plek moet inneem op die uitsaairooster van die godsdiensuitsaailiggame van die land en versoek sy Radio en TV-kommissie om daadwerklik hiertoe mee te werk.**

## 5. SLOT

Hiermee vertrou die kommissie dat hy sy taak tot bevrediging van die sinode uitgevoer het.

Die kommissie bid die sinode 'n geseënde vergadering toe.

DS JF PIENAAR
DR PJC LOOTS

# A.19 VERSLAG VAN DIE KURATORIUM VAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT UNIVERSITEIT VAN PRETORIA AAN DIE SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL 1993

## 1. VERSLAGGEWING

Die Kuratorium lewer 4-jaarliks 'n omvattende verslag oor werksaamhede van die Kuratorium by die onderskeie Sinodes van Transvaal. Die vorige volledige verslag is in 1991 gelewer.

Hiermee dan 'n verkorte verslag met enkele tersake aangeleenthede en opdragte van die sinode.

## 2. OPDRAG SINODE 1991

### 2.1 OPDRAG

"2. Die sinode versoek die kuratorium om die ooreenkoms tussen die Ned Geref Kerk en die Universiteit van Pretoria opnuut duidelik te verwoord en hieroor verslag te doen by die volgende sitting van die sinode in 1993. Aandag moet veral geskenk word aan die volgende aspekte:

2.1 die inspraak van die Universiteit by die beroeping van dosente en die wyse waarop hierdie inspraak gestalte kan kry sonder dat die Raad van Dosente direk of indirek daarby betrek word;

2.2 die rol van die eksterne eksaminatore met eksaminering;

2.3 die funksie en taak van die kerklike eksaminatore.

3. Die sinode versoek die kuratorium om te verklaar welke maatstawwe sal geld by die suiwering van die groslys vir die beroeping van dosente."

### 2.2 UITVOERING EN BEVINDING

Die Kuratorium het opdrag aan die Dagbestuur gegee om die besluit ter hand te neem en rapporteer die volgende:

2.2.1 Die Notariële ooreenkoms tussen die Universiteit en die Kerk bepaal as volg:

Aanstelling van Dosente

1. Onderhewig aan die bepalings van Artikel 11(1) van Wet 13 van 1930, soos gewysig, stel die Universiteit slegs op aanbeveling van die Kerk dosente aan in bogemelde departemente. Vir hierdie doel tree die Kerk op deur die Dagbestuur van die Kuratorium van die Kerk. In die geval van 'n nuwe aanstelling, of wanneer 'n vakature gevul moet word, gee die Universiteit kennis aan die Skriba van die Kuratorium om namens die Kerk 'n aanbeveling te vra, ten einde die aanstelling te maak of die vakature te vul. Die prosedure in hierdie verband verloop soos volg:

1.1 Die Kerk lê 'n groslys voor aan die Universiteit met die oog op die bepaling van die akademiese aanvaarbaarheid van die betrokke kandidate.

1.2 Die Universiteit besluit volgens die norme en prosedure van die Universiteit welke kandidate op die groslys vir die Universiteit aanvaarbaar is en die Kerk dra uit die kandidate wat vir die Universiteit aanvaarbaar is, die naam van die kandidaat op wie se keuse geval het, voor aan die Universiteit vir aanstelling.

Die Dagbestuur oordeel dat met hierdie bewoording volstaan word.

2.2.2 By die beroeping van dosente word die name van genomineerdes aan Universiteit van Pretoria voorgelê, wat deur 'n aanstellingskeurkomitee die geskikte kandidate keur. Daar word afhangende van die pos onder andere aan die volgende sake aandag gegee:

Evaluering van kandidate

In die proses van evaluering van kandidate moet die volgende aspekte onder andere deur die aanstellingskeurkomitee inaggeneem word:

- Aansien binne vak/beroepverband
- Kwalifikasies
- Ervaring
- Publikasies
- Verbale vermoë
- Akademiese ingesteldheid
- Navorsingsingesteldheid
- Diensleweringsingesteldheid
- Vakkennis
- Die vermoë om kennis aan studente oor te dra
- Persoonlikheidsamestelling
- Tweetaligheid (waar toepaslik)
- Die mate waarin die kandidaat sal inpas by die betrokke pos, die akademiese departement, die fakulteit, die Universiteit.

Hierdie aanstellingskeurkomitee word statutêr saamgestel en bestaan uit verteenwoordigers van die Rektoraat en vakkundige personeellede.

2.2.3 Eksterne eksaminatore word deur die Universiteit benoem met die oog op die evaluering van standaarde en moet dosente van 'n erkende Universiteit wees.

2.2.4 Kerklike eksaminatore het tot funksie die evaluering van die leersuiwerheid en funksioneer daarna binne die Eksamenkommissie ten opsigte van die bedieningsvaardighede van die student met die oog op 'n aanbeveling vir legitimasie. 'n Samespreking met die Skriba van die Eksamenkommissie is oor die aangeleentheid gevoer.

2.2.5 Ten opsigte van die maatstawwe by die suiwering van die groslys, is van die maatstawwe van die Universiteit onder punt 2 aangedui.

Voordat die Dagbestuur die name van die genomineerdes aan die Universiteit voorlê, vind 'n suiwering kragtens Bepaling 5.2.3 plaas in uitvoering van Bepaling 3.1.1 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars.

Hierdie bepalings lui:

> 1. DOSERENDE PERSONEEL AAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT
>
> 1.1 BEROEPING
>
> 1.1.1 Vereistes
>
> Die kuratorium neem die leiding ten opsigte van die beroeping van dosente en moet saam met die kieskollege toesien dat op die groslys alleen die name verskyn van persone wat:
>
> 1.1.1.1 predikant- en proponentstatus in die Nederduitse Gereformeerde Kerk het en wat verkieslik reeds in 'n gemeente bevestig was;
>
> 1.1.1.2 die nodige kwalifikasies vir die betrokke pos besit;
>
> 1.1.1.3 goeie getuienis aangaande hulle bekwaamheid en godsvrug het; en
>
> 1.1.1.4 onbetwyfelbare voorstanders van die Gereformeerde leer is.

Wanneer die Dagbestuur die name van die Universiteit ontvang het, word onderhoude kragtens Bepaling 5.2.4 gereël.

Bepaling 5.2.4:

"Die Dagbestuur van die Kuratorium stel uit die goedgekeurde nominasielys 'n groslys van verkieslik nie meer as 5 name op en roep hierdie persone op vir 'n persoonlike onderhoud in die vergadering van die Kieskollege."

Indien die Dagbestuur kragtens Bepaling 5.2.4 dit nodig vind om 'n groslys uit die goedgekeurde name op te stel, sal onder andere die volgende maatstawwe geld:

1. Die betrokkenheid van die kandidaat op die breër kerklike terrein.

2. Die behoeftes van die betrokke Departement.

3. Die ouderdom van die kandidaat in terme van moontlike diensjare.

4. Aandeel van die kandidaat in die gemeenskapsdiens.

5. Menseverhoudings.

2.3 AANBEVELING

**Die sinode is tevrede met die ooreenkoms tussen die Ned Geref Kerk en die Universiteit van Pretoria ten opsigte van die beroeping van dosente, asook met die maatstawwe van die kuratorium wat geld by die suiwering van die groslys.**

## 3. VAKATURE

Prof JA Heyns verlaat die Fakulteit op 31 Desember 1993. Die vulling van die vakature is deur die Kuratorium goedgekeur en sal in oorleg met die Universiteit oorweeg word.

## 4. STUDENTEGETALLE

Die studentegetalle vir 1993 toon 'n daling teenoor die vorige jare en is vir 1993 as volg:

| | 1992 | 1993 |
|---|---|---|
| BA I | 43 | 31 |
| BA II | 52 | 41 |
| BA III | 48 | 50 |
| BD I | 29 | 38 |
| BD II | 41 | 24 |
| BD III | 57 | 35 |
| SUBTOTAAL | 270 | 219 |
| M.Div | 165 | 150 - 180 |
| (Finale registrasie word afgewag) | | |
| Nagraads | – | — |
| TOTAAL | 435 | +384 |

Die Bybelkundestudente beloop ongeveer 350.

Die seën van die Here word op die verrigtinge van die sinode afgebid.

GJC VENTER
SKRIBA

JA VAN DEN BERG
ADDISIONELE LID

# A.20 VERSLAG VAN DIE SINODALE VERTEENWOORDIGER IN DIE KURATORIUM, EKSAMENKOMMISSIE EN KIESKOLLEGE VAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Dit is vir my 'n voorreg om die sinode te verteenwoordig op hierdie liggame te Stellenbosch.

## 1. VERGADERINGS

### 1.1 KURATORIUM

Die Kuratorium het sedert die sinodesitting van 1991 vier keer vergader. Daar word gedurende November en Mei vergaderings gehou. Die groot doel van die vergadering in die helfte van die jaar is om persoonlike kontak tussen die Kuratorium en die studente te bewerkstellig. 'n Paar studente word aan elke Kuratoriumlid toegewys en voer op die aand voor die vergadering 'n persoonlike gesprek met die studente. Dit bied dan die geleentheid om oor die verloop van die student se studiejare gereeld met hom kontak te hê. U verteenwoordiger het dit 'n baie sinvolle reëling gevind.

### 1.2 EKSAMENKOMMISSIE

Die vergadering van 1991 is nog bygewoon deur dr. AGS Gous. Ek het die vergadering van 1992 bygewoon. Dit vind plaas net voor die vergadering van die Kuratorium in Novembermaand.

Indringende aandag is deur die kommissie self gegee aan die mees sinvolle manier van eksaminering. Belangrike besluite is hierop deur die Kuratorium geneem wat vanaf die einde van 1993 toegepas sal word. Die doel is om die hele funksionering van die Eksamenkommissie meer vaartbelynd te maak. (Dit behels ondermeer dat beide studente en Eksamenkommissielede in vier groepe ingedeel word. Die studentegroepe roteer en word dus in elke groep vir 90 minute lank ondervra).

### 1.3 KIESKOLLEGE

Hierdie liggaam het nog nie sedert 1991 vergader nie. Aan die einde van die jaar sal daar net na die vergadering van die Kuratorium byeengekom word om 'n dosent vir Sendingwetenskap te beroep.

## 2. ADMINISTRASIE

2.1 Die skielike heengaan van ds TE Lombaard wat op bekwame wyse die administrasie as voltydse skriba behartig het, het 'n groot leemte gelaat. Dr MDJ (Thys) Smith is sedert die begin van die jaar die skriba.

### 2.2 AANBEVELING

**Die Sinode van Noord-Transvaal bid dr. MDJ Smith die seën van die Here toe in sy groot taak as Skriba van die Kuratorium, Stellenbosch.**

## 3. DOSENTE

Proff WD Jonker en J du Preez het verlede jaar geëmeriteer. In die plek van prof Jonker is daar niemand permanent aangestel nie. Die dienste van prof DJ (Dirkie) Smit (UWK) is vir 'n derde van die tyd ingekoop, vir die ander derde word daar van plaaslike leraars gebruik gemaak en die ander derde het verval. Dit laat egter nog twee voltydse dosente in die Departement Dogmatologie, naamlik proff Danie du Toit en Flip Theron. In die pos van prof Du Preez word 'n beroep in November uitgebring.

## 4. STUDENTE

### 4.1 STUDENTEGETALLE

Aan die einde van 1991 is 28 studente asook 5 persone na Colloquium Doctum gelegitimeer. In November 1992 is 23 studente gelegitimeer.

Die huidige getalle vir die onderskeie jare sien soos volg daar uit:

| | '89 | '90 | '91 | '92 | '93 |
|---|---|---|---|---|---|
| BA 1 | 31 | 35 | 38 | 32 | 26 |
| B Th 1 | 24 | 24 | 24 | 27 | 27 |

M Th studente: 72
D Th studente: 55

### 4.2 BEDIENINGSPRAKTYK EN EKUMENE TOER (1991)

Hierdie soort toer vind jaarliks plaas. Gedurende Julie 1991 het 23 BTh 2 studente en vier dosente sodanige toer onderneem. Besoek is gebring aan onder andere die NGKA Botshabelo, Africa Enterprise, Federal Theological Seminary of South Africa (FEDSEM), Evangelical Bible Seminary of South Africa (EBSEMSA), NG Kerk Durban, NG Kerk Rouxville, RCA Durban en Kwa Sizabanthu

### 4.3 HERINTERPRETASIE VAN PRAKTIES

Die Kuratorium het toegestem dat die vereiste vir vier weke prakties soos volg geïnterpreteer kan word:
Praktiese werk kan drie weke lank in een gemeente gedoen word en 'n vierde week saam met die dosent(e) in 'n ander gemeente.

### 4.4 KWEEKSKOOLNUUS EN POLUMNIA (JAARBLAD VAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT)

Kweekskoolnuus (twee maal per jaar) en Polumnia (jaarliks) gaan voortaan saam met **Die Kerkbode** as 'n aparte uithaalbylae versprei word.

### 4.5 BEURSE

Die afgelope jaar is R608 000 aan Beurslenings toegeken.

### 4.6 LEGITIMASIE NG SENDINGKERK

Die dagbestuur van die NG Sendingkerk het besluit dat hulle geen beswaar het dat die Kuratorium van Stellenbosch studente van die NGSK wat daar afstudeer ook legitimeer nie. Dit word gedoen in die lig daarvan dat die kerke mekaar se opleiding en legitimasie oor en weer erken.

Dit het meegebring dat die eerste student uit die NGSK gedurende November 1992 te Stellenbosch gelegitimeer is.

# 5. RASIONALISASIE

## 5.1 ONDERSOEK

Groot moeite is sedert Nov. 1991 gedoen rondom die opdrag van die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding (AKTO) dat daar na rasionalisasie en bekostigbaarheid van teologiese opleiding gekyk moet word. Die Kuratorium het selfs goedgekeur dat daar van plaasvervangende dosente gebruik gemaak kan word indien die omvang van die ondersoek dit noodsaak. Prof Danie du Toit was aktief hiermee gemoeid en het wel van plaasvervangende dosente gebruik gemaak.

Daar is telkens besluit om AKTO op hoogte te hou met die navorsing. Die Kuratorium het ook versoek dat gesprek met die dagbestuur van die ASK gevoer word.

## 5.2 NUWE GRADE-STRUKTUUR

Onder andere as uitvloeisel van bogenoemde ondersoek is 'n nuwe gradestruktuur goedgekeur. Die Kuratorium het goedgekeur dat daar 'n vierjarige BTh-graad ingestel word, gevolg deur 'n verdere studie van twee jaar vir 'n BD-graad.

AKTO het sy goedkeuring geheg aan die voorgestelde gradestruktuur en geoordeel dat die koördinering van die teologiese opleiding aan die drie fakulteite nie daardeur in gedrang kom nie. Stellenbosch en Bloemfontein is versoek om aandag te gee aan die moontlike probleme rondom die benaming van die BTh-graad aan die twee fakulteite.

Die vierjarige BTh-graad is 'n eerste, loopbaangerigte graad. Dit word dan, met die oog op kerke wat 'n sesjarige opleiding vir predikante vereis, gevolg met 'n driejarige BD- graad wat, volgens die BA /B Comm(LLB) model, in twee jaar voltooi kan word deur studente wat reeds oor die vierjarige BTh-graad beskik.

## 5.3 MISSIE STELLING

Die Fakulteit het met sy besinning oor Rasionalisasie ook 'n missie geformuleer. Dit lui soos volg:

Die Missie van die Fakulteit Teologie
In erkenning van
* ons geloof in die Drie-enige God
* die gesag van die Woord van God
* ons verbondenheid aan die Reformatoriese erfenis
* die historiese band met die Ned. Geref. Kerk, en
* ons deelwees van die een algemene christelike kerk wil die Fakulteit
* professionele teologiese opleiding bied aan die Ned. Geref. Kerk en ander kerke en individue
* wetenskaplik hoogstaande teologie beoefen in onderrig en navorsing, en
* voortgesette gemeenskapsdiens lewer

met inagneming van
* die uitdagings en eise van veranderende omstandighede
* die noodsaak van omvattende vorming van studente
* die roeping om die evangelie na alle mense en lewensterreine te bring, en
* die etos en die diensmoraal van die evangelie.

# 6. WERKSWYSE

## 6.1 VERSLAGLEWERING

Die dagbestuur vergader dikwels. Al hulle notules word ook vir kennisname aan die Kuratorium voorgelê.

Die Kuratorium ontvang ook gereeld verslae van die dosenteraad, die Begeleidingskommissie, Beursekommissie, Direkteur BUVTON en die Kliniese Sielkundige

## 6.2 VERTEENWOORDIGER NG SENDINGKERK IN KURATORIUM.

'n Uitnodiging is aan die NG Sendingkerk gerig om 'n verteenwoordiger met adviserende stem op die Kuratorium te benoem. Kennis is geneem van die NGSK se ideaal dat daar net een Kuratorium vir die hele NG Kerkfamilie sal wees. Totdat daardie ideaal bereik word, sal dr Daan Cloete van die NG Sendingkerk in adviserende hoedanigheid in die Kuratorium dien. (AKTO het goedgekeur dat lede van die NG Kerkfamilie sittingreg met adviserende stem in die onderskeie kuratoria sal hê).

Hierdie verteenwoordiger het reeds sitting geneem. Daar word in die vooruitsig gestel dat lede van die Ned. Geref. Kerkfamilie volle sittingsreg mag hê as die nodige wysigings aan die Sinode van Wes-Kaapland in 1995 voorgelê word.

# 7. BURO VIR VOORTGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING EN NAVORSING (BUVTON)

Ds. MAV van der Merwe was voltydse direkteur van BUVTON. Hy doen dit tans egter op deeltydse basis aangesien hy ook Predikant in Sinodale Diens Gemeentebediening (Wes-Kaap) is. Die diens wat gelewer word, word normaal voortgesit

PR DU TOIT

# A.21 VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGER VAN NOORD-TRANSVAAL IN DIE EKSAMENKOMMISSIE, KURATORIUM EN KIESKOLLEGE VAN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

Dit was my voorreg om al die vergaderings van bogenoemde kommissies in 1991 en 1992 by te woon en om by wyse van verslag oorsigtelik enkele mededelings aan die sinode te doen.

## 1. EKSAMENKOMMISSIE

Die verteenwoordigers van die verskillende sinodes het telkens saam met die lede van die OVS volledig gedeel in die verantwoordelikheid van die nagaan van skripsies, die finale ondersoek en gesprek met die onderskeie kandidate en uiteindelik ook in die aanbeveling vir legitimasie. Die rol van die verteenwoordigers by hierdie kommissie is dus nie die van waarnemers nie maar van volle lede.

By elke geleentheid was daar ook gesprek gevoer met kandidate wat na die kommissie verwys is vir colloquium doctum

In die afgelope twee jaar is die volgende getal persone aanbeveel vir legitimasie:

In 1991 37 (waarvan 3 na colloquium doctum.)
In 1992 25 (waarvan 2 na colloquium doctum.)

By geleentheid van 'n werksete word daar kontak gemaak met die dosente van die Fakulteit. Daar word gesprek gevoer oor 'n verskeidenheid van sake wat onder andere na vore gekom het tydens onderhoude met die studente.

Die kommissie is dankbaar vir die lojaliteit van al die dosente aan die kerk en vir die ywer en toewyding wat hulle aan die dag lê.

## 2. KURATORIUM

Soos in die geval van die eksamenkommissie deel die verteenwoordigers van die verskillende sinodes buite die OVS volledig in die verantwoordelikhede van die kuratorium en is die betrokkenheid van die hele kerkverband by die teologiese opleiding in Bloemfontein ook gevestig. Wat met die Fakulteit Teologie in Bloemfontein gebeur, is dus nie 'n saak wat net die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat raak nie. Soos die fakulteite by Pretoria en Stellenbosch staan hierdie fakulteit in diens van die totale kerkverband.

Die feit van die bestaan van drie teologiese fakulteite vir die Ned Geref Kerk bring in hierdie tyd van rasionalisasie en ekonomiese realiteite oor 'n wye front vrae na vore. Hierdie saak geniet dringende aandag, nie net van die kant van die kerk nie, maar ook van die kant van die drie betrokke Universiteite wat elk met jaloersheid omsien na so 'n fakulteit wat uiteraard ook vir die karakter van 'n universiteit van groot waarde is. Gerugte asof die Fakulteit te Bloemfontein gaan sluit is van die waarheid ontbloot en hou nie rekening met die gekompliseerdheid van toekomsbeplanning nie. Inderdaad is en beoog hierdie fakulteit om in diens van die Ned Geref Kerk voort te bestaan, en om ook die studieveld te verbreed met die oog op voorsiening vir 'n groter verskeidenheid van behoeftes ten opsigte van teologiese opleiding in ons land. Van die Church of the Province het die versoek gekom dat priesters vir die Anglikaanse Kerk aan die Fakulteit Teologie UOVS opgelei mag word en die verwagting is dat die eerste studente in 1994 sal aanmeld vir opleiding.

Navorsingsuitsette in die afgelope tyd is bewys van voortreflike ondersoek deur dosente in verskillende teologiese dissiplines. Dosente van hierdie teologiese fakulteit geniet toenemend internasionale erkenning. Dienslewering binne en buite die universiteit is 'n belangrike faset van die dosente se werksaamhede.

Ds JE Lombaard het uitgetree as voorsitter van die Kuratorium vanweë die aanvaarding van emeritaat. Die nuwe voorsitter van die Kuratorium is ds LM Erasmus terwyl dr MC Strydom as ondervoorsitter aangewys is.

**Studente in 1992**

| | |
|---|---|
| Bybelkunde as voorgraadse vak: | |
| Bybelkunde I | 223 |
| Bybelkunde II | 37 |
| Bybelkunde III | 32 |
| | 292 |

**BA Teologie**

| | |
|---|---|
| I | 15 |
| II | 26 |
| III | 24 |
| | 65 |

**BTh graadstudie**

| | |
|---|---|
| I | 15 |
| II | 22 |
| III | 24 |
| | 61 |

**Nagraads Bybelkunde**

| | |
|---|---|
| - Honneurs | 6 |
| - Magister | 10 |
| - Doktor | 2 |
| | 18 |

**MTh (Hoofvak aangedui)**

| | |
|---|---|
| Diakoniologie | 58 |
| Dogmatologie | 5 |
| Ekklesiologie | 8 |
| Ou Testament | 2 |
| Sendingwetenskap | 3 |
| | 76 |

**DTh (Hoofvak aangedui)**

| | |
|---|---|
| Diakoniologie | 26 |
| Dogmatologie | 5 |
| Ekklesiologie | 7 |
| Nuwe Testament | 5 |
| Ou Testament | 2 |
| Sendingwetenskap | 3 |
| | 48 |

In 1992 is 2 BA-Hons grade in Bybelkunde toegeken, 12 MTh grade en 3 DTh grade.

## 3. KIESKOLLEGE

Die Kieskollege het slegs een maal vergader, te wete op 21 November 1991 by welke geleentheid 'n suksesvolle beroep uitgebring is op dr P Verster as dosent in die Departement Sendingwetenskap.

Hiermee word vertrou dat uitvoering gegee is aan die bedoeling van die opdrag om die sinode te verteenwoordig.

MC BOTHA

# A.22 VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGER IN DIE KURATORIUM VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL STOFBERG TE TURFLOOP

## 1. INLEIDEND

Die inleidende paragraaf van die verslag aan die Sinode in 1991 het gelui: "Die Teologiese Skool Stofberg, te Turfloop, word grootliks beïnvloed deur veranderinge wat op talle terreine aan die gang is. Die voortbestaan van die skool hang af van die vraag of daar 'n sinvolle rol vir die skool uitgewerk kan word, binne die nuwe situasie." Die gebeure in en om die skool die afgelope twee jaar toon duidelik aan hoe korrek die beoordeling van die situasie deur my voorganger was.

Talle vergaderings is gehou deur die kuratorium, die dagbestuur, die kuratoriumkommissie, die kuratorium saam met die moderature van die NGKA Noord-Transvaal en Suid-Transvaal, saam met die sinodale kommissies van die NGKA Noord-Transvaal en Suid-Transvaal, saam met die kuratorium van die Teologiese Skool te Witsieshoek en in pastorale gesprekke en ander gesprekke met die teologiese studente.

'n Hele aantal faktore het bygedra tot die onstabiele situasie by Turfloop, soos duidelik blyk uit die volgende memorandum wat in November 1992 aan die Moderamen voorgelê is:

**MEMORANDUM: DIE HUIDIGE SITUASIE TEN OPSIGTE VAN DIE NGKA SE TEOLOGIESE OPLEIDING BY TURFLOOP VIR VOORLEGGING AAN DIE MODERAMEN VAN DIE NED GEREF KERK VAN NOORD-TRANSVAAL**

Die sake wat in hierdie memorandum vervat is word aan u deurgegee vanuit 'n memorandum oor die vereniging van die twee teologiese skole by Turfloop en Witsieshoek wat gedien het voor die streeksinodes van Phororo en Suid-Transvaal en die sinodale kommissies van Noord-Transvaal en die OVS van die NGKA, en na aanleiding van 'n onderhoud wat met die drie dosente van Turfloop gevoer is.

**1. Bevriesing van poste deur UNIN (Universiteit van die Noorde)**

1.1 In die lig van die klein getal studente en die verset teen die bevoorregte posisie van die NGKA aan UNIN sal vakatures nie weer deur UNIN gevul word nie.

1.2 Indien die dienste van die drie dosente by Turfloop in die loop van 1993 gestaak word, sal hulle poste waarskynlik ook nie weer gevul word nie.

**2. Onttrekking van dosente by Turfloop**

2.1 Aan die einde van Julie 1991 is prof. G van der Merwe, 5 ander dosente en 1 assistent-registrateur van UNIN deur die Universiteit onttrek op die eis van die massavergadering en die studenteraad dat hulle afgedank moet word. Sedertdien is nog 'n aantal dosente onttrek omdat studente in hulle kursusse gedruip het.

2.2 Op 5 Maart 1992 het UNIN aldrie die Stofbergdosente by Turfloop aan lesings by die universiteit onttrek op versoek van die teologiese studente aan die universiteit. Hulle gee nog slegs vir Indiensopleidingstudente klas, asook vir nie-kerklike nagraadse universiteitstudente wat hulle tuis kom sien.

2.3 Die universiteit het nie beswaar gehad teen die klein getal studente van die NGKA terwyl die dosente van die Teologiese Skool ook deelgeneem het aan die lesings van die studente van die Ope Afdeling nie. Dit was vir die universiteit goedkoper om van die Teologiese Skool se dosente te gebruik as om nog ander dosente aan te stel. Die dosente van die Teologiese Skool by Turfloop is egter van die dosering in die Ope Afdeling ook onttrek.

2.4 Die twee kuratoria het afsonderlik en gesamentlik toestemming gegee aan die kerklike studente by Turfloop om in 1992 hulle teologiese opleiding aan die Ope Afdeling voort te sit, maar dat hulle vanaf 1993 hulle studie by 'n kerklike opleiding moet voortsit.

2.5 Die studente eis die vervanging van die huidige dosente voordat hulle weer sal terugkom na die opleiding van die Teologiese skool by Turfloop.

2.6 Die onttrekking van die dosente aan die doseerwerk vir Stofberg-studente en Ope Afdeling-studente bring mee dat die oorblywende dosente van die Ope Afdeling oorlaai is, dat die universiteit addissionele voorsiening moet maak vir dosering, en dat die universiteit se subsidie vir die salarisse van die Stofbergdosente nie meer geregverdig kan word nie.

**3. Konfessionele opleiding**

3.1 Die belydenisgrondslag van die Teologiese Skool kom almeer onder druk van die kant van UNIN en die teologiese studente.

3.2 Die kritiek teen die belydenis kom veral uit drie rigtings:

3.2.1 Die politieke argument: dat die NG Kerk met sy belydenis apartheid ondersteun het (tog het die gereformeerde belydenis van "die Skrif alleen" juis die apartheidsdenke oorwin).

3.2.2 Die belydenis praat van Christus alleen, die Bybel alleen, die genade alleen - dit laat nie ruimte vir die Afrika-godsdiens se bydrae nie.

3.2.3 Die grens wat die kerk se belydenis trek tussen geloof en ongeloof op grond van die verlossing deur God se genade in Jesus Christus alleen, is onaanvaarbaar aan 'n universiteit waar alle gelowe en perspektiewe as gelyk beskou word, en die een nie meer waarde as die ander het nie.

3.2.4 In die NGKA is daar ook verskillende strominge. Sommige leiers beskou die gereformeerde belydenis van Christus alleen as die norm; ander beskou die samelewing, die 'struggle,' en/of die Afrika-godsdiens daarmee saam as die norm.

3.3 Die twee kuratoria (Turfloop en Witsieshoek) meen dat die kerk se opleiding prinsipieel op die Bybel as die Woord van God gegrond moet bly. Hulle beveel by die kerk aan dat die betekenis van die bybelse boodskap soos dit in die gereformeerde belydenisse vervat is vir die daaglikse lewe van die lidmate en vir die Afrika-godsdiens uitgewerk moet word. Daarvoor sal die kerk sy eie Teologiese Skool moet oprig.

**4. Dissipline oor studente**

4.1 UNIN is in die proses van transformasie tot 'n "people's university" waar studente medeseggenskap het op alle bestuursliggame en hulle wil op die akademiese proses afdruk met drastiese verlaging van standaarde. As gevolg daarvan en gepaardgaande boikotte het die hele studie-kultuur van UNIN in die laaste jare drasties verlaag.

4.2 Sommige teologiese studente eis ook 'n demokratiese beheer van die Skool waarin studente medeseggenskap in alle sake verkry, bv die bepaling van die duur van die studie, die inhoud van die kursusse, aanstelling en afdanking van personeel, die plek van studie.

**5. Die stryd om bevryding**

5.1 Die stryd teen apartheid het 'n groot rol gespeel by Turfloop. UNIN is vir dekades al 'n sentrum van politieke verset. Sommige teologiese studente het 'n leidende rol hierin gespeel.

5.2 Anti-blanke gevoelens in die politieke stryd teen die 'wit oorheersers' speel 'n rol. Die opkomende nasionalisme en trots daarop om swart te wees, is seker 'n belangrike faktor in die aandrang om swart dosente.

5.3 In die klimaat wat hierbo geskilder is, het daar 'n groot vertrouensbreuk in die klassituasie gekom. Wit dosente se lesings word gefynkam vir kritiek en blykbaar is daar verset teen wat wit dosente te sê het.

5.4 In die NGKA is daar twee denkrigtings: daar is 'n aandrang dat die blanke dosente deur swart dosente vervang moet word; en daar is 'n aandrang om dosente op meriete aan te stel en nie op grond van kleur en kulturele agtergrond nie.

**6. Onttrekking van die NG Kerk**

6.1 Die gesamentlike dagbesture van die sinodale kommissie vir fondse van die vier Transvaalse sinodes van die NG Kerk het die kuratorium van Turfloop in Februarie 1992 in kennis gestel dat hulle vanaf 1 April 1993 nie meer vir Turfloop begroot nie. Die redes wat hulle aangee is die situasie by Turfloop, die klein getal studente en die feit dat prof G van der Merwe nie op die kampus van die universiteit toegelaat word nie.

6.2 Intussen het die situasie by die universiteit versleg, die studentetal verder gekrimp, en proff Malan en Van Niekerk is ook onttrek aan lesings.

6.3 Die onttrekking van die subsidie van die NG Kerk vanaf 1 April 1993, plaas die kuratorium voor die werklikheid dat die poste van die dosente by Turfloop in die loop van 1993 afgeskaf moet word.

**7. Na aanleiding van 'n onderhoud gevoer met die dosente die volgende:**

7.1 Die Skool te Turfloop is dertig jaar gelede begin met 'n aantal geboue waaronder: Kantore, biblioteek, lesinglokale, 'n kapel (200 sitplekke), woonstelle vir 54 getroude pare, en kamers vir 67 studente. Die kerk het 'n groot visie gehad en daar is groot gedroom. Hierdie droom het vervaag.

7.2 Vir die Skool is dit nou 'n baie onseker tyd, 'n oorgangstyd, en dit is moeilik om nou 'n droom en 'n visie te hê. Daarom kan 'n besluit oor die Skool nie geforseer word nie. Dus moet daar nog 'n jaar voortgegaan word.

7.3 Die dosente het die kerk gevra om hulle beroepbaar te stel om die probleem te help oplos. Die kerk wil egter nie en dis te verstane want anders sou dit lyk of die kerk hulle nie meer daar wil hê nie.

7.4 Die dosente kan nie sê hulle wil loop nie want dan lyk dit weer of hulle die kerk in die steek wil laat.

7.5 Indien hulle wel deur die NG Kerk beroep sou word kan dit help om sake te vergemaklik.

7.6 Persone in die topbestuur van die universiteit meen die probleem is tydelik en die topbestuur het nie probleme met dosente wat huidiglik verplig word om niks te doen nie.

7.7 Dit is die dosente verwoord hulle eie gevoel as volg: Hulle en hulle voorgangers het onder die bedeling van die NG Kerk hier begin. Nadat die kuratorium oorgeneem het is gepoog om die Skool eie aan die NGKA te maak. Dit kon egter tot nog toe nie slaag nie. Die dosente voel dat hulle poste moet termineer en dat die Skool moet sluit en dat 'n totaal nuwe teologiese skool begin moet word deur die NGKA, anders bly die Skool te Turfloop 'n erfenis van die NG Kerk en dan sal dit nooit slaag nie. Die dosente kan altyd weer op meriete na die nuwe Skool beroep word.

7.8 Oor bogenoemde voel die kuratorium egter anders as die dosente.

7.9 Die omstandighede wat deur die NG Kerk as redes aangevoer is waarom besluit is om nie weer vir Turfloop te begroot nie het net versleg. Indien die Skool sou sluit en 'n nuwe Skool begin sou word kan dit nuwe omstandighede bring, waaronder 'n subsidie weer moontlik sou wees.

7.10 Die Skool benodig R60 000 om finansieel te oorleef tot die einde van 1993 en om dit te voorsien benodig die volgende stappe:

* Die dosente gaan woon in Pietersburg.
* Die wonings te Turfloop word aan studente van die Universiteit verhuur.
* Uit die huurinkomste word 'n huistoelaag aan die dosente betaal.

7.11 Een groot probleem rondom die verhuring van die geboue en die moontlike sluiting van die Skool is die feit dat die Mankweng Civic Association die eiendomsreg van die NGKA betwis. Die NGKA het huidiglik slegs okkupasiereg en moes by die Lebowa-regering aansoek doen om eiendomsreg. Indien die geboue nie benut word nie en die Skool sluit is die kanse skraal dat die NGKA eiendomsreg sal verkry. Die NGKA loop die gevaar om R4 miljoen se eiendom te verloor.

**8. Persoonlike posisie van die drie dosente**

8.1 Die dosente veronderstel dat vir 1993 hulle salarisse deur die Universiteit betaal sal word.

8.2 Hulle is lede van die Pensioenfonds vir Universiteitsdosente (Die PGI-fonds). Aftree-ouderdom = 60.

8.3 Die NG Kerk het polisse uitgeneem om hulle pensioen aan te vul tot dié van die NG Kerk.

8.4 Indien die universiteit sou besluit dat die poste moet verswart betaal die PGI 'n gratifikasie 15,5% van die laaste jaar se salaris x aantal jare diens.

8.5 **Prof G van der Merwe** het 14 jaar diens en hy is 53 jaar oud. Hy kan wel op 55 (1994) aftree maar teen 'n verminderde pensioen. Hy het 'n huis in Pietersburg en sy vrou beklee 'n goeie pos by die onderwysdepartement.

8.6 **Prof F Malan** het 16 jaar diens en hy is nou 58 jaar oud. Hy het ook 'n huis in Pietersburg. Indien hy teen Maart 1993 aftree sal sy pensioen op 'n verminderde skaal vanaf die NG Kerk se pensioenfonds aangevul word. Dit geld egter nie vir die ander twee dosente nie.

8.7 **Prof A van Niekerk** het 10 jaar diens en hy is nou 41 jaar oud. Hy is te ver van 'n aftree-ouderdom en sal geweldig nadelig geraak word indien hy verplig word om die diens van die Universiteit of die NGKA te verlaat. Daar bestaan egter die moontlikheid van 'n navorsingspos (slegs 'n kwartpos) by ISWEN. (Die moontlikheid bestaan egter nie meer nie.)

8.8 In die geval van beroepe na die die NG Kerk sal die PGI-fonds weer oorbetaal aan die NG Kerk se pensioenfonds.

**9. Jongste verwikkelinge**

9.1 'n Onderhoud is gevoer met ds Japie du Plessis, voorsitter van die finansiële kommissie van die vier sinodes van die NG Kerk in Transvaal. Die NG Kerk wil betrokke bly.

9.2 Die sinodes van Noord-Kaap en OVS van die NGKA het vergader en het besluit hulle teologiese opleiding bly in Witsieshoek, so nie skuif dit na Bloemfontein.

9.3 Noord-Transvaal se Sinodale Kommissie van die NGKA het besluit die Skool op Turfloop moet voortgaan maar dat die dosente beroepbaar gestel moet word. Dit is dus 'n maatreël om hulle studente te behou en aan hulle eise gehoor te gee.

9.4 Die Sinode van Suid-Transvaal van die NGKA het besluit dat hulle nog steeds die besluit van die Algemene Sinode ondersteun nl. dat die twee skole verenig. Hulle besluit dit moet op 'n sentrale plek wees. (M.a.w nie op Turfloop nie.)

9.5 Uit bogenoemde blyk dit dat 3 van die 4 betrokke sinodes wil hê dat die dosente moet bly.

9.6 Die moontlikheid bestaan dat die vier moderature vanjaar nog hieroor kan ontmoet.

9.7 Die ondersoekkommissie van die Algemene Sinode vergader Maandag 2 November 1992.

9.8 Heel waarskynlik lyk 1993 wat Turfloop betref net soos 1992.

9.9 Dit lyk dus al sekerder dat die subsidie van die NG Kerk wat einde Maart 1993 verval vervang sal moet word deur die huishuur, en dat die dosente na Pietersburg moet verhuis.

9.10 Dit wil dus lyk of die dosente darem nie nou op straat gaan sit nie.

**10. Opmerkings**

10.1 Dat die teologiese opleiding van die NGKA hier in Transvaal in krisis verkeer is baie duidelik en die NGKA het hierin ons ernstige voorbidding nodig.

10.2 Die onsekere situasie rondom Turfloop en die verskillende strominge binne die NGKA in ag genome maak dit baie moeilik om aanbevelings te maak ten opsigte van die posisie van die dosente.

10.3 Een saak wat egter opval is die absolute lojaliteit van die dosente teenoor die NGKA. Die liefdevolle wyse waarop hulle voortgaan om met groot sensitiwiteit en begrip die NGKA te bly dien in hierdie verband verdien vermelding. Dit strek ons Here Jesus Christus, die Koning van die kerk, tot eer.

10.4 Indien die Moderamen enige amptelike besluite sou neem wat die posisie van die dosente raak, sal dit 'n groot verleentheid vir beide die NG Kerk en die NGKA veroorsaak aangesien die situasie binne die NGKA reeds baie delikaat is.

10.5 Dit is egter belangrik dat 'n modus operandi uitgewerk word ten opsigte van die drie dosente sodat die NG Kerk kan optree indien daar 'n krisis rondom hulle persoonlike omstandighede ontstaan.

Pietersburg - 31 Oktober 1992
CA du Plessis (Verteenwoordiger op die Kuratorium)

## 2. DIE SITTUASIE TE TURFLOOP TOT 21 JUNIE 1993

### 2.1 VERHOUDING MET STUDENTE

2.1.1 Aan die einde van 1991 het dit gelyk asof die studente se probleme grootliks opgelos is, maar aan die einde van 1992 is die gaping tussen die studente aan die een kant en die dosente en kuratorium aan die ander kant groter as ooit, en weier studente volstrek om die dosente te erken. Hulle verwerp ook die vereiste kursusse.

2.1.2 Die kuratorium, moderature en later sinodale kommissies (Noord- en Suid-Transvaal NGKA) se onderhandelinge het tot nou toe nie geslaag nie, en studente verwerp selfs die kuratorium en verklaar in 'n brief dat die Sinode van Suid-Transvaal "must go down the drain of history".

2.1.3 Die jaar 1993 begin met verdere probleme toe studente die kantore van die Stofberg Teologiese Skool beset, die dosente belet om die skoolterrein te betree en 'n bedrag geld invorder van persone wat losies huur by die skool. Met die geld het hulle as studente by die universiteit registreer, sonder om te reageer op die kuratorium se voorwaarde dat hulle na die kerklike opleiding moet terugkeer om as studente van die NGKA te kwalifiseer en beurse van die kerk te kon ontvang.

2.1.4 Studente daag ongenooid op by vergaderings van die kuratorium en dring aan op spreekbeurte. Die studente word altyd ruim geleentheid gebied om te sê hoe hulle voel of om griewe te lug. Tydens die kuratoriumvergadering van 21 Junie 1993 is drie van die studente weer toegelaat om die volle vergadering as waarnemers by te woon. Hulle neem aktief deel aan die besprekings.

2.1.5 Tydens die vergadering van 21 Junie besluit die kuratorium dat die studente nou vir die kerk se kursus moet inskryf (dit sluit klasloop by die huidige dosente in) of dat hulle die fondse wat hulle vir hulleself aangewend het moet terugbetaal en die geboue verlaat. Die studente sê dat hulle die beginsel van die kuratorium se besluit aanvaar maar nie noodwendig die nadere besonderhede daarvan nie.

2.1.6 Dit wil voorkom asof die verhoudinge nou gaan normaliseer.

### 2.2 VERHOUDING MET DIE NED GEREF KERK IN AFRIKA

2.2.1 Die lede van die kuratorium is redelik eensgesind, maar enkele kerkleiers wat nie by die proses sedert 1986 betrokke was nie is klaarblyklik nie gelukkig met die dosente (of kuratorium) nie. Aan die einde van 1992 en die begin van 1993 kom dit tot uiting in besluite en opdragte aan die kuratorium van die kant van die sinodale kommissie en moderatuur van Noord-Transvaal. Die moderatuur en sinodale kommissie van Noord-Transvaal het bv. besluit dat die dosente beroepbaar gestel moet word en dat tydelike dosente gevind moet word om klas te gee, terwyl Suid-Transvaal totaal anders voel.

2.2.2 Die moderature van Noord- en Suid-Transvaal vergader in Maart 1993 om eenvormige besluite te formuleer, en belê ook 'n gesamentlike vergadering van die twee sinodale kommissies en die kuratorium. Die jaar moet dus gebruik word om eenstemmigheid te kry oor die pad vorentoe, en hoe om die oorblywende probleme op Turfloop op te ruim. Eenstemmigheid kon ook nie bereik word op die vergadering van 4-5 Mei nie.

Die vergadering besluit egter:

1. Die studente moet inskryf vir die kerk se kursus.

2. Die klasse moet verskuif vanaf die universiteitskampus na die kampus van Stofberg.

3. Die dosente moet nou voortgaan met hulle klasse.

Almal is egter nie tevrede met hierdie besluit nie.

2.2.3 Hierdie worsteling binne die NGKA om duidelikheid te kry oor die pad vorentoe is van groot belang vir die toekoms van die kerk. Dit is dikwels veeleisend, en tydrowend, maar dit is belangrik dat hierdie proses kans kry om tot rypheid te kom - anders word daar planne implimenteer wat spoedig weer nuwe probleme meebring. U ondersteuning, belangstelling en voorbidding is van groot waarde in hierdie tyd.

2.2.4 Aan die ander kant word in 1992 die doelwit bereik dat die NGKA die Skool heeltemal as sy eie aanvaar en op sinodes so daaroor praat en besluit, so ook die kerkraad van Turfloop. Mense kan nie meer, soos in die verlede, sê dat die dosente agter die besluite sit wat sinodes en sinodale kommissies die afgelope jaar geneem het nie.

## 2.3 VERHOUDING MET DIE PLAASLIKE KERKRAAD

Dit was vir die dosente 'n besondere gebeurtenis toe hulle en hulle gesinne se lidmaatskap aan die begin van 1991 deur die plaaslike kerkraad aanvaar is, nadat in 1983 reeds aansoek gedoen is.

## 2.4 VERHOUDING MET DIE NED. GEREF. KERK

2.4.1 In die afgelope vyf jaar was daar agteruitgang in die Skool se verhouding met die NG Kerk, aangesien sekere verteenwoordigers van die NG Kerk hulle aan die kuratorium onttrek het (bv. Sinode Oos-Transvaal), en die NG Kerk se begrotingskommissie (vier Transvaalse sinodes) in 1992 besluit het om sy finansiële bydrae heeltemal te staak teen 31 Maart 1993.

2.4.2 Aan die ander kant was die NG Kerk wel bereid om te onderhandel oor voortgesette steun en is daar na samesprekings met ds Japie du Plessis (Begrotingskommise: Vier sinodes van Transvaal) fondse beskikbaar gemaak tot die einde van 1993.

2.4.3 Sommige lede van die NG Kerk is nog aktief betrokke by die kuratorium, t.w. verteenwoordigers van Suid-, Wes- en Noord-Transvaal. Oos-Transvaal het wel 'n verteenwoordiger na die kuratoriumvergadering van 21 Junie 1993 gestuur.

2.4.4 Die dagbestuur en die dosente het ook in die termyn vrugbare samesprekings met die teologiese fakulteit van die NG Kerk te UP gevoer, wat goeie belofte inhou vir die toekoms. 'n Nuwe verhouding kan ontwikkel in plaas van die oue, wat veral op die vlak van bestuur en finansiële hulp was.

## 2.5 VERHOUDING MET DIE UNIVERSITEIT VAN DIE NOORDE (UNIN)

2.5.1 Die verhouding met UNIN het in 1991-92 'n laagtepunt bereik as gevolg van sekere uitlatings van die kant van die Universiteit oor die NGKA en apartheid, en as gevolg van 'n besluit van die Fakulteit Teologie om sy belydenisgrondslag te skrap. Aan die ander kant het die verhouding in 1992-93 weer aansienlik herstel, en word die universiteit weer veel meer toeganklik gevind.

2.5.2 Dit lyk egter steeds asof die kerk nie meer 'n afdeling van die fakulteit moet probeer wees nie, maar liewer 'n eie seminarium met akkreditasie by UNIN of elders.

## 2.6 VERHOUDING MET MANKWENG-GEMEENSKAP

Die verhouding het 'n laagtepunt bereik in 1991, met die huurboikot van die Skool se huise, onder die Stofberg Block Committee (SBC) en die Mankweng Civic Association (MACA). Na lang onderhandelinge, en met die hulp van die plaaslike kerkraad, is die verhouding met MACA normaliseer, en het die Skool met hulle steun suksesvol opgetree in die Hooggeregshof teen SBC en persone wat in 1993 'n aantal van die huise onwettig beset het.

## 2.7 FINANSIëLE POSISIE

2.7.1 Met die vertrek van dr. Johan Marais (beroep aanvaar na die NG Kerk Middelburg- Kanonkop) is sy pos ook nie gevul nie, sodat daar nou net drie dosente is; die poste van die administratiewe beampte en sekretaresse is vervang met 'n deeltydse pos vir 'n boekhouer en 'n pos vir die skakelbeampte; twee nagwagposte het verval, asook een werkerspos.

2.7.2 Die hele bydrae van die NG Kerk vir administrasie en beurse is vervang deur huurinkomste uit huise na 1989. Die verhuring van huise in Mankweng sedert 1989 en van dosentehuise sedert 1993 het baie werk en moeite meegebring, maar bring die ideaal van 'n finansieel-selfstandige teologiese opleiding vir die NGKA nou baie nader.

2.7.3 Aan die begin van 1993 is die verkryging van eiendomsreg op die Skool se grond ook, skynbaar, in sig.

## 2.8 POSISIE VAN DIE DOSENTE

2.8.1 In Desember 1992 het die dosente na Pietersburg verhuis om veiligheidsredes en sodat die huise te Turfloop verhuur kon word met die oog op die finansiering van die Skool.

2.8.2 Die dosente word nog steeds verhinder om klas te gee. Die studente het selfs die lesings van die indiensopleidingstudente in so 'n mate ontwrig dat hulle verskuif moes word na Emmarantia Geldenhuys. Die dosente moet nou daarheen ry om die lesings aan te bied.

## 2.9 LEGITIMASIE VAN STUDENTE

2.9.1 April 1992: 5 en 4 na colloquium doctum

2.9.2 November 1992: 5

# 3. DIE TOEKOMS VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL BY TURFLOOP

**3.1 BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE (NGKA) 1991**

Die Algemene Sinode het in 1991 besluit dat die twee opleidingsentra by UNIN en Qwaqwa-tak moet verenig.

3.1.1 Die Sinode van Phororo kies UOVS as die een opleidingsentrum na die uitfasering van Qwaqwa in 1996.

3.1.2 Die Sinode van die OVS verkies Witsieshoek (Qwaqwa) as die een sentrale sentrum.

3.1.3 Die Sinode van Suid-Transvaal besluit die een sentrum moet of Emmarentia Geldenhuys of Mamelodi wees.

3.1.4 Die Sinode van Noord-Transvaal verkies die behoud van altwee skole tot met die vereniging met die NG Sendingkerk.

3.1.5 Die praktiese situasie vereis logies dat die NGKA nie langer twee opleidingsentra sal hê nie. Die studentegetalle het gedaal tot 40 by Qwaqwa en geeneen van die 9 teologiese studente van Turfloop volg die kursus en opleiding van die NGKA nie. Turfloop het nog 14 indiensopleidingstudente.

3.1.6 Die Algemene Sinodale Kommissie van die NGKA het reeds 'n kuratorium aangewys om vanaf Febraurie 1994 die nuwe opleiding van die NGKA by een sentrum te beplan en 'n nuwe Teologiese Skool in 1997 te begin. Ten spyte van die besluit om na UOVS te gaan is die kuratorium van Witsieshoek deel van hierdie nuwe kuratorium.

**3.2 DIE POSISIE VAN TURFLOOP**

3.2.1 Die opleiding by Turfloop is vir 1993 nog aan die gang gehou om studente wat wou die geleentheid te gee om weer by die kerk se opleiding in te skryf. Geen student het egter kom inskryf nie en daarmee het die opleiding by Turfloop effektief gestaak.

3.2.2 Al wat nog moet gebeur is om die dosente van Turfloop se dienste ordelik te beëindig en voorsiening te maak vir die opleiding van die indiensopleidingstudente.

Die huidige dosente is beskikbaar vir hulp met die opleiding indien hulle benodig word.

3.2.3 Die geboue van die kerk by Turfloop kan verhuur word om inkomste te genereer vir die kerk se eie skool wat vanaf 1997 deur die kerk self onderhou moet word en vir die afsluiting van die indiensopleidingkursus teen die einde van 1996.

Die huidige dosente is beskikbaar vir hulp met die administrasie indien hulle benodig word.

**3.3 DIE POSISIE VAN DIE DRIE DOSENTE BY DIE BEëINDIGING VAN DIE HUIDIGE OOREENKOMS MET UNIN.**

3.3.1 Indien die poste van die kerk se dosente by die Universiteit van die Noorde verval, kwalifiseer die huidige drie dosente nog nie vir pensioen by die PGI (Pensioenfonds van Geassosieerde Inrigtings) nie.

By die PGI moet 'n lid eers 60 jaar oud wees voordat hy met pensioen kan aftree. Hulle kan wel 'n eenmalige uitbetaling kry van 15,5% x een jaar se salaris x aantal jare diens indien hulle voor ouderdom 60 uit diens tree.

3.3.2 Wanneer die kuratorium se kontrak met die Universiteit van die Noorde beëindig word kan die drie dosente se pensioen oorgedra word na die pensioenfonds van die NG Kerk van Transvaal wat 'n oorplasings-ooreenkoms het met die PGI.

3.3.3 By die NGK se pensioenfonds kan lede reeds op 55 jarige ouderdom met verminderde pensioen aftree.

3.3.3.1 Prof. FS Malan word op 17 Oktober 1993 59 jaar oud en kan by die beëindiging van die kontrak met UNIN met verminderde pensioen aftree.

3.3.3.2 Prof G van der Merwe word op 10 Oktober 1993 53 jaar oud en kwalifiseer nog nie vir pensioen nie. Indien die NG Kerk egter die maandelikse bydrae tot die pensioenfonds tot Oktober 1995 inbetaal, kan hy vanaf Oktober 1995 'n verminderde pensioen ontvang.

3.3.3.3 Prof AS van Niekerk was op 6 April 1993 42 jaar oud. Indien hy die maandelikse bydraes tot die pensioenfonds in stand hou, kan hy lid van die NG Kerk se pensioenfonds bly.

3.3.3.4 Die kuratorium het besluit om die NG Kerk se pensioenfonds te versoek om aansoek te doen by die PGI om die drie dosente se pensioen oor te dra na die pensioenfonds van die NG Kerk van Transvaal wanneer hulle poste teen 28 Februarie 1994 oorbodig word by die Universiteit van die Noorde.

3.3.3.5 AANBEVELING

**Die sinode besluit om die versoek van die Kuratorium Stofberg Teologiese skool (Turfloop) aan die Pensioenfonds van die NG Kerk van Transvaal te ondersteun, nl dat die pensioenfonds versoek word om aansoek te doen by die PGI om die drie dosente se pensioen oor te dra na die pensioenfonds van die NG Kerk van Transvaal wanneer hulle poste teen 28 Februarie 1994 oorbodig word by die Universiteit van die Noorde.**

3.3.4 Prof FS Malan

3.3.4.1 Hy verkies om met pensioen af te tree by die NG Kerk wanneer sy pos by UNIN oorbodig word.

3.3.4.2 Die kuratorium het prof Malan se versoek om te emeriteer aanvaar en besluit om aan hom demissie te verleen op 28 Februarie 1994

3.3.4.3 Die kuratorium het besluit om die Gesamentlike Dagbesture van die Sinodale Kommissie vir Fondse van die vier Transvaalse Sinodes van die NG Kerk te versoek om voorsiening te maak dat prof Malan op 28 Februarie kan aftree asof hy op daardie datum 60 jaar oud sou wees.

3.3.4.4 AANBEVELING

**Die sinode besluit om die versoek van die Kuratorium Stofberg Teologiese skool (Turfloop) aan die Gesamentlike Dagbesture van die Sinodale Kommissie vir Fondse van die vier Transvaalse sinodes te ondersteun, nl. dat voorsiening gemaak moet word dat prof FS Malan op 28 Februarie 1994 kan aftree asof hy op daardie datum 60 jaar oud is.**

3.3.5 Prof G van der Merwe

3.3.5.1 Hy verkies om op 28 Februarie 1994 te emeriteer en vanaf 10 Oktober 1995 pensioen te ontvang van die NG Kerk se pensioenfonds, indien hy nie voor die datum 'n beroep aanvaar nie.

3.3.5.2 Die kuratorium het sy versoek aanvaar en besluit om die volgende versoek tot die Gesamentlike Dagbesture van die Sinodale Kommissie vir Fondse van die vier Transvaalse Sinodes te rig: Dat hulle prof Van der Merwe se maandelikse bydraes tot die pensioenfonds, die mediese fonds en die groeplewensversekering tot 10 Oktober 1995 sal betaal, totdat hy dan sal kwalifiseer om pensioen te ontvang.

3.3.5.3 AANBEVELING

**Die sinode besluit om die versoek van die Kuratorium Stofberg Teologiese skool (Turfloop) aan die Gesamentlike Dagbesture van die Sinodale Kommissie vir Fondse van die vier Transvaalse sinodes te ondersteun, nl. dat hulle prof G van der Merwe se maandelikse bydraes tot die pensioenfonds, die mediese fonds en die groeplewensversekering tot 10 Oktober 1995 sal betaal, totdat hy dan sal kwalifiseer om pensioen te ontvang.**

3.3.6 Prof AS van Niekerk

3.3.6.1 Hy kan op 28 Februarie 1994 demissie ontvang om moontlik voltyds navorsing te gaan doen in verband met die bestryding van armoede of om elders tereg te kom, indien hy nie voor die datum 'n beroep aanvaar nie.

3.3.6.2 Die kuratorium het besluit om aan prof Van Niekerk demissie te verleen op 28 Februarie 1994 en die volgende versoeke te rig aan die Gesamentlike Dagbesture van die Sinodale Kommissie vir Fondse van die vier Transvaalse sinodes: Dat hulle sy maandelikse bydraes tot die pensioenfonds, die mediese fonds en die groeplewensversekering tot 31 Desember 1995 sal waarborg.

3.3.6.3 AANBEVELING

**Die sinode neem kennis van die feit dat die Kuratorium Stofberg Teologiese skool (Turfloop) besluit het om op 28 Februarie 1994 aan prof AS van Niekerk demissie te verleen en besluit om die versoek van die kuratorium aan die Gesamentlike Dagbesture van die Sinodale Kommissie vir Fondse van die vier Transvaalse sinodes te ondersteun, nl. dat hulle sy maandelikse bydraes tot die pensioenfonds, die mediese fonds en die groeplewensversekering tot 31 Desember 1995 sal waarborg.**

3.4 Die kuratorium het dit duidelik gestel dat as die dosente vertrek het, die probleme nog nie opgelos is nie.

3.5 Totdat die nuwe kuratorium wat deur die Algemene Sinodale Kommissie aangewys is by die huidige kuratorium oorneem sal die Stofberg Teologiese skool nie sluit nie.

3.6 Die kuratorium het onder leiding van die dosente reeds talle nuwe moontlikhede geskep vir die daarstel van die nuwe teologiese opleiding van die NGKA. 'n Goeie beheerstruktuur is geskep vir die generering van fondse deur die verhuring van die kerk se eiendomme. Die kuratorium is deeglik in beheer hiervan.

4. AANBEVELINGS

**4.1 Die sinode neem met groot dank kennis van die besondere bydrae wat die drie dosente (proff FS Malan, G van der Merwe en AS van Niekerk) te Turfloop gelewer het tot die werksaamhede van die Stofberg Teologiese Skool en die kuratorium, veral gesien in die lig van die uiters moeilike omstandighede waaronder hulle en hulle gesinne verkeer het, en verseker hulle van sy volgehoue voorbidding in die onseker tye wat voorlê.**

**4.2 Die sinode bid die Kuratorium Stofberg Teologiese skool (Turfloop) seën en wysheid toe met sy werksaamhede.**

**4.3 Die sinode besluit om weer 'n verteenwoordiger met sekundus op die kuratorium van die Stofberg Teologiese Skool te Turfloop te benoem.**

Dat daar baie woelinge binne die NG Kerk in Afrika is veral ten opsigte van die teologiese opleiding, is gewis. Laat ons die opleiding van leraars vir die NG Kerk in Afrika 'n saak van ernstige gebed maak.

Saam in sy diens!

CA DU PLESSIS

# B. BESKRYWINGSPUNTE

## B.1 EREDIENS

### B.1.1 DRIE FORMULIERE VAN EENHEID IN PSALM- EN GESANGBUNDEL

"Die sinode versoek die Algemene Sinode om met die uitgewer te onderhandel ten einde die Drie Formuliere vir Eenheid (en moontlik ook So Glo Ons en sommige liturgiese formuliere) in 'n nuwe uitgawe van die Psalm- en Gesangbundel op te neem."
KERKRAAD: WAVERLEY

### B.1.2 KERKSANG

**1. Beskrywingspunt:**

Die sinode besluit ten gunste van 'n nuwe benadering ten opsigte van kerksang en beveel die volgende by die Algemene Sinode aan:

1.1 Elke kerkraad besluit self oor die aard van die lied wat in die erediens en by ander byeenkomste in die gemeente gesing word.

1.2 Die Algemene Sinode dien die kerk in belang van die gesonde kerklied deur:

1.2.1 Kerkrade te lei in terme van die norme wat in die keuring van liedere moet geld;

1.2.2 Een liederebundel vir die kerk in stand te hou;

1.2.3 As keuringsliggaam vir bestaande en nuwe liedere te dien met die oog op advies aan gemeentes;

1.2.4 Gereeld nuwe gekeurde liedere in die kerklike media vir toetsing deur gemeentes bekend te stel;

1.2.5 Van tyd tot tyd die liederebundel op te dateer met liedere wat die toetsing van gemeentes geslaag het.

**2. Motivering:**

**2.1 Die probleem:**

2.1.1 By 'n beduidende persentasie van ons lidmate bestaan die gevoel dat die huidige Psalm- en Gesangeboek moeilik sing. In 1989 (Kerkspieël III; 55) het ten minste 40% van die kerkraadslede aangedui dat hulle dit so beleef.

2.1.2 Oor die algemeen is daar by gemeentes groot lojaliteit teenoor die Sinode se besluite rakende die gebruik van die amptelike bundel in die erediens. Tóg gebeur dit al meer dat gemeentes andere liedere sing. Dit dui waarskynlik ook op die behoefte aan liedere in ander genres as die in die amptelike bundel.

In "Kerkspieël III" is byvoorbeeld navraag gedoen na die liederebundels wat gemeentes tydens pinkster gebruik (voor en na die diens). Die volgende het daaruit geblyk (aw 52):

* 95,3% gebruik die Psalm- en Gesangeboek.
* 65,3% gebruik ook die Jeugsangbundel en
* 43,2% sing ook uit die Hallelujabundel. (In die Wes-Kaap sing 70% van die gemeentes nog tydens pinkster uit die Halleluja!)

Dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die meeste van die bg gemeentes ook deur die jaar van hierdie bundels gebruik maak.

2.1.3 Die musikale idioom wat in die Psalm- en Gesangeboek gebruik word, is sodanig dat baie van vandag se mense (jongmense en volwassenes) hulle nie daarin tuis voel nie.

Die indruk bestaan dat die kerk slegs die ou (meer klassieke) styl vir die kerklied aanvaar, en dat die kerk die meer moderne ligter musikale idioom as swak en onbruikbaar vir die erediens beskou.

2.1.4 Die huidige stelsel vir die keuring en uitbreiding van ons liedereskat is so omslagtig dat al meer gemeentes hulle eie pad begin loop. Dikwels is hierdie eie pad reaksionêr en tot nadeel van gesonde sang in die gemeente. Indien 'n ander meer dinamiese vorm van leiding aan gemeentes nie ontwerp word nie, kan die gemeentes wat die besluite van die kerk ignoreer, al meer word en kan die Sinode mettertyd ontdek dat sy leiding irrelevant geword het.

2.1.5 Die voorskriftelike manier waarop die Algemene Sinode bepaal wat gemeentes mag sing is in ons tyd onaanvaarbaar. 'n Meer subtiele rigtinggewende leiding wat die mondigheid van die kerkraad erken, is nodig. Die voorskriftelike benadering lei net daartoe dat gemeentes die besluite ignoreer.

2.1.6 Talle gemeentes handhaaf die standpunt dat die Sinode net bepaal wat in die erediens gesing mag word. Buite die erediens word 'n ongesonde willekeurigheid openbaar - deels omdat die huidige voorskriftelike benadering meebring dat die Sinode in sulke gevalle weinig invloed het. Die skeiding tussen dit wat in die erediens aanvaarbaar is, en dit wat daarbuite gesing word, is onhoudbaar.

2.1.7 Die verskillende nuwe bundels wat aanvullend tot die Psalm en Gesangboek verskyn, skep verwarring. Lidmate weet later nie meer watter bundels om saam te neem nie. Die feit dat die woorde van dieselfde lied in twee bundels verskillend weergegee word, dra ook by tot die verwarring.

**2.2 'n Nuwe benadering is nodig**

Die beskrywingspunt beoog nie om 'n nuwe stelsel volledig uit te spel nie, maar stel die beginsels vir 'n nuwe benadering. Die volgende is in die verband belangrik:

2.2.1 Die kerkraad het die verantwoordelikheid om self te besluit oor die lied wat binne en buite die erediens gesing word.

Dit word algemeen aanvaar dat die kerkraad in die finale instansie verantwoordelik is vir alles wat in die erediens gebeur. Dit sluit ook die lied wat gesing word in.

Die manier waarop die Sinode leiding gee moet verander. Daar moet weg beweeg word van 'n rigiede voorskriftelikheid, van besluite wat vir 'n kerkraad uitspel wat gesing en nie gesing mag word nie. Goed gemotiveerde leiding wat die reg en mondigheid van die kerkraad erken, is nodig.

2.2.2 Dit beteken nie dat die kerkverband geen funksie in verband met die kerklied het nie. Die Sinode dien die gemeentes in hulle uitoefening van hulle bevoegdheid om oor die kerklied te besluit. Hierdie diens geskied by wyse van opvoeding en advies op grond van goed gemotiveerde beginsels vir die keuring van die kerklied.

Die gesag van die advies sal grootliks berus op die mate waarin die kommissie van die Sinode toon dat hulle in voeling is met die musiekkultuur van die lidmate en daarmee rekening hou. Tans beleef talle lidmate en dominees, ten regte of ten onregte, dat die keurders van melodieë nie genoeg aanvoeling het vir die smaak en sangvermoë van lidmate nie.

2.2.3 Nuwe liedere behoort op 'n deurlopende basis geëvalueer en aan die kerk bekend gestel te word. Dit kan byvoorbeeld geskied via 'n rubriek in "Die Kerkbode" of "Die Voorligter" waarin die meriete van verskillende liedere bespreek word en bepaalde aanbevelings ten opsigte van die gebruik daarvan gemaak word.

Elke gemeente besluit self hoe die liedere in die gemeente bekend gestel en gehanteer word.

So 'n benadering kan as aansporing vir digter en komponiste dien om self te komponeer en dit vir evaluering in te stuur. Gemeentes wat nuwe liedere "ontdek" kan dit vir dieselfde doel deurstuur. Gesonde interaksie tussen lidmate en die kommissie van die Sinode kan so teweeg gebring word. 'n Dinamiese proses van voortgaande ontwikkeling van die kerklied in eietydse idioom kan gestimuleer word.

2.2.4 'n Alternatiewe wyse vir die hantering van kopiereg moet ontwerp word sodat digters en komponiste nie benadeel word nie.

2.2.5 Die kerk sal altyd 'n amptelike sangbundel hê. Waarskynlik sal 'n groot aantal gemeentes besluit om slegs van die amptelike bundel gebruik te maak. Dit sal 'n stabiliserende en rigtinggewende rol vervul. Die probleem ontstaan wanneer dit 'n beperkende rol begin vervul.

Die amptelike bundel kan nie elke paar jaar hersien word nie. Die logistiek daaraan, die koste vir uitgewers en lidmate wat te dikwels so 'n duur boek sal moet vervang, is eenvoudig te groot. Indien die hersiening gepaard gaan met 'n deurlopende dinamiese proses van keuring deur die kommissies van die sinode en die lidmate, behoort die liedere wat die toets deurstaan het, uiteindelik in die bundel 'n plek te kry.
LERAARS: LYNNWOOD

### B.1.3 KORAALBOEK IN LAER TOONAARDE

Die sinode versoek die verantwoordelike kommissie/s om die moontlikheid te ondersoek om 'n koraalboek of iets soortgelyks saam te stel waarin melodieë in laer toonaarde getransponeer is vir gemeentesang.

Motivering

1. Verskeie van die melodieë se toonaard is te hoog vir die gewone gemeentesang.
2. Baie opgeleide orrelistes transponeer in hulle begeleiding self die melodieë twv die gewone gemeentesang.
3. Nie alle gemeentes het egter die voorreg om opgeleide musikante in die gemeente te hê nie.
4. So 'n musiekboek sal tot hulp wees vir gemeentes waar persone gemeentesang begelei wat net kan bladlees maar nie transponeer nie.

KERKRAAD: LEVUBU

### B.1.4 LIEDERE IN EREDIENSTE (GRAVAMEN)

DIE GEBRUIK VAN JEUGSANGBUNDELS EN ANDER EIETYDSE CHRISTELIKE LIEDERE IN EREDIENSTE WAT OP DIE JEUG TOEGESPITS IS

Met verwysing na die Handelinge van die Sinode van Noord-Transvaal 1987, verslag van die SKAE punte 3.1.3.5 en 3.1.3.6 en die Handelinge van die Algemene Sinode 1990, eerste verslag van die tydelike SKE punt 7.

Die Sinode van Noord-Transvaal besluit dat die liedere in die kerk se Jeugsangbundels en ander eietydse Afrikaanse christelike liedere soos deur die verskillende kerkrade goedgekeur, in eredienste wat op die jeug toegespits is, gesing mag word.

**Motivering**

1. Die sinode het geen beswaar teen die gebruik van kerklike Jeugsangbundels tydens die jeugaksies se verrigtinge nie. Eredienste toegespits op die jeug word bygewoon deur lede van die verskillende jeugaksies. Sulke toegespitste eredienste word deur Woord- en sangbediening geklee in die idioom van die jeug.

2. Die sinode kan nie ontken dat die Here ook in 'n moderne tyd mense motiveer om met hul gawes en talente eietydse Afrikaanse Christelike liedere te komponeer wat die Jeug in hul idioom aanspreek nie.

3. Die sinode behoort kerkrade en leraars te vertrou om die teologiese inhoud van eietydse Afrikaanse christelike liedere na te gaan en keuring toe te pas alvorens dit in die eredienste gesing word. Verantwoordelikheid in hierdie verband behoort ook af te wentel na die kerkrade wat liturgiese kreatiwiteit sal stimuleer.

4. Die sinode ag die Jeugbediening van die kerk van groot waarde en sal nie wil sien dat die jeug hul rug op die kerk draai omdat hul sangbehoeftes nie bevredig word nie.

5. Die sinode neem kennis dat die betrokke kerkraad met verantwoordelikheid 'n eksperiment tydens die aanddienste wat op die jeug toegespits is gemaak het. Die terugvoering van die jeug en ouer lidmate was baie positief. Die jeug se bywoning van die aanddienste het drasties toegeneem.

KERKRAAD: RASLOUW

### B.1.5 NAGMAAL

Die Ring van Pretoria-Wes versoek hiermee die Sinode van Noord-Transvaal om opnuut ondersoek in te stel na die moontlikheid om die sakrament van die nagmaal anders te bedien as soos in Bepalings 49.5.1 en 49.5.3 omskryf.

Die ring pleit by die sinode dat die nagmaal by uitsondering en na eerlike besinning aan lidmate bedien mag word onder die volgende voorwaardes:

1. Die kerkraad moet homself oortuig dat daar geen bybedoelings is nie.

2. Die kerkraad moet seker maak dat dit belydende lidmate is.

3. Die kerkraad sal, waar moontlik, meer van hierdie lidmate bymekaar probeer kry vir die geleentheid. (Daar is lidmate wat vir dertig minute in 'n gemaklike stoel kan sit, maar nie vir 'n uur plus in 'n kerk nie.)

4. Die kerkraad nooi by monde die ouderlinge, diakens of vrywilliger van daardie wyk of die hele wyk uit na die geleentheid.

5. Die kerkraad bedien die nagmaal slegs nadat daar die oggend in die gemeente nagmaal gevier is.

6. Die kerkraad sien toe dat die Woord saam met die sakrament verkondig word.

Die Ring van Pretoria-Wes wil hiermee aan getroue, gelowige en toegewyde lidmate toon dat hulle steeds deel in die liefde van 'n genadige God.
RING: PRETORIA-WES

## B.2 JEUG

### B.2.1 PIENAARSRIVIER JEUGKAMPTERREIN

Die sinode besluit dat Pienaarsrivier kampterrein voortaan nie bedryf sal word met eweredige bydraes van ringe/gemeentes nie, en dat die bedryfs- en ontwikkelingskoste verhaal moet word uit kampgelde.

**Motivering**

In die sinode se rasionaliseringsaksies word gestreef om die bekostiging van dienste so ver moontlik van sinodale/ringsbegrotings af te haal sodat dienste betaal word deur die instansies wat daarvan gebruik maak. Ekonome het ons ook geleer dat so 'n benadering verseker dat dienste meer koste-effektief is.

Op die oomblik subsidieer die betrokke ringe se gemeentes die kampfooi van kampeerders deur die eweredige bydraes. Talle gemeentes wat nooit die geleentheid kry om die terrein te benut nie, is egter langs die weg verplig om ander gemeentes te subsidieer. Indien 'n bepaalde gemeente oordeel dat kampeerders nie die verhoogde kampfooi kan bekostig nie, kan die betrokke kerkraad die kampeerders self subsidieer.
RING: HARTBEESSPRUIT

## B.3 GEMEENTEBEDIENING

### B.3.1 STAAT VAN GODSDIENS

Die Ring van Eloffsdal versoek die sinode om die manier van kerkvisitasie - soos in die Kerkorde voorgeskryf word - in heroorweging te neem ten einde aan ringe meer vryheid te gee ten opsigte van kerkvisitasie in 'n poging om eiesoortige behoeftes en omstandighede te verreken.
RING: ELOFFSDAL

## B.4 DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Geen beskrywingspunte nie

## B.5 SENDING EN EVANGELISASIE

Geen beskrywingspunte nie.

## B.6 LEER EN AKTUELE SAKE

### B.6.1 HEID KAT 86: WAARDE VAN BEKERING TEN OPSIGTE VAN REGVERDIGMAKING IN CHRISTUS

Die Ring van Louis Trichardt versoek die sinode om 'n beskrywingspunt na AKLAS te stuur waar duidelikheid gevra word oor die waarde van bekering soos bely in die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 86 ten opsigte van die regverdigmaking in Christus.

**Motivering**

Huidiglik is daar twee beklemtonings in die Ned Geref Kerk oor die rol van bekering. Dit skep verwarring by die lidmate. Die een standpunt word as volg saamgevat:

* Die verbond geld vandag nog.
* Die Abrahamsverbond is dus die geldende in die OT en die NT
* Die genade aspek van die verbond negeer nie die mens se verantwoordelikheid nie.
* Die Here het sy aandeel in Christus vervul.
* Die mens moet sy aandeel aan die verbond vervul deur dit te aanvaar.
* Hierdie aanvaarding geskied deur geloof en bekering.
* Wie hom dus nie bekeer nie word nie gered nie.
* Hierdie standpunt word in die Kerk se amptelike leerstukke - Kategeseboeke gebruik. Vergelyk diagram op bl 189 "Ken en Vertrou - Leerboek vir Katkisante in st 5:

Die tweede standpunt kan as volg saamgevat word:

* Die Skrif en die belydenisskrifte van die Ned Geref Kerk maak 'n duidelike onderskeid tussen die Evangelie en die Wet se werking.
* Deur die Evangelie ontvang en besit die lidmaat alle weldade wat daar in Christus is.
* Nie een van die weldade in die verbond kom die mens toe deur middel van die wet nie.
* Die wet is die riglyn vir hoe die goeie werke moet wees van die mens wat alle weldade deur die Evangelie alleen ontvang (Gal 2:15 en 16, Fil 3:7-9).
* Die geloof en bekering is nie twee kante of aksente van een saak nie.
* Die bekering soos die kerk dit leer in die HK vraag 86 is sonder enige waarde in die aanneem van en die deelwees van die volle saligheid in Christus.
* Redding is alleen deur die Evangelie en geloof in Christus.
* Bekering en gehoorsaamheid is alleen tot eer van God.
* Dit is 'n dwaling om aan bekering die waarde te gee dat dit ook nodig sou wees om 'n kind van God te word.
* Geloof in Christus is nie die een kant van die saak en bekering die ander kant wat nodig is vir die saligheid nie.
* Voorstanders van hierdie standpunt is van mening dat daar tans in die Ned Geref Kerk afgewyk word van hierdie standpunt en dat daar 'n dwaling in die evangeliese literatuur van Bybelkor en die Kategeseboek voorkom. Vergelyk die diagram op bl 189 van "Ken en Vertrou" - Leerboek vir die Katkisante in st 5 soos hierbo aangedui.

RING: LOUIS TRICHARDT

### B.6.2 STANDPUNTE TEN OPSIGTE VAN ANDER KERKE EN AFWYKENDE RIGTINGS

Die Ring van Louis Trichardt versoek die Sinode van Noord-Transvaal om 'n beskrywingspunt aan die Algemene Sinode te stuur waarin die maatstawwe vir die bepaling van die Standpunte van die Ned Geref Kerk ten opsigte van ander kerke en afwykende rigtings op 'n eenvormige basis geplaas word, sodat die teenstrydighede soos in meegaande stuk aangedui, uitgeskakel word.

1. Die AGS word 'n status gegee wat verskil van die Volle Evangelie Kerk en ander Pinkster- groepe. Volgens die Algemene Sinode is die AGS nou 'n groep wat in hoofsaak die Protestantse beginsels huldig, maar die Volle Evangelie Kerk en ander Pinkstergroepe is groepe wat van die Protestantse beginsels huldig nie. Volgens hierdie verskil moet die lidmate van die Pinkstergroepe eers katkiseer en weer openbare belydenis van geloof aflê voor hulle in die Ned Geref Kerk opgeneem kan word. Vir die AGS is dit as uitsondering van al die Pinkstergroepe nie meer nodig nie.

2. In 1.3 van die standpunt van die Algemene Sinode word daar 'n duidelike onderskeid gemaak tussen die Baptist Church of Southern Africa - in onderskeiding van die Hatfield Baptiste. Volgens die onderskeid van die Sinode is eersgenoemde 'n kerk wat in hoofsaak die Protestantse beginsels huldig, maar die Hatfield Baptiste word aangedui as 'n wederdopersekte.

Hiervolgens word die wederdopersektes nie erken as kerke wat in hoofsaak die Protestanse beginsels huldig nie, maar volgens die besluit van die Sinode is die AGS wel 'n groep onder 1.3.

Die AGS is ook 'n groep wat sonder skroom die wederdoop voorstaan en beoefen. Die AGS het ook geen verandering in sy standpunt oor die wederdoop gemaak nie. Tog word hulle nou uitgesonder bo die wederdoopsektes en 'n status anders as die Pinkstergroepe gegee.

3. Die verandering in die status van die AGS in die standpunt stelling van die Algemene Sinode is soveel onduideliker indien in ag geneem word dat daar geen verandering van die AGS was wat die besluit kan motiveer nie. Hulle het geen verandering aan hulle belydenis aangebring en hulle beoefen steeds al die praktyke eie aan die "wederdoopsektes" soos deur die Algemene Sinode aangedui. Hierdie verandering in status is gebaseer op 'n willekeurige seleksie wat die beginsels vir onderskeid vir groepe soos aangedui in 1.3 en 1.4 ("Kerke wat in hoofsaak die Protestantse beginsels huldig" en "Kerke wat nie die Protestanse beginsels huldig") willekeurig en ralatief maak. Dit kan nie deur kerk in die praktyk as beginselsaak gehandhaaf word nie, omdat niemand in die kerk weet wat die beginsels in die onderskeid is nie. Dit is as gevolg van die onderskeid wat die stuk maak tussen die AGS en die Volle Evangelie Kerk en ander Pinkster groepe en wederdoopsektes.

4. Die kernprobleme waaruit die willekeurigheid spruit is dat daar in die standpunt oor die erkenning van ander kerke met twee maatstawwe gemeet word om die erkenning van ander kerke te bepaal. In 1.1 en 1.2 word gewerk met die belydenisse van die Ned Geref Kerk as maatstaf om die status van ander kerke te bepaal en te erken. In 1.3 en punt 2 word gewerk met die maatstaf van "Protestantse beginsels". Laasgenoemde is nie meer 'n kerklike beginsel soos die belydenisse nie, maar 'n akademies - filosofiese onderskeid. Dit is hierdie nuwe maatstaf van "beginsels" in plaas van "belydenisse" wat aan die hele standpunt inname van die Algemene Sinode oor ander kerke 'n willekeurigheid gee wat maak dat die seleksie van een Pinkstergroep bo 'n ander Pinkster groep moontlik is. Indien daar net by die kerklike belydenisse as maatstaf gebly is, sou die willekeurigheid nie deel van die standpunt gewees het nie.
RING: LOUIS TRICHARDT

## B.6.3 BYBELKOR GESPREKSBOEKIE K84/1

Die sinode versoek Bybelkor om die gespreksboekie K84/1 van publikasie te onttrek.

**Motivering**

1. Die gespreksboekie doen hom voor om die probleem van skyngeloof in die kerk aan te spreek met 'n oplossing. Die slot "Byt vas aan jou goeie voorneme" veronderstel dat 'n oplossing gevind word tydens gesprek.

2. Alhoewel 'n oplossing vir hulle eie aanbieding van skyngeloof gevind word, word die inhoud van die Evangelie as antwoord van die Woord nêrens, selfs nie eenkeer, verduidelik nie.

3. Die leser word wel met 'n skielike dood en die hel bang gemaak. Deur hierdie dreiging word die leser onder die druk geplaas om 'n godsdienstige keuse te maak.

4. Dit wat hulle uitbeeld as skyngeloof is presies die daaglikse stryd wat elke ware gelowige voortdurend teen die sonde voer. Volgens die boekie gaan sulke Christene hel toe. Dit is teenstrydig met die waarheid van Rom 7 en Heid Kat 114. Die titel "Net vir Christene" maak 'n ander verstaan vir die gewone lidmaat onmoontlik.

5. Die boekie beeld uit dat ten spyte daarvan dat 'n lidmaat die vergifnis van sonde aanvaar, sy lewe nie verander nie. Dit is 'n wanvoor- stelling van die vergifnis van sonde, wat onteenseglik tot goeie werke lei. (Heid Kat 87 van NGB 24)

6. Volgens die boekie gaan jy hel toe as jy weer sonde doen, ten spyte van die vergifnis wat jy aanvaar het.

7. Dis duidelik dat volgens die boekie jy naas aanvaarding van die vergifnis van sonde, ook nog eers 'n ander stel stappe, aangedui aan die einde, moet doen voordat jy gered is en iemand sal wees wat goeie werke doen.

8. Die woord en begrip "geloof" word hier anders as in vorige boekies nie eers meer genoem nie. Hierdeur word nie net die "geloof alleen" as weg tot vergifnis EN goeie werke bespotlik gemaak nie, maar die hele kerk word ligsinning uitgebeeld.

9. Selfs die konflik en stryd van ongelowiges word hierin ligsinnig en bespotlik voorgestel. In die ouderlingeraad van die kerkraad het geen ouderling die vrymoedigheid om met enige kerklos lidmaat die boekie te behandel nie. Volgens hulle gevoel is dit beledigend, sonder godsdienstige inhoud en sal dit geen hulp kan wees in gesprek met kerklos lidmate nie.
KERKRAAD: LEVUBU

## B.6.4 VERTALING VAN BEGRIP "DIKAIOSOENEI"

Die sinode versoek die Algemene Sinode om deur die verantwoordelike kommissie/s ondersoek te doen na die vertaling van die begrip "dikaiosoenei" met **vryspraak** in plaas van **geregtigheid** in die NAV.

**Motivering**

1. Die term "Vryspraak" ontsluit nie die rykdom van die geloofsinhoude wat in die oorspronklike Griekse begrip vervat is nie.

2. "Vryspraak" dui slegs op die feit dat ek op grond van Christus se voldoening (betaling van die straf word nou eerder veronderstel met die vertaling "Vryspraak") nie gestraf word nie.

3. Die waarheid dat ons deel in die geregtigheid van Jesus Christus kom glad nie meer na vore in die vertaling "Vryspraak" nie. Die diepte van die waarheid dat ek deur God as regverdige voor die wet gereken word het heeltemaal verlore gegaan.

4. Ons is geregverdig omdat ons **DEEL IN** sy geregtigheid wat Hy is en het. Ons kan egter **NIE DEEL** in sy vryspraak nie, want Hy is juis nie vrygespreek nie - maar veroordeel in ons plek sodat ons nooit veroordeel sal word nie (Rom 8:1). Ons deel eerder in sy oordeel as vryspraak waaruit ons die vryspraak as vrug ontvang.

5. Die hele waarheid van ons eenheid met Christus soos Paulus dit doen met die uitdrukkings ons is: "in Christus" en "met Christus" het heeltemaal verlore en ontoeganklik vir die leser geword as gevolg van die begrip "Vryspraak" in plaas van "Regverdigmaking".

6. As regverdige is ek "in Christus" verbind tot 'n regverdige lewe. Die begrip "Vryspraak" hierteenoor veronderstel geen noodwendige verbondenheid aan 'n lewe volgens die wet nie. "Geregverdig" het die betekenis wel in homself opgesluit.
DS PJ KRIEL: LEVUBU

### B.6.5 "OPE BRIEWE"

Dat die sinode hom uitspreek oor die sogenaamde "Ope Briewe" wat in die pers gemaak word.

**Motivering**

1. Die Gereformeerde Beginsels is nog altyd dat kerklike sake op kerklike wyse en dus kerklike kanale behandel word. Die verskynsel van ope briewe is vreemd en kom nie die beginsel na nie.

2. Die sogenaamde "Ope Briewe" handel dikwels oor sosiaal-politieke sake en kan geïnterpreteer word dat die skrywers en ondertekenaars 'n drukgroep wil vorm om 'n bepaalde standpunt te bevorder.

3. Die indruk word dan telkens geskep dat die skrywers en ondertekenaars die enigste ware lig oor die saak het en dat hulle standpunt die standpunt van die NG Kerk is (of behoort te wees).

4. Terwyl polarisasie, skeuring en wantroue 'n kenmerk van ons tyd is, bevorder die styl van ope briewe juis die gees van polarisasie.

5. Dit is die Kerkraad se oordeel dat die "Ope Briewe" nie tot heil van die gemeente (en kerk), die eenheid van die gemeente (en die kerk) en dus nie tot eer van Christus strek nie.
KERKRAAD: KOEDOESRAND

## B.7 REGTE

### B.7.1 LIDMAATSKAP NA ANDER GEMEENTES

Die sinode versoek dat lidmaatskap in geval van besondere meriete ten volle oorgedra kan word na 'n ander gemeente as dié een waarin gewoon word.

**Motivering**

Die vastheid van gemeentegrense lewer al meer probleme in die praktyk op. Soms kom daar werklik verdienstelike gevalle voor waar lidmate liewers by 'n ander gemeente kan/wil inskakel as by die een waarin hulle woon. 'n Voorbeeld hiervan is mense wat reeds vir jare goed ingeburger is in 'n spesifieke gemeente en graag daar wil bly, maar net oor die grens verhuis.

Die toelaatbare reëling dat sodanige lidmate hul lidmaatsvoorregte in 'n bepaalde gemeente met toestemming van die "gewende" kerkraad mag geniet, is 'n stap in die regte rigting, maar bevredig nie. So 'n lidmaat/gesin is vis nog vlees. Dit sou beter wees as die lidmaat/gesin voluit by die ontvangende gemeente kan inskakel, dit is met volle lidmaatskap (in die register aangeteken), volledige pastorale versorging en ook verkiesbaar tot die kerkraad.

Om te verhoed dat van so 'n reëling misbruik gemaak word, kan die twee kerkrade hulself behoorlik vergewis of die versoek werklik bona fide- meriete het en dan gesamentlik so by die ring of ringskommissie aanbeveel om te bekragtig.
LERAARS: WAVERLEY-OOS

### B.7.2 DEMISSIE VAN PREDIKANTE

Die sinode versoek dat demissie aan predikante verleen kan word in 'n geval waar hul eggenote(s) van werkkring (moet) verander.

**Motivering**

Die voorwaardes rondom die verkryging van demissie deur predikante om spesiale redes kan moontlik uitgebrei word. Dit kan vandag al meer in die praktyk gebeur dat leraars se eggenote(s) verplaas word of in 'n nuwe werkkring aangestel word as gevolg van omstandighede in die arbeidsmark buite hulle beheer. Dit sou redelik wees om aan so 'n predikantebroer of - suster die geleentheid te verleen om demissie te ontvang om menslikheidsredes. Die persoonlike dilemma van om dan sonder 'n standplaas te wees, is wel 'n gevolg hiervan. Dit is egter tog op die langtermyn verkiesliker as om uit die amp te moet bedank en sy/haar status as predikant te verloor.

Vir behoorlike kontrole oor hierdie vorm van demissie kan bepaal word dat die ring of ringskommissie die besluit moet goedkeur.
LERAARS: WAVERLEY-OOS

### B.7.3 SPESIALE REëLINGS TEN OPSIGTE VAN LIDMAATSKAP

Die sinode voeg die volgende bepaling in na Bep. 26.8.3:

"belydende en dooplidmate wat geografies uit die gemeente verhuis het, maar op grond van besondere omstandighede en by wyse van formele ooreenkoms tussen die betrokke kerkrade, voortgesette lidmaatskap van die gemeente geniet."

**Motivering**

1. Hierdie beskrywingspunt word ingedien, omdat die kerkraad van Rustenburg-Suid oortuig is dat daar soms menslike oorwegings is wat swaarder weeg as die dwangmatige toepassing van gemeentegrense. Die voorstel word beperk tot "besondere gevalle". Omdat dit nie die basis bywoningsreël wil wysig nie. Dit wil die pastorale taak van betrokke kerkrade vergemaklik, in gevalle waar lidmate na lang verbintenisse moet verhuis, maar nog binne die reikwydte en geestelike gemeenskap van hul eertydse gemeente verkeer. Sulke lidmate wat soms diepgewortelde bande moet losmaak, dikwels na jar van innerlike verbondenheid aan 'n bepaalde gemeente, kan hiervolgens met begrip en liefde tegemoetgekom word. Die bepaling gaan verder as toestemming tot beoefening van lidmaatsvoorregte, sodat sulke lidmate met volle vrymoedigheid hulle gawes kan benut in die gemeente waaraan hulle hulle geestelik verbonde voel.

2. Die beskrywingspunt kon nie aan die ring voorgelê word nie, omdat die ringsitting te laat geskeduleer is.
KERKRAAD: RUSTENBURG-SUID

### B.7.4 HANTERING VAN LIDMAATSKAP VAN NUWE INTREKKERS

**1. Versoek om leiding**

**1.1 AANBEVELING**

Die sinode spreek hom, op versoek van die Ring van Pretoria-Noord, en aan die hand van advies deur die Sinodale Regskommissie uit oor die hantering van lidmaatskap van nuwe intrekkers in 'n gemeente. Leiding word gegee ten opsigte van die vertolking van die toepaslike bepalings, met inagneming van gereformeerde beginsels waarop huidige gebruike oorspronklik baseer is.

1.2 **Motivering**

1.2.1 Die aanleiding vir die versoek is die riglyne wat die aktuarius van die Algemene Sinode, dr. T. Sadler gee in sy artikel "Lidmaatskap: gebruike in die Ned. Geref. Kerk" ("Byderwets en Gereformeerd" P.J. Strauss (red.) Bloemfontein 1991), sowel as onduidelikhede in die toepaslike bepalings in "Die Kerkorde en aanvullende bepalings Noord-Transvaal 1991" (Bepaling 26.8 en 26.12).

1.2.2 Dr. Sadler wys in sy artikel op die GEREFORMEERDE BEGINSELS wat gebruike ten opsigte van lidmaatskap ten gronde lê. Dit klaar baie vrae op in verband met huidige gebruike, maar lê ook heelwat probleme bloot wat in praktyk bestaan. Die ringsgemeentes van Pretoria-Noord het reeds begin om soveel as moontlik van bogenoemde riglyne in werking te stel, maar verlang verdere leiding. Die saak lyk vir ons belangrik genoeg dat ander gemeentes ook daarvan moet kennis neem.

2. **Gebruik van attestaat**

2.1 **AANBEVELING**

2.1.1 Die vorm vir die "Bewys van lidmaatskap" verval.

2.1.2 Die vorm vir die "Attestaat" word so verander dat dit as 'n sinvolle "bekendstellingsbrief" kan dien.

2.1.3 Behalwe die formele inligting omtrent lidmaatskap, maak dit voorsiening vir inligting (positief of negatief) oor lidmate se getuienis en betrokkenheid.

2.1.4 Daar word ook voorsiening gemaak vir ander opmerkings (bv dat die leraar nie die lidmate goed genoeg ken vir evaluasie nie, of dat die aansoek te lank na vertrek ontvang is ens. wanneer die attestaat dan soos die huidige "bewys van lidmaatskap" funksioneer).

2.1.5 Gemeentekantore word herinner aan bep. 26.12.3, en dat hulle nie mag weier om attestate persoonlik aan lidmate te oorhandig of aan hulle adres te pos nie.

2.1.6 Waar attestate baie laat ingehandig word, of ander probleme ontstaan, word deeglike navraag gedoen. Wanneer nodig geag, moet die persone weer belydenis van geloof doen.

2.2 **Motivering**

Alhoewel die attestaat reeds vir geruime tyd as die "gebruiklike vorm vir oordrag van lidmaatskap" geld (Bep. 26.12.1.1), maak min gemeentes daarvan gebruik. Lidmaatsbewyse word dikwels deur skribas ingevul, versend en ontvang sonder dat die leraar, kerkraad of lidmate self direk daarby betrokke is. Die "attesterende" funksie van hierdie dokumente dit wil sê as getuigskrif (Sadler p.72) kom nie tot sy reg nie. Dit het 'n blote administratiewe funksie geword en is nie meer deel van ware gemeentebediening nie.

3. **Erkenning van lidmaatskap**

3.1 **AANBEVELING**

Die sinode spel die "erkenning" in bep. 26.8.1 duideliker uit, naamlik dat slegs 'n amptelike kerkraadsvergadering in sitting nuwe intrekkers wat daarvoor aansoek gedoen het, se lidmaatskap kan erken, en dat hulle lidmaatskap eers na sodanige erkenning en notulering van krag is.

3.2 **Motivering**

Daar is onsekerheid oor wat die "erkenning" deur die kerkraad presies behels (Bep. 26.8.1 Vgl. ook bep. 26.12.5). Kan 'n kerkraad (soos wat dit dikwels in praktyk gebeur) dit aan 'n amptenaar in die gemeentekantoor oorlaat om die "erkenning" te verleen? Word lidmaatskap nie so goedkoop en outomaties gemaak nie? (vgl. Sadler p.70).

3.3 **AANBEVELING**

3.3.1 Gemeentes word aangemoedig om nie sondermeer lidmaatskap te erken nie, maar om eers met nuwe intrekkers 'n gesprek te voer oor hulle lidmaatskap aan die hand van die belydenis en beloftes gemaak tydens die Openbare Belydenis van Geloof.

3.3.2 Gemeentes word aangemoedig om van nuwe intrekkers te verwag dat hulle hierdie belydenis en beloftes (skriftelik en/of mondelings) herbevestig.

3.4 **Motivering**

3.4.1. Dr. Sadler verklaar dat daar nie volgens gereformeerde kerkregtelike beginsels 'n outomatiese "oordrag" van lidmaatskap behoort te wees nie en dat 'n gemeente "onder geen dwang (is) om intrekkende lidmate sondermeer te aanvaar nie" (p.70) maar "dit sou volkome binne die reg van daardie kerkraad wees om met so 'n lidmaat eers 'n gesprek te voer en van hom 'n verbintenis tot meelewing te verkry, voordat hy as lidmaat aanvaar word" (p.73). Sodoende word as 'n besondere Godgegewe geleentheid tot selfondersoek, hertoewyding of dan kerklike suiwering.

3.4.2 Ons is bewus van verskeie gemeentes wat een of ander vorm van "keuring" (volgens eie norme) toepas voordat lidmaatskap erken word. Duideliker riglyne gegrond in gemeenskaplike beginsels sal baie werd wees.

3.5 **AANBEVELING**

Die sinode besluit dat waar daar ernstige afwykings ontdek word ten opsigte van die belydenis en/of lidmaatbeloftes by 'n nuwe intrekker, kerkrade eers poog om hierdie probleme te help regstel VOORDAT lidmaatskap erken word. Waar die lidmaat egter volhardend weier om saam te werk aan sodanige probleme, of weier om lidmaatsbeloftes te herbevestig, of nie aansoek doen om lidmaatskap nie, word die lidmaatskap NIE aanvaar nie. "LIDMAATSKAP WORD NIE ERKEN NIE" word in die aantekeningkolom aangebring, of indien bewys van lidmaatskap nog nie ontvang is nie, word die vorige gemeente daaromtrent ingelig vir sodanige aantekening in hulle register. So persoon word dan hanteer as 'n geval vir evangelisasiewerk. By inkeer na sodanige optrede, word geleentheid vir katkisasie en openbare aflegging van belydenis gebied.

3.6 **Motivering**

Om sulke afwykings of onwilligheid tot samewerking te ignoreer, is om die belydenis van geloof en lidmaatskap van al sy waarde te beroof en daarvan 'n goedkoop, outomatiese administratiewe aangeleentheid te maak (vgl. ook Sadler p.71,74).

4. **Lidmaat (bewyse) register**

**4.1 AANBEVELING**

Terwyl daar gewag word vir 'n volgende kerkraadsvergadering waar die lidmaatskap amptelik erken kan word, word nuwe intrekkers se name nie ingeskryf in die lidmaatregister nie, maar die attestaat in die kerkraad se korrespondensieregister geliasseer. Sou daar 'n navraag oor die lidmaatskap van 'n persoon kom, en dit nie in die lidmaatregister aangeteken is nie, kan dit in die korrespondensielêer opgesoek word. Alternatiewelik word die name wel ingeskryf in die lidmaatregister, maar met 'n aantekening in potlood dat daar op erkenning gewag word. By erkenning word die aantekening verwyder. Op afskrifte aan die argief word dieselfde aantekening aangebring, met 'n regstelling, na erkenning, op die volgende jaar se afskrifte.

**4.2 Motivering**

Dokumentasie moet sinvol en ordelik hanteer word. Argiefreëlings ten opsigte van die verslag van lidmaatsbewyse wat deur 'n bepaalde gemeente ontvang is (wat die sogenaamde "lidmaatsregister" in werklikheid is), kan egter nie die wyse waarop lewende persone in 'n gemeente hanteer word, voorskryf nie, en moet aangepas word daarby.

**5. Slot**

In 'n tyd waarin lidmaatskap vir baie lidmate goedkoop geword het, lyk dit asof dit baie sinvol kan wees om die riglyne wat dr. Sadler uitlê, meer konsekwent in die kerk toe te pas. Deur geen lidmaatskap sondermeer te aanvaar sonder 'n indringende gesprek nie, kan die erns van lidmaatskap opnuut beklemtoon word, en word lidmate op 'n kragtige wyse herinner aan hulle lidmaatsbeloftes. Waar ernstige afwykings in leer, getuienis en/of lewenswandel ontdek word wat die Here tot oneer en die kerk tot verleentheid strek, en dit nie reggestel word nie, vind kerksuiwering plaas. Ons glo dat die sinode se aandag aan dié saak vir alle gemeentes groot waarde sal wees.
RING: PRETORIA-NOORD

**B.7.5 INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE**

**1. AANBEVELING**

Die sinode besluit om die vereistes vir lidmaatskap (vgl. Bep.26.8 Noord- Transvaal 1991) te wysig om voorsiening te maak vir lidmate wat met gewigtige redes begeer om volle lidmate te word van 'n ander gemeente as dié een binne wie se grense hulle woon, en beveel aan by die Algemene Sinode van 1994 om 'n soorgelyke besluit te neem en in die Kerkorde op te neem.

1.1 Sulke lidmate doen aansoek by albei betrokke kerkrade met vermelding van hulle volle name en ander besonderhede, sowel as die rede vir die versoek.

1.2 Kerkrade ondersoek die saak verder indien dit nodig geag word om hulle van die meriete van die saak te vergewis.

1.3 Indien albei kerkrade instem, word die persone volle lidmate van die gekose gemeente, sonder enige beperkings op lidmaatsvoorregte.

1.4 Huisbesoek aan en pastorale versorging van sodanige lidmate word in elke gemeente volgens plaaslike omstandighede gereël sodat opsig en tug effektief kan funksioneer.

**2. Motivering**

2.1 In praktyk gebeur dit dat talle lidmate om 'n verskeidenheid van (aanvaarbare en minder aanvaarbare) redes by buur- of ander gemeentes inskakel. Dit hou dikwels verband met bande wat oor baie jare gesmee is, noue familieverbintenisse of bediening- en aanbiddingstyle. Omdat sulke begeertes kwalik as tugwaardige sondes beskou kan word, is 'n kerkraad se hande afgekap. Enige dwangmaatreëls sou waarskynlik teenproduktief wees. Deur sulke versoeke liewers ordelik te kanaliseer, en alle dubbelsinnighede uit te skakel, behoort die kerk beter gedien te word.

2.2 Kleiner praktiese probleme (bv. rondom huisbesoek) kan waarskynlik met 'n bietjie kreatiwiteit opgelos word (bv. dat lidmate by die leraar se huis aanmeld vir hulle huisbesoek, dat kerkraadslede vir die "sateliet"-wyke aangewys word).

2.3 Aktiewe werwing van 'n bepaalde gemeente onder ander gemeentes se lidmate is onwaarskynlik, maar behoort deur die vereiste vir toestemming van ALBEI kerkrade, en deur die opsig deur die ring, gekontroleer kan word.
RING: PRETORIA-NOORD

**B.8 FONDSE**

**B.8.1 REISKOSTE AAN WEDUWEE VAN ONTSLAPE LERAAR**

Die Ring van Louis Trichardt versoek die Sinode van Noord-Transvaal om bepaling 14.5 (KO 1991) van die Kerkorde so te wysig dat 'n gemeente nie aan 'n weduwee van 'n ontslape leraar ses maande se reiskoste hoef te betaal nie.

**Motivering**

1. Die weduwee het nie nodig om haar man se ampsverpligtinge voort te sit nie en kan dus nie die toelae aanwend vir dit waarvoor dit bedoel is nie.

2. Voertuie onder huurkoop vereis kredietversekering wat beteken dat die voertuig outomaties betaal is indien die eienaar te sterwe sou kom. Die weduwee behoort dus nie die voertuig te verloor nie.

3. Verder plaas die betaling van reistoelae 'n las op die gemeente wat kan verhinder dat die gemeente spoedig kan oorgaan tot die beroep van 'n nuwe leraar vir die gemeente.
RING: LOUIS TRICHARDT

**B.8.2 VEREFFENING VAN REGSKOSTEBEREKENING**

Die Sinode van Noord-Transvaal besluit om te begroot om geldelik by te dra tot die vereffening van die regskosterekening in die hersieningsaansoek van ds JL Reyneke teen die Ring van Waterberg, aangesien die Sinode die tweede respondent in hierdie saak is.

**Motivering**

1. Ds JL Reyneke se band met die gemeente Waterberg-Noord is in Augustus 1991 deur die Ring van Waterberg losgemaak nadat die ring hom skuldig bevind het aan die wanbesteding van gemeentefondse. Ds Reyneke het hom hierna op die Hoërhof beroep om die uitspraak van die ring nietig te verklaar op grond van sekere beweerde prosedure-foute wat die ring begaan het.
'n Senior Advokaat en 'n advokaat is aangestel om die saak te verdedig. Die huidige koste verbonde aan die saak beloop reeds R48 000.

Indien die ring die saak sou verloor, sou dit beteken dat die ring ook Ds Reyneke se regskoste sal moet betaal aangesien hy gebruik maak van regshulp. Indien die ring die saak wen, sal Ds Reyneke nie in staat wees om die ring se regskoste te betaal nie.

2. Die enigste bron van inkomste wat die ring het, is die 8 gemeentes van die ring. Die ring het reeds vir die boekjaar 1992/93 van elk van sy gemeentes 'n bedrag van R2 000 gevorder (Totaal R16 000).

3. Om net die huidige rekening te kan betaal sal die ring vir die boekjaar 1993/94 'n verdere bedrag van R4 000 van elk van sy gemeentes moet vorder. Hierby is nog nie ingesluit die koste van die advokate vir die duur van die saak of die moontlike koste van Ds Reyneke nie.

4. Sewe van die agt gemeentes van die ring werk tans op oortrokke bankrekeninge.

5. Die totale skuld van die gemeentes in die ring sien as volg daaruit:

| | | |
|---|---|---|
| Albertyn | R | 105 000 |
| Ellisras-Wes | R | 707 000 |
| Springbokvlakte | R | 75 000 |
| | (Slegs 142 Lidmate) | |
| Warmbad | R | 14 000 |
| Warmbad-Wes | R | 164 000 |
| Waterberg | R | 284 000 |

6. Die ring het dus die vrymoedigheid om hom tot die sinode te wend om 'n bydrae in die saak.
RING: WATERBERG

B.8.3 LENING GEMEENTE ELLISRAS-WES

Die Sinode van Noord-Transvaal besluit om die gemeente Ellisras-Wes se lening by die Sinodale Kerkkantoor ten bedrae van R724 274,08 te waarborg.
RING: WATERBERG

B.8.4 EWEREDIGE SINODALE BYDRAES

1. AANLEIDING

Dit het gaandeweg al hoe duideliker geword dat die huidige "puntestelsel", wat vroeër jare waarskynlik goed gewerk het, vandag nie meer toereikend is nie. Waarskynlik het die swak finansiële posisie van baie gemeentes, die steeds groeiende begroting van die sinode en die huidige swak ekonomiese toestande daartoe bygedra dat die leemtes in die stelsel al duideliker geaksentueer is.

Verskillende stelsels word deur sinodes vir die berekening van eweredige bydraes gebruik. Die ideaal is 'n stelsel wat billik is en nie manipuleerbaar is nie.

Ons is dankbaar vir die dringendheid waarmee verskillende sinodale kommissies probeer om die uitgawes van die sinode drasties te besnoei.

Ons is egter daarvan oortuig dat besnoeiing van die begroting alleen nie voldoende is nie, maar dat die stelsel van eweredige bydrae ook in oënskou geneem behoort te word.

2. LEEMTES IN DIE HUIDIGE STELSEL

Die volgende is, na ons oordeel, van die belangrikste leemtes in die huidige stelsel:

**2.1 Dit moedig manipulering van die formule tot eie voordeel aan**

Alhoewel die formule vir die berekening van punte bedoel om 'n regverdige verdeling van verantwoordelikheid tussen gemeentes te bewerkstellig, laat dit te veel ruimte vir manipulering daarvan. Gemeentes kom in die versoeking om hulle begroting en finansiële state so te hanteer dat hulle die laagste moontlike bedrag aan die sinode hoef te betaal.

**2.2 Die huidige stelsel is te onvoorspelbaar om behoorlik voor te begroot**

Die uiteindelike bedrag wat 'n gemeente moet betaal word nie net deur sy eie boekhouding en punteberekening bepaal nie. Ander veranderlikes by gemeentes en die fondsekommissie kan die hoeveelheid punte en die waarde van die punt drasties laat wissel.

**2.3 Gemeentes betaal die sinode op die vorige jaar se prestasie**

Dit bring mee dat 'n gemeente, met wie dit die vorige jaar finansieël goed gegaan het, moontlik in 'n swakker jaar wat daarop volg die verhoogde punteaanslag moet dra; 'n patroon wat 'n sneeubaleffek het en mettertyd so 'n gemeente knak.

**2.4 Gemeentes kan deur onverantwoordelike skuld, ens. die inkomstelas van die begroting op ander gemeentes oorskuif**

Dit kan gebeur sonder dat die kerkverband enigsins daarin kan meespreek. Die ander gemeentes se las word groter sonder dat hulle beheer daaroor het.

**2.5 Volgens die huidige "puntestelsel" kan die sinode te maklik projekte goedkeur waarvoor die nodige fondse uiteindelik van die gemeentes gevind moet word**

Die rede daarvoor is dat die sinode nie gedissiplineer word om die vermoë van die gemeentes te peil en daarvolgens vir homself 'n perk te stel nie.

**2.6 Die oneweredige verspreiding van die las raak al hoe erger**

Die bedoeling van die huidige puntestelsel is om eweredige bydraes deur gemeentes tot die begroting van die Sinode te verseker, maar in praktyk vind presies die teendeel plaas.

'n Blote vergelyking van die puntelas van gemeentes dui daarop dat die poging om die sinodale begroting te laat klop terwyl al meer gemeentes deur die puntestelsel "gedra" moet word, maak dat van die gemeentes wat wel nog bydra so oorbelas word dat van hulle tot 30% van hulle inkomste aan die sinode moet oorbetaal.

Daar is dus nie met die huidige puntestelsel meer sprake van 'n eweredige belading op gemeente inkomste.

**2.7 As gevolg van die inherente onstabielheid van die huidige stelsel, soos uitgewys in die bedieningsbehoefte formule van UNISA, is dit duidelik dat enige aanpassings daarvan nie die wese van die probleem van oneweredigheid kan oplos nie.**

Die huidige stelsel is onherstelbaar. Navorsing wat gedoen is in die bedieningsbehoefte formule van UNISA het getoon dat geen lap- of plakwerk die huidige puntestelsel kan regdokter nie omdat dit inherent onstabiel en in wese 'n onbillike stelsel is.

**2.8 Die "formule" waarmee die huidige stelsel werk, het met die tyd al hoe meer ingewikkeld en kompleks geraak om billik te kan toepas**

Omdat die SKF uit sy pad uit gaan om tot in die fynste detail te probeer billik wees teenoor al die rolspelers wat hy tevrede moet probeer stel, het hy oor die jare met 'n al lomper en ingewikkelder formule begin werk wat niemand meer tevrede kan stel nie.

### 3. 'N ALTERNATIEWE MODEL

Die volgende moet as riglyne vir die ontwerp van 'n alternatiewe model dien:

3.1 Die ideaal is dat 'n eenvoudige stelsel ontwerp word waarvolgens gemeentes 'n vaste persentasie van hulle huidige inkomste aan die sinode oorbetaal. Dit sou die hoogste mate van eweredigheid en billikheid verseker.

Gemeentes se inkomste word vir berekeningsdoeleindes aangepas deur slegs die aftrekking van 'n vaste bedrag per predikantspos of gedeelte daarvan, toe te laat met in agneming van die volgende riglyne:

1. Die volle aftrekking per predikantspos is net geldig vir elke predikant in voltydse diens van die gemeente

2. As 'n gemeente besluit om vir langer as ses maande nie 'n vakante pos te vul nie, word so 'n pos nie in berekening gebring vir aftrekking nie

3. Waar die lidmaattal meer as 700 lidmate per voltydse predikantspos oorskry, word 'n pro rata aftrekking toegestaan tot 'n maksimum van ses sewendes van 'n voltydse predikantspos

Voorbeelde:

1. 'n Gemeente met 900 lidmate en één voltydse predikant in diens is geregtig op 'n aftrekking vir 'n volledige predikantspos (700 lidmate) en twee sewendes van 'n volgende predikantspos

2. 'n Gemeente met 2 000 lidmate en twéé voltydse predikante in diens is geregtig op 'n aftrekking vir twee volledige predikantsposte (1 400 lidmate) en ses sewendes van 'n volgende predikantspos

3. 'n Gemeente met 2 300 lidmate en twéé voltydse predikante in diens is geregtig op 'n aftrekking vir twee volledige predikantsposte (1 400 lidmate) en maksimum van ses sewendes van 'n volgende predikantspos. Sodra die gemeente 'n derde predikant beroep is hy geregtig op 'n aftrekking vir drie volledige predikantsposte (2 100 lidmate) en twee sewendes van 'n volgende predikantspos

3.3 Gemeentes wat nie die vasgestelde persentasie kan bekostig nie, moet deur die sinode tegemoet gekom word. Hierdie tegemoetkoming geskied nie by wyse van formules nie, maar volgens die beginsel dat die sterkeres die swakkeres moet dra. Elke gemeente wat oordeel dat hy nie die verpligting kan nakom nie, rig 'n versoek via die ring aan die SKF.

Die SKF word gemagtig om met so 'n gemeente te onderhandel en, indien hy van die meriete daarvan oortuig is, 'n toegewing op die persentasie vir 'n bepaalde tydperk te maak.

Die SKF stel vir homself, in oorleg met die moderamen, normes en voorwaardes vir onderhandeling.

Dit kan selfs gebeur dat die sinode niks van so 'n gemeente verhaal nie, maar hom finansieël moet ondersteun.
Wanneer die SKF sulke onderhandelinge met 'n gemeente voer, vergewis hy hom ook van die finansiële bestuur van die gemeente en adviseer hom. Op die wyse help die sinode op meer wyses as net by wyse van finansiële toegewings.

3.4 Die sinode behoort 'n maksimum te plaas op die persentasie wat van gemeentes verhaal word. Die SKF sorg dat die sinode in sy begroting nie dié maksimum oorskry nie.

3.5 Gemeentes se bydrae moet teen die huidige inkomste bereken word. Oorbetaling geskied kwartaalliks gebaseer op die voorafgaande drie maande se inkomste.

By die afsluiting van die boekjaar moet elke gemeente sy uitstaande sinodale verpligting (indien enige) as verskuldigde bedrag in sy balansstaat reflekteer.

### 4. AANBEVELING

4.1 Die Sinode van Noord-Transvaal besluit ten gunste van 'n nuwe stelsel van eweredige bydraes waarin:

4.1.1 Beginsel

*1. Uitgegaan word van die beginsel dat alle gemeentes 'n roeping tot bediening in meerdere verband het en dat die verantwoordelikheid hiertoe op 'n billike basis onderling na vermoë verdeel moet word; 'n billike stelsel wat nie manipuleerbaar is nie.

*2. Dit gedoen word deurdat gemeentes 'n vasgestelde persentasie van hulle huidige inkomste kwartaalliks aan die sinode oorbetaal. Hierdie persentasie mag nie meer as 30% van 'n gemeente se aangepaste inkomste of meer as 12% van 'n gemeente se totale inkomste oorskry nie.

*3. Die sinode moet met sy beskikbare fondse uit gemeentes klaar kom en indien die sinode om watter rede ookal sy begroting oorskry, mag dit nie van gemeentes verhaal word nie.

1.2 Bedieningsbehoeftes

Daar 'n berekeningstelsel uitgewerk word wat voorkeur voorsiening maak vir die redelike bedieningsbehoeftes van elke gemeente.

1.3 Inkomste

'n Gemeente se inkomste vir berekeningsdoeleindes gereken word as die somtotaal van alle inkomste gedurende die betrokke finansiële jaar met dien verstande dat kapitaalbedrae soos erflatings en bestaande beleggings of bedrae wat ontvang word vir oorbetaling nie as gemeente inkomste gereken word nie.

1.4 Aangepaste inkomste

Gemeentes se inkomste vir berekeningsdoeleindes aangepas word deur slegs die aftrekking van 'n vaste bedrag per predikantspos of gedeelte daarvan, toe te laat, met dien verstande dat:

*1. Die sinode 'n vaste bedrag bepaal van wat dit 'n gemeente kos om 'n predikant op "maksimum skaal" voltyds in diens te hê. Die bedrag word jaarliks tussen sinodesittings deur die SFK hersien.

*2. Volle aftrekking per predikantspos net geldig is vir elke predikant in voltydse diens van die gemeente.

*3. Vir berekeningsdoeleindes word 700 lidmate beskou as die ekwivalent van één predikantspos.

*4. As 'n gemeente besluit om vir langer as ses maande nie 'n vakante pos te vul nie, so 'n pos nie in berekening gebring word vir aftrekking nie, behalwe in gevalle waar die ring én SFK die magtiging daartoe gee.

*5. Waar die berekende predikantspos op 'n breukdeel eindig omdat die lidmaattal meer as 700 lidmate per voltydse predikantspos oorskry, word 'n pro rata aftrekking (elke 100 lidmate = een sewende) toegestaan tot 'n maksimum van ses sewendes van 'n voltydse predikantspos.

1.5 Hulp aan gemeentes

Die sinode begroot vir hulp aan gemeentes

*1. Gemeentes wat nie die vasgestelde persentasie kan bekostig nie, die reg het om via die ring by die SKF aansoek te doen vir tegemoetkoming of hulp en die SKF gemagtig word om of 'n aangepaste persentasie, of kwytskelding of hulp vir 'n bepaalde tydperk met die gemeente te onderhandel.

*2. Die sinode gee aan SKF opdrag om 'n stelsel volgens bogenoemde riglyne uit te werk met die oog op implementering in April 1994.

*3. Die sinode besluit dat die SKF saamgestel word uit finansieël- en bestuurskundige persone waarvan hoogstens die helfte predikante is met die oog op die uitwerk, bestuur en beheer van die begroting en die stelsel van eweredige bydraes.
KERKRAAD: LYNNWOOD

**B.8.5 BEREKENING VAN PUNTE**

Die sinode gee opdrag aan die Sinodale Kommissie vir Fondse om sodra 'n gemeente se punteaanslag met die oog op eweredige bydraes bereken is en dit van die gemeente/ring se berekening verskil, 'n volledige uiteensetting ter verduideliking aan die betrokke gemeente te voorsien.
KERKRAAD: WIERDAPARK-SUID

**B.8.6 SUBSIDIE STUDENTEBEDIENING**

Die Sentrale Kerkraad van Universiteitsoord versoek die sinode dringend om ondersoek in te stel na die moontlikheid om:

1. Studentegemeentes slegs die minimum sinodale bydrae te laat betaal.
2. Die basis van subsidiëring vir studentebearbeiding opnuut in oënskou te neem sodat daar groter eenvormigheid kan wees ten opsigte van die toekenning van sinodale hulp aan studentegemeentes.

**Motivering**

'n Vergelyking van die toekenning aan die drie studentegemeentes laat die ongelykheid in benadering dadelik blyk.

Pretoria-Wes (een studenteleraar) 101 500
Kollegerand (een studenteleraar) 115 700
Universiteitsoord (vier studenteleraars) 231 450

Vanweë 'n besondere poging om studentelidmate tot offervaardigheid te motiveer en te aktiveer, asook die betrokkenheid van studente se ouers, is daar in die afgelope finansiële jaar 'n inkomste van 449 277 gegenereer.

Uit sinodale fondse is 'n toekenning van 215 530 ontvang. Desnieteenstaande was daar 'n bedryfstekort van 59 756 vir die afgelope jaar. En tog was die inkomste van so 'n aard dat die studentegemeente vir die huidige finansiële jaar 'n sinodale verpligting van nagenoeg 26 000 sal hê (teenoor die vorige jaar se 690,00 wat die minimum van 1 punt verteenwoordig het). Wat is die sin daarvan om vir die huidige jaar die sinodale subsidie te verhoog, maar terselfdertyd 'n bydrae van die gesubsidieerde gemeente te verwag? Die effek daarvan is dat die sinodale toekenning van 231 450 (wat op sigwaarde 15 920 meer is as die vorige jaar) vanweë die sinodale bydrae wat deur die studentegemeente betaal moet word, effektief tot 10 800 minder is as die vorige jaar. Dit is eenvoudig nie moontlik om te verwag dat die residensiële deel van die gemeente telkens die tekort van studentebearbeiding vir hulle rekening moet neem nie.
KERKRAAD: UNIVERSITEITSOORD

**B.8.7 MEDIESE BYDRAES VAN EMERITUS-PREDIKANTE**

Die sinode besluit dat slegs die mediese bydraes van emeritus predikante wat steeds lidmate van die Ned Geref Kerk is, van sinodale kant af gesubsidieer sal word.
RING: PRETORIA-NOORD

**B.8.8 OMSKEP SKULDBRIEWE TOT AANDEELHOUDING**

Dit word vriendelik versoek dat die sinode dit ernstig sal oorweeg om gemelde skulde aan gemeentes te omskep in aandeelhouding deur die gemeentes.
KERKRAAD: QUAGGAPOORT

**B.8.9 SUBSIDIE STUDENTEWYK TECHNIKON**

Verwys agenda van die elfde gewone vergadering van die Sinode van Noord- Transvaal p.44-3.10.2.5.(3.) asook die handeling van dieselfde vergadering p.317-3.10.2.5.(3.).

Studentewyk Technikon vra die Ring van Pretoria-Wes om (volgens Bepaling 7.10.1) die genoemde onderwerp as beskrywingspunt vir die twaalfde gewone vergadering van die Sinode van Noord-Transvaal te noem.

**Sinodale besluit**

Die genoemde goedgekeurde besluite van die sinode is nooit ter syde gestel nie. Na aanleiding van die SKF se vraag dat sinodaal-ondersteunde poste se uitgawes met 40% besnoei word, kon daar egter nie aan Studentewyk Technikon se begroting voldoen word om vir 'n administratiewe- en pastorale hulp voorsiening te maak nie.

**Motivering**

Twee drastiese veranderinge het intussen in die gemeente plaasgevind:

* Die voorsiende vergroting van die studentewyk van 600 lidmate na 871 lidmate het plaasgevind.
* Die gemeente se kassier wat goedgunstiglik die studentewyk se finansies gedoen het teen R176,00 per maand, kan dit as gevolg van 'n oorvol program nie meer doen nie ('n onrealistiese salaris).

As gevolg van die wisseling van studente kan 'n student nie na behore die pos van skriba/kassier/saakgelastigde vervul nie.

Hierdie werk moet nou deur die leraar self gedoen word. Dit skep 'n ongebalanseerde situasie.

**Beskrywing**

Studentewyk vra dat daar dringend oorweging geskenk word aan aanpassing aan die subsidie aan die gemeentewyk volgens aanbeveling 3.10.2.5.(3.) van die genoemde agenda.
RING: PRETORIA-WES

**B.8.10 LERAARS NA APK**

Die Ring versoek die Sinodale Kerkkantoor van Noord-Transvaal om die toenemende verskynsel te ondersoek waar leraars van die Ned Geref Kerk, nadat hulle ge-emeriteer het, lidmaatskap van die Afrikaanse Protestanse Kerk te aanvaar. Die emeritering en gepaardgaande ontvangs van Ned Geref pensioenvoordele hou sekere etiese implikasies in.
RING VAN WATERBERG